# BEOORDELING VAN OPVOEDKUNDIGE DEBATTERING: TOEGEPAS OP DIE KOMPETISIE VAN DIE JUNIOR RAPPORTRYERBEWEGING

PAUL JACOBUS SCHUTTE, M.A.

Proefskrif goedgekeur vir die graad **Doctor Literarum**
in Spraak- en Vertolkingskunde
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

**Promotor:** Prof. dr. Teunis Botha
**Hulppromotor:** Mev. R.A. du Toit

Potchefstroom
1988

G 88 / 1228

VIR NETTA

// DANKBETUIGINGS

Die volgende persone word van harte bedank. My werklike dank strek veel verder en dieper as die enkele woorde waarmee hier volstaan word.

**Prof. dr. Teunis Botha** vir sy akademiese leiding, skerpsinnige kritiek en vermoë om probleme te identifiseer. Die opoffering om tydens sy siekteverlof die manuskrip krities te lees, word baie waardeer.

**Mev. Riana du Toit** vir haar wetenskaplik opbouende wenke, volgehoue inspirasie asook die bydrae wat sy gelewer het om rigting en struktuur aan hierdie studie te gee.

**Prof. dr. Faans Steyn** vir sy vakkundige leiding en advies ten opsigte van die statistiek.

**Die Junior Rapportryerbeweging** vir die toestemming om die debatte te kon opneem vir die bestudering en weergawe daarvan in hierdie studie. **Mnr. Koos Greeff**, wat as skakelpersoon opgetree het, word hartlik bedank.

**Netta** vir haar eindelose geduld en aanmoediging, die verrigting van baie van my pligte, maar veral vir die kosbare ure wat sy voor die woordverwerker moes deurbring.

**Dr. Peet van Rensburg** vir die uitdruk van die finale manuskrip en op wie se kundigheid in verband met die woordverwerker ons tydig en ontydig kon aanspraak maak.

**Dr. Natie Jansen van Vuuren** vir die taalkundige versorging.

**Ma-Annie** vir die groot hulp met die oorskryf van die vyf-en-twintig debatte en die proeflees van die finale manuskrip.

**Aan GOD wat alles moontlik gemaak het.**

Paul Schutte
Januarie, 1988

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1 VERANTWOORDING


1. INLEIDING 1
1.1. Oriëntering 1
1.2. Debattering en argumentering 3
1.3. Opvoedkundige debat 5
1.4. Beoordeling 6
1.5. Die Junior Rapportryerbeweging 9

2. NAVORSINGSPESIFIKASIE 10
2.1. Probleemoriëntering 10
2.2. Navorsingsrasionaal 11
2.3. Terreinafbakening 11
2.4. Navorsingsmetode 14
2.5. Navorsingsverloop 16


## HOOFSTUK 2 BEOORDELING: FILOSOFIE, BEOORDELAAR EN BEOORDELINGSVORM


1. DOELSTELLINGS 18

2. BEOORDELINGSPARADIGMAS 23
2.1. Merietetoetsing 23
2.1.1. Hipotesetoetsing 24
2.1.1.1. Definiëring 24
2.1.1.2. Evaluering. 26
2.1.2. Sisteemanalise of beleidsmetafoor 27
2.1.2.1. Definiëring 27
2.1.2.2. Riglyne vir besluitneming 28
2.1.2.3. Evaluering 32
2.1.3. Tabula Rasa 33
2.1.3.1. Definiëring 33
2.1.3.2. Evaluering 34
2.2. Vaardighedetoetsing 36
2.2.1. Definiëring 36
2.2.2. Evaluering 36
2.3. Vaardighede- versus merietetoetsing 37

2.4. Die JR se kompetisie: 'n voorgestelde benadering 38
2.4.1. Beoordeling van argumente 40
2.4.2. Kompetisieprosedures 42

3. DIE IDEALE BEOORDELAAR 44
3.1. Die ingesteldheid van die beoordelaar 44
3.2. Die verpligtinge van die beoordelaar 46
3.3. Die kundigheid van die beoordelaar 48
3.4. Die funksionering van die beoordelaar 49

4. DIE BEOORDELINGSVORM 52
4.1. Formaat en inhoud 52
4.2. Beoordelingsvorm en praktyk 54
4.3. Evaluering van die JR se beoordelingsvorm 56
4.3.1. Keuse van vaardighede 58
4.3.1.1. Spanwerk 59
4.3.1.2. Lewering en taalgebruik 59
4.3.2. Punteverhouding en die wenspan 60
4.3.2.1. Punteverhoudings 60
4.3.2.2. Bepaling van die wenspan 62
4.4. Die JR-kompetisie: twee voorgestelde vorms 63
4.4.1. Eerste keuse 63
4.4.2. Tweede keuse 66

**HOOFSTUK 3 ANALISE**

1. PROPOSISIES 67
1.1. Proposisies van feite 67
1.2. Proposisies van interpretasie 69
1.3. Proposisies van waardeoordeel 70
1.4. Proposisies van beleid 71
1.5. Toepassing 73

2. DEFINISIES 74
2.1. Doel 74
2.2. Metodes van definiëring 75
2.3. Kernbegrippe 78

3. IDENTIFISERING VAN GESKILPUNTE 80
3.1. Standaardgeskilpunte 80

3.1.1. Proposisie van feite 81
3.1.2. Proposisie van interpretasie 83
3.1.3. Proposisie van waardeoordeel 83
3.1.4. Proposisie van beleid 85

4. EVALUERING 87

4.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 90

4.1.1. Konstruktiewe toesprake 90
4.1.1.1. Eerste voorstander 90
4.1.1.2. Eerste teenstander 91
4.1.1.3. Tweede voorstander 92
4.1.1.4. Tweede teenstander 93
4.1.2. Repliektoesprake 93
4.1.2.1. Eerste teenstander 93
4.1.2.2. Eerste voorstander 95
4.1.2.3. Tweede teenstander 95
4.1.2.4. Tweede voorstander 96

4.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 97

4.2.1. Konstruktiewe toesprake 97
4.2.1.1. Eerste voorstander 97
4.2.1.2. Eerste teenstander 99
4.2.1.3. Tweede voorstander 100
4.2.1.4. Tweede teenstander 101
4.2.2. Repliektoesprake 101
4.2.2.1. Eerste teenstander 101
4.2.2.2. Eerste voorstander 102
4.2.2.3. Tweede teenstander 102
4.2.2.4. Tweede voorstander 103

4.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 103

4.3.1. Konstruktiewe toesprake 103
4.3.1.1. Eerste voorstander 104
4.3.1.2. Eerste teenstander 105

4.3.1.3. Tweede voorstander 105
4.3.1.4. Tweede teenstander 106
4.3.2. Repliektoesprake 107
4.3.2.1. Eerste teenstander 107
4.3.2.2. Eerste voorstander 107
4.3.2.3. Tweede teenstander 108
4.3.2.4. Tweede voorstander 108

4.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 109

4.4.1. Konstruktiewe toesprake 109
4.4.1.1. Eerste voorstander 109
4.4.1.2. Eerste teenstander 110
4.4.1.3. Tweede voorstander 110
4.4.1.4. Tweede teenstander 112
4.4.2. Repliektoesprake 112
4.4.2.1. Eerste teenstander 112
4.4.2.2. Eerste voorstander 112
4.4.2.3. Tweede teenstander 113
4.4.2.4. Tweede voorstander 113

4.5. DIE AFRKIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 114

4.5.1. Konstruktiewe toesprake 114
4.5.1.1. Eerste voorstander 114
4.5.1.2. Eerste teenstander 114
4.5.1.3. Tweede voorstander 116
4.5.1.4. Tweede teenstander 117
4.5.2. Repliektoesprake 117
4.5.2.1. Eerste teenstander 117
4.5.2.2. Eerste voorstander 118
4.5.2.3. Tweede teenstander 118
4.5.2.4. Tweede voorstander 118
4.6. SAMEVATTENDE EVALUERING 119

## HOOFSTUK 4 BEWYSE


1. INLEIDING 121
1.1. Definiëring 121
1.2. Doel van bewyse 122
1.3. Bewyse en redenering 123

2. SOORTE BEWYSE 125
2.1. Feitelike bewyse 125
2.1.1. Voorbeelde 125
2.1.2. Statistiek 126
2.2. Deskundige uitsprake 126
2.2.1. Uitsprake van feite 127
2.2.2. Uitsprake van menings 127

3. KRITERIA VIR BEOORDELING 128
3.1. Algemene kriteria 128
3.1.1. Inhoud 128
3.1.2. Aanbieding van bewyse 131
3.2. Voorbeelde 131
3.2.1. Inhoud 131
3.2.2. Aanbieding van voorbeelde 134
3.3. Statistiek 134
3.3.1. Inhoud 134
3.3.2. Aanbieding van statistiek 141
3.4. Deskundige uitsprake 141
3.4.1. Inhoud 141
3.4.2. Aanbieding van deskundige uitsprake 144

4. EVALUERING 145

4.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 145

4.1.1. Konstruktiewe toesprake 145
4.1.1.1. Eerste voorstander 145
4.1.1.2. Eerste teenstander 146
4.1.1.3. Tweede voorstander 148
4.1.1.4. Tweede teenstander 150
4.1.2. Repliektoesprake 152
4.1.2.1. Eerste teenstander 152

4.1.2.2. Eerste voorstander 152
4.1.2.3. Tweede teenstander 153
4.1.2.4. Tweede voorstander 154

4.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 155

4.2.1. Konstruktiewe toesprake 155
4.2.1.1. Eerste voorstander 155
4.2.1.2. Eerste teenstander 156
4.2.1.3. Tweede voorstander 158
4.2.1.4. Tweede teenstander 158
4.2.2. Repliektoesprake 159
4.2.2.1. Eerste teenstander 159
4.2.2.2. Eerste voorstander 160
4.2.2.3. Tweede teenstander 160
4.2.2.4. Tweede voorstander 161

4.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 162

4.3.1. Konstruktiewe toesprake 162
4.3.1.1. Eerste voorstander 162
4.3.1.2. Eerste teenstander 163
4.3.1.3. Tweede voorstander 163
4.3.1.4. Tweede Teenstander 165
4.3.2. Repliektoesprake 166
4.3.2.1. Eerste teenstander 166
4.3.2.2. Eerste voorstander 166
4.3.2.3. Tweede teenstander 168
4.3.2.4. Tweede voorstander 168

4.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 169

4.4.1. Konstruktiewe toesprake 169
4.4.1.1. Eerste voorstander 169
4.4.1.2. Eerste teenstander 170
4.4.1.3. Tweede voorstander 171
4.4.1.4. Tweede teenstander 172

4.4.2. Replicktoesprake 173
4.4.2.1. Eerste teenstander 173
4.4.2.2. Eerste voorstander 173
4.4.2.3. Tweede teenstander 174
4.4.2.4. Tweede voorstander 174

4.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 175

4.5.1. Konstruktiewe toesprake 175
4.5.1.1. Eerste voorstander 175
4.5.1.2. Eerste teenstander 176
4.5.1.3. Tweede voorstander 177
4.5.1.4. Tweede teenstander 178
4.5.2. Repliektoesprake 179
4.5.2.1. Eerste teenstander 179
4.5.2.2. Eerste voorstander 180
4.5.2.3. Tweede teenstander 181
4.5.2.4. Tweede voorstander 181
4.6. SAMEVATTENDE EVALUERING 182

**HOOFSTUK 5 REDENERING**

1. DEFINIËRING 184

2. DIE TOULMINMODEL 186
2.1. Data 187
2.2. Waarborg 187
2.3. Stelling 188
2.4. Ondersteuning 188
2.5. Kwalifisering 189
2.6. Voorbehoud 190

3. WAARBORGE 192
3.1. Substansiële of rasionele waarborge 193
3.1.1. Kousale waarborg 193
3.1.1.1. Omskrywing 193
3.1.1.2. Kriteria vir beoordeling 194
3.1.2. Teken 195

3.1.2.1. Omskrywing 195
3.1.2.2. Kriteria vir beoordeling 196
3.1.3. Analogie 197
3.1.3.1. Omskrywing 197
3.1.3.2. Kriteria vir beoordeling 199
3.1.4. Veralgemening of voorbeeldredenering 200
3.1.4.1. Omskrywing 200
3.1.4.2. Kriteria vir beoordeling 201
3.1.5. Klassifikasie 201
3.1.5.1. Omskrywing 201
3.1.5.2. Kriteria vir beoordeling 202
3.2. Deskundige waarborge 203
3.2.1. Omskrywing 203
3.2.2. Kriteria vir beoordeling 204
3.3. Emosionele waarborge 204
3.3.1. Omskrywing 204
3.3.2. Kriteria vir beoordeling 205
3.3.2.1. Emosionele beroepe 206

4. DENKFOUTE 208
4.1. Omseiling van geldige redenering 208
4.1.1. Verskuiwing van die bewyslas 208
4.1.2. Verskuiwing van die basis van die argument 209
4.1.3. Verskuif die fokus na 'n teenbeskuldiging 209
4.1.4. Aanvaar wat bewys moet word 209
4.1.5. Ongeldige appèl op 'n afwesigheid van bewyse 210
4.2. Sirkelargumentering 211
4.3. Foutiewe wit-en-swart-redenering 211
4.4. Verswyging van 'n ongeldige waarborg 212

5. EVALUERING 213

5.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 213

5.1.1. Konstruktiewe toesprake 213
5.1.1.1. Eerste voorstander 213
5.1.1.2. Eerste teenstander 215
5.1.1.3. Tweede voorstander 217
5.1.1.4. Tweede teenstander 219
5.1.2. Repliektoesprake 221

5.1.2.1. Eerste teenstander 221
5.1.2.2. Eerste voorstander 222
5.1.2.3. Tweede teenstander 223
5.1.2.4. Tweede voorstander 224

5.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 225

5.2.1. Konstruktiewe toesprake 225
5.2.1.1. Eerste voorstander 225
5.2.1.2. Eerste teenstander 226
5.2.1.3. Tweede voorstander 227
5.2.1.4. Tweede teenstander 228
5.2.2. Repliektoesprake 230
5.2.2.1. Eerste teenstander 230
5.2.2.2. Eerste voorstander 231
5.2.2.3. Tweede teenstander 231
5.2.2.4. Tweede voorstander 232

5.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 233

5.3.1. Konstruktiewe toesprake 233
5.3.1.1. Eerste voorstander 234
5.3.1.2. Eerste teenstander 235
5.3.1.3. Tweede voorstander 236
5.3.1.4. Tweede teenstander 238
5.3.2. Repliektoesprake 239
5.3.2.1. Eerste teenstander 239
5.3.2.2. Eerste voorstander 239
5.3.2.3. Tweede teenstander 240
5.3.2.4. Tweede voorstander 241

5.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 242

5.4.1. Konstruktiewe toesprake 242
5.4.1.1. Eerste voorstander 243
5.4.1.2. Eerste teenstander 243
5.4.1.3. Tweede voorstander 244

5.4.1.4. Tweede teenstander 246
5.4.2. Repliektoesprake 247
5.4.2.1. Eerste teenstander 247
5.4.2.2. Eerste voorstander 248
5.4.2.3. Tweede teenstander 249
5.4.2.4. Tweede voorstander 250

5.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 251

5.5.1. Konstruktiewe toeprake 251
5.5.1.1. Eerste voorstander 251
5.5.1.2. Eerste teenstander 252
5.5.1.3. Tweede voorstander 253
5.5.1.4. Tweede teenstander 255
5.5.2. Repliektoesprake 256
5.5.2.1. Eerste teenstander 256
5.5.2.2. Eerste voorstander 258
5.5.2.3. Tweede teenstander 259
5.5.2.4. Tweede voorstander 261
5.6. SAMEVATTENDE EVALUERING 261

**HOOFSTUK 6 AANVAL EN VERDEDIGING**

1. INLEIDING 264

2. DEFINIËRING 265

3. DIE PLEK VAN AANVAL EN VERDEDIGING 266

4. DIE WYSE VAN AANVAL EN VERDEDIGING 267
4.1. Algemene metode 267
4.2. Spesifieke metodes van aanval en verdediging 268
4.2.1. Punt-vir-punt aanval 268
4.2.2. Die stel van vrae 268
4.2.3. Die stel van teenargumente 269
4.2.4. Die stel van 'n dilemma 269
4.2.5. Die omruil van rolle 270
4.2.6. Herleiding tot die absurde 271

4.2.7. Foutiewe metodes 271

5. DIE INHOUD VAN AANVAL EN VERDEDIGING 272
5.1. Algemeen 272
5.2. Aanval op analise 273
5.3. Aanval op bewyse 274
5.3.1. Algemeen 274
5.3.2. Voorbeelde 274
5.3.3. Statistiek 274
5.3.4. Deskundige uitsprake 275
5.4. Aanval op redenering 276
5.4.1. Kousaal 276
5.4.2. Teken 277
5.4.3. Analogie 277
5.4.4. Veralgemening 277
5.4.5. Klassifikasie 277
5.4.6. Deskundige waarborge 277
5.4.7. Emosionele waarborge 278
5.4.8. Algemene foute 278

6. KRUISVERHOOR 278
6.1. Kritiese bespreking 279
6.2. Aanbevelings 280

7. EVALUERING 282

7.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 283

7.1.1. Konstruktiewe toesprake 283
7.1.1.1. Eerste voorstander 283
7.1.1.2. Eerste teenstander 283
7.1.1.3. Tweede voorstander 284
7.1.1.4. Tweede teenstander 285
7.1.2. Replicktoesprake 287
7.1.2.1. Eerste teenstander 287
7.1.2.2. Eerste voorstander 287
7.1.2.3. Tweede teenstander 289
7.1.2.4. Tweede voorstander 290

7.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 292

7.2.1. Konstruktiewe toesprake 292
7.2.1.1. Eerste voorstander 292
7.2.1.2. Eerste teenstander 292
7.2.1.3. Tweede voorstander 292
7.2.1.4. Tweede teenstander 293
7.2.2. Repliektoesprake 294
7.2.2.1. Eerste teenstander 294
7.2.2.2. Eerste voorstander 294
7.2.2.3. Tweede teenstander 295
7.2.2.4. Tweede voorstander 296

7.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 297

7.3.1. Konstruktiewe toesprake 297
7.3.1.1. Eerste voorstander 298
7.3.1.2. Eerste teenstander 298
7.3.1.3. Tweede voorstander 298
7.3.1.4. Tweede teenstander 299
7.3.2. Repliektoesprake 300
7.3.2.1. Eerste teenstander 300
7.3.2.2. Eerste voorstander 301
7.3.2.3. Tweede teenstander 301
7.3.2.4. Tweede voorstander 302

7.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 303

7.4.1. Konstruktiewe toesprake 303
7.4.1.1. Eerste voorstander 303
7.4.1.2. Eerste teenstander 303
7.4.1.3. Tweede voorstander 304
7.4.1.4. Tweede teenstander 305
7.4.2. Repliektoesprake 306
7.4.2.1. Eerste teenstander 306
7.4.2.2. Eerste voorstander 307
7.4.2.3. Tweede teenstander 307

7.4.2.4. Tweede voorstander 308

7.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 310

7.5.1. Konstruktiewe toesprake 310
7.5.1.1. Eerste voorstander 310
7.5.1.2. Eerste teenstander 310
7.5.1.3. Tweede voorstander 311
7.5.1.4. Tweede teenstander 312
7.5.2. Repliektoesprake 313
7.5.2.1. Eerste teenstander 313
7.5.2.2. Eerste voorstander 314
7.5.2.3. Tweede teenstander 316
7.5.2.4. Tweede voorstander 317
7.6. SAMEVATTENDE EVALUERING 318

**HOOFSTUK 7 ORGANISASIE**

1. DOELSTELLINGS 321
1.1. Eenheid 321
1.2. Samehang 322
1.3. Beklemtoning 323

2. METODE VAN ORDENING 324
2.1. Inleiding 324
2.1.1. Doel 324
2.1.2. Metodes 325
2.1.2.1. Aanvang van inleiding 325
2.1.2.2. Definisies 327
2.1.2.3. Tesis 327
2.2. Betoog 328
2.2.1. Mesovlakorganisasie 328
2.2.1.1. Proposisies van feite en waardeoordeel 328
2.2.1.1.1. Parallelle ordening 328
2.2.1.1.2. Kettingordening 331
2.2.1.2. Proposisies van beleid 332
2.2.1.2.1. Voorstanders 332
2.2.1.2.1.1. Noodsaak-plan-betoog 332
2.2.1.2.1.2. Vergelyking-van-voordele-betoog 334

2.2.1.2.1.3. Doelwit-kriteria-betoog 335
2.2.1.2.2. Teenstanders 336
2.2.1.2.2.1. Aanvalstrategie 336
2.2.1.2.2.2. Status-quo-strategie 336
2.2.1.2.2.3. Teenplanstrategie 338
2.2.2. Mikrovlakorganisasie 340
2.2.2.1. Konstruktiewe argumente 340
2.2.2.2. Argumente ter aanval en verdediging 341
2.2.2.2.1. Aanval 342
2.2.2.2.2. Verdediging 342

2.3. Slot 343
2.3.1. Doel 343
2.3.2. Metodes 343

3. SPANWERK 344

4. EVALUERING 346

4.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 346

4.1.1. Konstruktiewe toesprake 346
4.1.1.1. Eerste voorstander 346
4.1.1.2. Eerste teenstander 347
4.1.1.3. Tweede voorstander 349
4.1.1.4. Tweede teenstander 350
4.1.2. Repliektoesprake 351
4.1.2.1. Eerste teenstander 351
4.1.2.2. Eerste voorstander 352
4.1.2.3. Tweede teenstander 352
4.1.2.4. Tweede voorstander 353

4.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 354

4.2.1. Konstruktiewe toesprake 354
4.2.1.1. Eerste voorstander 354
4.2.1.2. Eerste teenstander 355
4.2.1.3. Tweede voorstander 356
4.2.1.4. Tweede teenstander 357

4.2.2. Repliektoesprake 358
4.2.2.1. Eerste teenstander 358
4.2.2.2. Eerste voorstander 359
4.2.2.3. Tweede teenstander 359
4.2.2.4. Tweede voorstander 359

4.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 360

4.3.1. Konstruktiewe toesprake 360
4.3.1.1. Eerste voorstander 360
4.3.1.2. Eerste teenstander 361
4.3.1.3. Tweede voorstander 361
4.3.1.4. Tweede teenstander 362
4.3.2. Repliektoesprake 363
4.3.2.1. Eerste teenstander 363
4.3.2.2. Eerste voorstander 364
4.3.2.3. Tweede teenstander 364
4.3.2.4. Tweede voorstander 365

4.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 366

4.4.1. Konstruktiewe toesprake 366
4.4.1.1. Eerste voorstander 366
4.4.1.2. Eerste teenstander 366
4.4.1.3. Tweede voorstander 367
4.4.1.4. Tweede teenstander 368
4.4.2. Repliektoesprake 369
4.4.2.1. Eerste teenstander 369
4.4.2.2. Eerste voorstander 370
4.4.2.3. Tweede teenstander 370
4.4.2.4. Tweede voorstander 371

4.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 372

4.5.1. Konstruktiewe toesprake 372
4.5.1.1. Eerste voorstander 372

4.5.1.2. Eerste teenstander 373
4.5.1.3. Tweede voorstander 374
4.5.1.4. Tweede teenstander 375
4.5.2. Repliektoesprake 376
4.5.2.1. Eerste teenstander 376
4.5.2.2. Eerste voorstander 377
4.5.2.3. Tweede teenstander 377
4.5.2.4. Tweede voorstander 378
4.6. SAMEVATTENDE EVALUERING 379

**HOOFSTUK 8 AANBIEDING**

1. TAALGEBRUIK 382
1.1. Gesproke en geskrewe styl 382
1.2. Woordkeuse 382
1.3. Sintaksis 383
1.4. Algemene taalvaardigheid en taalbeheersing 384

2. LEWERING 384
2.1. Metode van lewering 384
2.1.1. Volledige manuskrip 384
2.1.2. Ekstempore 385
2.2. Styl van debattering 387
2.3. Nie-verbale kommunikasie 388
2.3.1. Ouditiewe aspekte 388
2.3.1.1. Stem 389
2.3.1.1.1. Kwaliteit 389
2.3.1.1.2. Toonhoogte 391
2.3.1.1.3. Volume 392
2.3.1.1.4. Duur 393
2.3.1.2. Spraak 393
2.3.1.2.1. Artikulasie 393
2.3.1.2.2. Tempo 394
2.3.1.2.3. Pousering 394
2.3.1.2.4. Intensiteit 395
2.3.1.2.5. Beklemtoning 396
2.3.1.2.6. Projeksie 397
2.3.1.2.7. Wisseling 397
2.3.1.3. Gesproke taal 398
2.3.1.3.1. Ritme 398

2.3.1.3.2. Intonasie 399
2.3.1.4. Spraakfoute en spraakgebreke 399
2.3.2. Visuele aspekte 400
2.3.2.1. Houding 400
2.3.2.2. Beweging 400
2.3.2.3. Gebare 401
2.3.2.4. Gesigsuitdrukking 401
2.3.2.5. Uiterlike voorkoms 402

3. EVALUERING 403

3.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 404

3.1.1. Eerste voorstander 404
3.1.1.1. Taal 404
3.1.1.2. Lewering 405
3.1.2. Eerste teenstander 405
3.1.2.1. Taal 405
3.1.2.2. Lewering 406
3.1.3. Tweede voorstander 406
3.1.3.1. Taal 406
3.1.3.2. Lewering 408
3.1.4. Tweede teenstander 408
3.1.4.1. Taal 408
3.1.4.2. Lewering 410

3.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 410

3.2.1. Eerste voorstander 410
3.2.1.1. Taal 410
3.2.1.2. Lewering 411
3.2.2. Eerste teenstander 412
3.2.2.1. Taal 412
3.2.2.2. Lewering 412
3.2.3. Tweede voorstander 413
3.2.3.1. Taal 413
3.2.3.2. Lewering 413
3.2.4. Tweede teenstander 414
3.2.4.1. Taal 414

3.2.4.2. Lewering 415

3.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 415

3.3.1. Eerste voorstander 415
3.3.1.1. Taal 415
3.3.1.2. Lewering 416
3.3.2. Eerste teenstander 416
3.3.2.1. Taal 416
3.3.2.2. Lewering 416
3.3.3. Tweede voorstander 417
3.3.3.1. Taal 417
3.3.3.2. Lewering 417
3.3.4. Tweede teenstander 418
3.3.4.1. Taal 418
3.3.4.2. Lewering 419

3.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 419

3.4.1. Eerste voorstander 419
3.4.1.1. Taal 419
3.4.1.2. Lewering 420
3.4.2. Eerste teenstander 420
3.4.2.1. Taal 420
3.4.2.2. Lewering 421
3.4.3. Tweede voorstander 421
3.4.3.1. Taal 421
3.4.3.2. Lewering 421
3.4.4. Tweede teenstander 422
3.4.4.1. Taal 422
3.4.4.2. Lewering 422

3.5. DIE AFRIKANER SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 423

3.5.1. Eerste voorstander 423
3.5.1.1. Taal 423

3.5.1.2. Lewering 424
3.5.2. Eerste teenstander 424
3.5.2.1. Taal 424
3.5.2.2. Lewering 426
3.5.3. Tweede voorstander 426
3.5.3.1. Taal 426
3.5.3.2. Lewering 427
3.5.4. Tweede teenstander 427
3.5.4.1. Taal 427
3.5.4.2. Lewering 428
3.6. SAMEVATTENDE EVALUERING 428

**HOOFSTUK 9 SINTESE**

1. SAMEVATTENDE EVALUERING 430
1.1. Debatte 430
1.1.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE 430
1.1.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING 433
1.1.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING 436
1.1.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR 439
1.1.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE 442

1.2. Debatsvaardighede 445
1.2.1. Analise 445
1.2.2. Bewyse 446
1.2.3. Redenering 447
1.2.4. Aanval en verdediging 447
1.2.5. Organisasie 448
1.2.6. Aanbieding 449

2. AANBEVELINGS 449
2.1. Opvoedkundige skoling 450
2.1.1. Kritieklewering 450
2.1.2. Beoordelaars 452
2.1.3. Tydsbeperking 453
2.1.4. Kruisverhoor 453
2.1.5. Proposisies 454
2.2. Beoordelingsvorm 457

**ABSTRACT** 460

**BIBLIOGRAFIE** 462

**GLOSSARIUM** 481

# HOOFSTUK I

# VERANTWOORDING

## 1. INLEIDING

### 1.1. Oriëntering

Elke dag word besluite geneem. Dit geld vir individue en groepe binne alle samelewingsverbande en op elke moontlike lewensterrein: in persoonlike, gesins, sosiale, kerk- en beroepsverband asook op sosiaal-maatskaplike, ekonomiese en politieke terrein.

Om 'n besluit te neem impliseer dat daar 'n "probleem" bestaan en dat daar tussen twee of meer alternatiewes 'n keuse gemaak moet word. "Probleem" word hier in die wydste sin van die betekenis gebruik. Die blote feit dat 'n besluit oor selfs 'n nie-problematiese aangeleentheid geneem moet word, kan byvoorbeeld die probleem wees.

Probleme kan verskillende vorme aanneem:

Wat is die ware feite omtrent 'n fenomeen?

> Is die aangeklaagde skuldig of onskuldig?
> Is die swak ekonomie vir die hoë werkloosheidsyfer verantwoordelik?
> Watter van my twee seuns praat die waarheid?

Wat beteken 'n bepaalde fenomeen?

> Is die voortgesette noodtoestand 'n teken dat rus en vrede nie gou weer in Suid-Afrika sal terugkeer nie?
> Is die steeds dalende studentegetalle 'n aanduiding dat universiteite se dae getel is?
> Is my vrou se swye 'n teken dat sy ongelukkig is?

Wat is die waarde van 'n fenomeen?

> Is gedifferensieerde onderwys beter as ongedifferensieerde onderwys?
> Is sanksies op die lang duur voordelig?
> Is Pretoria se mediese fakulteit beter as dié van Bloemfontein?

Watter plan van aksie of beleid moet gevolg word?

Moet die groepsgebiedewet afgeskaf word?

Moet ons maatskappy addisionele personeel aanstel?

Moet eenvormige skooldrag vir alle skole ingestel word?

Moet wyksbyeenkomste gehou word om groter eenheid in die gemeente te verkry?

Hoe omvangryker en groter die probleem, hoe noodsaakliker is 'n betroubare oplossing, veral in gevalle waar 'n beslissing nie maklik ongedaan gemaak kan word nie en baie mense se lewens hierdeur geraak word. Ondeurdagte of eensydige besluite, asook besluite op grond van emosie, begeerte of bloot persoonlike voorkeur is onbetroubaar en kan selfs noodlottige gevolge hê. Hierteenoor is besluite na aanleiding van krities-rasionele oorweging van beide kante van 'n probleem veel betroubaarder. Die betrokke individu of partye moet in eie belang of in belang van die gemeenskap aanvaar dat dié kant van 'n probleem wat indringende kritiek die sterkste kan weerstaan, waarskynlik nader aan die waarheid is of die beste oplossing van die probleem bied. Wat Aristoteles eeue gelede gesê het, soos vertaal deur McKeon (1941:189), geld nog steeds:

> "...the ability to raise searching difficulties on both sides of a subject will make us detect more easily the truth and error about the several points that arise" (Topica:i.1.101a 35-37).

Besluitneming met die oog op probleemoplossing kan op verskillende maniere geskied. Thompson (1971:4) stel dit soos volg :

> "...the proper way to settle some questions is to look up the answer, to make a measurement, or to conduct a scientific experiment. Reliance on fact and authority, however, is impractical when questions involve probabilities, judgements, and predictions. In these circumstances men and women - consciously or unknowingly, skillfully or haphazardly - turn to the skills of analysis, research, reasoning, and refutation" (Thompson, 1971:4).

Indien sekere probleme, weens die aard daarvan, nie deur eksakte ondersoek of wetenskaplike navorsing opgelos kan word nie, bied debattering, waarna Thompson verwys, 'n uitstekende metode om tot die waarskynlike waarheid deur te dring en 'n moontlike oplossing te identifiseer. Nie alle probleme

word deur debattering opgelos nie. Dit is egter beter om te debatteer, al word die geskilpunte nie besleg nie, as om die geskilpunt te besleg sonder voorafgaande debattering.

**1.2. Debattering en argumentering**

Debattering is 'n bepaalde vorm van bilaterale diskussie waartydens twee partye georganiseerde bewyse en redenering gebruik om 'n sekere stelling/proposisie as waarskynlik waar of onwaar te bewys, om 'n mosie/wetsontwerp/resolusie voor of teen te staan, of om 'n beskuldigde te verdedig of aan te kla. Die twee partye poog gewoonlik nie om mekaar te oortuig nie, maar rig hulle tot 'n derde party wat oor die meriete van elkeen se saak moet beslis (vgl. Jensen, 1981:7). Die klem val op die krities-rasionele oorweging van beide kante van 'n probleem. Die vorm van diskussie word met die term argumentering aangedui.

Debattering en argumentering word dikwels as sinonieme gebruik. Tog is daar 'n verskil, want debattering geskied deur middel van argumentering en sluit argumentering in terwyl die omgekeerde nie noodwendig geld nie. Jensen (1981:7) sê dat debattering "a specific application of argumentation" is, en Norton (1982:25) definieer debattering as "argumentation bound by a set of rules". Argumentering is die essensie van debattering maar kan ook "buite" 'n debat plaasvind. In alledaagse spraakkommunikasie behels dit die wederkerige proses van stellings en teenstellings wat gemaak word en met genoegsame redes ondersteun word met die doel van elke deelnemer om die mede-argumenteerder(s) of toehoorders van sy standpunt te oortuig (vgl. ook p. 184).

Debattering in die werklike lewe of substantiewe debattering kan in verskeie vorme en by verskillende geleenthede voorkom: van informele debatte tot hoogs gestruktureerde geleenthede soos in die hof of parlement, elkeen met sy unieke reëls en prosedures. Ongestruktureerde debattering of bloot argumentering is minder opvallend maar net so belangrik: deelname aan 'n openbare forum, soos onder andere op televisie; deelname aan die besluitnemingsproses as lid van 'n bepaalde belangegroep, professionele organisasie of beroepsgroep; deelname aan arbeidsgeskille in die vakbondwese; deelname aan 'n hof vir klein eise; deelname aan 'n politieke veldtog waar elkeen poog om die publiek te oortuig dat sy party se beleid die beste is; asook alledaagse deelname aan informele argumentering tussen vriende en familie om opinies

te vorm en besluite te neem. In enige samelewing en veral binne 'n demokrasie kan geen individu of groep die verantwoordelikheid om aan enige vorm van argumentering en/of debattering deel te neem, vermy nie.

Die noodsaaklikheid van debattering en argumentering moet steeds beklemtoon word, veral in 'n tyd waar die magte van die "on-redelike" op talle terreine aan die toeneem is. Debattering in al sy vorme kan as 'n teenpool hiervan gesien word, aangesien laasgenoemde 'n vorm van krities-rasionele besluitneming is (Ehninger & Brockriede, 1978:3). Veral in Suid-Afrika waar strukture tans vinnig en voortdurend verander, en talle uiteenlopende politieke standpunte bestaan, moet daar opnuut na die krities-rasionele gestreef word in die oplos van probleme. Ook in die huidige politieke bestel waarin dialoog en die bereiking van konsensus hoë prioriteit geniet, is rasionele debattering onontbeerlik. Prof. Bun Booyens (1987:8) stel dit so:

> "Ons mag seker ook konstateer dat die gehalte van konsensus wat uit dialoog gebore word, in direkte verhouding tot die gehalte van die voorafgaande debatvoering sal staan."

Die gehalte van konsensus en die geslaagdheid van probleemoplossing deur middel van debattering hang grootliks af van die kwaliteit van argumentering en die vaardigheid en vermoëns van die debatteerders. Hierdie vaardighede is nie vanselfsprekend by alle kommunikeerders teenwoordig nie, want dit vereis meer as net die vermoë om 'n eie standpunt te kan stel. Kernagtig gestel vereis dit die vermoë om analities te dink, krities te luister, aanvaarbare bewyse ter ondersteuning van 'n eie standpunt aan te voer, logies te redeneer, teenargumente te weerlê en sinvol te kommunikeer. Hierdie vermoëns mag soms ingebore wees, maar soos Patterson & Zarefsky (1983:IX) met reg stel kan dit steeds verder ontwikkel word of opnuut aangeleer word deur die teoretiese beginsels van debattering te bestudeer en veral deur praktiese oefening.

Dit is hier waar die opvoedkundige debat ter sprake kom en 'n groot rol kan speel, aangesien die oorkoepelende doel van die opvoedkundige debat die skoling van deelnemers in die vaardighede van debattering is. Duidelikheidsonthalwe is dit nodig om die opvoedkundige debat van die substantiewe debat te onderskei.

### 1.3. Opvoedkundige debat

Die kernverskil tussen die opvoedkundige en substantiewe debat lê daarin dat laasgenoemde se doel is om deur die proses van argumentering ander van jou persoonlike standpunt te oortuig, waar by eersgenoemde 'n gegewe standpunt ingeneem word om die beoordelaars van jou argumenteringsvaardighede te oortuig. Wat by substantiewe debat doel opsigself is, naamlik die oordra van 'n persoonlike oortuiging van wat die waarheid is of die beste oplossing van 'n probleem, word by die opvoedkundige debat 'n middel tot 'n doel, naamlik die aanleer van sekere vaardighede.

Die opvoedkundige debat is 'n gespesialiseerde en in 'n sekere sin 'n kunsmatige forum wat dien om die deelnemers te skool met die oog op hulle deelname aan substantiewe debattering. Hoewel die vorm verskil is die beginsels van beide dieselfde. Dick (1974:2) benadruk hierdie feit:

> "Like parliamentary debates, academic debates are formally unique, but the principles learned are applicable to all kinds of debate that are essential to decision-making in our society".

Die opvoedkundige debat is 'n doelbewus georganiseerde geleentheid waar twee spanne van twee deelnemers elk die beginsels van debattering kan toepas in die voorstaan of teenstaan van 'n voorafgeformuleerde proposisie, terwyl eksterne beoordelaars bepaal watter span hom die beste van sy taak gekwyt het. Die debattering geskied volgens vooraf vasgestelde reëls.

Tyd speel 'n belangrike rol aangesien die eis gestel word dat die debat binne 'n sekere tydsduur afgerond moet word. Afhangende van die debatsformaat wissel die totale tydsduur van 36 tot 60 minute. Die tyd word eweredig verdeel tussen die twee spanne asook tussen die twee sprekers van elke span. Die tradisionele debatsformaat bevat vier konstruktiewe toesprake en vier repliektoesprake, waarvan laasgenoemde die helfte korter is as eersgenoemde. Die verloop van die debat sien soos volg daaruit:

| Konstruktiewe toesprake | Tydsduur |
|---|---|
| Eerste voorstander | 6/8/10 minute |
| Eerste teenstander | 6/8/10 minute |
| Tweede voorstander | 6/8/10 minute |
| Tweede teenstander | 6/8/10 minute |

| Repliektoesprake | Tydsduur |
|---|---|
| Eerste teenstander | 3/4/5 minute |
| Eerste voorstander | 3/4/5 minute |
| Tweede teenstander | 3/4/5 minute |
| Tweede voorstander | 3/4/5 minute |

Die ander vereistes is dat aanval en verdediging reeds vanaf die eerste teenstander se konstruktiewe toespraak 'n aanvang moet neem. Daar mag ook geen nuwe konstruktiewe argumente in die repliektoesprake voorkom nie (vgl. Patterson & Zarefsky, 1983:94-97; Ehninger & Brockriede, 1978:114-116; Thompson, 1971:293-296).

In hierdie studie word deurgaans van die terme voorstanders en teenstanders gebruik gemaak. Die Junior Rapportryerbeweging (voortaan JR) gebruik die terme inleiers of inleidende span en opponente of opponerende span. Myns insiens is die terme onbevredigend. Slegs die eerste toespraak kan as inleidend bestempel word en nie die voorstanders se betoog as geheel nie. Die gebruik van die term opponente vir die teenstanders skep verwarring want albei spanne is mekaar se opponente. As daar van opponente melding gemaak word, word daar in hierdie studie nie net na die teenstanders nie, maar na beide spanne verwys. 'n Verdere beswaar teen die terme is dat die benamings nie gelykluidend is nie en nie 'n duidelike aanduiding gee van die span se perspektief ten aansien van die proposisie nie, naamlik die bevestiging of voorstaan teenoor die opponering of teenstaan van die proposisie. Die terme voorstanders en teenstanders dui ondubbelsinnig elke span se standpunt ten opsigte van die proposisie aan.

**1.4. Beoordeling**

Die opvoedkundige debat is 'n georganiseerde geleentheid wat gewoonlik in die vorm van 'n kompetisie plaasvind. Tydens die kompetisie toets die deelnemers hulle vaardighede in argumentering teen dié van 'n ander span-in-opleiding. Die "toetsing" word nie deur die debatteerders self gedoen nie, maar deur 'n eksterne persoon of persone wat kundig is ten opsigte van die ideaal waarna die debatteerders streef.

Soos die titel aandui val die klem in hierdie studie op die "toetsing" of beoordeling van die opvoedkundige debat. Dit is in 'n groot mate ook by die beoordeling waar die volle opvoedkundige potensiaal tot verwerkliking kom

of nie. Hierdie belangrike funksie word dikwels verskraal bloot net tot die bepaling en aankondiging van 'n wenspan. Patterson & Zarefsky (1983:303) lê ook baie klem op die opvoedkundige aspek:

> " ... debaters cannot learn from decisions or improve their performance if they are unaware of the bases for the decisions".

Die belangrike rol wat beoordeling speel word sonder uitsondering deur al die bestudeerde bronne, maar veral deur Ehninger & Brocriede (1978:13) bevestig. Hierdie twee toonaangewende akademici op die gebied van debattering noem ses basiese riglyne vir 'n opvoedkundige debat, waarvan vier op die proses van beoordeling betrekking het:

* Die beslissing moet deur 'n eksterne instansie (beoordelaars) geneem word.
* Die beslissing moet eers geneem word nadat albei spanne hulle saak gestel en mekaar krities getoets het.
* Die beoordelaars moet die kompeterende argumente teen mekaar opweeg en op grond van kritiese denke tot 'n beslissing kom.
* Die deelnemers moet hulle by voorbaat by die beslissing van die beoordelaars neerlê (1978:13).

Die wyse waarop die beoordelaars tot 'n besluit kom, die redes daarvoor en die bekendmaking daarvan, kortom: die algehele evaluering van die debatteerders is een van die belangrikste momente van opvoedkundige debattering. As die beoordelaar nie sy rol as regter of arbiter objektief vervul nie, of sy plig as kundige evalueerder en opvoedkundige kritikus nie uitvoer nie, sal die debatteerders se opvoedkundige skoling grootliks in die slag bly. Die debatteerder moet nie net vertroue in die beslissing van die beoordelaar hê nie, maar hy moet ingelig word oor die redes vir die besluit, asook die mate waarin hy aan die ideale kriteria voldoen. Geïdentifiseerde foute behoort aangedui en wenke gegee te word ter verbetering van die vereiste vaardighede. Verbetering van debatsvaardighede en verhoging van standaard lê dus opgesluit in die bekwame en deskundige wyse waarop die beoordelaar sy taak volvoer. Bill Balthrop (1979:417), forensiese direkteur van die Universiteit te North Carolina, sê met reg die volgende:

> "Debate judges are participants in a process, a system if one prefers, which has as its purpose educating students in the understanding and

use of argument. By fulfilling that role and that purpose, a higher quality of public discourse and public policymaking in the real world will result; and through these functions, academic debate will retain and enhance its value and respectability" (1979:417).

Die afgeskeepte, maar baie belangrike rol wat beoordeling in die opvoedkundige debat speel, dien as eerste motivering vir hierdie studie. Die tweede motivering spruit uit die groot behoefte wat steeds bestaan om geskikte beoordelaars te vind en op te lei. Hierdie probleem word vergroot deur die afwesigheid van 'n wetenskaplike en omvattende bron wat as rigsnoer vir die beoordeling kan dien. Die JR het wel 'n "beknopte handleiding" waarin " 'n uiteensetting van die vereistes wat vir die kompetisie geld" (Junior Rapportryerbeweging, 1987:4) voorkom. Met hierdie handleiding as sodanig word daar geen fout gevind nie; die kernagtigheid daarvan en die gebrek aan praktiese toepassings maak dit egter ongeskik vir die oningewyde beoordelaar.

Die derde motivering spruit voort uit die gebrek aan eenvormigheid van beoordelingstandaarde, en veral 'n gebrek aan wetenskaplik verantwoorde kriteria. Lybbert se uitspraak kan hier as verdere motivering dien:

> "Although few critics would seek a singular, inflexible criterion for judging debates, some consistancy is necessary for the benefit of the debaters " (1979:371).

In die VSA waar opvoedkundige debattering sedert ongeveer 1722 aan die orde is (Norton, 1982:5), en die eerste interkollegedebat al in 1883 plaasgevind het, is opgeleide en ervare beoordelaars en geskikte beoordelingskriteria geen probleem nie. In vergelyking met Suid-Afrika waar opvoedkundige debattering as 'n afdeling van openbare redevoering in die vak Spraak- en Vertolkingskunde, sover vasgestel kan word slegs aan die PU vir CHO gedoseer en bestudeer word; en waar die JR se kompetisie, sedert 1971, die enigste nasionale debatskompetisie is, staan opvoedkundige debat nog in sy kinderskoene. Persone wat ervare is op grond van jarelange afrigting, deelname of beoordeling, is skaars. Akademies opgeleide persone is nog skaarser en 'n Afrikaanse wetenskaplike bron bestaan glad nie. Hierdie studie poog nie net om ten opsigte van die opvoedkundige debat 'n wetenskaplike bydrae te lewer nie, maar om indirek ook by te dra tot beter begrip van kommunikasievaardighede soos dit op enige lewensterrein van

toepassing gemaak kan word. McBath se woorde dien hier as motivering:

> "Forensics is an important academic area of study because the skills of research and analysis and the patterns of argument, decision making, and delivery can have significant transfer value to such other communicative situations as government, law, legislature, and business... Original research can be undertaken in theses and dissertations that furthers our understanding of people communicating arguments and that enhances respect for forensics as an area of professional concern" (McBath, 1975:38).

In die klassieke tye het die woord **forensies** na die redevoering in geregshowe verwys. Sedertdien het die gebruik daarvan verander en dui die woord tans in die VSA op "an educational activity primarily concerned with using an argumentative perspective in examining problems and communicating with people" (McBath, 1975:10). Alle spraakkommunikasie waarin argumentering die kruks vorm, resorteer hieronder. Opvoedkundige debat word as die belangrikste komponent hiervan beskou.

**1.5. Die Junior Rapportryerbeweging**

Hierdie beweging se debatskompetisie was 'n onvermydelike keuse weens die persoonlike betrokkenheid by die beoordeling daarvan en aangesien dit, soos hierbo genoem, tans die enigste landswye Afrikaanse debatskompetisie is.

Die JR is 'n Afrikaanse kultuurorganisasie wat 'n Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing handhaaf. Die organisasie se doel is om diens aan die Afrikanerkultuur en die Suid- Afrikaanse gemeenskap te lewer.

Die nasionale debatskompetisie vir hoërskoolleerlinge is een van hulle talle projekte en word in samewerking met die Nasionale Boekhandel en die Direktoraat Kultuursake aangebied. Die kompetisie betrek talle hoërskole, en pryse wat toegeken word behels beurse vir voortgesette tersiêre studie, asook prysgeld van etlike duisende rand.

Die Rapportraad het in 1970 besluit om 'n landswye kompetisie uit te skryf waaraan standerd agt-, standerd nege- en standerd tien-leerlinge kon deelneem. Die doel hiermee was en is " om die opvoedkundige debat aan te moedig en te bevorder" (Junior Rapportryerbeweging, 1987:4). Die eerste

kompetisie het van 1-3 Julie 1971 te Bloemfontein plaasgevind en het van 'n klein begin van 32 deelnemende spanne gegroei tot 'n kompetisie waaraan 313 skole, waarvan 8 Engelse hoërskole, en meer as 630 spanne in 1986 deelgeneem het. Tans bestaan die kompetisie uit drie rondtes: 'n uitdunrondte, 'n halfeindrondte en 'n eindrondte elk met sy eie debatsproposisie.

## 2. NAVORSINGSPESIFIKASIE

### 2.1. *Probleemoriëntering*

Samevattend sal die volgende vrae rondom die probleem van beoordeling gestel word:

* Wat is die doel van 'n opvoedkundige debat?
* In hoe 'n mate kan die beoordeling help om die doel te bereik?
* Watter beoordelingsparadigmas, indien enige, kan op die JR se kompetisie van toepassing gemaak word?
* Watter eise kan aan 'n geskikte beoordelaar gestel word?
* Watter rol behoort 'n beoordelingsvorm te speel?
* Is die JR se beoordelingsvorm sinvol en toereikend?
* Is mondelinge en/of skriftelike kritieklewering noodsaaklik?
* Watter verskillende aspekte word beoordeel?
* Watter kriteria word gestel ten opsigte van die verskillende aspekte?

In die lig van bostaande vrae sal die JR se debatskompetisie ten opsigte van die volgende kritiese kernpunte, waarin die beoordeling nie genoegsaam en in alle opsigte aan die vereistes vir 'n geslaagde opvoedkundige debat beantwoord nie, bestudeer word:

* Daar is nie 'n gemeenskaplike filosofiese model of paradigma waarvolgens beoordeel word nie.
* Die punteverdeling op die beoordelingsvorm is nie deurgaans sinvol nie.
* Die opvoedkundige waarde en die standaard van die kompetisie ly onder die feit dat daar nie tyd ná elke debat ingeruim word om gedetailleerde kritiek en wenke te gee nie.
* Duidelike kriteria waaraan die debatteerders getoets kan word ontbreek.

### 2.2. Navorsingsrasionaal

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om eksplisiete kriteria te stel vir die beoordeling van 'n opvoedkundige debat, en dit prakties te illustreer aan die hand van vyf gekose debatte uit die JR se kompetisie.

Hierduit spruit die volgende doelwitte:

* Om die doelstellings van 'n opvoedkundige debat te omskryf (hfst. 2).
* Om verskillende beoordelingsparadigmas te beskryf en 'n geskikte paradigma te identifiseer wat op die JR se kompetisie van toepassing gemaak kan word (hfst. 2).
* Om die ideale beoordelaar te beskryf met die klem op sy rol as opvoedkundige kritikus (hfst. 2).
* Om die doel en funksies van 'n beoordelingsvorm te bespreek (hfst. 2).
* Om die JR se beoordelingsvorm krities te bespreek (hfst. 2).
* Om kriteria te stel vir elke aspek wat beoordeel moet word (hfste. 3-8).
* Om vyf toepaslike debatte van die JR se kompetisie ten aansien van die gestelde kriteria te evalueer (hfste. 3-8).
* Om 'n waardebepaling van die standaard van debattering te maak na aanleiding van die evaluering van die gekose debatte (hfst. 9).
* Om aanbevelings met betrekking tot die beoordeling te maak ter verbetering van die standaard van die kompetisie (hfste. 2 en 9).

Hierdie studie poog nie soseer om een spesifieke korrekte metode vir beoordeling te demonstreer nie, maar veeleer om kriteria vir die evaluering van die verskillende aspekte van 'n opvoedkundige debat te identifiseer, en te toon hoe dit in die beoordeling van toepassing gemaak kan word.

### 2.3. Terreinafbakening

Soos uit die voorgaande blyk, word nie die hele omvangryke terrein van die opvoedkundige debat betrek nie, maar slegs dié aspekte wat by die beoordeling ter sprake kom. Verder sal die aandag bepaal word by die besondere aspekte wat in 'n opvoedkundige debat geëvalueer moet word, naamlik die analise van die proposisie, die argumentering wat bewyse en redenering om-

vat, aanval en verdediging, die organisasie van die verskillende toesprake, en die aanbieding, waaronder lewering en taalgebruik. Aspekte soos die vereistes gestel vir 'n geslaagde debatsproposisie en die voorbereidingsproses van 'n debatteerder sal nie ter sprake kom nie, tensy die moontlike oorsaak van 'n fout in die eindproduk terugherlei kan word na die proposisie of die voorbereiding.

In hierdie studie word die historiese verloop van opvoedkundige debattering en die beoordeling daarvan nie afsonderlik bespreek nie. Daar is na 'n verkenning van die beskikbare bronne gevind dat kennis van die oorsprong van opvoedkundige debattering en die verloop daarvan deur die eeue weinig, indien enige, moontlike oplossing bied vir die spesifieke probleme wat in hierdie studie geïdentifiseer is en aangespreek word. Dit sou die omvang onnodig vergroot het sonder om 'n daadwerklike bydrae tot die probleemoplossing te bied. Enkele historiese gegewens kom wel ter sprake waar dit nodig blyk te wees. (Opvoedkundige debattering tydens die pre-Renaissance-tydperk kom ter sprake in 'n ongepubliseerde proefskrif wat onlangs voltooi is: *Die pre-Renaissance-retoriek as grondslag vir 'n leerinhoudgerigte benadering tot hedendaagse spraakkommunikasie* [Terblance, 1987].)

Daar is vir hierdie studie uitsluitlik van Amerikaanse bronne gebruik gemaak omdat die Amerikaanse akademici vandag toonaangewend op dié gebied is. Sedert die eeuwending word debattering en argumentering as 'n akademiese dissipline aan tersiêre inrigtings in die VSA gedoseer. Hulle het 'n gevestigde tradisie van meer as 'n eeu se opvoedkundige debattering waarin teoretiese beginsels en die praktiese toepassing daarvan deur die jare bestudeer, getoets en verbeter is. Hoërskooldebattering dateer reeds sedert 1924. Ter illustrasie van hulle erns en ywer met opvoedkundige debattering noem Norton (1982:11 & 17) dat in die jaar 1970 alleen 81 werkwinkels uitsluitlik vir hoërskoolleerlinge gehou is. Dit sluit nie die werkwinkels en toernooie vir tersiêre debatteerders in nie. Hulle bied inderdaad 'n onbetwiste bron van kennis waaruit ryklik geput kan word. Die JR se kompetisie toon ook duidelike ooreenkomste met die Amerikaanse metode van opvoedkundige debattering.

Die Britse styl van opvoedkundige debattering verskil aansienlik van dié van die JR. Die Britse styl is geskoei op debattering in die Britse Laerhuis en weerspieël hulle parlementêre tradisie (Baird, 1982:56). Tydsbeperking speel 'n geringe rol en die debatteerder is hoofsaaklik ingestel om die gehoor se

belangstelling te behou. Die toesprake is dus veel meer op kwinkslae en spitsvondighede en veel minder op rasionele argumentering ingestel (vgl. Skorkowsky, 1971:335-343; Rodden, 1985:308-317). As gevolg van die groot verskil tussen die Britse vorm van opvoedkundige debattering en dié van die JR, word geensins hierna verwys of van moontlike bronne gebruik gemaak nie.

Die debatte van die JR wat as voorbeeldmateriaal gebruik word, is die volgende:

Twee Wes-Transvaalse uitdunrondtes gehou op 2 Mei 1986 te Orkney en op 3 Mei 1986 te Potchefstroom met die proposisie: *Die Afrikanerberoepsvrou staan haar plek vol in die opvoedingsgebeure.*

Die Wes-Transvaalse halfeindrondte gehou op 22 Junie 1985 te Orkney met die proposisie: *Demokrasie is die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing.*

Die Wes-Transvaalse halfeindrondte gehou op 21 Junie 1986 te Orkney met die proposisie: *Suid-Afrika reageer oormatig op die wêreldmening.*

Die eindrondte gehou op 24 Augustus 1985 te Braamfontein met die proposisie: *Ekonomiese vooruitgang word na behore deur die Afrikaner benut ter uitbouing van sy kultuur.*

Die eindrondte gehou op 23 Augustus 1986 te Braamfontein met die proposisie: *Die Afrikanerjeug se opvoeding met betrekking tot die ekonomie is voldoende.*

Hoewel al die debatte met die oog op 'n waardebepaling van die standaard van debattering bestudeer is, word slegs vyf debatte in die loop van die studie volledig "beoordeel". Een debat oor elk van die vyf proposisies is gekies. Met die spesifieke keuses is gepoog om debatte te kies wat beide die negatiewe en die positiewe illustreer, asook debatte wat vir 'n beoordelaar in sy evaluering moontlike probleme kan oplewer. Slegs een debat van die uitdunrondtes is gekies aangesien die gemiddelde standaard redelik laag was en 'n tweede voorbeeld onnodige duplisering sou meebring. Die motivering vir die keuse van die spesifieke debatte is soos volg:

* Die eerste een is 'n voorbeeld van 'n debat waarin die mees tipiese en algemene foute voorkom.
* Die tweede debat is gekies omdat die voorstanders se betoog probleme vir 'n beoordelaar kan oplewer. Hulle "hoogdrawende" betoog kan maklik as goed geëvalueer word, terwyl die analise foutief, die gebruik van bewyse en redenering swak, die aanval op die teenstanders onregverdig en die taalgebruik onvanpas is.
* Die keuse van die derde en vierde debat is gemaak na aanleiding van die teenstanders wat van al die spanne die beste aan die gestelde kriteria beantwoord het. Veral die vierde debat se teenstanders is 'n goeie voorbeeld van 'n span wat vaardig is in aanval en verdediging en die gebruik van bewyse. In albei debatte het die voorstanders ongelukkig 'n analisefout begaan: in die derde debat is die tipe proposisie foutief geanaliseer en in die vierde debat is 'n enkele term verkeerd geïnterpreteer.
* Die vyfde debat is hoofsaaklik gekies omdat die teenstanders oënskynlik baie goed aan die gestelde kriteria beantwoord, maar weens swak en inkonsekwente redenering in werklikheid nie so goed is nie. Indien 'n beoordelaar nie gekonsentreerd luister nie, kan so 'n span maklik oorskat word.

**2.4. Navorsingsmetode**

Die teoretiese oriëntasie bestaan uit 'n vergelykende literatuurstudie. Daar is op die mees resente bronne gekonsentreer, maar ook minder resente bronne moes gebruik word. Dit was onafwendbaar aangesien hierdie studie die eerste in Suid-Afrika op hierdie spesifieke terrein is en sekere grondbeginsels en basiese kennis nog nie algemeen bekend is nie; inligting wat in die VSA as veronderstelde kennis aanvaar word en dus nie in die resente bronne gedupliseer word nie. Die gebruik van ouer bronne was ook noodsaaklik omdat geïdentifiseerde knelpunte wat in hierdie studie aan die orde kom reeds in die sestiger - en sewentigerjare, en selfs vroeër, in die Amerikaanse literatuur ter sprake was. Hierdie bronne kon dus nie geïgnoreer word nie omdat hulle waardevolle inligting bevat.

Uit die literatuur word dié beginsels geïdentifiseer en bespreek wat as kriteria kan dien in die beoordeling van die ter saaklike aspekte. Die kriteria word dan telkens op die debatte toegepas om te bepaal in welke mate die debatteerders aan die kriteria beantwoord. Waar dit nie vanself blyk nie, word

gepoog om die foute asook die moontlike oorsaak daarvan aan te dui. Hier is ook uit eie beoordelingservaring geput.

Die verskillende terme wat ter sprake kom word in die loop van die studie toegelig. Vir die gerief van die leser is 'n glossarium, waar die mees algemene terme kortliks verklaar word, ná die bibliografie geplaas.

Die empiriese gegewens is verkry deur die bywoning van die verskillende debatte as beoordelaar of as toehoorder. 'n Bandopname is van elke debat gemaak en later verbatim neergeskryf.

Omdat die opnames tydens die kompetisie gemaak is en spanning meestal 'n rol speel, word aanvaar dat foute gemaak is wat moontlik onder ander omstandighede nie sou voorkom nie. Dit is egter deel van die skoling om in die hitte van die stryd 'n standpunt te kan stel en die spanning te kan verwerk. Waar duidelik geblyk het dat die debatteerders hulle bloot verspreek het, of waar 'n fout self gekorrigeer is, is die korrekte woord en die gekorrigeerde weergawe neergeskryf. 'n Debatteerder wat nie altyd duidelik geartikuleer het of sy/haar kop soms weggedraai het, het meegebring dat enkele woorde en veral vreemde name nie altyd duidelik hoorbaar was nie. In so 'n geval is 'n vraagteken agter die woord geplaas om aan te dui dat daar nie absolute sekerheid oor die woord bestaan nie.

Uiteraard kan die 25 debatte hier nie volledig weergegee word nie, aangesien dit meer as 600 bladsye sal beslaan en die formaat dan onhanteerbaar sal wees. Die bandopnames is op aanvraag by die Departement Spraakleer en Drama, PU vir CHO, verkrygbaar. Die verbatim-transkripsies is by die skrywer hiervan beskikbaar. Slegs die vyf gekose debatte word volledig in die addendum weergegee. Die volgorde van die debatte stem ooreen met die verloop van die kompetisie, naamlik uitdunrondte, halfeindrondte en eindrondte. Wat laasgenoemde twee rondtes betref, word eers die 1985- en dan die 1986-debatte weergegee. Die evaluering geskied ook in hierdie volgorde.

Die name van die debatteerders is gewysig of verswyg aangesien dit in hierdie studie om die beoordeling van debatsvaardighede en nie om die standpunt van 'n spesifieke debatteerder gaan nie.

## 2.5. Navorsingsverloop

Hoofstuk 2, wat as aanloop dien, fokus op drie modelle: die ideale benadering van *beoordeling*, die ideale *beoordelaar* en die ideale *beoordelingsvorm*. Eers word die doel van die opvoedkundige debat gepresiseer om as rigtinggewende faktor vir die beoordelaar te dien. Hierna word beoordelingsparadigmas bespreek om 'n toepaslike paradigma te identifiseer wat die doelstellings sal verwesenlik en deur die JR toegepas kan word. Vervolgens word moontlike standaarde gestel vir die ideale beoordelaar wat die gekose paradigma kan toepas. Hierna word die doel en funksie van 'n beoordelingsvorm bespreek met die JR se vorm as uitgangspunt. Gewysigde vorms wat op die geïdentifiseerde paradigma van toepassing gemaak kan word, en wat die doelstellings van die opvoedkundige debat beter sal realiseer, word aan die hand gedoen.

In hoofstukke 3 - 8 word die primêre debatsvaardighede waarin die deelnemer geskool word afsonderlik behandel. Dié aspekte is teoreties wel onderskeibaar, maar in die praktyk nie te skei nie aangesien die beoordeling daarvan gelyktydig plaasvind. Die volgorde van behandeling is dus nie 'n aanduiding van toenemende belangrikheid of van die chronologie van beoordeling nie.

In hoofstuk 3 word op *analise* gefokus. Dit omvat die volgende onderafdelings: die bepaling van die soort proposisie, die definiëring van sleutelbegrippe en die identifisering van geskilpunte.

In hoofstukke 4, 5 en 6 word die kruks van debattering onder die loep geneem, naamlik die kriteria met betrekking tot die debatteerder se vermoë om te argumenteer. Bewyse en redenering vorm saam die essensie van argumentering, maar omdat albei komponente so essensieel is en 'n omvattende veld dek, word *bewyse* in hoofstuk 4 en *redenering* in hoofstuk 5 bespreek. Onder bewyse word die soorte bewyse bespreek asook die verskillende toetse wat in die beoordeling daarvan toegepas kan word. Onder redenering word die evaluering volgens die filosoof, Stephen Toulmin, se kritiese model gedoen.

In hoofstuk 6 word *aanval en verdediging*, 'n onontbeerlike proses in debattering, behandel. Die kriteria vir beoordeling sal die volgende omvat: die debatteerder se kritiese vermoë om enige fout met betrekking tot die op-

ponente se betoog te identifiseer en aan te val, die vermoë om hom teen 'n aanval te verdedig en die korrekte wyse van aanval en verdediging.

In hoofstuk 7 word die *organisasie* van elke toespraak op makro-, meso- en mikrovlak afsonderlik bespreek. Dit betrek die sinvolle bou of konstruksie van elke onderafdeling waaruit 'n toespraak bestaan om maksimale begrip oor te dra. Die spanwerk van albei spanne kom ook hier ter sprake.

In hoofstuk 8 word op die *aanbieding*, wat die lewering en taalgebruik omvat, gefokus. Dié komponente vorm die "kanaal" waardeur die "inhoud" na die toehoorder kom. Lewering betrek parataal en omvat die visuele en ouditiewe aspekte waarmee die inhoud oorgedra word. Taalgebruik omvat weer die styl van die debatteerder asook die vermoë om korrek en duidelik te formuleer.

In hoofstuk 9, wat as afloop en *sintese* dien, word ten aansien van die bestudeerde debatte, 'n waardebepaling van die standaard van debattering gemaak en aanbevelings aan die hand gedoen. Die kritiese samevatting en aanbevelings poog om debatteerders, afrigters, beoordelaars en die JR te inspireer en te oortuig om met opvoedkundige debattering voort te gaan en om steeds die standaard te verhoog.

# HOOFSTUK 2

# BEOORDELING: FILOSOFIE, BEOORDELAAR EN BEOORDELINGSVORM

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n toepaslike model te identifiseer met betrekking tot 'n filosofie van beoordeling, die ideale beoordelaar en 'n funksionele beoordelingsvorm. Om hierdie eindpunt te bereik moet die beginpunt eers duidelik in oënskou geneem word. Die beginpunt is naamlik om die doelstellings van die opvoedkundige debat te presiseer. Daar word dus beweeg van die doel na die model om te bepaal of laasgenoemde eersgenoemde sal verwerklik - 'n werkmetode wat ook deur Rowland (1984a:191) as die korrekte beskou word.

Aangesien die doelstellings net as inleiding dien om perspektief op die komplekse probleem van beoordeling te gee, word dit beperk tot enkele standpunte wat verteenwoordigend is van die huidige uitgangspunte sover dit opvoedkundige debattering betref. (Voortaan word met debat of debattering die opvoedkundige debat bedoel. Waar dit nie die geval is nie, sal dit aangedui word.)

## 1. DOELSTELLINGS

Daar is reeds in hoofstuk 1 aangedui dat die oorkoepelende doelstelling die skoling van die deelnemers in debatsvaardighede is met die oog op sinvolle deelname aan enige vorm van substantiewe debattering. Hierdie breë doelstelling kan egter in meer detail uitgestippel word om by die kern uit te kom.

In die inleiding tot die omvattende werk: *Advanced debate - readings in theory and practice and teaching*, stel Rohrer (1979:5) die vorming van denkende mense as breë doelstelling. Hy spesifiseer dit vollediger deur te sê die debatteerder "should seek to persuade, but primarily through the use of logic, for the true skills of argumentation are those of reasoning" (1979:5). Die "denkende mens" word dus gevorm deur hom te leer om logies te redeneer. Rohrer bring hier die drie metodes van oorreding ter sprake. Die oorsprong hiervan kan by Aristoteles gevind word. McKeon (1941:1329) vertaal dit so:

"Of the modes of persuasion furnished by the spoken word there are

three kinds. The first kind depends on the personal character of the speaker (etos - PS); the second on putting the audience into a certain frame of mind (patos - PS); the third on the proof, or apparent proof, provided by the words of the speech itself (logos - PS)" (Retorika: 1.1.1356a 1-5)

In debattering poog die spreker om die luisteraar te oortuig van 'n standpunt hoofsaaklik deur logies beredeneerde argumente (logos) en nie soseer deur 'n appèl op die emosies van die gehoor (patos) of deur op eie geloofwaardigheid staat te maak nie (etos). Dit is juis die kernverskil in die metode van oorreding in 'n oorredingstoespraak en argumentering binne 'n debat. In 'n oorredingstoespraak kom al drie metodes wel ter sprake, maar groter klem val op die patos en die etos as wat dit in argumentering die geval is (vgl. Norton, 1982:25; Jensen, 1981:61; Rottenberg, 1985:9).

In debattering het die klem op die logiese inderdaad, volgens Lucas (1971:456), nie net op elke individuele argument betrekking nie, maar dit impliseer dat die hele begripvormende inhoud rasioneel aanvaarbaar moet wees. Wat hierdie klem op die logies-rasionele betref, is onder andere ook Thompson (1971:6-7) en Jensen (1981:6) dit eens. Kruger (1960:109) gaan selfs so ver om te beweer dat "intercollegiate debate is or should be primarily an exercise in logic". Hierdie standpunt is egter oordrewe en eensydig en die doelstellings van opvoedkundige debat word tans in Suid-Afrika en die VSA nie net tot skoling in logika beperk nie.

In hierdie studie kom logika in tweërlei opsigte ter sprake: ten eerste as 'n vaardigheid wat die debatteerders moet aanleer en ten tweede as 'n norm waarvolgens argumente beoordeel word. Logika word hier nie in sy formele of wiskundige vorm nie, maar in sy informele vorm toegepas. Die standpunt word gehuldig dat 'n argument as logies beskou word indien daar 'n dwingend-rasionele rede aangebied word wat die waarheid van 'n stelling sal waarborg. Logika vervul as't ware die rol van 'n regter wat moet bepaal of die rede - bewyse plus redenering - vir 'n stelling of gevolgtrekking gegrond of geldig is. Hierdie standpunt is gegrond op dié van Mills & Petrie (1968:260) en veral op dié van die logikus en filosoof Stephen Toulmin wie se kritiese model ook later ter sprake kom:

"Logic is concerned with the soundness of the claims we make - with the solidity of the grounds we produce to support them, the firmness

of the backing we provide for them" (Toulmin, 1969:7).

Patterson & Zarefsky (1983:9) huldig dieselfde standpunt as Rohrer, naamlik dat logiese argumentering die einddoel van opvoedkundige debattering is. Hulle lig twee aspekte uit, naamlik die skoling van die deelnemers se vermoë om 'n probleem te analiseer en om 'n standpunt te bepleit. Dié bepleiting impliseer die maak, die aanval en die verdediging van stellings om instemming van ander te verkry, en om die ingenome standpunt te regverdig. Genoemde skrywers stel hiermee ook die verbale oefening in argumentering as 'n belangrike doelstelling.

Sheckels (1984:3-4) formuleer op indirekte wyse, maar meer gedetailleerd, die doelstellings van die opvoedkundige debat as hy die kwaliteite van die ideale debatteerder skets. Dit is volgens hom nie die luidste spreker of dié een wat sy saak met volgehoue intensiteit bepleit nie. Die ideale debatteerder word beskryf as dié individu wat 'n probleem kan ontleed en 'n oortuigende betoog vir 'n bepaalde standpunt kan saamstel; wat 'n argument kan analiseer, foute daarin kan identifiseer en die fout duidelik vir die luisteraar of opponent kan uitwys. Sheckels vat die kwaliteite van die ideale debatteerder saam as hy sê:

> "The good debater, then, is a master of investigating and solving problems, of analyzing and scrutinizing argumentation, and at forceful but rational challenging of others' arguments. A good debater is a master at a number of thinking skills which are useful in **all** academic disciplines as well as in **all** careers" (1984:4).

Beide Sheckels en Rohrer verleen hoë prioriteit aan die skoling van 'n krities rasionele denkvermoë en nie soseer op die skoling van taal- of spraakvaardighede nie. Hoewel die een nie sonder die ander kan geskied nie, is hierdie beklemtoning myns insiens beslis geldig en korrek. Dit loop soos 'n goue draad deur al die bestudeerde bronne en word, alhoewel met geringe individuele klemverskuiwings, deurgaans gesteun (vgl. ook Miller & Nielsen, 1966:3; Dick, 1974:1; Ziegelmueller & Dause, 1975:4; Freeley, 1976:1; Ehninger & Brockriede, 1978:2-4).

Die siening van Weisenborn, wat die hoofklem op die kommunikasievaardighede plaas, is 'n uitsondering. Volgens hom is opvoedkundige debat "the exhibition, utilization, and application of communication skills employed in

persuasion" (1979:350). Die debatteerder se kommunikasie- en oorredingsvermoë word as einddoel gestel. Die debatteerder kan enige van die drie genoemde metodes gebruik, solank hy die luisteraars of beoordelaars kan oortuig van sy standpunt. Hier val die klem op die *hoe* en nie soseer op die *wat* nie.

Hoewel die vermoë om te kommunikeer 'n onontbeerlike rol in debattering speel, is dit nie die primêre doelstelling nie. Die debatteerder moet in die eerste plek oorreed deur **wat** hy sê en nie deur **hoe** hy dit sê nie. Die **hoe** vorm slegs 'n kanaal vir die **wat**. As die primêre doelstellings kommunikasievaardighede is, bied redenaarskompetisies wat oorredingstoesprake insluit die ideale skoling. Die doelstelling soos gestel deur die eersgenoemde akademici word dus in hierdie studie onderskryf. Die doel van debattering is in die eerste plek nie om groot openbare redenaars op te lei of te vorm nie, maar krities-denkende mense wat logies kan argumenteer. Indien die vermoë om effektief te kommunikeer ook aangeleer word, is dit 'n waardevolle bonus.

Die kerndoelstelling van 'n opvoedkundige debat word saamgevat in die woorde van Rowland (1984:183):

> "Through dialectical interchange, debate teaches students to discover, build, test, and refute arguments".

Die dialektiese proses waarvan Rowland melding maak het Aristoteles gesien as 'n teenpool van retoriek (Retorika 1:1:1354a 1-10). Retoriek kan as die kuns van openbare redevoering en dialektiek as die kuns van logiese diskussie gestel word. Beide hierdie aspekte word in debattering gekombineer. Die presiese aard van dialektiek word duidelik deur Lippmann omskryf:

> "The method of dialectics is to confront ideas with opposing ideas in order that the pro and the con of the dispute will lead to true ideas. But the dispute must not be treated as a trial of strength. It must be a means of elucidation" (1960:97).

Die wesensaard van die dialektiek, naamlik argument en teenargument plaas ook die fokus op die soeke na die waarheid en die moontlike oplossing van 'n probleem en nie soseer op die oortuigingskrag waarmee die "voor- en nadele" gekommunikeer word nie. Dit strook inderdaad met Sheckels se benadering

wat hierbo genoem is.

Samevattend kan gestel word dat die primêre doelstelling van opvoedkundige debattering die skoling van deelnemers in logiese argumentering is (Hollihan, 1983:171). Dit impliseer die vermoë om 'n probleem te analiseer, om navorsing te doen en sodoende ter sake data te identifiseer vir gebruik in argumente, om logies te redeneer, om argumente tot 'n samehangende betoog te konstrueer en om argumente krities te toets deur die proses van aanval en verdediging. (Vir omskrywing van **redenering** en **argumentering** kyk p. 184.)

Tegelyk met bogenoemde vind die aanleer van effektiewe kommunikasievaardighede plaas. Soos reeds genoem word hierdie aspekte as die kanaal gesien waardeur die argumentering gevoer word. Die kanaal (middel) moet sodanig wees dat die boodskap of betoog (doel) so duidelik moontlik kan deurkom.

Ook sekondêre doelstellings kan geïdentifiseer word. Hieronder ressorteer die vermoë tot navorsing en die verbreding van die deelnemer se kennis aangaande resente sake en aktuele vraagstukke. Die tuisbring van 'n bepaalde ingesteldheid hang ook nou hiermee saam. Dit betrek die siening dat baie probleme nie 'n absolute reg of verkeerd, waarheid of onwaarheid bevat nie, maar dat daar meestal vir beide kante van 'n probleem 'n saak uitgemaak kan word. Die ingesteldheid moet dus aangekweek word om so noukeurig en objektief moontlik beide kante van 'n saak na te vors en te oorweeg alvorens tot 'n slotsom geraak word. Volgens Walwik en Mehrley (1971:193) verskaf dit terselfdertyd skoling in die kognitiewe prosesse van die deelnemer wat nodig is vir intrapersoonlike besluitneming.

Ehninger & Brockriede (1970:304) beweer dat die debat ook die deelnemers wil skool om sinvol te kan kompeteer. Die debatteerder moet dus leer om spanning te kan verwerk en om terselfdertyd in die spervuur van kritiese opponente met selfvertroue voor 'n gehoor te kan optree.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat hoewel opvoedkundige debat skoling bied met die oog op deelname aan substantiewe debattering, hierdie forum nie in alle opsigte 'n presiese weergawe is van enige debattering soos dit in die werklike lewe voorkom nie. Dit bly nog steeds 'n "kunsmatige" geleentheid aangesien die debatteerders nie 'n eie nie, maar 'n gegewe standpunt

bepleit (vgl. Patterson & Zarefsky, 1983:89). Ehninger & Brockriede (1970:307) beweer ook dat dit 'n opvoedkundige laboratorium is wat praktiese oefening bied en nog nie die eindproduk is nie. Daar kan dus nie letterlik aan al die vereistes van substantiewe debattering voldoen word nie. Daar word wel gepoog om aan die kernvereistes te voldoen.

Met die gestelde doelstellings voor oë gaan vervolgens die belangrikste beoordelingsparadigmas, soos dit allerweë bekend staan, onder die loep geneem word.

**2. BEOORDELINGSPARADIGMAS**

Die term **paradigma** moet nie aan 'n beoordelingsformule of 'n "resep" waarvolgens die beoordeling geskied, gelykgestel word nie (Zarefsky, 1984:9). Dit is veeleer 'n perspektief, 'n ingesteldheid of 'n filosofie waarmee die beoordelaar die proses van beoordeling benader. Die laaste woord oor die verskillende paradigmas is ook nog glad nie gespreek nie. Dit word steeds gedebatteer en geslyp na mate kritiek daarteen ingebring word. Die saak word komplekser deurdat daar individuele verskille tussen voorstanders van dieselfde paradigma bestaan. Hier is inderdaad nie sprake van vaste en/of afgebakende reëls en riglyne nie, maar bloot algemene tendense wat elke paradigma kenmerk.

Die vraag kan ontstaan: Waarom is die verkenning van die verskillende paradigmas ter sake? Dit is wel deeglik ter sake omdat dit as't ware die lens is waardeur die beoordelaar die debat krities beskou. Elke lens impliseer subtiele perspektiefwisseling en bring telkens verskillende aspekte in fokus. Wat deur die een lens as belangrik raakgesien word, verdwyn moontlik deur 'n ander lens. Die gevolg hiervan is die moontlikheid dat dieselfde debat soos gesien deur verskillende lense verskillende beslissings tot gevolg kan hê. Soos Hollihan dit tereg stel:

> "the decision as to whether or not a particular paradigm is legitimate is often the threshold issue in determining the outcome of a debate" (1983:174).

**2.1. Merietetoetsing**

Daar bestaan twee basiese benaderings van beoordeling, naamlik 'n vaar-

dighedetoetsing en 'n geskilpunt- of merietetoetsing. Onder merietetoetsing bestaan daar weer verskillende paradigmas.

Wat die oorsprong van die paradigmas betref is daar in die VSA sedert die sewentigerjare en in 'n toenemende mate vanaf 1980 geëksperimenteer en gedebatteer oor verskillende beoordelingsparadigmas of -metafore. In die sewentigerjare het die sisteemanalise of beleidsmetafoor met Lichtman en Rohrer as belangrikste voorstanders na vore gekom, en ook die hipotesetoetsing met Zarefsky as segsman (vgl. Benoit *et al.*, 1986:135). In die vroeëre jare tagtig het Ulrich met sy sogenaamde Tabula Rasa ("skoon leì") gekom en ook Balthrop (1983:1) wat sy benadering as "the critic of argument" beskryf.

Die belangrikste drie paradigmas word vervolgens bespreek: hipotesetoetsing, sisteemanalise en Tabula Rasa. Balthrop se benadering is nie 'n volledige paradigma nie en betrek slegs die beoordeling van argumente. Die karakteristieke kenmerk van elkeen word kernagtig bespreek en dan geëvalueer.

### 2.1.1. Hipotesetoetsing

#### 2.1.1.1. Definiëring

Volgens hierdie paradigma word die debat gesien as 'n figuurlike analogie van die wetenskaplike metode waar 'n hipotese gestel en aan die hand van empiriese feite getoets word (vgl. Zarefsky & Henderson, 1983:180). Die debatsproposisie word as 'n hipotese beskou waarvan die waarskynlike waarheid getoets moet word. Die debatteerders funksioneer as advokate vir die waarheid of onwaarheid van die gegewe hipotese/proposisie. Die debat is wel nie 'n laboratorium nie, maar dit beoog om dieselfde funksie te vervul as empiriese navorsing.

Hipotesetoetsing sentreer rondom die vraag of daar genoeg redes aangevoer kan word om die hipotetiese proposisie as waar of onwaar te verklaar. Die beoordelaar se taak kom neer op 'n ja- of nee beslissing: ja, die jeug se opvoeding met betrekking tot die ekonomie is voldoende; of nee, die jeug se opvoeding met betrekking tot die ekonomie is nie voldoende nie. Hierdie beslissing word egter eers gemaak nadat beide kante se argumente aangehoor, en deur beide krities getoets is. Die beoordelaar neem nie deel aan die ar-

gumentering nie, maar as intelligente luisteraar volg hy die argumente en neem 'n beslissing slegs op grond van die argumente wat in die betrokke debat geopper is. (Laasgenoemde vereiste geld vir alle paradigmas.) Volgens Zarefsky (1979:430) word hierdie paradigma toegepas deur eers die data wat die debatteerders verskaf te evalueer en daarna word hierdie data gebruik om die waarskynlike waarheid van die proposisie te toets. Die beslissing val in die guns van dié span wat kwantitatief en kwalitatief die beste redes verskaf het om hulle kant van die saak as die waarskynlikste aan te neem.

Zarefsky (1979:428) lê klem op die verskil tussen waarheid binne 'n retoriese konteks en wetenskaplike waarheid. Retoriese waarheid is slegs 'n waarskynlikheid omdat dit konteksgebonde is en verkry word deur die konsensus van die luisteraars. Dit is die instemming van 'n gehoor/beoordelaars wat aan 'n proposisie die status van "kennis-wat-waar-is" verleen. Hierteenoor staan absolute waarheid wat ewig en onveranderlik is en aan 'n wetenskaplike feit gelykgestel kan word. Waarskynlike waarheid impliseer in hierdie paradigma dat die beoordelaar binne die bepaalde situasie en op grond van die gegewe data tot sy beskikking goeie rede het om die proposisie as waar te aanvaar of as onwaar te verwerp. Die waarskynlike waarheid sal dus van debat tot debat verskil, afhangende van die data wat die debatteerders tot die beoordelaar se beskikking stel om die waarheid van die proposisie te toets. In dié paradigma word die aanname gemaak dat dié span wat die sterkste argumente vir hulle standpunt aangebied het, beter as die opponente gedebatteer het.

Die presiese bewoording van die proposisie by hipotesetoetsing is van die uiterste belang, want dit bepaal die denkbeeldige grenslyn tussen voorstander- en teenstandergebied, met ander woorde die grens tussen waarskynlike waarheid of onwaarheid. Dit word duidelik geïllustreer deur net die slotwoord in die volgende proposisie te wysig: *Die Afrikanerjeug se opvoeding met betrekking tot die ekonomie is benard/onvoldoende/gemiddeld/voldoende/onverbeterlik*. Telkens veskuif die grens. Dit sal vir die voorstanders byvoorbeeld makliker wees om *voldoende opvoeding* eerder as *onverbeterlike opvoeding* as waarskynlik waar te bewys.

Die teenstanders se taak in hipotesetoetsing is om die proposisie verkeerd of as onwaar te bewys. Hulle hoef nie, soos in die geval van die beleidsparadigma, 'n alternatiewe beleid/hipotese in die plek daarvan te stel nie. Indien hierdie paradigma op debatte van beleid toegepas word, is 'n plan van aksie nie 'n vereiste nie. Daar word op die beginsels en prinsipes van die

beleid gefokus. Die geskilpunt sentreer om die vraag of die basiese beginsels van die beleid waarskynlik waar of onwaar is, en nie of een beleid (voorstanders s'n) beter as 'n alternatiewe beleid (teenstanders s'n) is nie.

### 2.1.1.2. Evaluering

'n Moontlike nadeel van hierdie benadering is die voordeel wat enige span bo 'n ander kan geniet indien die proposisie nie sodanig bewoord is dat beide spanne 'n gelyke kans het om sinvolle argumente te voer nie. Indien dit nie die geval is nie, soos byvoorbeeld in die proposisie: *Die Afrikanerjeug se opvoeding met betrekking tot die ekonomie is onverbeterlik*; kan die voorstanders se vaardigheid, hoe goed ook al, nie kompenseer vir die feit dat daar minder bewyse is om die proposisie as waar te bewys, teenoor die oorwig van bewyse wat tot die teenstanders se beskikking is nie. Die beoordelaar moet hom eers daarvan vergewis of die proposisie aan beide spanne feitlik gelyke kanse bied alvorens hierdie paradigma toegepas kan word.

'n Verdere probleem kan na vore kom as die proposisie baie algemeen en wyd geformuleer is. Dit bemoeilik die toepassing van hipotesetoetsing, want die vereiste vir 'n hipotese om toetsbaar te wees is die duidelike en spesifieke formulering daarvan, aldus De Wet *et al.* (1981:32 & 77). Die proposisie: *Die jeug is geskiedenisbewus* is veel moeiliker toetsbaar binne hierdie paradigma as die proposisie: *Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge woon volksfeeste gereeld by.* Laasgenoemde proposisie is wel meer toetsbaar, maar veel minder debatteerbaar omdat die waarheid of onwaarheid van die proposisie maklik deur empiriese navorsing vasgestel en bewys kan word. Die debatteerbaarheid en die toetsbaarheid van 'n proposisie moet met mekaar versoen word alvorens die hipotesetoetsing toegepas kan word.

Die hipoteseparadigma is ook minder geskik vir proposisies van beleid. By beleidsdebattering is nie net 'n beleid ter sprake nie, maar ook feite en waardebepalings en die komplekse aard van beleidsdebattering maak hipotesetoetsing vir die oningewyde beoordelaar moeilik toepasbaar. Hollihan (1983a:175-178) het met reg ook die volgende besware: Aangesien die teenstanders geen alternatiewe beleid hoef voor te staan nie en daar geen beperking van strategie is nie, kan hulle verlei word om so veel as moontlik, en selfs oppervlakkige, argumente aan te voer. Die voorstanders kan in so 'n geval, dikwels weens gebrek aan tyd, nie almal met welslae weerlê nie. Dié argumente wat wel weerlê word kan deur die teenstanders net laat vaar en

met nuwes vervang word aangesien hulle oogmerk bloot is om die proposisie as onwaar te bewys. Hierdie benadering stel, weens die aard daarvan, minder eise aan die teenstanders as aan die voorstanders. Ongelyke eise aan voor- en teenstanders is dus moontlik binne hipotesetoetsing.

Hierdie paradigma is wel beter toepasbaar op 'n proposisie van feite, mits die bewoording nie te wyd gestel is nie en dit aan beide spanne gelyke geleentheid tot sinvolle argumente bied. Zarefsky & Henderson (1983:180) meen dat "argumentation is to statements of value and policy as scientific method is to statements of empirical fact". Hipotesetoetsing vind in 'n debat oor 'n proposisie van feite feitlik 'n letterlike analogie, in die sin dat beide om feite gaan. Die enigste verskil lê in die empiriese aard van die feite en die metode van toetsing. Soos reeds gestel sal dié span dan wen wat kwantitatief en kwalitatief die oorwig van bewyse gelewer het dat die proposisie 'n waarskynlike feit is (waar), of waarskynlik nie 'n feit is nie (onwaar).

**2.1.2. Sisteemanalise of beleidsmetafoor**

**2.1.2.1. Definiëring**

Hierdie paradigma berus op 'n analogie na aanleiding van die proses van beleidmaking in die werklike lewe en is slegs op debatte met 'n proposisie van beleid van toepassing. Hierdie paradigma is op dié tydstip nie ter sake wat die JR se debatskompetisie betref nie, omdat die JR tans slegs van proposisies van feite gebruik maak. Volledigheidshalwe word dit egter wel bespreek omdat dit wat beleidsdebattering betref die gewildste paradigma in die VSA is (vgl. Pfau *et al.*, 1987:i) en die JR moontlik weer van proposisies van beleid gebruik kan maak soos dit wel in die sewentigerjare die geval was.

Die voorstanders van hierdie paradigma sien die doel van opvoedkundige debattering as 'n skoling in veral kritiese besluitneming wat so belangrik is in 'n steeds vinnig veranderende wêreld. Hiervolgens word die toerusting van die deelnemers toegespits op elkeen se taak as 'n demokratiese burger wat op elke lewensterrein, hetsy op private, sosiale, ekonomiese, politieke of professionele gebied besluite moet neem.

Hierdie paradigma funksioneer volgens die model waar twee partye elkeen sy eie beleid bepleit en die beoordelaars die intelligente verteenwoordigers van Jan Publiek is wat vir een van die twee moet stem. Hier word die

beleidsproposisie nie as waar aanvaar of as onwaar verwerp soos by hipotesetoetsing nie, maar soos Thomas (1979:393) dit stel word twee sisteme met mekaar vergelyk. Die voorstanders bepleit die een sisteem wat in die proposisie vervat is en die teenstanders 'n ander sisteem. Laasgenoemde sisteem kan uit verskillende moontlikhede bestaan: die status quo, of die status quo met geringe wysigings, of selfs 'n alternatiewe sisteem; solank dié sisteem buite die gebied van die voorstanders val. Soos reeds by hipotesetoetsing gesien bepaal die bewoording van die proposisie die grenslyn tussen voorstander- en teenstandergebied. Hier het elke span dus die verpligting om 'n samehangende en konsekwente sisteem te bepleit. Die benamings **beleid** en **sisteem** kom in die debatsliteratuur alternatiewelik voor en impliseer eintlik dieselfde. Sisteem is egter die meer resente en omvattende benaming van die twee en dui op die samehangende geheel waarmee 'n beleid of bestuursprogram gepaardgaan.

Die kern van die beleidsparadigma of sisteemanalise is "the relative appropriateness of alternative policies that might be used in the process of achieving certain specified goals" (Thomas, 1979:393). Die beoordelaar vervul die rol van 'n beleidmaker wat die twee sisteme, slegs op grond van die data in die debat, teen mekaar opweeg en besluit watter een sal die doelstellings soos deur die debatteerders uitgespel die beste verwesenlik of die genoemde probleem die beste oplos (Pfau *et al.*, 1987:35).

Van al die paradigmas het hierdie model die mees eksplisiete implikasies vir beoordeling wat as "decision rules" bekend staan (vgl. Lichtman & Rohrer, 1979:42-69; Benoit *et al.*, 1986:135). Dié reëls wat vervolgens weergegee gaan word, is die mees resente beskikbare weergawe volgens Benoit *et al.* (1986:138-145). Hierdie reëls wat die beoordelaar moet lei in sy beslissing, definieer Lichtman en Rohrer (1979:55) as "a man-made convention that imposes a prejudgement about how a decision should be made". Benoit *et al.* bepleit in beginsel die gebruik van reëls, maar stel dit uitdruklik dat die reëls nie volledig, finaal of noodwendig korrek is nie, maar bloot 'n riglyn vir die beoordelaar wat dit volgens elke debat na goeddunke moet toepas.

**2.1.2.2. Riglyne vir besluitneming**

Die eerste drie reëls betrek die "regsgebied" van die voorstanders:

1 Indien die voorstanders se plan van aksie nie 'n direkte toepassing

van die proposisie is nie, dit wil sê nie binne die grense van die proposisie val nie, behoort die teenstanders te wen, ongeag verdere debattering.

2 Indien moontlike voordele waarop die voorstanders aanspraak maak nie werklik 'n gevolg van die plan of 'n deel daarvan is nie, moet die beoordelaar dit ignoreer, dit wil sê nie by die beoordeling positief of negatief in berekening bring nie. Die voorstanders kan dus nie krediet kry vir voordele wat nie werklik uit hulle plan sal voortspruit nie.

3 Indien die voorstanders nie 'n aanval van die teenstanders betreffende bostaande twee reëls met welslae kan weerlê nie, behoort die teenstanders te wen. Met ander woorde, as die teenstanders met geldige argumente vorendag kom wat bewys dat die plan geheel of gedeeltelik buite die grense van die proposisie val, of dat waarskynlike voordele nie noodwendig uit die plan sal voortspruit nie en/of selfs sonder die spesifieke plan sal voorkom, behoort die teenstanders te wen, tensy die voorstanders die aanval met grondige redes kan weerlê.

Die volgende reëls verskaf riglyne aangaande die keuse tussen die twee sisteme.

1 Indien die wenslikheid - die totale som van waarskynlike voordele en positiewe waardes - van die voorstanders se voorstel nie swaarder weeg as die presumpsie, met ander woorde die risiko van verandering nie, behoort die teenstanders te wen. Hoe groter die risiko van 'n nuwe beleid, hoe groter en waarskynliker moet die wenslikheid daarvan wees. 'n Groot risiko met 'n geringe en 'n onwaarskynlike totaal van voordele wat dit mag meebring, behoort teen die voorstanders te tel.

Hierdie reël bring baie terme ter sprake wat vir begrip verder gedetailleer behoort te word. Presumpsie is volgens Thomas (1979:479), "the assumption that conditions and policies should remain as they are....The present system is presumed to be adequate until the affirmative team meets its burden to proof that a change in the status quo is needed or would be advantageous." Presumpsie het tradisioneel 'n "positiewe vooroordeel" in die guns van die status quo of huidige beleid aangedui totdat genoegsame bewys gelewer word om die positiewe oordeel te elimineer (vgl. Whateley, 1866:114,

oorspronklike toepasser van dié regsbegrippe op debattering). Volgens die beginsel van presumpsie geniet die status quo aanvaarding of die voordeel van die twyfel in dieselfde mate wat 'n aangeklaagde in 'n kriminele saak as onskuldig aanvaar word totdat hy skuldig bewys is. Die teenoorgestelde van presumpsie is die bewyslas wat die voorstanders onder 'n verpligting plaas om met 'n prima facie-saak vorendag te kom. 'n Prima facie-saak word bewerkstellig as die voorstanders alreeds in die eeste toespraak daarin slaag om "met eerste oogopslag" die presumpsie of voordeel wat die status quo oftewel die teenstanders geniet, te elimineer deur genoegsame argumente daarteen in te bring. Ziegelmueller & Dause (1975:22) definieer 'n prima facie-saak "as a case which is logically sufficient to overcome the presumption of the present belief of policy and to force the defender of that belief or policy to respond".

Volgens Lichtman & Rohrer (1979:66-68) het presumpsie binne hierdie paradigma 'n klemverskuiwing ondergaan. Beleidsdebattering begin nie meer met 'n presumpsie in die guns van die status quo nie, maar wel met 'n presumpsie in die guns van dié beleid met die kleinste risiko of onsekere gevolge. Dit hoef nie noodwendig die status quo te wees nie. Die voorstanders kan byvoorbeeld aanvoer dat 'n voortsetting van die status quo 'n groter risiko inhou as die voorgestelde beleid wat in die proposisie vervat is. Hieruit spruit dan die volgende twee reëls:

2 Die sisteem met die kleinste risikofaktor behoort presumpsie te geniet.

3 Die beoordelaar behoort te stem vir dié span wie se beleid die wenslikste blyk te wees. Indien beide ewe wenslik blyk, behoort die span te wen wat presumpsie geniet, met ander woorde dié beleid waarvan die "level of uncertainty surrounding the policy" die minste is (Lichtman & Rohrer, 1979:64).

Benoit *et al.* (1986:140) gee selfs riglyne hoe die risikofaktor en die wenslikheidsfaktor van 'n beleid bepaal kan word. Die risiko van verandering word bepaal deur die volgende in ag te neem: die omvang en belangrikheid daarvan asook die moontlikheid om die beleid te herroep of ongedaan te maak indien dit nie sou slaag nie. Hiervolgens sal die risiko toeneem namate die verandering groter van omvang is en/of die sisteme wat verander word as van uiterste belang geag word. Ter illustrasie kan gestel word dat 'n beleidsverandering van kapitalisme na sosialisme 'n groot risiko inhou omdat

dit nie net 'n ingrypende verandering meebring nie, maar ook 'n belangrike sisteem verander wat moeilik herroep kan word indien dit later nodig blyk te wees.

Die wenslikheid van 'n beleid word beraam deur die som van elke afsonderlike voordeel te bepaal. Die voordele kan bestaan uit die moontlike bereiking van positiewe doelwitte en/of die uitskakeling van probleme of nadele. Elke voordeel se wenslikheid word verder beraam deur die waarskynlikheid dat dit wel sal gebeur te vermenigvuldig met die kwantitatiewe en kwalitatiewe waarde daarvan. Byvoorbeeld, die wenslikheid van 'n beleid word bevorder namate dit redelik seker is dat die waarde van die voordele sodanig is dat 'n noodsaaklike lewensomstandigheid (kwaliteit) van baie mense (kwantiteit) verbeter sal word. Indien die teenoorgestelde die geval is, neem die wenslikheid dienooreenkomstig af.

4 Indien die teenstanders 'n suksesvolle aanval rig wat daarop neerkom dat die risiko van verandering groter is as die wenslikheid daarvan, behoort hulle te wen, tensy die voorstanders met oortuigende argumente die aanval kan weerlê.

5 Indien die teenstanders nie die status quo nie, maar 'n alternatiewe teenplan bepleit en dié plan val binne die terrein van die proposisie, behoort die voorstanders te wen. 'n Sodanige plan sou daarop neerkom dat die teenstanders ook die proposisie bepleit maar net deur middel van 'n ander plan van aksie.

6 Indien die teenstanders se plan ten aansien van die voorstanders se plan nie kompeterend is nie, moet die beoordelaar die plan ignoreer. Die teenplan is kompeterend as die twee mekaar uitsluit en onverenigbaar is en as die teenplan dieselfde of selfs beter voordele inhou as die voorstanders se plan.

7 As die teenstanders nie met welslae kan antwoord op 'n aanvallende argument dat die teenplan ook 'n toepassing van die proposisie is, of nie-kompeterend is nie, behoort die voorstanders te wen.

Die laaste twee reëls verskaf riglyne vir die evaluering van individuele argumente.

1 Debatteerders moet die verantwoordelikheid aanvaar vir elke argument wat geopper word. Dit impliseer dat debatteerders gepenaliseer behoort te word indien aanvanklik gestelde argumente

nie verder versterk word nie en bloot geïgnoreer word nadat dit deur die opponente aangeval is. Die bedoeling is om debatteerders aan te moedig om die logika asook die implikasies van argumente deeglik vooraf te toets en te deurgrond voordat dit gebruik word. Die taktiek om soveel argumente moontlik te stel in die hoop dat sommiges suksesvol sal wees, word dus ontmoedig om sodoende die kwalitatiewe bo die kwantitatiewe in argumentering te bevorder.

2 Indien 'n nuwe argument in die repliektoesprake nie verband hou met vorige argumente nie moet dit geïgnoreer word. Dit behoort die inbring van nuwe argumente in die repliektoesprake te verhoed.

Laasgenoemde twee reëls kan vir enige paradigma geld en is nie soos die voriges net op 'n proposisie van beleid van toepassing nie.

**2.1.2.3. Evaluering**

Volgens Pfau *et al.* (1987:i) plaas twee derdes of meer van beide beoordelaars en debatteerders in die VSA sisteemanalise boaan die voorkeurlys (vgl. ook Lichtman, 1986:147). Die voordele van dié paradigma is die sogenaamde besluitnemingsreëls wat die toepassing daarvan vergemaklik. Dit geld uiteraard vir die beoordelaar wat kundig is ten opsigte van debatsteorie. Verder weet die debatteerder ook watter reëls op die debat van toepassing gemaak word en kan die span sorg dra dat hulle die reëls nakom. Die kwaliteit van debattering kan sodoende verhoog word.

'n Moontlike nadeel is dat subjektiwiteit maklik 'n rol binne hierdie paradigma kan speel. In die vergelyking en evaluering van twee beleidsisteme kan die beoordelaar se eie argumente heel onbewustelik oorneem en die keuse beïnvloed, in plaas daarvan dat 'n beslissing suiwer op grond van die debatteerders se argumente geneem word. Die geslaagdheid van dié paradigma hang dus grootliks af van die beoordelaar se vermoë om objektief te wees. Dit is makliker om objektief te wees in die toepassing van data om die waarheid of onwaarheid van 'n proposisie te bepaal (hipotesetoetsing) as om te bepaal watter sisteem die beste beleid is. Subjektiwiteit is blykbaar nie 'n probleem by beoordelaars nie. Volgens 'n empiriese ondersoek van McCroskey & Camp (1966:61-62) wat tydens 'n debatstoernooi in Durham, North Carolina, gedoen is, is bevind dat die beoordelaars se persoonlike standpunt hulle nie beduidend beïnvloed het nie. (Hier kan aanvaar word dat bekwame en ervare beoordelaars ter sprake is.) Uit 207 van die totale 312

debatte was 104 beslissings in ooreenstemming met die beoordelaar se persoonlike standpunt terwyl dit in 103 beslissings nie die geval was nie. In 105 debatte was die beoordelaar se standpunt onbekend.

'n Probleem kan hier ook na vore tree indien die proposisie nie aan beide spanne kompeterende sisteme met feitlik ewe veel meriete bied nie. Indien dit die geval is bied dit deurgaans die een span 'n beter kans om te wen.

Samevattend: Hierdie paradigma is wel geskik vir beleidsdebattering omdat die model op die werklike proses van beleidmaking berus en omdat dit duidelike riglyne vir die beoordelaar en debatteerder uitspel. Dit bied dus 'n waardevolle skoling vir die toekomstige demokratiese burger(es) wat daagliks besluite moet neem. Hierdie paradigma se geskiktheid word egter geëlimineer as die beoordelaar nie objektief is of as die proposisie nie aan beide spanne gelyke kanse bied nie.

**2.1.3. Tabula Rasa**

**2.1.3.1. Definiëring**

Hierdie paradigma verskil veral in een opsig van die voriges, naamlik dat dit nie na analogie van 'n werklike model gevorm is nie. Hier word die beoordelaar as 'n "blank slate" (Rowland, 1984b:78) of "skoon lei" beskou, waarop die debatteerders letterlik enige iets kan "skryf". In Tabula Rasa-debattering is nie net die proposisie nie, maar enige teoretiese beginsels of reëls van 'n opvoedkundige debat oop vir debattering. Die beoordelaar moet alle vorige konsepsies, kennis, persoonlike ervarings of enige besluitnemingsreëls ter syde stel en die beoordeling moet geskied volgens reëls of kriteria wat die betrokke debatteerders uitspel. (Dit sou wel moontlik wees dat die debatteerders versoek om volgens die hipotesetoetsing of sisteemanalise of enige ander paradigma beoordeel te word.)

Hierdie benadering het belangrike implikasies vir die beoordeling van argumente. Die beoordelaar moet elke argument as belangrik beskou en mag niks ignoreer op grond van swak of selfs foutiewe bewyse nie. Swak argumente wat moontlik op halwe waarhede berus kan dus dieselfde resultate bereik as sterk gerugsteunde argumente. Ulrich (1984:89-90), wat 'n sterk voorstander van Tabula Rasa is, stel wel dat daar 'n minimum vereiste moet wees ten opsigte van argumente, naamlik dat 'n stelling met ten minste een

bewys ondersteun moet word. Die beoordelaar mag egter nie die meriete van die stelling of bewys evalueer nie, maar moet dit aan die opponente oorlaat. As die opponente die swakheid of selfs valsheid van 'n argument nie raaksien en aanval nie, word die argument as geslaagd aanvaar, al sou die beoordelaar nie saamstem nie. Eers as kompeterende argumente aangebied word, moet die beoordelaar beide weeg en "wen" dié argument met die beste ondersteunende bewyse. Enige argument teen die opponente se standpunt, hoe swak ook al, moet deur die beoordelaar aanvaar word, tensy die opponente dit oortuigend weerlê.

Die voorstanders van Tabula Rasa noem drie moontlike voordele:

> Dit bied 'n regverdige metode van beoordeling.
> Dit bied 'n goeie metode om die teorie van debattering aan te leer en te ontwikkel.
> Dit is 'n suiwer toepassing van die dialektiese proses (vgl. Rowland, 1984b:79).

Tabula Rasa het dus nie veel geskrewe teoretiese beginsels nie, omdat die beginsels van beoordeling deur die debatteerders bepaal word en van debat tot debat verskil. Die beoordelaar moet net bereid, en in staat, wees om by die debatteerders aan te pas.

**2.1.3.2. Evaluering**

Wat die voorstanders van Tabula Rasa se aanspraak op regverdigheid betref, waarborg Tabula Rasa as sodanig nie 'n regverdiger debatsproses as enige ander paradigma nie. Die regverdigheid hang af van die beoordelaar se vermoë om dit algeheel objektief toe te pas. Hierdie benadering is wel regverdig in dié sin dat die beoordelaar die debat beoordeel volgens 'n paradigma van die debatteerders se keuse. Die probleem wat nog nie met welslae opgelos is nie, is watter paradigma of kriteria gebruik word as die twee spanne botsende versoeke rig en nie tot 'n vergelyk kan kom nie.

Die kwessie of die opvoedkundige debat die plek is om die teoretiese beginsels van debattering en argumentering te debatteer, bly 'n ope vraag. Rowland (1984b:80) stel met reg dat die opvoedkundige doelwitte beter bereik kan word as die beginsels en selfs reëls buite die debat bepaal word om dan daarna in die debat toegepas te word. Dit beteken nie dat, indien nodig,

teoretiese beginsels van tyd tot tyd nie aangepas of gewysig mag word nie. Veral vir beginners, soos wat dit met die JR se debatskompetisies die geval is waar die beginsels nog aangeleer en geoefen word, lê die debattering van die beginsels ver bokant hulle vermoëns. Dit sou wel kon slaag by ervare en bedrewe debatteerders.

Die benadering in Tabula Rasa is wel in lyn met die dialektiese proses. Laasgenoemde proses is egter nie minder van toepassing in ander paradigmas waar die proses van argument en teenargument of voordele en nadele teen mekaar opgeweeg word nie. Tabula Rasa kan dus nie daarop aanspraak maak dat die dialektiese proses slegs binne hierdie benadering tot sy reg kom nie.

Tabula Rasa kan moontlik debatteerders ontmoedig om goed gekonstrueerde argumente, met die nodige bewyse, aan te voer, omdat die beoordelaar nie die geldigheid daarvan mag evalueer nie. Binne Tabula Rasa is dit moontlik dat 'n span 'n opeenstapeling van ekstreme stellings kan maak en ondersteun met soveel pseudo-redes dat dit vir die opponente onmoontlik is om almal met welslae te weerlê, aangesien dit langer tyd in beslag neem om argumente te ontleed en op die regte wyse te weerlê, as wat dit neem om argumente aan te voer. Die argumente wat dus nie weerlê is nie, staan téén die opponente en kan hulle die debat laat verloor, aangesien die beoordelaar nie argumente mag ignoreer of evalueer nie, hoe swak of onregverdig dit ook al blyk te wees. Nuwe argumente in replicktoesprake mag egter wel volgens Tabula Rasa geïgnoreer word.

Tabula Rasa is myns insiens nie 'n geskikte benadering vir beoordeling nie, veral nie vir onervare debatteerders nie. Dit vra geskoolde debatteerders wat self die reëls van die spel moet bepaal. Verder is Tabula Rasa nie bevorderlik vir die kwaliteit van argumente nie omdat die standaard daarvan nie deur die beoordelaar nie, maar deur die opponente bepaal word. Die beginner moet juis deur die beoordelaar opgevoed word om die kwaliteit van argumentering te verbeter.

Met reg wys Rowland (1984b:84) Tabula Rasa af, tensy beoordelaars 'n minimum standaard vir argumente en bewyse stel.

Slotopmerking: Al sou die genoemde paradigmas in teorie aan verskillende doelstellings, soos elke voorstander daarvan dit beskou beantwoord, is dit

steeds afhanklik van die beoordelaar se vertolking en sy korrekte en regverdige toepassing daarvan. Die slotsom waartoe Snider geraak het, skyn die korrekte te wees:

> "There seem to be little agreement within the theoretical literature on a paradigm for academic debate. The paradigmatic crisis is decried, but the advocates of the various existing paradigms merely adjust their models slightly to evade or minimize criticisms" (Snider, 1984:170).

**2.2. Vaardighedetoetsing**

**2.2.1. Definiëring**

Soos die benaming aandui konsentreer hierdie benadering op die sogenaamde debatsvaardighede van die debatteerder. Die tegniek van debattering staan hier op die voorgrond. Die taak van die beoordelaar is om 'n evaluering te maak van die bekwaamheid van die debatteerders ten aansien van verskillende debatsaspekte. Hierdie beoordeling veronderstel 'n erkende standaard of kriteria van die ideaal waaraan die debatteerders se vaardighede getoets kan word. Aspekte wat gewoonlik geëvalueer word, is analise, organisasie, bewyse, redenering, aanval en verdediging, organisasie en aanbieding. Die standaard wat die debatteerders bereik, word in terme van 'n 5- of 10-puntskaal uitgedruk. Die wenspan behoort hiervolgens dié span te wees wat ten aansien van die verskillende aspekte die vaardigste is en dus die naaste aan die ideaal gekom het.

**2.2.2. Evaluering**

Volgens Lybbert (1979:37) loop die beoordelaar van debatsvaardighede die gevaar om nie al die ter sake aspekte te onderskei en in berekening te bring nie, maar dikwels word bewustelik of onbewustelik net op die aanbieding gekonsentreer. Hierdie probleem kom veral na vore indien die beoordelingsvorm nie die verskillende vaardighede afsonderlik spesifiseer nie. Die debatteerder as spreker kan die beoordelaar so positief of negatief beïnvloed dat die ander genoemde aspekte op die agtergrond geskuif word. In so 'n geval word slegs die redenaarsvermoë van die debatteerders geëvalueer. Dit hoef egter nie noodwendig die geval te wees nie, veral nie by die bekwame beoordelaar nie. Dit is egter wel 'n groot gevaar by die leke- of beginner-

beoordelaar, naamlik dat die aanbieding so 'n invloed uitoefen dat die inhoudelike nie geëvalueer word nie.

Om vaardighede suksesvol te evalueer moet die beoordelaar kundig wees ten opsigte van die standaardkriteria vir die verskillende vaardighede. Hy moet ook oor die vermoë beskik om tydens die debat die verskillende vaardighede van mekaar te kan onderskei.

**2.3. Vaardighede- versus merietetoetsing**

Die oudste twispunt wat beoordeling betref is dié tussen die genoemde twee benaderings. Volgens Sproule (1979:364) en Ehninger & Brockriede (1970:339) gaan dit so ver terug as 1917. In die VSA word merietetoetsing bo vaardighedetoetsing verkies (vgl. Sproule, 1979:365; Thomas, 1979:392; Benoit *et al.*, 1986:144-145).

Die voorstanders van merietetoetsing gaan van die premis uit dat dié span wat die proposisie met die mees logiese argumente as waarskynlik waar/onwaar kan bewys, of dié span wat vir sy beleid die oortuigendste saak kan uitmaak, of dié span wat die meeste geskilpunte kan wen, uiteraard ook dié span is wat beter gedebatteer het. Debatsvaardighede is nie van die meriete van argumente te skei nie, want sonder die nodige toerusting of vaardighede sou dit nie moontlik gewees het om die argumente te "wen" nie. Ehninger & Brockriede (1970:339), stel dat beoordeling van slegs die vaardighede as't ware meebring dat die vaardighede twee maal in berekening gebring word. Dit plaas inderdaad te veel klem op die tegniek van debat, asof dit doel opsigself is.

Die belangrikste toets vir die twee benaderings lê daarin dat dit aan die reeds genoemde doelstellings van opvoedkundige debattering moet beantwoord. Die belangrikste doelstellings wat uitgekristalliseer het, is die skoling in logiese argumentering om sodoende kritiese denkende mense te vorm. Om dit te bewerk moet die skoling geskied in analise, navorsing, komposisie, redenering, gebruik van bewyse, toetsing deur middel van aanval en verdediging, en effektiewe kommunikasie.

Merietetoetsing beantwoord wel aan die kerndoelstelling van logiese argumentering. Behalwe in die geval van Tabula Rasa word inderdaad in al die paradigmas op die kwaliteit van argumente gefokus. In suiwer meriete-

toetsing val die klem grotendeels op die geldigheid van argumente en minder, of selfs glad nie, op die opvoedkundige aspek waar dit as 'n skolingsproses gesien word nie. Dit kan vergelyk word met 'n wiskunde-eksaminator wat by 'n ingewikkelde oplossing slegs in die korrekte antwoord belangstel en nie bepaal of die korrekte stappe of metode gevolg is om by die antwoord uit te kom nie. In merietetoetsing sal die genoemde doelstellings beter verwesenlik word as die bepaalde metode wat die debatteerders gebruik ook in berekening gebring word.

Vaardighedetoetsing beantwoord ook aan genoemde doelstellings maar loop gevaar om die kwaliteit van die afsonderlike vaardighede ten koste van die geldigheid van die argumente te beklemtoon. Om die figuurlike analogie voort te sit, kan hier net op die metode of stappe gelet word ongeag of die som se antwoord korrek is. Daar moet dus ook 'n balans gehandhaaf word om aan die opvoedkundige aspek - die korrekte metode - sowel as die meriete van die inhoudelike reg te laat geskied.

Beide benaderings het wel meriete en maak die bereiking van die algemene doelstellings moontlik. Beide kan ook toegepas word indien die beoordelaar aan sekere vereistes voldoen en die debatsformaat en prosedures aan die benadering reg laat geskied. Die welslae van die twee benaderings en die verskillende paradigmas lê nie in hulle self opgesluit nie, maar word grotendeels deur die korrekte en konsekwente toepassing van die beoordelaar bepaal. In merietebeoordeling is die kennis van debatsteorie wel belangrik, maar van groter belang is die vermoë van die beoordelaar om onpartydig en konsekwent, met in agneming van die metode, te evalueer. Indien die beoordeling nie net op die meriete van die argumente wat in die debat na vore kom geskied nie, maar volgens die beoordelaar se eie oortuigings omtrent die onderwerp, is die beoordeling eties ongeldig. Indien die beoordelaar van dié omvermoë bewus is, behoort hy die vaardighedetoetsing toe te pas.

### 2.4. Die JR se kompetisie: 'n voorgestelde benadering

Pratt en Pratt (1979:361-362) asook Kleinau (1982b:261-262) se benadering en toepassing van dié twee basiese benaderings skyn die aanvaarbaarste te wees. Indien die debatteerders ervare is en die teoretiese beginsels van debattering en argumentering redelik goed kan toepas, behoort die beoordeling volgens merietetoetsing te geskied. Hier word dus aanvaar dat die basiese vaardighede redelik goed bemeester is. As die debatteerders egter nog

beginners is, soos dit met die JR se kompetisie die geval is, behoort die beoordeling op grond van debatsvaardighede te geskied. Die beoordeling moet dus 'n bydrae lewer tot die aanleer en verbetering van die debatteerders se argumenteringsvaardighede. Die vaardighedetoetsing word dus as die geskikste metode beskou, maar met sekere voorbehoude.

Die eerste gevaar is dat die beoordelaar te veel waarde aan die lewering kan heg en tweedens dat die vaardighede of tegniek ten koste van die inhoudelike beklemtoon kan word. Hier is dit 'n vereiste dat die beoordelaar moet weet watter vaardighede geëvalueer word, in watter verhouding elkeen tot die ander staan en wat die standaardkriteria is waaraan die debatteerders getoets kan word. 'n Beoordelaar wat byvoorbeeld nie kennis dra van die vereistes waaraan 'n logiese argument moet beantwoord nie, kan nie die debatteerder se vaardigheid daarin korrek evalueer nie.

Die tweede slaggat by die beoordeling van vaardighede is soos reeds genoem die skeiding van "tegniek" en "inhoud". Dit kan voorkom as die beoordelaar byvoorbeeld slegs die kwantiteit en die aanbieding van aanval en verdediging in berekening bring en nie die kwaliteit daarvan nie: Is die aanval ter sake en relevant ten opsigte van die debatsproposisie? Het dit betrekking op 'n kernargument van die opponente of is dit bloot 'n aanval ter wille van 'n aanval? Is die aanval ondersteun met geldige bewyse?

Wat hier kernagtig van aanval gesê is, geld ten aansien van elke afsonderlike vaardigheid. Die vaardigheid mag nie los van die hele debatsinhoud beoordeel word nie. 'n Goeie oortuigende tegniek, sonder 'n sinvolle inhoud, waarom dit eintlik in debattering gaan, is betekenisloos. Dit is as't ware 'n gekombineerde metode van meriete- en vaardighedetoetsing, wat volgens Lybert (1979:371-372) wel moontlik is. Ook Thomas (1979:360) stel dat sy jarelange ondervinding van beoordeling hom geleer het dat 'n suiwer toepassing van vaardighede of merietetoetsing, net in teorie bestaan (vgl. ook Sheckels, 1984:229). Aspekte van elkeen kom in 'n mindere of meerdere mate in beide benaderings voor.

Die uiteindelike doel van die skoling geskied met die oog op die gebruik van die vaardighede in die alledaagse lewe, daarom moet die argumentering verband hou met die werklikheid en 'n korrekte weerspieëling daarvan wees. Dit mag dus nie gaan om die aanleer van kunsmatige truuks of die vaardighede ter wille van die vaardighede nie, maar vaardigheid ter wille van die vermoë

om logies en met oortuiging te kan argumenteer. Vaardighedetoetsing moet dus fokus op die kern: die vermoë om te kan argumenteer is primêr en die vermoë om te kan kommunikeer is sekondêr. Thompson stel dit onomwonde:

> "The debate, thus, is not to be judged primarily as an exercise in public speaking or as one in persuasiveness. Rather, as an educational training device in finding and following issues and in applying evidence and reason, it is to be viewed as an exercise in employing the best available argumentation" (Thompson, 1971:335).

Aangesien argumentering die kruks vorm is dit nodig om die beoordelaar se benadering tot die evaluering van hierdie vaardigheid duidelik te spesifiseer.

### 2.4.1. Beoordeling van argumente

Daar moet ten minste aan 'n minimum vereiste voldoen word alvorens die beoordelaar 'n argument as 'n waarskynlikheid kan oorweeg. Indien dit nie die geval is nie, moet die argument geïgnoreer word. Hierdie minimumvereiste is dat elke stelling met ten minste een sinvolle rede ondersteun moet word. **Rede** vir enige stelling bestaan uit die nodige data of bewysmateriaal én die redenering, wat die waarborg verskaf dat die bewys wel die stelling ondersteun (vgl. Toulmin, 1969:97-98). Die beoordelaar moet dus 'n geldige skakel tussen 'n stelling en bewyse kan identifiseer, hetsy dit eksplisiet gestel of net geïmpliseer word. Dit is egter nie nodig dat die beoordelaar daarmee hoef saam te stem nie. Daar word van die beoordelaar verwag om stellings waarmee hy nie saamstem nie, vir die duur van die debat te aanvaar. Rowland se benadering ten opsigte hiervan kom myns insiens die naaste aan die korrekte:

> "The judge should carefully scrutinize each claim made in the debate to discover if it is supported by reasoning and evidence. If it is supported then the judge should suspend his or her beliefs about the argument and evaluate it based only upon the issues raised in the debate. But if it is not supported the judge should reject the claim out of hand" (Rowland, 1984:84).

Die beoordelaar is ook aktief betrokke by die interpretasie van kompeterende argumente. Hy moet steeds objektief bly, maar dit impliseer nie 'n passiwiteit nie. Objektiwiteit veronderstel 'n onbevange ontvanklikheid

waarin die vooroordeel geen rol speel nie. Tog moet die beoordelaar sy kennis en ervaring inspan om geldige en ongeldige, asook swak en sterk argumente, te onderskei. In Dempsey en Hartman (1986:174) se woorde word die onderskeid gestel tussen "the imposition of standards for educationally sound argumentation practices", en "imposing personal predispositions toward the topic being debated".

Indien die minimum-vereiste nagekom is, word 'n verdere waardebepaling vereis. Die waarde van die argument moet bepaal word. Hier word twee verskillende evaluerings gemaak.

Ten eerste moet die argumente se onderlinge belang binne die konteks van die debat as dialektiese proses teenoor mekaar opgeweeg word. Die beoordelaar moet bepaal hoe sterk staan die argument in die lig van opponerende argumente en of dit teenargumente kan weerstaan. Volgens Eisenberg & Ilardo (1980:4) is 'n argument so sterk soos die bewyse of data waarop die stelling gegrond is. Die totaal van die relatiewe sterkte van 'n span se argumente ten aansien van kompeterende argumente, sal aandui wie in die debat beter geargumenteer het. Anders gestel: dié span wat sy standpunt met die oortuigendste redes gestaaf het, toon dat hulle vaardigheid met betrekking tot argumentering beter is. Die belangrike rol wat "goeie rede" speel word deurgaans beklemtoon. Vergelyk in hierdie verband wat Balthrop sê:

> "Most theorists grant that adopting an argumentative perspective means to focus upon the **reasons** given in support of a particular claim" (Balthrop, 1983:8).

Vir die debatteerder is die proposisie die hoofstelling wat hy met goeie rede reg of verkeerd moet bewys.

Ten tweede word die argumente ten aansien van die werklike lewe geëvalueer. Die span wat beter argumenteer binne 'n enkele debatskonteks is nie noodwendig goed nie en mag selfs swak wees. Om hierdie rede is dit nodig om 'n breër konteks in berekening te bring, naamlik die argumente van ander debatteerders in die werklike lewe. Argumente wat in 'n debat as onbelangrik beskou is en as sodanig nie baie aandag gekry het nie, mag in die werklikheid van kardinale belang wees. Die omgekeerde mag ook die geval wees.

Om aan die opvoedkundige vereiste te voldoen en sodoende by die debatteerders begrip en vaardigheid van argumentering te bevorder, moet beide evaluerings ingesluit word in die beoordeling. Dit moet in die puntetoekenning weerspieël en in die kritieklewering duidelik gestel word.

### 2.4.2. Kompetisieprosedures

In die bepaling van 'n geskikte benadering is nie net die doelstellings ter sake nie, maar ook die "empirical considerations of the pragmatic restraints of the academic debate format" (Corsi, 1983:169). Vaardighedetoetsing word vir die JR se kompetisies as geskik aanbeveel juis ook omdat die debatsformaat en die prosedures wat tans in gebruik is, as't ware om hierdie benadering vra. Die volgende redes word aangevoer om hierdie stelling te ondersteun.

In die VSA is dit meestal die geval dat elke span vir elke rondte van 'n kompetisie of debatstoernooi, soos dit daar bekend staan, verskeie geleenthede kry om teen verskillende opponente te debatteer. Tydens uitdunrondtes kry spanne ook geleentheid om beide kante van die proposisie te bepleit. Elke span word ook deur verskeie beoordelaars beoordeel in die loop van die verskillende rondtes (vgl. Baird, 1982b:295; Pfau *et al.*, 1987:14). Die moontlike nadele wat merietetoetsing inhou word op hierdie wyse geëlimineer. Indien 'n proposisie sodanig is dat een kant moontlik bevoordeel word, word die gevolg daarvan uitgeskakel omdat spanne geleentheid het om beide kante te debatteer. Wat die nadeel van subjektiwiteit betref, is dit hoogs onwaarskynlik dat al die beoordelaars subjektief is. Indien enkele gevalle wel voorkom, sal diesulkes sekerlik nie ten opsigte van dieselfde standpunt bevooroordeeld wees nie. Die wenners van 'n rondte word dus bepaal op grond van die uitslag van 'n span se deelname aan verskeie debatte én aan beide kante van 'n proposisie.

Met die JR se kompetisie hang die bepaling van 'n rondte se wenspan af van 'n span se eenmalige optrede as òf voorstanders òf teenstanders. Die moontlike nadele van merietetoetsing, naamlik 'n onregverdige proposisie en/of subjektiewe beoordelaars word dan 'n werklikheid. Die moontlikheid dat 'n span bevoordeel of benadeel kan word met 'n eenmalige optrede aan slegs een kant van die proposisie, is veel groter. Met hierdie prosedure bied vaardighedetoetsing 'n "veiliger" en beter metode, omdat genoemde nadele 'n veel kleiner, indien enige, rol speel. Die **standpunt** word nie beoordeel nie, maar die vaardighede om die standpunt te stel.

Om in merietetoetsing 'n algehele wenner aan te wys tussen moontlike spanne wat nie werklik teen mekaar gedebatteer het nie, is onregverdig teenoor die debatteerders. Die beoordelaars moet op grond van die argumente wat in verskillende debatte na vore gekom het byvoorbeeld besluit dat span A se argumente beter as span C s'n is. Span C mag dalk argumente voorberei het wat nie in sy botsing met span D nodig was nie, maar wat span A se argumente baie effektief sou kon weerlê. 'n Beslissing van 'n algehele wenner sou derhalwe baie relatief wees, veral waar dit in debattering om die botsing van spesifieke argumente gaan (Kleinau, 1982a:228).

In vaardighedetoetsing is die aanwys van 'n algehele wenner van 'n rondte nie so 'n groot risiko nie, alhoewel nog steeds moeilik. Die standaard van 'n span se vaardighede word volgens 'n punteskaal aangedui en die puntetotale gee 'n aanduiding van die wenspan. Dit kom neer op 'n vergelyking van die verskillende spanne se vaardighede. As twee spanne feitlik gelykop trek, moet dié vaardigheid wat die deurslag gee nie die aanbieding, organisasie of selfs die analise wees nie, maar die vermoë om te argumenteer. Dit omvat bewyse, redenering, aanval en verdediging.

Die tydsduur is ook 'n faktor om mee rekening te hou. In die VSA is die gebruiklike tydsduur van 'n konstruktiewe toespraak 10 minute en 'n repliektoespraak 5 minute. By enkele hoërskooltoernooie is die tydsduur 8 en 4 minute onderskeidelik (vgl. Brooks & Friedrich, 1973:318-319; Patterson & Zarefsky, 1983:95-97; Sheckels, 1984:203). In die JR se kompetisie is die toegelate tyd 6 en 3 minute onderskeidelik. Die JR se tydsbeperking verhoed volledigheid en diepgang in die maak, aanval en verdediging van argumente. Die debatteerders kan dus net enkele kernpunte aanraak. Dit bemoeilik merietetoetsing waar so 'n sterk en volledig moontlike saak vir 'n standpunt uitgemaak moet word. Beide kante kry wel ewe min tyd maar die betoog is òf oppervlakkig òf onvolledig.

In vaardighedetoetsing is die tydsbeperking 'n geringer probleem. As die debatteerder byvoorbeeld twee of drie hoofargumente logies beredeneer en effektief kommunikeer, kan aangeneem word dat hy waarskynlik ander argumente op dieselfde wyse sal hanteer. Hier moet debatteerders toon dat hulle die metode en tegniek bemeester het, eerder as die hele onderwerpsveld van die proposisie. Die debatteerder moet egter wel die kerngeskilpunte hanteer en nie minder belangrike geskilpunte wat op die periferie

van die probleem lê nie. Die hele veld moet wel nagevors word om te kan bepaal watter geskilpunte die kern van die probleem omvat.

Om saam te vat: Beide die huidige funksionering en prosedures, asook die feit dat die debatteerders beginners is, maak vaardighedetoetsing - met gestelde voorbehoude - die toepasliker benadering van die twee genoemde moontlikhede. Die benadering as sodanig waarborg egter nie die korrekte toepassing daarvan nie. Dit hang grootliks af van die bekwame wyse waarop die beoordelaar dit hanteer.

Vervolgens word op die beoordelaar gefokus. 'n Ideale model waarna alle beoordelaars behoort te streef word voorgehou. Die volmaakte bereiking daarvan is weens die feilbaarheid van die mens egter onmoontlik; tog behoort elke beoordelaar te streef om so na as moontlik daaraan te kom. Sproule stel tereg dat volmaaktheid nie bestaan nie. Tog behoort dit nagestreef te word:

> "As long as debaters are conducted and judged by fallible mortals, discrepancies will persist. However, there are a number of related variables in debating and debate judging. If both judges and students are aware of their responsibilities, complaints of 'bad decision' may be minimized" (Sproule, 1979:368).

## 3. DIE IDEALE BEOORDELAAR

Die maatstawwe waaraan elke beoordelaar homself moet toets, gaan vanuit die volgende vier kernaspekte bespreek word, naamlik die ingesteldheid, die verpligtinge, die kundigheid en die funksionering van die beoordelaar. ('n Beoordelaar kan uiteraard manlik of vroulik wees, maar ter wille van leesgemak word deurgaans na 'n manlike beoordelaar verwys.)

### 3.1. Die ingesteldheid van die beoordelaar

Die gesindheid of algemene ingesteldheid van die beoordelaar teenoor beoordeling en die debatsproses is van wesenlike belang vir sinvolle beoordeling. Hy moet belangstel en geïnteresseerd wees in die onderwerp van die proposisie, maar veral in die opvoedkundige proses van debattering. McBath (1975:30) vereis ook dat die beoordelaar eerlik en met 'n verantwoordelikheidsin moet optree. 'n Beoordelaar wat teen sy sin en sonder genoemde gesindheid beoordeel, se beoordeling sal minder betroubaar wees en nie

beantwoord aan die vereistes vir opvoedkundige beoordeling nie.

Die belangrikste vereiste is egter om so onbevooroordeeld en objektief moontlik teenoor die onderwerp ingestel te wees. Dié vereiste wat vroeër genoem is, word nou verder gespesifiseer.

Objektiwiteit impliseer nie dat die beoordelaar 'n "draadsitter" of 'n individu sonder oortuigings hoef te wees nie. Vir die duur van die debat moet hy egter sy eie persoonlike voorkeure, waarvan hy deeglik bewus behoort te wees, buite rekening laat en hom onbevange oopstel vir die debatteerders se argumente. Subjektiwiteit sou byvoorbeeld voorkom as 'n argument geïgnoreer of gepenaliseer word bloot omdat die beoordelaar nie daarmee saamstem nie; of as 'n beoordelaar 'n argument ignoreer op grond van die feit dat hy dit persoonlik sou kon weerlê; of as 'n span se betoog gepenaliseer word omdat hulle nie die argumente gebruik wat die beoordelaar sou gebruik het nie. Daar is wel 'n verskil tussen die ignoreer van 'n stelling omdat dit onwaar is of geen bewyse daarvoor aangevoer is nie, en ignorering as gevolg van persoonlike voorkeur.

Soos reeds genoem, moet die beoordelaar sy beslissing vel slegs op grond van die argumente wat in die bepaalde debat geopper word en nie op grond van argumente wat hy weet bestaan en moontlik aangevoer kan word nie. In die evaluering van die vaardigheid kan dit egter in berekening gebring word asook in die kritieklewering gemeld word, byvoorbeeld dat belangrike en relevante argumente bestaan wat met vrug gebruik kon word. So word die debatteerder opgevoed ten opsigte van potensiële argumente. 'n Objektiewe instelling impliseer ook dat die beoordelaar hom nie deur enige irrelevante en eksterne faktore sal laat beïnvloed nie; faktore soos onder andere die uiterlike, geslag of betrokke skool van debatteerders, of bekendheid met die debatteerders en/of hulle afrigters nie.

Die ideale beoordelaar se ingesteldheid moet ook sodanig wees dat hy met ander beoordelaars kan saamwerk. Die beoordelaar moet nie noodwendig van sy standpunt afsien indien daar 'n verskil van mening is nie, maar hy moet hom oopstel vir oortuiging. Hy moet sy eie beoordeling in oënskou neem en evalueer ten aansien van die ander beoordelaars se redes wat ter motivering vir 'n bepaalde beslissing aangevoer word. Dit slyp die beoordelaar se denke om te hoor hoe ander beoordelaars dink en redeneer. 'n Empiriese studie wat Cox en Wood (1975:122) onderneem het, het getoon dat 'n bespreking tus-

sen beoordelaars na elke debat nie die aanvanklike beslissing van elkeen beduidend beïnvloed of laat verander het nie, maar dat hulle evaluerende kritiek duideliker en meer gedetailleerd was. Die betrokke beoordelaars was ook van mening dat hulle na konsultasie meer oortuig van hul saak was en met groter vertroue beoordeel het. Elke beoordelaar moet bepaal wat die redes vir sy beslissing of evaluering is en moet dit met ander s'n vergelyk. Sodoende kan hy hom vergewis van moontlike gebreke of swak punte in sy beoordeling, wat dan geëlimineer kan word.

**3.2. Die verpligtinge van die beoordelaar**

Die beoordelaar van 'n opvoedkundige debat vervul drie funksies, elk met sy eie verpligting (vgl. Ehninger & Brockriede, 1970:338).

Ten eerste moet die beoordelaar as **kritikus** 'n waardebepaling maak van die verskillende vaardighede wat die debatteerders openbaar en dit volgens 'n punteskaal aandui. Hier moet die beoordelaar duidelike kriteria voor oë hou waaraan die debatteerders getoets kan word.

Ten tweede moet die beoordelaar as **regter** bepaal watter span die wenspan is, dit wil sê dié span wat beter gedebatteer het. Die bepaling van 'n wenner van elke debat kan òf voor òf na die puntetoekenning van die afsonderlike vaardighede geskied. Na afloop van al die debatte moet die span aangewys word wat van al die spanne die beste debatsvaardighede geopenbaar het.

Ten derde moet die beoordelaar as **opvoedkundige** mondelinge en/of skriftelike kommentaar lewer op die debat asook op elke debatteerder se bydrae (vgl. Freeley, 1976:312-315; Patterson & Zarefsky, 1983:294 ; Dempsey & Hartmann, 1986:167).

Die taak van die beoordelaar word in Thomas (1979:360) se woorde saamgevat:

> "In any case, almost all judges see themselves in a dual role of critic and judge. Not only do they decide winners and losers, but they also attempt to teach the debaters by criticizing weaknesses and praising strenghts that emerge during the debate. In other words, using any of available criteria, debate remains an educational activity at the point where judges take over" (1979:360).

Die derde funksie is myns insiens die belangrikste en waardevolste taak van die beoordelaar. Die wen of verloor asook die punte vir 'n bepaalde vaardigheid mag op daardie oomblik vir die debatteerders belangrik wees, maar kritiese wenke en positiewe opmerkings, met ander woorde dit wat by die beoordelaar geleer word met die oog op toekomstige deelname aan opvoedkundige en/of substantiewe debattering, is belangriker en van blywender waarde. Dit geld veral ten opsigte van hoërskoolleerlinge. Cripe formuleer die deurslaggewende belang hiervan:

> "School debate is primarily a learning activity. The judge should be willing to discuss the comparative merits of the two teams and the individual debaters. He should be willing to explain the reasons for his vote and to offer suggestions for improvement" (Cripe, 1963:360-361).

Opvoedkundige skoling is dié aspek wat grootliks agterweë bly by die JR se debatskompetisie, ten spyte van hulle suiwer opvoedkundige doelstellings: "om die opvoedkundige debat aan te moedig en te bevorder", en "om die deelnemer voor te berei vir belangrike formele en informele debatte" (Junior Rapportryerbeweging, 1987:4). Aan die einde van 'n dag se debatte lewer 'n beoordelaar wel mondelinge kommentaar, waar in breë trekke die belangrikste kritiek gemeld word. Dit is egter te algemeen en daarom onbevredigend. 'n Ander moontlike probleem is dat beoordelaars hulle nie kundig genoeg ag om kritiek te lewer nie. Volgens Thompson is dit inderdaad so: "the untrained person is unlikely to analize the debate in a way that leads to an educationally valuable critique" (1971:330).

Kritieklewering behoort na elke debat te geskied waartydens die betrokke debatteerders ook vrae behoort te kan vra. Die gehoor behoort ook te kan luister om so deur die kritieklewering opgevoed te word. Die debat behoort 'n opvoedkundige leerskool vir beoordelaars, debatteerders én gehoor te wees (vgl. Patterson & Zarefsky, 1983:303). Teen die einde van 'n rondte van 4 of 5 debatte is dit moeilik om gedetailleerde kritiek te lewer omdat die beoordelaar se geheue dit nie toelaat nie, al sou hy op 'n volgdiagram staatmaak. Hierdie saak is so belangrik geag dat 'n resolusie hieromtrent aanvaar is op die National Developmental Conference of Forensics, gehou te Sedalia, Colorado, in September 1974. Die resolusie het gelui dat toernooidirekteure in die VSA na elke debat tyd moet inruim vir mondelinge kritiek wat onmid-

dellik terugvoer aan debatteerders kan verskaf. Daar moet ook skriftelike kritiek met 'n punte-evaluering aan elke span verskaf word, sodat die debatteerders en afrigter dit by nabaat kan deurgaan met die oog op verbetering (vgl. McBath, 1975:31).

Om saam te vat: Kritieklewering moet deeglik wees en in 'n positiewe gesindheid geskied met die doel om die standaard van debattering, asook die individuele vaardighede van elke debatteerder te verbeter. Die ontwikkeling van die debat moet in ag geneem word en beide positiewe en negatiewe sake behoort genoem te word, tesame met 'n voorstel hoe die negatiewe verbeter kan word. Die beoordelaar moet ook aantoon watter faktore van deurslaggewende belang was in die bepaling van die wenner van elke debat. Die aankondiging van die wenspan kan direk na elke debat of na afloop van die rondte geskied.

### 3.3. Die kundigheid van die beoordelaar

Om die verskillende verpligtinge doeltreffend uit te voer vereis 'n bepaalde kundigheid van die beoordelaar. Ten eerste moet hy weet wat van hom verwag word in die beoordeling van 'n opvoedkundige debat, soos hierbo uiteengesit is.

Ten tweede mag daar by hom geen twyfel bestaan oor die debatsprosedures en die verpligtinge van elke debatteerder in die loop van 'n debat nie. Die verantwoordelike instansie en/of die beoordelaar moet homself ten volle en in detail hiervan op die hoogte bring. Die beoordelaar behoort ten opsigte van enige probleme met die prosedures die leiding te kan gee.

Ten derde moet die beoordelaar ingelig wees ten aansien van die onderwerp van die proposisie. Indien vakterminologie ter sprake is, moet hy hom vooraf van die betekenis daarvan vergewis. Hierdie kennis is nodig ten einde vinnig en akkuraat te kan beoordeel. Dit impliseer nie dat die beoordelaar 'n deskundige op die bepaalde gebied hoef te wees nie, maar dat hy wel die kennis behoort te besit van die gemiddelde intelligente persoon wat goed ingelig is aangaande sake van die dag. Freeley (1976:313) meen dat 'n spesialis van die ter saaklike onderwerp gewoonlik nie 'n goeie beoordelaar uitmaak nie, omdat die moontlikheid bestaan dat die gespesialiseerde kennis en vaste oortuigings van die betrokkene dit moeilik maak om die oortuigings ter syde te stel en met ontvanklikheid te beoordeel. Gespesialiseerde vakkundige kennis

van die onderwerp is nie 'n vereiste nie, want die beoordelaar is as't ware die verteenwoordiger van die gemiddelde, intelligente en goed ingeligte gehoor. Dit beteken nie dat 'n vakspesialis noodwendig 'n swak beoordelaar sal wees nie.

Ten vierde moet die beoordelaar kundig wees ten opsigte van die teoretiese kriteria waarvolgens elke vaardigheid of debatsaspek beoordeel word. Die klem val veral op die kennis van die kriteria ten aansien van logiese argumentering. Tereg stel Freeley (1976:312) hierdie vereiste baie sterk:

> "Only such persons (kundiges ten opsigte van debatsteorie en argumentering - PS) are competent to perform the function of a judge, since only they have the knowledge necessary to evaluate the educational process of debate and the ability to render an educationally valuable decision" (vgl. ook Kleinau, 1982b:252).

Willard beweer dat die teoretiese kennis van die beoordelaar die beslissing én die gehalte van debattering beïnvloed:

> "The theoretical assumptions of the critic then, are of decisive importance both to the quality of the game and to its outcome" (Willard, 1979:439).

Elke beoordelaar het, bewustelik of onbewustelik, reg of verkeerd, kriteria wat as maatstaf gebruik word in die evaluering van die verskillende aspekte. Die toepassing van verskillende kriteria kan egter groot probleme skep. Lybert (1979:371) stel met reg dat 'n enkele, onveranderbare kriterium onmoontlik is, maar dat daar ter wille van die voordeel van debatteerders tog ooreenstemmende en konsekwente kriteria moet wees. In hoofstukke 3-8 word die relevante kriteria bespreek wat die beoordelaar van 'n opvoedkundige debat behoort toe te pas.

### 3.4. Die funksionering van die beoordelaar

Kundigheid alleen is nie genoeg of 'n waarborg vir geslaagde beoordeling nie. Die sinvolle toepassing daarvan is die bepalende faktor.

## VOLGDIAGRAM

| Eerste voorstander | Eerste teenstander | Tweede voorstander | Tweede teenstander | Eerste teenstander | Eerste voorstander | Tweede teenstander | Tweede voorstander |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

Die ideale beoordelaar moet aktief, doelgerig en met aandag kan luister. Dit impliseer dat alle data geïnterpreteer moet word om tot die sin van die geheel deur te dring, om dit daarna te kan evalueer. (vgl. Cripe, 1963:358 e.v.). Evaluering kan nie geskied alvorens begryp word wat die debatteerders sê of probeer sê nie. Die beoordelaar moet ook weet waarna om te luister, naamlik nie in die eerste plek na **hoe** nie, maar na **wat** gesê word. Die **hoe** word in die loop van die toespraak geregistreer terwyl die **wat** eenmalig is. As die beoordelaar die inhoud van 'n argument of net 'n gedeelte daarvan nie registreer nie, kan dit nie weer herhaal word nie. Dit kan die algehele begrip en evaluering beïnvloed. Die beoordelaar moet ook doelgerig luister om die hoofargumente en die patroon van die toespraak te identifiseer. Hy moet analities te werk gaan om die verskillende vaardighede wat nou met mekaar verweef is, te onderskei. Die regte evaluering moet op die regte oomblik gemaak word (vgl. Kleinau, 1982b:253).

Verder moet die verskillende vaardighede van spanne vergelykenderwys geëvalueer word. Die beoordelaar moet eers na die begripvormende inhoud van elke toespraak luister en daarna die verskillende aspekte onderskei en evalueer. Tentatiewe puntetoekenning geskied na elke toespraak, maar moet weer na afloop van die hele debat in oënskou geneem word. Eers as die beoordelaar die sin en bedoeling van 'n besondere toespraak begryp, kan evaluering van die verskeie aspekte geskied. Die beoordeling geskied dus soos die debat vorder, maar die finale beslissing ten aansien van die wenner geskied eers aan die einde.

Die ideale beoordelaar behoort vinnig, kernagtig en akkuraat van die hoofargumente aantekeninge te maak. Die aantekeninge asook moontlike kommentaar is essensieel om die verloop van die debat te kan herroep en sinvolle kritiek te kan lewer; ook om teen die einde die algehele wenner te bepaal. Aantekeninge is nodig omdat min beoordelaars na afloop van 4 of 5 debatte net op hulle geheue kan staatmaak om die verskillende debatte in oënskou te neem (vgl. Patterson & Zarefsky 1983:295).

Elke beoordelaar het moontlik 'n eie metode, maar die mees algemene en beproefde metode is die gebruik van 'n volgdiagram (vgl. Kleinau, 1982b:249). Dit bestaan uit 8 verskillende kolomme, een vir elke toespraak, op 'n groterige papier van ongeveer 35cm X 22cm (vergelyk voorbeeld op vorige bladsy). Die kernargumente en geskilpunte van elke toespraak word onder mekaar neergeskryf. Argumente wat op vorige debatteerders se argumente

betrekking het, word horisontaal daarteenoor neergeskryf. So kan die ontwikkeling van die debat gevolg word en 'n duidelike beeld van die aanval en verdediging verkry word. Freeley (1976:314-315) sê dat ervare en knap beoordelaars veral bekend is vir die sorg waarmee notas van die debat gemaak word. Dis egter belangrik dat die maak van notas nie ten koste van volgehoue luister geskied nie. Die beoordelaar moet hom dus skool in die vaardigheid van aantekeninge maak, sonder om die leerling of gehoor te ontsenu.

Afgesien van die volgdiagram is 'n sinvolle beoordelingsvorm die ander belangrike hulpmiddel vir die beoordelaar. Vervolgens word op die funksie van 'n beoordelingsvorm gefokus. Die JR se vorm word krities bespreek, waarna alternatiewe vorms voorgestel word.

## 4. DIE BEOORDELINGSVORM

### 4.1. Formaat en inhoud

Die algemene beoordelingsvorm vir opvoedkundige debattering bevat onder andere die volgende:

* Tabelle waarin die punte vir die belangrikste vaardighede van die debatteerders neergeskryf word.
* 'n Ruimte waarin die wenspan, die wenvolgorde van die debatteerders en die kritiek neergeskryf kan word.
* 'n Ruimte vir die name van debatteerders asook vir administratiewe besonderhede.

Deur die gebruik van deurslagpapier word die vorm in drievoud voltooi sodat 'n kopie aan die voorstanders, teenstanders en betrokke organiserende instansie oorhandig kan word (vgl. Freeley, 1976:316).

Nie alle beoordelingvorms is eenders nie. Die aspekte waarvoor die vorm voorsiening maak word bepaal deur dit wat die betrokke instansie van die beoordelaars verwag.

In die VSA is twee vorms algemeen in gebruik (vergelyk meegaande voorbeelde). Die verskil tussen die twee vorms lê daarin dat die een 6 vaardighede onderskei wat volgens 'n 5-puntskaal geëvalueer word, waar die

# American Forensic Association Debate Ballot FORM C

Division__________ Round__________ Room__________ Date__________ Judge____________________

Affirmative______________________________ Negative______________________________

Check the column on each item which, on the following scale, best describes your evaluation of the speaker's effectiveness:

1—poor 2—fair 3—average 4—excellent 5—superior

| 1st Affirmative | | | | | 2nd Affirmative | | | | | | 1st Negative | | | | | 2nd Negative | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | | | | | | | | | | Analysis | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | Reasoning | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | Evidence | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | Organization | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | Refutation | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | Delivery | | | | | | | | | | |

Total________ Total________ Total________ Total________

Team Ratings: AFFIRMATIVE: poor fair average excellent superior

NEGATIVE: poor fair average excellent superior

Rank each debater in order of excellence (1st for best, 2nd for next best, etc.)

COMMENTS:

1st Aff. (name)____________________ Rank ( )

2nd Aff. (name)____________________ Rank ( )

COMMENTS:

1st Neg. (name)____________________ Rank ( )

2nd Neg. (name)____________________ Rank ( )

REASONS FOR DECISION

ander vorm geen afsonderlike vaardighede onderskei nie en elke debatteerder op 'n skaal van 1-30 geëvalueer word. Laasgenoemde vorm bied ook groter ruimte vir kommentaar. Volgens Freeley (1976:316) was beide in 1976 ongeveer in gelyke mate in gebruik. Kleinau (1982a:240) meld ook dat beide in 1982 gebruik is, maar verkies die eenvoudiger vorm waar geen vaardighede aangedui word nie. Volgens alle aanduidings en sover vasgestel kon word, is dit tans steeds so dat beide vorms afwisselend gebruik word.

Die JR se vorm verskil van dié van die Amerikaners in die sin dat 8 vaardighede vir beide konstruktiewe en repliektoesprake onderskei word. 'n Verdere punt word ook toegeken vir die antwoord op 'n sogenaamde kruisverhoorvraag van die beoordelaars. Die JR se vorm maak nie voorsiening vir die bepaling van die volgorde van die verskillende debatteerders nie en laat slegs ruimte vir opmerkings in verband met die kruisverhoor. Die vorm word nie tot die beskikking van die debatteerders gestel nie. Hulle kry dus geen skriftelike terugvoer ten opsigte van hul standaard nie. Die enigste terugvoer, soos reeds genoem, is 'n mondelinge opsomming aan die einde van 'n dag se debatte en die aankondiging van elke wenspan, asook die algehele wenner. By die finaal word 'n tweede en derde wenspan aangekondig. In hierdie mondelinge terugvoer kom elke debat en elke debatteerder se vaardighede geensins, of baie vaag, ter sprake.

Hier bly die opvoedkundige waarde van die JR se kompetisie weer eens in die slag. Freeley stel met reg die volgende:

> "For educational purposes, debaters should know not only judges' decisions on debates, but also their evaluation of the quality of a debate in these six important phases" (1976:319).

**4.2. Beoordelingsvorm en praktyk**

Dit is belangrik dat beoordelaars weet dat die vorm, waar verskillende vaardighede onderskei word, nie die insig en kennis van die beoordelaar kan vervang nie. Die beoordelaar bring veel omvattender en komplekser kriteria in berekening as wat die beoordelingsvorm kan omvat (vgl. Kruger, 1960:371; Freeley, 1976:319). Kruger en Freeley pleit nie vir addisionele aspekte op die vorm nie, maar wys daarop dat die punte op die vorm nie die deurslag moet gee vir die bepaling van die wenspan nie. Die belangrikheid van elke vaardigheid wat op die vorm in berekening gebring word, wissel telkens van debat

# IHSA STATE SPEECH CONTEST DEBATE BALLOT

Round ____________________ Room ________ Date ____________ Judge ________________

Affirmative ______________________________ Negative ____________________________

**Instructions**

Rank the speakers in this debate from 1 through 4, 1 being best.
Then rate the effectiveness of each debater on a scale from 1 to 30 points, 30 being best.

| | Debaters | Rank | Rate |
|---|---|---|---|
| 1st Affirmative | ____________ | ________ | ________ |
| 2nd Affirmative | ____________ | ________ | ________ |
| 1st Negative | ____________ | ________ | ________ |
| 2nd Negative | ____________ | ________ | ________ |

Comments and Reasons for Decision:

In my opinion, the better debating was done by the ______________________
(Affirmative or Negative)

______________________________ ______________________________
(Judge's Signature) (Judge's School)

tot debat. Aangesien die gemelde vaardighede nie 'n ewe belangrike rol in elke debat speel nie, beweer Ehininger & Brockriede (1970:345) dat die totaal van die punte **nie** altyd 'n korrekte weergawe van die algehele welslae van 'n span is nie. Dit is heelwaarskynlik die geval omdat merietetoetsing meestal daar toegepas word.

In die VSA word eers die wenner bepaal en dan word die punte as blote aanduiding van die vaardigheid van elke debatteerder ten opsigte van individuele kernaspekte hiervolgens gegee. Die punte op die vorm bepaal nie die beslissing nie, maar die beslissing word in die vorm gereflekteer (vgl. Ehninger & Brockriede, 1970:342-343). Sproule stel dit ook baie duidelik:

> "Ultimately they (beoordelaars - PS) answer the question: Which team did the better debating? and **then** report that decision on the ballot and assign points to report their evaluation of the quality of debating" (1979:365).

Op die Amerikaanse vorm C is dit prakties wel moontlik, want slegs 6 punte per debatteerder en 24 punte per debat is ter sprake. As die beoordelaars tentatiewe punte in die loop van die debat toegeken het, kan dit geredelik aan die einde gefinaliseer word. Hierdie metode is ten opsigte van die JR se vorm 'n prakties onmoontlike taak, want die toekenning van 17 punte per debatteerder en 68 punte per debat is ter sprake. Dié metode sou alleen moontlik wees indien slegs die puntetotaal gewysig word. Indien dít wel gedoen word, het dit weinig, indien enige, sin om so baie afsonderlike punte toe te ken vir beide konstruktiewe en repliektoesprake. Die moontlike funksie, naamlik om vir die debatteerders 'n aanduiding te gee van hulle standaard ten opsigte van die verskillende vaardighede is ook nie ter sake nie, want die debatteerders kry geen insae in die vorm nie. Hoewel daar nie 'n geskrewe reël bestaan nie, is dit gebruiklik dat dié span met die meeste punte die wenner van elke debat is, en die algehele wenner dié span is wat die hoogste punte in die rondte as geheel behaal het.

**4.3. Evaluering van die JR se beoordelingsvorm**

Die kern van die kritiek teen dié vorm kom op twee besware neer: Te veel vaardighede, wat die taak van die beoordelaar onnodig bemoeilik, is ter sprake. Verder is die punteverhouding van die vaardighede nie in ooreenstemming met die doelstellings van die opvoedkundige debat nie.

# A JUNIOR RAPPORTRYERBEWEGING — DEBATKOMPETISIE: BEOORDELAARSKAART

Debatno. ______________________

Skool ______________________ Span [ A | B ]

Onderwerp ______________________

INLEIDEND/OPPONEREND
(Skrap wat nie van toepassing is nie).

EERSTE DEBATTEERDER: ______________________

TWEEDE DEBATTEERDER: ______________________

| | Stellend | Repliek | Punte | Stellend | Repliek |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. Ontleding .................. | | | 10 | | |
| 2. *Organisasie* ................ | | | 10 | | |
| 3. Bewyse .................... | | | 10 | | |
| 4. Redenering ................ | | | 10 | | |
| 5. Aanval en verdediging ........ | | | 10 | | |
| 6. Lewering | | | 10 | | |
| 7 Taalgebruik ................. | | | 10 | | |
| 8. Bydrae tot spanpoging ....... | | | 10 | | |
| Eerste totaal ............... | | | 80 | | |
| Minus strafpunte ............ | | | ... | | |
| Tweede totaal .............. | | | 80 | | |
| Sub-totale: Stellend en Repliek | | | 160 | | |
| en Kruisverhoor | | | 10 | | |
| GROOTTOTAAL | | | | | |

**Aantekeninge in verband**

**Kruisverhoor**

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

| | | |
|---|---|---|
| Eerste Debatteerder | | 170 |
| Tweede Debateerder | | 170 |
| Spantotaal | | 340 |

#### 4.3.1. Keuse van vaardighede

Soos reeds genoem, kan geen vorm vir al die vaardighede en die ideale onderlinge verhouding tot mekaar voorsiening maak nie. Dit beteken nie dat die vorm dan geen doel dien nie. Die vorm help die beoordelaar om gestruktureerd te luister en op die belangrikste vaardighede te konsentreer. Die vraag is: Watter vaardighede is belangrik en watter nie? Die opvoedkundige doelstellings wat fokus op die vermoë om logies te argumenteer kan hier as riglyn geneem word, of soos Hollihan dit stel:

> "The purpose of academic debate is to teach students argumentative skills ..." (1983:174).

Die gevaar is dat te veel onderafdelings tot versplintering kan lei. Dit bring mee dat die oorkoepelende doelstellings of die geheel skade ly. Baie onderafdelings impliseer ook nie noodwendig 'n betroubare beoordeling nie (vgl. Kruger, 1960:370; Peterson, 1961a:218). Baie onderafdelings kan verder die gevolg hê dat veral die leke- of beginnerbeoordelaar se aandag so deur die identifisering van die verskillende aspekte in beslag geneem word, dat die geheel van die inhoud by hom verbygaan. Op die ander punt van die kontinuum, waar geen afsonderlike vaardighede onderskei word nie, is die gevaar dat die onervare beoordelaar slegs enkele vaardighede uit verhouding met die ander kan beklemtoon. Die beoordelaar besluit dus self watter vaardighede ter sake is. 'n Gebalanseerde middeweg skyn die beste te wees deur wel onderafdelings te onderskei, maar nog steeds vir die uniekheid van elke debat en beoordelaar voorsiening te maak.

Die primêre vaardighede omvat die wese van debattering, naamlik analise, bewyse, redenering, aanval en verdediging. Om dit egter geslaagd te kan uitvoer kom organisasie en die aanbieding, waaronder taal en lewering resorteer, ook ter sprake. Hierdie ses vaardighede is myns insiens die belangrikste en stem ook ooreen met dié op die beoordelingsvorm van die American Forensic Association.

Die JR se vorm onderskei ook spanwerk en verdeel die aanbieding in "lewering" en "taalgebruik".

#### 4.3.1.1. Spanwerk

Spanwerk is 'n aspek wat deur geen bron as 'n afsonderlike vaardigheid bespreek word nie. Spanwerk is bloot 'n praktiese gevolg van die feit dat twee lede betrokke is, en nie een nie. Argumentsonthalwe sou 'n debat tussen slegs twee debatteerders net so goed die doelstellings van opvoedkundige debat kon verwesenlik sonder dat spanwerk betrokke is. Dit word aanvaar dat die span sal saamwerk, net soos aanvaar word dat die span navorsing sal doen sonder dat 'n afsonderlike punt daarvoor toegeken word.

Spanwerk is in werklikheid 'n integrerende deel van die algehele organisasie en analise. Die span se betoog word as't ware in twee verdeel en elkeen behartig 'n deel daarvan. Om spanwerk uit te sonder kom daarop neer dat veral organisasie twee keer in berekening gebring word. Indien sinlose herhaling voorkom of as die verskillende toesprake nie 'n eenheid vorm nie getuig dit van swak organisasie. Indien lede mekaar sou weerspreek, val die hele betoog plat en sal die span wat analise sowel as redenering betref, gepenaliseer word.

Indien spanwerk wel ter sprake is, is dit onlogies om aan elke lid 'n aparte punt daarvoor toe te ken. Spanwerk kan alleenlik na die toespraak van elke tweede lid van elke span beoordeel word. Die eerste spreker kan verwys na die spanmaat en sy bydrae in vooruitsig stel. Dis egter slegs woorde wat eers beoordeel kan word nadat die tweede spreker aan die beurt gekom het. Alleen dan kan bepaal word of die spanwerk 'n werklikheid geword het. Indien die eerste spreker die bydrae van die ander lid in vooruitsig stel en dit realiseer nie, kan dit enige een wees wat die blaam moet dra: òf die eerste debatteerder het verkeerd geantisipeer òf die tweede debatteerder het in gebreke gebly. Daar was dus swak organisasie tussen die spanlede. Indien 'n punt vir spanwerk wel toegeken word, kan dit nie 'n individuele punt wees nie, maar 'n gesamentlike punt.

Met hierdie betoog word nie ontken dat spanwerk wel 'n rol speel nie, maar daar word ten koste van belangriker vaardighede te veel klem daarop gelê. Spanwerk behoort onder analise en veral onder organisasie geëvalueer te word en behoort as afsonderlike vaardigheid weggelaat te word.

#### 4.3.1.2. Lewering en taalgebruik

Hierdie twee aspekte word as die **hoe** of die kanaal (middel) gesien waardeur

die inhoud (doel) tot die luisteraars kom, soos voorheen reeds genoem is. Om dié twee aspekte te skei plaas te veel klem op die middel ten koste van die doel. Taalvaardigheid word buitendien ook nie net onder aanbieding in berekening gebring nie. Die taal is so nou verweef met ander vaardighede en word onbewustelik ook by alle inhoudelike aspekte in berekening gebring. Indien 'n debatteerder byvoorbeeld sy argumente of ontleding van begrippe nie in verstaanbare en duidelike taal kan uitdruk sodat die betekenis goed begryp word nie, sal die debatteerder dienooreenkomstig 'n laer punt by die betrokke vaardigheid kry. Swak en onbeholpe taalgebruik word dus nie net onder taalgebruik geëvalueer nie, maar indirek ook onder ontleding, bewyse, redenering en aanval en verdediging. Dieselfde geld ook ten opsigte van die lewering. 'n Fout in die "kanaal" benadeel inderdaad die begrip van die inhoud.

Om lewering en taalgebruik as aparte vaardighede in berekening te bring, is weer eens om dit as't ware te dupliseer. Sodoende word binne 'n debatsituasie te veel klem op die **hoe** gelê, ten koste van die primêre vaardighede, of die **wat**. Beide lewering en taalgebruik behoort saam as aanbieding geëvalueer te word.

Daar is begrip vir die feit dat die JR 'n kultuurorganisasie waarvan bevordering van die Afrikaanse taal een van die doelstellings is. Binne die opvoedkundige debat moet die taal egter net sy regmatige plek langs die ander vaardighede inneem en nie oorbeklemtoon word nie. In 'n studie wat Roever & Giffin (1960:13) met dertig beoordelaars tydens 'n debatstoernooi in die VSA onderneem het, is getoon dat taalvaardigheid slegs 4,2% van die totale kriteria in beslag geneem het. In die huidige vorm van die JR neem taal 12,5% in beslag, feitlik drie maal meer as wat in bogenoemde studie nodig bevind is. Ook McCroskey & Camp (1966:62) en Burgoon (1975:3) het ná empiriese studies tot die slotsom gekom dat die aanbieding as 'n aparte vaardigheid van al die vaardighede die minste gewig behoort te dra.

### 4.3.2. Punteverhouding en die wenspan

#### 4.3.2.1. Punteverhoudings

Punteverhoudings is reeds hierbo aangeraak en gaan nou verder bespreek word.

Indien die puntetotaal van die vaardighede die wenner aandui, is die vaardighede, maar veral die puntetoekenning aan elke vaardigheid van die uiterste belang. Om 'n konstante punt aan elke vaardigheid toe te ken vir konstruktiewe sowel as replieklotesprake blyk 'n onregverdige verdeling te wees wat nie rekening hou met die presiese belang van elke vaardigheid tydens 'n debat nie. Hierteenoor staan die feit dat elke debat uniek is en in teorie en praktyk word verskillende eise gestel aan konstruktiewe en repliektoesprake, asook aan verskillende sprekers in 'n debat. Die "gewig" wat elke vaardigheid dra moet dus dienooreenkomstig bepaal word. So 'n regverdige of korrekte bepaling is egter haas onmoontlik weens die uniekheid van elke afsonderlike debat en elke proposisie. In 'n proposisie van feite speel bewyse byvoorbeeld 'n veel groter rol as in die geval van 'n proposisie van waardeoordeel. Tog kan gepoog word om so 'n "korrekte" punteverdeling as moontlik te identifiseer.

Met die huidige beoordelingsvorm van die JR kan 'n span goed vaar en selfs 'n debat wen sonder om goed te kan debatteer. As die span baie goed is in lewering, taalgebruik, organisasie, spanpoging en selfs analise (63% van die puntetotaal) en gemiddeld of swak in bewyse, redenering, aanval en verdediging (37%), kan so 'n span veel beter vaar as 'n span wat goed is in laasgenoemde drie en gemiddeld in die eersgenoemde aspekte. Die kernvaardighede dra in vergelyking met die res te min gewig. In die genoemde studie van Roever en Giffin (1960:13) is bevind dat bewyse, redenering en aanval en verdediging 54% van die puntetotaal in beslag neem. Williams *et al.* (1966:20) wat 138 hoërskoolleerlinge in 'n empiriese studie betrek het, het ook bevind dat argumentering die dominante faktor is in die bepaling van die wenner. Thompson (1971:111) wat verskeie empiriese bevindinge bestudeer het, het gevind dat almal dit eens is dat argumentering - bewyse plus redenering - die primêre faktor is wat in terme van punte die meeste gewig moet dra.

Een probleem van die JR se vorm lê daarin dat 'n aspek soos spanpoging dieselfde gewig dra as 'n belangrike vaardigheid soos bewyse, redenering of aanval en verdediging. Dieselfde geld vir taalgebruik en lewering wat tesame meer gewig dra as byvoorbeeld bewyse of redenering. Dit is 'n onhoudbare punteverdeling. Baird se standpunt wat sewe en dertig jaar gelede gemaak is, word tans nog steeds as geldend beskou:

"...the admonition to judge a debater by his skill in evidence and argument **more** than by delivery or language, still holds " (1950:38) (beklemtoning - PS).

'n Ander probleem kom na vore as die eerste voorstander se pligte met die punteverdeling vergelyk word. Die eerste voorstander is die inleier van die hele debat en moet besondere aandag aan analise gee: die definiëring van begrippe, afbakening van die proposisie en identifisering van geskilpunte. Hierdie vaardigheid tel dieselfde as aanval en verdediging wat in die eerste toespraak van 'n debat haas geen rol speel nie. Die voorstander kan nog glad nie verdedig nie en kan bloot by wyse van antisipasie 'n aanval loods. Hierdie aanval loop altyd die gevaar om 'n skoot in die donker te wees omdat die presiese strategie van die teenstanders nog nie bekend is nie. Volgens die debatsteorie staan die eerste spreker ook onder geen verpligting om aan te val nie (Patterson & Zarefsky, 1983:98 & 229). Watter punt ken die beoordelaar toe aan 'n vaardigheid wat die debatteerder nie verplig is om te toon nie?

**4.3.2.2. Bepaling van die wenspan**

Die wenspan kan nie deurgaans volgens die puntetotaal bepaal word nie. Wat gebeur in die geval waar 'n span in al die vaardighede goed vaar, maar die proposisie onregverdig of selfs foutief interpreteer, terwyl die opponente se vaardighede gemiddeld, maar die ontleding en interpretasie korrek is? Laasgenoemde span behoort te wen, maar volgens die puntetotaal kan die eersgenoemde span wen. Dit is 'n dilemma wat enige beoordelingsvorm (waar die puntetotaal die wenner aandui), hoe goed ook al, nie kan oplos nie. Hierdie probleem sou vergelyk kon word met 'n leerling wat in 'n eksamen 'n baie goeie antwoord inhandig, maar dit is nie die korrekte antwoord op die vraag wat gestel is nie. Die puntetotaal van die verskillende vaardighede kan dus nie deurgaans die deurslaggewende faktor wees in die bepaling van die wenner nie.

Dié beginsel behoort ook te geld as aanval en verdediging geensins voorkom nie. Aanval en verdediging wat reeds van die tweede konstruktiewe toespraak af moet plaasvind, vorm die essensie van die replicktoesprake. Verskillende uitsprake onderstreep die rol van aanval en verdediging:

"Clash is the principal ingredient of great debate... Our ideal judge

should severely penalize either team for failure to clash on the key issues" (Kleinau, 1982a:228).

Vir Wood is die kern van 'n debat:

"...the clash of the ideas and evidence of the speakers on the two sides of the topic" (1972:93) (vgl. ook Thomas, 1979:289, Patterson & Zarefsky, 1983:222).

Volgens die JR se vorm word in beide konstruktiewe en repliektoesprake slegs 12,5% van die totale punte hieraan toegeken. Dit sou dus vir 'n span wat glad nie aanval en verdedig nie, maar in al die ander vaardighede baie goed is, moontlik wees om 'n hoë puntetotaal te verkry; en selfs te wen teen 'n span wat wel botsende standpunte aanval, maar minder goed in die sekondêre vaardighede is. Weer eens 'n onhoudbare situasie. Eersgenoemde span sou vergelyk kon word met 'n sportspan wat sy opponente ignoreer en met homself speel; as so iets moontlik sou wees.

Samevattend: Die kernprobleem van die JR se vorm is dus dat spanne kan wen wat in werklikheid nie die beste gedebatteer het nie. Dit is 'n gevolg van te veel vaardighede en die gevolglike wanbalans in die punteverhoudinge. Die praktyk dat die puntetotaal die wenner bepaal is ook hiervoor verantwoordelik. Die baie punte vir beide konstruktiewe en repliektoesprake bemoeilik onnodiglik die taak van die beoordelaar, sonder dat die beoordeling noodwendig betroubaarder is.

**4.4. Die JR-kompetisie: twee voorgestelde vorms**

Een van twee moontlikhede blyk die beste oplossing te wees.

**4.4.1. Eerste keuse**

Die eerste moontlikheid is om die vorm te vereenvoudig deur slegs ses vaardighede in berekening te bring volgens 'n 10-puntskaal (vgl. voorbeeld). Verder word geen onderskeid tussen konstruktiewe en replicktoesprake gemaak nie. Die beoordelaar kan wel vir homself, indien hy dit nodig ag, 'n verdeling maak deur byvoorbeeld ten opsigte van elke vaardigheid 5 punte vir die konstruktiewe en 5 punte vir die repliektoespraak toe te ken. Dit laat ook die vryheid aan die beoordelaar om by die eerste voorstander se analise oor-

| | EERSTE VOORSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | | 10 | |
| Bewyse | | 10 | |
| Redenering | | 10 | |
| Aanval en verdediging | | 10 | |
| Organisasie en spanwerk | | 10 | |
| Lewering en taalgebruik | | 10 | |
| Eerste totaal | | | |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | ____ | 60 |
| Tweede voorstander | ____ | 60 |
| Spantotaal | ____ | 120 |

| | EERSTE TEENSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | | 10 | |
| Bewyse | | 10 | |
| Redenering | | 10 | |
| Aanval en verdediging | | 10 | |
| Organisasie en spanwerk | | 10 | |
| Lewering en taalgebruik | | 10 | |
| Eerste totaal | | | |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | ____ | 60 |
| Tweede teenstander | ____ | 60 |
| Spantotaal | ____ | 120 |

1 - } baie swak
2 - }
3 - swak
4 - onder gemiddeld
5 - gemiddeld
6 - bo gemiddeld
7 - goed
8 - baie goed
9 - uitstekend
10 - onverbeterlik.

| | | EERSTE VOORSTANDER | | | TWEEDE VOORSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK | PUNTE | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK |
| Analise | 10 | | | 5 | | |
| Bewyse | | | | 10 | | |
| Redenering | | | | 10 | | |
| Aanval en verdediging | 5 | | | 10 | | |
| Organisasie | | | | 5 | | |
| Taalgebruik | | | | 5 | | |
| Lewering | | | | 5 | | |
| Eerste totaal | | | | | | |
| Minus strafpunte | | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | ____ | 100 |
| Tweede voorstander | ____ | 100 |
| Spanpoging | ____ | 10 |
| Spantotaal | ____ | 210 |

| | EERSTE TEENSTANDER | | | TWEEDE TEENSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Analise | | | 5 | | |
| Bewyse | | | 10 | | |
| Redenering | | | 10 | | |
| Aanval en verdediging | | | 10 | | |
| Organisasie | | | 5 | | |
| Taalgebruik | | | 5 | | |
| Lewering | | | 5 | | |
| Eerste totaal | | | | | |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eerste teenstander | ____ | 100 | 1 - swak |
| Tweede teenstander | ____ | 100 | 2 - onder gemiddeld |
| Spanpoging | ____ | 10 | 3 - gemiddeld |
| Spantotaal | ____ | 210 | 4 - goed |
| | | | 5 - uitstekend |

wegend die konstruktiewe toespraak se punt in berekening te bring en by sy aanval en verdediging slegs die repliektoespraak se punt.

Hiervolgens word spanwerk by organisasie en analise, en lewering en taalgebruik saam onder aanbieding in berekening gebring. Die punte van kernvaardighede soos bewyse, redenering en aanval en verdediging teenoor die ander vaardighede word dan van 37,5% na 50% verbeter.

**4.4.2. Tweede keuse**

Die tweede moontlikheid is om, behalwe wat spanwerk betref, die huidige vaardighede te behou, maar die punteverdeling te verander. Sodoende word 'n meer funksionele en korrekter verdeling van vaardighede verkry wat beter ooreenstem met die doel van die opvoedkundige debat (vgl. voorbeeld). Die punte toegeken aan bewyse, redenering en aanval en verdediging bly 'n maksimum van 10, maar die res verminder na 'n maksimum van 5. Sodoende omvat die kernvaardighede 60% van die totale aantal punte. Een uitsondering moet egter vir die eerste voorstander gemaak word weens die unieke aard van dié toespraak. Die analise moet uit 10 tel en die aanval en verdediging uit 5. Hier kan spanwerk ook by organisasie in berekening gebring word of 'n punt uit 10 wat die algehele spanwerk evalueer kan by die totaal getel word. Hierdie vorm is steeds gekompliseerd, maar die verhouding van die verskillende vaardighede weerspieël veel beter die doelstellings van die opvoedkundige debat.

Volgens hierdie twee moontlikhede sal die puntetotaal 'n betroubaarder aanduiding van die wenspan wees, maar dit is nog steeds nie onfeilbaar nie. In gevalle waar die proposisie verkeerd geïnterpreteer is, of waar geen aanval en verdediging geskied nie, moet 'n span verloor ongeag die kwaliteit van die ander vaardighede. Die punte moet dus by die beslissing aanpas en nie andersom nie.

Met die toepaslike filosofie en 'n beeld van die ideale beoordelaar, tesame met 'n geskikte vorm, kan die kriteria vir die beoordeling van elke vaardigheid vervolgens onder die loep geneem word.

# HOOFSTUK 3

# ANALISE

Analise vorm 'n natuurlike beginpunt by beoordeling, nie alleen omdat dit die aspek is waarmee die debatteerders se navorsing 'n aanvang neem nie, maar ook omdat dit vir die beoordelaar 'n belangrike prioriteit in sy beoordeling is: Het die debatteerder die proposisie korrek geanaliseer? Om 'n evaluering van analise te maak moet die beoordelaar weet wat die proses van analise behels, asook watter vereistes aan die debatteerders ten opsigte van analise gestel word.

Analise vorm die basis van elke span se betoog en bepaal in 'n groot mate die algehele verloop van die debat, aangesien dit die debatteerders se interpretasie en afbakening van die proposisie omvat. Analise behels drie stappe: die bepaling van die soort proposisie , die definiëring van die kernbegrippe en die identifisering van geskilpunte (Goodwin, 1982:61).

Analise begin dus deur die kategorie van die proposisie te bepaal: Is dit 'n proposisie van feite, interpretasie, waardeoordeel of beleid? Dit is 'n kernvraag wat beide debatteerder en beoordelaar moet beantwoord aangesien dit die analise in 'n bepaalde rigting stuur. Elke kategorie bring 'n klemverskuiwing in die verpligting van die debatteerders mee. As die debatteerders nie duidelik weet wat elke soort proposisie van hom verwag nie, kan hy uiteraard nie hieraan voldoen nie. As die beoordelaar weer op sy beurt nie weet watter eise elke soort aan die debatteerder stel nie, kan hy die analise en ook die debat nie sinvol evalueer nie. Vervolgens word die onderskeie kategorieë omskryf om sodoende die verskillende verpligtinge vir die debatteerders uit te spel. Hierna word die verskillende metodes van definiëring en die identifisering van geskilpunte bespreek. Dan volg die evaluering van die vyf debatte ten aansien van analise.

## 1. PROPOSISIES

Volgens Dick (1974:2) is 'n proposisie die gevolgtrekking na aanleiding van 'n geskilpunt in die vorm van 'n volledig verklarende sin. Freeley (1976:30) definieer'n proposisie as 'n "statement of judgement that identifies the issues in controversy". 'n Proposisie moet derhalwe 'n definitiewe probleem verwoord in 'n positief stellende sin met 'n duidelike onderwerp as predikaat. So

vorm die proposisie die basis vir die ontwikkeling van twee argumentasielyne wat in konflik met mekaar is. **Proposisie** is die algemeen gebruiklike term vir die sogenaamde debatsonderwerp vir 'n opvoedkundige debat, hoewel Patterson & Zarefsky (1983:24) en Sheckels (1984:9) ook die term **resolusie** gebruik.

Drie kategorieë kan onderskei word, naamlik proposisies van feite, waardeoordeel en beleid. Patterson & Zarefsky (1983:25) onderskei ook 'n proposisie van interpretasie of betekenis. Elke soort vereis 'n unieke benaderingswyse. Deur klassifikasie kan bepaal word watter benadering die debatteerder die beste sal help om tot die kern van die dispuut deur te dring en oortuigende en relevante argumente te identifiseer.

### 1.1. Proposisies van feite

Die term **feit** word gebruik om hierdie kategorie te beskryf, alhoewel dit 'n ongelukkige woordkeuse is. In 'n absolute sin is 'n feit 'n fenomeen wat verifieerbaar is deur 'n geskikte waarnemer. Hier moet die term verstaan word as 'n afgeleide feit en dus bloot 'n waarskynlikheid. Terris (1964:272) stel dat geen proposisie van 'n debat feite of selfs regstreekse afleiding van feite kan wees nie. Debatteerbare proposisies moet onregstreekse afleidings wees wat verwyder is van feite in die absolute sin van die woord.

Sekere sogenaamde feite is nie onmiddellik verifieerbaar nie en kan nie op die tydstip wat dit gestel is as waar of onwaar geëtiketteer word nie (vgl. Miller, 1966:31). Dikwels is die waarneming wat nodig is om 'n "feit" se waarheid te bepaal ook baie kompleks en vra dit om navorsing en verskeie verwante waarnemings. Om debatteerbaar te wees moet proposisies van feite nie absolute waarhede of onwaarhede nie, maar waarskynlike waarhede of onwaarhede bevat (Kruger, 1960:13).

Hierdie kategorie is beskrywend van aard en betrek die voorkoms of oorsaak van 'n fenomeen. Dit is uitsprake wat erken/ontken dat

* 'n fenomeen voorgekom het: *Die Afrikaner was in die dertigerjare meer kultuurbewus as tans*;
* 'n fenomeen voorkom: *Die Swartman aanvaar sy tuisland* (JR-proposisie in 1974);
* 'n fenomeen sal voorkom: *Televisie sal die aktiewe deelname aan*

*Afrikaanse kultuurbedrywighede beëindig* (JR-proposisie in 1974 - voor die koms van televisie);

* 'n verwantskap tussen fenomene bestaan: *Demokrasie is die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing* (JR-proposisie in 1985).

In hierdie kategorie moet die debatteerders antwoord op die vraag: **Is dit waar?** Die voorstanders moet aanvoer dat die proposisie waarskynlik waar is en die teenstanders dat die proposisie waarskynlik onwaar is. Die kernverpligting rus op elke span om met die ondersteuning van genoegsame konkrete bewyse te antwoord: ja, die proposisie is 'n feit en dus waarskynlik waar; of nee, die proposisie is nie 'n feit nie en dus waarskynlik onwaar.

**1.2. Proposisies van interpretasie**

Hierdie kategorie kan as 'n onderafdeling van 'n proposisie van feite ingedeel word. Dit betrek die vraag hoe gegewe data, of 'n fenomeen, geïnterpreteer moet word. In 'n proposisie van feite is dit wel nodig om te bepaal wat die begrippe beteken voor die waarskynlike waarheid daarvan getoets kan word. In 'n proposisie van interpretasie is die betekenisbepaling of definiëring die primêre funksie van elke span.

Elke individu sien en ervaar die realiteit op 'n unieke wyse en dieselfde fenomeen kan dus verskillend geïnterpreteer word. In hierdie proposisie is die doel om sekere data in 'n bepaalde kategorie te plaas en 'n duidelike interpretasie of betekenis daaraan te gee.

Voorbeelde van dié kategorie is die volgende:
*Die ongebore fetus is 'n lewende mens*; *Die uitslag van die 1987-verkiesing toon 'n momentum na regs*; *Die sestiger- en sewentigerskrywers is in wese politici* (JR-proposisie in 1974); *Die element van loting soos dit in die nuwe verdedigingobligasieskema voorkom, is on-Suid-Afrikaans* (JR-proposisie in 1977); *Suid-Afrika reageer oormatig op die wêreldmening* (JR-proposisie in 1985). (Laasgenoemde behoort te gelui het: *Suid-Afrika se reaksie op die wêreldmening is oormatig.*)

Hier moet die debatteerders se betoog 'n antwoord wees op die vraag: **Wat is dit?** Die voorstanders moet met die nodige bewyse aanvoer dat die interpretasie soos deur die proposisie verwoord, korrek is, en die teenstanders

moet met bewyse aanvoer dat dit nie korrek is nie. Die teenstanders kan 'n interpretasie wat volgens hulle korrek is aan die hand doen, mits die nodige bewyse voorgelê kan word.

### 1.3. Proposisies van waardeoordeel

Daar bestaan nie 'n skerpomlynde onderskeid tussen 'n proposisie van waardeoordeel en 'n proposisie van feite nie. Hoe meer die stawing van die proposisie op subjektiewe oortuigings en bewyse ter ondersteuning aangewys is, hoe meer neig dit om 'n proposisie van waardeoordeel te wees. In plaas van eksterne objektiewe kriteria as basis word 'n individu se sisteem van subjektiewe waardes te berde gebring. Wát ook al gedisputeer word: 'n individu, handeling, instansie of beleid; 'n proposisie van waardeoordeel stel dat 'n fenomeen aan evaluerende kriteria beantwoord, in dié sin dat dit goed of sleg, reg of verkeerd, regverdig of onregverdig, moreel of immoreel, redelik of onredelik of enige van sodanige waardebepalings omvat.

'n Waardeoordeel ken volgens Miller (1966:34-36) nie 'n bepaalde eienskap aan 'n fenomeen toe in dieselfde sin as wat dit in 'n feitestelling die geval is nie. Volgens hom kan 'n waardeoordeel, letterlik geneem, ook nie waar of onwaar wees soos met feite die geval is nie. Dit betrek dié verskynsel dat 'n sekere fenomeen in 'n individu wat dit beoordeel 'n sekere houding of geestesgesteldheid ontlok van positiewe of negatiewe waardering, of morele aanvaarding of nie-aanvaarding. By proposisies van feite gaan dit om die kognitiewe "glo" van die feite. McCroskey (1986:44) stel dié verskille baie duidelik:

> "A distinction frequently made is that attitudes relates to the affective component of response, while belief relates to the cognitive component. The terms *affective* and *cognitive* may be loosely interpreted as referring to feeling and thinking. An attitude is an evaluation of something, such as 'I don't like grades'. A belief, on the other hand, is the degree of probable truth that we assign to something".

'n Proposisie van waardeoordeel kan absoluut gestel word: *Doodstraf is uit 'n morele oogpunt verkeerd*, of relatief gestel word: *Omgewingsbewaring in Suid-Afrika moet voorrang bo ekonomiese vooruitgang geniet* (JR-proposisie in 1974); *Selfbehoud regverdig diskriminasie* (JR-proposisie in 1975), *Die RSA se eerste prioriteit is 'n nuwe Grondwet* (JR-proposisie in 1980).

Die doel van 'n waardeoordeel in 'n debat is om die moontlike positiewe of negatiewe waarde van 'n fenomeen te bepaal. Feite is wel betrokke, maar in 'n hiërargie van die waarde wat dit het. Hier moet die spanne se betoog 'n antwoord bied op die vraag: **Wat is die waarde (of kwaliteit)?** In die proposisie: *In Suid-Afrika moet die verkryging van Blanke eenheid meer beklemtoon word as die behoud van eie identiteit* (JR-proposisie in 1974), moet die waarde van "Blanke eenheid" en dié van "die behoud van eie identiteit" bepaal word, en dan teen mekaar opgeweeg word. Die voorstanders moet met bewyse aanvoer dat Blanke eenheid van groter waarde is as die behoud van eie identiteit, terwyl die teenstanders die teenoorgestelde moet bewys.

**1.4. Proposisies van beleid**

Enige adviserende stelling met betrekking tot 'n sekere plan van aksie is 'n proposisie van beleid (vgl. Sheckels,1984:9). Dit kan ook geparafraseer word as: so-en-so 'n plan van aksie is die beste middel om 'n sekere doel te bereik. By implikasie word 'n vergelyking tussen 'n bestaande en 'n voorgestelde beleid gevra.

Voorbeelde van dié kategorie is die volgende:
*Die groepsgebiedewet behoort afgeskaf te word*; *Eenvormige skooldrag behoort vir alle skole ingestel te word*; *Genadedood moet (behoort) gewettig (te) word* (JR-proposisie in 1974); *Die Swartman in Blanke stadsgebiede sal (behoort) prakties by sy eie tuisland (te) skakel* (JR-proposisie in 1975); *Die regering behoort hom los te maak van die neerlê van beleid vir deelname aan sport* (JR-proposisie in 1977). Die proposisie kan ongedetailleerd gestel word: *Hulp aan buurstate behoort ingekort te word* of die detail kan uitgespel word: *Voedselhulp aan Zimbabwe en Botswana behoort met die helfte ingekort te word.*

Die term **behoort** in plaas van **moet** dui op die raadgewende kwaliteit van die proposisie. Die voorstanders hoef dus nie aan te voer of te bewys dat die voorgestelde beleid beslis uitgevoer sal word nie, maar bloot dat dit die beste oplossing van 'n bepaalde probleem is. Die geskilpunt sentreer hier nie om die kwessie of dit werklik tot uitvoering gebring sal word nie. Die teenstanders mag dus nie 'n sodanige argument teen die voorstanders inbring nie, aldus Jensen (1981:49-50). Keefe *et al.* (1982:365) stel dit ook baie duidelik:

"Since the affirmative is only required to show that its plan ought to

be adopted and not that it necessarily will be adopted, should-would arguments are not legitimate in academic debate".

'n Proposisie van beleid betrek uiteraard ook feite en waardeoordele. Indien 'n beleid ondersteun word, is dit omdat dit op sigself waardevol is en 'n positiewe doel kan bereik. 'n Sekere doelwit moet dus eers as positief of wenslik geïdentifiseer word voor die span kan aanvoer dat daar gehandel moet word om die doelwit te bereik. Hagood (1975:106) beskou 'n beleidsproposisie selfs as 'n spesiale soort proposisie van waardeoordeel.

Die betoog van die debatteerders in 'n proposisie van beleid moet antwoord op die vraag: **Wat behoort gedoen te word?** Die voorstanders voer aan dat 'n sekere beleid aangeneem en geïmplimenteer of afgeskaf behoort te word, terwyl die teenstanders dit verwerp en aanvoer dat òf die status quo gehandhaaf moet word òf 'n alternatiewe beleid as dié van die voorstanders geïmplimenteer behoort te word.

**Samevatting**

Die verskil tussen die kategorieë kom duidelik na vore in die woorde van Patterson & Zarefsky waar hulle die aard van elkeen kernagtig saamvat:

> "Claims of fact are descriptive; claims of meaning are interpretive; claims of value are judgemental; and claims of policy are advisory" (1983:19).

Dieselfde onderwerp kan deur die verandering van bewoording volgens die verskillende kategorieë gestel word:

**Feit**: Gasuitstraling van motorenjins is die grootste bydraende faktor tot Suid-Afrika se lugbesoedeling.
**Interpretasie**: Uitlaatgasse van motors is lugbesoedeling op sy ergste.
**Waardeoordeel**: Die nadele van motoruitlaatgasse weeg nie op teen die voordele wat die gebruik van motors inhou nie.
**Beleid**: Wetgewing behoort aanvaar te word wat motorvervaardigers verplig om motoruitlaatgasse met 10% te verminder.

Elke kategorie stel dus 'n unieke vraag waarop die debatteerders 'n unieke antwoord moet bied. Die beoordelaar moet in sy evaluering bepaal of elke

span se betoog die gevraagde antwoord bied.

**1.5. Toepassing**

Die vyf debatte wat in hierdie studie ter sprake kom is, op een uitsondering na, almal feiteproposisies. (Sedert 1980, behalwe die een uitsondering, was al die JR se proposisies feiteproposisies.) Die basiese verpligting ten opsigte van feiteproposisies bly dieselfde, behalwe dat die onderwerpe verskil. Die proposisie: *Demokrasie is die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing*, word ter illustrasie voorgehou om aan te dui wat die beoordelaar van die debatteerders kan verwag.

Die beoordelaar kan van elke span 'n antwoord verwag op die vraag: Is dit waar dat demokrasie die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing is? Die voorstanders se antwoord (span se betoog) moet met feite staaf dat dit so is en die teenstanders dat dit nie so is nie. Dit gaan in hierdie proposisie nie in die eerste plek om die waarde van demokrasie nie, hetsy goed of sleg, maar 'n kousale argument word betrek: Is demokrasie die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang? Indien die debatteerders grotendeels hulle betoog aan die positiewe of negatiewe waarde van 'n demokrasie wy, soos dit in enkele debatte wel die geval was, dan beantwoord hulle nie aan die vereistes soos gestel deur die bepaalde proposisie nie. Hulle reageer dan op 'n ander proposisie wat moontlik kon lui: *Demokrasie is beter/voordeliger as outokrasie*. Dit sou egter nie verkeerd wees as die voorstanders, nadat hulle bewys het dat demokrasie waarskynlik die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang is, die positiewe waarde daarvan uitwys nie. Solank dit net nie die kern van die debat uitmaak nie.

Welvaart en vooruitgang word ook nie gedebatteer nie. Die proposisie vra nie of welvaart en vooruitgang bestaan of 'n positiewe waarde het nie, maar of die bestaande welvaart en vooruitgang 'n kerngevolg is van 'n demokratiese regeringstelsel? Die teenstanders kan dus met bewyse aanvoer dat 'n ander faktor of faktore die kernoorsaak van genoemde fenomene is.

Dit is nie nodig dat elke span tydens die debat uiteensit hoe die kategorie van die proposisie bepaal is nie. Uit elkeen se argumente kan die beoordelaar bepaal of die spanne weet waaroor dit gaan en of die betoog die regte antwoord bied op die vraag wat in die proposisie geïmpliseer word. Die evaluering van hierdie aspek geskied deur die loop van die hele debat.

## 2. DEFINISIES

Die aspek waarmee die beoordelaar gewoonlik eerste gekonfronteer word, is die definiëring van kernbegrippe in die proposisie. Die beoordelaar moet weet wat die doel van definiëring is, wat die verskeie metodes van definiëring behels en watter begrippe en woorde gedefinieer moet word.

### 2.1. Doel

Die proses van definiëring impliseer die verdeling van die komplekse geheel van die proposisie in sy samestellende dele. Ter wille van groter duidelikheid word die sleutelbegrippe van 'n hoër graad van abstraksie na 'n laer graad van abstraksie herformuleer (vgl. Goodwin, 1982:66-67). Hoe hoër die vlak van abstraksie, hoe verder verwyder is dit van die verwikkelde werklikheid en dus vatbaarder vir misverstand weens die vele interpretasiemoontlikhede. Woorde soos die jeug, welvaart en kultuur is hoëvlak abstraksies en het minder eksplisiete verwysings as laevlak abstraksies soos Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge, stinkhoutstoel en volkspele. Met definisies word die vlak verlaag en die woordbetekenis "verklein". 'n Begrip soos **wêreldmening** kan gekonkretiseer word tot die menings van Westerse lande, en verder tot die sienings van Westerse leiers en uiteindelik tot die opinie van Pres. Ronald Reagan. Die debatteerders loop egter gevaar om die woordbetekenis so te verklein of die abstraksies so te verlaag dat debattering onmoontlik word. Die definiëring moet sodanig wees dat beide kante 'n billike en gelyke kans het om argumente aan te voer. DeMougeot (1972:136) stel 'n realistiese benadering voor en waarsku tereg teen 'n te enge beperking van sekere begrippe in die proposisie. 'n Debatteerder kan byvoorbeeld van die woord **welvaart** by 'n **stinkhoutstoel** uitkom, maar vir debattering sou dit geen sin maak nie (welvaart - stoflike besittings - huishoudelike artikels - meubels - stinkhoutstoel).

Die doel van definiëring is as't ware die konkretisering en afbakening van die proposisie sodat beide partye presies begryp binne watter grense die intellektuele botsing gaan plaasvind. Dit is primêr die taak van die eerste voorstander. Die teenstanders moet hierby aansluit of met genoegsame rede verskil. Beide spanne moet egter grootliks tot 'n vergelyk kom. Indien dit nie die geval is nie sou die debattering dieselfde moontlike verloop hê as 'n sportwedstryd waarin twee spanne teen mekaar speel, maar elkeen pas sy eie

reëls toe. Die definisies mag nie eensydig of onredelik wees nie, maar 'n eerlike interpretasie van die proposisie bied (vgl. Reid, 1963:55).

Die redelikheid van definisies is volgens Patterson & Zarefsky (1983:119-120) 'n belangrike kriterium vir die beoordelaar se evaluering daarvan. Volgens hulle is 'n definisie onredelik indien dit die grenslyn tussen voorstander- en teenstandergebied skeeftrek, om sodoende aan die opponente weinig geleentheid vir sinvolle argumente te bied.

Die beoordelaar kan die redelikheid van 'n definisie op verskillende wyses bepaal. Daar kan geoordeel word of dit ooreenstem met die interpretasie van die term deur die gemiddelde landsburger. Indien dit 'n gespesialiseerde term is, kan dit vergelyk word met die interpretasie daarvan soos dit in 'n betrokke vakgebied na vore kom. Demokrasie, byvoorbeeld, kan getoets word aan 'n definisie soos dit algemeen in die Staatsleer aanvaar word. Verder kan die bepaalde konteks van die proposisie ook deurslaggewend wees om die redelikheid van die definisie te bepaal.

In die proposisie: *Die Afrikanerberoepsvrou staan haar plek vol in die opvoedingsgebeure*, sal dit onredelik van die voorstanders wees om "plek vol staan" te interpreteer as 'n ma wat slegs in haar kinders se materiële behoeftes voorsien. Die teenstanders sou ook onredelik wees as hulle genoemde begrip interpreteer as 'n ma wat permanent tot haar kinders se beskikking moet wees. Die definiëring kan dus wel 'n geskilpunt in die debat wees. Dit mag egter nie die debat oorheers nie, want die definiëring of interpretasie van die sleutelbegrippe word nie in die eerste plek gedebatteer nie, maar die waarskynlike waarheid van die proposisie (vgl. Ehninger & Brockriede, 1978:160).

**2.2. Metodes van definiëring**

Die Engelse filosoof, J.S. Mill, stel die volgende kriterium vir 'n goeie definisie:

> "The simplest and most correct notion of a definition is, a proposition declaritory of the meaning of a word, namely, either the meaning which it bears in common acceptation, or that which the speaker or writer, for the particular purpose of his discourse, intends to annex to it" (Mill, 1950:96).

Die beoordelaar moet nie net bepaal of die definisies redelik is nie, maar of die betekenis so duidelik blyk dat geen luisteraar enigsins sal twyfel oor die presiese betekenis wat elke span aan die kernbegrippe heg nie. Om dit te bewerkstellig is verskeie metodes van definiëring tot die debatteerders se beskikking.

Die mees algemene metode is om woordeboekdefinisies voor te hou. Dit moet 'n erkende, aanvaarbare en resente woordeboek wees. Woordeboekdefinisies is egter dikwels onbevredigend omdat dit bloot net sinonieme of verklarings bied wat nie altyd vir die konteks waarin die woord voorkom, voorsiening maak nie. Daar bestaan dus weinig, indien enige, enkele "korrekte" woordeboekdefinisie, veral van 'n woord van hoëvlak abstraksie wat in enige konteks sal geld. In die reeds genoemde proposisie oor demokrasie kan die woorde **welvaart** en **vooruitgang** wel van 'n woordeboekdefinisie voorsien word. Dit moet egter daarna in konteks geplaas word. Daar moet aangedui word wat hierdie woorde binne 'n demokratiese regeringstelsel impliseer. Ekonomiese welvaart en vooruitgang kan op 'n steeds groeiende geldmag en 'n vermeerdering van materiële besittings dui, terwyl laasgenoemde fenomene in 'n geestelik-godsdienstige sin nie noodwendig as welvaart en vooruitgang gesien word nie. Inteendeel, rykdom kan as 'n stuikelblok vir geestelike welvaart gesien word.

Daar moet meestal verder as woordeboekdefinisies gegaan word. Ensiklopedieë, tegniese en vakwoordeboeke, regeringsdokumente, vaktydskrifte of selfs deskundiges op die ter saaklike gebied behoort ook geraadpleeg te word. Indien 'n deskundige betrek word moet hy onpartydig wees en 'n objektiewe definisie kan verskaf. Demokrasie kan byvoorbeeld vir verskillende deskundiges dieselfde denotiewe betekenis hê, maar wat vir die Afrikaanse deskundige 'n voorbeeld van'n demokratiese land is, mag vir die Nederlandse of Amerikaanse deskundige onaanvaarbaar wees. Die debatteerder moet dus altyd met die deskundige as mens rekening hou deur die mees objektiewe deskundige te identifiseer. Twee uiteenlopende definisies kan ook gestel word, maar dan moet die debatteerder met die nodige redes aandui watter definisie deur die span vir die duur van die debat aanvaar word.

'n Ander metode kan gevolg word deur die geskiedkundige interpretasie van 'n woord na te vors. So, byvoorbeeld, kan die begrip **demokrasie** se spoor gevolg word vanaf sy ontstaan, oor die belangrikste variasies daarvan heen,

tot en met die huidige interpretasie. So kan begrip vir die kompleksiteit asook die verskillende vorme van demokrasie verkry word. In aansluiting hierby (en indien dit begrip sal bevorder) kan 'n woord se etimologie ook nagevors word. So het vele debatteerders in die halfeindrondte van 1985 demokrasie se oorsprong uit die twee Griekse woorde "demos" (volk) en "kratos" (regering) as 'n regering deur die volk verklaar. Die etimologie van 'n woord alleen is selde genoegsaam. Daar moet ook ander metodes gebruik word om die woord en sy betekenis nog duideliker en meer konkreet te omskryf.

'n Effektiewe metode van definiëring is die beskrywing van die essensiële karakteristieke kenmerke of eienskappe van 'n begrip (Ehninger & Brockriede, 1978:158). Hierdie eienskappe kan verder vergelyk of gekontrasteer word met ander soortgelyke begrippe om die unieke aard daarvan in reliëf te bring. Dit kan ook gekombineer word met die metode om 'n begrip negatief te omskryf, deur die eienskappe te noem wat vir die bepaalde debat nie daaronder veronderstel word nie. Ter illustrasie van bogenoemde metodes sou debatteerders 'n vrou as beroepsvrou kan tipeer indien die volgende op haar van toepassing is:

> "As sy ongetroud of getroud (met of sonder kinders) is, 'n permanente betrekking beklee, ten minste ses tot agt uur per werksdag werk, en haar beroep buite haar eie huis beoefen. Vir die doel van 'n debat waar dit egter om die beroepsvrou se rol in die opvoedingsgebeure gaan en dit veral op die werkende moeder betrekking het, word die ongetroude en die getroude beroepsvrou sonder kinders vir hierdie debat buite rekening gelaat".

Bostaande voorbeeld is ook 'n vorm van klassifikasie wat 'n volgende moontlike metode is om 'n begrip te definieer (Thompson, 1971:51). Die begrip word in 'n algemene klas (ekonomie, opvoedkunde, ens.) van soortgelyke fenomene geplaas en dan word aangedui hoe dit van ander soorte van dieselfde klas verskil. Hiervolgens kan demokrasie binne die klas van regeringsvorme geplaas word met 'n duidelike aanduiding hoe dit van outokrasie verskil. In die proposisie: *Die N'Komatie-verdrag is 'n diplomatieke erkenning van 'n Sosialistiese regering*, kan die **diplomatieke erkenning** geklassifiseer word as 'n **de facto**-erkenning wat bloot dui op 'n kennisname dat 'n sekere regeringstelsel aan die orde is, of op 'n **de jure**-erkenning, wat aanvaarding en goedkeuring van die regeringsvorm impliseer.

’n Operasionele definisie kom ter sprake wanneer die handelinge of aksies wat in ’n begrip geïmpliseer word, gespesifiseer word (Patterson & Zarefsky, 1983:118). Operasionele definisies kom hoofsaaklik by proposisies van beleid voor. In ’n proposisie waar die begrip **boikot** voorkom, kan dit omskryf word as: verbreking van diplomatieke betrekkinge en later ook handelsbetrekkinge, onttrekking van lenings, staking van in- en uitvoere en die verbod op landingsregte. Hier word met ander woorde van die standpunt uitgegaan dat die begrip ’n spesifieke plan van aksie veronderstel.

Die debatteerder kan meer as een metode gebruik om ’n begrip te definieer. Die debatteerder moet hom laat lei deur elke begrip en bepaal watter metode(s) die betekenis die beste na vore sal bring. Die beoordelaar moet in sy evaluering bepaal of die begrippe duidelik omskryf, regverdig geïnterpreteer en of die sinvolste metode van definiëring gebruik is.

**2.3. Kernbegrippe**

Die beoordelaar moet in sy evaluering bepaal of al die kernbegrippe gedefinieer is. Dit is volgens Thompson (1971:50) al dié woorde of frases waarvan die betekenis essensieel vir die begryp van die proposisie is, asook dié wat ’n twispunt tot gevolg kan hê. Dit is veral die sogenaamde relatiewe woorde wat so dikwels in die JR se proposisies voorkom wat ’n besondere uitdaging aan die debatteerders bied. Die woorde is relatief ten aansien van ’n vaste verwysingsraamwerk, dit wil sê ’n standaard van beoordeling. Beide beoordelaars en debatteerders moet dit altyd voor oë hou dat woorde simbole en nie die werklike fenomeen wat dit verteenwoordig, is nie. Wat die woorde beteken, en dit geld veral vir relatiewe woorde, word grotendeels bepaal deur die spreker en gehoor se subjektiewe ervarings en projeksies. Die meeste woorde het ’n denotiewe en konnotiewe betekenis. Die sogenaamde relatiewe woorde het egter primêr ’n konnotiewe betekenis waar daar nie vooraf ooreenstemming is omtrent ’n duidelik omlynde voorwerp of aktiwiteit in die fisieke realiteit waarna verwys kan word nie. Die enigste plek om die presiese betekenis van sodanige woorde te bepaal is by die gebruiker daarvan (vgl. Bettinghaus, 1972:104). McCroskey (1986:15) stel dit kernagtig: "Thus, meanings are in people, not in words". As elke span ’n eie standaard het van wat **genoegsaam, voldoende** of **na behore** is, is sinvolle debattering haas onmoontlik. Daar moet dus ’n groot mate van konsensus bestaan oor die betekenis deur dit as’t ware "meetbaar" te maak en tot op die mees

konkrete vlak te bring.

Ter illustrasie kan gesê word dat 'n wynglas, volgens kenners en erkende etiket, **voldoende** wyn bevat as dit driekwart gevul is. "Driekwart vol" is dus die kriterium waarvolgens voldoende wyn in 'n wynglas beoordeel word. In die alledaagse werklikheid soos dit in 'n proposisie van feite vervat is, is 'n aanduidende maatstaf ontwykend en veel komplekser. Wat is die kriteria vir **voldoende** opvoeding van die jeug met betrekking tot die ekonomie? 'n Debatteerder sou byvoorbeeld die volgende kriteria vir voldoende ekonomiese opvoeding kon stel:

1 as daar genoeg geleenthede was en is om die jeug oor ekonomiese sake in te lig,
2 as die jeug sodanige kennis besit om alledaagse ekonomiese verskynsels soos inflasie, Rand-dollar-wisselkoers, resessie, ens. te kan begryp, en
3 as die jeug sodanig toegerus word om van sy toekomstige beroep 'n ekonomiese sukses te kan maak.

Elke span sal moontlik eie kriteria bied en die beoordelaar moet bepaal of die kriteria billik en toepasbaar is.

Nadat die afsonderlike woorde of kernbegrippe gedefinieer is moet dit weer saamgevoeg word en in die lig van die genoemde definisies moet die proposisie in sinonieme woorde herformuleer word. Hierin moet die debatteerder ook duidelik sy standpunt as voorstander of teenstander na vore bring. Dit vorm die tesis van die betoog (kyk p. 327). Die herformulering van die proposisie: *Demokrasie is die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing*, kan moontlik soos volg lui:

'n Demokratiese owerheidsvorm, waar die wil van die kwalifiserende burger deur die meerderheidsbesluit tot uiting kom, asook 'n demokratiese lewenswyse, waar die individu 'n vrye aanspraak op die gemeenskapslewe het, is beide die primêre of noodsaaklikste bydraende faktor tot die gunstige gang van die politieke, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike aspekte van die totale mens binne dié lande wat kultureel gesproke hulle oorsprong in Wes-Europa het.

Die beoordelaar moet, wat die definisies betref, ten slotte bepaal of die

definisies in die res van die span se betoog verreken word. Definisies wat nie geïmplimenteer word nie, hoe goed ook al, dien geen doel nie.

## 3. IDENTIFISERING VAN GESKILPUNTE

Nadat die soort proposisie bepaal is, en die proposisie met behulp van die definiëring duidelik afgebaken is, kom die identifisering van geskilpunte aan die beurt. Wat die debatteerder betref geskied laasgenoemde proses deur die loop van die navorsing en vind sy finale beslag tydens die formulering van die span se betoog.

### 3.1. Standaardgeskilpunte

Die dispuut of probleem in 'n proposisie gee aanleiding tot verbandhoudende vrae wat dié aspekte identifiseer waar die voorstanders en teenstanders van mekaar verskil. Dit staan as die geskilpunte bekend en word volgens die heuristiese metode bepaal (Jensen, 1981: 63). Volgens HAT (1984:385) is die heuristiese metode 'n "leermetode waardeur waarhede ontdek moet word deur antwoorde op stelselmatige vrae". Sheckels (1984:14-19) pas die metode ook met groot vrug toe om tot die kern van 'n probleem deur te dring. Die stelselmatige vrae moet relevant wees ten opsigte van die probleem en die antwoorde moet van deurslaggewende belang wees vir die voor- of teenstaan van die proposisie. As die antwoorde op die vrae in verklarende sinne omskryf word, kan dit die hoofargumente van 'n span se betoog vorm wat gesamentlik geneem die proposisie waarskynlik sal bevestig of ontken.

Verskillende probleme gee uiteraard aanleiding tot unieke geskilpunte. Geen twee proposisies se geskilpunte sal dus presies dieselfde wees nie; tewens, verskillende geskilpunte kan selfs in dieselfde proposisie geïdentifiseer word. Aangesien proposisies van dieselfde kategorie soortgelyke vrae vra, is daar 'n basiese patroon in hierdie vrae wat herhaaldelik voorkom. Hierdie tipiese vrae staan as standaardgeskilpunte bekend en kan as 'n hulpmiddel en uitgangspunt in die analiseproses gebruik word.

Elke debat is egter uniek en bestaan nie uit 'n onnadenkende toepassing van die standaardgeskilpunte nie. Die beoordelaar moet bepaal of dit kreatiefdenkend toegepas is. Daar kan ook standaardgeskilpunte wees waaroor beide kante dit eens is en dan moet die eintlike of kardinale geskilpunt, wat soms een enkele aspek kan wees, geïdentifiseer en gedebatteer word. Dit is dié

geskilpunt wat die beslissing van die debat gaan bepaal. In 'n beleidsproposisie mag beide kante dit eens wees dat 'n probleem beduidend en inherent aan die status quo is, maar die geskil lê in die plan van aksie wat gevolg behoort te word om die probleem op te los. In hierdie geval sentreer die debat rondom dié geskilpunt wat as die solvensie van die plan bekend staan.

Vervolgens word die standaardgeskilpunte soos dit in die verskillende kategorieë na vore kom bespreek. Hierdie belangrike stap is bepalend vir die welslae van die debat. Ehninger & Brockriede (1978:151) sê dan ook tereg en met baie goeie rede dat dit die hoofmoment van die analise is. Vele van die bestudeerde debatte toon dat hierdie stap geïgnoreer of nie deeglik uitgevoer is nie. Dit word afgelei uit die irrelevante argumente wat dikwels aangevoer is en uit die afwesigheid van botsende standpunte.

### 3.1.1. Proposisie van feite

Soos reeds genoem vra feiteproposisies die vraag: Is dit waar?

* Staan die Afrikanerberoepsvrou haar plek vol in die opvoedingsgebeure?
* Is demokrasie die kern van welvaart en vooruitgang in die Westerse beskawing?
* Benut die Afrikaner sy ekonomiese vooruitgang na behore ter uitbouing van sy kultuur?
* Is die Afrikanerjeug se opvoeding met betrekking tot die ekonomie voldoende?

Hoewel Braden & Brandenberg (1955:413) beweer dat daar ten opsigte van feiteproposisies nie standaardgeskilpunte toegepas kan word nie, meen Patterson & Zarefsky (1983:24) en Goodwin (1982:75-76). dat daar twee standaardgeskilpunte bestaan.

Die eerste vraag betrek die kriteria wat gebruik gaan word om die waarskynlike waarheid van die proposisie te bepaal. Die geskilpunt sal in vraagvorm lui: Watter kriterium of kriteria is van toepassing? Dié kriteria sal voortvloei uit die interpretasie van die ter sake begrip, naamlik plek vol staan, kernoorsaak, na behore benut, en voldoende om die betrokke proposisies as voorbeelde te neem. Soos onder definisies aangetoon moet die debatteerder so konkreet moontlik objektiewe kriteria identifiseer waaraan byvoorbeeld 'n

beroepsvrou as't ware gemeet kan word om te bepaal of sy haar plek vol staan of nie. Die debatteerder vra homself dus af: Volgens watter kriteria/maatstawwe kan bepaal word of 'n beroepsvrou haar plek vol staan in die opvoeding van kinders? 'n Hipotetiese antwoord kan byvoorbeeld lui: die beroepsvrou staan haar plek vol as sy die psigiese en fisieke behoeftes van 'n kind kan bevredig.

Die volgende geskilpunt vloei voort uit die vorige en fokus op die vraag of daar genoegsaam bewys kan word dat die fenomeen aan die kriteria beantwoord. Die proposisie sal dus waarskynlik waar wees as die voorstanders kan bewys dat die beroepsvrou wel haar kinders se psigiese en fisieke behoeftes kan bevredig. Hierdie geskilpunt sal dus die grootste deel van die debat in beslag neem. Om die voorbeeld van die beroepsvrou verder te voer, sal die debatteerders met bewyse moet uitspel wat die gemiddelde kind se psigiese en fisieke behoeftes is, byvoorbeeld behoefte aan liefde, sekuriteit, aandag, kos, klere, ens. Hierna moet in 'n verdere argument bewys word hoe die beroepsvrou ten opsigte van genoemde aspekte bevredigend in die kind se behoeftes kan voorsien. Dit is dan die taak van die voorstanders om met genoegsame bewyse aan te toon dat die beroepsvrou wel aan die vereiste kriteria voldoen en dat die proposisie waarskynlik waar is. Aan die ander kant moet die teenstanders bewys dat die beroepsvrou nie aan die gestelde kriteria voldoen nie en dat die proposisie dus waarskynlik onwaar is. Bewyse speel in enige debat 'n kardinale rol, maar dit geld veral ten opsigte van hierdie kategorie. Daardie span wen ook gewoonlik wat kwantitatief en kwalitatief 'n oorwig van bewyse het.

Die proses wat hier ten opsigte van die beroepsvrou getoon is, kan op soortgelyke wyse op die ander proposisies toegepas word.

Indien 'n feitegeskil enkelvoudig en duidelik omlyn is en met empiriese bewyse opgelos kan word, is daar geen probleem nie. Met 'n debatsproposisie van feite bestaan daar egter dikwels bewyse wat mekaar weerspreek. Die probleem is dan so kompleks of relatief dat dit nie altyd sonder enige twyfel duidelik is of die gestelde bewyse aan die kriteria beantwoord nie. Dit is om hierdie rede dat Wood (1972:12) sê: "Propositions of fact usually are too easy to settle - or almost impossible to settle". Om enigsins debatteerbaar te wees, word feiteproposisies so relatief gestel dat dit sinloos is om daaroor te debatteer. Proposisies van feite word, volgens die literatuur, nooit in die VSA gebruik nie, omdat dit as ongeskik vir opvoedkundige debattering beskou

word (vgl. Brooks & Friedrich, 1973:320; Freeley, 1976:200; Capp & Capp, 1965:56). In resente literatuur word debattering oor feiteproposisies nie eens bespreek nie.

### 3.1.2. Proposisie van interpretasie

'n Proposisie van interpretasie, soos vroeër genoem, is 'n bepaalde soort proposisie van feite. Dieselfde standaardgeskilpunte geld vir 'n proposisie van interpretasie: Watter kriteria kan toegepas word? Beantwoord die fenomeen aan die kriteria? In die proposisie: *Suid-Afrika se reaksie op die wêreldmening is oormatig,* moet ook kriteria neergelê word waarvolgens Suid-Afrika se reaksies as oormatig geïnterpreteer kan word. Daarna moet bewys word hoe die genoemde reaksies aan die kriteria voldoen of nie voldoen nie.

### 3.1.3. Proposisie van waardeoordeel

Die standaardgeskilpunte van 'n proposisie van waardeoordeel stem grootliks ooreen met dié van 'n feiteproposisie. Die oorkoepelende geskilpunt sentreer rondom dié vraag: Is die fenomeen se waarde werklik positief/negatief? Om hierdie vraag te beantwoord kom die eerste standaardgeskilpunt na vore: Watter kriteria behoort te geld in die keuse tussen kompeterende waardes? (Wood, 1972:67). As byvoorbeeld beweer word dat A 'n goeie mens is, dan moet die kriteria waarvolgens die goedheid van 'n mens bepaal word, geïdentifiseer word. Daar kan byvoorbeeld bepaal word dat integriteit, vriendelikheid, nederigheid en onselfsugtigheid die kriteria vir 'n goeie mens is. Net so word die kriteria in 'n proposisie van waardeoordeel bepaal, alhoewel dit komplekser is. Die verskil tussen die kriteria van feiteproposisies en dié van waardeoordeel is dat laasgenoemde meer subjektief is. Gewoonlik kom 'n gemeenskap se etiese norme en standaarde ter sprake. Dit is veral die geval as die proposisie die debatteerders konfronteer met twee wenslike maar teenstrydige of onverenigbare waardes, of as die beste van twee negatiewe waardes bepaal moet word.

In die proposisie: *Sanksies is wensliker as 'n opheffing van die noodtoestand,* moet daar tussen twee onverenigbare waardes gekies word. Sanksies en voortgesette onrus is beide onwenslik, maar om sanksies moontlik te verhoed moet die noodtoestand opgehef word en Nelson Mandela vrygelaat word. Dit kan tot gevolg hê dat onrus weer toeneem. Die alternatief is die beheer van onrus deur 'n voortsetting van die noodtoestand, maar dan sal sanksies steeds

voortduur. Hier moet 'n keuse tussen kompeterende waardes gemaak word en die nodige redes ter regverdiging van die bepaalde keuse aangevoer word. Die voorstanders kan byvoorbeeld binnelandse rus en vrede en die behoud van menselewens as kriteria neem om die waarde van die gestelde fenomene te bepaal. Die teenstanders kan op hulle beurt ekonomiese groei en/of menseregte as kriteria neerlê.

Die kriteria waarvolgens die waarde bepaal word is dus 'n belangrike geskilpunt en bepaal in 'n groot mate die verloop van die debat (Brownlee, 1982:290).

'n Volgende standaardgeskilpunt is die vraag: Is die kriteria relevant? Dié vraag het betrekking op die onderwerp in die proposisie. Om terug te keer tot die eerste voorbeeld kan die vraag gestel word: Kan 'n mens se goedheid bepaal word volgens sy integriteit, vriendelikheid, nederigheid en onselfsugtigheid? Is die kriteria nie onredelik nie? Is dit ál geldende kriteria? Moet daar nie nog kriteria bygevoeg word nie? Elke span moet dus in staat wees om sy kriteria te verdedig en as relevant uit te wys. Wat die tweede voorbeeld betref moet die voorstanders op 'n aanval van die teenstanders kan antwoord deur te bewys dat binnelandse rus en vrede en die behoud van menselewens relevante - redelike, geldige en/of genoegsame - kriteria is om die waarde van die betrokke fenomene, naamlik sanksies en die noodtoestand te bepaal. Op soortgelyke wyse moet die teenstanders hulle kriteria kan regverdig en verdedig.

'n Laaste standaardgeskilpunt betrek die vraag of daar aan die kriteria voldoen is. Kan die voorstander met voorbeelde uit A se lewe bewys dat sy dade getuig van sy integriteit, vriendelikheid, nederigheid en onselfsugtigheid om tot die slotsom te kom dat A 'n goeie mens is? Die teenstanders sal poog om die teenoorgestelde te bewys.

Sheckels (1984:81) bied feitlik 'n soortgelyke metode aan waarvolgens die geskilpunte hanteer kan word. Eers word 'n bepaalde waarde of waardes as doelwit gedefinieer (die omskrywende of verklarende geskilpunt). Dan moet aangedui word of die fenomeen dié doelwit sal bereik al dan nie (die aanduidende geskilpunt). Laasgenoemde geskilpunt kan volgens Sheckels bepaal word deur eerste die negatiewe of teenoorgestelde fenomeen as dié wat in die proposisie aanbeveel word ten aansien van die waarde(s) te evalueer, om daarna die positiewe of aanbevole fenomeen ten aansien van dieselfde

waarde te evalueer. Die stappe kan geïllustreer word aan die hand van die reeds genoemde proposisie: *Sanksies is wensliker as die opheffing van die noodtoestand*. Gestel die voorstanders het in die eerste geskilpunt die doelwit van binnelandse stabiliteit en behoud van menselewens as positiewe waardes neergelê. Die voorstanders moet dan aandui hoe die opheffing van die noodtoestand en gevolglike voortgesette onrus nie dié doelwit kan bereik nie, om daarna te toon hoe 'n voortsetting van die noodtoestand en gevolglike sanksies wel die positiewe doelwit kan bereik. Die teenstanders sal uiteraard die teenoorgestelde moet bewys.

Die geringe verskil tussen die eersgenoemde standaardgeskilpunte en dié van Sheckels is dat die relevansiegeskilpunt nie by Sheckels voorkom nie, dat hy **kriteria** met die woord **waardes** aandui en dat hy 'n spesifieke metode aan die hand doen vir die hantering van die laaste geskilpunt. Beide metodes is myns insiens geskik en die geslaagdheid van die metode hang af van die debatteerder se bekwame hantering daarvan.

Die drie standaardgeskilpunte van 'n proposisie van waardeoordeel is dus: Watter kriteria behoort te geld? Is die kriteria relevant? Beantwoord die fenomeen aan die kriteria? Volgens Sheckels sien die vrae só daaruit: Watter positiewe waardes kan as doelwit gestel word? Bereik die fenomeen hierdie doelwit?

### 3.1.4. Proposisie van beleid

Soos reeds genoem bepaal hierdie kategorie hom by die vraag: Wat behoort gedoen te word? Gewoonlik word ' n verandering van die status quo bepleit deur middel van die aanbeveling van 'n nuwe beleid of die afskaffing van 'n bestaande beleid. Die toepassing van standaardgeskilpunte speel veral in proposisies van beleid 'n baie belangrike rol. Die vrae sentreer rondom die regverdiging van die voorgestelde verandering.

Die eerste geskilpunt is gewoonlik die vraag: Is daar 'n probleem wat verandering van beleid noodsaak? Die woord probleem word in die wydste sin van sy betekenis gebruik vir enige nadeel, euwel of tekortkoming; kortom, enige ongewenste fenomeen wat mag voorkom of 'n gewenste fenomeen wat nie voorkom nie. Geen verandering kan voorgestel word alvorens 'n probleem in die bestaande sisteem aangetoon kan word nie (Ziegelmueller & Dause, 1975:33).

Uit bogenoemde geskilpunt vloei 'n volgende aanverwante geskilpunt: Is die probleem beduidend? Die bestaan van 'n probleem alleen is nie genoeg om 'n verandering te regverdig nie, maar die omvang en intensiteit daarvan moet ook in aanmerking geneem word. Hoe beduidender die probleem, hoe sterker is die aandrang om 'n verandering te regverdig. Hierdie twee geskilpunte staan saam as die **noodsaakgeskilpunt** bekend.

Die volgende geskilpunt vra die vraag: Wie of wat is die oorsaak van die probleem? Hier kom die kwessie ter sprake of die probleem die gevolg is van 'n inherente tekortkoming of fout van die sisteem of beleid wat tans funksioneer - kortweg die status quo genoem. 'n Kousale argument word dus betrek. Volgens LaGrave (1979:102) bevat die **inherensiegeskilpunt** drie aspekte: **oorsaak, permanensie** en **verandering**. Wie of wat in die status quo is die oorsaak van die probleem? Is die oorsaak bloot tydelik en toevallig of sal dit permanent voortduur? Sal die situasie voortduur al word geringe veranderinge aan die status quo aangebring? Alvorens die probleem dus opgelos kan word, moet die oorsake daarvan geïdentifiseer word. Die probleem kan alleenlik opgelos word as die bepaalde oorsaak in die status quo geëlimineer word. 'n Probleem is inherent aan die status quo as die status quo nie self die probleem kan elimineer nie, of as die funksionering van die status quo ongewenste newe-effekte het en net nie goed genoeg is nie, of as die status quo nie die bereiking van belangrike doelwitte kan bewerkstellig nie. (Hier is die probleem dan: doelwitte word nie bereik nie.)

Die voorgestelde plan van aksie om die probleem op te los gee aanleiding tot die volgende geskilpunte, waarvan een die vraag is: Sal die nuwe plan van aksie die probleem effektief elimineer? of: Sal die plan ten minste voordeliger wees as die huidige plan wat gevolg word? Al is die probleem beduidend, is daar geen sin in verandering as dit nie die oorsaak van die probleem kan uitskakel nie. Hierdie standaardgeskilpunt word met die term **solvensie** aangedui. Die vraag is dan: Is die plan solvent? (Sheckels, 1984:64).

'n Verbandhoudende geskilpunt kan die **uitvoerbaarheid** van die plan betrek: Is die plan prakties, realisties en implimenteerbaar? Hoewel die voorstanders nie hoef te bewys dat die plan beslis in werking gestel sal word nie, moet hulle wel kan aantoon dat, indien dit wel sou geskied, dit prakties moontlik is.

’n Volgende geskilpunt vra die vraag: Hou die plan enige ander voordele in? Soos genoem, kan die plan een probleem oplos, maar nuwe probleme skep. Die plan kan egter ook bo en behalwe die oplos van die geïdentifiseerde probleem addisionele voordele meebring. Die waarskynlike voor- en nadele van die plan moet hier teen mekaar opgeweeg word om die **wenslikheidgeskilpunt** van die plan te besleg.

Die laaste moontlike geskilpunt ten aansien van die plan staan in Engels bekend as "topicality" (vgl. Sheckels, 1984:63; Patterson & Zarefsky, 1983:111-114). Hierdie geskilpunt kom net ter sprake as die voorstanders se plan van aksie nie ’n direkte toepassing van die proposisie is nie, of as die plan verder gaan as die aksie wat in die proposisie geïmpliseer word. Indien die teenstanders kan bewys dat die plan geheel of gedeeltelik buite die grense van die proposisie val, kan hulle dit op grond daarvan verwerp. Die voorstanders moet kan bewys dat die plan ’n inherente operasionele toepassing van die proposisie is wat op ’n regverdige interpretasie van al die begrippe gebaseer is. Foutiewe toepassing kan voorkom as begrippe verkeerd geïnterpreteer word, of nie al die sleutelbegrippe van die proposisie in berekening gebring word nie. In ’n proposisie: *Universiteitskoshuise behoort vir beide geslagte oopgestel te word*, kan die plan van die voorstanders byvoorbeeld voorsiening maak vir die oopstelling vir alle rassegroepe. Die teenstanders kan dan die plan verwerp op grond van die feit dat dit verder as die grense van die proposisie gaan, wat net vir die oopstelling van mans en dames van dieselfde ras voorsiening maak.

Afhangende van die strategie (vgl. p. 332) wat die debatteerders volg, sal die gebruik van en klem op die verskillende standaardgeskilpunte wissel van debat tot debat. Die kombinasie van geskilpunte sal ook by elke proposisie uniek toegepas moet word. Die laasgenoemde geskilpunt sal byvoorbeeld nie by alle debatte ter sprake kom nie. Die beoordelaar moet bepaal of die standaardgeskilpunte wat ten aansien van ’n bepaalde proposisie ter sake is wel toegepas word.

## 4. EVALUERING

### Knelpunte

Die verweefdheid van analise met die bewyse en redenering van elke toespraak én die spanpoging as geheel bemoeilik die evaluering van hierdie vaardigheid. Die debatteerders kan byvoorbeeld wel 'n relevante geskilpunt identifiseer en dit as hoofargument aanvoer, maar die bewyse is so swak en die redenering so onlogies dat die debattering van die geskilpunt min of geen bydrae lewer om die waarheid van sy standpunt te bewys nie. In sulke gevalle behoort hierdie swakheid in die puntetoekenning ten opsigte van die genoemde vaardigheid, naamlik bewyse, redenering én analise weerspieël te word.

Die omgekeerde kan ook voorkom. 'n Hoofargument kan foutief wees, nie omdat die bewyse swak of onwaar of die redenering onlogies is nie, maar omdat dit irrelevant is ten opsigte van die proposisie. Dit is gewoonlik die gevolg van 'n gebrekkige analise. Soos hierbo aangetoon moet die punt vir swak analise ook in die punt vir bewyse en redenering weerspieël word. Die genoemde drie vaardighede kan dus nie los van mekaar beoordeel word nie. Soos in hoofstuk 2 genoem, bied sodanige argumente, hoewel inherent korrek, nie die regte antwoord op die vraag wat in die proposisie geïmpliseer word nie.

Wat die repliektoesprake betref, is dit ook nie altyd duidelik watter plek analise inneem nie, want die definiëring van terme en identifisering van geskilpunte het hoofsaaklik op die konstruktiewe toesprake betrekking. Myns insiens het analise in die repliektoesprake direk op aanval en verdediging betrekking. Die beoordelaar moet bepaal of die debatteerders die kerngeskilpunte tot op daardie stadium van die debat kan identifiseer en of hy sy aanval daarop rig, want as gevolg van die tydsbeperking is dit nie altyd moontlik om alle argumente aan te val nie. Die kritiese vermoëns van die debatteerders om sy opponente se betoog te analiseer en so tot die kern van die dispuut deur te dring, asook sy algehele aanpassing by die verloop van die debat, behoort by die evaluering van die analise in berekening gebring te word. Indien weinig of geen aanval en verdediging geskied nie, behoort dienooreenkomstig 'n lae punt vir die analise in die repliektoesprake toegeken te word.

'n Laaste knelpunt vir die beoordelaar is die feit dat analise, veral wat die konstruktiewe toesprake betref, 'n spanpoging is; tog moet 'n individuele punt aan elke spanlid toegeken word. Slegs die eerste debatteerder behartig die definiëring en stel die verskillende hoofargumente bekend. By die voorbereiding hiervan is beide lede egter betrokke en die geskilpunte word deur hulle as span geïdentifiseer; só behoort dit altans te geskied. Streng gesproke behoort beide lede dieselfde punt vir analise van die konstruktiewe toesprake te kry. Die beoordelaar moet egter elke debatteerder se analise evalueer op grond van die argumente wat elkeen debatteer: die eerste debatteerder ten opsigte van definiëring en dié argumente wat hy hanteer, en die tweede debatteerder ten opsigte van die argumente in die res van die betoog. Die beoordelaar moet sorg dat die rekenkundige gemiddeld van die afsonderlike punte wat hy vir elkeen toeken die standaard van die span se analise as geheel weerspieël.

Vervolgens gaan elke toespraak van die gekose debatte krities bespreek en geëvalueer word. Die geskrewe kommentaar dien as voorbeeld van die kritiek wat 'n beoordelaar na afloop van 'n debat aan die debatteerders kan gee. Dit word aanvaar dat die kritiek wat 'n beoordelaar tydens 'n debat kan neerskryf weens die gebrek aan tyd minder gedetailleerd sal wees. In die organisasie van die evaluering van analise word gepoog om telkens eerste die definisies te evalueer en daarna die geskilpunte. Indien 'n span die soort proposisie foutief geanaliseer het, kom dit meestal in die geskilpunte na vore. Die evaluering van die debatteerders se korrekte interpretasie van die soort proposisies en identifisering van geskilpunte geskied daarom tegelyk en in samehang met mekaar. Verder word gepoog om in die organisasie rekening te hou met die volgorde van die verskillende aspekte soos dit in die toesprake voorkom. Die organisasie van die evaluering sal dus nie deurgaans identies verloop nie, omdat elke debat uniek is en verskillende aspekte by elk om meer of minder kritiese bespreking vra.

In die evaluering wat volg word telkens na die geskrewe debatte verwys wat as 'n addendum agterin geplaas is. Die verwysing wat gebruik word, (8:18-20) beteken byvoorbeeld dat die ter saaklike gedeelte op bladsy 8 in reëls 18 tot 20 in die addendum gevind word.

## 4.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (86 U 1)

### 4.1.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.1.1.1. Eerste voorstander

Die definisies is onbevredigend. In die omskrywing van **beroepsvrou** (1:14-16) kan verwag word dat daar oor die volgende vrae uitsluitsel gegee moes word:

> Word beide die getroude en ongetroude beroepsvrou by die debat betrek? Word 'n vrou wat 'n tydelike pos beklee of slegs halfdag werk ook hieronder gereken? Wat van die vrouens wat tuis 'n beroep beoefen?

Dit is aspekte wat belangrike implikasies vir die verloop van die debat mag hê.

**Opvoedingsgebeure** (1:16-23) bly nog steeds vaag. Presies waar en hoe geskied opsetlike en onopsetlike opvoeding? Die beskrywing van prof. I.N. Steyn moet dus in terme van hierdie proposisie van toepassing gemaak word; so nie, bly dit in die lug hang. Volgens hierdie omskrywing geskied opvoeding ook tussen volwassenes (1:20-21); 'n aspek wat nêrens in die debat ter sprake kom nie.

Die kruks van die proposisie, naamlik **plek vol staan**, word glad nie gedefinieer en geen kriteria word daarvoor gestel nie. Soos vroeër genoem is dit die deurslaggewende faktor in die bepaling van die waarskynlike waarheid van die proposisie.

Die drie hoofpunte (1:24-31) betrek onderskeidelik drie terreine waar die beroepsvrou haar plek vol staan, naamlik in die samelewing, in die onderwys en tuis. Die kwessie of die beroepsvrou tuis en in die onderwys haar plek vol staan is twee belangrike en relevante geskilpunte. Wat as 'n opvoedingsgebeurtenis in die samelewing beskou kan word, word nooit duidelik omskryf nie. Die bespreking van die beroepsvrou se opvoedingstaak in die samelewing, wat as eerste hoofpunt in vooruitsig gestel is, lewer dus geen bydrae nie, veral ook omdat geen werklike argumente ter ondersteuning aangevoer is nie. Dit groei dus nie tot 'n werklike geskilpunt nie. 'n Fout in die

analise kom ook duidelik na vore as volkslewe, kerklike lewe, opvoedingsgebeure en beroepslewe parallel georden word (2:40-41)(vgl. p. 347). Hiermee word geïmpliseer dat opvoedingsgebeure naas en apart van die terrein van die volk, kerk en beroep staan terwyl dit juis op al hierdie terreine ook kan geskied.

Die kategorie van die proposisie is korrek bepaal, maar die standaardgeskilpunte is nie toegepas nie.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

#### 4.1.1.2. Eerste teenstander

Die eerste teenstander voer aan dat hulle nie met die voorstander se definiëring saamstem nie (3:1-3), maar dui nie aan wat die fout is nie en gee ook nie die korrekte definisie nie. Dit is baie onbevredigend. Alleenlik wanneer die teenstanders met die voorstanders saamstem, hoef die kernbegrippe nie weer gedefinieer te word nie. Uit die verdere betoog word afgelei dat, volgens hierdie span, opvoeding op vyf terreine geskied (3:5-7); dat die beroepsvrou wat ter sprake is van 8-5 werk (4:36) en vier kinders het (4:37).

Die hoofpunte, wat veronderstel is om die vergestalting van geskilpunte te wees, identifiseer vyf terreine waar opvoedingsgebeure plaasvind. As sodanig is hiermee geen fout te vind nie, behalwe dat tot op hierdie stadium geen duidelike kriteria gestel is waarvolgens bepaal kan word of sy op die verskillende terreine haar plek wel vol staan/nie vol staan nie. Die argument wat die arbeidsmark betrek, slaag nie, omdat die aard van opvoeding wat in die arbeidsmark geskied, nie duidelik gedefinieer is nie (6:89-119). Volgens dié debatteerder vind opvoeding wel in die arbeidsmark plaas (3:4-7) en moet hulle dus bewys dat 'n beroepsvrou ook hier nie haar plek vol staan nie. Tog voer sy aan dat die vrou "haar plek so uitmuntend op ons land se ekonomiese front vol staan" (6:105-106). Haar weerspreking verswak die span se betoog en getuig van swak analise. In werklikheid is die hoofpunt, naamlik dat die beroepsvrou nie in haar huis haar plek vol staan nie, die enigste geskilpunt.

Evaluering: swak (3).

### 4.1.1.3. Tweede voorstander

Dit is onnodig vir die tweede voorstander om weer die begrippe te definieer, tensy daar 'n verskil oor sekere terme tussen die twee spanne bestaan. In hierdie geval het die eerste teenstander wel gesê dat hulle verskil, sonder om redes aan te bied. Die tweede voorstander het dus geen verpligting om ten opsigte van die definisie te reageer nie, maar kon wel die teenstanders op bogenoemde leemte gewys het.

Die definisies lewer ook geen bydrae nie, omdat dit so onvolledig is (7:6-10). Om byvoorbeeld die **Afrikanerberoepsvrou** as "die Afrikaanse vrou wat 'n beroep beoefen" (7:8) te tipeer, is geen omskrywing nie, maar net 'n omruiling van woordorde.

'n Vae kriterium vir **plek vol staan**, word nou vir die eerste maal in die debat te berde gebring. Dit is 'n vrou wat " haar pligte ken en dit doen" (7:9), aldus die tweede voorstander. 'n Beroepsvrou sal hiervolgens haar plek vol staan as sy weet wat haar opvoedingspligte is, - wat dit ookal mag wees!- en dit uitvoer. Hoe goed sy dit doen, is hiervolgens nie ter sake nie. Tog praat beide ook van "ten volle vol staan" (7:4; 15:31-32), sonder om presies te sê wat met hierdie toutologie bedoel word. Dit impliseer meer as net iemand wat haar plig ken en dit doen. Die interpretasie van begrippe is dus nie konsekwent nie. Die omskrywing van opvoedingsgebeure verskil ook van dié van haar spanmaat (7:9-10).

Die tweede voorstander se hoofpunte (7:15-18) is geen geskilpunte nie en weerspieël swak analise. Elke sogenaamde hoofpunt verteenwoordig nie 'n geskilpunt nie, maar wel 'n begrip van die proposisie wat in elke geskilpunt verreken behoort te word. Die begrippe moes in die definiëring omskryf gewees het om dan in die geskilpunte gebruik te word, byvoorbeeld: die beroepsvrou - soos omskryf - staan haar plek vol - volgens kriteria wat genoem is - in die opvoedingsgebeure - soos uiteengesit - op die terrein van die huis, beroepslewe, kerk, ens. Dit is dus onmoontlik om beroepsvrou, opvoedingsgebeure en plek vol staan in die hoofargumente te skei (7:5-18), omdat geen sinvolle debattering sonder die inrekening van al die begrippe kan geskied nie. Die inhoud van die drie hoofpunte bewys dit ook inderdaad.

Die groot verskil in die spanlede se ordeningsbeginsel van hoofpunte, en die oorvleueling met betrekking tot die inhoud, toon dat daar wat analise betref

geen spanwerk plaasgevind het nie.

Evaluering: baie swak (1).

**4.1.1.4. Tweede teenstander**

Die feit dat die tweede teenstander nie na die definisies verwys nie, beteken dat hy met dié van die voorstanders saamstem. Hieruit kan afgelei word dat die eerste voorstander nie werklik bedoel het wat sy ten opsigte van die definisies gesê het of dat daar geen spanwerk ten opsigte van analise was nie (3:1-3).

Wat die hoofpunte betref (10:7-9), kom die samelewing en die kerk nooit ter sprake nie. Deurdat die tweede teenstander twee hoofpunte wat in vooruitsig gestel is nie debatteer nie, en verder van die oorblywende hoofpunt afdwaal, deur na die vrou se rol in die huis terug te keer (11:27-36), toon hy duidelik dat die identifisering van geskilpunte onbevredigend is. Dit word ook bewys deurdat die benaming van die hoofpunte myns insiens onvanpas is. 'n Redelike groot gedeelte van albei lede se betoog handel oor die beroepsvrou se skuldgevoelens (5:47-60; 11-12:37-87). Hierdie span sou dus 'n hoofargument kon bou rondom die geskilpunt, naamlik dat die sogenaamde skuldgevoel van die beroepsvrou in haar pad staan om haar plek in die opvoedingsgebeure vol te staan.

Hoewel die span vyf terreine geïdentifiseer het, is uiteindelik net twee gedebatteer, naamlik opvoeding tuis en in onderriginstellings, wat - as dit goed gedoen was - heeltemal voldoende sou gewees het. Hier kom egter een van die knelpunte voor, wat ter aanvang genoem is. Om die vrou se rol in die onderriginstellings as 'n geskilpunt te debatteer is relevant, maar die argumente wat aangevoer word is heeltemal irrelevant (10:12-26) (vgl. p. 219). Die tweede teenstander kan dus nie krediet kry vir hierdie geskilpunt nie.

Evaluering: Swak (3).

**4.1.2. Repliektoesprake**

**4.1.2.1. Eerste teenstander**

Die ontoereikende analise van die teenstanders word duidelik getoon in die

argumente wat die eerste teenstander aanvoer. Om byvoorbeeld die "rebellie waarin ons land tans verkeer" (13:14) - verwysend na die onrus in Swart woongebiede - as bewys aan te voer dat die Afrikanerberoepsvrou nie haar plek vol staan nie, toon dat sy die feit dat dit oor die **Afrikaanse** beroepsvrou handel, buite rekening laat. Die verwysing na Reeva Forman en June Kritzinger, beide Engelse beroepsvroue, bevestig bostaande kritiek (14:35-40).

Om die verhouding van vroulike teenoor manlike professore asook die min vroueskoolhoofde aan te haal (14:17-35) ter ondersteuning van haar standpunt, naamlik dat die beroepsvrou in die onderwys nie haar plek vol staan nie, is 'n gevolg daarvan dat geen kriteria vir **plek vol staan** uitgespel is nie. 'n Vrou hoef nie 'n professor of 'n skoolhoof te wees om haar plek vol te staan nie; selfs die junior lektrise en gewone onderwyseres kan haar opvoedingstaak ewe goed uitvoer.

Die gebrek aan presiese definiëring van **opvoedingsgebeure** en die terreine waar dit voorkom, word duidelik getoon in die weerspreking en inkonsekwensie van argumente. Die eerste teenstander noem vyf terreine waar opvoeding voorkom, waaronder ook die arbeidsmark (3:5-7). In die slotsin (15:56-57) sê sy egter dat die vrou wel in haar beroep (onderwyseres, arbeidsmark?) suksesvol mag wees, maar nie in die opvoedingsgebeure nie. Volgens die begin (3:4-7) kom opvoedingsgebeure feitlik in enige beroep voor, maar nie volgens die slotsin nie.

Verder sê sy ook dat die beroepsvroue wat welslae behaal "baie dun gesaai is" (14:38-39), om net verder by monde van 'n sakeman die teenoorgestelde te sê: "My best men are women" (14:47-49). Die verwysing na Reeva Forman en June Kritzinger, wat onderskeidelik 'n skoonheidsdeskundige en 'n besturende direkteur van 'n kettingwinkelgroep is, - beroepe wat tradisioneel nie onder opvoedingsgebeure geklassifiseer sou word nie - toon die verwarring wat daar met betrekking tot opvoedingsgebeure bestaan, omdat dié begrip nie duidelik gedefinieer is nie.

Hier word duidelik getoon hoe onvolledige definiëring en gebrek aan duidelik omlynde geskilpunte die debatteerder in genoemde slaggate laat beland.

Evaluering: swak (2).

#### 4.1.2.2. Eerste voorstander

Die kernagtige herhaling van 'n sinonieme omskrywing van die proposisie is onnodig en dien geen doel nie (15:1-14). Die beswaar teen die teenstanders se definisie van opvoedingsgebeure is onbevredigend; sy dui nie aan waarmee sy nie saamstem nie. Die teenstanders het in werklikheid nie 'n eksplisiete definisie gegee nie.

Verder toon die irrelevante argumente dat die gebrekkige analise ook hier sy tol eis. Die irrelevansie van die eerste twee argumente is te wyte aan 'n gebrek aan kriteria. Hoe goed 'n baba fisiek sonder sy ma kan klaarkom, bewys nie noodwendig dat die beroepsvrou haar plek vol staan nie (15:15-23). Die redes waarom die beroepsvrou werk, al is dit om iets vir jou land te beteken, bewys ook nie dat sy haar plek ten opsigte van die opvoedingsgebeure vol staan nie (15:24-28).

Die verwysing na ongetroude beroepsvroue hier en in die konstruktiewe toespraak (15:29-32; 2:64-71), is onbeduidend omdat **beroepsvrou** nie genoegsaam afgebaken is nie. Die kwessie of die beroepsvrou haar plek vol staan is eintlik nie ten opsigte van die vrou sonder man en kinders ter sake nie.

Hierdie swakheid, om nie tot die kern van die dispuut deur te dring nie, is die gevolg van onvoldoende definiëring en 'n gebrek aan die toepassing van die standaardgeskilpunte waarvan die afwesigheid van kriteria die vernaamste is.

Evaluering: baie swak (2).

#### 4.1.2.3. Tweede teenstander

Die aspekte wat in die toespraak genoem word, toon duidelik die gebrek aan grondige analise. Pleegsorg word as 'n nuwe argument te berde gebring wat in replicktoesprake ontoelaatbaar is (17:28-37). Afgesien hiervan val pleegsorg totaal en al buite die veld van hierdie debat. Die rede waarom kinders in pleegsorg geplaas word, is selde as gevolg van 'n beroepsma, maar meestal as gevolg van werklose ouers en ander sosiale omstandighede wat nie in hierdie debat 'n geskilpunt is nie.

'n "Gestimuleerde omgewing" (17:49-52) as voorwaarde vir welslae is ir-

relevant ten opsigte van die debatspunt, tensy die debatteerders kan bewys dat slegs 'n nie-werkende ma hierdie omgewing kan verskaf en die kleuterskole nie die kind kan stimuleer nie. Dan kan tot die slotsom gekom word dat die beroepsvrou nie haar plek vol staan nie. Hierdie argument en die herhaling van die kwessie dat slegs vroue in topposte hulle plek vol staan (17:38-40) is die gevolg van 'n gebrek aan kriteria vir **plek vol staan**.

Die kwessie van massa-aandag is wel relevant, maar dit moet duideliker aan die proposisie gekoppel word en direk na argumente in die konstruktiewe toesprake verwys.

Evaluering: swak (3).

**4.1.2.4. Tweede voorstander**

Soos reeds hierbo genoem is 'n herhaalde omskrywing van die proposisie onnodig. Boonop is die definiëring nie konsekwent nie. Opvoedingsgebeure word hier aan die "groei van haar volk en nasie" (18:4-6) gekoppel, terwyl die eerste voorstander dit slegs aan die "fisiese en geestelike vorming sowel as opvoeding van die jeug" (15:6-7) gekoppel het. Hierdie span begryp nie die doel van definisies en hoe om dit in die debat te verreken nie. Deeglike definiëring in die eerste toespraak en 'n konsekwente deurvoer daarvan is 'n vereiste. 'n Gevarieerde herhaling daarvan in die toesprake moet vermy word, tensy 'n geskil oor die definisies bestaan.

Die volgende argumente van die tweede voorstander toon dat sy wel op die argumente van die teenstanders reageer. Die verwysing na Antjie Krog (18:13-15), die "baie vroue (is) wat groot opvoeders is" (18:16-21), die uitwerking van dagsorg op kinders (18:32-36), die hoeveelheid tyd wat ouers en kinders saam spandeer (19:43-46), en die huisvrou wat aan stres ly (19:47-54) bevestig dit. Hierdie argumente is wel ter sake omdat dit as reaksie op die teenstanders gestel is, maar die onvolledige bewyse, swak argumentering en die feit dat dit nie aan werklike geskilpunte gekoppel is nie, elimineer die oortuigingskrag daarvan. (Die verskillende argumente sal weer volledig onder bewyse, redenering en aanval en verdediging bespreek word.)

Die voorstanders benadeel hulle eie saak deur daarop aanspraak te maak dat die Afrikanerberoepsvrou "haar plek dubbeld en dwars, vier en twintig uur per dag vol staan" (19:62-63). Al is dit by wyse van spreke gestel, is dit 'n on-

realistiese aanspraak wat die span nie in staat is om te bewys nie. Buitendien word 'n sodanige kriterium ook nie in die proposisie geïmpliseer nie.

Evaluering: swak (3).

## 4.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BEKAWING (85 H 1)

### 4.2.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.2.1.1. Eerste voorstander

Die definiëring van die begrippe **kern** (21:37-41) en **Westerse beskawing** (21:42-47) is bevredigend. **Welvaart** en **vooruitgang** word egter nie omskryf nie. Die begrip **demokrasie** is aanvanklik bevredigend gedefinieer (20-21:28-36), maar later word gestel asof Christelikheid en spesifiek die Calvinisme 'n kernoorsaak en 'n intrinsieke eienskap van demokrasie is kernoorsaak en 'n intrinsieke eienskap van demokrasie is (20:11-13; 21:67-70; 22:92-97; 25:14-17) sonder dat dit ooit gemotiveer of voldoende bewys is.

Die eerste voorstander noem dat hulle benadering tot die debatspunt "Christelik, nasionaal en Calvinisties" is (21:54-60) sonder om te omskryf wat sy daarmee bedoel. Hoe hulle houding met betrekking tot die debatspunt hierdeur beïnvloed word, word geensins duidelik uitgespel nie.

Die eerste voorstander gaan verder van die standpunt uit dat die teenstanders van hulle interpretasie van die proposisie *moet* verskil (20:14-17), wat nie noodwendig die geval hoef te wees nie. Dit is die plig van die eerste voorstander om die proposisie te interpreteer en die teenstanders het die keuse of hulle daarmee gaan saamstem of daarvan gaan verskil. Verder word die valse voorwaarde gestel dat geen debat kan plaasvind sonder elkeen se formulering van hulle lewens- en wêreldbeskouing nie (20:18-23). Sy impliseer ook dat die opponente nie dieselfde beskouing of perspektief as dié van die voorstanders kan hê nie (20:22-23; 26:33-36). Dit is onwaar. Die verskil in lewens- en wêreldbeskouing mag wel in 'n proposisie van waardeoordeel voorkom waar meer subjektiewe kriteria ter sprake is. In 'n feiteproposisie waar dit om objektiewe feite behoort te gaan, vind sinvolle debattering juis plaas as beide spanne die proposisie eenders interpreteer en sake vanuit dieselfde raamwerk of perspektief beskou (vgl. Patterson & Zarefsky,

1983:10). Die voorstander stel dus (doelbewus?) onregverdige eise aan die teenstanders waaraan hulle nie kan voldoen nie.

Wat die geskilpunte betref, word daar geen kriteria gestel waaraan 'n regeringsvorm of ander fenomeen gemeet kan word om vas te stel of dit die kern van welvaart en vooruitgang is nie. Die stelling dat soewereiniteit in eie kring die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang is, is die enigste argument wat as 'n geskilpunt beskou kan word.

Hier word 'n ongewone analise aangetref wat in die debatsliteratuur as 'n "squirrel case" bekend staan. Volgens Sheckels (1984:195) is dit 'n "fuzzy, nutty interpretation of the resolution". Patterson & Zarefsky (1983:60) omskryf dit as 'n baie eng benadering van 'n meer algemene proposisie of 'n ongewone interpretasie van een of meer van die terme van die proposisie. Die doel van 'n sodanige betoog is dikwels om die opponente onkant te vang en paniek te veroorsaak. Patterson & Zarefsky (1983:160-161) wys daarop dat hewige kritiek teen so 'n betoog ingebring kan word, aangesien "they intended to exploit the unpreparedness of the negative, that they depend for their success on surprise rather than their own merits, that they promote trickery rather than analysis, and that they discourage rather than encourage thorough public discussion".

Die kern van die eerste voorstander, en ook van die span, se analise kom daarop neer: Omdat die "moderne demokrasie 'n Calvinisties-filosofiese kyk op die werklikheid het" (21:69-70) en deur die Calvinistiese Reformasie beïnvloed is (26:47-48); en omdat die staat "verselfstandig" is teenoor ander samelewingsverbande (21:64-68), daarom "moet dit voortspruit dat die ganse werklikheid en die volkslewe welvarend en voorspoedig sal wees" (26:51-54).

Demokrasie maak welvaart wel moontlik omdat dit vryheidsgebiede vir die individu en samelewingskringe erken. Ontplooiing van vrye inisiatief/onderneming is dus moontlik. Die Calvinisme, soos dit byvoorbeeld in Kuyper se leer van soewereiniteit in eie kring na vore kom, bied 'n teoretiese verklaring of regverdiging vir die vryheidsgebiede, maar daar is nie 'n *noodwendige* verband tussen die Calvinisme en die demokrasie nie. Histories is die band ook nie baie sterk nie. Die demokratiese staat is baie sterker deur die Liberalisme as deur die Calvinisme gestimuleer. Dit wil nie sê dat die Calvinisme geen invloed gehad het nie, maar dit was gering en hoofsaaklik tot Nederland beperk. Die koppeling van demokrasie met Cal-

vinisme is dus bedenklik en onnodig. Hierdie uitgangspunt is inderdaad bevestig in 'n persoonlike onderhoud met prof. P.J.J.S. Potgieter, hoof van die departement Staatsleer aan die PU vir CHO.

Evaluering: baie swak (2).

**4.2.1.2. Eerste teenstander**

Die individuele definisies van die teenstander is aanvaarbaar. Indien teenstanders weer die kernbegrippe definieer, moet hulle aandui waarom hulle dit doen en hoe hulle definisies verskil van dié van die voorstanders.

Ten spyte van die aanvaarbare definisies is die interpretasie van die proposisie as geheel foutief. Die span fokus op die kwessie of vandag se demokrasieë nog werklik demokraties is soos dit in sy "oorspronklike" (23:16-18) vorm beoefen of deur definisies omskryf is. Die span debatteer dus nie die gegewe proposisie nie, maar opponeer die volgende proposisie: *Demokrasie in die Weste is nog ware demokrasie.* Verder gaan die eerste teenstander van die standpunt uit dat die heersende stelsel in Suid-Afrika, naamlik dat 'n deel van die bevolking - in ons geval die Swart bevolking - tans nie verteenwoordiging in die regering het nie, die status quo in alle Westerse beskawings is (23:29-39). In die betoog word ook meestal op Suid-Afrika gefokus, terwyl die hele Westerse beskawing in berekening gebring moet word.

Ook hierdie span stel nie duidelike kriteria waarvolgens bepaal kan word of demokrasie wel die kern van welvaart en vooruitgang is al dan nie. By implikasie word 'n kriterium gestel, naamlik dat slegs 'n demokrasie wat korrek toegepas word welvaart en vooruitgang tot gevolg kan hê. Volgens hulle kan vandag se demokrasieë nie welvaart en vooruitgang tot gevolg hê nie, aangesien dit nie meer in sy "oorspronklike vorm beoefen word" en ook nie korrek toegepas word nie (23:16-18; 27:7-10). Dit is egter 'n foutiewe kriterium, aangesien hiermee 'n kernbegrip in die proposisie genegeer word. Die lande wat tans as demokrasieë erken en aanvaar word, al is dit ver verwyderd van die oorspronklike vorm daarvan, word as debatgegewe gestel en kan nie in die betoog ontken word nie. As gevolg hiervan mis hulle die kern van die dispuut en ontduik so die verpligting om met die nodige argumente aan te toon waarom demokrasie nie die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang is nie. Hierna kan moontlik getoon word wat wel die kernoorsaak daarvan is.

Die sogenaamde hoofpunte wat uit die interpretasie van die proposisie spruit, naamlik sport en die maatskaplike aspekte, is irrelevant. Hoe demokrasie se glans " besig is om op sportgebied te taan" (24:75-86), en dat op maatskaplik-sosiale gebied "onderdrukking duidelik blyk" (24:87-89), bewys hoegenaamd nie dat die kern van welvaart en vooruitgang nie in 'n demokratiese stelsel geleë is nie. Onderdrukking is byvoorbeeld nie 'n noodwendige element van 'n demokrasie nie en kan binne enige regeringsvorm voorkom. Hierdie sogenaamde hoofpunte het niks met die stelling onder debattering te maak nie. Die werklike geskilpunte is dus nie geïdentifiseer nie, omdat die interpretasie van die proposisie foutief is en geskikte kriteria ontbreek.

Evaluering: baie swak (1).

**4.2.1.3. Tweede voorstander**

Die kritiek teen die eerste voorstander geld ook ten opsigte van die tweede voorstander. Die tweede voorstander herhaal, net met ander bewoording, feitlik dieselfde as wat die eerste voorstander gesê het.

Die mistasting in die analise word ook getoon in die eis wat aan die teenstanders gestel word, naamlik om standpunt teen die moderne demokrasie in te neem (26:36-38). Die dispuut is nie of daar vir of teen demokrasie gekies moet word nie, maar of demokrasie, hetsy goed of sleg, die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang is. Sy poog dus om die teenstanders te dwing om 'n waardeoordeel oor demokrasie uit te spreek, terwyl dit 'n proposisie van feite is.

Met die stelling dat chaos sal voorkom as die volk die soewereiniteit van die staat misken, trek die tweede voorstander as't ware 'n streep deur hulle analise (26:55-60). Soewereiniteit in eie kring word as 'n sentrale eienskap van die demokrasie gesien en indien dit wegval sou dit eintlik nie meer demokrasie, soos hierdie span dit sien, wees nie. Sy voer wel aan dat geestelike verval nie die demokrasie se skuld is nie, maar die eerste voorstander het gesê dat "die kern van die moderne demokrasie soewereiniteit in eie kring" is (22:71-73). Hiermee sê die tweede voorstander, sonder dat sy dit besef, dat demokrasie in teorie en in beginsel wel gesond is, maar in die praktyk tot chaos kan lei. Aangesien hierdie span welvaart en vooruitgang nie gedefinieer het nie, kan chaos as die teenpool van welvaart en vooruitgang geïnterpreteer word. Daar was tot sover geen sprake van geestelike verval nie,

en sy motiveer nie hoekom dit nou genoem word nie. Indien welvaart en vooruitgang gedefinieer was, kon geestelike welvaart wel genoem gewees het.

In beide toesprake word slegs een potensiële geskilpunt herhaaldelik gestel: Demokrasie moet lei tot welvaart en vooruitgang, omdat dit uit die Calvinistiese Reformasie ontstaan het en tot soewereiniteit in eie kring van staat en ander samelewingsinstellings gelei het (21-22:61-76; 26:47-54).

Evaluering: baie swak (1)

**4.2.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander se betoog fokus verkeerdelik op die sogenaaamde "suiwerheid" of korrekte toepassing van demokrasie (27-28:11-46), en op Suid-Afrika wat nie sogenaamd demokraties is nie. Afgesien daarvan dat dit irrelevant is, word "ware demokrasie" nie duidelik genoeg omskryf nie (28:20-40).

Die hoofpunt oor die ekonomie is onsamehangend (28-29:47-69). Demokrasie en kapitalisme word as gelyksoortiges teenoor mekaar gestel, terwyl demokrasie 'n regeringstelsel en kapitalisme 'n ekonomiese stelsel is wat gewoonlik binne 'n demokrasie voorkom. Die hoofpunt oor die kultuur soos dit hier behandel is (29:70-75), het geen verband met die proposisie nie.

Kortom: die analise is in alle opsigte foutief omdat die proposisie verkeerd geïnterpreteer is en geen geskilpunte geïdentifiseer is nie.

Evaluering: baie swak (1).

**4.2.2. Repliektoesprake**

**4.2.2.1. Eerste teenstander**

Die mistasting in die analise vind ook in hierdie toespraak weerklank. In (30:4-6) word beweer dat daar geen welvaart is nie - 'n gegewe waarvan die bestaan deur die proposisie erken word - in plaas daarvan om aan te toon dat demokrasie nie die kernoorsaak daarvan is nie. Verder word beweer dat demokrasie deur ander stelsels vervang is (30:24-28), instede daarvan om te toon watter fenomene die kern van welvaart en vooruitgang is.

Die bewering dat welvaart "op die kerngesondheid van die sedelike uitlewing van die samelewing berus" (30:10-12), kom nader aan die dispuut. Hier word 'n alternatiewe oorsaak van welvaart voorgestel. Dit is dus 'n potensiële geskilpunt. Dit moes egter in die konstruktiewe toesprake bespreek gewees het ten opsigte van kriteria vir 'n fenomeen wat die kern van welvaart kan wees. Die onvolledige uitwerk van die bewering en gebrek aan bewyse, verhoed ook dat dit 'n argument word wat 'n bydrae lewer tot die span se standpunt.

Evaluering: baie swak (1).

#### 4.2.2.2. Eerste voorstander

Die opsomming wat die eerste voorstander van haar betoog bied (31:1-11), toon duidelik dat sy in werklikheid geen geskilpunte geïdentifiseer het nie. Die aanspraak in die tweede deel van die opsomming (31:3-11) het nie werklik gerealiseer nie.

Hier, en ook in al die repliektoesprake van hierdie debat, is haas geen sprake van werklike aanval en verdediging nie. Die eerste voorstander bly daarop wys dat die teenstanders nie reageer nie, maar reageer self nie op die teenstanders se interpretasie en argumente nie. Die enigste reaksie geskied op die teenstanders se "kubusblokargument" (31-32:30-35) wat in werklikheid irrelevant is. Dit is die onvermydelike gevolg van 'n swak analise waar geen kriteria gestel is nie en geen botsende geskilpunte geïdentifiseer is nie.

Evaluering: steeds baie swak (2).

#### 4.2.2.3. Tweede teenstander

Dieselfde foutiewe benadering kom hier voor soos nou reeds herhaaldelik aangetoon is. Die vraag wat die teenstander aan die voorstanders rig is egter 'n positiewe reaksie: hoe rym hulle die "vryheid van die geheel" met die situasie in Suid-Afrika waar die meerderheid, bedoelende die Swart bevolking, nie dieselfde vryheid as die ander geniet nie (32-33:15-22)? Met hierdie vraag toon die teenstander 'n mate van kritiese vermoë deurdat hy 'n moontlike swak skakel in die analise van die voorstanders identifiseer.

Verdere negatiewe kritiek is die feit dat die teenstanders geen antwoord bied op enige vraag van die voorstanders nie, selfs al kon hulle net die vrae as on-redelik en irrelevant uitgewys het. As gevolg van hul eie gebrekkige analise kan hulle nie die opponente aanval op grond van hulle swak analise wat die irrelevante vrae tot gevolg het nie. Die stelling dat hulle teen demokrasie gekant is (33:27-30), toon dat hulle foutiewelik die proposisie as 'n waardeoordeel geïnterpreteer het.

Evaluering: baie swak (2).

**4.2.2.4. Tweede voorstander**

Die analise toon geen verbetering sedert die vorige toespraak nie. Die stelling dat in 'n demokrasie die harmonie tussen die gesag van die staat en die wil van die volk op 'n revolusionêre of diktatoriale wyse bewerkstellig kan word, is 'n kontroversiële stelling wat geensins by 'n vorige geskilpunt inpas nie (34:16-19). Hiervolgens sou die stelsel in kommunistiese lande ook as demokraties beskou kan word, met die enigste verskil dat die "harmoniëring" in die Weste op parlementêre wyse geskied en in kommunistiese lande op diktatoriale wyse! Hiermee ignoreer sy hulle vroeëre definisie van demokrasie (21:31-36).

Die stelling dat dit in hierdie debat oor "beginsels" en "geskiedenis" gaan (33:6-9), weerspieël ook die foutiewe analise. Al die swakhede wat voorkom is as gevolg hiervan: nog steeds word nie oor die werklike debatspunt geargumenteer nie en is die wesenlike geskilpunte nie geïdentifiseer nie.

Evaluering: baie swak (2).

## 4.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1)

### 4.3.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.3.1.1. Eerste voorstander

Die interpretasie wat aan die verskillende begrippe gegee word, is deeglik maar baie wyd. Die gevaar wat aan so 'n wye interpretasie verbonde is, is dat daar in die loop van die debat nie aan al die partye se reaksies op al die verskillende menings reg sal geskied nie. 'n Duideliker afbakening, wat slegs op die kernaspekte fokus, sou tot hulle voordeel gestrek het. In die omskrywing van **wêreldmening** word byvoorbeeld tussen die Ooste en Weste onderskei (38-39:32-42), maar nie in die betoog deurgevoer nie. Die klem in hierdie toespraak behoort ook nie soseer op die wêreldmening te val nie (38-39:22-53), maar eerder op Suid-Afrika se reaksie daarop, en of die reaksie as oormatig geïnterpreteer kan word.

Verder is die interpretasie van die soort proposisie foutief. Die debat handel nie oor die redes of gevolge van 'n oormatige reaksie nie, maar oor die vraag: Hoe kan Suid-Afrika se reaksie op die wêreldmening geïnterpreteer word - as oormatig of as matig? Dit is inderdaad nie 'n proposisie van waardeoordeel nie, maar van interpretasie. Die positiewe of negatiewe waarde van 'n oormatige reaksie word derhalwe nie in die eerste plek gedebatteer nie.

Duidelik omlynde geskilpunte kom nie na vore nie. Kriteria waarvolgens 'n reaksie as oormatig geklassifiseer kan word, ontbreek. Sy sê dat die Weste se mening in ag geneem moet word (39:43), en later: "jy kan nie die buitelandse mening die norm" maak nie (39:61-63). Wat die presiese verskil tussen "in ag neem" en "nie die norm maak" is, word nie duidelik genoeg omskryf of geïllustreer om as 'n kriterium vir 'n oormatige reaksie te kan dien nie.

Dit wat die voorstander moet bewys, naamlik dat Suid-Afrika se reaksie oormatig is, word eenvoudig aanvaar. Die sogenaamde redes hiervoor word gegee, naamlik vrees en 'n aangebore neiging tot oorreaksie (39:54-56). Dat daar redes vir 'n oormatige reaksie mag bestaan, is nie bevredigende konkrete bewyse dat dit wel voorkom nie. Slegs een konkrete bewys word aangevoer: die "sloerende onrustoestand" (39:68-73) wat nie beëindig word nie uit 'n sogenaamde vrees vir die wêreldmening. Die geskilpunte wat wel geïdentifiseer is, bevat nie die werklike dispuut van die debat nie.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

#### 4.3.1.2. Eerste teenstander

Die eerste teenstander se interpretasie van die proposisie is kernagtig en duidelik en bevat die nodige detail wat vir hierdie debat ter sake is. Al die terme word omskryf en die kernwoord **oormatig** word uitgelig. Die belangrikste is egter dat die definisies saamgevat word in 'n tesis (41:60-64). Dit vorm die essensie van die dispuut in hierdie debat.

Die standaardgeskilpunte is hier toegepas. 'n Duidelike kriterium vir 'n oormatige reaksie is gestel, naamlik 'n reaksie wat te veel of te min is en tot Suid-Afrika se nadeel sal strek (41:51-64). Verder is twee terreine, te wete die politieke en ekonomiese, afgebaken. Die eerste teenstander toon hoe die politieke reaksie van Suid-Afrika nie aan die kriterium beantwoord nie, en dus nie as oormatig bestempel kan word nie.

Die analise as geheel toon dat die debatteerder duidelik weet waaroor dit gaan en wat hy veronderstel is om te bewys. Hy doen dit en hou daarby.

Evaluering: uitstekend (9).

#### 4.3.1.3. Tweede voorstander

Die kernprobleem van die tweede voorstander se analise is, net soos dié van die eerste voorstander, dat die proposisie as 'n proposisie van waardeoordeel geïnterpreteer is, terwyl dit in werklikheid 'n proposisie van interpretasie is.

'n Oormatige reaksie moet deur hulle as feit bewys word, maar hulle aanvaar dit by voorbaat as feit en debatteer die waarskynlike negatiewe waarde daarvan, soos die gevolge (43:31-36) en die onnodigheid (44:46-54) van 'n sodanige reaksie. Al is dit waar dat 'n oormatige reaksie nadelig is, is dit nie die essensie van die debat nie. Die betoog sou by die volgende proposisie geslaagd gewees het: *Suid-Afrika se oormatige reaksie op die wêreldmening strek tot sy eie nadeel.* Hier word **oormatige reaksie** as feit gestel en moet die kwessie of dit **nadelig** is of nie gedebatteer word.

Die tweede swakheid in die analise lê in die gebrekkige kousale redenering.

Daar word nie voldoende bewys dat die voorbeelde wat genoem word, soos die "onbesonne en halsoorkoppe wyse" (45:81-84) waarmee die hervormings aangepak is, die oproer in Swart woongebiede asook die AWB se handelinge, werklik 'n oormatige reaksie op die **wêreldmening** is nie. Die genoemde voorbeelde kan die gevolg wees van ander stimuli. Die hervormings kon moontlik ook as gevolg van eie oortuigings of selfs na aanleiding van binnelandse druk geskied het. Die linkse en regse polarisasie kon moontlik as gevolg van die binnelandse beleid geskied het - links reageer na aanleiding van te min hervormings en regs na aanleiding van te veel hervormings.

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit dat die analise van die proposisie nie heeltemal korrek is nie: die proposisie word as 'n waardeoordeel beskou en daarom is irrelevante geskilpunte geïdentifiseer.

Evaluering: swak (3).

**4.3.1.4. Tweede teenstander**

Dieselfde evaluering van die eerste teenstander geld ook ten opsigte van die tweede teenstander.

Die ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika van die buitewêreld word noukeurig uiteengesit om tot die slotsom te kom dat Suid-Afrika die buitelandse mening nie geheel en al kan ignoreer nie. Voorts word aangevoer dat sekere reaksies nie as oormatig bestempel kan word as die gevolge van so 'n reaksie in berekening gebring word nie (47:84-90 en 47:95-111).

Die slotargument (48:112-123) toon duidelik dat die tweede teenstander ook die kruks van die debat geïdentifiseer het en sy analitiese vermoëns kan as baie goed bestempel word. Die tweede teenstander kon egter meer eksplisiet aangetoon het hoe Suid-Afrika se reaksie op ekonomiese gebied nie aan die kriteria vir 'n oormatige reaksie, soos deur die eerste teenstander genoem, voldoen nie.

Evaluering: baie goed (8).

## 4.3.2. Repliektoesprake

### 4.3.2.1. Eerste teenstander

Die deeglikheid en korrektheid van die analise wat in die konstruktiewe toesprake getoon is, word ook hier voortgesit. Die aspekte wat aangeval word fokus op die kern van die debat, naamlik die interpretasie van die term **oormatig** (48:5-10; 48:19-23; 49:43-49) en Suid-Afrika se reaksie op die buiteland (49:24-42).

Die eerste teenstander moes sy beswaar teen die voorstanders se definisies as "te breed" gemotiveer het. Hy kon ook 'n aanval gerig het op die voorstanders se analise van die debat as 'n waardeoordeel, asook kommentaar gelewer het op die voorstanders se siening dat die groter polarisasie tussen links en regs 'n reaksie op die wêreldmening is.

Evaluering: goed (7).

### 4.3.2.2. Eerste voorstander

Die repliek sentreer rondom dié punt, naamlik dat sanksies nie regtig 'n groot gevaar vir Suid-Afrika inhou nie. Uit hierdie repliek sou 'n toehoorder kon aflei dat die volgende proposisie gedebatteer word: *Sanksies hou geen gevaar vir Suid-Afrika in nie*, of *Die vrees vir sanksies is ongegrond.*

Die probleem lê daarin dat die klem slegs op die sogenaamde ongegronde vrees vir sanksies val en nie op die kwessie of Suid-Afrika se reaksie as oormatig beskou kan word in die lig van die feit dat sanksies selde 'n werklikheid word en dat Suid-Afrika buitendien selfversorgend is. Die stellings word nie duidelik genoeg aan die dispuut in die debat gekoppel nie. Dit is die gevolg van foutiewe geskilpunte wat in die konstruktiewe toesprake geïdentifiseer is.

'n Punt van verdere kritiek is ook die totale afwesigheid van 'n aanval op die teenstanders se argumente.

Evaluering: swak (3).

#### 4.3.2.3. Tweede teenstander

Die tweede teenstander reageer direk op die debatteerder se argumente en bring die kwessie van selfversorgendheid en oormatige reaksie ter sprake (51-52:25-43). Dié teenstander bring argumente na vore wat direk bots met dié van die voorstanders - inderdaad die essensie van debattering!

Hierdie repliektoespraak, soos ook die konstruktiewe toesprake van dié span, is 'n bewys dat 'n korrekte analise 'n debatteerder se kompas is wat hom in 'n debat op die spoor hou en verhoed om op allerlei dwaalweë te beland.

Die sterk argument van die voorstanders, naamlik die uitstel van die noodtoestand, word nie omseil nie, maar met bewyse direk aangeval.

Evaluering: baie goed (8).

#### 4.3.2.4. Tweede voorstander

Die opsomming waarmee die voorstander begin, getuig van goeie begrip vir die stand van die debat tot op hierdie stadium. Met die stelling dat die buitelandse mening wel in ag geneem, maar nie die norm gemaak moet word nie (53:12-14), word 'n kriterium vir 'n oormatige reaksie geïmpliseer: Indien Suid-Afrika volgens die norme van die buiteland reageer, sou dit as oormatig bestempel kan word. Die voorstander spel geensins hierdie norme uit nie en pas dit ook nie op die reaksie in Suid-Afrika toe nie.

Verder bewys hy nie bo alle twyfel of daar 'n direkte kousale verband tussen die wêreldmening en die sogenaamde "histeriese onbesonne optrede" (53:16), die wettiging van Swart vakbonde en die nuwe grondwet, bestaan nie (53:35-37). Dus: was die genoemde handelinge 'n reaksie om die wêreldmening se norme tevrede te stel, en - die kruks van die saak - as dit so was, kan dié reaksie as oormatig beskou word? Die voorstander loop die gevaar om alle binnelandse probleme en foute te wyt aan 'n oormatige reaksie op die wêreldmening. Alvorens hierdie kousale verband nie bo alle redelike twyfel bewys word nie, kan dié argumente nie tot werklike geskilpunte uitgebou word nie.

Ten spyte van die feit dat geen direkte aanval op die opponente se argumente gemaak word nie, is die tweede voorstander se analise beter as in die

konstruktiewe toespraak, aangesien hier meer op die kerndispuut gekonsentreer is en nie soseer op die waarde van 'n oormatige reaksie nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

## 4.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 7)

### 4.4.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.4.1.1. Eerste voorstander

Die begrippe **ekonomiese vooruitgang** (57-58:21-37) en **uitbouing** (58-59:65-87) is deeglik omskryf. Die interpretasie van **uitbouing** is so omvattend dat dit haas onmoontlik is om binne die bestek van 'n enkele debat met genoegsame bewyse aan te toon dat uitbouing op al die genoemde vier terreine na behore geskied.

'n Probleem kom hier na vore in die interpretasie van **kultuur** (58:38-64). Kultuur is nie gekoppel aan die Afrikaner soos dit in die proposisie verwoord is nie. Dit gaan nie oor die uitbouing van **die** kultuur nie, maar oor die uitbouing van sy (dit wil sê die Afrikaner se) kultuur. Die proposisie fokus dus op die vraag of die Afrikaner sy ekonomie of beskikbare kapitaal na behore aanwend om sy eie unieke Afrikanerkultuur uit te bou. Die analise het verder ook nie met die sogenaamde "spirit of the resolution" (Patterson & Zarefsky, 1983:160) rekening gehou nie. Die algemene "gees" of aard van die proposisie moet gesien word in die lig van die feit dat die JR 'n Afrikanerkultuurorganisasie is. Die bewoording en die gees van die proposisie dui aan dat dit hier om die enger Afrikanerkultuur gaan, en nie om die universele kultuuropdrag in Genesis 2 en 3 van bewerk en bewaak nie (62:17-22). Die interpretasie van kultuur as sodanig is nie verkeerd nie, maar dit is ten aansien van hierdie proposisie foutief. Die horisontale kultuurverskille tussen verskillende volke en rasse, en vertikale verskille binne dieselfde volk en ras, moes duideliker uitgespel gewees het (58:56-64).

Die begrip **na behore** is geheel en al geïgnoreer, terwyl dit die kruks van die debat behoort te vorm. Die voorstanders stel dus geen kriteria waaraan die kultuuruitbouing gemeet kan word nie.

Die eerste voorstander se sogenaamde hoofargumente, naamlik ekonomiese vooruitgang en kultuur is nie geskilpunte nie, maar bloot 'n gedetailleerde definiëring van die twee begrippe (57:12-16). Die eerste voorstander se toespraak bestaan dus net hieruit. Geen konstruktiewe argumente word werklik aangevoer nie. Die omskrywing van die begrippe **vooruitgang** en **kultuur** is foutiewelik as geskilpunte geïdentifiseer.

Evaluering: swak (3).

**4.4.1.2. Eerste teenstander**

Die eerste teenstander het krities geluister want sy wys dadelik die voorstander se ignorering van die begrip **na behore** uit. Haar definiëring daarvan (60:20-30) bly egter ontwykend en vra om duideliker konkretisering sodat kriteria hieruit afgelei kan word.

**Kultuur** is in ooreenstemming met die bedoeling van die proposisie geïnterpreteer (60:31-39). Eksplisiete voorbeelde van wat presies met "oorgeërfde tradisies" (60:34) bedoel word, sou die interpretasie uitstekend gemaak het. Die definiëring van die begrippe in aansluiting of in teenstelling met dié van die voorstanders, is 'n pluspunt in debattering waar botsing (vgl. Kleinau, 1982a:228) van kardinale belang is.

Sy stel nie eksplisiet, as eerste geskilpunt, kriteria vir **na behore** nie. 'n Kriterium word wel geïmpliseer, naamlik die groei of stagnasie van die Afrikanerkultuur sal aandui of die benutting voldoende is al dan nie. Dié kriteria word egter nie duidelik genoeg in die betoog van toepassing gemaak nie. Die vier geskilpunte wat in die onderskeie hoofpunte vergestalt word (60:10-15), is beslis relevant ten opsigte van die proposisie. Die rol van die taal en die tradisies wat sy wel genoem het kon egter sterker hierin gefigureer het.

Evaluering: baie goed (8).

**4.4.1.3. Tweede voorstander**

Die tweede voorstander se drie hoofargumente is wel geskilpunte, maar as gevolg van die foutiewe interpretasie van **kultuur** (58:38-64) en die gebrek in die afbakening van die begrip **kultuuruitbouing** (58-59:65-87), is dit nie

werklik relevant nie. Die vraag in die proposisie lui: Benut die Afrikaner sy ekonomiese vooruitgang na behore ter uitbouing van sy kultuur? Die antwoord van die tweede voorstander is : ja, omdat

1 die Afrikaner hom deur verstedeliking, modernisering en hoër geletterdheid tot 'n hoë beskawingspeil ontwikkel het (63:30-50);
2 die Afrikaner die "anderskleuriges" na die "beskawingskultuurtop" waarop hy verkeer, opgehef het; (63:51-70);
3 die Afrikaner "die sterkste veiligheidsmag in Afrika" het en sy "politieke en ekonomiese inisiatiewe" ingespan het om "Blanke baasskap te verseker" (64:71-88; 70-71:51-64).

Die irrelevansie van die eerste hoofpunt is as gevolg van die genoemde foutiewe definisie van **kultuur** en gebrek aan kriteria vir behoorlike benutting. Beskawingspeil neem die plek van Afrikanerkultuur in, en aanpassing by veranderde ekonomiese toestande - verstedeliking en modernisering - word foutiewelik as behoorlike benutting gesien.

Dieselfde foutiewe definisie en gebrek aan kriteria eis ook sy tol in die tweede hoofpunt. 'n Aanname word geïmpliseer: deur ander te beskaaf en op te voed vind noodwendig kultuuruitbouing plaas. Die feit dat jy 'n ander jou taal leer, impliseer nie per se dat die ekonomie benut word en dat kultuuroordrag plaasvind nie. Die genoemde voorbeelde (63:56-61) ondersteun ook geensins dié standpunt nie.

In die derde hoofpunt word weer 'n aanname geïmpliseer wat die eerste voorstander ook genoem, maar nooit bespreek het nie, naamlik dat politieke mag 'n voorwaarde vir kultuuruitbouing is. Hiervolgens sou dit byvoorbeeld nie vir enige volk, soos die Swart volke, of gemeenskap, soos die Duitse gemeenskap, moontlik wees om hulle eiesoortige kultuur te handhaaf en uit te bou nie, want hulle het nie die politieke mag in Suid-Afrika nie.

In al drie hoofpunte speel die gebruikmaking van die ekonomie geen, of 'n onbeduidende rol. Telkens word die politieke mag te berde gebring (63:39-41; 64:83-85), asof die proposisie lui: *Die Afrikaner benut sy politieke mag na behore ter uitbouing van sy kultuur!*

Om bogenoemde redes kan beweer word dat die analise foutief is en dat die

geskilpunte nie op die kern van die dispuut fokus nie.

Evaluering: baie swak (2).

**4.4.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander se analitiese vermoëns word getoon deurdat hy die verskil in die interpretasie van kultuur aantoon en hierteenoor sy span se interpretasie stel (65:10-18).

In die twee geskilpunte toon die tweede voorstander aan dat op die gebied van die skeppende kunste en die media die Afrikaner nie die ekonomie na behore aanwend om sy kultuur uit te bou nie. Dit is belangrike terreine waar kultuuruitbouing kan geskied. Die twee fenomene moes egter duideliker aan kriteria vir **na behore** getoets gewees het, om dan tot die slotsom te kom dat die uitbouing wel nie na behore geskied nie. Die feit dat sulke kriteria nie deur die span benut is nie, benadeel dus ook hier hulle redenering.

Evaluering: goed (7).

**4.4.2. Repliektoesprake**

**4.4.2.1. Eerste teenstander**

Die eerste teenstander fokus op die eerste hoofargument van die tweede voorstander en loods 'n gedetailleerde aanval op die genoemde argument. Die kernverkil tussen die twee spanne, naamlik die kwessie of kultuur en beskawing aan mekaar gelykgestel kan word, kom ook onder skoot (67-68:1-8).

Die vermoë van die debatteerder om botsende standpunte te identifiseer en om op die kern te bly fokus en minder belangrike sake te ignoreer, toon 'n uitstekende analitiese vaardigheid.

Evaluering: uitstekend tot onverbeterlik (9).

**4.4.2.2. Eerste voorstander**

Die mistasting in die analise van die proposisie word duidelik getoon in die woorde: "Ons kultuuruitbouingstryd lê tussen beskawingskultuur en primi-

*tiewe kultuur, vriende, en dit is die kern van hierdie bespreking"* (70:28-31). Al sou so 'n stryd in Suid-Afrika bestaan, is dit nie die kern van hierdie debat nie. Dit is weer eens as gevolg van foutiewe interpretasie van **kultuur** en **kultuuruitbou.**

Sy antwoord nie op die aanval wat op hulle interpretasie van die proposisie geloods is nie, maar hou hardnekkig vol om die irrelevante geskilpunte opsommenderwys te herhaal (70-71:32-64). Hier is dus geen sprake van aanval en verdediging nie.

Evaluering: baie swak (2).

**4.4.2.3. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander se analise van die debat tot op hierdie stadium is baie goed. Hy toon nog steeds die verskil aan in die interpretasie van kultuur, maar besef dat verdere uitbreiding hierop nie die saak sal verander nie (71:10-16). Verder wys hy die voorstanders op hulle gebrek aan reaksie op die teenstanders se argumente (71:17-19), asook die fout om die ekonomie nie in die hoofpunte in berekening te bring nie (71-72:19-24). Hy keer ook weer terug tot die kern, naamlik dat hulle erken dat daar ekonomiese groei is, maar dat dit nie na behore benut word om die Afrikaner se kultuur uit te bou nie (72:25-43).

Evaluering: baie goed (8).

**4.4.2.4. Tweede voorstander**

By die tweede voorstander is daar 'n beter poging tot aanval en verdediging as by die eerste voorstander. Dit mis egter nog steeds die kruks van die dispuut. Die aspekte wat die tweede voorstander hier te berde bring, naamlik die Afrikanerkultuur wat "besig is om te verwesters en te verengels" (73:6-20) en die "miskenning van Afrikaans en ons tradisies" (73-74:21-44), weerspieël 'n swak analise. Dié twee aspekte vorm nie die kruks van die dispuut nie. Buitendien kom die benutting van die ekonomie nie eksplisiet ter sprake nie.

Die swak analise word ook getoon in die feit dat die voorstander in gebreke bly om te reageer op kernargumente wat die teenstanders aangeval het, soos die beskuldiging dat hulle **kultuuruitbou** verkeerd geanaliseer en die benut-

ting van die ekonomie nie genoegsaam verreken het nie. Hy besef blykbaar nie hoeveel skade aan hulle saak berokken is nie, of is nie in staat om hom te verdedig nie.

Evaluering: baie swak (2).

## 4.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE (86 E 1)

### 4.5.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.5.1.1. Eerste voorstander

Die omskrywing van **voldoende**, wat die kerndispuut van hierdie debat vorm, is onbevredigend, aangesien "genoeg en goed genoeg" (78:6) net so relatief as **voldoende** is. Die begrip **jeug**, kon ook aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel gewees het, deur byvoorbeeld die jeug as almal tussen 10-21 jaar te beskou. Die hoë graad van abstraksies word in die bogenoemde twee begrippe nie werklik verlaag en in meer konkrete terme uitgedruk nie. Die res van die definisies is bevredigend.

Die hoofpunte vloei voort uit die verskillende wyses waarop opvoeding kan geskied. Die afwesigheid van 'n duidelike omskrywing van wat elkeen presies behels, is hier 'n leemte. Die hoofpunte, naamlik informele opvoeding en nie-formele opvoeding is as sodanig relevant (78:24-29). Dit word egter nie genoegsaam uitgebou nie, omdat hulle nie aan kriteria vir **voldoende** en aan die spaninterpretasie van **ekonomie** gekoppel is nie. Sy moes byvoorbeeld bewys dat informele opvoeding in die huis, deur die media en deur opvoedkundige speletjies goed genoeg is om die jeug op te voed met betrekking tot persoonlike finansies, en/of kennis van die sakewêreld, finansiële instellings en die arbeidsmark (78:6-9). Soos in vorige besprekings genoem is, word die definiëring van die begrippe nie voldoende in die argumente wat aangevoer word verreken om die proposisie as waarskynlik waar te bewys nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.5.1.2. Eerste teenstander

Hier vind geen definiëring plaas nie; die teenstanders vereenselwig hulle met

die voorstanders se definisies (80:9-11). Dit is aanvaarbaar. In so 'n geval moet die evaluering van die voorstanders se definisies ook vir die teenstanders geld, hetsy goed of swak.

'n Baie belangrike standaardgeskilpunt word hier van toepassing gemaak deurdat kriteria gestel word waarvolgens voldoende opvoeding bepaal kan word (81:39-50). Die kernvraag wat die beoordelaar moet beantwoord is dit: Is dié maatstaf redelik en regverdig? Die kriteria kan dalk sulke hoë eise stel dat dit vir die teenstanders maklik is om te bewys dat die opvoeding onvoldoende is.

Volgens die teenstanders is dié sewe punte 'n maatstaf vir 'n ekonomies-weerbare *mens* (81:38). Die tweede teenstander beskou hierdie punte as die vereistes gestel vir "ekonomiese volwassenheid" (85:14-16). Nou is die vraag of dit gelyk gestel kan word aan 'n maatstaf om genoegsame *opvoeding* van die *jeug* te bepaal, want dit is waaroor die debat handel. As die maatstaf op 'n dertienjarige kind van toepassing gemaak word, is dit beslis onregverdig. Dit sou regverdiger wees as 'n een en twintig-jarige universiteitstudent hiervolgens getoets word. Voldoende kennis in enige vakgebied word tog getoets nadat die skolingsproses deurloop is. Hierdie kriteria is dus nie geskik om die jeug se opvoeding te toets terwyl hulle nog in die proses van opvoeding is nie. Hoe, en op wie die kriteria toegepas word, sal die regverdigheid daarvan bepaal.

Om kriteria te stel waarvolgens voldoende ekonomiese opvoeding bepaal kan word, is korrek, maar om dit dan nie self toe te pas nie, is foutief. Die teenstander stel nie duidelik dat die vraelys (82:72-82) 'n direkte toepassing van die sewe punte is nie. Volgens die beskikbare inligting stem die vraelys, behalwe vir een vraag, nie ooreen met die sewe genoemde punte nie. Wat is die sin van kriteria as dit nie toegepas word nie?

Die ander hoofpunte poog om by dié van die eerste voorstander aan te sluit. Aanpassing by die opponente se hoofpunte om sodoende botsing van argumente te bewerkstellig, is die ideaal in debattering. In hierdie geval het dit nie gerealiseer nie en sal die kritiek onder redenering en organisasie bespreek word.

Die evaluering van die analise van die eerste teenstander is nie maklik nie omdat dit van ongelyke gehalte is. Die stel van kriteria is volgens die

debatsteorie 'n essensiële geskilpunt (baie positief), maar dan word die kriteria nie toegepas nie (baie negatief). Verder poog hy om in die geskilpunte by die voorstander aan te pas (positief), maar slaag nie werklik daarin nie (negatief).

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.5.1.3. Tweede voorstander**

As deel van die inleiding word die "beslote koöperasies" (83:5-13) te berde gebring, maar nie aan die debatspunt gekoppel nie. Dié saak is dus geen geskilpunt in die debat nie en daarom irrelevant. Dieselfde geld ten opsigte van die verwysing na volwassenes wat moes veg vir die "Afrikaner se plekkie in die ekonomie" (83:14-17). Dit beweeg buite die punt onder dispuut.

Die formele opvoeding waaronder sekondêre en tersiêre onderwys, is wel relevant. Dit is egter steeds nie duidelik waaraan voldoende opvoeding gemeet word nie. As die teenstanders se kriteria nie aanvaar word nie (83:18-24) moet ander kriteria gestel word. Die tweede voorstander stel, sonder dat sy daarvan bewus is, wel 'n kriterium vir voldoende opvoeding met betrekking tot die ekonomie: "hulle moet hulle slegs as volwassenes op finansiële gebied kan handhaaf" (83:20-24), en hoef nie kenners ten opsigte van die ekonomie te wees nie. Hierdie kriterium word egter nie toegepas nie, want onder formele opvoeding word reeds verwys na opvoeding met die oog op vorming van kenners van die vak. Die kriterium en die hoofpunt rym dus nie met mekaar nie.

Uit die verdere argumente blyk dit dat **voldoende ekonomiese opvoeding** bepaal word na aanleiding van die hoeveelheid individue wat die onderskeie ekonomiesgerigte vakke neem (84:41-46; 84:62-67), asook na aanleiding van die praktykgerigtheid van sillabusse (84:48-52). Die voorstander kon ook duideliker aangetoon het hoe hierdie formele opvoeding ten aansien van die vier aspekte waaruit die ekonomie bestaan (vgl. 78:7-9) voldoende is. Die belangrikste kritiek is dat die ekonomiese opvoeding nie aan duidelik gestelde en konsekwente kriteria getoets is nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.5.1.4. Tweede teenstander

Die tweede teenstander sluit beter as die eerste teenstander by die tweede voorstander se hoofpunt aan. Formele opvoeding is inderdaad 'n belangrike geskilpunt omdat hy aanvoer dat die kwaliteit daarvan nie voldoende is nie.

Die laaste punt, naamlik die eise van die toekoms (86-87:62-83), word nie werklik 'n geskilpunt in die toespraak nie. Die teenstanders koppel dit nie direk aan die huidige opvoeding nie. Hy voer ook nie konkrete voorbeelde aan wat die huidige opvoeding as onvoldoende met betrekking tot die toekomseise bewys nie. Dat hierdie eise nie die span se standpunt ondersteun nie, word verder bewys deurdat dit in die samevatting van die span se betoog nie eens genoem word nie (87:84-89). Om hierdie punt bevredigend te kon debatteer, moes hy voldoende opvoeding met betrekking tot die ekonomie reeds by die definiëring omskryf het as opvoeding wat die jeug toerus om toekomstige ekonomiese probleme te hanteer. Verder moes hy kriteria gestel het om die opvoeding ten aansien van die toekoms aan te toets, om dan met voorbeelde te bewys dat die ekonomiese opvoeding nie hieraan voldoen nie.

Aangesien beide spanne, op een punt na, dieselfde geskilpunte gehad het, asook dieselfde definisies vir beide gegeld het (vgl. 80:9-11), behoort hulle byna dieselfde punt vir analise te kry. Die kwaliteit van die bewyse en redenering sal bepaal wie die beste hulle standpunt gestaaf het.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

### 4.5.2. Repliektoesprake

#### 4.5.2.1. Eerste teenstander

Die argumente wat die eerste teenstander aanval, is relevante kernpunte, maar die gebrek aan bewyse en konsekwente redenering maak die aanval feitlik kragteloos. Hierdie aspekte sal volledig onder bewyse en redenering ter sprake kom. Die evaluering van analise weerspieël hier die kwaliteit van die bewyse en redenering (kyk p. 256).

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.5.2.2. Eerste voorstander

Die eerste voorstander reageer wel op die aanval van die teenstanders, maar 'n reaksie op die kerngeskilpunt, naamlik die sewe maatstawwe van die teenstanders, ontbreek steeds. Die voorstanders kan dit nie laat verbygaan weens 'n beweerde gebrek aan tyd nie (89:18-21). In debattering kan meer as een keer op dieselfde aspek gereageer word, veral as dit 'n kerngeskilpunt raak en dit blyk dat die eerste aanval om een of ander rede nie genoegsaam of effektief blyk te wees nie. Elke aanval moet egter met nuwe bewyse gestaaf word. 'n Identiese herhaling van bewyse wat in die konstruktiewe toespraak gebruik is, is onvoldoende.

Die reaksie op die interpretasie van **voldoende** (89:1-12) en die kwaliteit van onderrig (90:27-34) is ter sake en toon bevredigende analise. Die eerste voorstander reageer op geskilpunte, maar nie op die belangrikste een nie.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

#### 4.5.2.3. Tweede teenstander

Die aspekte waarop die teenstander sy aanval rig is belangrike argumente, naamlik die rol van speletjies, sakgeld en kompetisies. Dit is dan ook aspekte waarop die voorstanders hul saak gebou het. Die redes vir die aanval op die verskillende aspekte is egter nie deurgaans geldig nie en die punt vir analise moet daarmee rekening hou. Om 'n belangrike geskilpunt te identifiseer is positief, maar om dit dan met swak bewyse of foutiewe redenasies te weerlê, elimineer die positiewe waarde van die korrekte identifisering. Vollediger bespreking hiervan sal onder bewyse en redenering geskied.

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.5.2.4. Tweede voorstander

Die analise van die tweede voorstander is bevredigend. Hoewel die voorstanders die sewe maatstawwe en die toepassing daarvan nog nie bevredigend kon weerlê nie, konsentreer sy hier op ander ter saaklike geskilpunte wat in die repliektoesprake na vore gekom het, naamlik die ingeligtheid van die jeug (92-93:11-22), leerplanne op sekondêre en tersiêre vlak (93:23-34), opvoedkundige speletjies (93:35-47), en die feit dat die opvoeding

by die ontwikkeling van die kind moet aanpas (93:48-51). Laasgenoemde aspek kon sy egter sterker beklemtoon en vollediger gestel het, aangesien die teenstanders telkens hierop teruggekom het.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**4.6. SAMEVATTENDE EVALUERING**

Analise vorm die fondament waarop die res van die debattering gebou word. As dit hier verkeerd loop, geskied die debattering oor sake wat nie werklik geskilpunte is of wat glad nie relevant is nie. Die bespreekte debatte, asook die ander twintig wat bestudeer is maar nie hier weergegee is nie, toon dat die debatteerders se vaardigheid ten aansien van analise nog onvoldoende is. Beoordelaars het dus 'n groot taak om by elke beoordeling duidelik leiding te gee in verband met die analise van 'n proposisie.

In die eerste plek word 'n proposisie van feite soms as 'n proposisie van waardeoordeel hanteer. Soms word die twee ook vermeng. Die debatteerders weet nie altyd presies wat hulle moet bewys nie. Hulle aanvaar soms dit wat hulle moet bewys.

In die tweede plek is die definiëring, op enkele uitsonderings na, bevredigend, maar die afbakening van die begrippe word nie konsekwent in die debattering verreken nie. Die definisies aan die begin en die betekenis wat in die loop van die debat aan dieselfde begrip gegee word, blyk dikwels verskillend en soms selfs botsend te wees. Die debatteerders sien dikwels die definiëring as'n losstaande aspek sonder om die implikasies daarvan vir die debat te besef. Die duidelikste voorbeeld hiervan is gevind in die debat (86 H 2) met die proposisie: *Suid-Afrika reageer oormatig op die wêreldmening*. Die voorstander het **mening** as 'n "sienswyse, 'n oordeel of oortuiging" gedefinieer. Verder is **wêreldmening** omskryf as "al die menings wat in die wêreld uitgespreek word" en is die hoofpunte sport, modes en musiek gedebatteer as voorbeelde waar Suid-Afrika oormatig op die buitelandse mening reageer. Die betekenis van **mening**, wat deur die voorstanders korrek gedefinieer is, is glad nie in die identifisering van geskilpunte in berekening gebring nie. Afgesien daarvan dat die drie genoemde aspekte dus irrelevant is, kan sport, modes en musiek nie onder 'n mening geklassifiseer word nie. Die wêreld mag 'n mening *oor* sport, modes en musiek hê, maar dié fenomene self is nie menings nie.

In die derde plek toon die debatteerders dat hulle totaal onkundig is ten opsigte van die vaardigheid om standaardgeskilpunte toe te pas. Op twee uitsonderings na het geen debatteerder die standaardgeskilpunte heeltemal korrek geïdentifiseer en/of toegepas nie. 'n Gevolg hiervan is die hoë voorkoms van irrelevante en/of selfs geen geskilpunte nie. 'n Verdere gevolg hiervan is die afwesigheid van botsende standpunte - dit wat 'n geskilpunt na vore moet bring. Veral ten opsigte van hierdie aspek van analise sal beoordelaars in besondere mate aan beide afrigters en debatteerders leiding moet gee: hoe om relevante kriteria te identifiseer en die betrokke fenomene aan dié kriteria te toets, om so die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie te bepaal.

# HOOFSTUK 4

# BEWYSE

## 1. INLEIDING

Volgens die gebruiklike werkwyse van 'n debatteerder se voorbereiding is bewyse die tweede aspek wat aan die beurt kom. Nadat die debatteerder die onderwerp afgebaken het en deur die toepassing van die standaardgeskilpunte die werklike geskilpunte voorlopig geïdentifiseer het, volg intensiewe navorsing. (Die geskilpunte word eers gefinaliseer nadat die navorsing volledig afgehandel is.) Die navorsing is daarop gemik om data te versamel wat as bewyse moet dien om die stellings wat gemaak word te ondersteun.

Vanuit 'n teoretiese oogpunt blyk dit ook sinvol te wees om na analise dié vaardighede te bespreek wat op die inhoud van die debat betrekking het, naamlik bewyse, redenering en aanval en verdediging. Hiervan is bewyse weer die beginpunt, omdat dit die basis van enige argument vorm.

Aangesien bewyse en redenering so vervleg is dat die een sonder die ander weinig betekenis het (vgl. Thompson, 1971:174; Capp & Capp, 1965:12), is dit ter wille van sinvolle beoordeling nodig om die rol wat bewyse binne 'n enkele argument speel, duidelik aan te toon. Hierdie hoofstuk sal dus uit drie onderskeibare afdelings bestaan: Ten eerste word bewyse gedefinieer, die doel daarvan bespreek en die verband daarvan met redenering aangedui. Ten tweede word die soorte bewyse omskryf, waarna algemene en dan spesifieke kriteria vir die beoordeling van bewyse bespreek word. Ten derde word die bewyse van die gekose debatte ten aansien van die gestelde kriteria geëvalueer.

### 1.1. Definiëring

In Jensen se definisie van bewyse dui hy die verweefdheid daarvan met die argumenteringsproses (vgl. p. 184) aan:

> "Evidence is the data, the raw material which supports claims, and which thus are an integral part of the argumentation process" (Jensen, 1981:107; vgl. ook Harte, 1982a:101; Patterson & Zarefsky, 1983:31).

Deur bewyse aan te voer, sê die debatteerder: Ek gee nie net my eie idees/standpunt nie, maar ook onafhanklike data waarin geglo kan word ter ondersteuning van my idees/standpunt. Tayler (1984:227) en Brandes (1963:146) lê tereg klem op die rol wat die gehoor in bewyse speel:

> "Evidence means statements, believed by listeners, that form the basis for believing other statements (Tayler, 1984:227).

As die gehoor die gegewe data nie as bewyse erken of aanvaar nie, verloor die data sy bewyskrag om 'n stelling te staaf. Bewyse het dus logiese of rasionele en psigologiese karakteristieke wat onderskeibaar maar tog nie skeibaar is nie. Die rasionele aspek vra of die bewyse genoegsaam, ter sake en tipies is, terwyl die psigologiese aspek vra of die gehoor dit sal aanvaar en hulle daardeur sal laat oortuig (Miller & Sayles, 1966:29). 'n Gehoor kan byvoorbeeld oortuig wees van 'n standpunt wat op valse of irrelevante bewyse gegrond is. Die omgekeerde is ook moontlik. Dit is egter meestal die geval dat die psigologiese trefkrag versterk word as die bewyse aan die rasionele vereistes voldoen. (Dié vereistes sal onder die kriteria ter sprake kom.)

Bewyse is dus nie enige feit of uitspraak nie, omdat dit minstens relevant en tipies ten opsigte van die geskilpunt moet wees. Alle bewyse is ook nie van dieselfde kwaliteit nie. Soos hierbo genoem bepaal die logiese kwaliteite en psigologiese of emosionele konnotasies die kwaliteit of sogenaamde sterkte van die bewys. Bewyse is selde absoluut korrek/aanvaarbaar of absoluut foutief/onaanvaarbaar. Talle variasies op die kontinuum tussen bogenoemde twee uiterstes word aangetref. Dit is hier waar die evaluering van die beoordelaar so uiters belangrik is. Nie net die kwantiteit nie, maar ook en veral die kwaliteit van die bewyse moet geëvalueer word.

Die definiëring van bewyse kan afgesluit word met die omskrywing van negatiewe bewyse. Die afwesigheid van bewyse vir 'n teenoorgestelde standpunt word met die term negatiewe bewyse aangedui. So kan die stelling dat motoriste oor die paasnaweek bedagsaam en waarskynlik versigtig bestuur het met negatiewe bewyse gestaaf word: daar was geen noemenswaardige ongelukke nie en niemand is noodlottig beseer nie.

**1.2. Doel van bewyse**

Volgens Musgrave (1965:19) is die doel van bewyse om 'n intelligente, maar

nie noodwendig vooraf ingeligte gehoor te oortuig dat dit verstandiger is om 'n stelling te glo, as om dit nie te glo nie. Die debatteerder moet voldoen aan die eis: hy wat 'n bewering maak, moet die waarheid of korrektheid daarvan bewys (Monroe & Ehninger, 1969:170; Fahnestock & Secor, 1982:21).

Met bewyse poog die debatteerder om te antwoord op die volgende vrae: Hoekom sê jy so? Op grond waarvan sê jy dit? Die debatteerder moet aan die gehoor 'n rede verskaf om in 'n stelling te glo of om van 'n bestaande oortuiging af te sien. Elke stelling met sy bewys vorm, in die woorde van Thomas (1979:287), 'n "unit of proof", wat gesamentlik die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie moet staaf; die bewys staaf die stelling en die stelling staaf die standpunt van die debatteerder (vgl. p. 341).

Behalwe bostaande, noem Harte (1982a:104-105) nog twee addisionele doelstellings:

> Genoegsame bewyse verleen geloofwaardigheid aan die debatteerder, omdat hy belese en ingelig voorkom. 'n Sodanige debatteerder word makliker geglo op grond van sy kennis van die probleem onder dispuut.
>
> Bewyse kan moontlike teenargumente by voorbaat elimineer. Hoe meer geldige bewyse ter ondersteuning van 'n standpunt aangevoer word, hoe minder moontlik is dit om opponerende argumente daarteen in te bring. Die opponente kan stellings wat gemaak word dus nie as persoonlike menings afmaak nie.

Om 'n stelling te bewys is 'n proses waar oortuiging of "geloof" in die stelling verkry word deur dit te verbind aan data - bewyse of 'n ander stelling - wat aanvaar of reeds geglo word. Indien 'n stelling nie bewys is nie, kan dit aan drie moontlike foute te wyte wees: geen of irrelevante of onvoldoende bewyse word aangevoer om die stelling se waarheid te staaf.

**1.3. Bewyse en redenering**

Soos aanvanklik genoem, en ook uit Capp *et al.* se uitspraak blyk, is bewyse 'n integrerende deel van die redeneringsproses.

" Reasoning and evidence form the basis of logical proof (Capp *et al.*, 1981:331).

Die samehang tussen bewyse en redenering binne 'n argument kan verduidelik word deur die drie basiese komponente waaruit 'n argument bestaan, en waarvan twee reeds hierbo genoem is, duidelik te onderskei. Dit stem ooreen met die eerste drie komponente van die Toulminmodel wat onder redenering ter sprake sal kom.

**Data**: Dit is bewyse wat reeds hierbo bespreek is.
**Redenering**: Dit is 'n denkhandeling waar die data geïnterpreteer word om binne 'n bepaalde konteks betekenis daaraan te gee. Dit behels 'n afleiding of denksprong vanaf die data na 'n gevolgtrekking. Die redenering verskaf die waarborg dat die gevolgtrekking na aanleiding van die data geregverdig is. Hierdie proses word dikwels nie eksplisiet aan 'n gehoor uitgespel nie, maar word verswyg. Uit die data en die stelling wat daarop gegrond is, kan 'n gehoor self die redenering aflei om te bepaal of die stelling geregverdig is.
**Stelling**: Dit is die gevolgtrekking na aanleiding van die data deur middel van die redeneringsproses. Die stelling is nie identies aan die bewyse nie, maar gaan verder as die bewyse en daarom is dit 'n waarskynlikheid. Die stelling bevat dit wat die spreker wil hê die gehoor moet glo en aanvaar (vgl. Ziegelmueller & Dause, 1975:86; Patterson & Zarefsky, 1983:9).

Byvoorbeeld: 'n Verteenwoordiger van Yskor het op televisie aangekondig dat die staalprys aansienlik gaan styg. Dit sal heel waarskynlik meebring dat die pryse van verskeie verbruikersartikels en boumateriaal sal styg, aangesien die styging van rou materiale meestal 'n styging in die eindprodukte tot gevolg het.

**Bewyse**: Die verteenwoordiger van Yskor se aankondiging dat die staalprys aansienlik gaan styg.
**Redenering**: Die styging van rou materiale het gewoonlik 'n styging van die betrokke eindprodukte tot gevolg.
**Stelling**: Die pryse van verskeie verbruikersartikels en boumateriaal waarin staal voorkom, sal heel waarskynlik styg.

Bewyse is die basis van enige argument. Sonder bewyse verval enige argument bloot tot die stel van eie menings en is daar nie werklik van argumente sprake nie. Bewyse is nie slegs onmisbaar nie maar die kwaliteit van die

bewyse bepaal die "sterkte" van die argument (Eisenberg & Ilardo, 1980:2). Hoe dwingender die rede - bewyse plus redenering - wat ter ondersteuning van 'n stelling aangebied word, hoe groter is die oortuigingskrag van die argument (Darnell & Brockriede, 1976:104). Die debatteerder wat met kwalitatiewe bewyse vorendag kom, kan seker wees dat die gehoor sy standpunt nie net sal aanhoor of oorweeg nie, maar dit waarskynlik sal aanvaar.

Wat die beoordelaar betref behoort hy bewyse in die eerste plek ten opsigte van die kwaliteit van die afsonderlike bewyse te evalueer. In die tweede plek behoort die welslae waarmee die bewyse gebruik is om geloof in en aanvaarding van 'n stelling te bewerkstellig, geëvalueer te word. En in die derde plek behoort die kwantiteit geëvalueer te word, dit wil sê of daar genoegsame bewyse is.

Vervolgens word die verskillende soorte bewyse asook die kriteria waarvolgens die kwaliteit daarvan bepaal word onder die loep geneem.

## 2. SOORTE BEWYSE

Bewyse word allerweë, wat die debatteerder betref, in twee groepe verdeel, naamlik feite en deskundige uitsprake (vgl. Capp & Capp, 1965:105; Freeley, 1976:74; Harte, 1982a:101). Jensen (1981:123) onderskei statistiek as 'n derde groep, maar dit word gewoonlik onder feite ingedeel. Hierdie indeling sluit nie oorvleueling uit nie, omdat 'n deskundige uitspraak ook feite kan bevat. Daar word egter by dié indeling gehou.

### 2.1. Feitelike bewyse

#### 2.1.1. Voorbeelde

Voorbeelde, as 'n vorm van feitelike bewyse, bestaan uit potensieel verifieerbare verwysings na werklike voorwerpe en gebeure (Ziegelmueller & Dause, 1975:51). Dit kom voor as 'n debatteerder ter illustrasie van sy standpunt of stelling na werklike persone, gebeure of instansies verwys. Hierdie bewyse word as die beste beskou en moet voorkeur geniet omdat dit potensieel verifieerbaar is. 'n Ander individu kan dus deur middel van sy intuïe bepaal of dit wel die geval is soos deur die debatteerder aangevoer. Indien die feitelike bewyse uit die resultate van 'n wetenskaplike eksperiment bestaan, het dit ook die potensiaal om deur 'n ander wetenskaplike geverifieer te word.

'n Hipotetiese voorbeeld in debattering kan ter verduideliking van 'n standpunt aangebied word, maar dien nie as 'n konkrete bewys wat die gehoor in dieselfde mate sal oortuig as wat 'n werklike voorbeeld dit kan bewerkstellig nie. Die debatteerder moet derhalwe eerder van werklike voorbeelde gebruik maak.

**2.1.2. Statistiek**

Statistiek is 'n baie belangrike vorm waarin feitelike bewyse aangebied word. Statistiek is 'n "compact, numerical way to express specific instances, which results in a clear, detailed, factual presentation of information" (Jensen, 1981:124). Statistiek veralgemeen verskeie voorbeelde in terme van 'n enkele betekenisvolle stelling wat in die vorm van getalle opgesom en uitgedruk word (vgl. Hance *et al.*, 1975:87; McCroskey, 1986: 144). Gewoonlik word 'n verteenwoordigende, maar beperkte aantal voorbeelde - individue, gebeure, instansies, ens. - ondersoek, en na aanleiding van die bevindinge word 'n veralgemening en/of projeksie ten aansien van die geheel gemaak. Die geheel is die voorbeelde van dieselfde soort wat nie in die ondersoek/eksperiment/studie betrek is nie.

Statistiek kan in terme van rou data uitgedruk word, of 'n opsomming daarvan kan gegee word in terme van persentasies of gemiddeldes. 'n Voorbeeld van eersgenoemde is die volgende: Die data is dat 1500 van die 2000 proefpersone vir party A gestem het. In terme van persentasie beteken dit dat 75% vir party A gestem het. 'n Verdere voorbeeld toon die gebruik van gemiddeldes: Die reënval van dorp B was die afgelope vyf jaar onderskeidelik 650, 400, 350, 800 en 500 mm. Die gemiddelde reënval van 540 mm. gee 'n opsomming van die rou data.

Weens die presiese numeriese aard van statistiek en die skyn van wetenskaplikheid wat dit omhul, maak dit 'n sterk appèl op 'n gehoor om hulle van die waarskynlike waarheid van 'n stelling te oortuig. Tog word statistiek baie misbruik. Die beoordelaar moet noukeurig let op die korrekte weergawe, bronverwysings en afleidings van statistiek. Hierdie aspekte sal later bespreek word.

**2.2. Deskundige uitsprake**

Aangesien die debatteerder wat sy eie kennis en waarnemings betref beperk

is, moet hy dikwels en selfs meestal van die "getuienis" van ander persone gebruik maak. Die debatteerder kan nie fisiek oral teenwoordig wees nie en is ook nie 'n deskundige op alle moontlike spesialiteitsgebiede nie en daarom is hy verplig om hom op die deskundigheid van ander te verlaat. Dit is diegene wat spesiaal opgelei is en/of besondere kennis of ervaring ten aansien van 'n besondere veld van ondersoek besit. Die deskundige hoef nie noodwendig 'n individu te wees nie, maar die uitspraak kan by monde van 'n organisasie, instituut, firma, studiegroep, navorsingspan of vaktydskrif geskied.

Daar moet deurgaans tussen 'n deskundige en 'n leek onderskei word. 'n Deskundige op een spesialiteitsgebied is dit nie noodwendig op enige ander gebied nie. Dit is 'n belangrike onderskeiding om te maak, omdat deskundige uitsprake die meeste as bewyse in opvoedkundige debatte gebruik word (Reynolds, 1975:114; Sheckels, 1984:53). Deskundige uitsprake speel veral in hoërskooldebattering 'n belangrike rol, aangesien die leerlinge nog nie self oor die kundigheid beskik om met die nodige gesag en oortuiging stellings te maak nie.

Hier moet ook 'n verdere onderskeid getref word tussen 'n deskundige se weergawe van feite en die weergawe van sy mening waar dit om die beoordeling of interpretasie van feite gaan.

**2.2.1. Uitsprake van feite**

Uitsprake van feite kom voor waar objektiewe data waargeneem en gerapporteer word. Probleme kom na vore as vooroordeel van die waarnemer 'n rol speel. Dit kan 'n verdraaide waarneming tot gevolg hê. Moeilike omstandighede waaronder waargeneem is, asook taalontoereikendheid kan ook 'n faktor wees wat die rapportering kan benadeel. Om 'n deskundige uitspraak van feite as 'n bewys aan te haal, moet die debatteerder die gehoor oortuig van die vermoë van die deskundige om objektief te kan waarneem en eerlik en korrek te kan rapporteer. Die debatteerder moet saam met die feitestelling die gehoor oortuig van die aanvaarbaarheid en geloofwaardigheid van die deskundige.

**2.2.2. Uitsprake van menings**

Om so objektief moontlik waar te neem en die waargenome bloot te beskryf, is geheel iets anders as om die waargenome te interpreteer, te verklaar, aflei-

dings te maak, teorieë daaroor te vorm of die redes vir die waargenome te soek. Hier is die deskundigheid van die betrokkene van nog groter belang. Daar moet 'n algehele vertroue wees in sy vermoë om die regte interpretasies, verklarings, ens. te maak.

Indien 'n debatteerder 'n deskundige mening as bewys aanhaal, moet hy baie sensitief wees vir die graad van sekerheid waarmee die afleidings of teorieë gestel is. Die tentatiwiteit of sekerheid van die mening moet duidelik in die debatteerder se aanhaling weerspieël word, aangesien dit nie noodwendig aan 'n feit gelykgestel kan word nie.

## 3. KRITERIA VIR BEOORDELING

In sy beoordeling van bewyse moet die beoordelaar die sogenaamde toetse vir bewyse toepas. Die toetse is in werklikheid kriteria wat toegepas kan word om elke soort bewys se kwaliteit te bepaal. Hierdie kriteria, wat vervolgens bespreek gaan word, kom eers ter sprake nadat die beoordelaar die bewys volgens sy kennis en ervaring as waarskynlik waar aanvaar. 'n Bewys wat heel waarskynlik onwaar is, word uiteraard nie verder geëvalueer nie.

### 3.1. Algemene kriteria

#### 3.1.1. Inhoud

*Is die bewys relevant?*
'n Belangrike kriterium vir 'n bewys is die relevansie daarvan ten aansien van die debatspunt, dit wil sê: Het die bewys direk betrekking op die geskilpunt wat gedebatteer word? Ondersteun die bewys die stelling wat na aanleiding daarvan gemaak is? Hier moet 'n onderskeid getref word tussen die redenering en die bewys self. 'n Ongeldige afleiding van 'n relevante bewys bied 'n dilemma aan die beoordelaar: die bewys is wel ter sake maar die foutiewe afleiding of ongeldige redenering maak die argument as geheel ongeldig. Die debatteerder behoort dus nie vir die bewys krediet te kry nie. Die beoordelaar moet bepaal of die bewyse wat aangebied word die potensiaal besit om die debatteerder se standpunt te ondersteun, en of die debatteerder inderdaad die bewyse genoegsaam en korrek benut het.

Indien die bewys irrelevant is, hoef geen verdere kwaliteit daarvan oorweeg te word nie. Geen punt kan vir 'n irrelevante bewys toegeken word nie.

Sodanige bewyse is gewoonlik die gevolg van swak analise of onvoldoende navorsing.

*Is die bewys resent?*

Die debatteerder moet van die mees resente inligting wat beskikbaar is in sy bewyse gebruik maak. Dit geld veral ten opsigte van sake van die dag en fenomene wat vinnig verander, byvoorbeeld die inflasiekoers, werkloosheidsyfer, ekonomiese groeikoers, ens. Kruger (1960:141) meen selfs dat bewyse ouer as twee jaar deur 'n debatteerder in heroorweging geneem moet word. Dit geld egter nie gevalle waar dit om universele beginsels gaan of die geskiedkundige verloop van 'n saak in die bewyse ter sprake kom nie. Tensy dit duidelik anders vermeld word, betrek alle debattering die hede. Wat is **tans** die feite van 'n saak of die waarde van 'n fenomeen? Wat moet **nou** gedoen word om 'n probleem op te los? Die tydsaanduiding kom wel nie in die proposisie voor nie, maar uit die aard en wese van debattering word die huidige en onlangse verlede betrek. Geen reëls kan neergelê word nie, maar die beoordelaar moet volgens die onderwerp van die proposisie en die betrokke geskilpunt bepaal of die bewyse resent genoeg is om die argument geldig te maak. Hoe resenter die bewys, hoe sterker is sy ondersteuningsfunksie. (Hieroor later meer.)

*Is bewyse genoegsaam?*

Die beoordelaar moet bepaal of 'n enkele bewys genoegsame ondersteuning aan 'n stelling bied en of die stelling nie om verdere bewyse vra nie. So moet ook bepaal word of 'n span se gesamentlike bewyse genoegsame steun aan die span se standpunt verleen om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te staaf. In sake wat as algemene kennis beskou word, hoef die debatteerder min of geen bewyse aan te voer. Na mate verder weg van die algemeen bekende weg beweeg word of hoe kontroversiëler die stelling, moet die kwaliteit en kwantiteit van die bewyse toeneem. Dat onrus op die oomblik in Suid-Afrika bestaan, hoef nie bewys te word nie, maar 'n voorgestelde oplossing daarvoor sal met 'n verskeidenheid bewyse ondersteun moet word, aangesien daar ten opsigte van hierdie probleem heelwat verskil van mening bestaan. Wat die hoeveelheid bewyse betref, meen McBath (1975:33), maar ook die meeste ander teoretici, dat die kwaliteit van bewyse belangriker as die kwantiteit is. Hiervolgens behoort byvoorbeeld twee ewe goed gedokumenteerde resente bewyse van erkende objektiewe deskundiges met jare se ervaring hoër geëvalueer te word as vier swakker bewyse van onbekende oorsprong en wat onvolledig gedokumenteer en ongedateer is.

Die verskeidenheid bewyse moet ook hier in berekening gebring word. Die gekombineerde gebruik van voorbeelde, statistiek en deskundige uitsprake kan veel hoër geëvalueer word as die uitsluitlike gebruik van deskundige uitsprake.

Die geskikte hoeveelheid hang af van die aard van die geskilpunt, die oortuiging van die gehoor en die kwaliteit van die bewys. As die probleem kompleks is, die gehoor 'n sterk teenoorgestelde standpunt huldig en/of die kwaliteit van die bewys swak is, moet die kwantiteit toeneem. Indien die teenoorgestelde geld, kan minder bewyse gebruik word.

Die bestudeerde debatte toon dat daar meestal te min bewyse in veral die repliektoesprake aangevoer word. Vorige bewyse kan wel ter sprake kom as dit aangeval is of die opponente nie daarop gereageer het nie. Hier moet egter nuwe bewyse aangevoer word om reedsgenoemde argumente te versterk en te ondersteun (Patterson en Zarefsky, 1983:72). Teenbewyse moet aangevoer word wat met die opponente se bewyse kan kompeteer. 'n Blote herhaling van die konstruktiewe toespraak se bewyse het weinig sin, is nie genoegsaam nie en behoort as swak geëvalueer te word.

*Is bewyse intern en ekstern konsekwent?*
Intern moet die beoordelaar bepaal of die bewyse binne die span se hele betoog mekaar nie weerspreek nie en ook of die debatteerders nie mekaar se bewyse weerspreek nie.

Wat eksterne konsekwentheid betref, moet die beoordelaar bepaal of die bewyse met die alledaagse werklikheid asook met ander bestaande feite en oortuigings verband hou. Die beoordelaar moet as't ware die bestaande realiteite en erkende feite gebruik om die bewyse - veral feitelike bewyse - te verifieer. Dit beteken nie dat die debatteerder se bewyse altyd met die meerderheid se standpunt moet saamstem of nie kontroversieel mag wees nie. Die bewyse mag egter nie die feite van die realiteit weerspreek of daarmee bots nie.

*Is bewyse kompeterend?*
Aangesien weinig, indien enige, bewyse volmaak is, maar hulle relatief gesproke meer of minder geloofwaardig as kompeterende bewyse is, behoort die beoordelaar die twee spanne se bewyse teen mekaar op te weeg om te bepaal watter span se bewyse kwalitatief en kwantitatief die beste is.

#### 3.1.2. Aanbieding van bewyse

*Is bewyse in die betoog geïnkorporeer?*
Effektiewe bewyse is meer as 'n ketting aanhalings, statistiek of voorbeelde. Indien dit nie duidelik blyk nie, moet die debatteerder eksplisiet vir die gehoor aandui hoe die bewyse sy eie standpunt ondersteun en/of die opponente se standpunt verswak. Die bewyse moet aan die argumente en uiteindelik aan die proposisie gekoppel word. Die trefkrag daarvan, asook die ondersteuningsfunksie wat dit vervul, moet dus beklemtoon word.

Die verskillende bewyse van 'n span moet ook met mekaar in verband gebring word. Die debatteerder moet aantoon waar hulle bewyse die opponente se standpunte of bewyse weerlê en selfs weerspreek. Hulle behoort ook te kan toon dat die kwaliteit van hulle bewyse beter is as dié van die opponente. Botsing moet ook in die aanbieding van bewyse gerealiseer word.

*Is bewyse verstaanbaar?*
Die beoordelaar moet maklik die bewyse van die res van die inhoud kan onderskei en ook verstaan. Die debatteerder moet die bewyse so konkreet, presies en volledig as moontlik stel en alle vaaghede wat maklik 'n misverstand tot gevolg kan hê, vermy. Indien vreemde terme of relatiewe begrippe in die bewyse na vore kom, moet dit kortliks aan die gehoor verduidelik word. 'n Onverstaanbare bewys lewer weinig, indien enige, bydrae om 'n stelling te ondersteun.

Vervolgens gaan kriteria bespreek word wat op die drie genoemde soorte bewyse betrekking het. Ter wille van volledigheid sal enkele reeds genoemde kriteria weer ter sprake kom.

### 3.2. Voorbeelde

#### 3.2.1. Inhoud

*Is die voorbeelde werklik feite?*
Soos vroeër genoem, kan geen geldige stelling gemaak word as die voorbeelde wat die stelling moet bewys òf hipoteties òf moontlik onwaar is nie. Die hipotetiese voorbeeld wat in die debat (86 H 1)(43:7-30) voorkom kan byvoorbeeld nie alleen as 'n bewys dien dat Suid-Afrika oormatig reageer op die wêreldmening nie. Indien die beoordelaar bevind dat 'n voorbeeld on-

waar is, verswak dit uiteraard die stelling wat daarop steun of maak die stelling heeltemal ongeldig.

*Is die voorbeelde genoegsaam?*
Hierdie reedsgenoemde kriterium is veral by voorbeelde belangrik, omdat debatteerders dikwels deur induktiewe redenering na aanleiding van sekere voorbeelde 'n veralgemening maak. Aangesien induktiewe redenering van die besondere na die meer algemene beweeg (Jensen, 1981:139), moet die aantal voorbeelde genoegsaam wees om 'n breë veralgemening ten opsigte van ander voorbeelde van dieselfde soort te regverdig. Geen presiese voorskrif bestaan in hierdie verband nie, maar die beoordelaar moet sy gesonde oordeel gebruik om te bepaal of die aantal voorbeelde genoegsaam is of nie. 'n Enkele voorbeeld van 'n oormatige reaksie in Suid-Afrika op die wêreldmening, is nie genoeg om 'n veralgemening te regverdig nie. Vyf tot tien duidelike voorbeelde van 'n oormatige reaksie sou 'n veralgemening veel beter regverdig. Tog sou vyf tot tien voorbeelde van individuele beroepsvroue wat hulle plek vol staan in die opvoedingsgebeure beslis nie genoegsaam wees om te veralgemeen dat alle beroepsvroue hulle plek vol staan nie. Voorbeelde sou in hierdie geval met statistiek, wat gewoonlik genoegsame voorbeelde betrek, aangevul moet word. Die aantal hang dus grootliks af van die aard en omvang van die spesifieke fenomeen onder debattering.

*Is die voorbeelde tipies?*
Die voorbeelde moet verteenwoordigend wees van die bepaalde soort onder bespreking en nie die uitsondering nie. Op feitlik alle terreine waar voorbeelde ter sprake kom is daar uitsonderings of afwykings. Hierdie uitsonderings of ekstreme voorbeelde kan nie veralgemeen word en as tipies van almal in dieselfde klas voorgehou word nie. Dit kan 'n verkeerde afleiding tot gevolg hê. Die voorbeelde moet dus verteenwoordigend wees ten opsigte van dit wat meestal of gereeld of normaalweg voorkom. 'n Voorbeeld van bewyse wat nie tipies is nie, kom voor in debat (86 U 1)(2:64-71, 18:16-21), waar twee ongetroude vroue as bewys voorgehou word van die Afrikanerberoepsvrou wat haar plek vol staan. Afgesien daarvan dat twee voorbeelde nie genoegsaam is nie, maak die feit dat hulle ongetroud is, dit nie tipiese voorbeelde van die beroepsvrou wat in haar werk en tuis ten opsigte van man en kinders haar plek vol staan nie.

*Is die voorbeelde beduidend?*
Voorbeelde moet van wesenlike belang wees en die saak onder debattering

direk aanspreek om die stelling wat daarop gegrond is, sterk te ondersteun. Om voorbeelde van beroepsvroue aan te haal wat daarin slaag om saam met hulle werk drie etes per dag aan hulle gesin te voorsien, is te onbeduidend om die proposisie te ondersteun dat die beroepsvrou haar plek vol staan (86 U 2). Reeva Forman en June Kritzinger wat Engelstalig, en wat onderskeidelik 'n skoonheidsdeskundige en bestuurder van 'n kettingwinkelgroep is, is onbeduidende voorbeelde waar dit om die kwessie gaan of die *Afrikaner*-beroepsvrou haar plek in die *opvoedings*gebeure vol staan. Dr. Rina Venter en mev. Cilna van Wyk, beide Afrikanerberoepsvroue met gesinne wat betrokke is by verskeie opvoedingsgebeure, sou beduidender voorbeelde gewees het.

*Is die voorbeelde resent?*

Resente voorbeelde is effektiewer as voorbeelde van langer as vyf jaar gelede. Die vinnig veranderende omstandighede in vandag se wêreld elimineer die geldigheid van nie-resente voorbeelde. Indien empiriese navorsing van tien tot vyftien jaar gelede bevind het dat beroepsvroue hulle plek vol gestaan het, is dit nie 'n geldige bewys dat die beroepsvrou vandag nog haar plek vol staan nie. Die eise wat aan 'n beroepsvrou ten opsigte van haar beroep en die opvoeding van haar kinders gestel word, het sedertdien aansienlik verander. In die debat (86 H 1) word twee voorbeelde genoem ter ondersteuning van hulle standpunt dat Suid-Afrika oormatig op die wêreldmening reageer: reaksie op mnr. Harold Macmillan (1960) en op die Lusakamanifes wat op 16 April 1969 uitgegee is. Hierdie twee bewyse is nie resent genoeg om in 1986 die bewering te staaf dat Suid-Afrika oormatig reageer nie.

Die beoordelaar moet sy eie diskresie gebruik om te bepaal hoe resent die voorbeelde moet wees om 'n stelling te ondersteun. 'n Enkele nie-resente voorbeeld wat saam met ander resente voorbeelde gebruik word is aanvaarbaar. Die probleem kom voor as geen voorbeeld resent is nie. Hoe resenter 'n relevante voorbeeld hoe meer trefkrag het dit ter ondersteuning van 'n stelling.

*Is die voorbeelde algemene kennis?*

Die oortuigingskrag van voorbeelde neem af indien die debatteerder dit as algemene kennis aanvaar, terwyl dit nie werklik so is nie. Die onbekendheid van 'n voorbeeld kanselleer sy krag, want die gehoor kan nie vir hulle self verifieer of dit waar is of nie. Indien die debatteerder nie self die bron van die voorbeeld is nie, moet die bron volledig gemotiveer en bekend gestel

word om deur die gehoor aanvaar te word (vgl. kriteria vir deskundige uitsprake).

*Is voorbeelde eerlik en korrek gestel?*
Hier moet bepaal word of daar nie teenvoorbeelde is wat die genoemde voorbeelde kan weerspreek en deur die debatteerder gerieflikheidshalwe verswyg is nie. 'n Eerlike debatteerder sal teenvoorbeelde noem met 'n moontlike rede hoekom die teenvoorbeelde nie die genoemde voorbeelde uitkanselleer nie. Dit kan byvoorbeeld wees omdat hulle onbeduidend of die uitsondering of in die minderheid is. Die noem van teenvoorbeelde behoort tot 'n debatteerder se krediet gereken te word.

**3.2.2. Aanbieding van voorbeelde**

*Is voorbeelde duidelik en verstaanbaar?*
Die voorbeelde moet duidelik as voorbeelde geïdentifiseer kan word. Dit moet ter ondersteuning van'n bepaalde stelling eksplisiet daaraan gekoppel wees, sodat 'n gehoor nie moet raai wat die bedoeling met die noem van voorbeelde is nie. Die voorbeelde (v1, v2, v3) moet die gevolgtrekking wat na aanleiding daarvan gevorm is direk voorafgaan of opvolg: v1, v2, v3, daarom volg stelling; of stelling, omdat v1, v2 en v3 waar is.

Samevattend: Die beoordelaar moet dus in sy evaluering van voorbeelde bepaal of dit werklik 'n feit, relevant, genoegsaam, tipies, beduidend, resent, bekend en verstaanbaar is en of met teenvoorbeelde rekening gehou is.

**3.3. Statistiek**

**3.3.1. Inhoud**

Statistiek is 'n belangrike soort bewys en word dikwels in debatte as ondersteunende materiaal gebruik. Die bron van die statistiek is soms die debatteerder self, maar meestal is dit eksterne instansies of individue.

Om selfs die eenvoudigste ondersoek te loods met die doel om die bevindinge statistics uit te druk, vra 'n sekere mate van gespesialiseerde kennis. Die probleem by debattering lê daarin dat die gespesialiseerde proses meestal deur leke op die gebied gehanteer en/of geïnterpreteer en uiteindelik beoordeel moet word. Dit is nie moontlik om debatteerders en beoor-

delaars vooraf te skool in die korrekte en kundige gebruik en beoordeling van statistiek nie. Daar is egter enkele riglyne en kriteria wat toegepas kan word om die belangrikste foute te identifiseer. Die riglyne is veral vir die beoordelaar noodsaaklik, aangesien 'n gehoor maklik deur die onbewuste en soms doelbewuste misbruik van statistiek mislei kan word (vgl. Campbell, 1974:vii). Wat hierdie riglyne betref, word nie op volledigheid aanspraak gemaak nie.

Indien die debatteerder sy statistiek van 'n eksterne bron verkry, kan die volgende vrae as riglyn gebruik word:

*Is die bron van die statistiek 'n deskundige?*
Dit is baie belangrik dat die debatteerder die bron van sy inligting vir die gehoor moet identifiseer. Die beoordelaar kan dan die instansie of individu evalueer ten aansien van die betroubaarheid van die statistiek. Wat die instansie betref kan die positiewe of negatiewe getuienis van die instansie vir wetenskaplik korrekte metodes in die verwerking en interpretasie van gegewens 'n belangrike leidraad wees (vgl. RGN, WNNR, Sentrale Statistiekdiens, verskillende wetenskaplike institute, buro's of staatsdepartemente). Wat individue betref behoort die debatteerder genoeg detail te verskaf sodat sy/haar deskundigheid geëvalueer kan word: Is dit 'n wetenskaplike studie? In so 'n geval kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die individu oor die nodige kennis beskik om 'n empiriese studie uit te voer of ten minste deur statistici bygestaan is. Indien niks van die persoon of metode waardeur die statistiek verkry is bekend is nie, behoort dit liefs nie gebruik te word nie. Dit is in die eerste plek die plig van die debatteerder om die deskundigheid van sy bron na te gaan alvorens die statistiek gebruik word. Dit moet dan aan die gehoor in die debat uitgespel word om die geloofwaardigheid daarvan te verhoog. Die beoordelaar evalueer dan die debatteerder se vermoë om 'n deskundige bron van statistiek te identifiseer en te gebruik.

*Is die bron onpartydig?*
'n Bron mag deskundig wees, maar die belange van die bron kan tot gevolg hê dat die data nie objektief ingesamel en/of geïnterpreteer is nie. Hier moet bepaal word hoekom die studie, eksperiment of navorsing onderneem is, om te help bepaal of subjektiewe doelstellings 'n moontlike rol kon gespeel het. Hoe onafhankliker die bron hoe sterker kan die onpartydigheid van die statistiek aanvaar word. Hiermee word nie beweer dat alle bronne waarvan die belange op die spel is noodwendig partydige en onbetroubare statistiek sal

lewer nie. Indien daar 'n keuse is, moet bronne vergelyk word of die mees onafhanklike bron se statistiek gebruik word: die Transvaalse Landbou-unie se statistiek oor die positiewe effek van kunsmis op die groei van mielieplante is verkieslik bo dié van die kunsmismaatskappy.

*Is die statistiek direk van die primêre bron verkry?*
Dit is noodsaaklik dat statistiek nie volgens hoorsê of in sekondêre geskrifte soos dag- en weekblaaie of ander populêre tydskrifte verkry word nie. Syferfoute kan maklik insluip. Verder kan 'n sekondêre geskrif die statistiek verkeerd of in eie belang interpreteer of selfs kerngegewens verswyg. So kan foutiewe syfers of 'n verwronge beeld van die oorspronklike statistiek verkry word. Die debatteerder moet, indien enigsins moontlik, bewys lewer dat dit uit die primêre bron verkry is.

*Is die statistiek resent?*
Soos by alle bewyse, maar veral by statistiek, moet die presiese datum gemeld word. Empiriese studies wat in terme van statistiek uitgedruk word, betrek meestal verskynsels of fenomene wat geredelik vinnig verander. Die geldigheid van die statistiese bevindinge is dikwels tydgebonde: ekonomiese aspekte, werkloosheid, populasiegroei, aantal TV-kykers op 'n bepaalde tydstip, ens. Hoe resenter die statistiek, hoe effektiewer kan dit as bewys dien om 'n argument te ondersteun. Deur die datum te verswyg word die oortuigingskrag van 'n stelling wat van statistiek afgelei is, aansienlik verswak.

Om die kwaliteit van statistiek te evalueer kan die volgende kriteria toegepas word. Dit geld ten opsigte van enige bron, ook as die debatteerder self die bron is. Indien die bron nie 'n erkende wetenskaplike navorser of instansie is nie, moet die debatteerder genoeg inligting bekendstel sodat die gehoor en beoordelaars die geldigheid en kwaliteit van die statistiek kan evalueer.

*Is die voorbeeldgroep/steekproef korrek saamgestel?*
Dit is dikwels prakties onmoontlik om al die lede van 'n populasie ('n duidelik identifiseerbare groep mense, gebeure of voorwerpe) in 'n ondersoek te betrek. Dan word 'n steekproef geneem wat 'n gedeelte van die populasie betrek. Die steekproef moet nie bestaan uit items wat gerieflikheidshalwe beskikbaar is of wat volgens die persoonlike oordeel van die navorser sogenaamd verteenwoordigend sal wees nie. Die steekproef moet ewekansig wees, dit wil sê elke moontlike lid wat in die doelpopulasie voorkom, moet 'n gelyke onafhanklike kans hê om in die steekproef verteenwoordig te wees

(vgl. Campbell, 1974:145; De Wet *et al.*, 1981:113). Volgens prof. H.S. Steyn van die Statistiese Konsultasiediens, PU vir CHO, is 'n doelpopulasie die hele versameling items waartoe in die ondersoek of navorsingsprojek veralgemeen wil word (1983:7). Die voorbeeldgroep moet dus uit 'n waarskynlikheidsteekproef (waarvan die sogenaamde ewekansige steekproef 'n voorbeeld is) bestaan, "want alleen met behulp daarvan kan statistiese hipoteses aangaande die populasie getoets word" (Steyn, 1983:7). Die ewekansige steekproef verhoed dat die navorser/debatteerder se eie vooroordeel 'n rol speel.

*Is die grootte van die steekproef bevredigend?*
Hier kan geen enkele algemeen geldende getal verskaf word nie. Verskeie faktore moet in berekening gebring word, soos die grootte van die doelpopulasie, die variasie wat binne die doelpopulasie voorkom, die graad van presiesheid wat in die statistiek verlang word, asook die bepaalde metode waarvolgens die waarskynlikheidsteekproef getrek is. Beskikbare fondse, tyd en helpers kan ook 'n faktor wees. Die steekproef moet groot genoeg wees om 'n projeksie na die doelpopulasie te regverdig. Hoe groter die doelpopulasie en hoe meer variasie voorkom, hoe groter moet die waarskynlikheidsteekproef wees om 'n geldige veralgemening te kan maak. Om byvoorbeeld na aanleiding van 200 kinders 'n afleiding met betrekking tot al die kinders in die RSA te maak, bring die gevaar mee dat die afleiding ongeldig kan wees. Hierteenoor sal 200 ewekansig gekose matrieks uit 'n doelpopulaie van 1000 matriekleerlinge van 'n bepaalde dorp, 'n geldiger en betroubaarder afleiding tot gevolg hê. Vir die beoordelaar is dit dan belangrik om die grootte en variasie van die doelpopulasie asook die betroubaarheid wat aan die statistiese afleidings geheg word te weet, alvorens die grootte van die waarskynlikheidsteekproef as bevredigend geëvalueer kan word. Indien die debatteerder die grootte van die steekproef verswyg, mag die beoordelaar nie aanvaar dat dit toereikend was nie, maar veeleer dat dit nie die geval was nie.

*Word 'n lang genoeg tydperk gedek?*
Dikwels word statistiek betrek om 'n situasie of die voorkoms van 'n fenomeen oor 'n bepaalde tydperk te beskryf. Dit is dan essensieel om te weet of die gekose tydperk voldoende is vir die doel van die statistiek. Om byvoorbeeld te beweer dat televisiekykers die afgelope jaar met X% toegeneem het op grond van ondersoeke wat vanaf Junie tot Augustus geduur het, is onbetroubaar. Dit is wintermaande waartydens die gemiddelde huisbewoner meer tuis is en heel waarskynlik meer televisie sal kyk as andersins. Die enigste korrekte afleiding sal wees dat televisiekykers gedurende Junie tot Augustus

met X% toegeneem het. As die tydperk 'n faktor in die bevindinge is, moet die debatteerder dit meld sodat bepaal kan word of daar nie meer van die statistiek afgelei word as wat die gekose tydperk regverdig nie.

*Is begrippe duidelik gedefinieer en konsekwent toegepas?*
Indien daar byvoorbeeld 'n ondersoek na werkloosheid gedoen word, moet presies en duidelik omskryf word wie almal binne hierdie begrip gereken word. Campbell (1974:18) gee 'n voorbeeld waar vyf verskillende sogenaamde betroubare instansies elk 'n ander getal vir die totale werkloses in Amerika tydens November 1935 aangegee het. Die getal het tussen nege en sewentien miljoen mense gewissel, bloot omdat elkeen werkloosheid verskillend gedefinieer het. Die beoordelaar moet bepaal of die debatteerder presies vasgestel het hoe die bron van sy statistiek die betrokke begrippe gedefinieer het. Indien die debatteerder self die ondersoek geloods het, moet die definiëring van die begrippe ook duidelik aan die gehoor uitgespel word, tensy dit reeds duidelik in die analise van die proposisie gemeld is. Die definisies moet ook konsekwent gehandhaaf word.

*Maak die statistiek voorsiening vir foute?*
In enige opname en verwerking van data kan foute insluip en voorsiening moet daarvoor gemaak word. Dit geld veral van opnames wat deur debatteerders self onderneem is. In die finale verwerking moet daar 'n speling in die persentasie of gemiddelde toegelaat word. Hierdie speling maak voorsiening vir foute as gevolg van die feit dat slegs met 'n steekproef gewerk is en foute tydens die opname kon insluip. Respondente was dalk nie lus om die vraelys in te vul nie of het doelbewus verkeerde antwoorde verstrek. Indien die debatteerder hiervoor voorsiening maak en die ander genoemde aspekte bevredigend is, behoort dit die evaluering positief te beïnvloed.

Hoewel die betroubaarheid van statistiek ook implikasies vir die korrekte toepassing daarvan het, het die volgende kriteria meer betrekking op die interpretasie en die gebruik van statistiek om 'n stelling te bewys.

*Word die gemiddelde wat gebruik word duidelik gespesifiseer?*
Misverstand kan voorkom as die term **gemiddelde** gebruik word sonder om te spesifiseer of dit die rekenkundige gemiddeld, die mediaan of modus is. Die rekenkundige gemiddeld word verkry deur die som van 'n aantal itemwaardes deur die hoeveelheid items te deel. Die mediaan is die getal wat so gekies word dat die helfte van die itemwaardes aan die een kant en die ander

helfte aan die ander kant van die getal lê. Die modus is die itemwaarde wat die meeste in die reeks voorkom (Jensen, 1981:130). Indien 'n besondere ryk student sy klasse staak, sal die rekenkundige gemiddelde van die klas se welvaart aansienlik daal, die mediaan sal 'n geringe mate afwaarts beïnvloed word en die modus sal onveranderd bly. In die volgende reeks: 60, 40, 9, 6, 4, 4, 4, is die rekenkundige gemiddeld 18,14 die mediaan 6 en die modus 4.

*Is die basis waarvolgens die persentasie uitgedruk word redelik en regverdig?*
Die **basis** is dié fenomeen (A) wat tot 'n waarde van 100 herlei word, terwyl die fenomeen (B) wat daarmee vergelyk word dan proporsioneel met betrekking tot (A) in die vorm van persentasie uitgedruk word. Byvoorbeeld, as in die jaar A 200, en in die volgende jaar B 100 terroriste doodgeskiet is, dan het die aantal terroriste wat in jaar B doodgeskiet is met die helfte of 50% afgeneem. Die 200 wat in jaar A doodgeskiet is, vorm dus hier die basis. Die basiseenheid moet groot genoeg wees om betekenisvol te wees. Indien die afwesigheid van een dame en vier mans uit 'n personeel van drie dames en twintig mans in terme van persentasie uitgedruk word, naamlik 33% dames en 20% mans, is dit onregverdig. Dit skep die indruk dat veel meer vroue as mans afwesig is. Die rou getalle sal in hierdie geval 'n regverdiger beeld van die werklike toedrag van sake gee. Die basis van die persentasie kan dus misleidend wees. Die vermeerdering ten aansien van 'n klein getal sal veel groter voorkom as die dieselfde vermeerdering ten opsigte van 'n groot getal as dit in terme van persentasie uitgedruk word. 'n Salaristoename van R100 na R200 is 'n 100% vermeerdering, terwyl R300 na R400 'n 33% vermeerdering is. Die verhoogde bedrag is dieselfde maar in terme van persentasie skyn eersgenoemde veel groter te wees. So kan sekere feite in 'n swakker of beter lig gestel word as wat werklik die geval is. Die beoordelaar moet veral hierop bedag wees.

*Word vergelykings tussen vergelykbare eenhede getref?*
Vergelykende statistiek is dikwels nodig om sekere stellings te bewys. Die beoordelaar moet, indien moontlik, bepaal of die debatteerder dieselfde basis in beide gevalle gebruik en of die eenhede dieselfde is. So kan, byvoorbeeld, twee universiteite se getalleverhoudinge van personeel teenoor studente met mekaar vergelyk word. Alvorens die vergelyking getref word, moet vasgestel word of die definisies van personeel en studente by albei universiteite dieselfde is. By universiteit A kan moontlik net voltydse akademiese personeel teenoor alle voor- en nagraadse studente wat voltyds en deeltyds studeer, in berekening gebring word; terwyl by universiteit B alle akademiese

en administratiewe personeel teenoor slegs voltydse voorgraadse studente bereken is. Uiteraard sal die resultaat van so 'n vergelyking onjuis wees en 'n sodanige vergelyking moet vermy word. Verder moet ook bepaal word watter groep die basis vorm: die personeel of die studente, en of dit in albei gevalle dieselfde is.

So moet ook daarop gelet word dat vergelykende statistiek waarin verskillende tydperke ter sprake is met mekaar ooreenstem. Die gemiddelde ekonomiese groei van 'n volle jaar kan nie met die gemiddelde groei wat op slegs drie maande gebaseer is, vergelyk word nie. Dit kan 'n onjuiste weergawe van die werklikheid gee.

*Is die statistiek beduidend genoeg om 'n stelling te bewys?*
Ter illustrasie word twee voorbeelde genoem. Indien bevind word dat dogters se gemiddelde IK 105 en seuns s'n 110 is, is dit 'n te onbeduidende verskil om die stelling te bewys dat seuns slimmer is as dogters. So 'n stelling vra om 'n veel groter verskil in IK. Indien 'n ondersoek toon dat 52 uit 'n moontlike 100 bejaardes en 49 uit 'n moontlike 100 jeugdiges ten gunste van 'n bepaalde politieke party is, is die verskil te onbeduidend om te konkludeer dat party X hoofsaaklik deur bejaardes gesteun word. Die beoordelaar moet dus bepaal of die statistiek wat stellings moet bewys beduidend genoeg is om die stelling werklik te staaf.

*Is statistiek 'n geldige indeks van die fenomene ter sprake?*
Soms word statistiek wat op 'n enkele aspek betrekking het op 'n breë terrein van toepassing gemaak. Die gesamentlike tendens van motorverkope, hoeveelheid bankrotskappe, werkloosheid, stand van die boubedryf en inflasiekoers kan byvoorbeeld 'n beter grondslag vorm vir 'n induktiewe veralgemening ten opsigte van die stand van die ekonomie as slegs een van die bostaande fenomene. Om byvoorbeeld slegs die stand van die boubedryf as norm vir die breë ekonomie te neem, kan misleidend wees.

*Word die waarskynlikheid van statistiek besef?*
Volgens Campbell (1974:150) is induktiewe gevolgtrekkings aan waarskynlikhede gekoppel en is absolute sekerheid haas onmoontlik. Indien die debatteerder statistiek gebruik om sy stelling te bewys, moet hy hiermee rekening hou. Die beoordelaar moet dus bepaal of die statistiek nie oorskat word nie.

### 3.3.2. Aanbieding van statistiek

*Is die statistiek verstaanbaar?*

* Word groot getalle tot ronde syfers afgerond? Drie en 'n half miljoen eerder as 3 498 787 224.
* Word baie groot of baie klein getalle gedramatiseer deur dit in meer konkrete ekwivalente uit te druk? Die persentasie wat inflasie gestyg het, kan byvoorbeeld aangedui word in terme van die daling van die waarde van 'n Rand, of hoeveel minder kruideniersware met dieselfde R200 van 'n jaar gelede gekoop kan word.
* Bied statistiek wat in visuele vorm uitgedruk is 'n korrekte en regverdige weergawe van die werklike syfers?
* Is die visuele aanbieding, indien gebruik, se sigbaarheid bevredigend?
* Word nie te veel getalle byna gelyktydig genoem nie?
* Neem die debatteerder se spraaktempo dienooreenkomstig af namate baie syfers genoem word of die ingewikkeldheid daarvan toeneem?

Die beoordelaar moet dus samevattend evalueer of die statistiek maklik gevolg en verstaan kan word.

*Is genoeg detail aangebied om die statistiek te evalueer?*
Hierdie oorkoepelende vraag betrek feitlik al die genoemde kriteria. Indien die debatteerder slegs die statistiek noem, sonder enige vermelding van die deskundigheid en betroubaarheid van die bron, die datum van ondersoek, asook enige detail wat vir elke stelling ter sake mag wees, behoort die beoordelaar dit as swak of baie swak te evalueer. Veral in die geval waar die debatteerder self 'n ondersoek geloods het, moet liefs te veel as te min detail gegee word om die betroubaarheid van die resultate te waarborg.

## 3.4. Deskundige uitsprake

### 3.4.1. Inhoud

Van die kriteria wat reeds genoem is, is ook op deskundige uitsprake van toepassing. Algemene kriteria wat hier geld is die volgende:

* Is die uitsprake relevant, resent, intern en ekstern konsekwent,

verstaanbaar en in die betoog geïnkorporeer?

Spesifieke kriteria betrek die volgende vrae:

* Is die deskundigheid asook die onpartydigheid van die bron gekwalifiseer?
* Is die gegewe van die primêre bron verkry?
* Word genoeg detail gegee om die kwaliteit van die aangehaalde uitspraak te evalueer?

Wat laasgenoemde kriterium betref wys Ehninger & Brockriede (1970:90) tereg daarop dat die verswyging van inligting tot op 'n punt waar die uitspraak - en so ook alle bewyse - nie deur die opponente en die beoordelaar intensief beoordeel en gekritiseer kan word nie, onmiddellik die kwaliteit daarvan verlaag, hoe relevant en korrek dit ook al mag wees.

By bogenoemde kriteria kan ook nog die volgende gevoeg word:

*Is die aangehaalde uitspraak volledig gedokumenteer?*
Die debatteerder moet duidelik meld of die inligting in gesproke of geskrewe vorm verkry is. Indien dit in geskrewe vorm verkry is, is die minimum vereistes dat die outeur, titel van die boek/tydskrif/verhandeling/pamflet/ ens., asook die datum daarvan gemeld word. Sekere uitsprake is selfs waardeloos sonder die nodige dokumentering. Indien die inligting mondeling verkry is, moet die naam van die deskundige en die datum van die onderhoud gemeld word. Volgens Wood (1972:36) is mondelinge uitsprake wat in onderhoude gemaak word goed, maar dit kan maklik verdraai en foutief aangehaal word sonder enige moontlike verifiëring. Aanhalings in geskrewe vorm word dus as van beter kwaliteit gereken, omdat dit geverifieer kan word. Geskrewe uitsprake word ook sterker oorweeg alvorens dit op skrif gestel word, waar mondelinge uitsprake soms onnadenkend gemaak kan word.

*Is die deskundige korrek en binne konteks aangehaal?*
Sover dit vir die beoordelaar moontlik is, moet hy bepaal of die deskundige volgens die oorspronklike bedoeling weergegee word. Die beoordelaar moet sensitief ingestel wees vir 'n gekleurde of verdraaide weergawe om die standpunt van die debatteerder te pas. Die debatteerders kan byvoorbeeld sekere aspekte oorbeklemtoon of selfs frases weglaat wat hom nie pas nie.

*Word daar tussen feite en 'n blote mening onderskei?*
Die beoordelaar moet bepaal of die debatteerder onderskei tussen 'n deskundige wat 'n feit stel of bloot 'n interpretasie van feite gee. Die debatteerder moet ook aandui met watter graad van sekerheid die deskundige sy interpretasie gestel het. Is dit as 'n hipotese, 'n skatting, 'n tentatiewe teorie, 'n redelik vaste oortuiging of selfs as 'n feit gestel? Debatteerders is geneig om voorwaardelike stellings soms in feite te verander om sterker steun aan hulle standpunte te verleen.

*Word die redes vir 'n uitspraak vermeld?*
Indien 'n deskundige mening gegee word en daarmee saam ook die redes daarvoor of die feite wat die deskundige tot die bepaalde gevolgtrekking gelei het, is die kwaliteit van die bewyse veel beter as wanneer slegs sy mening of gevolgtrekking gegee word.

*Getuig die bron teen sy eie belang?*
Dit spreek vanself dan 'n bron wat teen sy eie belang getuig, as bewys veel sterker is as 'n bron wat in eie belang 'n uitspraak lewer. Triomf se erkenning dat kunsmis duur is dra veel groter gewig as dieselfde uitspraak van die verskillende boereverenigings. Hierteenoor sal die boereverenigings se getuienis oor die goeie resultate van kunsmis geloofwaardiger wees as dieselfde uitspraak van Triomf.

*Word aanhalings uit die media korrek hanteer?*
Die beoordelaar moet in sy evaluering van hierdie aanhalings die volgende bepaal:

* Het die debatteerder vasgestel wie die oorspronklike bron is: 'n joernalis, deskundige of Jan Alleman?
* Indien dit 'n joernalis is, dra die debatteerder kennis van sy reputasie ten aansien van akkurate, objektiewe beriggewing of sterk persoonlike oortuigings?
* Onderskei die debatteerder tussen kommentaar en direkte weergawe?
* Is die debatteerder daarvan bewus dat veral dagblaaie meestal simpatie met sekere groepe of politieke partye het? Is hy dus bewus van die propoganda-element en bring hy dit in berekening? Inligting is dikwels gekleur as gevolg van die persoonlike simpatie van die uitgewer of belangrikste borg of adverteerder. Dit kan ondervang

word deur die aanhaling met dieselfde stof in ander dagblaaie te vergelyk.

### 3.4.2. Aanbieding van deskundige uitsprake

*Word aanhalings duidelik onderskei?*
'n Gehoor behoort presies te weet wanneer 'n aanhaling begin en eindig. Veral die einde van 'n aanhaling en die begin van die debatteerder se eie woorde vloei dikwels inmekaar. Dit is die plig van die debatteerder om òf deur 'n pouse òf deur verandering van stemtoon, òf deur dit direk te sê, die begin en einde aan te dui. 'n Aanhaling moet ook nooit te lank wees nie; dan moet liewer 'n parafrase van die deskundige se mening gegee word. In so 'n geval moet die gehoor dienooreenkomstig ingelig word.

*Stel die debatteerder die mening volledig en duidelik?*
Die volgende geykte uitdrukkings moet vermy word aangesien dit nikseggend is en as bewyse geen ondersteuning bied nie: **betroubare bronne meen, in 'n onlangse boek word die feit gestel, die meeste deskundiges sê, ens.** Die volgende voorbeeld kan as illustrasie dien:

Foutief: Ekonome beweer dat dit 'n waagstuk is om geld in nuwe uitgifte van gewone aandele te belê.

Korrek: In 1984 het die komitee vir ekonomiese navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch in 'n studiestuk *Veilige beleggings* die bevinding gestel dat van die 300 maatskappye wat aandele tussen 1976 en 1984 te koop aangebied het, slegs 20% in 1984 nog kredietwaardig was. Hier word dus duidelik getoon dat dit 'n risiko is om geld in nuwe uitgifte te belê.

Ten slotte behoort die beoordelaar te bepaal of die debatteerder krities ingestel is teenoor bewyse en nie alles wat op skrif gestel is as noodwendig korrek en wetenskaplik aanvaar nie. Die beoordelaar kan ook volgens die kwantiteit en kwaliteit van bewyse bepaal of die debatteerder wat die onderwerp betref deeglike navorsing gedoen het en wyd belese is.

## 4. EVALUERING

Die evaluering van die bewyse geskied soos volg: Indien min bewyse voorkom, word dit in die volgorde soos dit in die toespraak voorkom bespreek. Indien meer, en 'n groter verskeidenheid voorkom, word die evaluering volgens die verskillende soorte gedoen, beginnende met dié soort waarvan die eerste bewys in die toespraak 'n voorbeeld is. Waar moontlik is gepoog om foute wat herhaaldelik in een toespraak voorkom eenmalig te bespreek. Aan die einde word stellings wat met bewyse ondersteun moes word aangetoon. Dit sal aantoon of daar genoegsame bewyse was al dan nie.

Die bronne waarna verwys is en wat wel opgespoor kon word, is nagegaan. Die doel hiermee was om 'n insig in die betroubaarheid van bronverwysings en die noukeurigheid van aanhalings te verkry. Hierdie insig is egter nie in die evaluering ter sprake gebring nie, omdat 'n beoordelaar tydens 'n kompetisie uiteraard nie die bronne tot sy beskikking het om na te gaan nie. Na afloop van die evaluering van elke toespraak sal die betrokke bevindinge weergegee word.

### 4.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (86 U 1)

#### 4.1.1. Konstruktiewe toesprake

##### 4.1.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander gebruik vier bewyse: drie uitsprake en een voorbeeld.

Die eerste uitspraak (1:16-23) is relevant en betrek wel 'n kenner op dié betrokke gebied. Dit is egter nie duidelik of die uitspraak uit 'n geskrewe bron of tydens 'n persoonlike onderhoud verkry is nie. Die resentheid kan dus nie bepaal word nie. Dit benadeel die kwaliteit van die uitspraak. Die uitspraak is ook nie werklik benut nie aangesien dit geensins in die verdere betoog in berekening gebring is nie.

Die tweede uitspraak is in die vorm van 'n sogenaamde spreekwoord (2:32-36). Dié "spreekwoord" is heel waarskynlik 'n kort parafrase van A.G. Visser se gedig *Die uitleg*. Hoewel dit waar is dat Eva uit Adam se ribbebeen

geskape is om hom as gelyke te help (Gen. 2:18), bied hierdie feit geensins genoegsame steun aan die afleiding dat die vrou haar plek in die samelewing en opvoedingsgebeure sal vol staan nie. Die bewys is dus irrelevant.

Die volgende deskundige uitspraak (3:77-82) is wel relevant, maar die kwaliteit van die bewys is onbevredigend: Wie is die kindersielkundige? Wat maak hom/haar bekwaam om 'n sodanige uitspraak te lewer? Is dié gegewens nie in 'n wetenskaplike bron te kry veeleer as in *Rooi Rose* nie? Uit die gegewens is dit ook nie duidelik of *Rooi Rose* die primêre of sekondêre bron is nie. Die onvolledige besonderhede verswak die kwaliteit van die bewys.

Soos in die kriteria hierbo bespreek, is die enkele voorbeeld van mej. Steyn (2-3:62-71) as ongetroude beroepsvrou nie voldoende en tipies genoeg om as bewys te dien vir die stelling dat daar "talle vroue (was) wat as hoofde van groot skole uitmuntende werk gelewer het" (2:62-64) nie. Die enkele voorbeeld is ook nie genoegsaam vir die oorkoepelende stelling dat die beroepsvrou as onderwyseres " haar plek ten volle vol staan as opvoeder" (2:56-58) nie.

Die stelling dat "dit nie die hoeveelheid nie, maar die gehalte van liefde en aandag (is) wat tel" (3:75-77), vra om bewyse. Die bewyse is kwantitatief onvoldoende en kwalitatief onbevredigend.

Evaluering: baie swak (2).

*Rooi Rose* blyk wel die primêre bron te wees. In die artikel: *Skeep werkende ma's hul kinders af?*, vermeld Marietjie Bekker haar gesprek met 'n anonieme kindersielkundige. Die aanhaling gee nie die presiese woorde van die sielkundige weer nie, maar die betekenis is nie verander nie (Bekker, 1985:19).

**4.1.1.2. Eerste teenstander**

Die eerste teenstander maak net van deskundige uitsprake gebruik. Almal kan in 'n mindere of meerdere mate as relevant bestempel word, maar die volgende tekortkominge bring die kwaliteit daarvan in gedrang:

* Deurgaans ontbreek 'n datum en die resentheid van die uitsprake

kan nie bepaal word nie (4:26-28; 4-5:46-54; 5:61-65; 6:91-104).

* Die titel van Shirley Conran se boek ontbreek (4-5:46-54).
* Die deskundigheid van outeurs word nie gekwalifiseer nie - 'n baie belangrike aspek volgens Reynolds (1975:115). Die redes vir die gevolgtrekkings waartoe die deskundiges gekom het, word ook nie gemeld nie. Die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die outeurs en hulle uitsprake word geensins versterk nie. (Hierdie laasgenoemde gebreke is trouens deurgaans in al die debatte gevind.)
* Die relevansie van twee Engelse bronne ter ondersteuning van hoe die Afrikanerberoepsvrou daar uitsien, kan bevraagteken word. Die bevindings van dié bronne hoef nie noodwendig ten opsigte van die Afrikanerberoepsvrou te geld nie. Bevindinge van studies wat die Afrikaanse beroepsvroue betrek het, sou veel groter oortuigingskrag gehad het.

'n Verdere punt van kritiek is dat stellings wat redelik algemeen aanvaar word of minder ter sake is, soos byvoorbeeld dat die opvoeding van 'n kind rondom die ma sentreer (4:26-28), en die veranderende kapitalistiese uitkyk (6:92-94), met bewyse ondersteun word, terwyl belangrike stellings sonder bewyse moet klaarkom. Stellings soos die volgende: kwantiteit is nodig vir kwaliteitopvoeding (4:44-45); 'n vrou wat "ontoereikend voel" sal "nooit ooit haar plek in die opvoedingsgebeure kan vol staan nie" (5:58-60); die knip van die naelstring is 'n "traumaticse ervaring" (5:73-77); en verwarring ontstaan by 'n tweejarige as hy in dagsorg geplaas word (6:85-88). Die bewyse is dus kwantitatief nie genoegsaam nie.

Evaluering: swak (3).

Die aanhaling uit Conran se boek is behalwe vir enkele nalatighede soos "end up *being* happy in neither situation" en *I've* read a lot...", korrek weergegee (Conran, 1975:153). Hierdie aanhaling laat die indruk dat Conran die stelling van die teenstanders ondersteun, maar die kerngedagte van dié bron is egter dat die beroepsvrou wel haar plek kan vol staan (vgl. Conran, 1975:154-164).

Beide die uitsprake van Van der Walt (4:26-28) en Van Wyk (5:61-85) is sogenaamde gefabriseerde inligting en kom geensins in die betrokke bronne voor nie. Van der Walt stel dat die "ouer" die primêre opvoeder is, wat die pa insluit (Van der Walt, 1983:25).

In Sharon Goulds se boek kon die oorsprong van die beskrywing van die beroepsvrou se rolverwagting geensins opgespoor word nie. Dit is heel waarskynlik 'n produk van die debatteerder se eie verbeelding.

#### 4.1.1.3. Tweede voorstander

Die tweede voorstander maak ook net van deskundige uitsprake gebruik, maar die kwaliteit daarvan is nog swakker as dié van die vorige debatteerder:

* Behalwe vir die aanhaling uit *Die Transvaler* en *Rooi Rose* (9:76-78, 9:84-85), word geen van die ander gedateer nie.
* Die titels van die navorsingswerk waarna verwys word, ontbreek (8:46-48; 9:105-108).

Vervolgens word elke bewys krities bespreek.

Die aanhaling uit Spreuke 14:1 (7:21) slaag nie, omdat die Bybelse vrou wat vir haar huis sorg nie met vandag se werkende moeder vergelyk kan word nie. Die teenstanders sou dieselfde teks ter ondersteuning van hulle standpunt kon gebruik.

Die uitsprake van Steyn en Breed (8:46-65) is in die eerste plek irrelevant, aangesien dit hier om die motivering van die beroepsvrou gaan. Die bevindinge ten opsigte van die drie kategorieë vroue het ook geensins op opvoedingsgebeure betrekking nie. Dat sy meer gebruiksmiddele vir die huis kan koop, goed kan organiseer, 'n netjiese huis het en bevrediging uit haar werk put, bewys nie dat sy haar plek ten aansien van opvoedingsgebeure vol staan nie. Dit sou wel relevant gewees het indien dié aspekte as opvoedingsgebeure in die definisie ingesluit was. Die aanvegbare stelling dat beroepsvroue se kinders "baie beter intellektueel" is as dié van die huisvrou (8:63-65), behoort met 'n direkte aanhaling en veel meer bewyse gestaaf te word, omdat algemeen aanvaar word dat intelligensie geneties bepaal word.

In die tweede plek behoort die twee professore se besondere deskundigheid en die aard van hulle navorsing veel duideliker uitgespel gewees het om die bewys se kwaliteit te verbeter. Dit geld ook vir die onvolledige verwysing na A.A. Roux (10:109-111).

Wat die aanhaling uit *Die Transvaler* betref (9:76-82), is dit nie duidelik wat

hiermee bewys wil word nie. J. van Rooyen se identiteit en deskundigheid is ook nie gespesifiseer nie. Dié aanhaling impliseer bloot dat die beroepsvrou haar keuse om te werk met die gepaardgaande gevolge moet aanvaar. Dit word nie aan die debatspunt gekoppel nie en lewer dus geen bydrae om die span se standpunt te bewys nie.

Die kritiek teen die aanhaling uit *Rooi Rose* is hoofsaaklik in die onvolledigheid daarvan geleë: Wie het die ondersoek geloods? Hoeveel kinders is betrek? Is *Rooi Rose* die primêre bron? Al sou *Rooi Rose* self 'n ondersoek geloods het, sou 'n wetenskaplike bron aanvaarbaarder gewees het.

Die stelling dat Suid-Afrika "nie net sy mannekrag nie, maar ook sy vrouekrag nodig het", wat deur A. van Wyk bevestig is (9:105-108), het geensins betrekking op die debatspunt nie en is dus irrelevant.

Daar is nog baie stellings wat glad nie deur bewyse ondersteun is nie: Die Afrikanerberoepsvrou werk nie vir luukses nie, maar vir die voorreg om as gesin te gaan vakansie hou (8:32-36); die beroepsvrou "is telkemale meer tuis as die huisvrou..." en sy is "verveeld by die huis" (8:66-70); die huisvrou gee te veel aandag aan haar kinders en die kind kan nie sy "eie ding op sy eie manier" aanpak nie (9:90-102); en "as dit nie vir die beroepsvrou was nie, sou daar geen ontwikkeling gewees het in ons land nie" (9:103-105). Die kwantiteit en kwaliteit is dus onbevredigend.

Evaluering: baie swak (2).

Die aanhaling uit die twee sosioloë Steyn en Breed se boek *Die veranderende gesin*, is redelik korrek geparafraseer. Hierdie bron is egter die sekondêre bron, want die oorspronklike gegewens kom uit *De vrouenarbeit in onze tyd* van E. Sullcrat (1969). Die stelling oor die intelligensie van kinders is foutief weergegee (8:63-65). Volgens die debatteerder se sin blyk dit dat beroepsvroue se kinders intelligenter is as dié van gewone huisvroue. Volgens Steyn en Breed (1977:217) geld dié stelling slegs vir die derde groep vroue wat genoem is, wat uiteraard meestal 'n intelligenter en meer ontwikkelde vrou as die eerste twee groepe vroue is. Die onderskeiding lê dus nie tussen beroepsvrou en huisvrou se kinders nie, maar tussen die sogenaamde arbeidsklasse (Steyn en Breed, 1977:216) en die meer ontwikkelde klasse. Die intelligensie van die kind het dus niks te doen met die feit dat die moeder

werk nie.

Die aanhaling uit *Die Transvaler* is ook onnoukeurig weergegee, hoewel die betekenis nie verander is nie. Dit blyk duidelik uit die artikel van dr. Van Rooyen van die Nasionale instituut vir personeelnavorsing dat dit geensins oor die beroepsvrou se opvoedingstaak handel nie. Dit handel daaroor dat die vrou moet besluit of sy wil trou of nie, en as sy getroud is of sy wil werk of nie (Van Rooyen, 1982:6). Die aanhaling is buite konteks gebruik (9:79-82).

Die inhoud van die aanhaling uit *Rooi Rose* is korrek weergegee. Dit sou as bewys veel sterker gewees het as die voorstander meer detail verskaf het, byvoorbeeld: "Die aanhaling kom uit Trudi du Toit se artikel: *Dagsorgsentrums - is jou kind in goeie hande?* Hierin haal sy Tanya Vergnani aan met wie sy 'n onderhoud gevoer het en wat tans met navorsing besig is oor voorskoolse geriewe in die Kaap."

Die verwysing na A.A. Roux (10:109-111) kom uit haar verhandeling: *Die naskoolsentrum vir skoolgaande kinders - 'n maatskaplikewerk-ondersoek met besondere verwysing na die rol van maatskaplike groepwerk.* Die verwysing is korrek weergegee: "Dit gaan nie om die kwantiteit nie, maar wel die kwaliteit van benutting" (Roux, 1981:31). Die voorstanders kon byvoorbeeld Roux as 'n deskundige geïdentifiseer het wie se bevindinge in haar MA-verhandeling staan. Sy is ook 'n dosent in Maatskaplike Werk. Hierdie soort inligting sou krag aan die bewys verleen het.

**4.1.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander gebruik voorbeelde, statistiek en deskundige uitsprake. Hier is genoegsame verskeidenheid, maar die kwaliteit daarvan is van wisselende gehalte.

Wat die statistiek betref (10:18-26) is daar min kritiek op die kwaliteit daarvan, aangesien die tydperk gegee word en daar aanvaar kan word dat deskundiges by die verwerking van gegewens betrek is. Die Sansoverslae bestaan uit 'n aansienlike aantal dele en die teenstander moes gemeld het uit watter deel die statistiek verkry is. Die stelling wat op die statistiek gegrond is, is egter irrelevant (vgl. p. 219). Die tweede teenstander kan dus nie krediet vir die kwaliteit van die statistiek kry nie, omdat dit 'n irrelevante bewys is.

Die verwysing na Shirley Conran (11:51-55) staan hier veel sterker as wat dit met die eerste teenstander die geval was. Die titel van die boek word gegee, maar veral van belang is die drie Afrikaanse voorbeelde wat gegee word om die Engelse aanhaling te ondersteun (11-12:55-73). Hiermee word bewys dat die uitspraak ook ten opsigte van die Afrikanerberoepsvrou geld. Die drie voorbeelde is tipies en beduidend ten aansien van die beroepsvrou se skuldgevoelens.

Die aanhaling van prof. J.L. Van der Walt is onvolledig en totaal irrelevant ten opsigte van die stelling dat 'n onderwyseres "haarself moeilik uitdruk teenoor 'n groep senior seuns" (12:87-92). Meer detail sou 'n geldige argument moontlik kon maak, maar nie soos wat dit hier voorkom nie.

'n Vorm van negatiewe bewyse word in die slot aangetref. By implikasie word gesê: omdat daar nie meer voorbeelde soos Antjie Krog se gedig bestaan nie, kan afgelei word dat die beroepsvrou nie haar plek vol staan nie (13:118-123). Dit is 'n swak bewys, tog lê die eintlike fout by die redenasie (vgl. p. 220).

Bewyse ontbreek ter ondersteuning van die stelling dat die eerste vyf jaar in 'n kind se lewe so belangrik is (11:27-36). Verdere bewyse ontbreek wat sal staaf dat die beroepsvrou nie in staat is om haar plek ten aansien van genoemde verpligtinge vol te staan nie. Die stelling dat die beroepsvrou se werk "nadelige gevolge" vir haar huisgesin inhou (11:38-40), behoort ook met bewyse gesteun te word.

Die bewyse is onvoldoende, want behalwe vir die aanhaling van Conran en die drie voorbeelde, is die ander bewyse irrelevant.

Evaluering: swak (3).

Die aanhaling uit Conran is korrek weergegee (Conran, 1975:153). Dieselfde kritiek wat ten opsigte van die gebruik van die boek by die eerste teenstander uitgespreek is, geld ook hier.

Die aanhaling wat aan prof. J.L. van der Walt toegedig word (12:90-92), kan geensins in dié bron opgespoor word nie.

#### 4.1.2. Repliektoesprake

##### 4.1.2.1. Eerste teenstander

Om die "rebellie waarin ons land tans verkeer" (13-14:14-16) as voorbeeld voor te hou van die onvermoë van die beroepsvrou om haar plek vol te staan, is irrelevant. Dit handel hier oor die Afrikanervrou.

Die herhaling van die irrelevante statistiek (14:22-30) strek tot die eerste teenstander se nadeel, aangesien nuwe bewyse in repliektoesprake gestel behoort te word.

Die verwysing na Reeva Forman en June Kritzinger (14:35-38) as suksesvolle beroepsvroue en opvoeders is onbeduidend en nie tipies nie, soos vroeër aangetoon is.

Die onvolledige bronverwysing en identifisering van die sakeman (14:46-48) elimineer die potensiële krag van die aanhaling. As gevolg van die swak omskrywing van opvoedingsgebeure binne die verskillende beroepe, weerspreek die aanhaling die standpunt van die teenstanders wat moet bewys dat die vrou nie haar plek in die arbeidsmark vol staan nie (vgl. 3:4-7). Hierdie bewys weerspreek die stelling in die konstruktiewe toespraak; sy lewer onbevredigende resultate as moeder **én beroepsvrou** (5:56-58).

Die gevolgtrekking dat die vrou "as gevolg van haar betrokkenheid by haar beroep" nie meer in staat is daartoe om haar plek in die opvoedingsgebeure vol te staan nie" (14:50-52) vra om veel meer bewyse as wat hier gegee is. Die bewyse is van 'n swak kwaliteit, terwyl die kwantiteit ook onvoldoende is.

Evaluering: baie swak (1).

##### 4.1.2.2. Eerste voorstander

Die eerste voorstander steun op vier uitsprake en een voorbeeld.

Die eerste uitspraak is 'n gevarieerde herhaling van prof. I.N. Steyn se woorde (15:10-14). Dié uitspraak sluit nie volwassenes uit in die opvoedingsproses nie, maar tog praat die voorstander slegs van die "opvoeding van die jeug" (15:6-7). Die siening van die voorstander rym dus nie met die bewys nie.

Dit toon dat die bewys nie werklik in die betoog geïnkorporeer is nie.

Die tweede verwysing (15:18-20) is wel relevant, maar hier word na 'n sekondêre bron verwys of anders is dit nie 'n werklik wetenskaplike ondersoek nie. Wie die wetenskaplikes is, hulle bekwaamheid en besondere redes vir hulle bevindinge, word nie gemeld nie. Die bewys boet so sy oortuigingskrag in.

Die uitspraak van senator Kennedy (15:24-28) en die aanhaling uit die "Bybelkorboek" (16:36-38) is albei irrelevant. Die motivering waarom die beroepsvrou werk word nie gedebatteer nie; dit is nie slegs beroepsvroue wat in Christus glo nie.

Die enkele voorbeeld van Mej. Venter (15:29-32) (wat wel as skoolhoof van dié betrokke span by die gehoor goed bekend was) is, soos die vroeëre voorbeeld, nie genoegsaam en tipies van die beroepsvrou nie.

Die bewyse is wat kwaliteit betref baie swak, en wat kwantiteit betref te min.

Evaluering: baie swak (1).

Die verwysing na die artikel van Marietjie Bekker in *Rooi Rose* is korrek. Bekker maak ook net van wetenskaplikes melding sonder om enige verdere besonderhede te spesifiseer. 'n Sodanige uitspraak moet by voorbaat nie as bewys in 'n debat gebruik word nie.

**4.1.2.3. Tweede teenstander**

Die aanhaling uit *Superwoman* (16:20-24) is relevant en bied moontlikhede waarop sterk argumente gebou kan word. Dit gebeur egter nie, want dit gaan hier om die ouer kind wat al in die skool is. Tog hou die teenstander aan met die kleuterskooljuffrou wat nie die ma se plek kan vol staan nie (17:25-27). Die bewys ondersteun dus nie die stelling nie.

Die bewering dat 'n onderwyseres poog om vir die liefde van 'n ma in te staan (16:11-16; 17:25-27), en dat die liefde van 'n onderwyseres "nie al die kinders bevredig nie" (17:41-42), vra om bewyse, indien die gehoor hiervan oortuig moet word. Die verwysing na die Russe (17:49-52) se bevindings is te onvolledig om 'n stelling daarop te grond, al sou dit selfs waar wees. Die gebrekkige koppeling van die bewys aan die dispuut maak die bewys

waardeloos. Die bewyse is kwalitatief en kwantitatief onbevredigend.

Evaluering: baie swak (1).

Die aanhaling uit *Superwoman* is 'n voorbeeld waar die oorspronklike verander is om die indruk te skep dat dit oor die voorskoolse kind handel maar waarin nie geslaag is nie. Die oorspronklike lui: "I found that as my children grew **into teenagers**..." (beklemtoning - PS) (Conran, 1975:154).

**4.1.2.4. Tweede voorstander**

Om slegs na twee vroueskoolhoofde te verwys as bewys van die "baie voorbeelde" (18:16) " die hele Suid-Afrika deur" (18:19), is onvoldoende. Hier sou relevante statistiek van die onderwysdepartement as genoegsame bewys kon dien. Dieselfde beswaar geld ook ten opsigte van die voorbeeld van Elvis Presley (18-19:40-42). Afgesien daarvan dat geen bron gemeld word nie, kan 'n enkele, nie tipiese voorbeeld nie ten aansien van alle kinders van nie-beroepsvroue veralgemeen word nie.

Wat deskundige uitsprake betref is die volledige identifisering van die outeur (18:30; 19:49-52), die gebrek aan volledige bronverwysings (18:30-35; 19:49-56), en die gebruik van 'n onwetenskaplike bron (19:49), die belangrikste kritiek. Die verwysing na A.A Roux (18:30-32) word geensins aan 'n stelling gekoppel wat die proposisie as waar moet bewys nie. Die tweede uitspraak van A.A. Roux is wel relevant (18:32-36), maar die onvolledigheid daarvan verswak die bewys: Wat was die aard van die ondersoek? Hoe oud is die kinders wat betrek is? Watter skole is hier ter sprake?

Die twee laaste verwysings (19:49-56) betrek 'n onwetenskaplike bron. 'n Positiewe punt is dat die presiese aantal vroue wat ter sprake is vermeld word. Die onvolledige gegewens en swak formulering van die laaste uitspraak (19:53-56) elimineer enige oortuigingskrag van die bewys. Daar word ook geensins aangedui hoe die bewyse die voorstanders se saak versterk en die teenstanders s'n verswak nie - dit is om 'n wapen in jou hand te hê sonder om dit te gebruik. Die bewyse is genoegsaam, maar die kwaliteit daarvan is swak en dit is nie ten volle benut nie.

Evaluering: swak (3).

Die stelling dat die opvoeding van 'n kind die primêre taak van die gesin is wat deur die skool en kerk bygestaan is (18:30- 32), staan wel in Roux se verhandeling (1981:30), maar dit is gekry by D.F. Erasmus (1952:86) in sy boek *Die Christelike huisgesin*. Roux is dus 'n sekondêre bron. Die indruk word gelaat dat Roux ook gestel het dat aan 'n kind wat nog twee uur per dag aandag ontvang, geen skade berokken word nie. Roux het egter geen sodanige uitspraak gemaak nie.

Die bron waaruit die voorbeeld van Elvis Presley kom, is *Huisgenoot* van 2 Mei 1985:116-120.

Die verwysing na die artikel in *Rooi Rose* van Marietjie Bekker is deels korrek en deels foutief. Dat huisvroue meer as beroepsvroue aan stres ly is volgens die artikel wel waar. Die ondersoek het wel 133 en nie net 31 vroue betrek nie. Die stelling in (19:54-56) is egter onvolledig weergegee. Die oorspronklike lui soos volg: "Ook hier in Suid-Afrika erken sielkundiges dat die meeste van hulle pasiënte huisvroue is en by inrigtings vir alkoholiste en dwelmverslaafdes is die meerderheid pasiënte ook huisvroue" (Bekker: 1986:68). As die aanhaling korrek weergegee was kon dit sterk steun aan die voorstander se standpunt verleen het.

## 4.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING (85 H 1)

### 4.2.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.2.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander verwys slegs na twee deskundiges. In die eerste verwysing (20-21:29-36), ontbreek 'n volledige identifisering van prof. L.J. du Plessis se betrokke terrein van sy deskundigheid asook die datum van die publikasie. In die aanbieding was dit nie duidelik of dit 'n aanhaling of 'n parafrase van Du Plessis se interpretasie is nie.

Die tweede verwysing (21:55-60) is baie vaag in dié sin dat dit nie duidelik is hoe daar op Kuyper gesteun word nie. Die verwysing is so onvolledig dat dit in werklikheid nie as 'n bewys, wat 'n stelling ondersteun, bestempel kan word nie. Die indruk word geskep dat "die filosofiese werke" van Kuyper

onder hande geneem is, terwyl dit sterk betwyfel kan word. Die idee word veeleer gelaat dat Kuyper se naam betrek is om 'n indruk van deskundigheid en belesenheid aan die betoog te verleen.

Die bewyse vir hierdie betoog is totaal onvoldoende. Om te oortuig moes die volgende stellings met bewyse gesteun gewees het: "dat geen debat gevoer kan word sonder die formulering van 'n spesifieke perspektief op die werklikheid nie" (20:20-22); die "moderne demokrasie (het) 'n Calvinisties-filosofiese kyk op die werklikheid" (21:69-70); dat bostaande Calvinistiese kyk die oorsaak is dat "gesag en vryheid" die botoon in moderne demokrasieë voer (21:67-70); en dat "soewereiniteit in eie kring" en "dus ook gesag en vryheid" noodwendig die oorsaak van welvaart en vooruitgang is (22:71-76).

Evaluering: baie swak (1).

Die weergawe van Du Plessis se interpretasie is nòg 'n suiwer aanhaling nòg 'n algehele parafrase: "Die moderne staat probeer deurgaans as demokrasie om die gesagseenheid op die vryheidsveelheid op te bou, om die hoogste staatsorgaan te laat resulteer uit of altans harmonieer met die veelvoudigheid van die volkslewe" (Du Plessis, 1941:104). Die grootste beswaar is teen die resentheid van die bron . Om slegs 'n verouderde bron oor hierdie debatspunt te gebruik, is onwetenskaplik en onaanvaarbaar.

Die sogenaamde *Staatsleer en regsfilosofie* van Kuyper bestaan nie. Daar is 'n sterk vermoede dat die "bron" foutiewelik uit Du Plessis verkry is: "Die Calvinisme is as historiese verskynsel die wêrelbeskouing wat ontwikkel is deur die Franse hervormer Jean Calvin (1509-1564), maar as suiwer Skriftuurlike Christendom, soos dit bedoel om te wees, is dit tot geen tyd beperk nie en in die allernuutste tyd onder die invloed van dr. Abraham Kuyper (1837-1920) het dit eers tot eie wetenskaplike ontwikkeling begin kom op die gebied van **staatsleer en regsfilosofie**,..." (beklemtoning - PS) (Du Plessis, 1941:65). Die span gee ook verder geen blyke dat hulle enige werk van Kuyper gelees het nie. Hulle verlaat hulle dus op Du Plessis - 'n sekondêre bron - wat 'n samevatting van Kuyper se staatsteorieë weergee (vgl. Du Plessis, 1941:136-142).

#### 4.2.1.2. Eerste teenstander

Die eerste teenstander steun hoofsaaklik op deskundige uitsprake. Die

aanvangsaanhaling (22-23:2-7) is nie werklik relevant nie, aangesien dit nie 'n stelling bewys wat werklik bydra om die proposisie as waarskynlik onwaar te staaf nie. Die kwaliteit van die bewys is swak aangesien dit ongedateer is, M. Wiechers nie genoegsaam geïdentifiseer is nie, en 'n omskrywing van die funksionering van die demokrasie in die Griekse state ontbreek.

In 'n geval waar 'n bekende slagspreuk of gesegde, soos Lincoln se woorde aangehaal word (23:25-27), is dit nie nodig om die bron en datum te meld nie. Dié aanhaling word egter nie werklik gebruik om 'n stelling te bewys nie.

Die derde verwysing na 'n deskundige is baie vaag en onduidelik (23-24:40-46). Dit is nie duidelik of die hele paragraaf 'n parafrase van Koopmans se siening is nie of slegs die frase, naamlik dat "demokrasie nie alleen net meerderheidsregering" is nie. Afgesien daarvan dat die verwysing nie direk op die debatspunt betrekking het nie, is die bron ongedateer.

Die laaste bewys van die eerste teenstander is 'n voorbeeld wat wel waar is, maar foutief gebruik is (25:87-89). Die opstande kan 'n moontlike gevolg van onderdrukking wees, maar dit is nie 'n voorbeeld van onderdrukking nie. Die voorbeeld staaf dus nie die stelling nie.

Die genoemde bewyse dra nie werklik by tot die ondersteuning van enige argument wat die proposisie as waarskynlik onwaar sal staaf nie. Verder ontbreek talle bewyse om die nodige steun aan stellings te verleen: demokrasie is "vandag so uit pas soos grammefone" (23:10-15); die implikasie dat daar geen land is waar die hele volk stemreg het nie (23:34-35); dat "iets wat hemelsbreed van demokrasie verskil, demokrasie (ge)noem en na(ge)jaag" word (23:36-39); "die ontwikkeling is weg van demokrasie af" (24:56-57); konsosiasiedemokrasie is "ver verwyderd van demokrasie" (24:65-66); op sportgebied bly demokrasie vergete (24:77-79); en "ons (sien in SA) 'n vorm van onderdrukking duidelik blyk" (25:87-89).

Die enkele bewyse is kwalitatief van 'n swak gehalte.

Evaluering: baie swak (1).

Die skrywer van die boek, *Staatsreg*, is prof. J.P. VerLoren van Themaat. Die tweede uitgawe is bloot 'n "bewerking" deur M. Wiechers (VerLoren van Themaat, 1967:v). 'n Meer resente bron was nodig. Die aanhaling is ook nie

korrek weergegee nie: "sleg" is onder andere met "verwerplik" vervang.

By monde van Aristoteles word die indruk gelaat dat demokrasie onaanvaarbaar is. Tog word geen twaalf reëls verder gesê dat: "teenswoordig is demokrasie die beste soort staat, en selfs die state agter die ystergordyn wend voor om ware demokrasie te wees" (Verloren van Themaat, 1967:40). Die werklike standpunt van die deskundige word dus verdraai omdat met dié aanhaling gepoog is om die demokrasie as "uit pas" (23:12-15) te bewys.

Die verwysing na Koopmans (1983:29) is onvolledig en so onbeholpe weergegee dat die betekenis nie duidelik blyk nie. Koopmans verwys na regerende partye wat nie 'n volstrekte meerderheid verkry het nie, wat dan minderheidsgroepe se belange beskerm om so hulle steun te verkry.

**4.2.1.3. Tweede voorstander**

In hierdie toespraak word in werklikheid nie van 'n enkele bewys gebruik gemaak nie. Sy noem dat Kuyper die Calvinistiese staatsideologieë en -begrippe verwoord het (25:11-13; 25:24-26), maar gebruik dit nie as 'n bewys om 'n stelling, wat op sy beurt weer die proposisie as waar sal bewys, te staaf nie. Die noem van hierdie feite in verband met Kuyper dra geensins daartoe by om die waarskynlike waarheid van die proposisie te bewys nie.

Die volgende stellings vra om bewyse: dat die moderne demokrasieë in alle Westerse lande volgens Kuyper se staatsteorieë gestruktureer is (25:14-18); dat die "Calvinistiese staatsideaal" die demokrasie beïnvloed het (25:19-21; 26:47-48); dat uit "soewereiniteit in eie kring vir staat en volk" noodwendig welvaart en voorspoed sal voortspruit (26:49-54); en dat verval sal voorkom " wanneer die volk die soewereiniteit van die staat misken, en dit lei uiteindelik tot chaos" (26:57-60).

Evaluering: geen bewyse (0).

**4.2.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander se eerste bewys is 'n statistiek wat die stelling ondersteun dat Suid-Afrika die tweede mees outokratiese staat in die wêreld is (28:49-54). Afgesien daarvan dat daar geen bron vir albei die sogenaamde bewys en stelling gegee word nie, hang die 30% se korrektheid af van die

interpretasie van stemreg. Die korrekte persentasie is egter nie ter sake nie, want die bewys en die stelling is irrelevant as gevolg van die foutiewe analise.

Die voorbeelde wat as bewys moet dien dat die staat "alles" besit, "in dié geval ook die meerderheid" (28:55-59), is nie genoegsaam om die stelling te bewys nie. Twee voorbeelde is ook foutief: die staat besit nie die pers nie en die SAUK is 'n semistaatsondersteunde instansie.

In die volgende bewys word Swaziland as 'n voorbeeld aangetoon vir die stelling dat die "meeste van hulle (Swart volke - PS) wil teruggaan na hulle stelsels van kapteins en konings" (29:67-69). Die voorbeeld is irrelevant en 'n duidelike verband tussen die voorbeeld en stelling ontbreek.

Die laaste voorbeeld waar na Afrika verwys word, is irrelevant en ook foutief, omdat die redenasie wat dit voorafgaan foutief is (29:80-87) (vgl. p. 229). Die irrelevansie van die bewyse kan na die foutiewe analise herlei word.

By die volgende stellings ontbreek die nodige bewyse: dat Switserland die enigste land is wat probeer om ware demokrasie na te volg (28:25-27); dat die Switserse stelsel "misluk het as gevolg van die komplekse uiteenlopendheid van ons beskawing" (28:27-29); dat "Suid-Afrika in dieselfde asem as Spanje en Tsjeggo-Slowakye genoem word as die tweede mees outokratiese staat in die wêreld" (28:49-52); dat "kapitalisme beteken net die staat besit alles" (28:55-56); dat "ons demokrasie op hulle (Swart volke - PS) afgedwing word" (29:66-67); en "Kultuur is besig om demokrasie te verdring deur Afrikanerorganisasies wie se doel dit is om die Afrikaner polities voorop te stel (29:70-72).

Evaluering: geen werklike bewyse (0).

### 4.2.2. Repliektoesprake

#### 4.2.2.1. Eerste teenstander

Die eerste teenstander maak slegs van een voorbeeld gebruik wat in *Huisgenoot* verkry is. Kinderprostitusie word as bewys aangevoer vir die stelling dat "daar 'n redelike verval in ons sedes was" (30:13-18). Onvolledige inligting verswak die bewys: Wie het dit gesê? Hoe is inligting oor die saak verkry? Die bewys is irrelevant omdat die redenasie swak is. Dit sal onder

redenering bespreek word.

Hoewel dit per definisie nie 'n bewys is nie, toon die noem van Switserland en Amerika 'n inkonsekwensie ten aansien van 'n bewys wat vroeër genoem is (vgl. 30:28-30 met 28:25-27). Die tweede teenstander beskou slegs Switserland as suiwer demokraties.

Hier ontbreek bewyse in die vorm van voorbeelde van beperkings op die regering se handelinge en hoe dit die gevolg sal hê dat demokrasie nie die kern van welvaart en vooruitgang is nie (30:21-26).

Bewyse is onvoldoende en van 'n swak kwaliteit!

Evaluering: baie swak (1).

Die datum of die naam van die tydskrif is foutief gestel, aangesien 'n sodanige artikel nie in die genoemde *Huisgenoot* voorkom nie.

**4.2.2.2. Eerste voorstander**

Hier word van geen bewyse gebruik gemaak nie. Die stelling in die eerste paragraaf vereis grondige bewyse, naamlik dat die genoemde gesonde beginsels op internasionale gebied na aanleiding van die Calvinisme plaasgevind het (31:5-11).

Evaluering: geen bewyse (0).

**4.2.2.3. Tweede teenstander**

Hier word slegs een deskundige uitspraak gebruik (32:4-8), wat 'n herhaling is van dieselfde bewys wat vroeër voorgekom het (28:48-53). Hierdie weergawe se kwaliteit is beter aangesien die skrywer en die titel van die bron verskaf word. Die datum word steeds verswyg en dit kan 'n belangrike faktor wees in die beoordeling van regeringstelsels. Stelsels kan as gevolg van staatsgrepe haas oornag verander en die mees resente bron moet nagegaan word. Die tweede teenstander hou ook nie daarmee rekening dat die outeurs Amerikaners is wat Suid-Afrika dalk heel subjektief beoordeel nie. Ander bronne se opinie hieroor sou 'n meer gebalanseerde siening na vore kon bring.

Evaluering: baie swak (1).

Die bron is heeltemal verkeerd aangehaal. Suid-Afrika word nie as die tweede mees outokratiese staat op die kontinuum geplaas nie; daar is tien lande wat as nog meer outokraties bestempel word (Rodee *et al.*, 1976:37). Spanje kom ook glad nie op die kontinuum voor nie. Aangesien Spanje se fascistiese regering volgens Koopmans (1983:28) in 1976 beëindig is en *Introduction to political science* in 1976 gepubliseer is, kan dit die moontlike rede wees waarom Spanje hier weggelaat is. Dit beklemtoon nogeens die noodsaak om resente bronne te raadpleeg. Die span baseer dus hulle oordeel oor demokrasie op die beoordeling daarvan deur die Amerikaners soos die regeringstelsels in 1976 daar uitgesien het.

'n Verdere punt van kritiek is dat die skrywers die betreklikheid en subjektiwiteit van die indeling erken, maar dat die debatteerders dit nie in daardie lig aan die gehoor stel nie:

> "The picture portrayed in Figure 3.2 should not be taken too literally. The precise distribution of countries along the continuum is likely to vary from one researcher to another according to the criteria selected for evaluating the countries and according to the researcher's own ideological bias" (Rodee *et al.*, 1976:36).

**4.2.2.4. Tweede voorstander**

Geen bewyse kom in hierdie toespraak voor nie. Bewyse is essensieel in 'n proposisie van feite en die groot probleem met albei voorstanders is dat hulle aanvaar wat hulle moet bewys. Die stelling dat die "harmoniëring" tussen staat en volk binne 'n demokrasie op drie maniere, naamlik parlementêr, revolusionêr of diktatoriaal kan geskied, is aanvegbaar en vra om verdere bewyse (34:16-19). Dieselfde geld van die stelling in die slotparagraaf (34:38-41): dit is geensins deur enige bewyse gestaaf nie.

Evaluering: geen bewyse (0).

Die genoemde stelling (34:16-19) is uit Du Plessis verkry. Dis egter foutief weergegee. Die oorspronklike lui soos volg:

> "Maar dit (die harmoniëring van die hoogste staatsorgaan met die veelvoudigheid van die volkslewe - PS) word hoofsaaklik op twee maniere nagestreef, wat die fundamentele teëstelling veroorsaak in die moderne krisistoestand. Die een manier, die tradisionele, is die parlementêre en die tweede, die rewolusionêre, is die diktatoriale. Dit is die grondteëstelling wat die vormgewing in die moderne statewêreld beheers" (Du Plessis, 1941:104).

Tot haar eie standpunt se nadeel het sy drie maniere raakgelees en al drie maniere aan die demokrasie gekoppel, terwyl hier van twee uiterstes gepraat word: demokrasie op 'n parlementêre manier teenoor outokrasie op 'n revolusionêre manier. Hiermee word bewys hoe onbetroubaar hierdie moeilike bron gebruik is.

## 4.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1)

### 4.3.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.3.1.1. Eerste voorstander

Die eerse voorstander se eerste bewys is die voorbeeld van mev. Margaret Thatcher (39:51-53). Hoewel die voorbeeld waar is, is dit nie genoegsaam en tipies om te beweer dat "hierdie lande", dit wil sê al die lande wat Suid-Afrika wil boikot, probleme het en op grond daarvan teen hulle eie beterwete optree nie. Al is hierdie stelling ook waar, steun dit nie die argument dat ons nie perspektief moet verloor "in ons reaksies nie" (39:47-49). Ten spyte van hulle probleme bewys die werklikheid dat sekere lande wel sanksies teen Suid-Afrika toepas.

Die volgende bewys is 'n verwysing na 'n televisieprogram waar 'n onderhoud met min. Pik Botha gevoer is (39:67-73). Dit is 'n resente en relevante verwysing wat baie oortuigingskrag sou gehad het indien dit waar was, omdat min. Botha hier teen sy eie belang sou getuig het. Min. Botha het egter nie beweer dat Suid-Afrika "te bang" is vir die buitelandse mening nie.

In geheel is te min bewyse aangevoer. Die volgende stellings sou ook met bewyse versterk kon word: dat die media "al te dikwels slegte nuus fabriseer" (38:28-29); "die oorsese beleidmaker... weet darem gewoonlik van beter"

(38:30-31); "veral ons het die Weste nodig om ons te help ontwikkel" (39:45-46); en Suid-Afrika se sogenaamde vrees vir isolasie moes ook met meer konkrete voorbeelde bewys gewees het.

Evaluering: swak (3).

**4.3.1.2. Eerste teenstander**

In hierdie toespraak word 'n balans tussen deskundige uitsprake en voorbeelde aangetref.

Die uitsprake se kwaliteit is baie goed. Prof. Marinus Wiechers word duidelik geïdentifiseer om so die geldigheid van sy opinie te bevestig (41:26-34). Hoewel dit afgelei kan word , moes dit duideliker gestel word dat die inligting tydens 'n onderhoud verkry is. Die aanhaling is verder relevant en resent.

Die tweede uitspraak is ook baie bevredigend. Dit is byvoorbeeld nie nodig om min. Barend du Plessis verder te identifiseer nie, aangesien hy 'n bekende politieke persoonlikheid is. Wat die kwaliteit van die bewys verder verhoog, is die ondersteuning daarvan met twee voorbeelde (42:74-80). Die eerste voorbeeld van die monetêre fonds is korrek, maar val eintlik op die ekonomiese terrein. Hier sou 'n voorbeeld wat direk met binnelandse politiek verband hou geslaagder gewees het.

Die voorbeeld van aanvalle op ANC-basisse (42:90-95) is besonder relevant en resent. Hier kon moontlik nog 'n voorbeeld bygevoeg word om die stelling sterker te steun. Voorbeelde van die wêreld wat "nog steeds so teen Suid-Afrika is", is inderdaad nie nodig nie. Dit is vir die gemiddelde ingeligte individu algemene kennis waarmee hy daagliks gekonfronteer word. Die kwaliteit en kwantiteit van die bewyse is bevredigend.

Evaluering: baie goed (8).

**4.3.1.3. Tweede voorstander**

Die voorstander steun sterk op voorbeelde as bewyse. In hierdie debat waar Suid-Afrika se reaksies geïnterpreteer moet word, is voorbeelde dan ook baie belangrik. Die kwaliteit en relevansie van die tweede voorstander se bewyse is, om verskeie redes, nie deurgaans bevredigend nie.

Die eerste voorbeeld is die hipotetiese illustrasie (43:7-30). As bewys het dit geen rasionele oortuigingskrag nie en dit bly bloot 'n illustrasie. Die voorstander besef dit egter, want hy noem ook werklike voorbeelde. Die twee voorbeelde van die reaksie op mnr. Macmillan se toespraak in 1960 (43:36-38) en die Lusaka-manifes (44:41-45) wat op 16 April 1969 uitgereik is, is relevant maar lewer geen bydrae om die sogenaamde oormatige reaksie van Suid-Afrika tans te bewys nie. Die twee voorbeelde is verouderd en nie resent genoeg om te stel dat Suid-Afrika in 1986 oormatig reageer nie. Voorbeelde sedert 1980 sou veel meer aanvaarbaar gewees het. Die woorde van Dale Carnegie (43:38-40) is dan uiteraard ook nie ter sake nie.

Afgesien daarvan dat die volgende verwysing na die linker- en regtervleuel irrelevant is, moet hulle reaksies met konkrete voorvalle bewys word (44:54-64). Soos by die analise getoon, bestaan daar hier nie 'n oortuigende kousale argument wat hierdie reaksies direk met die buitelandse mening in verband bring nie. Die sogenaamde voorbeelde verloor dus hulle krag as bewyse. Die hipotetiese illustrasie van diegene wat emigreer (44:65-70) dien ook nie as 'n konkrete bewys nie. Hier sou werklike statistiek van die hoeveelhede wat Suid-Afrika verlaat 'n sterk bewys kon wees. Geen afdoende bewys word egter gelewer dat die emigrasie 'n reaksie op die buitelandse mening is en nie dalk die gevolg van 'n vrees vir wat binnelands kan gebeur is nie.

Die voorbeelde van "Freedom Radio", Radio Moskou en SAUK-TV ter ondersteuning van die stelling dat "persepsie soms belangriker as realiteite is", is onbevredigend (44:73-78). Verdere bewyse in die vorm van konkrete voorbeelde is nodig om te toon hoe die Swartman se reaksies direk na die betrokke stasies herlei kan word. Dieselfde geld ten aansien van die SAUK-TV en die Witman se sogenaamde "gees van desperaatheid".

Die voorbeeld: "om die buitelandse mening te paai en sogenaamd vir Suid-Afrika tyd te koop" (45:81-84) is foutief, nie omdat dit nie moontlik waar is nie, maar omdat dit nie 'n voorbeeld van 'n sogenaamde "onbesonne en halsoorkoppe" hervorming in Suid-Afrika is nie. Laasgenoemde kan wel 'n gevolg van eersgenoemde wees. Verder moes die hervormings gespesifiseer gewees het, en moes konkrete voorbeelde van "onbesonne en halsoorkoppe" hervormings duideliker gestel gewees het.

Die stelling dat Suid-Afrika "ongelukkig te dikwels die verkeerde ding op die

verkeerde manier doen" (45:85-87), vra om verskeie bewyse, asook voorbeelde wat die regte ding op die regte manier sou toon. Sodoende kan die verkeerde duidelik uitgewys word.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

**4.3.1.4. Tweede Teenstander**

Die eerste bewys betrek die uitspraak van 'n deskundige (45:20-23). Hier is onduidelikheid oor die oorsprong van die inligting: Is dit uit 'n geskrewe bron of tydens 'n persoonlike onderhoud verkry? Laasgenoemde kan aanvaar word, aangesien die ander deskundige verwysings van die span tydens onderhoude verkry is. Dit moes egter duideliker vermeld gewees het. Hierdie bewys verleen sterk steun aan die stelling dat Suid-Afrika wel van die buiteland afhanklik is. In die ander verwysing na deskundiges (46:44-47) moes "ekonome" veeleer met spesifieke name aangedui gewees het, al is die stelling redelike algemene kennis.

In die res van die betoog word van voorbeelde gebruik gemaak. Die voorbeeld van die gespesialiseerde proses om platina te verwerk is relevant ten opsigte van die hoë onkostes daaraan verbonde (46:34-40). Nog 'n soortgelyke voorbeeld sou die standpunt nog sterker gesteun het. Dis egter belangrik om daarop te wys dat die betoog tot op hierdie stadium as bewys moet dien van Suid-Afrika se afhanklikheid van die buiteland (45-47:15-72). 'n Aspek waarin die teenstanders goed slaag.

Die voorbeeld van die daling in petrolpryse as gevolg van die verbetering van die Rand-Dollar-wisselkoers wat weer 'n gevolg van die opheffing van die noodtoestand was (47:98-103), is 'n uitstekende voorbeeld om die stelling te steun dat sekere handelinge nie oormatig is nie omdat die ekonomiese voordele "so groot" is dat dit die "tydelike verlies aan prestige heeltemal uitkanselleer" (47:86-89). Die voorbeeld is egter nie genoegsaam nie. Nog voorbeelde wat die "groot... ekonomiese voordele" sal bewys is nodig om die stelling bo alle twyfel te regverdig. Die Samonella-voorbeeld is irrelevant aangesien dit nie direk aan 'n sogenaamde oormatige reaksie op die wêreldmening gekoppel is nie. Indien die besmette tee slegs binnelands versprei is, sou die regering dit heel waarskynlik ook bestraal het.

Stellings wat om verdere bewyse vra is die volgende: dat "slegs die

Amerikaners... die tegnologie het" om Sasolaanlegte te bou (46:66-67); en dat Amerikaanse en Duitse optikatoerusting in die vervaardiging van wapens gebruik word (46:68-69). Die waarheid hiervan word nie betwyfel nie, maar dit sou veel sterker oortuig het as die uitsprake van kundiges op dié gebied dit bevestig het. Die inkomstes uit die bestraalde rooibostee moes ook uit 'n bron gestaaf gewees het. Volgens die antwoord op die vraag tydens die kruisverhoor, het die debatteerder wel bewyse gehad. Hy moes dit hier genoem het. 'n Debatteerder kan selde te veel bewyse noem. Gewoonlik is daar te min bewyse.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**4.3.2. Repliektoesprake**

**4.3.2.1. Eerste teenstander**

Die twee bewyse wat hier voorkom toon 'n goeie kwaliteit; dis relevant, resent en tipies in die geval van die voorbeeld (49:34-42). Prof. Carl Nöffke is wel bekend, maar word ook as 'n kenner geïdentifiseer. Die uitspraak en die voorbeeld vorm saam 'n bewys om te staaf dat Suid-Afrika ten spyte van die invloedrykheid van die media en die gepaardgaande gevolge die noodtoestand afgekondig het; daarom kan Suid-Afrika se reaksie nie as oormatig bestempel word nie.

Bewyse vir die volgende stellings ontbreek: dat die reaksie op die Weste glad nie oormatig is nie (48:19-23); dat Suid-Afrika gebalanseerd op buitelandse advies reageer (49:24-28); en dat Suid-Afrika reageer om op die lang duur voordeel daaruit te kry (49:29-33). Die kwantiteit is dus nie voldoende nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.3.2.2. Eerste voorstander**

Hier word slegs van uitsprake gebruik gemaak. Die eerste en laaste uitspraak, naamlik dié van die Staatspresident (50:16-17) en dié van dr. Gerhard de Kock (50-51:46-50) weerspreek as't ware die standpunt van die voorstanders, want beide uitsprake getuig per definisie allesbehalwe van 'n oormatige reaksie op die sanksiedreigemente.

Die aanhaling uit *The Sunday Star* is korrek gedateer, maar die identiteit van die skrywer asook die konteks waaruit die aanhaling geneem is, ontbreek (50:18-26). Die belangrikste kritiek is egter teen die irrelevansie daarvan. Dié aanhaling ondersteun nie die stelling dat sanksies net by dreigemente bly nie. Slegs die hoop van Afrika dat die Suid-Afrikaanse ekonomie stabiel sal bly tydens 'n sogenaamde oorgangstadium, word hier verwoord. Die aanhaling het geen ondersteunende waarde vir die stelling wat daarop gegrond is nie.

Die volgende aanhaling is relevant en van 'n beter kwaliteit (50:27-34), ten spyte daarvan dat David Meades duideliker vir die gehoor geïdentifiseer moes word. Die aanhaling ondersteun die stelling dat Suid-Afrika selfversorgend is. Deur die gebruik van hierdie aanhaling, asook die vorige een, toon die voorstander dat sy nie krities genoeg teenoor persberigte ingestel is nie. Die identifisering van die skrywers is nie genoegsaam nie en die gebruik van 'n berig wat telkens na "kenners" verwys (50:32-34) sonder om hulle te identifiseer moet vermy word. Dit verlaag die kwaliteit van die aanhaling aangesien dit gerieflik is om bloot net na "kenners" te verwys.

Wat die aanbieding betref kan daar nie met sekerheid bepaal word waar die aanhaling eindig nie. Volgens die oorspronklike bron is ook reëls 37-45 'n parafrase van Meades se woorde (Meades, 1986:11). Die voorstander kon na die parafrase net die woorde "aldus Meades" ingevoeg het. Dit sou die einde van die uitspraak aangedui het.

Die stelling dat Suid-Afrika wat sy wapenbedryf betref "geheel en al selfversorgend" is (50:37-40), vra om verdere konkrete bewyse. Dit geld veral in die lig van die teenstander se argument dat Suid-Afrika wel buitelandse toerusting gebruik en dus nie algeheel selfversorgend is nie (46:68-69).

Die volgende stellings vra ook om bewyse: "buitelandse bankiers... stel selde belang in 'n stabiele orde" (49:6-7); en "die wêreld se kommoditeitsmarkte" sal sonder Suid-Afrika se kommoditeite tot chaos lei (50:42-45).

Evaluering: onder gemiddeld (4).

Die aanhaling uit *The Sunday Star* is onder die opskrif: **South Africa's immense economic grip on a continent; Why Africa just can't afford chaos here**, deur John D'Oliveira geskryf, die finansiële redakteur van *Beeld* (D'Oliveira, 1986:17). Die berig handel oor Afrika se ekonomiese

afhanklikheid van Suid-Afrika en die vrees dat 'n moontlike revolusie Afrika sal benadeel. Dit is inderdaad irrelevant ten opsigte van die gevolgtrekking. Die aanhaling is ook nie korrek weergegee nie:

> "...Whatever the politicians might say in public about sanctions **and revolution**, the fact is that most hope that South Africa's transition **from a white to majority rule** will do little to disrupt either the South African economy **or an infrastructure which is vital to the region**" (D'Oliveira, 1986:17) (beklemtoning - PS).

Die aanhaling uit *Beeld* is betroubaar weergegee (vgl. Meades, 1986:11). Reëls 37-45 blyk 'n parafrase van Meades se artikel te wees.

**4.3.2.3. Tweede teenstander**

Die voorbeelde van die probleme van die vervoerdienste (52:48- 57) dien hier as bewyse vir die stelling dat Suid-Afrika redes gehad het om die noodtoestand uit te stel. Hierdie voorbeelde vra egter om verdere bewyse. Uit die antwoord op die kruisverhoorvraag blyk dit dat die teenstanders wel deskundige bewyse gehad het. Hulle moes dit egter hier genoem het.

Hierdie toespraak toon 'n gebrek aan bewyse, veral ten opsigte van die volgende stellings: dat die lewenstandaard sal verlaag en ons gerantsoeneer gaan word as die olie-invoere gestaak gaan word (51:20-24); en dat Amerika genoeg platina opgebou het "om hulle vir vyf jaar te hou" (52:33-35). In repliektoesprake moet nuwe bewyse vir vorige argumente aangevoer word.

Evaluering: swak (3).

**4.3.2.4. Tweede voorstander**

In hierdie toespraak word eerstens drie voorbeelde aangetref. Die Luanda-voorbeeld (53:27-33) is 'n uitstekende voorbeeld van 'n reaksie na aanleiding van 'n buitelandse mening. Aangesien dit elf jaar gelede was, is dit nodig om met verdere bewyse uit dagblaaie of regeringsdokumente aan te toon wat die pleidooie of beloftes van die twee here was en dat die terugtrekking direk as gevolg daarvan geskied het. Hierdie voorbeelde is egter nie genoegsaam of resent genoeg om die stelling, dat tweespalt "baie duidelik" in regerings-optrede te sien is, te maak nie. Die stelling vra om veel meer resente voor-

beelde.

Die twee voorbeelde, naamlik die wettiging van Swart vakbonde en die nuwe grondwetlike bedeling (53:33-38), wat ter ondersteuning van die onbesonne hervormings aangebied word, oortuig nie heeltemal nie as gevolg van die gebrekkige redenasie (vgl. p. 242).

Die aanhaling van mnr. Piet Liebenberg word nie duidelik aan die debatspunt gekoppel nie. Oortuigende bewyse ontbreek wat sal staaf dat dié "oordeelsfoute" die gevolg was van 'n oormatige reaksie op die wêreldmening. Die uitspraak is soos dit aangehaal is ook vatbaar vir verskillende interpretasies: òf Swart vakbonde moes nooit gewettig gewees het nie òf Swartes moes politieke regte gekry het. Dis nie seker of dié uitspraak in mondelinge of geskrewe vorm gekry is nie, asook presies waar mnr. Liebenberg se woorde eindig nie.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

## 4.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 1)

### 4.4.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.4.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander maak net van twee deskundige uitsprake gebruik. Die eerste verwysing (57:21-25) word ter ondersteuning gebruik in die omskrywing van ekonomiese vooruitgang. Hier, soos ook met die volgende verwysing van Pieter Grobbbelaar, ontbreek 'n duidelike identifisering van die outeur asook die datum van die publikasie.

Om Pieter Grobbelaar as deskundige te gebruik in die omskrywing van kultuur is korrek. Die foutiewe analise het daartoe gelei dat sy interpretasie van kultuur in die algemeen en nie sy omskrywing van " 'n volk se kultuur" gebruik is nie, naamlik die band van geloof, gemeenskaplike taal en nasionalisme (Grobbelaar, 1974:30). Grobbelaar (1974:19-29) onderskei self tussen kultuur en beskawing (1974:19-29) asook tussen blote kultuur en 'n volk se kultuur. Die bewys is dus vir hierdie debat irrelevant omdat kultuur nie in ooreenstemming met die proposisie geïnterpreteer is nie.

Die bewyse is onvoldoende. Veral die stelling dat die kultuuruitbouingstaak van die Afrikaner vier take omvat (58-59:72-87), vra om grondige bewyse.

Evaluering: baie swak (2).

Die voorstander het die betrokke gedeeltes waarna verwys is betroubaar weergegee.

**4.4.1.2. Eerste teenstander**

Die eerste teenstander se bewyse is genoegsaam, relevant en toon 'n gebalanseerde verskeidenheid. Veral die eerste uitspraak (59:1-3) ondersteun uitstekend die voorstander se twee hoofpunte wat later volg.

Wat deskundige uitsprake betref (59:1-3; 61:47-50; 61:52-55; 61:65-68; 62:90-94) word die kwaliteit daarvan benadeel aangesien dit nie deurgaans duidelik gestel word of die uitsprake uit 'n publikasie of tydens 'n onderhoud verkry is nie. Slegs in twee gevalle is dit duidelik (61:52-55; 61:65-68). Verder ontbreek die datering van die uitsprake. In die laaste uitspraak moes prof. H.J. Rossouw se spesialiteitsgebied vir die gehoor geïdentifiseer gewees het (62:90-94).

Die eerste voorbeeld is relevant, maar nie genoegsaam om die veralgemening te ondersteun nie, naamlik "die Afrikanersakeman verloën sy kultuur in sy strewe na verdere ekonomiese vooruitgang" (61:57-62). Dié stelling vra om meer voorbeelde.

Die ander voorbeeld is in terme van statistiek weergegee na aanleiding van 'n ondersoek wat geloods is (61:73-85). Dit is 'n baie sterk bewys maar nie genoegsaam benut nie. Om hierdie bevindinge te kon beoordeel moes die teenstander meer detail gegee het: Wat is aan elke respondent gevra? Volgens watter gemiddelde inkomste is die persentasie bepaal? Verder moes hulle ook getoon het of hulle vir moontlike foute voorsiening gemaak het. Huisgesinne kon byvoorbeeld nie geweet het hoeveel hulle per maand aan genoemde sake bestee nie en bloot 'n geskatte bedrag ingeskryf het. Om hierdie onsekerheid te ondervang kon R13,85 byvoorbeeld tot R14 afgerond word om sodoende 'n speling in die gemiddelde toe te laat. Dit sou ook waardevol gewees het as die eerste voorstander 'n gemiddelde aangedui het wat volgens hulle na behore sou wees.

Ten spyte van genoemde kritiek is elke hoofpunt, wat 'n geskilpunt verteenwoordig, in hierdie toespraak met konkrete bewyse ondersteun: die eerste punt deur twee deskundige uitsprake, 'n voorbeeld en die RGN-verslag; en die tweede punt deur statistiek wat 'n opname onder 512 huisgesinne in 'n welvarende buurt verteenwoordig.

Evaluering: goed (7).

**4.4.1.3. Tweede voorstander**

Weens die foutiewe analise is die bewyse irrelevant ten opsigte van die debatspunt. Die hoeveelheid beheer wat die Afrikaner oor die landsekonomie het (63:34-39) is nie die punt onder dispuut nie, maar of hy hierdie feit benut om sy kultuur na behore uit te bou. Waar en wanneer die uitspraak gemaak is, word nie aangedui nie.

Verder beroep die tweede voorstander hom op voorbeelde. Om die stelling te bewys dat die Afrikaner sy ekonomie na behore benut om sy taal en godsdiens na ander uit te dra, word die getalle genoem van Swart lidmate van die NG-kerk en die aantal anderskleuriges wat Afrikaans praat (63:56-59). Die bron en veral die datum wat by statistiek baie belangrik is, ontbreek hier. Hierdie voorbeelde oortuig nie, omdat die kerstening van Swartes nie noodwendig op uitbouing van die Afrikaner se unieke kultuur dui nie maar op die verspreiding van die evangelie wat nie slegs tot die Afrikaner beperk is nie. Die groei kan byvoorbeeld ook aan Swart leraars se bearbeiding te danke wees. In die lig van die oorwig van anderskleuriges in die totale bevolking is die aantal anderskleurige lidmate ook nie so beduidend nie. Verder word daar ook nie aangedui hoe die godsdiensoordrag met ekonomiese benutting verband hou nie.

Wat die taal betref is die voorbeeld nie noodwendig die gevolg van 'n doelbewuste kultuuruitbou nie, maar heel moontlik die gevolg van die anderstalige wat uit noodsaak die taal aanleer omdat die Afrikaner moontlik sy werkgewer is (63:59-61). Afrikaans was nog altyd ook deel van die Kleurling se kultuur. Dit sal byvoorbeeld beduidend wees indien die voorstander kon bewys dat slegs 20% van die Kleurlinge dertig jaar gelede Afrikaans kon praat en dat 80% dit tans praat. Dan moes hy verder bewys het dat die groei 'n gevolg is van die Afrikaner wat sy geld beskikbaar gestel het om geleenthede en hulpmiddels te verskaf om hulle Afrikaans te leer.

Kleurlinge wat Afrikaans kan praat het moontlik nog altyd 80% van die bevolking uitgemaak. Die genoemde voorbeelde dra dus nie by om die argument te ondersteun nie.

Die opneem van Kleurlinge en Indiërs in die nuwe grondwet bewys nie per se dat almal sodanig opgehef is dat hulle as verlengstukke van die Afrikanerkultuur beskou kan word nie. Beskawing en kultuur word weer eens verkeerdelik aan mekaar gelykgestel: 'n beskaafde Indiër en 'n beskaafde Afrikaner staan wat hulle eiesoortige kultuur betref baie ver van mekaar.

In die laaste voorbeeld (64:78-83) word fisieke voortbestaan as't ware aan eie kultuuruitbou gelykgestel. Die bewys is irrelevant, want dit gaan nie in hierdie debat om die vraag of kultuuruitbou moontlik is as 'n volk nie self regeer nie. Dit gaan om die vraag of die Afrikaner in die huidige omstandighede sy ekonomie benut ter uitbouing van sy kultuur. Die hele argument en die bewys is irrelevant.

Evaluering: baie swak (2).

**4.4.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander gebruik 'n verskeidenheid bewyse van wisselende gehalte.

Wat die deskundige uitsprake betref is dit deurgaans relevant, maar die outeur is nie altyd duidelik geïdentifiseer en die bron gedateer nie (65:1-5; 66:38-40; 66:47-50; 66:57-59). 'n Belangrike punt van kritiek is die vele statistiek sonder bronverwysings. Dit is belangrik dat veral statistiek se oorsprong en datum vermeld moet word om die betroubaarheid te kan evalueer (66:69; 67:78-85). Die persentasie Afrikaanssprekendes is foutiewelik by die voorstander oorgeneem. Hy het gesê dat die Afrikaner 52% van die landsekonomie beheer (63:33-38). Die stelling: "Statistieke toon dat teenoor elke duisend oorsese plate slegs nege Afrikaanse plate versprei word " is baie misleidend. As die totale oorsese bevolking met die handjievol Afrikaners vergelyk word is dit dalk geen geringe prestasie nie. Persentasie ten aansien van die bevolking sou hier 'n korrekter weergawe van die ware toedrag van sake gegee het.

Die uitspraak van Werner Nel is irrelevant, want sy stelling geld nie net vir

Afrikaanse sangers nie, maar vir enige Suid-Afrikaanse sanger. Sy uitspraak betrek die kwessie dat buitelandse sangers veel meer as Suid-Afrikaanse sangers betaal word.

In geheel is die kwantiteit en verskeidenheid van die bewyse onverbeterlik, maar die onvolledige bronverwysings, veral ten opsigte van die statistiek, benadeel die kwaliteit daarvan. Die bewyse se relevansie is 'n gevolg van 'n korrekte analise.

Evaluering: goed (7).

**4.4.2. Repliektoesprake**

**4.4.2.1. Eerste teenstander**

Hierdie toespraak is 'n voorbeeld van die ideale repliektoespraak sover dit bewyse aangaan. Vir haas elke aanvalsargument word 'n bewys ter ondersteuning aangebied.

Die toespraak begin met 'n bewys wat die kern van die voorstanders se betoog weerspreek (67-68:1-5) - 'n uiters relevante geskilpunt in dié debat. Die siening van prof. P.G. Nel word dan nog verder ondersteun deur die Boesmankultuur as voorbeeld te noem. So word aanvalle op die argumente van die voorstanders telkens met nuwe bewyse gestaaf. Vorige bewyse word nie net herhaal, soos dikwels in repliektoesprake die geval is, nie.

Die gebrek aan datering (68:4-5; 69:53-55) en die onvolledige identifisering van die deskundiges (68:4-5; 69:44-45; 69:52-55) doen wel afbreuk aan genoemde bewyse en verhoed 'n onverbeterlike punt.

Evaluering: baie goed (8).

Die aangehaalde bronne is korrek weergegee. Sy moes net gemeld het dat prof. P.G. Nel se bron 'n studiegids en nie 'n gewone boek is nie.

**4.4.2.2. Eerste voorstander**

Die eerste voorstander maak twee keer daarop aanspraak dat sekere stellings " 'n bewese feit " is (69-70:15-19; 70:48-50), terwyl die bewyse dit geensins

regverdig nie.

Die verwysing na Pieter Grobbelaar se vier ordeninge (70:21-24) is irrelevant en bied geen steun aan enige stelling wat die proposisie as waarskynlik waar sal bewys nie. Ook die aanhaling uit Piet Meiring se boek is irrelevant (70-71:54-64). Dit ondersteun wel die stelling dat die Afrikaner deur middel van sy politieke mag "die sekuriteit van die volk verseker" (70:51-54). Die stelling het egter geensins op die kerndispuut van die debat betrekking nie.

Die stelling dat dit vanselfsprekend is "dat as jy anderskleuriges van werk voorsien het ...; jy hulle as't ware tot jou kultuur bekeer het" (70:44-48), kan bevraagteken word en vra om baie sterk bewyse.

Evaluering: baie swak (1).

**4.4.2.3. Tweede teenstander**

Die eerste twee uitsprake (71:1-7) is relevant ten opsigte van die proposisie, maar dit kon duideliker aan 'n vorige argument van die voorstanders gekoppel gewees het.

Die volgende twee bewyse is voorbeelde waarvan die eerste een 'n sterk bewys is ter ondersteuning van die stelling dat die "Afrikanerkultuur geen prioriteit by die sakeman het nie" (72:29-36). Die opname sou nog sterker oortuig het as die totale aantal sakemanne wat betrek is genoem is.

Die tweede voorbeeld van die geelbladsye is relevant, maar onbeduidend (vgl. p. 249). Die bron van die persentasie Afrikaanssprekendes ontbreek nog steeds.

Wat hier positief is, is dat nuwe bewyse aangevoer is om reedsgenoemde argumente te versterk.

Die volgende stelling vra om 'n bewys: "Baie Afrikaners hang vandag ook eerder die ekonomiese stroom aan" (71:7-8).

Evaluering: goed (7).

**4.4.2.4. Tweede voorstander**

Die stelling dat "twaalf miljoen inwoners Afrikaans magtig is" (73:31-32), is as sodanig nie 'n bewys dat dit die gevolg is van die Afrikaner wat sy ekonomie aangewend het om sy kultuur doelbewustelik uit te bou nie. Dit geld ook ten opsigte van die aanhaling van mnr. Raymond Parsons. Die toename van Afrikaans in die sakewêreld is hier die gevolg van 'n toename in die aantal Afrikanersakelui en -ekonome wat die ekonomiese wêreld betree het, en nie as gevolg van die benutting van die ekonomie in die uitbouing van die Afrikanerkultuur nie. Die voorstander is veronderstel om te bewys dat die Afrikaner die feit, naamlik dat steeds meer Afrikaners die sakewêreld betree, met die gepaardgaande beskikbare kapitaal na behore benut om sy kultuur uit te bou.

Die volgende stellings vra om bewyse: dat die Afrikaner sy kultuurontwikkelingsvlak moes verlaag om in Swart Afrika in te vaar (73:8-12), en dat die Afrikaner se sogenaamde kultuurontwikkelingstryd in 'n negatiewe lig gesien word (73:14-18).

Evaluering: baie swak (1).

Die aanhaling uit *Handhaaf* is korrek weergegee (vgl. Parsons, 1983:6).

## 4.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE (86 E 1)

### 4.5.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.5.1.1. Eerste voorstander

Die bewyse wat aangevoer word ter ondersteuning van die definisies is inhoudelik bevredigend. Die volgende gegewens ontbreek egter: 'n aanduiding of die inligting van prof. Ockert Jordaan tydens 'n onderhoud of in 'n publikasie verkry is (78:7-11); die besonderhede van die publikasie waarin die FAK die genoemde definisie onderskryf (78:12-14); en die datum en presiese deel van die De Lange-verslag (78:18-23).

Die verwysing na *Huisgenoot* is onvolledig omdat daar nie gespesifiseer word wat die artikel sê omtrent sakgeld en toelaes nie (78-79:33-38).

Die res van die bewyse bestaan uit voorbeelde. Die voorbeelde van die aantal kinderkaarte en die gemiddelde bedrag daarin is bevredigend, ten spyte van die bron wat ontbreek (79:38-41).

Die voorbeelde van nuusprogramme en reekse is onvoldoende om die stelling te steun dat dagblaaie, die radio en TV "ons op hoogte van sake hou" (79:45-51). Dat die programme voorkom is waar, maar verdere bewyse ontbreek wat moet aantoon dat genoemde programme wel die jeug voldoende opvoed. Hierdie kritiek geld ook ten opsigte van die opvoedkundige speletjies (79:55-60), asook die nie-formele opvoeding (79:61-66). Opvoedkundige leergeleenthede bestaan, maar daar moet bewys word dat dit voldoende benut word om die jeug op te voed.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

In Frans Fourie se artikel, *Hoeveel sakgeld vir jou kind?*, word slegs drie voorbeelde genoem waar sakgeld met toelaes vervang is (Fourie, 1986:134-135). Die inhoud van die artikel is dus korrek weerspieël, behalwe dat die verswyging van die aantal wat in die artikel ter sprake is die indruk kon laat dat baie meer tieners deesdae toelaes ontvang.

**4.5.1.2. Eerste teenstander**

Die eerste bewys in die toespraak is die bron van die kriteria vir 'n "ekonomies weerbare mens" (81:35-38). Die bewys is onbevredigend omdat geen outeur of datum verskaf word nie. Verder word ook nie gemotiveer hoekom die bron "as gesaghebbend vir die hele vrye wêreld beskou word" nie. Die debatteerder se woord is nie voldoende vir so 'n omvattende stelling nie.

Die ander deskundige uitsprake toon 'n swak kwaliteit omdat die volledige bronverwysing ontbreek (81-82:60-67; 82:91-97). Prof. Chris Jooste is ook nie genoegsaam geïdentifiseer om die oortuigingskrag van sy uitspraak te kan evalueer nie. Om 'n professor te wees, is 'n teken van deskundigheid, maar die deskundigheid ten opsigte van 'n bepaalde studieterrein moet vermeld word. Die geldigheid van prof. Jooste se stelling word betwyfel, of dit is buite konteks aangehaal, omdat "rekenaarskursusse" (82:65) hoegenaamd nie onder huislike opvoeding geplaas kan word nie. Baie min ouers beskik oor dié gespesialiseerde kennis.

Die bewys wat aangevoer word om die Afrikaner se weerstand teen en wanbegrip van die ekonomie te staaf, slaag nie (81:55-59), omdat dit irrelevant is ten opsigte van die gevolgtrekking (vgl. p. 252).

Die vraelys van die teenstanders besit die potensiaal om 'n sterk bewys te word om die proposisie as waarskynlik onwaar te bewys (82:68-82). Dit gebeur egter nie om die volgende redes: In die eerste plek word die uitslag van die lys voorgehou om te bewys dat "nòg die media die pyp rook" (82:68-71) met betrekking tot ekonomiese opvoeding. Die probleem lê daarin dat geen genoemde vraag enigsins op die media se opvoedkundige rol ten aansien van die ekonomie betrekking het nie. Dit is onmoontlik om uit die sogenaamde onkunde van die leerlinge te kan bepaal of dit direk as gevolg van die media en nie aan enige ander faktore te wyte is nie. Die media alleen is nie daarvoor te blameer nie. Die bevindinge van die vraelyste as bewys van die media se onvermoë om ekonomiese opvoeding te verskaf, slaag nie.

Die tweede punt van kritiek is die onvolledige inligting wat verskaf word: Wat was al vyf vrae? Hoe oud is die kinders wat betrek is? (Dit sou byvoorbeeld onregverdig wees om baie jong kinders te betrek.) Was die steekproef ewekansig? Hoe, en deur wie, is die antwoorde gekontroleer? Verder blyk dit ook nie of daar vir moontlike foute voorsiening gemaak is nie; kinders kon dalk nie al die vrae verstaan het nie of doelbewus foutiewe antwoorde gegee het. Die grootte van die steekproef is bevredigend, maar die korrekte samestelling daarvan kan nie geëvalueer word nie.

Kortom, die bevindinge van die vraelys waarop die span feitlik hulle hele betoog gebou het, het weens die misplaaste gevolgtrekking ten aansien van die media en die onvolledige inligting nie die volle potensiaal bereik nie.

Die eerste teenstander maak daarop aanspraak dat hy bewys het "dat nòg ons ouers, nòg ons huislike opvoeding, nòg die media die pyp rook" (82:85-86), terwyl dit werklik nie oortuigend bewys is nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.5.1.3. Tweede voorstander

Die eerste voorbeeld van die "beslote Koöperasies" (83:9-13) is irrelevant en het op geen argument wat die voldoende opvoeding van die jeug moet bewys

betrekking nie.

Die dilemma wat hier voorkom is daarin geleë dat die bewyse intern nie heeltemal konsekwent is nie. Aan die een kant word prof. Pieter Van Zyl aangehaal (83:18-24) wat "omvattende kennis" nie as vereiste vir voldoende opvoeding stel nie. Hiermee saam word mnr. H.G. Stoker en prof. W.A. Landman (83:32-38) se siening genoem. Aan die ander kant word prof. J. Stadler en die artikel in *Volkshandel* aangehaal om te bewys hoe groot die getalle is wat ekonomie bestudeer (84:62-68), waar dit juis om "omvattende kennis" gaan en slegs een aspek van die totaliteit beklemtoon word. As dit vir die tweede voorstander nie om "omvattende kennis" gaan ten opsigte van voldoende ekonomiese opvoeding nie, dan is die hele kwessie van formele onderrig, wat omvattende kennis ten doel het, irrelevant. Indien formele opvoeding wel ter sake is, soos in die definiëring ook gestel is (78:17-20), dan is prof. Van Zyl se uitspraak misplaas en nie ter sake nie. Dit is ook nie juis duidelik hoe die uitsprake van Landman en Stoker inpas by enige argument in die debat nie. Die kloutjie (bewyse) word nie by die oortjie (stellings) gebring nie. Die probleem kan herlei word na 'n gebrek aan duidelike kriteria vir voldoende ekonomiese opvoeding.

Die kwaliteit van die bewyse is nie bevredigend nie. Behalwe vir die artikel uit *Volkshandel* (84:65-68) word geen aanduiding gegee waaruit die ander inligting verkry is nie (83:19-23; 83:32-38; 84:62-64). Die datering daarvan, asook 'n identifisering van die kundiges en hulle spesialiteitsgebied, ontbreek.

Stellings wat om verdere bewyse vra is die volgende: dat sillabusse praktykgerig is (84:52-53) en dat ekonomiese opvoeding in die huishoudkundelaboratoria geskied (84:55-57).

Evaluering: onder gemiddeld (4).

Die gegewens uit *Volkshandel* (Anon, 1986:13) is korrek in die debat weergegee.

**4.5.1.4. Tweede teenstander**

Die eerste deskundige uitspraak is relevant ten opsigte van formele onderrig (85:23-35). Die kwaliteit en oortuigingskrag van die bewys kom in gedrang omdat 'n volledige bronverwysing van prof. D.A. Louw se uitspraak

weggelaat is.

Die volgende uitspraak van dr. Chris Van wyk (86:37-46) is streng gesproke volgens die proposisie nie heeltemal relevant nie, omdat dit in die aanhaling gaan oor die kwessie of die afgestudeerde ekonomiestudent sy kennis in 'n ekonomiesgerigte professie kan toepas. Die kwaliteit van die bewys is swak omdat die bron nie volledig vermeld word nie. Veral die datum van die uitspraak is belangrik. Indien die uitspraak langer as vyf jaar gelede gemaak is, is dit verouderd en geld dit nie meer ten aansien van die huidige opleiding nie. Dr. Van Wyk moes ook as 'n deskundige wat ten opsigte van *alle* ekonomiesgerigte beroepe 'n sodanige uitspraak kan maak, geïdentifiseer gewees het. (Die 41% hoërskoolleerlinge wat handelsvakke neem [vgl. 84:41-43], is foutiewelik hier op universiteitstudente van toepassing gemaak.)

Wat die bewyse in die tweede hoofpunt betref, ontbreek weer eens 'n volledige bronverwysing waaruit die voorspelling van die ontwikkelingsbank verkry is (86:72-75). Die stelling dat Blankes in die jaar 2000 net 12% van die arbeidsmag sal uitmaak (86:66-67) moet met bewyse gestaaf word.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

### 4.5.2. Repliektoesprake

#### 4.5.2.1. Eerste teenstander

Die bewyse van die eerste teenstander sentreer om die genoemde vraelys. Die antwoord van die een proefpersoon (88:29-33) is beslis nie genoegsaam of beduidend om tot die gevolgtrekking te kom: weens te min kennis kan ouers nie hulle kinders met betrekking tot die ekonomie opvoed nie.

Om die bevindinge van die opname as bewys voor te hou van die stelling dat die artikel in *Huisgenoot* "geen indruk op die jeug gemaak het en hulle beslis nie opgevoed het nie" (88-89:51-57) is ongegrond (vgl. p. 257).

Indien die opname werklik twee dae na 14 Augustus gedoen is, dit wil sê op Saterdag 16 Augustus, moes die verwerking van die 2000 vraelyste binne vier tot vyf dae geskied het, aangesien die debatteerders reeds op Vrydag 22 Augustus vir die finaal in Johannesburg moes wees. Dit laat 'n vraagteken oor die betroubaarheid van die bevindinge hang.

Die stelling dat net 200 mense nodig is om 'n opname geldig te maak (89:58-60) kan betwyfel word, aangesien elke opname uniek is en geen reël hieromtrent neergelê kan word nie. (Vgl. die uitspraak hierbo van Campbell p. 137). Die grootte van die steekproef is belangrik, maar of dit ewekansig was, is nog belangriker. Om te noem dat 'n opname gestandaardiseerd is (89:61-62), is betekenisloos, tensy die instansie wat dit gestandaardiseer het, vermeld word.

'n Verdere punt van kritiek is dat hier geen nuwe bewyse gestel word nie en dat die volgende stellings om bewyse vra: "as jy jou sakgeld kan hanteer dan kan jy beslis nog lank nie die ekonomie hanteer nie" (88:38-39); en "die jeug word nie opgevoed om dit (kitsbanke) te kan hanteer nie" (88:49-50).

Evaluering: swak (3).

**4.5.2.2. Eerste voorstander**

Die eerste voorstander begin deur vier voorbeelde te noem om die stelling te staaf dat die opvoeding "genoeg en goed genoeg (is) as die Afrikaner as wenner uit die stryd tree" (89:2-11). Dié voorbeelde is relevant maar nie heeltemal genoegsaam ten opsigte van die nie-formele aspek van ekonomiese opvoeding nie.

Die volgende groep voorbeelde (90:29-34) dien as bewyse om die stelling te steun dat ekonomiese vakke wel praktykgerig aangebied word en nie net op kennis ingestel is nie. Dit is ook goeie bewyse wat beslis die stelling ondersteun.

Om die stelling te staaf dat selfs klein kindertjies oor inflasie ingelig word (90:40-44), word Karel Poskabouter se brief oor inflasie voorgehou. Die juiste uitgawe van *Huisgenoot* waarna hier verwys word, moes aangetoon gewees het.

Die noem van die sestien finaliste dien as geen bewys nie, want geen gevolgtrekking word op grond daarvan gemaak nie (90:45-47). Dit is goed dat die voorstander nie 'n veralgemening ten opsigte van die Afrikanerjeug gemaak het nie, want sestien sogenaamde ekonomies "welopgevoede" jong mense is onvoldoende om so 'n veralgemening geldig te maak.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**4.5.2.3. Tweede teenstander**

Die eerste bewys van die tweede teenstander is onoortuigend (91:22-28). In die eerste plek gee hy geen statistiek of wetenskaplike uitsprake wat die toenemende drankmisbruik staaf nie. In die tweede plek bewys drankmisbruik onder jeugdiges nie noodwendig dat die opvoeding deur middel van sakgeld onvoldoende is nie (vgl. p. 259).

Die teenstander beweer dat hy statistiek het wat bewys dat veel meer Engelse leerlinge aan die kompetisie deelneem, sonder om dit werklik aan te haal (91:36-41). In opvoedkundige debattering is dit dan so goed asof daar geen bewyse bestaan nie. Verder ontbreek die bron van die hoeveelheid Afrikaans- en Engelssprekende kinders.

Die twee teenstanders wil die indruk laat dat hulle op grond van bewyse die argumente van die voorstanders verkeerd kan bewys. In werklikheid het hulle nie die nodige konkrete bewyse nie (vgl. die *Huisgenoot*-argument van die eerste teenstander).

Evaluering: baie swak (2).

**4.5.2.4. Tweede voorstander**

Die deskundige uitsprake van prof. Ockert Jordaan is 'n relevante en resente bewys van iemand wat daagliks met studente in aanraking kom (92:11-22; 92:27-34). Die bewys staan teenoor die tweede teenstander se stelling dat universiteitstudente ekonomies nie opgevoed is nie (86:55-57).

Die drie voorbeelde betreffende die beginsels van die speletjies is relevant, beduidend en genoegsaam vir die stelling dat die speletjies nie net oor finansies handel nie. Die stelling dat leerplanne in Transvaal gereeld verander word, behoort met bewyse gestaaf te word.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

## 4.6. SAMEVATTENDE EVALUERING

Die kwantiteit maar veral die kwaliteit van die bewyse is onbevredigend. Die debatteerders is nie krities genoeg ingestel nie en beskik oor te min inligting en werklike kennis van die betrokke onderwerpe. Dit word duidelik getoon in die min en swak bewyse wat aangevoer is, asook in die onvermoë om met nuwe bewyse vorendag te kom om 'n nie-verwagte argument van die opponente te weerlê.

Die dokumentering van bronne was, behalwe in die geval van persoonlike onderhoude, baie onvolledig. Veral die datums van bronne *moet* gemeld word. Waar persoonlike onderhoude gevoer is, kan die plek en die datum ook verskaf word.

Die identifisering van deskundiges is ook onbevredigend. 'n Gehoor moet weet wie is die outeur, wat is sy betrokke veld van bekwaamheid, waarom hy so besonder bekwaam is en wat die redes vir die geldigheid van sy stellings is. Laasgenoemde twee is nie verpligtend nie, maar sal die kwaliteit van 'n bewys verbeter en die oortuigingskrag van die argument wat daarop gegrond is versterk.

Die betroubaarheid van die aanhalings of parafrases laat ook veel te wense oor. Die debatteerders moet veel noukeuriger te werk gaan. 'n Foutiewe weergawe of doelbewuste verdraaide aanhaling is oneties en 'n beoordelaar moet dit sterk kritiseer indien hy daarvan bewus is. Dit is oneties om bewyse self te skep, of bewyse te manipuleer deur dit buite konteks aan te haal, of bewyse te wysig deur selektief by te voeg of woorde weg te laat (vgl. Kleinau, 1982a:237-238). Dikwels word bewyse aangehaal, maar dan voeg die debatteerder sy eie idees daarby asof dit die deskundige se mening is. Daarom moet die begin en einde van die deskundige se woorde in 'n aanhaling of parafrase duidelik aangedui word. Indien 'n beoordelaar enigsins 'n onetiese gebruik van bewyse agterkom, moet die debatteerder sterk gepenaliseer word.

Die debatteerders toon ook dat hulle onervare is in die gebruik van statistiek. Geen statistiek mag gebruik word as die bron en die datum nie gespesifiseer word nie. Indien debatteerders eie navorsing beplan, wat sterk aan te beveel is, behoort 'n statistikus vooraf geraadpleeg te word.

Die debatteerders toon ook 'n onvermoë om relevante bewyse te identifiseer. Die debatteerder behoort homself die volgende af te vra: Ondersteun die bewys werklik die stelling wat daarop gegrond is? Of anders gestel: Het die bewys 'n direkte verband met die stelling? Verder kan gevra word: Bewys dié stelling die proposisie - of 'n deel daarvan - as waarskynlik waar of onwaar. Die bewys moet dus via die stelling of die argument wat gestaaf word na die proposisie toe herlei kan word.

In sommige gevalle word bewyse gestel sonder om dit direk te koppel aan 'n stelling wat die debatteerder se standpunt sal versterk of die opponente s'n sal verswak. Die noem van 'n bewys alleen is nie genoeg nie. Hy moet gebruik word om die oortuigingskrag van 'n stelling te versterk.

Die hoeveelheid bewyse is oor die algemeen te min. Soos reeds genoem kan liewer te veel as te min bewyse gebruik word.

Indien beoordelaars die debatteerders op die tekortkominge wys, kan die vaardigheid om bewyse korrek en effektief te gebruik, nog baie verbeter word.

# HOOFSTUK 5

# REDENERING

Hierdie hoofstuk hang nou saam met die vorige. Soos dit uit die bespreking van die begrip **argument** geblyk het, vorm bewyse die basis of beginpunt van 'n argument en die redenering verskaf die metode waarvolgens van die basis na die gevolgtrekking/stelling beweeg is. Die een sonder die ander is haas onmoontlik. Die rede vir die skeiding van die twee aspekte is daarin geleë dat albei 'n wye veld dek en van so 'n kardinale belang is dat elke aspek gedetailleerde bespreking regverdig. Bewyse en redenering word buitendien as aparte vaardighede op beoordelingsvorms onderskei.

Aangesien die begrip **redenering** reeds onder **bewyse** ter sprake gekom het, word dit aanvanklik net kortliks bespreek. Die hoofklem in hierdie hoofstuk val op die kritiese model van Stephen Toulmin. Dié model word bespreek en voorgehou as 'n hulpmiddel wat die beoordelaar kan gebruik in sy evaluering van die debatteerder se vermoë om te redeneer en by implikasie ook sy vermoë om te argumenteer. Hierna word moontlike redeneringsfoute waarop 'n beoordelaar bedag moet wees, geïdentifiseer.

## 1. DEFINIËRING

Argumentering dui op 'n bepaalde wyse van rasionele diskussie waar twee of meer persone, wat teenstrydige standpunte huldig, georganiseerde bewyse en redeneringsprosesse gebruik om 'n stelling/proposisie as waarskynlik waar of onwaar te bewys. Volgens Rieke & Sillars (1975:6-7) is dit die "ongoing transaction of advancing claims, supporting them with reasons, and the advancing of competing claims with appropriate support, the mutual criticism of them, and the granting of adherence to one". Argumentering betrek dus die hele proses waarin die debatteerder poog om 'n rasionele konteks te skep om die proposisie te aanvaar/verwerp op grond van die kwaliteit van die argumente wat ter ondersteuning aangebied word (vgl. Ray & Zavos, 1966:50; Capp *et al.*, 1981:332; Rottenberg, 1985:11 & 75).

Redenering is 'n integrerende deel van argumentering. Dit dui egter op 'n enger proses as argumentering. Redenering is die verstandelike handeling of denksprong vanaf die data/bewyse na die gevolgtrekking (vgl. Darnell &

Brockriede, 1976:101; Derryberry, 1982:139). Die denksprong wat 'n aanvaarde waarheid (data) as basis het, bring 'n ander veronderstelde waarheid (gevolgtrekking), wat tot op hede nog nie empiries geverifieer is nie, met mekaar in verband. Die redenering verskaf dus die waarborg dat die sprong van data na die stelling wat daarop gebaseer is, korrek of aanvaarbaar is. Hoe groter die sprong hoe sterker moet die waarborg wees. In laasgenoemde geval moet die redenering, wat as't ware 'n denklyn is wat die bewyse met die stelling verbind, 'n duidelike en eksplisiete verbindingslyn tussen die beginpunt (bewyse) en die eindpunt (gevolgtrekking) verskaf.

Die redeneringsproses berus op die aanvaarding van orde en reëlmaat in die skepping. As gevolg van die orde - ooreenkomste, herhaling, natuurwette - staan fenomene nie los van mekaar nie; hulle kan met mekaar in verband gebring word om verskeie soorte verbintenisse moontlik te maak (Ziegelmueller & Dause, 1975:87).

Die redenering omvat die antwoord op die vraag: Hoe het jy daarby uitgekom? Of anders gestel: Watter pad in die denke het jy gevolg om van die bewyse by die bepaalde stelling uit te kom? Bewyse en redenering vorm saam die rasionaal vir die stelling van 'n argument. Die geldigheid van 'n argument word dus deur twee aspekte bepaal, naamlik die substansie/inhoud/bewyse wat *waar* moet wees, en die struktuur/vorm/redenering wat *korrek* moet wees (vgl. Fisher & Sayles, 1966:2). Die twee aspekte is onafhanklik van mekaar in dié sin dat die bewyse waar kan wees, maar die denksprong foutief; of die denksprong mag korrek wees, maar die bewyse onwaar. Albei moet onderskeidelik waar en korrek wees om 'n logiese argument te vorm.

Soos onder bewyse genoem, is 'n argument 'n eenheid wat aangebied word om 'n standpunt te staaf. Die beoordelaar moet bepaal hoe effektief die debatteerder in die stawing van sy standpunt is. Onder redenering sal die beoordelaar eerstens op mikrovlak moet evalueer hoe geregverdig en betroubaar die redenering in elke argument is. Verder sal die beoordelaar op makrovlak moet evalueer of die verskillende argumente deur middel van geslaagde argumentering tot 'n eenheidsnetwerk saamgebind is om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys. Die evaluering van redenering in 'n debat betrek veel meer as net die denksprong van die bewys na die stelling, maar omvat die hele proses van argumentering. Verskillende argumente of stawingseenhede word aangebied om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys. Die beoordelaar moet dié eenhede krities

evalueer.

## 2. DIE TOULMINMODEL

Om die genoemde eenhede te evalueer word hierdie model baie sterk aanbeveel. Dit word allerweë as 'n sinvoller metode beskou vir die bestudering en evaluering van redenering as die meer tradisionele metode waar redenasiemetodes volgens deduktief en induktief verdeel word , met die gepaardgaande toetse vir logiese deduksie en induksie (vgl. Toulmin, 1969:147).

Anderson & Mortensen (1967:43) voer byvoorbeeld aan dat formele logika selde as maatstaf gebruik kan word om die geldigheid van die redeneringsproses in redevoering te bepaal. Formele logika word op suiwer analitiese argumente toegepas, 'n vorm van argumentering wat selde by die debatteerder voorkom. Die aard van probleemoplossing in debattering betrek waarskynlike en nie absolute waarhede (feite) nie. 'n Analitiese argument "cease to be a predictive argument, and so cease to be of any use to us in dealing with predictive problems" (Toulmin, 1969:169). 'n Kategoriese sillogisme is 'n voorbeeld van 'n analitiese argument waar die gevolgtrekking nie nuwe inligting weergee nie, maar inligting bevat wat reeds in die premisse gestel is:

| | |
|---|---|
| Hoofpremis: | Alle normale honde kan blaf |
| Newepremis: | Wagter is 'n normale hond |
| Gevolgtrekking: | Wagter kan blaf |

Volgens Christenson & Nelson (1979:224) is die Toulminmodel besonder toepasbaar weens die redelik eenvoudige aard daarvan. Hart (1973:76) beveel dié model ook sterk aan omdat dit direk aansluit by die dinamiese denkprosesse soos dit in onder andere debattering na vore kom. Die strukturele aard van die model, wat die beoordelaar in gedagte moet hou, vergemaklik die kritiese proses in die evaluering van die argumente. Ehninger & Brockriede (1978:49) beklemtoon dat die model 'n metode is om argumente te kritiseer eerder as 'n metode om argumente daar te stel. Die standpunt wat in hierdie studie gehuldig word, stel hulle soos volg:

> "Finally, judges who make decisions may find Toulmin's layout a convenient way of assessing whether a critical person is justified in accepting a debater's unit of proof. The evaluation of the elements of

a proof becomes especially important if a whole issue turns on whether one unit of proof has withstood a careful examination by opponents and judges and is more deserving of critical acceptance than is any other proof designed to support some competing claim" (Ehninger & Brockriede, 1978:51).

Die model betrek wel die data of bewyse maar die hoofklem val op die redenering, dit wil sê op die denksprong vanaf die bewyse na die stelling. Dit kan egter ook toegepas word op die redeneringslyn tussen die verskillende stawingseenhede en die koppeling daarvan met die proposisie.

Die model bestaan uit ses komponente (vgl. Toulmin, 1969:97-107; Toulmin *et al.*, 1979:29-84):

**2.1. Data**

*Data* is ekwivalent aan bewyse soos dit in die vorige hoofstuk bespreek is en daarom word hier nie verder daarop ingegaan nie. In die model vorm die data die begronding of beginpunt van die gedagtelyn. Voortaan sal data met bewyse aangedui word aangesien dit, wat die JR se kompetisie betref, die gebruiklike term is.

**2.2. Waarborg**

Die waarborg omvat die redeneringsproses wat 'n brug tussen die bewyse en die stelling vorm. Dit is as't ware die rasionele magtiging wat verskaf word om die denksprong te waarborg (Toulmin, 1969:98). Teenoor die bewyse, wat substansie is, is die waarborg 'n aktiewe proses. Die waarborg word soms verswyg as dit 'n algemene redeneringsbeginsel betrek. Van die gehoor word verwag om self die waarborg te verskaf.

Dieselfde voorbeeld wat onder bewyse genoem is, word hier verder voortgesit:

| Bewys | | Stelling |
|---|---|---|
| Yskor se verteenwoordiger het aangekondig dat die staalprys gaan styg | — daarom — | gaan die pryse van boumateriaal en verbruikersartikels ook styg |

aangesien

versweë Waarborg:

die styging van roumateriale gewoonlik 'n styging van die betrokke eindprodukte tot gevolg het.

**2.3. Stelling**

Dit is die gevolgtrekking na aanleiding van die bewyse deur middel van die redenering. Dit is die eksplisiete slotsom van die proses; dit wat die debatteerder wil hê die gehoor moet glo en aanvaar. Die geldige redenering moet die waarskynlike waarheid van die stelling waarborg.

Bostaande drie komponente van die Toulminmodel korreleer met die drie komponente waaruit 'n argument opgebou is (vgl. p. 124). Toulmin gaan egter verder en onderskei nog drie komponente.

**2.4. Ondersteuning**

Die waarborg bied regverdiging vir die denksprong van die bewyse na die stelling. Indien die waarborg enigsins deur die opponente betwyfel word, moet die debatteerder in staat wees om sy waarborg (redenering) verder te ondersteun. Die ondersteuning moet 'n rede bied waarom die waarborg aanvaarbaar is. Waar die waarborg meer algemeen gestel word, is die ondersteuning meestal 'n spesifieke feitestelling. Die ondersteuning betrek twee vrae:

> Is die waarborg werklik betroubaar?
> Is die waarborg werklik van toepassing in hierdie betrokke geval?

Byvoorbeeld: Is dit altyd die geval dat verbruikersartikels se pryse styg as die roumateriaal se prys styg? Die aard van die ondersteuning is konteksgebonde en wissel namate die konteks wissel (vgl. Toulmin *et al.*, 1979:58). Die ondersteuning is dus nie 'n onontbeerlike aspek van 'n argument nie. Die graad van sekerheid van die waarborg en die twyfel wat die opponente ten opsigte van die waarborg mag opper, sal bepaal of ondersteuning nodig is. Indien die ondersteuning in die argument opgeneem is, staan die argument soveel sterker in sy oortuigingskrag.

**B** **S**

Yskor se verteenwoordiger het aangekondig dat die staalprys gaan styg ——— daarom ——— gaan die pryse van boumateriaal en verbruikersartikels ook styg

|

aangesien

**W**

|

die styging van roumateriale gewoonlik 'n styging van die betrokke eindprodukte tot gevolg het

|

omdat

**O**

|

die prys van boumateriaal en sekere verbruikersartikels nie lank na die staalprysverhoging in 1980/81 ook gestyg het.

**2.5. Kwalifisering**

Aangesien die gedagtesprong verder as die bewyse gaan en die stelling nie identies aan die bewyse is nie, kan die stelling selde, indien ooit, met absolute sekerheid gestel word (vgl. Darnell & Brockriede, 1976:107). Die filosowe Perelman & Tyteca sê dit ook nadruklik:

> "The very nature of deliberation and argumentation is opposed to necessity and self-evidence, since no one deliberates where the solution is necessary or argues against what is self-evident. The domain of argumentation is that of the credible, the plausible, the probable, to the degree that the latter eludes the certainty of calculations" (1969:1).

'n Stelling behoort dus gekwalifiseer te word ten aansien van die graad van sekerheid waarmee die bewyse en die waarborg die debatteerder toelaat om dit te maak. Dit geld vir alle stellings, maar veral vir stellings waarvan die bewys of die waarborg gekwalifiseer is en waar moontlike voorbehoude die universele toepaslikheid van die stelling in gedrang bring. Indien geen kwalifisering gestel word nie, word aanvaar dat dit absoluut of ten opsigte van alle gevalle geld.

Die kwalifisering kan met betrekking tot drie aspekte van toepassing gemaak word:

* Die omvangsgeldigheid van die stelling kan gespesifiseer word, byvoorbeeld baie min, enkele, baie, die meeste, feitlik alle of selde, soms, dikwels, altyd.

* Die moontlike waarheid van 'n stelling kan gespesifiseer word. As 'n stelling gemaak word dat 'n fenomeen voorgekom het, voorkom of sal voorkom, kan dit op verskillende maniere aangedui word: beslis nie, onwaarskynlik, waarskynlik, heel waarskynlik, ongetwyfeld, beslis.

* Die vertroue wat die debatteerder in die stelling het, kan ook gekwalifiseer word. Die vertroue en die moontlike waarheid hang nou saam: uiters onseker, onseker, moontlik, seker, beslis seker. Die spreker moet hiermee die geloof in sy stelling spesifiseer. Dit val binne die kontinuum van uiters onseker tot beslis seker.

Die bostaande voorbeeld behoort sodanig gekwalifiseer te word: Die prys van boumateriaal en sekere verbruikersartikels gaan **heel waarskynlik** styg.

**2.6. Voorbehoud**

Indien bewyse en waarborge 'n absolute sekerheid kon verskaf en afleidings universeel geldend was, sou voorbehoude nie nodig gewees het nie. Die stel van voorbehoude is meestal onafwendbaar aangesien daar dikwels spesiale omstandighede kan bestaan wat die toepaslikheid van die waarborg kan beperk; of spesiale voorwaardes kan geld wat die oortuigingskrag van die waarborg kan verminder. So kan bykomende faktore of teenbewyse die gevolgtrekking geheel of gedeeltelik ongeldig maak.

Die voorbehoud kan die stelling op drie wyses beïnvloed:

* Dit kan die stelling sterk betwyfel. In hierdie geval moet die argument liefs nie aangevoer word nie.

* Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die stelling slegs voorwaardelik aanvaar word: tensy die feite van die saak verander.

* Dit kan die stelling beperk deur die omvangsgeldigheid te verminder, sodat die stelling byvoorbeeld net ten opsigte van sekere gevalle sal geld (Ehninger & Brockriede, 1978:45).

'n Voorbehoud sê dus: Op grond van dié rasionaal (bewyse en waarborg) is die denksprong na hierdie stelling geregverdig tensy sekere omstandighede in die bewys-stelling-verhouding of besondere verskynsels die gevolgtrekking gedeeltelik sal ophef of bevraagteken.

Beoordelaars en debatteerders kan hulle deur die volgende kriteria laat lei om te bepaal of 'n voorbehoud by die argument ingesluit moet word of nie (vgl. McCroskey, 1986:104-105):

*Sal die opponente en gehoor bewus wees van die voorbehoud ten aansien van die stelling?*
Indien die debatteerder meen dat dit nie die geval sal wees nie, het hy 'n keuse om dit in te sluit of weg te laat. Indien 'n voorbehoud voor-die-hand-liggend is, behoort dit by die argument ingesluit te word. Indien dit nie gedoen word nie, word die indruk gelaat dat die debatteerder oningelig is, of dat hy doelbewus die beperking van sy stelling ignoreer, wat dan sy geloofwaardigheid (etos) in gedrang sal bring.

*Boet die stelling sy oortuigingskrag in as die debatteerder erken dat daar 'n voorbehoud is?*
Indien die antwoord negatief is, behoort die voorbehoud ingesluit te word. Indien die antwoord egter positief is in dié mate dat die voorbehoud se geldigheid sterker is as dié van die stelling, beweeg die debatteerder op dun ys. Die debatteerder moet òf die argument met 'n beter alternatief vervang òf redes aanvoer wat die sterkte van die voorbehoud sal verminder. Die verswyging van die voorbehoud bied ook nie 'n oplossing nie, omdat die beoordelaars heel waarskynlik daarvan bewus sal wees.

*Kan die voorbehoud weerlê word?*
Indien die debatteerder bewyse het wat die voorbehoud kan weerlê, moet beide die voorbehoud en die bewys gestel word. Dit sal die argument se oorredingskrag versterk en moontlike teenargumente van die opponente by voorbaat uitskakel.


Voorbeeld:

Die prys van boumateriaal en sekere verbruikersartikels gaan heel waarskynlik styg

tensy
V

Yskor self die prysverhoging gaan absorbeer of die regering die prysverhoging deur middel van subsidie gaan teëwerk.

**Skematiese voorstelling van die Toulminmodel**




### 3. WAARBORGE

Vervolgens word die verskillende soorte waarborge bespreek soos dit algemeen in argumente voorkom. Dit sal telkens met 'n voorbeeld geïllustreer word waar al die komponente van die model te berde gebring sal word. Foute wat in die redenasie kan voorkom sal onder elke soort bespreek word, terwyl algemene foute wat nie onder 'n bepaalde soort geklassifiseer kan word

nie, laastens bespreek sal word. Sekere foute kan soms onder verskillende waarborge geklassifiseer word. Sodaniges is geplaas waar die tipe fout, myns insiens, die duidelikste sal blyk. Hiermee word gepoog om die beoordelaar te help in die identifisering van 'n drogredenasie, asook om die rede vir die fout bloot te lê. Sodoende behoort die beoordelaar sinvolle kritiek te kan lewer ten opsigte van foute wat deur die debatteerder gemaak kan word.

### 3.1. Substansiële of rasionele waarborge

#### 3.1.1. Kousale waarborg

##### 3.1.1.1. Omskrywing

In kousale argumente word gestel dat 'n bepaalde fenomeen 'n noodwendige effek of voorafgaande stimilus van 'n ander fenomeen is. Die waarborg is dat:

* 'n gegewe gebeure of omstandigheid noodwendig 'n toekomstige gebeure of omstandigheid tot gevolg sal hê of

* 'n gebeure of omstandigheid die noodwendige produk is van 'n voorafgaande gebeure of omstandigheid (Dick, 1974:39-41).

Kousale verwantskappe is meestal gekompliseerd met min duidelik liniêre verbindings. Oorsaak en gevolg kan dikwels nie duidelik onderskei word nie en soms het 'n enkele gevolg verskeie verwante oorsake. Die beoordelaar moet besondere aandag aan kousale redenering skenk omdat hier, wat die waarborg betref, maklik fouteer kan word.

Hipotetiese voorbeeld: Volgens statistiek van die Automobiel-Assosiasie het die sterftesyfer tydens ongelukke van 70% na 20% afgeneem sedert die dra van veiligheidsgordels verpligtend gemaak is. Die verpligte dra van veiligheidsgordels kan beslis as die oorsaak van die laer sterftesyfer tydens padongelukke beskou word, tensy die laer spoedgrens, wat haas gelyktydig in werking getree het, die moontlike oorsaak is.

**Bewyse**: Die AA se statistiek.
**Waarborg**: Daar is 'n noodwendige kousale verband tussen die dra van veiligheidsgordels en die afname in sterftes.
**Ondersteuning**: Geen ondersteuning vir die waarborg word gegee nie, aan-

gesien die waarborg as genoegsaam beskou word.
**Stelling**: Die dra van veiligheidsgordels is beslis die oorsaak van die laer sterftesyfer tydens padongelukke.
**Kwalifisering**: Beslis. Die kwalifisering is foutief en hou nie rekening met die moontlikheid wat die voorbehoud stel nie. Indien geen ander faktor kousaal ter sprake is nie, kan die stelling so absoluut gestel word; selfs dan behoort dit nogtans gekwalifiseer te word, byvoorbeeld heel waarskynlik.
**Voorbehoud**: Tensy die laer spoedgrens wat haas gelyktydig in werking getree het die moontlike oorsaak is.

Die voorbehoud bied net so 'n sterk moontlike oorsaak as die stelling, want òf die laer spoedgrens òf die verpligte dra van veiligheidsgordels òf beide kan die moontlike oorsaak wees. In so 'n geval moet die argument nie gebruik word nie of behoort daar met behulp van ander bewyse uitsluitsel gekry te word oor watter fenomeen die moontlike oorsaak kan wees.

Die argument as geheel kan versterk word deur byvoorbeeld deskundige uitsprake te gee wat die gestelde verwantskap bevestig en/of statistiek van die gevolglike laer sterftesyfer in ander lande nadat die dra van veiligheidsgordels verpligtend gemaak is sonder dat die spoedgrens verlaag is.

### 3.1.1.2. Kriteria vir beoordeling

*Is die beweerde oorsaak en gevolg korrek gerapporteer?*
As die gegewens foutief of selfs onwaar is, sal die res van die argument uiteraard ongeldig wees.

*Is daar 'n noodwendig relevante verwantskap tussen die beweerde oorsaak en gevolg?*
Hier moet die beoordelaar probeer bepaal of die beweerde gevolg noodwendig sal verdwyn as die oorsaak afwesig is. Anders gestel: Sal die aanwesigheid van die oorsaak noodwendig dié spesifieke gevolg hê?. Die verwantskap kan byvoorbeeld bloot op 'n toevallig chronologiese verloop gebou wees: omdat A toevallig voor B plaasgevind het, word A as die oorsaak van B beskou.

*Is die oorsaak die enigste moontlike oorsaak?*
Soms word kousale verwantskappe oorvereenvoudig en word slegs 'n enkele oorsaak geïdentifiseer, terwyl daar in werklikheid meer as een is. Alle moontlike oorsake of gevolge, indien ter sake, behoort in berekening gebring

te word. Oorvereenvoudiging is die vyand van enige kousale redenering. In die bogenoemde voorbeeld kon die debatteerder die voorbehoud, naamlik dat die spoedgrens terselfdertyd verlaag is, verswyg het. In so 'n geval behoort die debatteerder gepenaliseer te word en die beoordelaar moet in die kritiek op die moontlike alternatiewe oorsaak wys.

*Word oorsaak en gevolg nie verwar nie?*
Soms is dit moeilik om te onderskei tussen oorsaak en gevolg omdat dit in enkele gevalle in 'n kringloop van gebeure voorkom. So kan een fenomeen as die oorsaak van die ander bestempel word terwyl albei in werklikheid twee verskillende gevolge van dieselfde oorsaak/oorsake is. (vgl. Patterson & Zarefsky, 1983:55).

*Is daar 'n moontlike teenwerkende oorsaak?*
Indien 'n gevolg vir die toekoms voorspel word na aanleiding van die implementering van 'n sekere aksie (oorsaak), moet daar bepaal word of daar nie ander fenomene is wat die effek moontlik sal elimineer nie. Dit is veral in beleidsdebattering ter sake.

*Word die kousale argument deur ander bewyse bevestig?*
Omdat kousale verwantskappe so gekompliseerd is en foute maklik kan voorkom, word die gestelde kousale verband aansienlik versterk as die debatteerder ook ander bewyse kan aanvoer wat dieselfde bevinding bevestig.

*Is die stelling gekwalifiseer?*
Die kwalifisering, wat vir alle argumente geld, moet duidelik gestel word. Dit dui die sekerheid aan waarmee die debatteerder sy stelling maak.

**3.1.2. Teken**

**3.1.2.1. Omskrywing**

Die waarborg is hier gebaseer op die veralgemening dat 'n fenomeen sekere onderskeidende karakteristieke eienskappe het, en dat die teenwoordigheid/afwesigheid van een daarvan 'n teken van die teenwoordigheid/afwesigheid van die ander is. Anders gestel: 'n Fenomeen wat direk waarneembaar is kan 'n simptoom wees van 'n ander fenomeen wat nie direk waarneembaar is nie (vgl. Dick, 1974:38-39; Ziegelmueller & Dause, 1975:104). Die waarborg lê dus in die korrelasie tussen twee veranderlikes.

Die korrelasie kan òf op 'n natuurlike òf 'n konseptuele basis berus. Indien 'n individu se neus loop, sy keel jeuk en hy baie dikwels nies, kan dit 'n teken van hooikoors wees - 'n natuurlike basis. As gestel word dat 'n individu ryk is omdat hy 'n privaat vliegtuig besit, berus die tekenooreenkoms op 'n konseptuele basis. Volgens McCroskey (1986:94) is die waarborg daarin geleë dat die fenomeen wat gewoonlik saamval met die waargenome simptome in hierdie geval ook weer sal saamval.

Met tekenredenering wil 'n antwoord op die vraag verkry word: Is dit? 'n Ambulanssirene kan 'n teken van 'n moontlike ongeluk wees, maar dit dui geensins die oorsaak van die ongeluk aan nie. Soms sluit tekenredenering wel 'n kousale verwantskap in. 'n Hipotetiese voorbeeld is die volgende stelling: Die groot aantal werkloses is 'n teken dat die ekonomie in 'n swak toestand is. Hier is die swak ekonomie ook die moontlike oorsaak van die baie werkloses.

Voorbeeld: Die SAW het verlede week oorlogstuig na SWA se noordelike grens vervoer. By twee vorige geleenthede, naamlik X en Y het die vervoer van oorlogstuig na die grens 'n aanval op terroristebasisse in Angola voorafgegaan. Tensy dit hierdie keer 'n militêre oefening is of die voorrade net aangevul word, gaan die SAW heel waarskynlik terroristebasisse in Angola vernietig.

**Bewyse**: Verlede week is oorlogstuig na SWA se noordelike grens vervoer.
**Waarborg**: Die vervoer van krygstuig na die grens is normaalweg 'n teken van 'n komende aanval op terroristebasisse.
**Ondersteuning**: By twee vorige geleenthede X en y het die vervoer van oorlogstuig na die grens so 'n aanval voorafgegaan.
**Stelling**: SA gaan terroristebasisse in Angola vernietig.
**Kwalifisering**: Heel waarskynlik.
**Voorbehoud**: Tensy dit 'n militêre oefening is of die voorrade net aangevul word.

### 3.1.2.2. Kriteria vir beoordeling

*Is daar 'n onbetwisbare verwantskap tussen die twee betrokke fenomene of is dit toevallig?*
Die vraag kan ook lui: Is die substansie/hoofoorsaak relevant ten opsigte van die kenmerk of simptome? Simptome wat gereeld maar nie altyd met 'n sub-

stansie gepaard gaan nie, lewer 'n feilbare waarborg. Tog is dit 'n aanvaarde wyse van redenering. Die beoordelaar sou die volgende vrae kan vra: Skakel ambulanse hulle sirenes aan slegs as daar 'n ongeluk is? Kom werkloosheid alleenlik voor as die ekonomie swak is? Die noodwendige saamval van die fenomene moet dus bepaal word.

*Is daar faktore wat die verwantskap teenwerk?*
Die hoë werkloosheidsyfer is dalk die gevolg van oorbevolking en/of die sanksieveldtog teen Suid-Afrika. Die stelling, byvoorbeeld, dat die afname van studente in kunsrigtings gewoonlik 'n teken is dat daar 'n afname in die publiek se belangstelling in die kunste is, mag verkeerd wees, aangesien minder beskikbare beurse vir kunsrigtings die werklike rede is. Die faktor: minder beurse vir kunsrigtings werk die gestelde verwantskap teë.

*Is die tekens kumulatief?*
Die waarborg word versterk indien meer as een teken uitgewys kan word: die staking van mynwerkers, die hou van geheime vergaderings en die skielike styging in busboikotte mag tekens wees dat 'n groot oproer verwag kan word. Die noem van 'n enkele teken sou minder oortuigend gewees het.

*Kan een teken meer as een oorsaak of gevolg hê?*
'n Swak ekonomie is byvoorbeeld op sy beurt nie net van een fenomeen 'n teken nie, maar van talle, omdat dit so 'n komplekse probleem is. Die waarborg word verswak as 'n fenomeen soos 'n swak ekonomie as teken van slegs een moontlike oorsaak soos oorbesteding of swak regeringsbeleid of onproduktiwiteit gestel word. Hoe komplekser 'n fenomeen is en hoe meer moontlikhede van verskillende verbandhoudende simptome of korrelate bestaan, hoe omsigtiger moet die waarborg in tekenredenering geëvalueer word.

### 3.1.3. Analogie

#### 3.1.3.1. Omskrywing

Die waarborg in analogie is daarin geleë dat, indien twee fenomene dieselfde ten opsigte van alle relevante waarneembare aspekte is, sal hulle ook dieselfde wees in een of meer addisionele aspekte wat waarneembaar/bekend by die een fenomeen is, maar nog nie waarneembaar/bekend by die ander fenomeen is nie (vgl. Dick, 1974:44; McCroskey, 1986:95; Thompson, 1971:129).

'n Analogie kan letterlik of figuurlik wees. Die analogie is letterlik as die fenomene wat vergelyk word van dieselfde soort is, byvoorbeeld stad met stad, individu met individu; maar dit is figuurlik as die fenomene nie van dieselfde soort is nie, byvoorbeeld hart met waterpomp, individu met masjien. Laasgenoemde het weinig rasionele waarde in die bewys van 'n stelling, maar dit kan emosioneel oorreed of as illustrasie dien om 'n standpunt te verduidelik.

Voorbeeld van 'n letterlike analogie: Die drietermynstelsel het in Transvaal misluk, dus kan dit waarskynlik ook in Natal misluk.

**Bewys**: Die drietermynselsel het in Transvaal misluk.
**Waarborg**: Aangesien die twee provinsies se skoolstelsel soortgelyke fenomene is, voorspel mislukking by die een ook mislukking by die ander.
**Ondersteuning**: Geen. Indien die debatteerder voorbeelde kon noem waar mislukking of welslae van enige vorige onderwysbeleid 'n soortelyke gevolg in ander provinsies gehad het, sou die waarborg veel sterker gestaan het.
**Stelling**: Die termynstelsel sal waarskynlik in Natal misluk.
**Kwalifisering**: Waarskynlik.
**Voorbehoud**: Geen. Indien daar nie sekerheid is of die sisteem die oorsaak van die mislukking is nie kan 'n voorbehoud gestel word: tensy die mislukking aan die groot leerlingtal of swak administrasie toe te skryf is.

Op soortgelyke wyse kan geredeneer word dat snelweë rondom Kimberley opgerig moet word om die verbygaande verkeer om die stad te lei, aangesien dit die gevolg was nadat Johannesburg se snelweë voltooi is. Die versweë waarborg is dat, indien snelweë by een stad geslaagd was met betrekking tot die afname van middestadverkeer, dit ook in 'n soortgelyke stad die geval sal wees. Die analogie sal versterk word indien nog meer voorbeelde genoem kan word waar snelweë die gewenste gevolg gehad het.

Analogie word allerweë nie as van sterk rasionele oortuigingskrag beskou nie, daarom moet die waarskynlikheid daarvan versterk word deur ander bewyse daarmee saam te gebruik (vgl. Derryberry, 1982:168; Ehninger & Brockriede, 1978:83). Verder moet die stelling wat na aanleiding van 'n analogie geformuleer is deurgaans gekwalifiseer word en nie as 'n absolute waarheid gestel word nie. Daar kan altyd onbekende faktore wees wat die analogie kan verswak.

### 3.1.3.2. Kriteria vir beoordeling

*Stem die fenomene in genoeg essensiële aspekte ooreen?*
Die struktuur asook die interne eienskappe van die fenomene moet dieselfde wees om 'n vergelyking te regverdig. Indien betekenisvolle verskille bestaan sal dit die argument verswak. Hoe meer ooreenkomste hoe sterker is die argument en omgekeerd.

*Is die aspekte van ooreenkoms ter sake vir die analogie?*
Die ooreenstemmende aspekte moet van belang wees vir die doel van die analogie. Twee fenomene mag in vele opsigte ooreenkom, maar ten opsigte van een essensiële aspek verskil, wat dan die geldigheid van die analogie kan elimineer. 'n Hipotetiese argument kan wees dat die chemiese metode om lug te suiwer bokant Johannesburg effektief was en dat dieselfde metode in Kaapstad toegepas moet word. Die analogie mag foutief wees omdat die geslaagde chemiese reaksie 'n gevolg van die lugdruk bo seespieël is en dit nie 'n soortgelyke reaksie in Kaapstad sal hê nie. Die verskil in lugdruk is in hierdie geval ter sake waar dit in 'n ander analoë geval moontlik irrelevant sou wees. Die bepaalde saak onder dispuut sal altyd unieke vereistes stel ten aansien van die aspekte van ooreenkoms. Daar moet dus bepaal word of dieselfde kousale faktore in beide fenomene - stede, provinsies, individue, ens. - funksioneer. Sal die faktore wat die mislukking/welslae bepaal het ook in die tweede fenomeen teenwoordig wees en sal dit dieselfde uitwerking hê? (As die drietermynstelsel misluk het as gevolg van die grootte van die provinsie, aantal leerlinge of swak administrasie, dan kan dit moontlik in ander provinsies slaag. Is dit egter 'n gevolg van die bepaalde sisteem, dan sal dit waarskynlik ook in die ander provinsies misluk.)

Die stelling, na aanleiding waarvan die analogie gevorm is, moet uiteraard waar wees alvorens die analogie geldig kan wees. Indien 'n gehoor byvoorbeeld oortuig is dat die drietermynstelsel nie misluk het nie, sal die analogie, hoe formeel korrek ook al, geen oortuigingskrag hê nie. In so 'n geval moet vooraf bewys word dat die stelsel wel misluk het.

Samevattend: Geen twee fenomene is presies dieselfde nie. Alle analogieë is dus 'n waarskynlikheid. Hoe duideliker en relevanter die aspekte van ooreenkoms en hoe minder en irrelevanter die verskille, hoe betroubaarder sal die analogie wees. Dit behoort die beoordelaar te lei in sy evaluering van die kwaliteit van die waarborg in 'n analogie.

Die beoordelaar moet op sy hoede wees vir 'n vals analogie ten aansien van die "meerderheid se opinie". Hier word gestel dat dit wat die meerderheid as waar aanvaar korrek is en die gehoor moet dit ook as korrek aanvaar. Die meerderheid mag reg wees, maar as enigste bewys is dit 'n onveilige basis om 'n stelling te begrond, want die meerderheid is nie per definisie altyd reg nie. As die meeste tieners in Europa dwelms gebruik, is dit geen rede om dit ook te gebruik nie. Daar kan genoeg ander redes bestaan om dit nie te doen nie. As die meeste mense kerk toe gaan is dit nie die kernrede om 'n appèl op tuisblyers te maak nie. 'n Sodanige appèl na aanleiding van die meerderheid word gewoonlik gemaak as werklike bewyse ontbreek.

### 3.1.4. Veralgemening of voorbeeldredenering

#### 3.1.4.1. Omskrywing

In veralgemening bestaan die denksprong daarin dat daar vanaf 'n stelling oor verteenwoordigende voorbeelde van 'n sekere soort beweeg word na dieselfde stelling ten aansien van ander voorbeelde van dieselfde soort (vgl. Ehninger & Brockriede 1978:78; Ziegelmueller & Dause 1975:95). Die waarborg is gebaseer op die veralgemening, naamlik dat wat waar is van 'n verteenwoordigende voorbeeld van 'n sekere soort ook waar sal wees van addisionele voorbeelde van dieselfde soort. Die gevolgtrekking berus op die aanname van die reëlmatigheid van die karakteristieke eienskappe binne dieselfde soort. Hierdie metode poog om te sê *wat* 'n fenomeen is asook *waarom* dit so is. Beide teken- en kousale verbande kan binne veralgemening voorkom (vgl. Thompson, 1971:25).

Voorbeeld: Die meeste huise wat op turfgrond gebou word sal heel waarskynlik na vyf jaar bars, tensy ingenieurs spesiale voorsorg tref. Potchefstroom se bou-inspekteurs het gevind dat dertig huise wat op turfgrond gebou is na vyf jaar gebars het.

**Bewys**: Potchefstroom se bou-inspekteurs het gevind dat die dertig huise wat op turfgrond gebou is na vyf jaar gebars het.
**Waarborg**: Aangesien dertig huise wat op turfgrond gebou is na vyf jaar begin bars het sal alle huise wat op turfgrond gebou word dieselfde tekens toon.
**Ondersteuning**: Geen.
**Stelling**: Huise wat op turfgrond gebou word sal na vyf jaar bars.

**Kwalifisering**: Die meeste en heel waarskynlik.
**Voorbehoud**: Tensy ingenieurs spesiale voorsorg tref.

Aangesien nie letterlik alle voorbeelde ondersoek kan word nie, moet die veralgemening gekwalifiseer word, soos in bogenoemde voorbeeld: *die meeste* en *heel waarskynlik* teenoor *alle* en *beslis*. 'n Voorbehoud word ook gestel waarin getoon word dat daar wel 'n voorwaarde bestaan waar die stelling nie geldig sal wees nie.

**3.1.4.2. Kriteria vir beoordeling**

Dieselfde kriteria wat by voorbeelde onder bewyse bespreek is (p. 131) geld ook hier, naamlik dat die voorbeelde waar, relevant, genoegsaam, verteenwoordigend, tipies, beduidend, resent en aanvaarbaar vir die gehoor moet wees. Teenvoorbeelde en sogenaamde uitsonderings mag nie meer en beduidender as die genoemde voorbeelde wees nie. Die meeste foute is die gevolg van "haastige veralgemenings": Te min voorbeelde wat moontlik nie tipies nie, onbeduidend en irrelevant is word gebruik om 'n stelling te maak wat al die voorbeelde van 'n soort betrek. Indien 'n debatteerder verplig sou wees om die waarborg met sy ondersteuning uit te spel, sal hierdie fout minder voorkom. Die beoordelaar moet ook let op die kwalifisering van die stelling. Dikwels word dit absoluut gestel wat dan die hele argument as't ware uitkanselleer.

**3.1.5. Klassifikasie**

**3.1.5.1. Omskrywing**

Klassifikasie word as die spieëlbeeld van veralgemening gesien (McCroskey, 1986:97). In veralgemening geld 'n induktiewe verwantskap: van die besondere na die meer algemene, en in klassifikasie geld 'n deduktiewe verwantskap: van die algemene na die minder algemene of die besondere. Hier word 'n stelling gemaak in verband met 'n bepaalde soort fenomeen, en dan word na 'n soortgelyke stelling ten aansien van individuele voorbeelde van dieselfde soort beweeg. Die bewys is die veralgemening ten aansien van bekende voorbeelde van 'n soort, byvoorbeeld individue, voorwerpe, instansies, gebeure of omstandighede. Die waarborg is in die aanname geleë dat wat waar is van die gesamentlike voorbeelde in die bewys ook waar is van die onbekende voorbeelde binne dieselfde soort.

Ter illustrasie kan 'n soortgelyke voorbeeld gebruik word:

Die Transvaalse munisipale raad het verlede jaar in hulle kwartaalblad gestel dat feitlik alle huise wat op turfgrond gebou is waarskynlik na vyf jaar sal begin bars. Dus: Gert se huis wat op turfgrond gebou is se mure gaan beslis bars, tensy ingenieurs dit probeer verhoed het.

**Bewys**: Die Transvaalse munisipale raad het verlede jaar in hulle kwartaalblad bevestig dat feitlik alle huise wat op turfgrond gebou is na vyf jaar begin bars het.
**Waarborg**: Aangesien feitlik alle huise wat op turfgrond gebou is bars, sal dieselfde geld vir individuele huise wat op soortgelyke grond gebou is.
**Ondersteuning**: Geen.
**Stelling**: Die mure van Gert se huis gaan bars.
**Kwalifisering**: Beslis. Die sekerheid van die stelling behoort gekwalifiseer te word, naamlik heel waarskynlik.
**Voorbehoud**: Tensy ingenieurs dit probeer verhoed het.

Aangesien uitsonderings nooit uitgesluit kan word nie, moet die stelling gekwalifiseer en voorwaardelik gestel word, veral as die veralgemening wat as bewys dien ook gekwalifiseer is: feitlik alle en heel waarskynlik. Indien die veralgemening absoluut gestel word en waar is, naamlik *alle* huise bars, kan die gevolgtrekking ook absoluut gestel word. In so 'n geval is die argument 'n retoriese ekwivalent van 'n kategoriese sillogisme waar die gevolgtrekking noodwendig uit die premisse volg. Sodanige absolute sekerheid kom egter selde, indien ooit, in debattering voor.

**3.1.5.2. Kriteria vir beoordeling**

*Is die veralgemening waar en korrek weergegee?*
Die veralgemening wat as bewys dien, moet waar wees en van 'n betroubare bron verkry word. Indien dit nie die geval is nie is die argument, hoe formeel korrek ook al, ongeldig.

*Kan die veralgemening op elke individuele item/persoon daarbinne van toepassing gemaak word?*
Die gevolgtrekking moet deurgaans gekwalifiseer word, omdat dit moontlik is dat die individuele voorbeeld nie die gemeenskaplike eienskap besit wat in die veralgemening ter sprake is nie. Die betroubaarheid van sodanige ar-

gumente hang ook grootliks af van die homogeniteit van die soort wat ter sprake is, en wissel van voorbeeld tot voorbeeld. 'n Klassifisering ten opsigte van 'n gebou se mure is byvoorbeeld betroubaarder as 'n *klassifisering ten* opsigte van individue, demokrasieë, ens. waar daar min homogeniteit bestaan. Die volgende klassifisering is byvoorbeeld minder betroubaar. Die stelling dat 'n sekere universiteit X se fakulteit Regte die beste in die land is, hoef nie ten opsigte van elke individuele dosent binne die departement as die beste in die land te geld nie. Dat die meeste dosente binne die fakulteit knap sal wees, sal waarskynlik waar wees. Wat goed en waar is ten opsigte van die geheel is nie noodwendig goed en waar ten aansien van elke individuele lid nie. Dat die Afrikanervolk as Christelik bekend staan beteken nie dat elke individuele Afrikaner 'n Christen is nie. Soortgelyke foute word maklik deur debatteerders gemaak omdat die homogeniteit van die betrokke fenomeen nie in aanmerking geneem word nie en die klassifisering oorvereenvoudig word.

### 3.2. Deskundige waarborge

#### 3.2.1. Omskrywing

Soos in bewyse getoon bestaan deskundige uitsprake uit feite en opinies wat aangehaal of geparafraseer word. Die bewys en die stelling is feitlik dieselfde en die waarborg is geleë in die deskundigheid en geloofwaardigheid van die deskundige. Of die gehoor die deskundige uitspraak sal aanvaar hang af van die debatteerder se vermoë om die deskundige as bekwaam, betroubaar en objektief te kan aantoon, asook die resentheid en relevansie van sy uitspraak ten aansien van die punt onder dispuut. Die genoemde kriteria wat onder bewyse (p. 141) bespreek is moet toegepas word om die waarborg te versterk. Dit geld veral ten opsigte van deskundige uitsprake waar die ondersteuning vir die waarborg ter sprake kom.

Byvoorbeeld: Dr. Danie Craven het al vyf keer korrek voorspel wie die Curriebeker gaan wen, en daarom stem ek saam met hom dat Noord-Transvaal dit beslis vanjaar gaan wen tensy beserings hulle gaan kniehalter.

**Bewys**: Dr. Caven sê Noord-Tansvaal gaan vanjaar die Curriebeker wen.
**Waarborg**: Dr. Craven is 'n rugbykenner wat geglo kan word.
**Ondersteuning**: Dr. Craven het die wenspan al vyf keer korrek voorspel.
**Stelling**: Noord-Transvaal gaan vanjaar die Curriebeker wen.

**Kwalifisering**: Beslis.
**Voorbehoud**: Tensy beserings hulle gaan kniehalter.

In hierdie voorbeeld is dit nie nodig om dr. Danie Craven verder te identifiseer nie, aangesien hy alom bekend is. As dit egter nie die geval is nie, behoort identifisering te geskied om die waarborg te versterk. Die kwalifisering **beslis** is ook te absoluut gestel. Die terme **waarskynlik** of **moontlik**, sou vir hierdie waarborg beter gewees het.

### 3.2.2. Kriteria vir beoordeling

Dieselfde kriteria wat onder deskundige uitsprake onder bewyse bespreek is, geld ook hier (vgl. p. 141).

Irrelevante etikettering gee dikwels aanleiding tot drogredenasies. Afgesien daarvan dat 'n outoriteit nie buite sy spesialiteitsgebied behoort aangehaal te word nie, word 'n deskundige uitspraak soms gebruik of verwerp op grond van irrelevante etikettering ten opsigte van die saak onder dispuut: sy bepaalde geslag, kerkverband, politieke party, provinsie waar hy woon, geaardheid, huwelikstaat, sosiale status, nasionaliteit, gewildheid, verskyning op televisie, ens. Die beoordelaar moet bepaal of enige van bogenoemde en nog baie ander enigsins ter sake is in die evaluering van die geldigheid van 'n stelling.

Afhangende van die onderwerp kan sekere van die genoemde aspekte wel ter sake wees. Indien die teenstanders in die debat **Suid-Afrika reageer oormatig op die wêreldmening** slegs uitsprake van die huidige regerende party gebruik om hulle standpunt te staaf, naamlik dat Suid-Afrika nie oormatig reageer nie, kan kritiek hierteen ingebring word. Die uitsprake sal 'n swak waarborg aan die teenstanders se standpunt bied, aangesien enige regerende party nie geredelik teen hulle eie belang sal getuig nie en uiteraard nie maklik sal erken dat Suid-Afrika wel oormatig reageer nie.

## 3.3. Emosionele waarborge

### 3.3.1. Omskrywing

Argumente wat van emosionele waarborge gebruik maak, kom meestal in debatte oor 'n proposisie van waardeoordeel, minder in beleidsdebattering en

baie min in debatte oor feiteproposisies voor. Die versweë waarborge is hier gebaseer op 'n gemeenskap se gemeenskaplike oortuigings, norme, waardes of motiewe. Onder emosie word dus nie net 'n individu se gemoedstoestand soos vreugde, smart, woede, ontroering, ens. verstaan nie. Enige stelling wat 'n waardeoordeel bevat word geregverdig deur een of ander emosionele waarborg (McCroskey, 1986:90). Net soos meestal die geval in 'n substantiewe waarborg, word die waarborg geïmpliseer en selde eksplisiet gestel. Die waarborg is dus nie in 'n sogenaamde objektiewe waarheid of verifieerbare feit nie, maar in subjektiewe gevoelens en in 'n individu se lewens- en wêreldbeskouing geleë.

Byvoorbeeld: Aangesien 'n fetus 'n lewende mens is behoort aborsie geensins gewettig te word nie, tensy die moeder se lewe op die spel is of die fetus 'n abnormaliteit toon.

**Bewyse**: 'n Fetus is 'n lewende mens.
**Waarborg**: Geen mens se lewe mag geneem word nie.
**Ondersteuning**: Geen. Hier sou 'n aanhaling uit die Bybel die waarborg kon ondersteun.
**Stelling**: Aborsie behoort nie gewettig te word nie.
**Kwalifisering**: Geensins.
**Voorbehoude**: Tensy die moeder se lewe op die spel is of die fetus 'n abnormaliteit toon.

Hier is beide die bewys en waarborg emosioneel van aard. Daar bestaan oortuigings dat 'n fetus voor geboorte nie as 'n lewende mens beskou kan word nie. 'n Vrou se reg om self oor die gebruik van haar liggaam te beslis word deur sommige as belangriker beskou as die voortgesette lewe van 'n ongewenste fetus. Etiese norme en selfs geloofsoortuigings kom dus in emosionele waarborge ter sprake.

### 3.3.2. Kriteria vir beoordeling

Weens die subjektiewe aard van emosionele waarborge kan feitlik geen rigoristies vasgestelde kriteria vir die beoordeling daarvan neergelê word nie. Die beoordelaar kan aanvaar dat as hy as beoordelaar gekies word, sy eie etiese norme en waardeoordele aanvaarbaar is en as verteenwoordiger van die gehoor kan hy hom in sy beoordeling daardeur laat lei. Wat emosionele waarborge betref is daar egter groot slaggate waarin debatteerders kan trap.

Die beoordelaar moet dit kan identifiseer en behoort die fout duidelik in sy kritiek aan te toon.

**3.3.2.1. Emosionele beroepe**

'n Fout kom voor as die emosie van die debatteerder en/of die gehoor as bewys of as waarborg van die stelling gebruik word. Hoewel emosie wel 'n rol te speel het, mag dit nie deur oordrywing misbruik word om geldige redenering en konkrete bewyse te vervang nie. 'n Debatteerder wat slegs op emosie staatmaak het in werklikheid geen rasionele grond onder sy voete nie (vgl. Jensen, 1981:176-182). Die affektiewe ervarings van 'n individu, dit wil sê of hy van 'n fenomeen hou of nie hou nie, beïnvloed of bepaal nie die waarheid of valsheid daarvan nie. Die denkfout berus op die volgende struktuur: die stelling/proposisie is waar/onwaar omdat ek/gehoor sterk voel dat dit waar/onwaar is. Dit mag wel wees dat 'n individu se gevoel ooreenstem met wat feitelik waar is, maar die teenoorgestelde is net so moontlik.

'n Vorm van foutiewe emosionele appèl kom voor wanneer die debatteerder die ego van die gehoor streel om sodoende hulle onkritiese instemming te verkry. Die behoefte om besonders of uniek te wees word misbruik as die gehoor oorreed word om 'n aksie te onderneem of 'n stelling te glo, omdat dit hulle sal uitsonder as besonder en eksklusief.

Hierteenoor staan die appèl op die gehoor as gewone alledaagse individue. As dit geforseerd is en die aandag van gesonde redenering aftrek, is dit misplaas: "Ek is net so 'n gewone salaristrekker/boer/sukkelaar/kind soos julle en stel daarom voor...". Die geloofwaardigheid van die stelling word gekoppel aan die "een" wees met die gehoor. Om dit as enigste rede vir die aanvaarding van 'n stelling aan te voer, is gewoonlik foutief en misleidend.

'n Volgende fout kan voorkom as blote gewoonte as enigste bewys van 'n stelling aangevoer word. Van die gehoor word verwag om 'n stelling te aanvaar bloot op grond van die feit dat dit al jare die gebruik is. Dit kan misplaas en misleidend wees want 'n gewoonte is nie per definisie noodwendig korrek nie. Die gewoonte moet eers getoets word wat sy oorsprong, doel en funksie betref. Alleenlik beginselsake binne 'n bepaalde gemeenskap kan as waarborg gebruik word ter ondersteuning van 'n stelling. Die beoordelaar moet bepaal of die debatteerder tussen 'n beginsel en 'n gewoonte kan onderskei. 'n Beroep op gewoonte kan wel saam met ander bewyse gebruik word, maar

behoort nie as enigste rede aangebied te word om 'n stelling te bewys nie.

Op soortgelyke wyse kan die debatteerder 'n misplaaste appèl rig tot die gehoor se jammerhartigheid, meegevoel, vrese of enige ander emosie wat latent in die gehoor teenwoordig is om sy stelling te "bewys". Die beoordelaar moet bepaal of sodanige argumente oorheersend gebruik word of bloot net as aanvulling van ander geldiger argumente. Indien eersgenoemde die geval is behoort die debatteerder gepenaliseer te word.

'n Ander vorm van 'n foutiewe appèl op die emosionele kom voor in die debatteerder se lewering van die argumente. Die debatteerder gebruik bepaalde maniërismes om die gehoor van sy argumente te oortuig. Ten onregte slaag dit dikwels. Hier trek die debatteerder die aandag af van die argumente (doel) en verplaas dit na homself en sy tegniek (middel). Hierdie basiese fout kan baie vorms aanneem:

Die debatteerder kan stellings dikwels herhaal en/of die stellings in absolute terme uitdruk: sekerlik, beslis, onteenseglik, bo enige twyfel waar. So word gepoog om moontlike twyfel by die gehoor uit die weg te ruim. Die debatteerder poog ook om 'n besondere oortuiging en selfversekering uit te straal. Om selfversekerd te wees is nie verkeerd nie, mits dit met geldige argumentering gepaard gaan. Die fout lê daarin dat die debatteerder deur sy lewering 'n absolute sekerheid aan "argumente" verleen wat die aard van redenering nie kan waarborg nie. Die debatteerder oorweldig as't ware die gehoor sodat hulle onkrities moet sê: Niemand wat so oortuigend klink kan verkeerd wees nie!

Op die ander punt van die kontinuum van selfversekerdheid of selfs bombasme is die gemoedelike en minsame debatteerder wat die gehoor wil oortuig op grond van sy goeie maniere of humoristiese aanslag. Selfs al is 'n sodanige aanslag opreg bedoel moet die stellings wat gemaak word alleen op grond van hulle logiese meriete en nie op grond van die aanslag van die debatteerder beoordeel word nie.

Soos reeds gestel kom die fout voor sodra die genoemde aspekte doel opsigself is en as plaasvervangers van rasionele waarborge en korrekte bewyse moet funksioneer. Dit is gewoonlik ook 'n aanduiding van die debatteerder se gebrek aan bewyse en onvermoë om te kan redeneer.

Vervolgens word denkfoute bespreek wat nie onder die spesifieke waarborge ingedeel is nie.

## 4. DENKFOUTE

'n Fout kan òf doelbewus gemaak word òf die gevolg van onbewuste nalatigheid en of onvermoë van die debatteerder wees. Foute kan voortspruit uit foutiewe redenering waar die waarborg swak of onoortuigend is, asook uit bewyse wat onwaar, irrelevant of nie genoegsaam is nie (laasgenoemde foute is onder kriteria in die vorige hoofstuk bespreek). Onetiese strategieë kan ook as foute gereken word, soos om die geskilpunt te ignoreer en om onbillike vrae te vra om die opponente te mislei. Laasgenoemde soort kom egter in 'n mindere mate voor.

Aangesien bewyse en redenering as 'n eenheid funksioneer, sal die foute wel ook bewyse betrek. Dit sal egter nie oorwegend die geval wees nie. Die uitwys van die foute behoort die beoordelaar se taak te vergemaklik, omdat soortgelyke foute dan makliker geïdentifiseer kan word. Tensy foute deur die beoordelaar uitgewys en ontmasker word, verkry die betrokke argumente 'n vals beeld van geldigheid en aanvaarbaarheid (vgl. Eisenberg & Ilardo, 1980:83-84).

### 4.1. Omseiling van geldige redenering

Die mees algemene foute kom voor in die omseiling van geldige redenering.

#### 4.1.1. Verskuiwing van die bewyslas

Indien die debatteerder nie genoegsame bewyse het nie, verplaas hy die bewyslas na die opponente, byvoorbeeld "die jeug is nie geskiedenisbewus nie, want niemand kon nog bewys het dat hulle geskiedenisbewus is nie"; "die Afrikaner bestee sy ekonomie om sy kultuur uit te bou - bewys julle vir ons dat dit nie die geval is nie". 'n Verantwoordelike debatteerder behoort self ook bewyse aan te voer om sy kant van die saak te staaf. 'n Voorbeeld hiervan kom voor in debat (86 E 1) waar die eerste teenstander kriteria vir voldoende opvoeding stel (81:39-50) en die las dan op die skouers van die voorstanders lê om te bewys dat die jeug aan dié kriteria voldoen, sonder om self te bewys dat hulle nie aan die gestelde kriteria voldoen nie.

#### 4.1.2. Verskuiwing van die basis van die argument

Hierdie verskuiwing is soms so subtiel dat die opponente en *selfs* beoordelaars dit nie eens agterkom nie. Die volgende hipotetiese voorbeeld illustreer hierdie fout:

A: Die personeel van X is besonder bekwaam.
B: Ek het weer 'n onaangename ervaring gehad, so ook twee van my vriendinne.
A: Maar jy moet erken hulle pryse is billik.

Die volgende voorbeeld in debat (1985 U 2) illustreer hierdie fout.

Die eerste teenstander het beweer dat Suid-Afrika nie 'n demokratiese land is nie, maar gee later voorbeelde van "agteruitgang" wat in Suid-Afrika voorkom as bewys dat demokrasie nie die kern van welvaart en vooruitgang kan wees nie. Nadat die voorstander die inkonsekwensie uitgewys het, het die teenstander in 'n argument in die repliektoespraak gesê dat Suid-Afrika wel demokratiese beginsels handhaaf. Die fout toon 'n inkonsekwensie asook 'n verskuiwing van die basis van die argument nadat kritiek daarteen uitgespreek is: vanaf Suid-Afrika is nie demokraties nie na Suid-Afrika handhaaf wel demokratiese beginsels.

#### 4.1.3. Verskuif die fokus na 'n teenbeskuldiging

Hier gebeur dit dat 'n debatteerder 'n vraag wat aan hom gestel of 'n aanval wat geloods is, bloot ignoreer en/of met 'n teenaanval kom, om so die aandag van die aanval af te trek. 'n Irrelevante vraag en ongeldige aanval kan wel moontlik geïgnoreer word, maar nie as dit ter sake is nie. Sou 'n span dit ignoreer behoort dit teen hulle te tel. Byvoorbeeld: Ons opponente het gevra ons moet bewys dat 'n kleuter bedags sonder sy ma kan klaarkom, maar hulle het nog nie bewys dat die huisvrou bedags al haar aandag aan haar kinders wy nie!

#### 4.1.4. Aanvaar wat bewys moet word

Die waarheid van 'n saak word geantisipeer terwyl dit nog bewys moet word. Dit is ook 'n manier om geldige redenering te omseil. Dit is 'n probleem wat dikwels voorkom, aangesien die proposisie dikwels verkeerd geanaliseer

word. Verder is debatteerders dikwels uit onkunde nie bewus van wat presies bewys moet word nie. Die beste voorbeeld hiervan kom in debat (86 U 1) voor waar die voorstanders Suid-Afrika se reaksie eenvoudig as oormatig aanvaar, terwyl dit eers bewys moes word (vgl. 39-40:54-81; 43-45:1-87). In opvoedkundige debattering moet enige stelling of uitspraak bewys word, tensy dit ongetwyfeld as algemene kennis aanvaar word en deur die meerderheid van 'n gehoor geglo word (vgl. Toulmin *et al.*, 1979:168). 'n "Histeriese onbesonne optrede" (53:16) moet eers bewys word voor dit in 'n argument opgeneem kan word.

Byvoorbeeld: "Wat van ons leiers? Het ons nie sterker leiers nodig nie; leiers wat nie burokraties is nie, maar ook waarde heg aan individuele regte?" (85 U 2). Hierdie frase bevat drie stellings wat nie hier en ook nie elders in die toespraak bewys is nie, naamlik: Ons het sterker leiers nodig! Ons leiers is burokraties! Ons leiers heg nie waarde aan individuele regte nie! Met 'n retoriese vraag word 'n stelling geïmpliseer. Die eis van bewyse vir stellings beteken nie noodwendig dat die stellings onwaar is nie, maar die opvoedkundige skoling eis dat die debatteerder moet leer om nie lukraak en ongegronde bewerings te maak nie, maar dat 'n gegronde rede vir elke stelling gesoek en verskaf moet word.

Die volgende twee metodes wat ook hier geklassifiseer kan word, is reeds vroeër onder emosionele en deskundige waarborge bespreek. Dit is wanneer geldige redenering vervang word met 'n oordrewe herhaling van stellings om sogenaamde geloofwaardigheid daaraan te verleen; of om irrelevante beskuldigings teen die bronne van die opponente in te bring. Relevante besware kan wel met betrekking tot die volgende aspekte ingebring word: die deskundigheid en geloofwaardigheid van die bron, die relevansie en resentheid van die gegewens en volledige bronverwysings.

### 4.1.5. Ongeldige appèl op 'n afwesigheid van bewyse

Hierdie metode kan binne perke wel geldig wees, maar die aanvaarding van 'n stelling as waar en geregverdig bloot op grond van die feit dat die teendeel nie bewys kan word nie, is geen afdoende bewys nie. Slegs as ander bewyse ook aangevoer word wat dieselfde gevolgtrekking het, kan negatiewe bewyse aanvaar word. Om te beweer dat 'n deskundige uitspraak betroubaar is op grond van die feit dat niks gevind kan word wat die teendeel bewys nie, is feilbaar. Die span mag dalk nie genoegsame navorsing gedoen het nie. Die

beoordelaar moet bepaal of die redenering op grond van negatiewe bewyse nie oorskat en te ver gevoer word nie (vgl. Toulmin *et al.*, 1979:174).

**4.2. Sirkelargumentering**

Die vorm van sirkelargumentering kan soos volg voorgestel word: A is waar omdat B waar is; B is waar omdat C waar is; C is waar omdat A waar is (Kruger, 1960:199). Byvoorbeeld: Meer motors op die pad is nodig sodat die groter petrolverbruik meer geld vir die padboufonds kan inbring. Ons het dié geld nodig om meer paaie te bou. Ons moet meer paaie bou omdat ons meer motors nodig het wat petrol kan verbruik om die padboufonds te sterk.

Sirkelargumentering kom ter sprake as die bewys en die stelling dieselfde is: die stelling is waar/onwaar omdat die stelling waar/onwaar is. Dieselfde stelling word soms net met ander woorde en in 'n ander sinsorde geformuleer. Die beoordelaar moet gekonsentreerd luister om sirkelargumentering te identifiseer, veral as debatteerders baie vinnig praat.

**4.3. Foutiewe wit-en-swart-redenering**

Die fout word hier gemaak as die debatteerder 'n saak oorvereenvoudig en nie beduidende graadverskille raaksien nie of dit doelbewus ontken. Aangesien daar nie skerpomlynde onderskeidings in 'n saak geïdentifiseer kan word nie, word veronderstel dat daar geen onderskeidingsnuanses op die kontinuum tussen twee uiterste pole bestaan nie. Jensen stel dit soos volg:

> "This type of oversimplified 'either/or' proposition often inappropriately narrows our options to only two; in reality, there might be more possibilities" (1981:189).

Hierdie fout kan in verskillende vorms voorkom: "As mielies en melk se pryse beheer word, dan sal alle ander voedsel ook binnekort beheer word en dan is dit so goed ons leef in 'n sosialistiese staat". Die fout is dat die hele toonskaal van mielies tot by die volkslewe deurloop word: as "enkeles" beheer word is dit so goed soos "alles".

'n Ander voorbeeld kom in debat (85 U 2 ) voor: Die tweede teenstander beweer dat demokrasie nie "probleme kan oplos nie", daarom laat " demokrasie hierdie Westerse beskawing so agteruitgaan soos nog iets". Die kern van die

teenstander se betoog is "reg" of "weg": as demokrasie dan nie ongekwalifiseerd goed is nie, dan is hy noodwendig sleg.

**4.4. Verswyging van 'n ongeldige waarborg**

Soos reeds uit die bespreking van die verskillende waarborge geblyk het, word dit meestal verswyg. Die beoordelaar moet egter die versweë waarborg identifiseer om die argument te kan evalueer as geldig of nie. Die debatteerder kan sy argument wat oënskynlik reg klink op 'n vals aanname baseer. Die volgende voorbeeld uit debat (85 U 2) illustreer hierdie fout:

> "In 'n demokratiese onderwysstelsel kan die kind kies en in vryheid kies. 'n Wese wat kan kies kan as toerekenbaar en verantwoordelik en welvarend beskou word", aldus die eerste voorstander.

Die bewys kom in die eerste sin voor en die tweede sin vorm die stelling. Die waarborg vir die sprong van die bewys na die stelling is die volgende: individue/kinders wat 'n vrye keuse kan uitoefen is noodwendig toerekenbaar, verantwoordelik en welvarend. Die waarborg is onwaar aangesien anargiste, moordenaars, terroriste, ens. ook meestal volgens eie vrye keuse dié pad volg en dit maak diegene nie noodwendig betroubaar, verantwoordelik en welvarend nie. Die argument is ongeldig aangesien die denksprong foutief is en nie 'n sodanige stelling kan waarborg nie.

**Samevattend**

Om drogredenasies en foutiewe waarborge tydens 'n debat onmiddellik te kan identifiseer is geen maklike taak nie. Die beoordelaar moet op verskeie vaardighede konsentreer, terwyl die vinnige spraaktempo van die debatteerders die taak soms nog moeiliker maak. Indien die beoordelaar egter bewus is en kennis dra van die verskillende soorte foute wat gemaak kan word, is die taak om dit te identifiseer veel makliker. Kennis van die verskillende waarborge en die toepassing van die Toulminmodel behoort van groot waarde te wees tydens die evaluering van redenering. Die beoordelaar moet hom egter skool in die toepassing van die model sodat dit 'n vanselfsprekende norm vir die evaluering vorm.

## 5. EVALUERING

Die bespreking korreleer met die chronologiese verloop van die argumente soos dit in die toesprake voorkom. Alle stellings of retoriese vrae word as potensiële argumente beskou. Waar verskillende stellings of argumente met mekaar verband hou, word diesulkes as 'n eenheid bespreek. Daar word gepoog om die foute duidelik te identifiseer. Normaalweg sal 'n beoordelaar 'n irrelevante argument ignoreer sonder om verder daarop in te gaan. Hier is egter ter wille van volledigheid ook die redenering in die irrelevante argumente bespreek.

### 5.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (86 U 1)

#### 5.1.1. Konstruktiewe toesprake

##### 5.1.1.1. Eerste voorstander

Die eerste "argument" (1:1-6) word bloot geïmpliseer: Die Afrikanerberoepsvrou staan haar plek vol omdat sy deur Christus se krag daartoe in staat is. Die versweë waarborg bestaan in twee aannames wat sterk betwyfel kan word, naamlik dat alle Afrikanerberoepsvroue Christene is en dat dié Bybelwoorde ongekwalifiseerd op alle Christenberoepsvroue van toepassing gemaak kan word. Die eerste aanname, naamlik dat alle Afrikanerberoepsvroue Christene is, kort verdere bewyse. Die tweede waarborg is onbevredigend omdat die woorde van Paulus buite konteks gebruik word. Die gebrokenheid van die lewe en sondige aard van die mens word ook buite rekening gelaat. As hierdie waarborg tot sy uiterste konsekwensies deurgetrek word, sou geredeneer kon word dat 'n Christen haas enige taak kan aanpak, want Fil. 4:13 waarborg die sukses daarvan.

Die tweede argument ter stawing van die proposisie (2:32-39) slaag nie, omdat die bewys irrelevant en die waarborg ongeldig is. Daar is geen kousale verwantskap tussen die wyse waarop Eva geskape is en die vermoë van die Afrikanerberoepsvrou om haar plek in die opvoedingsgebeure vol te staan nie.

Die stelling dat "ons nie kan terugkeer tot waar ons vandaan gekom het nie" en dat die beroepsvrou nie "in verskillende lojaliteite" verskeur moet word nie

(2:47-55), is irrelevante stellings wat nie die proposisie as waarskynlik waar bewys nie. Hier is moontlike argumente van die teenstanders foutiewelik geantisipeer.

Die argument dat die beroepsvrou haar plek in die onderwys vol staan (2:56-71), slaag nie heeltemal nie. Soos reeds onder bewyse getoon, is die voorbeeld waarop die stelling steun onvoldoende en nie tipies nie. Die feit dat daar na skoolhoofde - dames in hoë poste - verwys word, toon die onbewese waarborg van die voorstander, naamlik dat 'n vrou in 'n hoë pos noodwendig haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan. Selfs al is dit waar is die sprong na die stelling nie geregverdig nie, omdat Afrikanerberoepsvroue nie almal hoë poste beklee nie. Daar word verder onbewese aannames gemaak: "haar taak as opvoeder word gerespekteer en sy besit selfvertroue", en dat " sy haar kan aanpas by die emosionele behoefte van haar leerlinge" (2:60-62).

Die argument wat dié vroue betrek wat teen hulle sin tuisbly (3:75-87), toon verskeie foute: Ten eerste word aanvaar dat die beroepsvrou kwalitatiewe aandag en liefde twee uur per dag aan die kind sal gee. Ten tweede word die genoemde situasie by implikasie op alle nie-werkende vroue van toepassing gemaak, terwyl dit alleen geld vir dié aantal(?) wat teen hulle sin tuisbly en dan hulle frustrasies op hulle kinders uithaal. By hierdie argument ontbreek 'n voorbehoud wat moes aandui dat die stelling nie geld vir die vroue wat vrywilliglik tuisbly nie; diegene wat dus nie belangstel om 'n beroep te beoefen terwyl sy nog kinders in die huis het nie. Ten derde: Die stelling dat gefrustreerde ma's hulle kinders se ontwikkeling skaad is geensins 'n bewys dat die beroepsvrou noodwendig haar plek vol staan nie. Hier moes bewyse van deskundiges aangehaal gewees het wat deur navorsing bevind het dat kwaliteit belangriker as kwantiteit is. Verder moes die voorstander dan met bewyse gestaaf het dat die beroepsvrou in haar beskikbare tyd wel in staat is om die kwaliteit opvoeding te gee en dit ook doen.

Die argumente bied feitlik geen volledige en oortuigende rede om die proposisie as waarskynlik waar te aanvaar nie. Die ongekwalifiseerdheid van die argumente verswak dit nog verder.

Evaluering: baie swak (1).

**5.1.1.2. Eerste teenstander**

Die stelling dat "die Afrikanerberoepsvrou *definitief nie* haar plek vol staan" nie (4:12-14), en dat sy 'n "onvermoë het om haar plek vol te staan (4:19-22), is te absoluut gestel. Die *min* bewyse en *swak* waarborge regverdig nie sodanige ongekwalifiseerde stellings nie.

Die argument dat die primêre opvoeder die ma is, is bevredigend, behalwe dat J.L. van der Walt as deskundige geïdentifiseer moes gewees het om die stelling nog sterker te waarborg.

Die argument dat tyd nodig is om kwalitatief op te voed, is aanvaarbaar (4:33-45). Die waarborg lê daarin dat fisiese tyd nodig is om op te voed; of anders gestel: kwaliteit-opvoeding kan nie plaasvind as daar nie ook genoegsame tyd daarvoor beskikbaar is nie. Twee foute kom egter hier voor: Daar word nie tussen "gewone" en sogenaamde "kwalitatiewe" opvoeding onderskei nie. Verder word 'n aanname gemaak dat die beroepsvrou vier kinders het; dat sy net 35 minute per dag vir opvoeding beskikbaar het en dat sy aan moontlike spanning onderworpe is. Dat opvoeding ook tydens kosmaak, etes, televisiekyk en naweke kan geskied, word buite rekening gelaat.

Die stelling dat die beroepsvrou deur skuld "verskeur" is (5:55-56), word wel deur die voorafgaande aanhaling ondersteun. Die stelling dat sy as gevolg van die skuldgevoelens "onbevredigende resultate" as moeder lewer en "nooit ooit" haar plek kan vol staan nie (5:55-60), is te ongekwalifiseerd gestel. Die versweë waarborg: Beroepsvroue met skuldgevoelens kan nie hulle plek vol staan nie, kort verdere bewyse ter ondersteuning. Die waarheid van die waarborg kan betwyfel word, aangesien die moontlikheid bestaan dat 'n sodanige skuldgevoel die dryfveer kan wees om juis haar plek vol te staan.

Die argument dat 'n kind van 'n beroepsvrou 'n "geweldige agterstand" het, is te absoluut gestel vir die swak waarborg wat geïmpliseer word, naamlik slegs 'n ma kan haar kind in die eerste vyf jaar " meer as 90% leer van wat hy ooit in sy lewe sal leer" (5:61-73). Dié waarborg vra om verdere ondersteuning. Hierdie argument is dan ook te swak om as bewys te dien vir die stelling: "Die beroepsvrou faal dus reeds aan die begin van haar opvoedingstaak". Die bewys kan net die stelling ondersteun dat die eerste vyf jaar 'n kritieke tydperk in die ontwikkeling van 'n kind is. Sy sou moes bewys dat slegs die ma die kind hierin kan lei en dat die beroepsvrou daarin faal. Die ouderdom van

twee jaar is ook arbitrêr gekies, want 'n beroepsvrou keer nie noodwendig na haar werk toe terug wanneer 'n kind twee jaar oud is nie.

Die stelling dat "verwarring by 'n tweejarige ontstaan as hy in dagsorg geplaas word" (6:85-87), word nie genoegsaam bewys nie. Die implikasie word gelaat dat dit 'n soortgelyke ervaring is as die knip van die naelstring na geboorte (5:73-77). Afgesien daarvan dat geen bewyse aangevoer word vir die ervaring van 'n baba tydens die knip van die naelstring nie, is die geïmpliseerde waarborg dat die twee ervarings eenders is ongegrond. Die "naelstringargument" is buitendien irrelevant ten aansien van die proposisie.

Die argument wat die aanhaling van Sharon Goulds betrek, is onoortuigend (6:95-109). Die waarborg is swak aangesien Sharon Goulds se deskundigheid ten aansien van die beroepsvrou nie uitgespel is nie. Verder is dit ook te betwyfel of die uitspraak ten opsigte van alle Afrikaanse beroepsvroue geld. Dit blyk 'n haastige veralgemening te wees. Die geïmpliseerde waarborg is dat 'n vrou met só 'n rolverwagting nie haar plek in die opvoedingsgebeure kan vol staan nie. Die gevolgtrekking dat sy haar moet troos vir haar mislukking as moeder met haar toereikendheid in die arbeidsmark, is geensins geregverdig nie. Die belangrikste beswaar is dat hierdie argument wat klem lê op die beroepsvrou wat "haar plek so uitmuntend op ons land se ekonomiese front vol staan" (6:105-106) lynreg teenoor 'n vorige argument staan waar gesê is dat die beroepsvrou "onbevredigende resultate as moeder **en beroepsvrou**" lewer (5:55-58). Dit toon onlogiese denke.

Die kwessie oor die beroepsvrou se rol in die arbeidsmark en dat sy haar moet onttrek ten gunste van werklose broodwinners, is irrelevant (6:110-119). Indien die teenstander oortuigend bewys het hoe die beroepsvrou nie haar plek ten opsigte van die opvoeding van haar kinders kan vol staan nie, en dan die beroep gedoen het dat sy haar moet onttrek ter wille van die opvoeding van haar kinders, sou die argument relevant gewees het.

Die eerste teenstander voer meer argumente aan ter ondersteuning van haar standpunt as die eerste voorstander. Die argumente is egter om die genoemde redes swak. Veral die ongekwalifiseerdheid van die stellings doen afbreuk daaraan.

Evaluering: swak (3).

#### 5.1.1.3. Tweede voorstander

Die eerste argument is gebaseer op Spreuke 14:1 (7:21-25). Die foutiewe aanname word gemaak dat die beroepsvrou en die wyse vrou in die Bybel aan mekaar gelyk te stel is. Hier word geen waarborg vir so 'n aanname verskaf nie. Dit sou alleenlik kon slaag as die voorstander bewys het dat die wysheid en sorgsaamheid van die Bybelse vrou direk betrekking het op 'n vrou wat buitenshuis werk verrig. Die Bybelteks word hier buite konteks aangehaal en verleen geen ondersteuning aan die argument nie.

Swak redenering word geopenbaar in die volgende haastige veralgemening en aannames wat gemaak word (8:32-44). Byvoorbeeld: Die beroepsvrou werk nie vir luukses nie maar om as gesin saam vakansie te gaan hou. Met die vraag: "Hoeveel van die ander groepe kan dit bekostig?", word by implikasie aanvaar dat die nie-werkende ma se kind dit nie kan bekostig om aan kultuurbedrywighede en sport deel te neem nie. Indien bewys is dat die kinders van werkende ma's meer aan hierdie aktiwiteite deelneem, sou die spreker kon aanvoer dat die werkende moeder haar plek vol staan in die opvoedingsgebeure deur opvoedingsgeleenthede vir haar kind beskikbaar te stel wat andersins om finansiële redes buite sy bereik sou gewees het.

Die argument wat Steyn en Breed se navorsing betrek is irrelevant (8:46-65) (vgl. p. 148). Dit word ook nie direk aan die proposisie gekoppel om die waarheid daarvan te bewys nie. Die stelling dat kinders van beroepsvroue intelligenter is as dié van die huisvrou (8:63-65) is sterk te betwyfel. Die ongeldige kousale verwantskap blyk duidelik as die stelling tot sy absurde konsekwensies deurgetrek word: Intelligente kinders is die produk van ma's wat 'n beroep beoefen. Die genoegsame stimulering en ontwikkeling van die kind se intelligensie kon wel 'n geskilpunt in hierdie debat gewees het.

Die stelling dat die beroepsvrou "meer tuis (is) as die huisvrou wat aan verenigings en kursusse deelneem, want sy is verveeld by die huis" (8:66-70) is 'n growwe veralgemening sonder bewyse.

Die stelling dat die beroepvrou haar deel bydra tot gemeenskapsdienste deur byvoorbeeld geld vir kindersorg te gee, staan los van die res van die betoog en word nie met bewyse ondersteun nie.

Die stelling wat op die aanhaling uit *Die Transvaler* steun, slaag nie (9:76-82).

Dit is vaag en het geen betrekking op enige voorafgaande stelling nie. Die stelling dat dit "vir enige moeder onmoontlik is om haar kinders 24 uur per dag lief te hê" (9:74-76) is foutief. Dit is wel onmoontlik om aan 'n kind soveel aandag te gee, maar liefde is nie aan tyd, plek of die fisieke teenwoordigheid van die kind gebonde nie.

Die stelling dat " 'n kind geen skade berokken word indien 'n ma nog 'n uur of twee aan hom spandeer nie" (9:86-89), word deur die ondersoeke gestaaf. Die waarborg is egter nie oortuigend genoeg nie omdat baie min van die ondersoek bekend is om die betroubaarheid daarvan te kan bepaal. Om die standpunt van die voorstander verder te staaf moes hier nog 'n argument gestel gewees het wat bewys dat beroepsvroue wel twee uur per dag aan hulle kinders wy. Dan eers kon sy daarop aanspraak gemaak het dat die beroepsvrou haar plek vol staan.

Die hieropvolgende stellings bevat, soos vroeër, onbewese aannames dat kinders van nie-werkende ma's onselfstandig is omdat die ma te veel aandag aan hulle gee (9:90-102). Hierdie stelling rym nie met 'n vorige nie, waar gestel is dat die beroepsvrou meer tuis is as die huisvrou (8:68-70). Die beroepsvrou kan dus ook te veel aandag aan haar kinders bestee. Hierdie probleem is dus nie uniek aan die huisvrou gekoppel nie. Dit is verder 'n growwe veralgemening om te aanvaar dat die hulp wat ma's aan hulle kinders verleen noodwendig tot onselfstandigheid lei en verhoed dat die kind "sy eie ding op sy eie manier aanpak" (9:101-102).

Die stellings "as dit nie vir die beroepsvrou was nie, sou daar geen ontwikkeling gewees het in ons land nie", en "Suid-Afrika (het) nie slegs sy mannekrag nie, maar ook sy vrouekrag nodig" (9:103-108), is albei irrelevant ten opsigte van die debatspunt. Die eersgenoemde stelling is buitendien onwaar. Indien hierdie stelling gekwalifiseer was, naamlik "as dit nie vir die beroepsvrou was nie, sou daar *minder* ontwikkeling gewees het", sou dit aanvaarbaar gewees het. Die stelling bly egter nog steeds irrelevant.

Die argument "dat dit nie die kwantitatiewe maar die kwalitatiewe aandag is wat tel" (10:109-111) se waarborg is in die betroubaarheid en deskundigheid van A.A. Roux geleë. Dit is egter geensins verskaf nie en daarom is die stelling se oortuigingskrag verswak. Die argument is nie voldoende nie. Daar sou in 'n verdere argument bewys moes word dat die beroepsvrou wel kwalitatiewe aandag aan haar kinders gee.

Die oorkoepelende kritiek is dat die individuele argumente nie aan die proposisie gekoppel is nie. Telkens behoort daar aangedui te word hoe 'n argument as bewys dien om die waarskynlike waarheid van die proposisie te staaf.

Evaluering: swak (2).

**5.1.1.4. Tweede teenstander**

Die eerste argument, naamlik dat min vroue hulle plek vol staan omdat daar so min vroulike professore is (10:12-26), berus op 'n foutiewe waarborg: Slegs persone in topposte staan hulle plek vol. Die statistiek ondersteun wel die stelling dat daar "weinig vroue is wat hulle in topposte bevind" (10:14-15), maar die stelling ondersteun op sy beurt nie die daaropvolgende stelling nie, naamlik "dat daar 'n aansienlike persentasie vroue is wat nie hulle plek in die opvoedingsgebeure vol staan nie" (10:23-26). Verder word sonder bewyse aangeneem dat 'n vrou in 'n toppos noodwendig haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan. Hierdie argument is dus onoortuigend.

Die argument dat 'n kind in die eerste vyf jaar "van die warm en beskermende liefde van sy moeder" afhanklik is (11:27-36), is heel waarskynlik waar. 'n Verdere argument ontbreek wat moet bewys dat die beroepsvrou nie hiertoe in staat is nie om tot die slotsom te kom dat sy nie haar plek vol staan nie. Die argument is dus onvoldoende om die teenstander se standpunt te staaf. Hier vind ook 'n verskuiwing van die basis van 'n vorige argument plaas. By die eerste teenstander was die basis dit wat 'n kind "leer" (5:63-65) en hier is sprake van die kwesbaarheid en afhanklikheid van die kind. In die tweede helfte van die argument word egter weer teruggekeer na die belangrikheid van intellektuele stimulasie vir die kind se ontwikkeling. Dit is swak argumentering aangesien dit twee verskillende aspekte is wat afsonderlik bewys moet word. Stimulasie kan waarskynlik makliker deur 'n plaasvervanger voorsien word as "warm en beskermende liefde".

Die stelling dat die vrou die arbeidsmark betree met nadelige gevolge vir die huisgesin (11:37-40), word nie met bewyse gesteun nie.

Die redenering rondom die motiverings vir 'n vrou se beoefening van 'n beroep is irrelevant ten opsigte van die debatspunt (11:41-56). Dit maak nie saak wat die rede is waarom sy 'n beroep beoefen nie. Die vraag is of sy haar

plek in die opvoedingsgebeure vol staan!

Die drie voorbeelde wat as bewys dien van Conran se stelling, naamlik dat die beroepsvrou in haar beroep en tuis ongelukkig is, is oortuigend (11-12:52-73). Die slotstelling na aanleiding van die voorbeelde, naamlik dat daar "baie min tyd vir wesenlike opvoeding" oor is, rym egter nie met die inhoud van die voorbeelde nie. Die moeders kla nie oor die min tyd nie, maar maak net van hulle bekommernis melding. Mev. Malan verwys wel na die invloed van spanning op die kind se spysvertering. Hier ontbreek 'n verdere argument wat moet staaf hoe dié bekommernis en ongelukkigheid die oorsaak is dat sy nie haar plek in die opvoedingsgebeure kan vol staan nie. Die woorde: "om sodoende 'n *sukses* van haar beroep te maak" (12:70-71) impliseer dat die vrou, ten spyte van bekommernisse, wel haar plek ten opsigte van die opvoedingsgebeure in die skool kan vol staan. Die redenering toon dus 'n inkonsekwensie.

Die argument "dat kwalitatiewe en kwantitatiewe opvoeding hand aan hand loop", is onoortuigend (12:74-84). Geen bewyse word aangevoer nie en growwe veralgemenings word gemaak: Die beroepsvrou is so gestroop dat sy nie kwaliteit aandag kan gee nie, dat die aandag met frustrasie en geïrriteerdheid deurtrek is, en dat sodanige aandag 'n skuldbesef by die kind sal wek wat 'n verwydering tussen ma en kind sal bewerkstellig.

Wat presies met die argument wat op prof. J.L. van der Walt se aanhaling gebaseer is, gesê wil word, is myns insiens duister en onvolledig (12:85-92). 'n Sodanige argument, waarvan die sin en betekenis nie begryp word nie, word geïgnoreer.

Die argument wat impliseer dat homoseksuele en lesbiese gedrag die gevolg is van die beroepsvrou se afwesigheid tuis word geïgnoreer. Daar word geen bewyse vir dié stelling aangevoer nie (12-13:93-108). Daar bestaan geen waarborg dat daar 'n kousale verband tussen die beroepsvrou en genoemde fenomene bestaan nie; inteendeel, die algemene oortuiging is juis dat homoseksualiteit onder andere die moontlike gevolg is van 'n oorbeskermende moeder en 'n afwesige vader.

Die laaste argument bevat 'n drogredenasie wat op sogenaamde negatiewe bewyse gegrond is (13:109-123). Dit is nie bo enige twyfel seker of die "ma" 'n beroepsvrou is nie en of daar enige verband tussen haar sukses as ma en haar

beroepstatus is nie. By implikasie word die foutiewe waarborg aangeneem: Die afwesigheid van soortgelyke gedigte is 'n teken dat die beroepsvrou nie haar plek vol staan nie. Om gedigte te skryf is slegs vir enkeles beskore en dit kan nie as kriterium gebruik word om te bepaal of 'n beroepsvrou haar plek vol staan of nie. Die waarborg van die argument is onbetroubaar.

Evaluering: baie swak (2).

**5.1.2. Repliektoesprake**

**5.1.2.1. Eerste teenstander**

Soos onder analise en bewyse aangetoon, is die sogenaamde rebellie 'n irrelevante bewys om die stelling te steun dat die beroepsvrou nie haar plek vol staan nie (13-14:14-16). Die argument word dus geïgnoreer.

Dieselfde kritiek wat teen die eerste teenstander se argument met betrekking tot die min damesprofessore ingebring is, geld ook hier. Dit is 'n blote herhaling van dieselfde argument.

Die redenering betreffende die "rare uitsonderings" wat wel hulle plek vol staan, toon verskeie onbewese aannames (14:31- 45). Onder analise is reeds getoon dat die genoemde twee dames se beroepe in werklikheid nie met opvoedingsgebeure in verband staan nie. Die argument se waarborg is ook ongeldig; as daar van beroepsvroue wat welslae behaal 'n ophef gemaak word, is dit 'n teken dat hulle die uitsondering op die reël is. Verder word sonder bewyse aanvaar dat 'n bekommerde ma nie van haar beroep 'n sukses kan maak nie. Dit mag wel in sommige gevalle waar wees, maar hoef nie noodwendig ten aansien van alle beroepsvroue te geld nie.

Die belangrikste kritiek teen die tweede teenstander is die inkonsekwente redenering as gevolg van die swak analise. Volgens die konstruktiewe toespraak vind opvoedingsgebeure ook in die arbeidsmark en in die onderwys plaas (3:4-7), maar volgens die stellings in die repliektoespraak is dit nie die geval nie. Die teenstanders is veronderstel om te bewys dat die beroepsvrou in die genoemde beroepe nie haar plek vol staan nie. Tog sê sy by monde van 'n sakeman: "My best men are women" (14:46-48) en "Die Afrikanerberoepsvrou is miskien 'n sukses in haar beroep, maar in die opvoedingsgebeure faal sy jammerlik" (15:56-57). Waarom Reeva Forman en

June Kritzinger, wat ook sakevroue is, as suksesvolle *uitsonderings* beskou word, om later te noem dat die sakeman se uitspraak oor die welslae van beroepsvroue (sakevroue) "al so waar bewys is in verband met die Afrikanerberoepsvrou", is onduidelik en toon 'n verdere inkonsekwensie.

Die argument dat 'n beroepsvrou nie haar plek kan vol staan nie omdat sy 'n sukses van haar beroep maak, berus op 'n vals en onbewese waarborg, naamlik dat 'n vrou wat 'n sukses in haar beroep maak kan nie ook haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan nie (14:46-52). Ter ondersteuning van die waarborg sou verdere voorbeelde of statistiek aangevoer moes word wat staaf dat suksesvolle beroepsvroue nie ook hulle plek ten opsigte van hulle kinders se opvoeding kan vol staan nie.

Die stelling dat die beroepsvrou nie haar plek kan vol staan nie aangesien sy nie "drie beroepe met sukses kan beoefen" nie (14:52-55), bring 'n nuwe losstaande argument ter sprake wat geensins voorheen genoem is nie. Hier word ook sonder bewyse aanvaar dat die beroepsvrou se rol as moeder en eggenote as "beroepe" gereken moet word.

Evaluering: baie swak (1).

**5.1.2.2. Eerste voorstander**

Die argument dat 'n baba wat drie maande oud is sonder sy ma kan klaarkom (15:18-20), en dat die moeder gelukkig kan wees omdat haar kinders goed versorg is (15:20-23), is per definisie geen bewys dat sy haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan nie. Met verdere bewyse of kousale redenering moes sy getoon het hoe geluk een van die voorwaardes is vir 'n beroepsvrou om haar plek vol te staan. Hier word verder sonder bewyse aanvaar dat haar kinders deurgaans "goed versorg is".

Die argument wat op senator Kennedy se woorde gegrond is, is irrelevant met betrekking tot die debatspunt (15:24-28). Dieselfde geld ten opsigte van die aanhaling uit die Bybelkorboek (16:36-38). Hierdie aanhaling bewys nie die waarskynlike waarheid van die proposisie nie, want dit het nie slegs op die beroepsvrou betrekking nie; asof slegs 'n beroepsvrou "saam met Jesus stap".

Die argument wat die voorbeeld van mej. Venter betrek is onoortuigend; een voorbeeld kan nie op alle beroepsvroue van toepassing gemaak word nie

(15:29-32). Deur alleenlik 'n skoolhoof se naam te noem, impliseer sy dat slegs 'n skoolhoof haar plek kan vol staan, en nie ook 'n gewone onderwyseres nie.

Die stelling met betrekking tot die kerklewe is onvolledig en niksseggend (16:33-35).

Bogenoemde bespreking toon die voorstander se onvermoë om te redeneer.

Evaluering: baie swak (1).

**5.1.2.3. Tweede teenstander**

In sy aanval op die voorstander maak die teenstander 'n foutiewe onderskeid tussen 'n Christenmoeder en 'n beroepsvrou, asof 'n beroepsvrou nie ook 'n Christenmoeder kan wees nie (16:1-4). Blykbaar het die teenstander in die spanning van die oomblik nie besef wat sy woorde impliseer nie.

In die argument betreffende die massa-aandag by kleuterskole (16:9-16), word sonder bewyse aanvaar dat daar 30 kinders per onderwyseres is, en dat 'n onderwyseres nie in staat is om liefde aan dié kinders te gee nie. Die argument sou veel sterker gestaan het as die teenstander hom op 'n deskundige uitspraak kon beroep wat staaf dat alleenlik 'n ma se liefde vir die kleuter voldoende is en dat die onderwyseres nie aan hierdie eis kan voldoen nie. Dan kon die teenstander tot die slotsom gekom het dat die beroepsvrou ten opsigte van haar kleuter se behoefte aan moederliefde nie haar plek vol staan nie.

Die gevolgtrekking wat na aanleiding van Conran se uitspraak gemaak is, is onlogies (16-17:20-27). Die bewys bied moontlikhede vir 'n sterk argument, maar die denksprong is foutief omdat kinders van verskillende ouderdomme in die bewys (skoolgaande kinders) en in die gevolgtrekking (voorskoolse kinders) ter sprake is.

Soos onder analise bespreek, is pleegsorg as nuwe argument in 'n repliektoespraak nie toelaatbaar nie (17:28-37). Dit is buitendien ook irrelevant.

In die daaropvolgende stellings (17:38-48) word verskeie onbewese aannames gemaak, naamlik dat die onderwyseres op skool vir die liefde van 'n

ma moet instaan; dat 'n beroepsvrou slegs twee uur per dag tot haar beskikking het om aandag aan haar kinders te bestee en vrou vir haar man te wees; en dat opvoeding slegs in die genoemde twee uur per dag plus 'n vakansie van drie weke kan geskied. Die feit dat die meeste beroepsvroue nie naweke werk nie, dat veral onderwyseresse vier vakansies per jaar het en dat sekere beroepsvroue halfdagposte beklee en smiddae tuis is, word totaal buite rekening gelaat. Ten aansien van dié beroepsvroue moes 'n voorbehoud gestel gewees het, dit wil sê die stelling moes lees: "Die beroepsvrou kan nie kinders grootmaak, opvoed en vrou wees in slegs twee ure nie, tensy sy 'n onderwyseres is of 'n halfdagpos beklee wat haar wel die tyd gee om aan bogenoemde eise te voldoen".

Die foutiewe waarborg in die argument wat die Russe se bevindinge betrek, is dat slegs 'n nie-werkende ma en nie 'n kleuterskooljuffrou of 'n dagsorgsentrum 'n gestimuleerde omgewing kan verskaf nie. Dit is 'n onbewese aanname.

Evaluering: baie swak (2).

**5.1.2.4. Tweede voorstander**

In hierdie toespraak word stellings gemaak wat nie by vorige argumente aansluit nie en/of nie aan die standpunt van die voorstanders gekoppel is nie.

Aangesien slegs skoolhoofde as voorbeelde genoem word (18:16-21), toon dit weer eens die foutiewe redenasie, naamlik dat slegs hoofde van skole hulle plek vol staan.

Die stelling dat die haglike ekonomiese toestand die rede is waarom die vrou werk, is irrelevant (18:22-25).

Nie een van die baie stellings wat in (18:26-36) gemaak word, word gebruik as bewyse om die waarskynlike waarheid van die proposisie te staaf nie. Dat die "opvoeding van 'n kind 'n primêre taak en funksie van die gesin is, wat bygestaan word deur sy kerk en skool", bewys nie dat die beroepsvrou haar plek vol staan nie. Soos vroeër genoem, ontbreek 'n bewys wat sal staaf dat die beroepsvrou wel twee uur per dag aan haar kinders bestee.

Die versweë waarborg in die argument waar Elvis Presley as voorbeeld

gebruik word, is foutief: As Elvis Presley so afhanklik van sy ma geword het sal dit ook met alle nie-werkende ma's se kinders die geval wees. Dit is 'n haastige veralgemening (18-19:37-42).

Die argument dat huisvroue ook aan stres ly, is wel oortuigend (19:47-56), maar dit word nie gebruik om die standpunt van die voorstanders te versterk of dié van die teenstanders te verswak nie. Die voorstander kon gestel het dat hierdie bewyse aantoon dat die huisvrou nie noodwendig haar plek vol staan omdat sy nie werk nie, wat die stelling van die teenstanders opponeer en hulle standpunt verswak. Die argument van die teenstanders dat die beroepsvrou onder spanning verkeer en nie haar plek kan vol staan nie, geld dus ook ten opsigte van die huisvrou, en dus is die beroepsvrou nie noodwendig minder in staat om haar plek vol te staan nie.

Die slotstelling wat so absoluut en ongekwalifiseerd gestel is doen afbreuk aan die span se betoog. Die span kan miskien slaag om te bewys dat die beroepsvrou waarskynlik haar plek vol staan, maar beslis nie dat sy dit "dubbeld en dwars, 24 uur per dag, vol staan" nie (19:61-63). Hier weerspreek sy haarself, want vroeër het sy gesê "die ideale moeder is soos die ideale huwelik, net 'n verdigsel" (10:113-114).

Evaluering: baie swak (1).

## 5.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING (85 H 1)

### 5.2.1. Konstruktiewe toesprake

#### 5.2.1.1. Eerste voorstander

Die redenering is reeds deels onder analise bespreek omdat dié twee aspekte in hierdie span se benadering hand aan hand loop. Die kern van die redenering word volledigheidshalwe hier weer gestel.

In die argumentering rondom die stelling "dat ons lewens- en wêreldbeskouing ons houding met betrekking tot die debatspunt radikaal beïnvloed" (21:57-60), bly dit duister hoe en in watter mate die beïnvloeding geskied. Weens 'n gebrek aan besonderhede word dit nie 'n argument wat die standpunt van die voorstanders ondersteun nie.

Die volgende kettingredenasie word in die betoog aangetref:

> Die kern van die welvaart en vooruitgang is die moderne demokrasie (22:73-76), omdat
>
> "gesag en vryheid in hulle aanvullende wisselspel die botoon voer" (21:67-69; 22:71-73), omdat
>
> die beginsel van soewereiniteit in eie kring in 'n demokrasie geld (22:71-73), omdat
>
> die moderne demokrasie 'n Calvinisties-filosofiese kyk op die werklikheid het (21:69-70).

Aangesien die een stelling as bewys van die volgende stelling moet dien, is kettingredenasie so sterk soos sy swakste skakel. Daar is veral twee swak skakels in die redenasie. Daar is geen bewyse wat staaf dat alle moderne demokrasieë 'n Calvinistiese kyk op die werklikheid het nie. Dit alleen laat die redenasieketting inmekaar stort. Daar is ook geen direkte bewyse of 'n versweë waarborg dat die soewereiniteitsbeginsel en die sogenaamde balans tussen gesag en vryheid die noodwendige oorsaak van welvaart en vooruitgang is nie.

Evaluering: baie swak (1).

**5.2.1.2. Eerste teenstander**

Die redenasiefoute in hierdie toespraak is meestal die gevolg van 'n foutiewe analise.

Die bewering dat demokrasie aan die "vroegste staatsvorm se behoeftes beantwoord het" (23:11-14), weerspreek die uitspraak van Aristoteles in die aanhaling (22-23:2-7). Volgens hom het demokrasie toe ook nie aan die sogenaamde behoeftes voldoen nie.

Die kernargument van die teenstanders, wat in verskillende variasies voorkom, is naamlik dat demokrasie vandag uit pas met ontwikkeling is omdat demokrasie nie meer volgens sy oorspronklike vorm beoefen word nie (23:13-18). Dit is 'n drogredenasie met 'n foutiewe waarborg: Variasie of

aanpassing van die oorspronklike (Griekse) demokrasie - wat nie duidelik omskryf is nie - is 'n teken dat demokrasie uit pas met ontwikkeling is. Die ironie is dat ontwikkeling die teenpool van stagnasie is en juis op aanpassing en verandering dui. 'n Groot deel van die teenstander se betoog (23-24:16-74) word daaraan gewy om te bewys dat die huidige demokrasieë nie ooreenstem met die oorspronklike demokrasie of volgens die "letter van die wet" geskied nie. Dit is irrelevant omdat die teenstander moet bewys dat demokrasie, in watter gevarieerde vorm ook al, waarskynlik nie die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing is nie.

Die argument dat demokrasie op sportgebied taan omdat net een of twee onderwysers en 'n klompie keurders onderskeidelik sportspanne kies (24:75-86), berus op 'n foutiewe waarborg: As nie alle betrokkenes en belanghebbendes 'n sportspan kies nie, is dit 'n teken dat daar ondemokraties gehandel word. Die kwessie lê nie in die groepie keurders wat 'n span kies nie, maar of die keurders vooraf deur die belanghebbendes demokraties aangewys is en of die keurders op diktatoriale wyse deur iemand of hulleself aangestel is. Die wyse waarop die aanstelling geskied, bepaal of die beginsel demokraties of outokraties is. Die gebruik van die term demokrasie in hierdie verband is ook uit pas met die proposisie wat duidelik verwys na demokrasie as 'n regeringsvorm en nie as 'n wyse van funksionering op die een of ander terrein nie. Dit word ook nie met welvaart en vooruitgang in verband gebring nie.

Die waarborg van die argument dat "'n vorm van onderdrukking duidelik blyk" (25:87-89), berus op tekenredenering, naamlik dat opstande 'n teken is dat onderdrukking voorkom. Hoewel dit moontlik is, gaan opstande nie noodwendig net met onderdrukking gepaard nie. Opstande kan ook voorkom onder mense wat nie onderdruk word nie, maar bloot hulle ontevredenheid oor een of ander aspek/beleid te kenne wil gee. Die argument is egter irrelevant met betrekking tot die punt onder dispuut.

Evaluering: baie swak (0).

**5.2.1.3. Tweede voorstander**

Die stelling dat die "Calvinistiese Reformasie daartoe gelei (het) dat die ganse werklikheid, dus ook die staat, onderhewig is aan die Wil van God" (25:6-10), is foutief. Almal en alles was van die begin af aan God se Wil onderhewig. Tydens die Reformasie is hierdie Christelike waarheid erken en

verwoord. Die Reformasie is dus nie die oorsaak daarvan nie. Hierdie stelling is foutief uit Du Plessis oorgeneem:

> "Die ganse werklikheid is onderhewig aan die Wil van God en vind daarin alleen sy eenheid. Daarom bestaan dit ook alleen as openbaring van God en is dit ook alleen uit die openbaring kenbaar, die woord-openbaring in die Heilige Skrif en die daad-openbaring in die skepping en onderhouding en herskepping van alle dinge in Christus" (Du Plessis, 1941:65).

Die stelling dat "alle Westerse lande wat deur die Calvinisme beïnvloed is" se demokratiese struktuur 'n direkte resultaat van Kuyper se staatsteorieë is (25:11-18), is 'n aanname wat betwyfel kan word en met verdere bewyse ondersteun moet word. Die voorstanders se inligtingsbron, naamlik Du Plessis, stel self dat die liberalisme ook 'n invloed op die demokrasie uitgeoefen het (vgl. Du Plessis, 1941:19).

Die derde hoofpunt bied 'n gevarieerde herhaling van die kernargument van die eerste voorstander. Dieselfde kritiek wat daar gestel is, geld ook hier (vgl. 21-22:61-76 met 26:42-54). Die tweede stelling van die derde hoofpunt (26:55-60) weerspreek die basis waarop die voorstanders se hele betoog gebou is. Dit is volledig onder analise gekritiseer, omdat dit 'n redenasiefout is wat met swak analise verband hou (vgl. p. 100).

In die vrae wat aan die teenstanders gerig is (27:75-85), word die volgende onbewese aannames gemaak: Die koppeling van die Calvinistiese staatsteorie met die demokrasie het noodwendig tot voorspoed en welvaart gelei en die welvaart en vooruitgang het sy oorsprong in 'n gesonde, demokratiese staatsideaal.

Evaluering: baie swak (1).

### 5.2.1.4. Tweede teenstander

Die "kubusblokargument" se redenering betrek 'n figuurlike analogie (27:11-19): 'n Kubusblok bly 'n kubusblok al word hy gedraai en geskommel. Net so is demokrasie; dit bly demokrasie al word daaraan gewysig en verander. In werklikheid staan dié analogie lynreg teenoor die teenstanders se standpunt, naamlik as daar aan die oorspronklike vorm van demokrasie

verander word, is dit nie meer demokrasie nie. Die argument verswak die teenstanders se eie standpunt.

Die stellings wat in (28:30-40) gemaak word, is irrelevant en bly net 'n persoonlike mening, omdat dit nie met bewyse in die vorm van voorbeelde gestaaf is nie.

Die stellings wat daarop neerkom dat Suid-Afrika tegelyk 'n kapitalistiese en 'n outokratiese staat is (28-29:47-69), is ten eerste irrelevant ten aansien van die debatspunt. Ten tweede word onbewese stellings gemaak. Ten derde word die begrip kapitalisme nie deurgaans korrek gebruik nie, en ten vierde word stellings gemaak wat onwaar is, byvoorbeeld dat slegs 30% van die inwoners stemreg het en dat die pers 'n staatsbeheerde instansie is. Hoewel die tweede teenstander Suid-Afrika nie as 'n demokatiese staat beskou nie, word die teenoorgestelde aangeneem in die stelling "deurdat **ons demokrasie** op hulle afgedwing word" (29:66-67). Wat hy presies met die afdwing van ons demokrasie op die Swart volke bedoel, word nie duidelik omskryf nie.

Die argument wat op die kultuur betrekking het, is ook irrelevant. Buitendien word geen voorbeelde as bewyse gegee hoe die Afrikanerorganisasies demokrasie verdring deur die Afrikaner polities "voorop te stel" nie (29:70-75).

In die voorlaaste paragraaf kom die inkonsekwente redenering, wat in die verwysing na die kubusblok geblyk het, verder na vore. Aan die begin van die toespraak word gesê dat welvaart en vooruitgang sou voorkom "as demokrasie korrek toegepas was" (27:8-10), terwyl hier (29:76-78) gesê word dat "ware demokrasie nie die kern van welvaart en vooruitgang" is nie. Met ware demokrasie word heel waarskynlik dieselfde as korrek toegepaste demokrasie bedoel. Inkonsekwensie blyk ook as die armoede van die Weste (29:82-84) geïllustreer word deur na die Afrikalande te verwys. Baie van die Afrikalande word per definisie van die eerste teenstander nie onder die Westerse beskawing gereken nie (24:51-53). Afgesien daarvan dat die verwysing na die Afrikalande irrelevant is, word die oorsaak van die armoede oorvereenvoudig deur dit slegs aan 'n politieke stelsel te wyt. Faktore soos die langdurige droogte, oorbevolking en onkunde word buite rekening gelaat.

Evaluering: baie swak (0).

### 5.2.2. Repliektoesprake

#### 5.2.2.1. Eerste teenstander

In die retoriese vraag: "Hoe kan daar welvaart wees as die huidige ekonomie 'n resessie ondervind?" (30:5-6), word 'n aanname gemaak wat op 'n swak waarborg berus, naamlik dat 'n resessie 'n teken is dat welvaart nie kan voorkom nie. Daar is nie 'n genoegsame waarborg dat 'n resessie wat meestal 'n sporadiese verskynsel is alle welvaart uitkanselleer nie, net soos 'n normaalweg gesonde persoon wat griep het nie as permanent sieklik bestempel kan word nie.

Die sogenaamde "logiese gevolgtrekking" (30:10-12) is nie so logies nie, aangesien daar in die voorafgaande beskrywing van welvaart nie van enige sedelike aspek melding gemaak is nie. Welvaart is slegs aan ekonomiese voorspoed en gesondheid gekoppel. Dit is dus geen gevolgtrekking nie, maar 'n nuwe argument wat nie in 'n repliektoespraak toelaatbaar is nie. Die teenstander moes die omvang van prostitusie uitgespel het om die veralgemening dat daar " 'n redelike verval in ons sedes was" (30:13-14), te regverdig. Die onvolledigheid en die enkele voorbeeld is nie genoegsaam om dié stelling te waarborg nie. Die teenstander moes ook ander voorbeelde van sedelike verval genoem het om die argument oortuigend te steun.

Die argument rondom konstitusionalisme is irrelevant en die sogenaamde gevolgtrekking (30:23-26) volg nie logies op die voorafgaande stelling nie, naamlik "waar daar 'n beperking op 'n regering se handelinge is, kan demokrasie nie onbeperk geld nie" (30:21-23). Die volgende vrae kan gevra word: Is onbeperkte mag aan 'n regering nie juis die teenpool van demokrasie nie? Impliseer beperkings op die regering se handelinge noodwendig dat die regering nie demokraties is nie? Die sogenaamde bewys is te vaag en onduidelik, terwyl 'n waarborg ontbreek om die gevolgtrekking te regverdig. By implikasie word gesê dat indien daar nie beperkings op 'n regering se handelinge was nie - wat dit ook al mag beteken - sou demokrasie die kern van welvaart en vooruitgang gewees het.

Die slotstelling (30:27-32) is weer eens irrelevant met betrekking tot die debatspunt.

Evaluering: baie swak (0).

**5.2.2.2. Eerste voorstander**

Die stelling dat die Calvinisme die oorsaak was van regeringsvorme waarin die genoemde gesonde beginsels op internasionale gebied te bespeur is (31:3-11), is sonder bewyse en ook sterk te betwyfel. Hierdie stelling is foutiewelik uit Du Plessis (1941:19) oorgeneem. Volgens Du Plessis is die oorsaak nie die Calvinisme as sodanig nie, maar "die konstitusionele wetsvorm van die sogenaamde regstaat: die volkswil is juridies vasgelê en afgebaken" (1941:19).

Die enigste positiewe punt is die redenering na aanleiding van die teenstanders se "kubusblokargument". Die voorstander ontmasker die swak redenering van die teenstanders (31-32:30-36).

Die stelling dat welvaart en vooruitgang "noodwendig gevolg het uit 'n gesonde moderne demokratiese staatsideaal" (32:45- 49), word sonder bewyse aanvaar. Die waarborg wat hier geïmpliseer word, is die volgende: As die beginsel gesond is (32:35-36 en 32:44) sal welvaart en vooruitgang volg. Dit rym nie met die tweede voorstander se stelling nie, naamlik dat chaos wel kan voorkom, ten spyte van 'n gesonde beginsel. Die foutiewe redenasie kan geïllustreer word deur dit byvoorbeeld op die huwelik toe te pas: Die huwelik berus op 'n suiwer beginsel, want dit is deur God ingestel; daarom sal voorspoed en harmonie in alle huwelike noodwendig volg!

Evaluering: swak (2).

**5.2.2.3. Tweede teenstander**

Die argument dat Suid-Afrika en Spanje die tweede mees outokratiese state in die wêreld is, word wel deur die bewys ondersteun (32:6-14). Die waarborg is egter minder oortuigend aangesien die Amerikaners moontlik subjektief in hulle beoordeling is. Dié "feit" bewys egter nie dat demokrasie nie die kern van welvaart en vooruitgang in die Weste is nie, al sou Spanje en Suid-Afrika dan uitgesluit word. 'n Foutiewe veralgemening word gemaak as die 30% stemgeregtigdes in Suid-Afrika as bewys gebruik word vir die stelling dat die demokrasie in Westerse lande nie reg toegepas word nie. Die situasie in Suid-Afrika word verkeerdelik op alle Westerse lande van toepassing gemaak.

Afgesien daarvan dat die kwessie van stemreg en die regte van Swart volke irrelevant is, is die beredeneringe op halwe waarhede en 'n eensydige siening gegrond (32:10-17). Die stelling dat daar geen verteenwoordiging vir die meerderheidsgroep is nie (32:11-14) is wel waar as slegs na die Blanke parlement gekyk word, maar is nie waar as na die regerings van die onafhanklike en selfregerende state, asook na die Huise van Afgevaardigdes en Verteenwoordigers gekyk word nie. Die absoluutheid waarmee die stelling gemaak word, naamlik "**geen** verteenwoordiging" en "**geen** stemreg nie, **geen** vergaderingvryheid en vryheid van spraak en persvryheid **nie**" (32:12-17), bring die waarheid daarvan in gedrang. Tydens die noodtoestand is daar net in sekere gebiede en op bepaalde vergaderings 'n verbod geplaas. Verder geld die beperkte persvryheid ten opsigte van alle media en nie net ten opsigte van die Swart pers nie. Die tweede teenstander oorvereenvoudig en veralgemeen te maklik.

In die stelling dat die teenstanders teen demokrasie gekant is omdat dit nie meer die ware demokrasie van die Griekse stelsel is nie, is die versweë waarborg dat slegs die oorspronklike vorm welvaart en vooruitgang tot gevolg sou hê (33:27-30). Dit word aangevoer ten spyte daarvan dat Aristoteles dit ook nie bevredigend gevind het nie. Indien die teenstanders kon bewys dat daar binne die oorspronklike vorm welvaart en vooruitgang bestaan het en dat dit verdwyn het toe daar aan die vorm gewysig is, kon dit steun aan 'n sodanige standpunt verleen het.

Met die slotopmerking trek die teenstander 'n streep deur hulle hele betoog. Volgens die slot (33:33-36) is nòg ware demokrasie, dit wil sê die Griekse toepassing daarvan, nòg vandag se variasie daarvan, die kern van welvaart en vooruitgang. Vroeër is egter gestel (27:7-10; 29:84-86) dat die Weste wel welvaart en vooruitgang sou geniet het as die demokrasie korrek toegepas was. Hy toon 'n gebrek aan konsekwente redenering.

Evaluering: baie swak (0).

**5.2.2.4. Tweede voorstander**

Die stelling dat die teenstanders die kar voor die perde gespan het (33:10-11), betrek 'n figuurlike analogie. Die voorstander bly egter in gebreke om presies aan te dui wat hiermee bedoel word. Die motivering wat hierop volg, het geen verband met die genoemde stelling nie. Dit is ook verkeerd om "wel en

wee" direk aan "welvaart en vooruitgang" gelyk te stel (33:11-14). Laasgenoemde twee fenomene is voorbeelde van die "wel", maar die "wee" word gerieflikheidshalwe verswyg. Geen bewyse of waarborg word verskaf wat staaf dat slegs die staat, en nie ook die volk nie, vir die sogenaamde wel en wee verantwoordelik is nie. Die ironie is dat dit by uitstek in 'n outokrasie die geval is, naamlik dat die staat die primêre bepaler is van die volk se sogenaamde wel en wee.

Die stelling met betrekking tot die wyse waarop 'n demokratiese staat sy gesag uitoefen, (33-34:15-19) is foutief, omdat die sogenaamde drie maniere waarop dit geskied onwaar is (vgl. p. 161).

Die redenering in (34:20-30) toon 'n sprong van bewyse na gevolgtrekking wat nie gewaarborg is nie:

**Bewyse:** Opponent se bewering dat demokrasie nie die kern van welvaart en vooruitgang is nie.
**Gevolgtrekking:** Die opponente negeer die geskiedkundige wording van demokrasie en die gesonde grondslag van volkeregte, federasies, ens.
**Waarborg:** Daar is 'n noodwendig kousale verband tussen welvaart en vooruitgang en die geskiedkundige wording van demokrasie, asook die gesonde grondslae van die genoemde fenomene.

Hier ontbreek verdere bewyse om die waarborg, wat bloot aanvaar word, te ondersteun. Die ontkenning van die teenstanders beteken nie per se dat hulle genoemde fenomene ontken of negeer nie.

Die slotstelling (34:38-41) bevat weer eens 'n stelling sonder die nodige bewyse. Dit is die belangrikste fout in die voorstanders se redenasie; hulle aanvaar dit wat hulle moet bewys!

Evaluering: baie swak (1).

## 5.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1)

### 5.3.1. Konstruktiewe toesprake

#### 5.3.1.1. Eerste voorstander

Die eerste geïmpliseerde stelling van die voorstander kan sterk betwyfel word, naamlik dat die regering se optrede "tot 'n groot hoogte" (38:9-12) deur die media bepaal word: Die media bepaal die gevoelens van die bevolking wat op sy beurt weer die optrede van die regering bepaal. Om te oortuig moes sy die stelling met konkrete voorbeelde ondersteun het. Dit is wel positief dat die stellings gekwalifiseer is, naamlik "tot 'n sekere hoogte" en "tot 'n groot hoogte" (38:10 en 12).

Al die stellings wat in die tweede paragraaf gemaak is (38:22- 31) sou veel sterker oortuig het as dit wel met voorbeelde ondersteun was.

In die argument met betrekking tot mev. Margaret Thatcher se dilemma (39:46-53) word by implikasie aanvaar dat sanksies nie 'n werklikheid sal word nie, omdat ander lande, net soos Engeland, probleme van hulle eie het en daarom hoef ons nie perspektief te verloor nie. Engeland se situasie kan nie noodwendig ten opsigte van ander lande veralgemeen word nie en die waarheid is dat ander lande wel sanksies teen Suid-Afrika toepas. Die waarborg is foutief: Omdat ander lande probleme van hulle eie het hoef ons nooit perspektief te verloor nie. Indien die voorstander voorbeelde kon noem van lande wat eksplisiet gesê het dat hulle sanksies gaan toepas, maar uiteindelik as gevolg van interne probleme dit wel nie tot uitvoering gebring het nie, sou sy met oortuiging kon stel dat Suid-Afrika nie as gevolg van dreigemente perspektief hoef te verloor nie.

Die kernprobleem, wat ook onder analise aangetoon is, is dat die voorstander dit as 'n feit aanvaar dat Suid-Afrika oormatig reageer en sy debatteer die redes vir Suid-Afrika se oormatige reaksie. Al sou die verdere redenering korrek wees, is dit irrelevant ten aansien van die debatspunt.

Die argument wat om die "slepende onrustoestand" gebou is (39:64-73), sou baie oortuigend gewees het as die verwysing na min. Pik Botha waar was:

**Bewyse:** Die slepende onrustoestand.
**Stelling:** Suid-Afrika se vrees om onrus te beëindig is oordrewe.
**Waarborg:** Die passiwiteit van die regering is 'n teken dat die buitelandse reaksie gevrees word.
**Ondersteuning:** Min. Pik Botha het aan Ted Copple erken dat Suid-Afrika,

uit vrees vir die buitelandse reaksie, te bang is om op te tree.

Die sogenaamde passiwiteit is nie noodwendig slegs 'n teken van vrees vir die buiteland nie. Ander kousale faktore kon ook 'n rol gespeel het.

In hierdie toespraak word slegs die een bogenoemde argument, waarvan die ondersteunende bewys nie korrek weergegee is nie, aangevoer om die proposisie as waarskynlik waar te bewys.

Evaluering: swak (3).

**5.3.1.2. Eerste teenstander**

Die eerste teenstander begin met 'n figuurlike analogie (40:1- 6): Net soos 'n mens kan 'n staat (Suid-Afrika) weens die verweefdheid met die wêreldgeheel nie op sy eie bestaan nie. Aangesien dit geredelik aanvaar word dat state interafhanklik is, is die analogie bevredigend. Hierdie interafhanklikheid word ook later in die tweede teenstander se toespraak met konkrete bewyse ondersteun. Indien die stelling van 'n meer kontroversiële aard was, sou 'n figuurlike analogie nie genoeg oortuigingskrag gehad het nie.

Die interpretasie van **Suid-Afrika** word oortuigend gewaarborg deur die bekendheid en deskundigheid van prof. Marinus Wiechers, en daar kan geen kritiek hierteen ingebring word nie.

Die eerste teenstander voer as't ware een hoofargument aan wat deur twee subargumente gesteun word; wat op hulle beurt met bewyse gestaaf word:

**Hoofargument:** Suid-Afrika voldoen nie aan een van die twee vereistes vir 'n oormatige reaksie nie (42:95-97). Die vereistes is vervat in die kriteria, naamlik Suid-Afrika sal oormatig reageer indien hy tot sy eie nadeel òf te min òf te veel op die wêreldmening reageer (41:57-63).

**Eerste subargument:** Suid-Afrika steur hom nie te min aan sy Westerse bondgenote nie (42:79-82). Die argument word deur mnr. Barend Du Plessis se uitspraak ondersteun en met verdere voorbeelde bewys (42:70-78). Hierdie argument is oortuigend, maar sou nog sterker gestaan het as daar eksplisiet gesê is wat die raad was en hoe dit geïmplimenteer is.

**Tweede subargument**: Suid-Afrika steur hom nie te veel aan die vyandiggesinde wêreldmening nie (42:82-84). Dit word met twee bewyse gestaaf. Die voortgesette veldtog teen Suid-Afrika word as bewys gesien dat Suid-Afrika nog nie aan diegene se eise toegegee het nie (42:84-89). Die waarborg is daarin geleë dat as Suid-Afrika op al die eise aan hom gestel positief gereageer het, sal daar nie meer so "uitermatig teen Suid-Afrika opgetree" word nie. Die tweede bewys is die aanvalle op ANC-basisse. Die waarborg is ook oortuigend: Om ANC-basisse aan te val ten spyte van buitelandse kritiek, is 'n teken dat Suid-Afrika hom nie te veel aan die wêreldmening steur nie.

Die vaardigheid in die redenering word ook getoon in die kwalifisering van die stellings, naamlik "nie te min" en "nie te veel" nie (42:81-84). Die kwalifisering is bevredigend omdat die stellings nie absoluut bewys kan word nie.

Die twee subargumente dien as bewyse vir die standpunt van die teenstander wat in die slotparagraaf verwoord word (42:99-101). Die kwalifisering "hoegenaamd nie" is egter te sterk gestel vir die bewyse wat aangevoer is. Suid-Afrika reageer bo **redelike twyfel** nie oormatig op die wêreldmening nie, sou aanvaarbaarder gewees het.

Evaluering: baie goed (8).

**5.3.1.3. Tweede voorstander**

Die argument dat Suid-Afrika oormatig reageer word in die eerste plek deur drie voorbeelde ondersteun. Die ondersteuning is egter onoortuigend omdat die eerste bewys 'n hipoteticse illustrasie is (43:7-30), wat baie min, indien enige, rasionele oortuigingskrag het (vgl. Ziegelmueller & Dause, 1975:99; Derryberry, 1982a:150). Die ander twee voorbeelde van die reaksie op mnr. Macmillan en die Lusakamanifes (43-44:36-45) is te verouderd om 'n gehoor te oortuig dat Suid-Afrika in 1986 oormatig reageer. Sedertdien het soveel veranderinge plaasgevind dat die reaksie van 25 jaar gelede kwalik as voorbeelde vir die huidige kan dien. Die argument is swak omdat die bewyse swak is. Hier word Eisenberg & Ilardo (1980:2) se uitspraak bevestig, naamlik dat die kwaliteit van die bewyse die "sterkte" van die argument bepaal.

Die stelling "oorreaksie lei tot teenreaksie en bou sy eie momentum op" (43:32-33), bevat verskillende foute. Weer eens word 'n oormatige reaksie

aanvaar terwyl die voorstander dit eers moes bewys het. Verder word ook sonder bewyse aanvaar dat die binnelandse reaksies van sekere groepe noodwendig 'n teenreaksie is, na aanleiding van die sogenaamde oorreaksie op die wêreldmening. Die een fout lei tot 'n verdere fout: Oormatige reaksie word aanvaar en die gevolge van 'n sodanige reaksie word gedebatteer, wat nie die debatspunt is nie.

Die stelling dat " 'n ieder en 'n elk op al wat 'n buitelandse uitlating is" reageer (44:47-49), slaag nie omdat die bewyse irrelevant is met betrekking tot die stelling. Alvorens nie deur middel van bewyse of kousale redenering gestaaf is dat die linkse en regse reaksie (44:54-64), asook die emigrasie (44:65-70), 'n direkte reaksie op die buitelandse mening is nie, is die argument ongegrond (vgl. p. 106). 'n Waarborg met ondersteunende bewyse ontbreek wat sal toon dat die genoemde reaksies 'n direkte gevolg van die wêreldmening is en nie as gevolg van binnelandse verwikkelinge nie. Die argument word verder verswak omdat dit so absoluut gestel is. Die bewyse regverdig geensins so 'n ongekwalifiseerde stelling nie, naamlik "'n ieder en 'n elk". Verder word gestel dat "die res wat nog kophou" oorsee vlug (44:65). Hiervolgens is daar nie 'n enkele Suid-Afrikaner wat nie oormatig reageer nie!

Die stelling: "Oordrewe reaksies op buitelandse druk (wat nog nie bewys is nie) vererger natuurlike interne verdeeldhede en lei tot radikale polarisasie" (44:71-73), vra weer eens om verdere ondersteunende voorbeelde wat sal bewys dat die verdeeldheid direk tot 'n oordrewe reaksie op die wêreldmening herleibaar is. Dieselfde beswaar geld ten opsigte van die stelling dat "persepsies soms belangriker as realiteite" in die politiek is (44:73-74). Dit is waarskynlik waar maar die voorstander moet met ten minste een korrekte voorbeeld bewys hoe die TV die Blanke met desperaatheid vervul. As die voorstander gestel het dat *sommige* Swartes en/of Wittes sodanig beïnvloed word sou die stelling aanvaarbaarder gewees het. Voorbeelde word ten onregte ten opsigte van almal veralgemeen sonder die nodige bewyse en waarborge.

Die laaste stellings (45:81-87) bevat weer eens aannames wat om bewyse vra. Met voorbeelde moet die "onbesonne en halsoorkoppe wyse" van die hervormings gestaaf word; deskundige uitsprake moet bevestig dat die hervormings bloot gedoen is om die "buitelandse mening te paai"; voorbeelde of deskundige uitsprake moet bewys dat die paai van die buitelandse mening 'n

direkte oorsaak van die onbesonne hervormings is; konkrete voorbeelde moet bewys hoe Suid-Afrika die "verkeerde ding op die verkeerde manier" doen, met voorbeelde wat die "regte ding" op die "regte manier" sal illustreer.

Hierdie toespraak toon die belangrike rol wat bewyse speel, asook die verweefdheid van bewyse met redenering. Die kleurvolle wyse waarop die denkbeeldige illustrasies geskilder word doen eerder 'n beroep op die gehoor se humorsin as op hulle rasionele denke. Sonder bewyse is redenering nie moontlik nie. Hier word verder getoon hoe foutiewe analise die bewyse en redenering negatief beïnvloed. In 'n opvoedkundige debat word elke stelling as 'n potensiële argument beskou wat met bewyse gestaaf moet word, soos voorheen reeds bespreek is.

Evaluering: baie swak (2).

**5.3.1.4. Tweede teenstander**

Die eerste argument van die teenstander, naamlik dat Suid-Afrika op ekonomiese gebied van die buiteland afhanklik is (45:12-14), word met verskeie bewyse gestaaf (45- 47:15-73). Hy bly egter in gebreke om hierdie argument as bewys vir 'n verdere argument te gebruik, naamlik dat Suid-Afrika se reaksies op die wêreldmening, in die lig van sy afhanklikheid van die buiteland, nie as oormatig beskou kan word nie. Die teenstander moes aangevoer het dat, indien Suid-Afrika die Westerse mening bloot sou ignoreer en doen wat hy wil, dit wil sê te min reageer, sal sanksies toeneem en sal dit Suid-Afrika wat so afhanklik is baie skade berokken. Dit sal dus nadelig vir Suid-Afrika wees en volgens hulle kriterium op 'n oormatige reaksie dui. Hoewel die interafhanklikheid van Suid-Afrika 'n sterk argument is, gebruik die teenstander dit nie genoeg om sy standpunt te versterk en so die proposisie as waarskynlik onwaar te bewys nie.

Die argument dat sekere reaksies wat oormatig voorkom, dit nie is nie, vanweë die ekonomiese voordele wat dit inhou, is bevredigend gestaaf (47:83-89; 47:99-104). Die argument kan nog sterker gestaan het as die teenstander met voorbeelde kon aantoon hoe die "wins" van die opgehefde noodtoestand meer is of swaarder weeg as die moontlike "verlies". Die rooibosteevoorbeeld is onbeduidend aangesien die rede vir die staking van uitvoere nie soseer met die wêreldmening verband gehou het nie, maar om gesondheidsredes en uit eie oorweging geskied het.

Die laaste argument (48:111-122) is 'n sterk argument. Dit is gegrond op die bewyse dat Suid-Afrika nie aan die genoemde eise toegegee het nie, en word gewaarborg deur die feit dat sodanige gebrek aan reaksie op die buitelandse eise 'n teken is dat Suid-Afrika nie oormatig reageer nie. Die stelling is egter te ongekwalifiseerd gestel: "en telkens ook elke Suid-Afrikaner". Die argument sou aanvaarbaarder gewees het as dit bloot **die meeste** Suid-Afrikaners betrek het.

Evaluering: Goed (7).

**5.3.2. Repliektoesprake**

**5.3.2.1. Eerste teenstander**

Die eerste teenstander maak verskeie stellings wat op 'n herhaling van argumente wat in die konstruktiewe toesprake gemaak is neerkom (48-49:19-33). Dit is nie verkeerd nie. Die gebrek lê egter daarin dat die stellings nie opnuut met nuwe bewyse gestaaf is nie. Bewyse wat opnuut sal staaf dat 'n gebrek aan reaksie tot ons nadeel sal strek (48:19-23); dat Suid-Afrika na buitelandse advies luister maar dan gebalanseerd reageer (49:24-28), en dat ons reaksie op die lang termyn voordelig is (49:29-33).

Die laaste argument is baie sterk aangesien dit met 'n resente voorbeeld en sterk waarborg ondersteun word (49:34-42). Om te handel ten spyte van 'n verwagte negatiewe reaksie van 'n invloedryke wêreldpers, is 'n teken van 'n reaksie wat allesbehalwe oormatig is.

Evaluering: gemiddeld (5).

**5.3.2.2. Eerste voorstander**

Die eerste stelling van die voorstander: "Buitelandse bankiers, multinasionale maatskappye en Westerse regerings stel selde belang in stabiele orde", is onoortuigend (49:6-7). Geen bewys word ter ondersteuning aangevoer nie en dit word ook nie aan die debatspunt gekoppel nie. Die konsekwensie van so 'n stelling verswak in werklikheid die voorstander se standpunt, want, kan geredeneer word, as die buiteland nie in stabiele orde belang stel nie is dit onnodig om dit te probeer bewerkstellig. Inkonsekwente redenering word getoon aangesien sy teen die einde sê "die gevolglike stabiliteit (sal) die pad

oopmaak vir investering in buitelandse krediet" (50-51:46-49). Orde en stabiliteit is dus tog belangrik vir die buiteland.

Die stelling dat die afkondiging van die noodtoestand uit vrees vir die buiteland uitgestel is (50:11-13), word weer eens nie met bewyse of kousale redenering ondersteun nie. Al sou dit die waarheid wees, moet dit eksplisiet as waarskynlik waar bewys word. Verder moet dit ook as 'n oormatige reaksie bewys word om enigsins die standpunt van die voorstander te steun.

Die argumente wat op die Staatspresident en dr. Gerhard de Kock se woorde gebaseer is (50:16-17; 50-51:46-51), steun in werklikheid die teenstanders se standpunt. Dit is voorbeelde van leiers wat per definisie matig reageer.

Die argument dat dreigemente nie werklikhede word nie, is swak omdat die bewys geensins die stelling ondersteun nie (vgl. p. 166).

Die argument dat Suid-Afrika selfversorgend is, word wel met bewyse ondersteun, maar omdat Meades nie duideliker as kenner geïdentifiseer is nie, is die waarborg wat in sy deskundigheid geleë is onbevredigend. Dié argument word ook nie genoeg gebruik om as bewys te dien van Suid-Afrika wat oormatig reageer nie. Die voorstander moes aanvoer dat enige reaksie van Suid-Afrika om sanksies te voorkom 'n oormatige reaksie is, want sanksies word selde 'n werklikheid; buitendien sal dit Suid-Afrika nie benadeel nie, want ons is selfversorgend. Die argument sal alleen slaag as bo redelike twyfel bewys is dat sanksies nie werklikhede word nie en dat Suid-Afrika op die meeste terreine selfversorgend is.

Evaluering: swak (3).

**5.3.2.3. Tweede teenstander**

In hierdie toespraak word getoon hoe argumente wat in die konstruktiewe toespraak gevoer is verder uitgebou en beredeneer word. Dit is volgens Patterson & Zarefsky (1983:100-101) baie belangrik in 'n repliektoespraak. Die argumente word ongelukkig nie met nuwe bewyse gestaaf nie. Dit is net so belangrik as die uitbou van aanvanklike argumente.

Die teenstander se argumente stel dat 'n Suid-Afrika wat net doen wat hy wil sonder om die buitelandse mening in berekening te bring, voor groot

probleme te staan kan kom: Die invoer van masjinerie kan gestaak word (51:12-18), die lewenstandaard "**sal noodwendig**" verlaag moet word en rantsoenering kan volg (51:19-24); Suid-Afrika wat voor Amerika "**binne vyf jaar**" ten gronde sal gaan (51-52:25-36); landingsregte sal "**orals opgeskort (sal) word**" (52:48-53); **alle** kommunikasie "sal geknip word" (52:53-54); en vliegtuie kan gekonfiskeer word (52:54-56). In die lig hiervan, aldus die teenstander, kan ons nie "bekostig om ons nie aan hulle te steur nie... Daarom reageer ons. Maar van oorreaksie nooit nie!" (52:57-60). Dit is 'n geldige argument wat egter veel sterker sou gewees het indien die nodige bewyse gestel is wat sou bevestig dat die genoemde nadelige gevolge wel sal voorkom. Die gebrek aan kwalifisering doen ook afbreuk aan die redenering, soos die beklemtoonde gedeeltes aandui. Die voorspellings moes met 'n groter mate van waarskynlikheid gestel gewees het, veral as gevolg van die ontbrekende bewyse.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

**5.3.2.4. Tweede voorstander**

Hier kom die fout weer eens voor dat "feite" aanvaar word wat eers as waarskynlike feite bewys moet word: Die publiek, die media en die regering tree histeries en onbesonne op (53:16-18); en by implikasie word aanvaar dat Suid-Afrika se belange nie voorop gestel word nie en dat optredes ongebalanseerd en nie deurdag is nie (53:18-20).

Die argument dat daar tweespalt in regeringskringe bestaan wat tot magteloosheid lei, is swak omdat dit nie genoegsaam gestaaf is nie (53:20-32). Die Luandavoorbeeld is nie voldoende en resent genoeg om die genoemde afleiding ten opsigte van die regering in 1986 te maak nie. 'n Sodanige stelling vra om veel meer konkrete en resente voorbeelde.

Die argument dat die wettiging van Swart vakbonde en die nuwe grondwet onbesonne is, omdat daarmee gepoog is om die buitelandse mening tevrede te stel (53:33-51), is nie gestaaf nie. Die voorstander moes deskundige uitsprake as bewyse aangehaal het wat bevestig dat dié genoemde sake bloot gedoen is om die wêreldmening tevrede te stel en dat dit as gevolg hiervan verkeerd is of misluk het, en daarom as onbesonne bestempel kan word. Die voorstander laat dit buite rekening dat daar ook ander moontlike oorsake kan wees, soos binnelandse druk of dat dit uit eie oortuiging kon geskied het. Die

sogenaamde oordeelsfoute wat gemaak is kon ook aan swak beplanning of menslike onvermoë toegeskryf word, wat nie noodwendig slegs met die wêreldmening in verband staan nie.

Die oordeelsfout met betrekking tot Swart vakbonde word oortuigend deur mnr. Piet Liebenberg se uitspraak ondersteun en deur sy deskundigheid gewaarborg (53:39-43). Die twee interpretasiemoontlikhede van sy woorde, soos dit hier ongekwalifiseerd weergegee is, verswak egter die argument: Swart vakbonde moes òf nooit gewettig gewees het nie, òf Swartes moes ook politieke regte gekry het en in die nuwe grondwetlike bedeling opgeneem gewees het.

Die stelling dat die buiteland toe nie gepaai is nie (54:51), is te vaag en onvolledig om die standpunt van die voorstanders te steun. Die rede daarvoor kan moontlik wees omdat die regering oorhaastig gehandel het in hulle poging om die buiteland tevrede te stel (voorstanders se standpunt), of dat die regering juis nié volgens die norm van die buiteland maar volgens eie insigte gehandel het (teenstanders se standpunt) en daarom is die buiteland nog steeds ontevrede!

Die kern van die kritiek teen die redenering van die voorstanders is dat 'n oormatige reaksie sonder genoegsame bewyse aanvaar is en dat daar nie bo redelike twyfel bewys is dat die genoemde foute en "onbesonne" optredes 'n direkte kousale verband met die wêreldmening het nie. Die voorstander erken teen die einde dat die onluste 'n reaksie op die sogenaamde hervormings is (53-54:48-51), waar hy dit vroeër as 'n reaksie op "prikkels van buite" (44:49-54) bestempel het. Dit toon inkonsekwensie in die redenering wat onder andere 'n gevolg is van die foutiewe analise. Hy onderskei nie duidelik tussen reaksies op die wêreldmening en reaksies op binnelandse omstandighede nie.

Evaluering: swak (3).

### 5.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 1)

#### 5.4.1. Konstruktiewe toesprake

#### 5.4.1.1. Eerste voorstander

Die bewerings wat in die inleiding gemaak word (57:1-6), hang in die lug omdat die oorsprong daarvan nie duidelik vermeld word nie en omdat daar nie weer in die toespraak hierna verwys word nie. By implikasie word modernisering as 'n positiewe hulpmiddel beskou in die uitbou van eiesoortige kultuur.

In hierdie toespraak word geen argumente aangevoer wat die proposisie as waarskynlik waar kan bewys nie. Die toespraak bestaan slegs uit eksposisie, naamlik die definiëring van terme en die wyse waarop die Afrikaner sy kultuur behoort uit te bou. Of hy dit werklik doen, kom geensins ter sprake nie.

Die mate van redenering wat wel voorkom, is gebaseer op die foutiewe definiëring van **sy kultuur** (58:38-55) (vgl. p. 109). Die sogenaamde vier uitbouingstake ten opsigte van die kultuur sou oortuig het, indien daar bewyse ter ondersteuning van die standpunt aangevoer is.

Evaluering: baie swak (0).

#### 5.4.1.2. Eerste teenstander

Die openingsargument (59:1-6) is oortuigend omdat die bewys tegelyk ook die stelling is, en deur prof. Marius Swart as kultuurleier gewaarborg word. Die argument sou sterker gewaarborg en ondersteun gewees het as prof. Swart se kultuurbetrokkenheid gespesifiseer was en 'n moontlike rede vir sy mening genoem is. Die argument sou nog meer oortuig het as dit duideliker aan die proposisie gekoppel was.

Die argument dat "materialisme die aartsvyand is van eiesoortige kultuur" word sterk deur die drie uitsprake en 'n voorbeeld bewys (60-61:46-68). Die waarborg is in die kundigheid van die twee kenners en die betroubaarheid van die RGN-verslag geleë, asook in dié siening dat die sluiting van 'n kultuurvereniging/klub weens 'n gebrek aan finansies, 'n teken van 'n materialistiese ingesteldheid is. Hier word getoon dat meer as een bewys meer oortuigingskrag aan 'n argument verleen. Wat wel ontbreek is meer inligting omtrent die aard en kultuurwaarde van die klub, asook 'n moontlike verdere bewys wat sou bevestig het dat die klub wel weens 'n gebrek aan geld moes sluit. 'n Verbandhoudende argument, naamlik dat ekonomiese vooruit-

gang tot materialisme lei, moes vooraf bevredigend bewys gewees het alvorens die nadele van materialisme gedebatteer kon word. Die sluiting van Klub RSA bewys wel dat sakemanne nie bereid is om geld aan kulturele sake af te staan nie. Dié materiële ingesteldheid word ook in die volgende hoofpunt bewys (61:73-85). Die teenstander moes egter duideliker aangetoon het hoe die verskillende bewyse die twee verbandhoudende argumente staaf: Eers moet bewys word dat ekonomiese vooruitgang tot materialisme lei en dan dat materialisme die aartsvyand van die Afrikaanse kultuur is.

Die tweede hoofargument (61:73-85) is bevredigend. Dit word met die bevindinge van die ondersoek bewys, en die waarborg veronderstel dat die bevindinge 'n teken is dat kultuuruitbouing by die Afrikanergesin 'n lae prioriteit geniet. Die argument maak tegelyk van teken- en voorbeeldredenering gebruik. Wat laasgenoemde betref is die waarborg dat bevindinge ten opsigte van die voorbeeldpopulasie ook by die doelpopulasie sal voorkom. Die stelling moes gekwalifiseer gewees het, aangesien die 512 huisgesinne nie noodwendig 'n waarskynlikheidsteekproef was nie. Die volgende twee moontlikhede sou korrekter gewees het: Kultuuruitbouing is heel waarskynlik die weeskind van die Afrikanergesin se begroting, of kultuuruitbouing is die weeskind van die meerderheid/'n beduidende aantal Afrikanerhuisgesinne se begroting.

Die laaste uitspraak van prof. H.J. Rossouw dien as samevatting en staaf opnuut die twee hoofargumente. Die waarborg van die uitspraak sou sterker gewees het as die besondere deskundigheid, asook die moontlike redes vir die stelling van prof. Rossouw eksplisiet gestel was. Die kundigheid van prof. Rossouw word nie betwyfel nie, maar sy moet dit aan die gehoor uitspel, omdat hy nie noodwendig aan almal in die gehoor bekend is nie. Die hoofargumente word ook nie genoegsaam aan die proposisie gekoppel om dit as onwaar te bewys nie.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**5.4.1.3. Tweede voorstander**

Die stelling dat Suid-Afika wêreldbekend is vir sy "volk- en kultuurbewustheid" (62:1-7), is sonder die nodige bewyse. Daarom is dit ook ongegrond om dié beeld na buite as bewys te gebruik vir die implisiete stelling dat die Afrikaner kultureel nie laat slap lê nie. 'n Gebrek aan bewyse

ontneem die argument sy oortuigingskrag.

Die stelling dat "die beskawingselemente (is) die grootste kenmerk van die Afrikanerkultuur" is (62:15-16), asook die aanname dat die kultuuruitbouing hoofsaaklik op die vertikale vlak lê (62:17-22), moes met bewyse gestaaf gewees het.

Onder analise (p. 111) is reeds aangetoon dat die drie hoofargumente irrelevant is ten aansien van die debatspunt. Tog word die belangrikste foute in die redenering bespreek.

Die fout in die eerste hoofargument (63:30-50) is dat kultuur ongekwalifiseerd aan beskawing gelyk gestel word en dat aanpassing by veranderende lewensomstandighede as kultuuruitbouing aanvaar word. Wat die teenstander eintlik moes bewys, naamlik dat die Afrikaner die sogenaamde 52% beheer oor die landsekonomie benut om sy eiesoortige kultuur uit te bou, doen hy nie. Die waarskynlike waarheid van die proposisie word dus nie bewys nie.

Die tweede hoofargument (63-64:51-70) slaag ook nie aangesien die bewyse onbeduidend en selfs irrelevant is om die gevolgtrekking wat daarop gegrond is te waarborg. Die ontoereikendheid van die bewyse asook 'n afwesigheid van kousale redenering wat dié genoemde aspekte direk aan die benutting van die ekonomie ter uitbouing van eiesoortige kultuur koppel, ontneem die argument sy oortuigingskrag (vgl. ook p. 171).

In die laaste hoofargument (64:71-88) word die onbewese aanname gemaak dat kultuuruitbou nie moontlik is as 'n volk nie oor die politieke mag beskik nie. Hierdie irrelevante argument word geensins oortuigend bewys nie. Teenvoorbeelde kan genoem word wat die foutiewe redenering uitwys: Die Boesman in SWA besit nie politieke mag nie, maar dit verhoed hom nie om sy eiesoortige kultuur te beoefen nie. Die toenemende aanraking met die beskawing mag sy kultuur nadelig beïnvloed, maar nie die gebrek aan politieke mag nie. Die handhawing van die Joodse kultuur deur Jode buite Israel sou ook as 'n teenvoorbeeld kon dien. Dit is wel waar dat geen kultuuruitbou kan plaasvind as 'n volk nie meer bestaan nie. Dit is egter binne dié proposisie irrelevant.

Afgesien daarvan dat die hoofargumente irrelevant is, toon die voorstander dat sy vermoë om te redeneer baie swak is.

Evaluering: baie swak (1).

**5.4.1.4. Tweede teenstander**

Die eerste argument bestaan uit die uitspraak van prof. P.G. Nel en die daaropvolgende retoriese vrae (65:1-9). Die volledige argument kan soos volg geparafraseer word: Kultuuruitbouing is 'n voortdurende proses, maar die Afrikaner het laks geraak in sy taak as gevolg van materialisme. Prof Nel se woorde dien as bewys vir die eerste helfte, en die argumente ten opsigte van die skeppende kunste en die bewyse daaronder, ondersteun die tweede helfte.

Die stelling dat beskawing nie aan eiesoortige kultuur gelyk te stel is nie, moes hier met 'n bewys gesteun gewees het (65:10-18). Die span het wel bewyse vir dié standpunt, maar moes dit hier genoem het (vgl. 67:1-8).

Die hoofargument dat die ekonomie ten aansien van die skeppende kunste nie na behore benut word nie, is sterk, aangesien verskeie bewyse ter stawing aangevoer word (66:37-73). Soos onder bewyse aangetoon is die stelling van mnr. Werner Nel die enigste wat nie werklik die hoofargument ondersteun nie. Elke subargument wat uit deskundige uitsprake bestaan, word gewaarborg deur die deskundigheid van die betrokke individu. Die teenstander moes net ter wille van 'n sterker appèl op die gehoor al die subargumente aan die hoofargument, en die hoofargument aan die proposisie gekoppel het, byvoorbeeld: "Op grond van die gestelde bewyse voer ons aan dat die Afrikaner nie sy ekonomie na behore benut om die skeppende kunste, as primêre drukstuk van die Afrikanerkultuur, uit te bou nie".

Die argument dat die media 'n rol speel in die "stagnasie" van die Afrikanerkultuur (66:74-75), is te ongekwalifiseerd gestel. Die bewyse regverdig nie die stelling dat die Afrikanerkultuur gestagneer het nie. Die teenstander kon gesê het dat die media se uitbouingstaak van die Afrikanerkultuur nie na behore geskied nie. Die waarborg van die eerste twee bewyse (67:78-85) berus daarop dat die diskrepansie tussen die aantal sprekers van 'n taal en die aantal koerante wat in dié taal gedruk word asook die hoeveelheid reklame in die taal, die taalgroep se onvoldoende ekonomiese benutting om sy kultuur (taal) uit te bou, weerspieël. Wat die koerante betref

kan die min Afrikaanse koerante ook moontlik 'n teken wees dat die Afrikaner veel minder koerant lees as die Engelsman. Die versweë waarborg is dus nie so oortuigend nie, omdat dit nie 'n noodwendige gevolg van swak kapitale benutting deur die Afrikaner hoef te wees nie, tensy die teenstander dit kon bewys het. Die diskrepansie met betrekking tot die koopkrag van Afrikaners en Afrikaanse reklame as teken van onvoldoende benutting, lewer 'n bevredigende waarborg, maar kon nog sterker gewees het. Die groter aantal Engelse advertensies mag die gevolg wees van die feit dat die meeste sakeondernemings wat reklameer in Engelse hande is. Die argument sou sterker oortuig het as die teenstander kon bewys dat daar 'n negatiewe korrelasie is tussen die aantal Afrikaanse sakeondernemings en die reklame in Afrikaans. Dit sou kon bewys dat nie al die Afrikaanse sakeondernemings van Afrikaanse reklame gebruik maak of nie genoeg hulle eie taal vir reklamedoeleindes benut nie. Indien die bron van die statistiek gemeld is, kon die betroubaarheid daarvan bepaal word.

Die argument met betrekking tot die Afrikaanse produksies op TV 4 is baie sterk, aangesien die betrokkenheid en kennis van mnr. Morkel van Tonder 'n sterk waarborg verskaf.

Die samevattende argument (67:95-105) is oortuigend omdat al vier die hoofargumente wat betrek is bo redelike twyfel bewys is, en omdat dit gekwalifiseerd en nie so absoluut gestel is nie.

Evaluering: goed (7).

**5.4.2. Repliektoesprake**

**5.4.2.1. Eerste teenstander**

Die argument dat beskawing en eiesoortige kultuur botsende elemente bevat, word oortuigend bewys deur prof. P.G. Nel se woorde en deur sy deskundigheid, wat vroeër vermeld is (65:3- 4), gewaarborg (67-68:1-8). Die voorbeeld van die Boesman (68:22-24) gee nog verdere steun aan die argument.

Die argument dat die top van die voorstanders se kultuurberg 'n internasionale fase is, word deur prof. Tjaart van der Walt se uitspraak bewys en deur sy deskundigheid gewaarborg. Die argument sou nog sterker gestaan het as die volledige bronverwysing van die voorstanders se teorie vermeld is.

Die volgende twee argumente word ook deur deskundige uitsprake gestaaf (68-69:42-55). Waarborge vir die genoemde stellings sou nog sterker gewees het as prof. H.W. Rossouw se besondere kundigheid op dié betrokke gebied gespesifiseer was, en as meer oor mnr. O.D. Ferreira se navorsing gemeld is, of die redes vir sy gevolgtrekking gestel is.

Dié teenstander toon dat sy wat redenering betref, baie vaardig is.

Evaluering: baie goed (8).

**5.4.2.2. Eerste voorstander**

Die argument ten aansien van die Afrikanerprominensie in die openbare sektor en die landbou, asook sy leiersrol in die landsekonomie (69-70:10-19), word met geen nuwe bewyse gestaaf nie. Die ironie is dat sy daarop aanspraak maak dat dit 'n bewese feit is. Hoewel nuwe bewyse in die repliektoespraak gebruik moet word, sou dit beter gewees het as selfs net die tweede voorstander se bewyse hier herhaal is (vgl. 63:34-41). Die prominente rol van die Afrikaner met betrekking tot die ekonomie getuig indirek teen die voorstanders. Die Afrikaner wat oor so 'n groot ekonomiese mag beskik behoort net so 'n groot bydrae ten opsigte van die uitbouing van sy eie kultuur te lewer, 'n aspek wat nie deur die voorstanders bewys is nie.

Die argument ten aansien van kultuur is irrelevant en lewer geen bydrae om die waarheid van die proposisie te bewys of om 'n argument van die teenstanders te weerlê nie (70:20-31).

Die volgende argument stel dat die Afrikaner ekonomies vooruitgegaan het, maar dit bewys nie noodwendig dat hy dit gebruik het om sy kultuur uit te bou nie (70:32-39). Hier word slegs genoem dat sy vlak van beskawing verbeter het.

Die argument betreffende die opheffing van ander volke is onoortuigend (70:40-50). Bewyse ontbreek en die redenering verskaf geen waarborg vir die geldigheid van die gevolgtrekking nie. Die vraag is of dié sogenaamde opheffing as kultuuruitbouing bestempel kan word. Verder is dit ook 'n foutiewe aanname om te stel dat " as jy die anderskleurige van werk voorsien het, hulle jou taal geleer het, hulle beskaaf het, hulle jou geloofsgenote gemaak het, jy hulle as't ware tot jou kultuur bekeer het." Enige beskaafde Swartman wat

Afrikaans kan praat, 'n Calvinis is en by 'n Afrikaanse werkgewer in diens is, beoefen nie noodwendig die Afrikaner se unieke kultuur nie, ten spyte van die genoemde ooreenkomste. Dieselfde geld vir 'n Afrikaner wat Engels kan praat, by 'n Engelse werkgewer in diens is en dieselfde geloofsoortuigings het.

Die slotargument wat die politieke sekuriteit van die Afrikaner en Blanke baasskap betrek (70-71:51-64), het geensins betrekking op die dispuut in dié debat nie. Dit is die gevolg van 'n swak analise.

Die voorstander toon géén redeneringsvaardighede nie.

Evaluering: baie swak (0).

**5.4.2.3. Tweede teenstander**

Die aanhaling van mnr. Gouws se woorde word aan geen argument gekoppel nie en lewer dus nie 'n bydrae om die teenstanders se standpunt te bewys nie (71:1-3).

Die uitspraak van prof. Tjaart van der Walt staaf wel dat daar twee strome Afrikaners is (71:4-9), maar die teenstander moes dit duideliker aan sy spanmaat se argument en aan die proposisie gekoppel het om as bewys te dien dat die Afrikaner eerder die ekonomiese stroom aanhang. Die teenstander kon ook gestel het dat al die bewyse wat genoem is die aanhang van die ekonomiese stroom staaf.

Die kritiek teen die argument wat die opname onder Afrikanersakemanne betref, is dat die gevolgtrekking te ongekwalifiseerd gestel is: "**Beslis nie!; geen prioriteit; nie bereid**" (72:25-36). Veral in die lig dat net sakemanne op een dorp betrek is, al is dit 'n redelike groot dorp, behoort die veralgemening met groter kwalifisering gestel gewees het: **heel waarskynlik nie; geniet 'n lae prioriteit; waarskynlik nie bereid**. Die ander aspekte van die argument soos die bewyse en die waarborg is egter bevredigend.

Die argument wat die advertensies in die geelbladsye betrek, is nie so oortuigend nie, aangesien die bewys nie beduidend genoeg is nie. Die versweë waarborg kan bevraagteken word: Die diskrepansie tussen die verhouding van Afrikaanse en Engelse advertensies teenoor die verhouding van die

Blanke Afrikaans- en Engelssprekendes, is 'n teken dat die Afrikaner nie sy ekonomie met betrekking tot sy kultuur na behore benut nie. Die bewys is nie so beduidend nie omdat advertensies vir alle bevolkingsgroepe bedoel is. As alle Engelssprekendes in berekening gebring word, is dié diskrepansie waarskynlik veel kleiner. As die statistiek van die voorstander korrek is, naamlik dat die Afrikaner slegs 10% van die totale bevolking uitmaak (73:25-29), dan is die verhouding van die Afrikaanse teenoor die Engelse advertensies, naamlik 22% nie so negatief nie. Hier word bewys dat die basis van vergelykende statistiek 'n baie belangrike rol speel. Die voorbeeld sou die argument sterker gesteun het as die teenstander kon aandui dat daar ook 'n teenstrydigheid tussen die aantal Afrikaanse sakeondernemings en die aantal Afrikaanse advertensies bestaan. Indien die oorgrote meerderheid instansies wat adverteer Engelstalig is, is die genoemde syfers onbeduidend.

Die slotargument impliseer dat die Afrikaner kan uitsterf as hy nie sy kultuur na behore uitbou nie (72:52-56). Dit is 'n oordrewe stelling wat nie deur bewyse gestaaf word nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

**5.4.2.4. Tweede voorstander**

Die argument ter weerlegging van die teenstanders se stellings is irrelevant (73:6-20). Die teenstanders het nie stellings van so 'n aard gemaak nie. Afgesien hiervan word 'n onbewese aanname gemaak, naamlik dat die Afrikaner sy kultuurontwikkelingsvlak moes verlaag om die land mak te maak (73:8-12). Hier word eiesoortige kultuur weer eens met beskawingspeil verwar.

In die volgende argument word bewerings aan die teenstanders toegedig wat hulle nie gemaak het nie (73:21-29); trouens, die voorstanders het self daarop aanspraak gemaak dat die Afrikaner sy taal en kultuur, as deel van kultuuruitbouing, aan ander bevolkingsgroepe moet oordra. Om hier te stel dat die Afrikaner onmoontlik sy taal en tradisies op die ander bindend kan maak (73:27-29), toon 'n inkonsekwensie ten opsigte van vorige bewerings (63:52-55).

Die argument dat die groot getalle wat Afrikaans kan praat die bewys is van die Afrikaner se kultuuruitbou, is onoortuigend (73:29-31). Die voorstander

kan nie waarborg dat dié aantal 'n direkte gevolg is van die Afrikaner wat die ekonomie benut het ter uitbouing van sy kultuur nie. Die gevolgtrekking wat op mnr. Raymond Parsons se uitspraak gegrond is, is foutief (73-74:32- 44). Die voorstander skep die indruk dat die groei in die gebruik van Afrikaans aan kultuuruitbou toe te skryf is, terwyl mnr. Parsons dit aan die toenemende aantal Afrikaanssprekende sakelui en ekonome toeskryf. Dit het met doelbewuste kultuuruitbou niks te make nie.

Evaluering: baie swak (1).

## 5.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE (86 E 1)

### 5.5.1. Konstruktiewe toeprake

#### 5.5.1.1. Eerste voorstander

Die eerste argument (78:30-33) is onoortuigend omdat die waarborg swak is, naamlik ouers wat inflasie aan hulle sak voel sal hul kind hieromtrent opvoed en hom nie ekonomies weerloos laat nie. Die waarborg kort verdere ondersteuning. Addisionele bewyse ontbreek wat sal staaf dat ouers wel hulle kinders ekonomies opvoed. 'n Verdere fout is dat sy aanvaar dat alle huishoudings volgens 'n begroting werk en dat dit goed beplan is (78:33-34). Die artikel in *Huisgenoot* is as bewys te swak om die stelling te staaf dat sakgeld met 'n toelae vervang word (78-79:34-38). 'n Enkele verwysing na 'n paar kinders wie se sakgeld met toelaes vervang is, is nie genoegsame bewys om dit ten opsigte van die meeste kinders te veralgemeen nie. Die feit dat 'n kind 'n toelae ontvang bewys ook nie dat hy noodwendig opgevoed word om dit verstandig te bestee nie.

Die noem van die kinder- en tellerbankkaarte (79:38-42) word nie werklik 'n argument wat die proposisie as waarskynlik waar kan bewys nie. Die voorstander moes duidelik aangetoon het hoe die genoemde data 'n bewys is van voldoende ekonomiese opvoeding op informele vlak. Dit bewys slegs dat tieners van bankfasiliteite gebruik maak en sê weinig van die kundigheid waarmee hulle hul geldelike sake bestuur.

Die kritiek wat hierbo genoem is geld ook ten opsigte van die rol van die media (79:44-54), opvoedkundige speletjies (79:55- 60) en die sogenaamde

nie-formele opvoeding (79:61-78). Die argumentering is nie ver genoeg gevoer nie. Die voorstander moes na aanleiding van die kriterium en definisies bewys het hoe die genoemde data staaf dat die ekonomiese opvoeding "goed en goed genoeg" (78:6) is met betrekking tot "die bestuur van persoonlike finansies, kennis van die sakewêreld, kennis van finansiële instellings en kennis oor die arbeidsmark" (78:7-9). Die stelling wat in die samevatting gemaak is (79-80:69-75) is in werklikheid nie oortuigend gestaaf nie.

Evaluering: swak (3).

**5.5.1.2. Eerste teenstander**

Die eerste geïmpliseerde stelling van die teenstander, naamlik dat die wankelende ekonomie aan die Afrikaner se gebrekkige ekonomiese opvoeding te wyte is (80:3-8), is 'n growwe oorvereenvoudiging. Om so 'n gekompliseerde saak soos die swak ekonomie aan slegs een oorsaak te koppel, getuig van swak kousale redenering. Die stelling word ook met geen bewyse gestaaf nie.

Die stelling dat 'n maatstaf neergelê moet word om te bepaal of die jeug ekonomies opgevoed is of nie, is korrek (81:30-34). Die maatstaf moet egter regverdig wees en toegepas word om te bepaal of daaraan voldoen is of nie. Die regverdigheid van die maatstaf is reeds onder **analise** bespreek (p. 115). Die maatstaf is egter nie deur die teenstanders toegepas om dit sodoende as 'n argument te gebruik om die proposisie as waarskynlik onwaar te staaf nie. Die onregverdige uitdaging is aan die voorstanders gerig om dit toe te pas, 'n eis wat die teenstanders by voorbaat weet waaraan nie voldoen kan word nie.

Die argument dat die huislike opvoeding van 'n "wanbegrip en weerstand teenoor die ekonomie" getuig (81:55-59), is baie swak omdat die bewys waarop dit gegrond is nie direk op die stelling betrekking het nie. Die gevolgtrekking is dus geensins gewaarborg nie. Dié gesegde sou moontlik as bewys kon dien vir die stelling dat 'n Jood gierig is en 'n mens altyd vir hulle in jou pasoppens moet wees of dat ouer Afrikaners bevooroordeeld teenoor Jode is.

Die argument wat op prof. Chris Jooste se aanhaling gegrond is sou sterker gewees het as prof. Jooste se deskundigheid met betrekking tot die ekonomie en huislike opvoeding geïdentifiseer was (81-82:60-67). Die feit dat daar van

rekenaarskursusse sprake is, van "selfs" geslagsvoorligting gepraat word asook die term "voorligting" gebruik word, laat die vermoede ontstaan dat prof. Jooste nie spesifiek na huislike opvoeding verwys nie en dat die bewys heel waarskynlik buite konteks aangehaal is.

Die argument wat op die vraelys gegrond is en volledig onder bewyse bespreek is, slaag nie omdat die stelling dat spesifiek die media nie voldoende opvoeding verskaf nie, geensins deur die vraelys bewys word nie (82:68-82 en 86). Die teenstander toon, soos ook in die vorige argumente, dat sy vaardigheid om 'n geldige gedagtesprong van bewyse na die gevolgtrekking te maak, baie swak is. Die fout kan moontlik te wyte wees aan die poging om by die hoofpunte van die voorstanders aan te sluit.

Die enigste sterk argument is gewaarborg deur die aanhaling van dr. Van Zyl (82:91-97). Hier word geïmpliseer dat die kennis van die vrye ondernemingstelsel gebrekkig is en dat dit die voortbestaan van die stelsel in gedrang bring.

Evaluering: baie swak (3).

**5.5.1.3. Tweede voorstander**

Die argument met betrekking tot die Afrikaner se toetrede tot 'n eenmansaak (83:5-13), is reeds onder **analise** as irrelevant gekritiseer. Dit is die geval omdat daar nie 'n waarborg verskaf kan word dat die toetrede 'n direkte gevolg is van voldoende opvoeding nie.

Die voorstander maak daarop aanspraak dat sy gaan bewys "dat die volwassenes nog steeds jaloers waak oor die kleinood waarvoor hy die afgelope veertig jaar geveg het - die Afrikaner se plekkie in die ekonomie" (83:14-17). Die betoog wat hier oor formele ekonomiese opvoeding handel, bied nie argumente wat dié genoemde aanspraak bewys nie. Daar word nie aangetoon dat die formele opvoeding 'n direkte teken is van die volwassene wat poog om die jeug op te voed om so sy plek in die ekonomie te behou nie.

Teenoor die maatstaf van die teenstander stel die voorstander 'n ander maatstaf vir voldoende opvoeding, maar ook sy, soos die teenstander, pas dit nie werklik toe in haar betoog nie (83:18-24). Die maatstaf: die jeug "moet hulle slegs as volwassenes op finansiële gebied kan handhaaf", word nie

toegepas, om daarna die bevindinge as 'n bewys te gebruik om die waarskynlike waarheid van die proposisie te staaf nie. Hierdie kritiek, asook dié op die aanspraak wat die voorstander gemaak het, toon onbevredigende redenering.

Die uitsprake van prof. W.A. Landman en mnr. H.G. Stoker word nie werklik in 'n argument, wat die standpunt van die voorstander ondersteun, betrek nie (83:32-38). Die wyse waarop hierdie stellings op die sekondêre en tersiêre opvoeding betrekking het, word nêrens duidelik aangetoon nie.

Die argument dat sekondêre opvoeding voldoende is, word met die volgende bewyse gestaaf: 41% van Wes-Transvaal se leerlinge volg 'n handelsrigting; die leerplanne word gereeld hersien en aangepas; die sillabusse is praktykgerig en ekonomiese opvoeding geskied ook in huishoudkundelaboratoria (84:40-57). Die genoemde voorbeelde bied 'n bevredigende waarborg vir voldoende ekonomiese opvoeding. Dit sou veel sterker gewees het as ondersteuning in die vorm van verdere bewyse verskaf is: Deskundige uitsprake wat 41% as voldoende staaf en wat kan bevestig dat leerplanne gereeld aangepas word; voorbeelde wat die praktykgerigtheid van sillabusse sal illustreer; en voorbeelde of 'n deskundige uitspraak wat sal bevestig dat ekonomiese opvoeding ook in die huishoudkundelaboratoria geskied.

Die hoofpunt betreffende ekonomiese opvoeding op tersiêre vlak groei nie werklik tot 'n argument wat die standpunt van die voorstanders ondersteun nie. Die feit dat die Universiteit van Pretoria se departement Ekonomie die vinnigste groei en dat RAU se ekonomiese en bedryfswetenskappe die meeste voorgraadse studente het, (84:62-67) bewys nie noodwendig dat die ekonomiese opvoeding voldoende is nie. Dit sou geslaag het indien sy die groei van Ekonomiedepartemente en/of die aantal studente in die betrokke studierigtings as kriteria vir voldoende opvoeding bewys het. Onbevredigende analise is direk vir hierdie onvoldoende redenering verantwoordelik. Die stelling dat kundiges uit die praktyk ook as dosente optree is 'n geldiger maatstaf vir voldoende opvoeding as die aantal studente, veral ook in die lig van prof. Pieter van Zyl se uitspraak (83:18-24).

Die voorstander redeneer soms inkonsekwent en sy toon 'n onvermoë om die argumente aan die proposisie te koppel.

Evaluering: swak (3).

#### 5.5.1.4. Tweede teenstander

Die eerste argument met betrekking tot onvoldoende sekondêre opvoeding is bevredigend (85:23-35). Dit sou veel meer oortuigingskrag gehad het as die teenstander ter ondersteuning kon bewys het dat die leemte wat prof. D.A. Louw in die algemeen gestel het spesifiek ook ten opsigte van die ekonomiesgerigte vakke geld. Die stelling hoef nie noodwendig ten aansien van elke vak en elke onderwyser te geld nie. Die feit dat daar 'n polemiek was (85:23) bewys dat die stelling nie algemeen aanvaar is nie en dat teenoorgestelde menings ook bestaan.

Die tweede argument slaag wel daarin om te staaf dat die opvoeding op tersiêre vlak nie voldoende is met betrekking tot die effektiewe toepassing van kennis in die praktyk nie (86:36-57). Dit bewys egter nie die stelling dat "selfs daardie mense nie ekonomies opgevoed is nie" (86:55-57), want volgens dr. Chris van Wyk kan diesulkes wel "in die algemeen rondom hulle vakgebied" gesels. Die fout in die redenering lê daarin dat 'n afgestudeerde se onvermoë om 'n "besondere wetenskap in die praktyk te kan toepas" aan onvoldoende ekonomiese opvoeding gelyk gestel is. Volgens die kriteria van die teenstanders (81:39-50) is dit nie een van die vereistes vir voldoende opvoeding nie! Die argument dra dus nie by om die onwaarheid van die proposisie te bewys nie.

Die tweede hoofpunt wat oor die toekomseise handel (86-87:62-83) is, soos onder **analise** aangetoon, ook nie werklik 'n argument wat die waarheid van die proposisie bewys nie. In die eerste plek is dit nie een van die kriteria van voldoende opvoeding nie. In die tweede plek is die redenering onvoldoende. Dat die toekoms hoë eise gaan stel, word nie betwyfel nie, maar dit is nie per se 'n bewys dat vandag se ekonomiese opvoeding onvoldoende is nie. Eers moet beantwoording aan die eise van die jaar 2000 as 'n kriterium vir voldoende opvoeding gestel word, en daarna moet met voorbeelde gestaaf word hoe die huidige opvoeding nie daaraan beantwoord nie. Deur nie by hulle eie gestelde kriteria vir voldoende ekonomiese opvoeding te bly nie, sny die teenstanders hulle eie kele af.

Die tweede teenstander toon 'n onvermoë om konsekwent en logies te redeneer. Die gestelde kriteria vir voldoende opvoeding word nie toegepas nie

en foutiewe afleidings word na aanleiding van bewyse gemaak.

Evaluering: swak (3).

### 5.5.2. Repliektoesprake

#### 5.5.2.1. Eerste teenstander

Net soos die argument van die eerste voorstander, naamlik dat ouers hulle kinders ekonomies sal opvoed omdat hulle inflasie aan die sak voel (78:30-33), onoortuigend is, is die teenstander se teenargument ook onoortuigend. Om die stelling dat "ons ouers se kennis van inflasie ons nie gaan opvoed met betrekking tot die ekonomie nie" (88:30-33), te grond op een proefpersoon se antwoord - wat nie noodwendig 'n bewys van haar pa se onkunde is nie - is 'n oorhaastige en ongeldige veralgemening. Hier word die bevindinge van die vraelys gebruik om die ouers se opvoeding met betrekking tot die jeug as onvoldoende te bewys. In die konstruktiewe toespraak is daarop aanspraak gemaak dat die bevindinge die media as onvoldoende opvoeder bewys (82:68-82). Dit bevestig die kritiek dat op grond van dié vraelys geensins bepaal kon word wie die blaam van die sogenaamde onvoldoende opvoeding moet dra nie. Die verskillende gevolgtrekkings toon die eerste teenstander se onvermoë om geldige afleidings te maak.

Die redenering met betrekking tot die stelling : "As jy jou sakgeld kan hanteer dan kan jy beslis nog lank nie die ekonomie hanteer nie" (88:34-39), is onoortuigend. Die voorstander se woorde word in die eerste plek verdraai. Dié aspek sal onder aanval en verdediging bespreek word. In die tweede plek word geen bewyse aangevoer vir die waarskynlike waarheid van die stelling nie. In die derde plek rym dit nie met die redenasie in die volgende argument nie. Die stelling word ook verswak omdat dit ongekwalifiseerd gestel is, naamlik "beslis". Indien die stelling sou lui: As jy sakgeld kan hanteer dan beteken dit nie noodwendig dat jy die ekonomie kan hanteer nie, sou dit aanvaarbaar gewees het.

Die stelling dat die jeug nie opgevoed word om kitsbankkaarte te hanteer nie (88:40-50), is sonder enige bewys en word geïgnoreer. Die figuurlike analogie tussen 'n kindjie wat 'n lemmetjie hanteer en 'n kind met 'n kitsbankkaart is onoortuigend, en myns insiens te ver gevoer. Met die lemmetjie-argument impliseer die teenstander dat kinders in hulle ekonomiese opvoeding nie aan

aspekte van die ekonomie wat hulle nog nie kan hanteer, blootgestel moet word nie. Dit toon 'n inkonsekwensie met die redenering in die "sakgeldargument". Dáár word geïmpliseer dat die jeug meer en groter verantwoordelikheid ten aansien van ekonomiese opvoeding moet leer hanteer. Om daarna 'n kitsbankkaart as te "gevaarlike" ekonomiese opvoeding te bestempel, is inkonsekwent. Die lemmetjie-argument staan ook lynreg teenoor die tweede teenstander se stelling: "Al hierdie dinge gaan byna bomenslike eise aan ons ekonomiese weerbaarheid stel. Eise wat ons **vandag alreeds sal moet leer om te hanteer**" (87:78-80). As die hantering van 'n kitsbankkaart as lewensgevaarlik beskou word, sal die hantering van die hoë ekonomiese eise van die toekoms op selfmoord neerkom!

Die volgende stelling wat gemaak word, naamlik dat die artikel in *Huisgenoot* die jeug "beslis nie opgevoed het nie" (88-89:51-57), word ook geïgnoreer. Om die indruk te skep dat hy ingelig is omtrent die artikel, en dat die vraelys bewys dat dit geen indruk op die jeug gemaak het nie, grens aan die onetiese. Die voorstander het slegs na die artikel verwys as 'n bewys dat kinders toelaes in plaas van sakgeld ontvang. Volgens die inhoud van die artikel was dit geensins die bedoeling om die jeug op te voed nie (Fourie, 1986:134-135). Die enkele voorbeelde van ouers wat toelaes aan hulle kinders gee, kon hoogstens ouers aangespoor het om dieselfde te doen. Indien daar 'n vraag was: Kry u 'n toelae instede van sakgeld?, sou die teenstander kon bepaal of die gee van toelaes algemeen voorkom, of nie. Die teenstanders poog tot die onetiese toe om die voorstanders se argumente met behulp van die vraelys te weerlê, terwyl die bevindinge nie sodanige teenargumente kan waarborg nie.

Die slotstelling, naamlik dat die "opname bewys deur harde feite, sonder argumente, dat ons jeug se opvoeding met betrek- king tot die ekonomie onvoldoende is", is na aanleiding van die swak argumente en die onvolledige detail van die vraelys (vgl. p. 177), nie oortuigend genoeg nie. 'n Vraelys het die potensiaal om so 'n stelling te staaf, maar hierdie span se swak redenering het die moontlikheid geëlimineer. Die stelling sou met die nodige kwalifisering aanvaarbaarder gewees het, naamlik die opname toon bo redelike twyfel dat die jeug se ekonomiese opvoeding onvoldoende is.

Evaluering: baie swak (2).

### 5.5.2.2. Eerste voorstander

Die argument, naamlik "die opvoeding is seker genoeg en goed genoeg as die Afrikaner as wenner uit die stryd tree" (89:1-12), is onbevredigend. As bewyse word die name van die wenners genoem en die waarborg is geleë in die redenering, naamlik om as wenner uit die stryd te tree, is 'n teken dat diegene ekonomies goed genoeg opgevoed is. As 'n paar kinders of skole kompetisies wen beteken dit nog nie dat die Afrikanerjeug in die algemeen as wenner uit die ekonomiese stryd tree of dat die ekonomiese opvoeding as geheel voldoende is nie. Die argument sou sterker gewees het as ter ondersteuning gestel is wat die kompetisievereistes was waaraan voldoen moes word, asook hoeveel kinders in totaal daaraan deelgeneem het. So kon die aantal kinders wat betrokke was 'n aanduiding gewees het van die trefwydte wat hierdie nieformele opvoeding bied. Die stelling moes ook gekwalifiseer gewees het, naamlik dat die voldoende opvoeding net ten aansien van nie-formele ekonomiese opvoeding geld, tensy die voorstanders kon bewys het dat die kennis wat vereis word om deel te neem so omvattend is dat dit ten opsigte van die vier genoemde aspekte van ekonomie (78:7-11) voldoende opvoeding verskaf.

Die argument dat die twee genoemde vakke nie net akademies nie, maar praktykgerig aangebied word (90:27-34), is 'n sterk argument. Die nodige bewyse word verskaf en die versweë waarborg is dat die genoemde opdragte 'n teken van praktykgerigte onderrig is. Dit was wys van die voorstander om nie 'n breë veralgemening te maak nie, maar dit net ten opsigte van die twee vakke waarvan sy bewyse het te kwalifiseer.

Die stelling met betrekking tot inflasie (90:35-44) word nie 'n werklike argument wat die bewering van die teenstanders, naamlik dat die media die jeug onvoldoende opvoed, weerlê nie. Hier word hoogstens bewys dat klein kindertjies ook oor ekonomiese aspekte soos inflasie ingelig word. Dit bied nie genoegsame bewys dat die media voldoende opvoed nie.

Die stelling dat die sestien debatteerders genoegsaam opgevoed is (90:45-47), is moontlik waar, maar dit bewys nie noodwendig die waarheid van die proposisie wat die Afrikanerjeug betrek nie. Die stelling weerlê ook nie enige argument wat die teenstanders gemaak het nie.

Die slotstelling, naamlik "elke Afrikaner weet mos deur in sy jeug te belê

hierdie land vir sy nageslag bewaar sal bly" (90:48-50) mag waar wees, maar om dit te weet, is nie genoegsame bewys dat iets ook hieromtrent gedoen word nie. Dit dra dus nie daartoe by om die standpunt van die voorstander te versterk nie.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

**5.5.2.3. Tweede teenstander**

In die redenering ten aansien van die opvoedkundige speletjies word verskeie onbewese stellings gemaak (91:8-17). Geen bewys word verskaf dat die speletjies nie ekonomiese opvoeding verskaf nie. Die implikasie word gelaat dat die voorstanders alle ekonomiese opvoeding as "speel-speel" beskou, wat nie waar is nie. Dat die ekonomiese welstand in die hande van ons jeug is word so algemeen en ongekwalifiseerd gestel dat dit aan 'n onwaarheid grens. Indien hy gesê het dat die ekonomiese welstand in die toekoms - wanneer die jeug aan die bestuur van sake sal wees - in 'n groot mate deur hulle bepaal sal word, sou dit veel nader aan die waarheid gewees het. Dat die speletjies op finansies gerig is, word geensins bewys nie.

Die argument teen sakgeld is onoortuigend (91:19-28). Die lemmetjie-argument word hier op sakgeld toegepas. Die teenstander impliseer dat sakgeld nie vir kinders gegee moet word nie omdat dit op onverantwoordelike wyse, naamlik op drank, spandeer word. Hier is geen bewys wat die persentasie jeugdiges wat drank misbruik bevestig nie. Die misbruik van drank word foutiewelik veralgemeen en op die Afrikanerjeug van toepassing gemaak. In die tweede plek is drankmisbruik nie noodwendig net 'n gevolg van die feit dat kinders sakgeld kry nie. Beskikbaarheid van drank, tuis en tydens partytjies, swak ouertoesig en persoonlike probleme kan moontlik net so 'n groot rol speel. Die probleem word oorvereenvoudig. Om die moontlike opvoedkundige waarde van sakgeld af te maak bloot omdat 'n onsekere aantal jeugdiges drank misbruik, terwyl dit nie eens seker is of sakgeld die direkte oorsaak daarvan is nie, dui op 'n onvermoë in die vaardigheid van redenering.

Die standpunt van die teenstander wat in die lemmetjie-analogie na vore kom, rym nie met die vorige standpunt ten opsigte van opvoedkundige speletjies nie. Opvoedkundige speletjies sal juis nie soos 'n lemmetjie in 'n kind se hande wees nie, want die beginsels kan sodoende aangeleer word ter voorbereiding vir die hantering van regte geld.

In die volgende verbandhoudende stelling (91:29-34) word die skoling wat sakgeldopvoeding bied, bevraagteken, omdat dit nie kan waarborg dat dieselfde persoon in 'n leiersposisie iets vir sy land se ekonomie kan doen nie. Dit mag wel waar wees, maar die redenering berus op 'n drogredenasie. In geen opvoeding en/of opleiding van watter aard ook al kan gewaarborg word dat die betrokkenes eendag 'n sukses van hulle beroep sal maak nie. Dit beteken dan nie dat die opvoeding as sodanig swak of onvoldoende is en daarom verwerp moet word nie. Dit is foutiewe wit-en-swart-redenering.

Die stelling dat "Engelse leerlinge in oorgrote meerderheid deelneem aan hierdie kompetisies" (91:35-41), word geïgnoreer omdat geen bewys daarvoor aangevoer is nie. Die daaropvolgende stelling, naamlik "U kan dus sien dat die belangstelling is nie daar onder die Afrikaanse leerlinge nie", is geensins gestaaf nie.

Inkonsekwente redenering word geopenbaar as die "stille massa" skielik belangrik word, omdat leiers nie 'n probleem is nie en altyd daar sal wees (92:46-54). Net in die voorafgaande sakgeldargument is van die belangrike rol van leiersposisies melding gemaak (91:30-34). Dit weerspreek ook sy stelling in die konstruktiewe toespraak in verband met die leiers van môre wat opgevoed moet word om toekomseise te kan hanteer (86:62-65). Dit weerspreek ook die eerste teenstander se beklemtoning van dié jeug wat as leiers van die toekoms gaan optree (88:35-39).

Die verwerping van Karel Poskabouter (92:55-58), omdat slegs inligting gegee en inflasie nie verduidelik word nie, oortuig nie, want die ouderdom van die kind vir wie dit bedoel is, word buite rekening gelaat. Dié aspek is geensins genoem as 'n kriterium vir voldoende opvoeding nie. Die waarborg is swak; die verskaffing van inligting sonder verduideliking in verband met 'n ekonomiese fenomeen, impliseer onvoldoende opvoeding ten opsigte daarvan. Hierdie waarborg sou geldiger gewees het as senior leerlinge en studente ter sprake was.

Die tweede teenstander toon 'n onvermoë om konsekwent en logies te redeneer. Daar word nie 'n bepaalde standpunt ingeneem waarvolgens

geredeneer word nie. Elke nuwe argument toon feitlik 'n nuwe standpunt wat voriges weerspreek.

Evaluering: baie swak (2).

#### 5.5.2.4. Tweede voorstander

Die argument dat die jeug meer van die ekonomie weet as die volwassenes van vyf jaar gelede is oortuigend (92-93:11-22). Die deskundige se uitspraak lewer die bewys en word gewaarborg deur sy daaglikse ervaring en kontak met studente.

Die stelling van prof. Ockert Jordaan (93:27-30) word nie werklik as bewys gebruik en tot 'n gevolgtrekking deurgevoer nie. Dit word ook nie aan die proposisie gekoppel nie. Die stelling dat die ekonomiese opvoeding beter is as tien jaar gelede bewys dit nie noodwendig as voldoende nie. Hier ontbreek duidelike kriteria vir voldoende ekonomiese opvoeding. Verder moes sy na vorige bewyse verwys het (84:62-68; 90:27-34) of eerder nuwe bewyse aangevoer het om te staaf dat leerplanne praktykgerig is en die belangstelling in die ekonomie toegeneem het (93:31-34).

Die argument dat die opvoedkundige speletjies nie net om finansies gaan nie, word bevredigend ondersteun deur die beginsels van drie van die speletjies as bewys op te noem. Die argument sou daarby gebaat het as 'n opvoedkundige of 'n ekonoom die opvoedkundige waarde van dié speletjies vir 'n kind kon bevestig het.

Die redenering met betrekking tot die lemmetjie-argument is bevredigend, maar kon verder gevoer gewees het (93:48-51) (vgl. aanval en verdediging). Hier word die beginsel duidelik gestel waarom die voorstanders eers die maklike en voor-die-hand-liggende aspekte van ekonomiese opvoeding, naamlik sakgeld, speletjies en later kompetisies, te berde gebring het.

Evaluering: gemiddeld (5).

### 5.6. SAMEVATTENDE EVALUERING

Die debatte onder bespreking toon dat die debatteerders nog veel te leer het ten aansien van die vaardigheid om logies te kan redeneer. Dit is ook die

geval met die ander debatte wat nie hier in detail bespreek is nie.

Bewyse, wat die basis vorm waarvandaan daar geredeneer word, ontbreek dikwels. Dit maak sinvolle redenering onmoontlik. Indien bewyse wel gebruik word, is dit soms irrelevant of die kwaliteit is so swak dat die redenering daaronder ly.

Die redenering, wat die geldigheid van die gevolgtrekking moet waarborg, is dikwels foutief of nie oortuigend genoeg nie, omdat die debatteerders heel waarskynlik nie hulleself kontroleer nie. Die debatteerder behoort die Toulminmodel op sy eie argumente toe te pas om by voorbaat moontlike foute te identifiseer en uit te skakel. Indien die debatteerder die waarborg vir homself sou uitspel, sal hy moontlik self die foutiewe redenering identifiseer. Die vaardigheid, veral met betrekking tot voorbeeld en kousale redenering, is onbevredigend. Haastige veralgemenings word gemaak van te min en onbeduidende voorbeelde. Wat kousale redenering betref, word as gevolg van oorvereenvoudiging nie al die moontlike oorsake of gevolge van 'n fenomeen in berekening gebring nie. Daar bestaan ook 'n neiging om te veel aannames te maak wat in werklikheid eers bewys moet word. Dié fout staan in Engels bekend as "begging the question" (vgl. Copi, 1972:83; Ziegelmueller & Dause, 1975:200; Goodwin, 1982:65). Die debatteerder kan veeleer 'n stelling wat redelik algemeen aanvaar word onnodiglik bewys as om 'n stelling nie te bewys nie.

Die debatteerders se vermoë om te argumenteer is ook onbevredigend. Die debatteerders voer die redenering nie ver genoeg nie, deur byvoorbeeld nie aan te toon hoe die argumente gesamentlik die standpunt van elkeen ondersteun en die opponente s'n verswak om die waarheid/onwaarheid van die proposisie te bevestig nie. In die gevalle waar kriteria gestel is, moet dit konsekwent toegepas word en daar moet duidelik in die argumentering gestel word hoe aan die kriteria beantwoord word, al dan nie, om sodoende die waarskynlike waarheid van die proposisie te bevestig of te ontken.

'n Verdere punt van kritiek is die ongekwalifiseerde wyse waarop die gevolgtrekkings uitgedruk word. Die debatteerders is nie genoeg bewus van die feit dat dit in argumentering om waarskynlikhede gaan nie. Dit is nie 'n swakheid om die waarskynlike aard van 'n stelling te besef en dit aan te dui nie. Soms is 'n stelling juis foutief of ongeldig omdat dit so absoluut gestel word.

Min van die debatteerders toon genoegsame vaardigheid in die ondersteuning van die redenering of waarborg, asook in die stel van 'n voorbehoud. Dit mag die geval wees omdat hulle nie van hierdie aspekte bewus is nie. Indien beoordelaars en afrigters wel die funksie van dié aspekte aan die debatteerders oordra, kan dit die standaard van die redenering aansienlik verhoog.

Ten slotte kan die kritiek uitgespreek word dat die redenering nie altyd logies en konsekwent is nie. Weerspreking kom nie net tussen spanlede voor nie, maar selfs tussen die argumente van dieselfde debatteerder. Dit plaas 'n groot vraagteken agter die debatteerder se vermoë om te argumenteer en bring soms sy geloofwaardigheid in gedrang.

Ook wat hierdie vaardigheid betref, het beoordelaars nog 'n groot opvoedingstaak om te vervul. Indien die beoordelaars nie die foute in die redenering vir die debatteerders identifiseer nie, weet hulle meestal nie dat hulle gefouteer het nie. Dieselfde foute kan dan onwetend herhaal word. Die standaard van dié vaardigheid, wat die kruks van debattering vorm, kan deur kundige kritiek nog baie verbeter word.

# HOOFSTUK 6

# AANVAL EN VERDEDIGING

## 1. INLEIDING

Met die bespreking van die beoordelingskriteria ten aansien van aanval en verdediging kom die laaste van die vier aspekte wat gesamentlik die inhoud vorm onder die loep. In die volgende hoofstuk sal dan die evaluering van die debatteerder se vaardigheid om die inhoudelike aspekte te orden bespreek word.

Die vaardighede wat in die vorige drie hoofstukke bespreek is, sal hier telkens ter sprake kom. Dit is onvermydelik aangesien aanval en verdediging deur middel van argumentering geskied, waarvan bewyse en redenering 'n integrerende deel vorm. Die foutiewe of korrekte analise word ook deurgaans in die aanval en verdediging weerspieël. In hierdie hoofstuk word opnuut getoon hoe die verskillende vaardighede wat teoreties geskei kan word in die praktyk baie nou saamhang. Duidelikheidsonthalwe sal daar telkens na analise, bewyse en/of redenering terugverwys word.

Aanval en verdediging, wat die botsing van idees of argumente impliseer, is die mees karakteristieke eienskap van debattering. Hiersonder verloor debattering sy unieke karakter. Wood (1972:93) stel dit tereg soos volg:

> "Academic debate is not however a solitary activity; its essence is the clash of the ideas and evidence of the speakers on the two sides of the topic" (1972:93).

Aanval en verdediging is vir Capp & Capp die essensie van debattering:

> " Debate consists of building-up, tearing down, and rebuilding processes (1965:48) (vgl. ook Capp *et. al.*, 1981:33).

Die vermoë om 'n swakheid of fout in die opponente se betoog te erken, dit vir die gehoor te identifiseer asook met welslae aan te val; en om 'n aanval op jou argumente oortuigend met die nodige bewyse en logiese redenering te weerlê, is 'n kuns wat baie oefening verg. Dit onderskei die ware debatteerder van die bloot goeie openbare redenaar.

Met die oog op die beoordeling van hierdie baie belangrike en vir die debatteerder baie moeilike vaardigheid, is die hoofstuk soos volg georganiseer: Ten aanvang word die proses van aanval en verdediging omskryf waarna die plek, die wyse en die inhoud van aanval en verdediging bespreek sal word. Hierna word die sogenaamde kruisverhoor bespreek. Laastens volg die evaluering van die nou reeds bekende vyf debatte ten aansien van die kwaliteit van aanval en verdediging.

## 2. DEFINIËRING

Die betekenis van die term **aanval** binne 'n debatkonteks is redelik voor-die-hand-liggend. Volgens Ziegelmueller & Dause (1975:196) is dit "the process of attacking the arguments of an opponent in order to weaken or destroy those arguments". Volgens Patterson & Zarefsky (1983:70) word 'n aanval gerealiseer in die kritiek wat teen die opponente se konstruktiewe argumente uitgespreek word. Aanval kom ook voor as 'n teenoorgestelde standpunt ten aansien van die opponente se oorspronklike standpunt gestel word.

Met 'n aanval word gepoog om met behulp van die nodige bewyse en geldige redenering die opponente se argumente te verswak, te bevraagteken, te blokkeer, te ontken of as ongeldig te ontmasker. Die uiteindelike doel is om die opponente se standpunt so "skade te berokken" dat hulle kant van die saak onoortuigend sal voorkom.

**Verdediging** is 'n reaksie wat volg nadat 'n aanval reeds geloods is. Die "skade" wat berokken is, moet so goed moontlik herstel word (vgl. Freeley, 1976:230; Jensen, 1981:254; Patterson & Zarefsky, 1983:71). Die herstel van 'n argument geskied nie deur 'n blote herhaling van die oorspronklike argument nie, maar deurdat addisionele bewyse en/of nuwe subargumente gebruik word om die waarskynlike waarheid van die oorspronklike stelling te bevestig. Die presiese aard van die verdediging sal egter afhang van die bepaalde aspek wat aangeval is.

Hoewel aanval en verdediging van mekaar te onderskei is, is die uiteindelike doel daarmee dieselfde, naamlik om die oortuigingskrag van die opponente se standpunt te verswak en om die eie standpunt te versterk. Die resultaat van aanval en verdediging is nou verweef, want deur 'n geslaagde aanval word die sterkte van die opponente se standpunt verminder terwyl dit indirek die betrokke debatteerder s'n versterk. Die omgekeerde is ook waar; geslaagde

verdediging versterk nie net die verdediger se saak nie maar verswak ook indirek die opponente s'n.

## 3. DIE PLEK VAN AANVAL EN VERDEDIGING

Behalwe vir die eerste voorstander se konstruktiewe toespraak, behoort aanval en verdediging in elke verdere toespraak voor te kom. Dié uitgangspunt word deur al die bestudeerde bronne onderskryf. Patterson & Zarefsky stel dit die duidelikste. Hulle uitspraak kan ook as verteenwoordigend van die ander bronne beskou word:

> "The attacking and defending of arguments should occur in all speeches following the first affirmative, and even in this speech, certain pre-emptive attacks are often used as an anticipated defence of one's position" (Patterson & Zarefsky, 1983:229)(vgl. ook Freeley, 1976:231).

Die eerste voorstander kan wel by wyse van antisipasie 'n aanval rig, maar dit is nie 'n vereiste nie. Om derhalwe in 'n beoordelingsvorm 'n punt van die beoordelaar vir die eerste voorstander se aanval en verdediging te vereis, is nie sinvol nie en onregverdig teenoor die eerste voorstander.

Dit is van strategiese belang dat kerngeskilpunte so gou moontlik aangeval en/of verdedig word. Veral 'n geskilpunt met betrekking tot die definisies behoort nie eers in die repliektoesprake te berde gebring te word nie. Argumente wat nie wedersyds aangeval of verdedig word nie kan deur die beoordelaar op tweërlei wyse geïnterpreteer word: die debatteerder is nie in staat om die moontlike fout in die argument te identifiseer nie, en/of die waarskynlike waarheid van die argument kan nie betwyfel of ontken word nie.

Die belangrike plek van aanval en verdediging en die rol van die beoordelaar met betrekking tot dié aspek word deur Kleinau se uitspraak bevestig:

> "Clash is the principal ingredient of great debate... Our ideal judge should severely penalize either team for failure to clash on the key issues" (Kleinau, 1982a:228).

Goeie debattering vereis volgehoue toename in aanval en verdediging soos die argumente ontwikkel en bereik sy klimaks in die repliektoesprake. So

word 'n ketting van antwoord op antwoord en argument op argument deur die loop van die verskillende toesprake verkry (vgl. Dick 1974:63).

## 4. DIE WYSE VAN AANVAL EN VERDEDIGING

### 4.1. Algemene metode

Die welslae wat met aanval en verdediging bereik word, hang dikwels áf van die duidelike en volledige wyse waarop dit geskied. Dié aspek sal weer onder organisasie ter sprake kom. Die volgende vier stappe kan as riglyn vir die evaluering dien (vgl. Ehninger & Brockriede, 1978:210; Thomas, 1979:296):

In die eerste plek behoort die spesifieke aspek, hetsy bewyse, redenering of die argument as geheel, wat aangeval/verdedig word, aangetoon te word. Die gehoor en die opponente moet duidelik weet op watter argument of aspek daarvan die aanval/verdediging betrekking het.

In die tweede plek behoort die moontlike fout of swakheid in die genoemde aspek aangetoon te word.

In die derde plek behoort bewyse aangehaal of 'n teenargument gestel te word wat die genoemde fout/swakheid duidelik sal uitwys. In die geval waar 'n argument verdedig word, behoort ook nuwe bewyse en/of ondersteunende argumente aangevoer te word wat die waarskynlike waarheid van die oorspronklike argument opnuut sal bevestig.

In die vierde plek behoort die aanval/verdediging met die proposisie of die algehele standpunt van albei spanne in verband gebring te word. Die debatteerder moet aantoon op watter wyse en in watter mate die aanval/verdediging die proposisie se waarskynlike waarheid/onwaarheid bewys, asook hoe dit die opponente se saak verswak en/of die eie span se saak herstel en opnuut versterk het.

Dié stappe wat nie noodwendig in die genoemde volgorde hoef te geskied nie, is 'n belangrike kriterium in die evaluering van die wyse waarop aanval en verdediging geskied. Stappe 1, 2 en 3 kan ook haas gelyktydig geskied. Dit spreek vanself dat die inhoud ook in berekening gebring moet word. Die gestelde bewyse en redenering moet aan die kriteria beantwoord wat daarvoor gestel is en die aanval/verdediging moet op argumente wat in die debat voor-

gekom het, en nie op hipotetiese "strooipoppe" nie, betrekking hê (vgl. p. 272).

Die oneffektiwiteit van aanval en verdediging is dikwels te wyte aan die afwesigheid van stappe 3 en 4; ondersteunende bewyse of argumente ontbreek en die positiewe of negatiewe effek wat die aanval/verdediging op die spanne se standpunte het, word nie eksplisiet gestel nie.

### 4.2. Spesifieke metodes van aanval en verdediging

#### 4.2.1. Punt-vir-punt aanval

Dié metode kan baie geslaagd toegepas word aangesien die kwantiteit daarvan die opponente kan oorweldig. Indien die aanval inhoudelik korrek is en met kwalitatiewe bewyse ondersteun word, kan dit baie effektief wees. Die moontlike gevaar hieraan verbonde is dat minder belangrike aspekte aangeval word en belangrike argumente weens 'n gebrek aan tyd agterweë kan bly. 'n Verdere probleem is dat sommige onervare debatteerders net 'n opsomming van die opponente se argumente gee en bloot die waarheid daarvan ontken, sonder om die spesifieke foute te identifiseer of die nodige bewyse ter ondersteuning aan te voer.

Ter verweer van 'n sodanige aanval kan die opponent ook 'n punt-vir-punt verdediging aanvoer. Die opponent kan die onbelangrikheid van sommige punte uitwys en konsentreer op die verdediging van dié punte wat hulle saak die meeste skade berokken het.

#### 4.2.2. Die stel van vrae

Om vrae aan die opponente te vra is ook 'n manier om aan te val. Vrae oor enige aspek van die debat is geoorloof, mits dit nie doelbewus irrelevant, misleidend en onnodig baie is nie, om sodoende die opponente te dwing om, ten koste van hulle eie betoog, kosbare tyd te mors nie. Die vrae moet regverdig wees en van die debatteerder se eie hoë etiese standaarde getuig. Volgens Patterson & Zarefsky (1983:80) behoort vrae gevra te word waarvan die antwoorde nie maklik en voor-die-hand-liggend is nie, behalwe in die geval waar die resentheid of deskundigheid van uitsprake bevraagteken word. Die moontlike antwoord behoort die opponente in 'n moeilike posisie te plaas met betrekking tot ander argumente in die betoog. Die vraesteller behoort ook die implikasies van die moontlike antwoord aan te dui deur daarop te wys dat die

opponente se argument sal staan of val afhangende van die welslae van die antwoord. Om egter net vrae te gebruik, is nie 'n goeie aanvalstrategie nie. Ook ander metodes behoort gebruik te word.

Die verdediger behoort so goed en volledig moontlik op vrae te antwoord. Deur nie 'n vraag te beantwoord nie, kan die indruk geskep word dat die verdediger uitoorlê is, wat hulle saak baie skade kan berokken. Indien die vrae egter onbillik, irrelevant of doelbewus baie is, moet die verdediger dit met die nodige motivering uitwys en ignoreer.

**4.2.3. Die stel van teenargumente**

'n Aanval kan geskied deur 'n teenargument te stel om die oorspronklike argument te bevraagteken of selfs as waarskynlik onwaar te bewys. In so 'n geval word die bewyse en/of redenering nie direk aangeval nie, maar word gepoog om met die kwalitatief sterker teenargument die oorspronklike argument as't ware te troef. Indien die opponent se argument slegs deur 'n enkele ongeïdentifiseerde deskundige uitspraak gestaaf is, kan die aanvaller byvoorbeeld 'n teenargument stel wat deur resenter, onpartydiger en deskundiger uitsprake gestaaf word.

Die weerlegging van 'n teenargument kan op enige wyse geskied. Die verdediger kan 'n verdere teenargument stel of moontlike foute en swakhede in die opponent se teenargument identifiseer, wat die aanval as't ware skadeloos sal maak; of die verdediger kan sy oorspronklike argument opnuut met bewyse en/of verdere inligting ondersteun, wat dit kompeterend met die aanvaller se teenargument sal maak.

**4.2.4. Die stel van 'n dilemma**

Beleidsdebattering bied 'n groter moontlikheid om dilemmas te stel as in 'n debat oor waarskynlike feite. In die stel van 'n dilemma word die opponente se argumente tot twee onmoontlike of onwenslike alternatiewes gereduseer. Dit is alleen geldig as die twee alternatiewes die enigste moontlikhede is, as hulle mekaar wedersyds uitsluit en indien albei onwenslik of selfs onwaar is. Beagle som die essensie van 'n dilemma baie goed op:

> "What the debater in essence says is this: 'I have examined your idea (or proposal) very carefully, and it seems to me that it can be broken

down into two possibilities or alternatives, and neither is acceptable'"
(Beagle, 1982:217).

Die volgende is 'n hipotetiese voorbeeld wat moontlik deur 'n lid van die opposisie aan die regerende party gestel kan word oor die kwessie of die huidige hervormings geslaagd is en voortgesit moet word al dan nie: 'n Voortsetting van hervorming, wat meer regte vir Swart inwoners sal meebring, sal die Wit alliansie sodanig vervreem en konsolideer dat die regerende party die meerderheidstem sal verloor. Hierteenoor sal 'n staking van die hervormings die Swart alliansie tot sodanige opstand aanspoor dat die land onregeerbaar sal word.

'n Dilemma kan oorkom word deur te bewys dat een van die twee alternatiewes wel aanvaarbaar of wenslik is of dat dit 'n vals dilemma is, aangesien daar wel 'n derde aanvaarbare alternatief is (Jensen, 1981:270).

Wat die bogenoemde voorbeeld betref, kan die volgende hipotetiese reaksies gestel word: Dit is 'n vals dilemma aangesien die pas van hervorming sodanig aangepas kan word dat alle betrokkenes tevrede sal wees, of dat die voortsetting van hervorming nie die regerende party sy meerderheidsteun sal laat verloor nie omdat die bykomende Wit linkse partye vir die verlies na regs sal vergoed, of dat die pas van hervorming vertraag sal word en die moontlike Swart opstand met militêre geweld onderdruk sal word.

**4.2.5. Die omruil van rolle**

Die omruil van rolle is 'n metode van aanval waar die debatteerder die opponent se stellings of bewyse aanvaar en dan aantoon hoe dit in werklikheid sy span se standpunt ondersteun. Indien dié metode korrek en geregverdig toegepas word, kan dit 'n sterk aanvalstrategie wees. Dit kan veral met betrekking tot bewyse geskied, naamlik dat die opponent se bewys gebruik word om tot 'n teenoorgestelde gevolgtrekking te kom wat die standpunt van die aanvaller ondersteun. So kon die teenstanders in debat (86 H 1) byvoorbeeld aangevoer het dat die uitsprake van president P.W. Botha en dr. Gerhard de Kock (50:16-17; 50-51:46-50) juis die teenstanders se standpunt bewys, aangesien die genoemde uitsprake per definisie nie van 'n oormatige nie, maar van 'n matige reaksie getuig.

Die verdediger kan in so 'n geval steeds met die oorspronklike argument vol-

hou indien hy kan aantoon dat die nuwe interpretasie of redenering van die aanvaller ongeldig is. Indien die omruiling geldig is behoort die verdediger dit te erken, maar dan moet hy kan aantoon dat dit onbelangrik is en nie werklik sy standpunt verswak nie, aangesien daar ander sterker bewyse is wat hulle standpunt staaf.

### 4.2.6. Herleiding tot die absurde

Hierdie metode staan algemeen onder die Latynse benaming bekend as "reductio ad absurdum" (Thompson, 1971:223; Jensen, 1981:271). Hier word die bewyse of redenering nie direk aangeval nie, maar die versweë waarborg van die argument word tot sy absurde konsekwensies deurgetrek. Hierdie tegniek poog om ondeurdagte argumente en ongeldige redenasies aan die kaak te stel.

In debat (85 H 1) kon die teenstanders die argument van die voorstanders, naamlik dat welvaart en vooruitgang sal voorkom omdat demokrasie op 'n gesonde Calvinistiese beginsel berus, tot 'n absurditeit herlei het: In alle huwelike gaan dit goed en voorspoedig want die huwelik berus op 'n gesonde beginsel; dit is deur God ingestel. Die versweë waarborg is die volgende: Alle fenomene wat op 'n gesonde beginsel berus, sal noodwendig in die praktyk voorspoedig/welvarend/gesond wees.

Die verdediger teen 'n sodanige aanval kan, indien dit so is, aantoon dat die aanvaller die versweë waarborg foutief afgelei het en dat die stel van die absurditeit dus ongeldig is. Die verdediger kan ook ander bewyse of geldige argumente stel wat tot dieselfde gevolgtrekking kom as die oorspronklike argument. Die verdediger moet deurgaans poog om sy oorpronklike standpunt met nuwe argumente te staaf, al het die aanvallers daarin geslaag om 'n enkele argument deur middel van dié tegniek suksesvol aan te val.

### 4.2.7. Foutiewe metodes

Dit is baie belangrik in opvoedkundige debattering dat die tegnieke wat in aanval en verdediging gebruik word eties verantwoord sal wees. Debatteerders wat doelbewus poog om opponente te mislei of te verkleineer, behoort gepenaliseer te word.

'n Algemene fout wat dikwels voorkom is dat opponente se woorde verdraai

word, of hulle argumente gerieflikheidshalwe tot op so 'n vlak oordryf word dat dit maklik aangeval kan word:
**Stelling:** Geskiedenis as vak geniet in enkele skole redelik min belangstelling.
**Aanvaller:** U het beweer dat daar op skool geen belangstelling in Geskiedenis is nie.

Die grootste fout wat 'n aanvaller kan maak is om 'n strooipop te bou en hom dan af te skiet. Dit kom voor as die opponente argumente in die mond gelê word wat hulle nooit geopper het nie. Dit is gewoonlik die gevolg van aanvalsargumente wat by wyse van antisipasie vooraf beplan is en in die debat gebruik word, ongeag wat die opponente se werklike argumente was.

## 5. DIE INHOUD VAN AANVAL EN VERDEDIGING

### 5.1. Algemeen

Die debatteerder het drie moontlikhede ten aansien van elke konstruktiewe en teenargument van die opponente. Die waarheid van die argument kan erken word, of die argument kan geïgnoreer word deur nie daarop te reageer nie, of die argument kan op een van die genoemde wyses aangeval word.

Volgens Braden & Brandenburg (1955:449), Patterson & Zarefsky (1983:112) en Sheckels (1984:112) hou dit vir die debatteerder geen voordeel in om, teen sy eie beterwete in, die waarheid van 'n algemeen erkende feit te ontken en aan te val nie. Dit kan selfs die aanvaller se eie saak verswak. Die goeie debatteerder is eerlik en regverdig en poog nie om ten alle koste elke argument te wen nie. Die waarheid van die opponent se argument behoort erken te word indien dit so is, maar moontlik kan die debatteerder dit as irrelevant of van minder belang bewys. In so 'n geval moet die debatteerder poog om te bewys dat sy ander argumente beter en betroubaarder is, omdat dit deur sterk bewyse ondersteun is, of die waarheid/onwaarheid van die proposisie oortuigender bewys.

Irrelevante en minder belangrike argumente kan moontlik geïgnoreer word, mits die kernargumente waarop die opponente se betoog gebou is, wel aangeval word. Indien 'n gevolgtrekking wat deur meer as een subargument gestaaf word met welslae aangeval kan word, hoef elke subargument nie aangeval te word nie. Dieselfde geld vir argumente wat met 'n verskeidenheid bewyse ondersteun word. As die argument met oortuiging aangeval kan word,

kan die individuele bewyse geïgnoreer word. Indien die debatteerder egter nie die finale argument met welslae kan aanval nie, behoort die subargumente of enkele bewyse aangeval te word om sodoende die oortuigingskrag van die finale argument te verminder. Indien 'n debatteerder geen grondige bewyse kan aanvoer om 'n argument aan te val of te verdedig nie, het hy feitlik geen ander keuse as om dit te ignoreer nie. Dit is egter 'n swak strategie, want die gevolgtrekking word gemaak dat so 'n argument goed en onbetwisbaar is. Die ideaal is dat die debatteerder so goed navorsing moet doen dat hy genoeg bewyse in voorraad het om op elke moontlike argument te kan reageer.

Weens die beperkte tyd kan nie elke individuele argument of bewys aangeval word nie. Die beoordelaar moet bepaal of die debatteerder sy aanval en verdediging rig op dié argumente wat van strategiese belang is. Dit is dié argumente en bewyse wat van deurslaggewende belang is om die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie te staaf.

In die debatteerder se rol as kritiese opponent vervul hy as't ware 'n soortgelyke funksie as dié van die beoordelaar. Die debatteerders behoort ook krities na mekaar te luister om moontlike foute en swak skakels te identifiseer, nie om dit te evalueer nie, maar om die foute aan te val. So word gepoog om die opponente se argumente te elimineer sodat die debatteerder s'n sterker kan vertoon; as't ware soos in 'n skaakspel waar elkeen poog om so veel moontlik pionne (argumente) te verwyder om uiteindelik 'n skaakmatposisie te probeer bewerkstellig.

Die drie aspekte waarop 'n aanval gerig kan word is analise, bewyse en redenering. Die debatteerders behoort presies dieselfde kriteria wat beoordelaars op hulle toepas, op mekaar toe te pas om foute te identifiseer. Die beoordelaar moet bepaal hoe vaardig die debatteerders is in die toepassing van die kriteria op mekaar. Hierdie kriteria word nie weer hier volledig beskryf nie aangesien dit in die vorige drie hoofstukke volledig bespreek is. Om duplisering te vermy word die verskillende kriteria hier net genoem. Die aangeduide bladsye verwys na die volledige bespreking daarvan in die vorige hoofstukke.

**5.2. Aanval op analise**

In sy poging om foute te identifiseer kan die debatteerder homself die volgende afvra:

* Is die proposisie korrek as 'n proposisie van feite, interpretasie, waardeoordeel of beleid geïnterpreteer? (vgl. p. 67).
* Is die afsonderlike woorde of begrippe korrek en regverdig gedefinieer? (vgl. p. 74).
* Is die geskilpunte wat geïdentifiseer is werklik relevant ten aansien van die proposisie? (vgl. p. 80).

### 5.3. Aanval op bewyse

Hier kan die volgende vrae as rigsnoer dien om foute te identifiseer.

#### 5.3.1. Algemeen

* Is die sogenaamde feite wat in bewyse gebruik word waar?
* Is die bewyse relevant met betrekking tot die stelling wat daarop gegrond is?
* Is die bewyse resent genoeg en word alle aanhalings gedateer?
* Is die bewyse genoegsaam vir die argumente wat daarop gegrond is?
* Is die bewyse intern en ekstern konsekwent?
* Word die bewyse werklik benut om die opponent se standpunt te ondersteun? (vgl. p. 128).

#### 5.3.2. Voorbeelde

* Is die voorbeelde van die opponente bekende feite, genoegsaam, tipies, beduidend en resent?

'n Aanval kan gerig word indien voorbeelde nie aan die genoemde kriteria beantwoord nie. Die aanvaller moet ook bepaal of daar nie moontlike teenvoorbeelde is wat die opponent gerieflikheidshalwe verswyg het nie. Die noem van teenvoorbeelde kan die geldigheid van die opponente se voorbeelde moontlik sterk betwyfel of selfs elimineer (vgl. p. 131).

#### 5.3.3. Statistiek

Statistiek word dikwels misbruik en die volgende vrae kan help om 'n fout te identifiseer.

* Is die bron gemeld en as betroubaar en onpartydig geïdentifiseer?

* Is die statistiek van 'n primêre bron verkry?
* Is die statistiek resent genoeg?
* Is die begrippe in vergelykende statistiek deurgaans dieselfde?

Die volgende vrae het veral betrekking op statistiek waarvan die debatteerder self die bron is, maar kan ook op ander statistiek toegepas word:

* Is die statistiek gebaseer op 'n korrek saamgestelde voorbeeldgroep?
* Is die grootte van die steekproef bevredigend?
* Indien ter sake, is die tydperk wat gedek word lank genoeg?
* Is die begrippe duidelik gedefinieer en konsekwent toegepas?
* Word daar vir moontlike foute voorsiening gemaak?
* Word die gemiddelde wat gebruik word duidelik gespesifiseer?
* Is die basis waarvolgens die persentasie uitgedruk word redelik en regverdig?
* Word vergelykings tussen vergelykbare eenhede getref?
* Is die statistiek beduidend genoeg om 'n stelling te bewys?
* Is die statistiek 'n geldige indeks van die fenomene ter sprake?
* Word die statistiek nie oorskat nie?(vgl. p. 134).

**5.3.4. Deskundige uitsprake**

Die volgende vrae kan hier as kriteria gebruik word. Reedsgenoemdes word opsommenderwys gestel:

* Is die uitspraak relevant, resent, intern en ekstern konsekwent, verstaanbaar en in die betoog geïnkorporeer?
* Is die deskundige onpartydig en 'n werklike kenner ten aansien van die punt onder dispuut?
* Is die aangehaalde uitspraak volledig gedokumenteer?
* Is die uitspraak uit 'n primêre bron verkry?
* Is die deskundige, in dié mate wat dit bepaal kan word, korrek en binne konteks aangehaal?
* Onderskei die opponent tussen 'n feitestelling en 'n mening?
* Word die redes vir 'n deskundige se gevolgtrekking vermeld?

Bo en behalwe die bostaande kan die volgende vrae ten opsigte van aanhalings uit die media gevra word:

*	Is die bron onpartydig en kan die opponente dit bewys? Hier moet bepaal word of die opponente rekening hou met die bron se persoonlike simpatie met of verbintenis aan 'n bepaalde instansie, borg of politieke party.
*	Is die aanhaling as kommentaar of direkte verslaggewing aangedui? (vgl. p. 141).

**5.4. Aanval op redenering**

Al is die debatteerders nie met die Toulminmodel vertroud nie, kan hulle die verskillende aspekte daarvan op mekaar van toepassing maak om moontlike foute te identifiseer:

*	Word die argumente met oortuigende bewyse ondersteun?
*	Verskaf die redenering 'n logiese waarborg vir die sprong vanaf bewyse na die stelling?
*	Is die waarborg oortuigend genoeg of behoort dit met verdere bewyse ondersteun te word?
*	Word stellings gekwalifiseer?
*	Is daar moontlike voorbehoude en hou die opponente daarmee rekening? Daar moet met ander woorde bepaal word of daar faktore aanwesig is wat die geldigheid van 'n stelling beperk of selfs kan elimineer (vgl. p. 187).

Wat die waarborge betref kan die debatteerder spesifieke vrae vra wat op die verskillende soorte waarborge betrekking het.

**5.4.1. Kousaal**

*	Is daar 'n noodwendig relevante verwantskap tussen die beweerde oorsaak en gevolg, of is dit 'n toevallig chronologiese volgorde?
*	Is die genoemde oorsaak werklik in staat om die effek tot gevolg te hê?
*	Word oorsaak en gevolg nie verwar nie?
*	Word 'n gekompliseerde effek wat verskeie oorsake het oorvereenvoudig en aan een oorsaak gekoppel?
*	Is daar moontlike teenwerkende oorsake? (vgl. p. 194).

### 5.4.2. Teken

* Is daar 'n onbetwisbare verwantskap tussen die twee betrokke fenomene, of is dit toevallig? Die toets lê daarin dat bepaal moet word of die een fenomeen noodwendig 'n gepaardgaande simptoom van die ander een is.
* Is daar faktore wat die tekenverwantskap teëwerk? (vgl. p. 196).

Aangesien tekenredenering dikwels ook kousale verwantskappe insluit, kan die vrae daaronder ook hier van toepassing gemaak word.

### 5.4.3. Analogie

* Is daar genoeg essensiële aspekte van ooreenkoms tussen die twee fenomene?
* Is die aspekte van ooreenkoms ter sake vir die analogie?
* Is die verskille nie meer en relevanter as die van ooreenkomste nie? (vgl. p. 199).

### 5.4.4. Veralgemening

Hier kan 'n samevattende vraag gestel word:

* Is die voorbeelde waarop die veralgemening berus waar, relevant, genoegsaam, tipies, beduidend en resent, en is daar met negatiewe voorbeelde rekening gehou? (vgl. p. 201).

### 5.4.5. Klassifikasie

* Is die veralgeming, wat as bewys dien, waar en korrek?
* Kan die veralgemening geklassifiseer word en op elke individuele item/individu daarbinne toegepas word? (vgl. p. 202).

### 5.4.6. Deskundige waarborge

* Is die besondere bekwaamheid en eerlikheid van die deskundige genoegsaam aangedui om die stelling se geloofwaardigheid te waarborg?
* Is die genoemde bekwaamheid ter sake vir die punt onder dispuut?

* Word irrelevante etikettering gebruik? (vgl.p. 204).

### 5.4.7. Emosionele waarborge

* Is die emosionele waarborg op algemeen aanvaarde norme gebaseer?
* Word emosionele waarborge ten koste van rasionele waarborge en konkrete bewyse gebruik?
* Word ongeldige emosionele waarborge gebruik: streling van die gehoor se ego, misplaaste appèl op die gehoor se jammerhartigheid, meegevoel, vrese, of enige latente emosie van die gehoor, ongeregverdige appèl op gewoonte, of 'n oordrewe appèl op die lewering as middel om die gehoor te oortuig? (vgl. p. 205).

### 5.4.8. Algemene foute

* Word die bewyslas ontduik? Dit geskied deur die verpligting om 'n saak te bewys aan die opponente oor te dra; die basis van die argument te verskuif; te antwoord met 'n teenbeskuldiging; en/of te aanvaar wat nog bewys moet word.
* Word 'n oordrewe appèl op die afwesigheid van bewyse gemaak?
* Pas die opponente sirkelredenering toe?
* Pas die opponente foutiewe wit-en-swart-redenering toe?
* Verswyg die opponente 'n ongeldige waarborg? (vgl.p. 208).

Bogenoemde vrae kan die debatteerders ten opsigte van mekaar vra om foute te identifiseer met die oog op 'n moontlike aanval. Die beoordelaar moet bepaal of die debatteerders wel foute kan identifiseer, en indien wel, of hulle 'n geslaagde aanval kan maak. Hierna moet bepaal word of die opponente die aanval met welslae kan weerlê. Indien nie, is dit 'n teken dat die aanval geslaagd was en dat die opponente nie in staat is om hulle te verdedig nie, tensy hulle 'n oortuigende rede kan verskaf waarom hulle nie op die aanval reageer nie.

## 6. KRUISVERHOOR

Kruisverhoor word onder aanval en verdediging bespreek aangesien vraag-en-antwoord een van die metodes is waarop aanval en verdediging kan geskied. Die bedoeling van die beoordelaars, wat 'n skriftelike vraag aan elke debat-

teerder stel, is egter nie om die debatteerder werklik aan te val nie. Die doel "is om onduidelikhede wat nog bestaan, uit die weg te ruim en om aspekte van die debatteerder se agtergrondkennis te toets" (Junior Rapportryerbeweging, 1987:20). Die kruisverhoor bied dus aan die debatteerders 'n laaste kans om 'n fout te herstel, of hulle duideliker uit te druk, of om te toon dat hulle kennis oor die onderwerp bevredigend is.

Gewoonlik word daar na afloop van die debat, deur die beoordelaars gesamentlik, 'n skriftelike vraag vir elke debatteerder gestel. Elke debatteerder kry twee minute vir voorbereiding en 'n maksimum van twee minute om die vraag te beantwoord. Die kruisverhoor geskied in dieselfde volgorde as dié van die konstruktiewe toesprake. Die voorbereidingstyd van die laaste drie debatteerders geskied in dieselfde tyd wat die vorige debatteerder sy vraag beantwoord.

**6.1. Kritiese bespreking**

Myns insiens kan die tyd wat aan die kruisverhoor bestee word, naamlik ongeveer 15 minute (8 minute vir antwoorde plus 2 minute vir voorbereiding van die voorstander plus minstens 5 minute vir die beoordelaars om die vrae te formuleer) op 'n beter manier benut word, aangesien die kruisverhoor dikwels nie aan sy doel beantwoord nie. Die volgende redes word ter motivering aangevoer:

In die ware sin van die woord is die enkele skriftelike vraag en mondelinge antwoord nie 'n werklike kruisverhoor nie. Kruisverhoor behoort mondeling te geskied en nie tot een vraag beperk te word nie. Volgens die JR is die kruisverhoor "die enigste kommunikasiegeleentheid tussen hulle (beoordelaars) en die debatteerders" (Junior Rapportryerbeweging, 1987:20). Dit is egter nie werklike kommunikasie nie omdat wedersydse terugvoer ontbreek (vgl. McCroskey, 1986:5-11). Die beoordeling van die debat kan myns insiens na die laaste repliektoespraak afgesluit word en die kruisverhoor kan vervang word met 'n kritiese bespreking tussen beoordelaars en debatteerders oor die positiewe en negatiewe aspekte wat in die debat na vore gekom het. Dit kan die opvoedkundige waarde aansienlik verhoog.

'n Verdere probleem lê daarin dat die ekstra verpligting maklik die beoordelaar se aandag so kan opeis dat die soeke na 'n moontlike vraag ten koste van die evaluering van die vaardighede kan geskied. Hoe swakker die vaar-

dighede van die debatteerder, hoe makliker is dit om vrae te identifiseer, maar hoe beter die vaardighede, hoe moeiliker is dit om vrae te identifiseer. Die beoordelaar loop ook gevaar om in die opstel van 'n vraag wat oor 'n aspek in die konstruktiewe toespraak handel, die debatteerder nie heeltemal korrek aan te haal nie. Verder is dit soms die geval dat vrae van ongelyke moeilikheidsgraad is. Dit is nie regverdig teenoor die verskillende debatteerders nie.

'n Volgende punt van kritiek is die aantal punte wat aan die antwoord toegeken word. Dit is buite verhouding om aan 'n enkele antwoord dieselfde punt (10) toe te ken as vir 'n belangrike aspek soos die repliektoespraak se aanval en verdediging. In vergelyking met die debat in die geheel tel die enkele antwoord die helfte van die debatteerder se punt wat hy vir bewyse of redenering of aanval en verdediging kan verdien.

Ten spyte van die wanbalans in die punteverhouding is gevind dat in geeneen van die debatte wat bygewoon is die punt vir die kruisverhoor 'n verskil aan die finale uitslag gemaak het nie. (Dit sou wel kon gebeur waar spanne van gelyke gehalte is en die punt vir die kruisverhoor die deurslag moet gee.) Daar is gevind dat die kwaliteit van die antwoord gewoonlik swakker is as die vaardigheid wat in die debat getoon is. Tog is daar, met enkele uitsonderings, 'n beduidende korrelasie tussen die kwaliteit van die antwoord en die kwaliteit van die debattering.

### 6.2. Aanbevelings

Indien die JR wel oortuig is dat kruisverhoor in die huidige vorm nodig is, behoort 'n addisionele en kundige persoon betrek te word wat alle moontlike vrae in die loop van die debat kan neerskryf, soos dit by die eindrondte wel die geval is. Dié vrae kan dan aan die beoordelaars voorgelê word om daaruit 'n keuse te maak. Verder hoef daar nie vir die kruisverhoor 'n aparte punt op die beoordelingsvorm voorsiening gemaak te word nie. Die punt van dié aspek waarop die vraag betrekking het, kan na aanleiding van die antwoord in heroorweging geneem word. Met ander woorde, as die vraag op die redenering in die konstruktiewe toespraak betrekking het, kan die betrokke punt volgens die geslaagdheid van die antwoord dienooreenkomstig verminder, gehandhaaf of vermeerder word.

As alternatief kan die bestaande en gewilde formaat, naamlik die kruisver-

hoordebat, gebruik word. Volgens Baird (1982:47) is hierdie formaat die standaardprosedure vir opvoedkundige hoërskooldebattering in Amerika. Die prosedure is soos volg:

| | |
|---|---|
| Eerste voorstander se konstruktiewe toespraak | 8 minute |
| Tweede teenstander neem eerste voorstander onder kruisverhoor | 3 minute |
| Eerste teenstander se konstruktiewe toespraak | 8 minute |
| Eerste voorstander neem eerste teenstander onder kruisverhoor | 3 minute |
| Tweede voorstander se konstruktiewe toespraak | 8 minute |
| Eerste teenstander neem tweede voorstander onder kruisverhoor | 3 minute |
| Tweede teenstander se konstruktiewe toespraak | 8 minute |
| Tweede voorstander neem tweede teenstander onder kruisverhoor | 3 minute |
| Eerste teenstander lewer repliek | 4 minute |
| Eerste voorstander lewer repliek | 4 minute |
| Tweede teenstander lewer repliek | 4 minute |
| Tweede voorstander lewer repliek | 4 minute |

(Vgl. Thompson 1971:294-300; Baird, 1982:46-49; Patterson & Zarefsky, 1983:256-281; Sheckels, 1984:201-231.)

Binne hierdie formaat vind kruisverhoor dan werklik tussen die debatteerders plaas waar wedersydse mondelinge terugvoer die essensie vorm. Die inligting wat so verkry word, word dan in die konstruktiewe en repliektoesprake gebruik vir verdere aanval en verdediging. Alvorens hierdie formaat gebruik word behoort die debatteerders eers deeglik ingelig te word oor die doel van so 'n kruisverhoor, die tipe vrae wat gevra kan word en die verpligtinge van beide vraesteller en respondent.

'n Derde aanbeveling blyk op dié tydstip die beste alternatief te wees. Die kruisverhoor in sy huidige vorm behoort afgeskaf te word. In die plek daarvan behoort twee veranderings aangebring te word:
In die eerste plek behoort die tydsduur van die toesprake verleng te word sodat debatteerders genoeg tyd het om die kwaliteit van die argumentering te verbeter. Meestal is die gebrek aan genoegsame bewyse, swak koppeling van argumente aan die proposisie en onvoldoende aanval en verdediging aan 'n

gebrek aan tyd te wyte. Dikwels ontbreek diepte in die argumente ook as gevolg van die min tyd. Dieselfde tyd wat aan die kruisverhoor afgestaan is kan gebruik word om die konstruktiewe toesprake met 2 minute en die repliektoesprake met 1 minuut te verleng - 'n totaal van 12 minute wat normaalweg deur die kruisverhoor in beslag geneem sou word. Die debatteerder kry dan genoeg tyd om met kwalitatiewe argumentering vorendag te kom. Die foute of onvermoë wat dan nog blyk, sal heel waarskynlik nie met 'n enkele antwoord reggestel kan word nie.

Tesame hiermee behoort na afloop van elke debat 'n kritiese samespreking tussen beoordelaars en debatteerders te geskied. Hier kan dan sinvolle kommunikasie oor die positiewe en negatiewe aspekte van die debat geskied. Die praktyk het getoon dat debatteerders in hulle beantwoording van die vrae dikwels dieselfde fout(e) herhaal wat in die debat gemaak is, omdat hulle meestal nie besef dat hulle fouteer nie. In 'n bespreking kan die beoordelaars die foute vir die debatteerders identifiseer en kan die debatteerders ook reageer indien daar oor enige aspek onduidelikheid is. So 'n samespreking behoort meer opvoedkundige waarde en betekenis te hê as die kruisverhoor in sy huidige vorm.

## 7. EVALUERING

Die evaluering van aanval en verdediging sal geskied soos dit chronologies in elke debat voorkom. Waar foutiewe redenering of swak bewyse deel van die aanval en verdediging vorm, en die fout reeds in die vorige twee hoofstukke bespreek is, word dit nie weer volledig bespreek nie. Waar nodig sal dan na die betrokke bladsye terugverwys word.

Dié aspekte waarop die debatteerders 'n verdere moontlike aanval en verdediging kon rig, word teen die einde van elke evaluering aangedui. Hier sal eerstens gewys word waar daar ten aansien van analise en dan ten aansien van bewyse en redenering gesamentlik gereageer kon word.

Na aanleiding van die standpunt met betrekking tot die kruisverhoor wat hierbo gestel is, word die antwoorde nie bespreek of geëvalueer nie. Daar word wel volgens 'n vyfpuntskaal 'n evaluering van die eerste voorstander se aanval in die konstruktiewe toespraak gemaak, ten spyte van die standpunt dat dit nie sinvol is nie (vgl. p. 62). Dit word gedoen om aan te toon dat daar in die eerste toesprake weinig van aanval of verdediging tereg kom, maar ook

ter wille van die voltooiing van die beoordelingsvorm wat as tweede keuse voorgestel is. Die res van die toesprake se evaluering geskied, soos die ander vaardighede, volgens 'n tienpuntskaal.

## 7.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (1986 U 1)

### 7.1.1. Konstruktiewe toesprake

#### 7.1.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander verwys twee keer na die opponente (2:51-55; 3:72-77). Slegs in die tweede verwysing word ' n moontlike argument geantisipeer en poog sy om by voorbaat 'n teenargument te stel. Die "verdediging" sou geslaagd gewees het as daar 'n bewys was vir die stelling dat "dit nie die hoeveelheid nie, maar die gehalte (is) wat tel" (3:75-77). Sy moes ook bewys het dat die beroepsvrou wel hierdie gehalte liefde aan haar kind gee.

Evaluering: Swak (1/5).

#### 7.1.1.2. Eerste teenstander

Die teenstander meld dat sy nie met die voorstander se definisies saamstem nie sonder om presies die verskille aan te dui (3:1-3). Dit is 'n onbevredigende en onvolledige aanval.

Die volgende aanval is in die vorm van 'n uitdaging (3-4:7-11). Die ironie is dat die teenstanders self geensins opvoedingsgebeure op die kerklike terrein te berde bring nie en weinig oor die sogenaamde "totale samelewing" te sê het.

Die laaste uitdagings aan die voorstanders word in die vorm van vrae gestel (6:110-119). Behalwe die laaste vraag is die res irrelevant. Dit is ook nie "werklike argumente" nie (6:119), maar blote bewerings.

Die teenstander rig verskeie uitdagings aan die voorstanders terwyl sy self geen werklike aanval rig op enige aspek van die eerste voorstander se betoog nie. Daar bestaan verskeie moontlikhede waarop 'n aanval gemaak kon word:

* Die vaagheid in die omskrywing van opvoedingsgebeure (1:16-23).
* Die afwesigheid van 'n omskrywing van en kriteria vir **plek vol staan.**
* Die misbruik van Fil.4:13 (1:1-6).
* Die irrelevansie om Eva se skepping as bewys van die waarheid van die proposisie aan te voer (2:32-39).
* Die aanname dat 'n onderwyseres noodwendig haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan (2:56-64).
* Die onvoldoende en nie-tipiese voorbeeld van mej. Steyn as voorbeeld van die beroepsvrou wat haar plek vol staan (2:64-71).
* Die gebruik van 'n onwetenskaplike bron soos *Rooi Rose* en die onvolledige inligting (3:77-78).

Die teenstander kon die uitspraak van die sielkundige erken het, maar dit so gestel het dat dit nie op die meerderheid huisvrouens betrekking het nie, tensy die voorstanders dit kan bewys (3:79-87). Die teenstander kon die voorstander daarop gewys het dat die uitspraak geensins bewys dat die beroepsvrou noodwendig haar plek vol staan nie.

Evaluering: baie swak (1).

**7.1.1.3. Tweede voorstander**

Die reaksie op die eerste teenstander se uitdagings is onbevredigend omdat dit nie met bewyse gestaaf is nie (9:71-74).

Die enigste aanval van die tweede voorstander is in die vorm van vrae (7:26-30). Die eerste vraag is irrelevant en die tweede een is vaag omdat "daardie groepe" nie duidelik aangedui is nie. Waarskynlik word hier na die kinders van die nie-werkende ma's verwys. Die fout met dié vraag is dat die bewyslas na die teenstanders verskuif word. Dit is die voorstander se plig om met behulp van uitsprake of statistiek te bewys dat die ekstra inkomste van beroepsvroue die gevolg het dat hulle kinders veel meer aan buitemuurse bedrywighede kan deelneem as die kinders van nie-werkende ma's.

Die tweede voorstander kon die volgende moontlike aspekte aangeval het:

* Die eerste teenstander wat in gebreke gebly het om aan te dui ten opsigte waarvan hulle met die voorstanders se definisies verskil (3:1-3).

* Die swak definiëring en inkonsekwensie met betrekking tot opvoedingsgebeure in die arbeidsmark. Die teenstander onderskei tussen "arbeidsmark" en die sogenaamde "ekonomiese front" in haar betoog sonder om aan te dui waarin die onderskeid ten aansien van opvoedingsgebeure geleë is (3:4-7; 6:105-109).
* Die gebrek aan kriteria vir *"plek vol staan"*.
* Die onvolledige bronverwysings en veral die resentheid van die bronne kon bevraagteken word.
* Die deskundigheid van die aangehaalde bronne asook die relevansie van die Engelse bronne, waar dit oor die Afrikaanse beroepsvrou gaan, kon ook bevraagteken word.
* Die inkonsekwensie in die redenering: Eers word gestel dat die beroepsvrou onbevredigende resultate lewer (5:57-58) en later dat sy haar plek uitmuntend vol staan op die ekonomiese front (6:105-106).
* Die talle aannames sonder bewyse. Om kwalitatief te kan opvoed, moet kwantitatief te werk gegaan word (4:44-45); die skuldgevoel van die beroepsvrou verhoed haar om haar plek vol te staan in die opvoedingsgebeure (5:55-60); slegs 'n ma kan 'n kind iets "leer" en dat 'n kind sy beroepsma reeds op tweejarige ouderdom "verloor" (5:63-70); die sogenaamde verwarring by 'n tweejarige kind wat in dagsorg geplaas word (6:85-87); die geïmpliseerde veralgemening dat die rolverwagting van die Westerse vrou noodwendig ook op die Afrikaanse vrou betrekking het (6:95-109).

Om botsing te bewerkstellig moes die voorstander haar argument rondom dagsorg (9:84-89) teenoor die aanverwante argument van die voorstander gestel het (5:61-72). Indien soortgelyke kwessies gedebatteer word, moet diesulkes as't ware in kompetisie met mekaar gestel word.

Evaluering: baie swak (1).

**7.1.1.4. Tweede teenstander**

Hier kom geen aanval en verdediging voor nie. Die tweede teenstander poog nie eens om die vrae van die voorstander te beantwoord nie.

Die tweede teenstander kon die volgende aspekte aangeval het:

* Die geïmpliseerde kriteria vir "plek vol staan" wat nie in die betoog

toegepas word nie (7:9).

* Die fout om nie al die begrippe van die proposisie in elke hoofpunt in berekening te bring nie. Die tweede hoofpunt is byvoorbeeld irrelevant omdat dit om die vrou se motivering vir haar beroep gaan, en nie om opvoedingsgebeure nie (8:45-62).
* Die onvolledige bronverwysings: ontbrekende datums, titels van navorsingswerk en die afwesigheid van volledige identifisering van die sogenaamde deskundiges. Die teenstander kon dus die resentheid en die deskundigheid van die bronne bevraagteken het.
* Die irrelevansie van die argument wat die aanhaling uit *Die Transvaler* betrek (9:76-82).
* Die gebruik van Spr. 14:1 as bewys kon bevraagteken word. Die teenstander kon die metode om rolle om te ruil hier gebruik het. Dieselfde teks kan ook die teenstanders se standpunt steun. Hy kon die uitdaging tot die voorstanders gerig het om te bewys dat daar met "wyse vrou" noodwendig die werkende moeder bedoel word.
* Die inkonsekwensie in die redenering. Eers word gestel dat die beroepsvrou meer tuis is as die huisvrou, en later word die huisvrou beskuldig dat sy te veel aandag aan haar kind gee en hom te afhanklik maak. Om laasgenoemde te kan doen vereis 'n ma wat baie tuis is en weerspreek die eerste stelling, of die beroepsvrou kan ook dieselfde "fout" as die huisvrou maak. Albei stellings kan dus nie tegelyk waar wees nie.
* Die volgende onbewese aannames: Die beroepsvrou werk nie vir luukses nie, maar om saam vakansie te gaan hou en dat haar kinders aan buitemuurse bedrywighede kan deelneem, asof die nie-werkende ma se kind nie ook daaraan kan deelneem nie (8:32-44); dat kinders van beroepsvroue "baie beter intellektueel is as dié van die huisvrou" (8:63-65); dat beroepsvroue meer tuis is as die huisvrou (8:68-70); dat die beroepsvrou ook haar deel tot kindersorg bydra (9:71-73); dat 'n beroepsvrou wel nog twee uur per dag aan haar kind bestee (9:86-89); dat die huisvrou se kind so afhanklik is dat hy "verleer het om te leer" en nie sy "eie ding op sy eie manier" kan aanpak nie (9:94-102); en dat 'n beroepsvrou wel tot kwaliteitaandag in staat is en dit inderdaad gee (10:109-111).

Die teenstander kon die voorstanders uitgedaag het om enige van

bogenoemde aannames met bewyse te staaf alvorens hulle dit as geregverdigde argumente sal aanvaar.

Evaluering: geen aanval en verdediging (0).

### 7.1.2. Repliektoesprake

#### 7.1.2.1. Eerste teenstander

Die retoriese vraag van die teenstanders is in werklikheid geen aanval nie. Die teenstanders het nie die land se sogenaamde "opvoedingsarmoede" bewys nie (13:12-16) en aanvaar dat dit die gevolg van werkende ma's is.

Die argument wat die stelling van die voorstanders moet weerlê, naamlik dat daar baie vroue is wat hulle plek in die opvoedingsgebeure vol staan, slaag hoegenaamd nie (14:17-30). Die verkeerde aanname dat net vroue in topposte hulle plek vol staan, is hiervoor verantwoordelik.

Die aanval met betrekking tot die enkele vroue wat in die onderwys welslae behaal het, slaag ook nie. Die bewyse wat ter ondersteuning aangevoer word, is irrelevant (14:31-45). Dat daar 'n ophef van Reeva Forman en June Kritzinger gemaak word en dat honderde ma's bekommerd werk toe gaan, weerlê nie die stelling dat daar wel onderwyseresse is wat hulle plek vol staan nie.

Geen poging tot 'n aanval slaag nie. Die eerste teenstander toon dus dat sy geen vaardighede met betrekking tot aanval en verdediging het nie. Al die genoemde aspekte waarop die tweede teenstander 'n aanval kon loods, kon die eerste teenstander ook aangeval het. Hulle kon 'n verdeling gemaak het sodat elkeen verskillende aspekte aangeval het.

Evaluering: baie swak (1).

#### 7.1.2.2. Eerste voorstander

Alle eerste voorstanders het gewoonlik 'n belangrike taak ten aansien van aanval en verdediging, aangesien twee toesprake van die teenstanders verloop het waarop aangeval en verdedig moet word. Die eerste voorstander moet selektief te werk gaan deur op die belangrikste argumente te konsentreer. Die twee voorstanders moet ook saam beplan en 'n verdeling maak van die

aspekte wat aangeval en verdedig gaan word.

Die eerste voorstander se aanval op die teenstanders se sogenaamde definisie van opvoedingsgebeure slaag nie, aangesien die teenstanders geen definisie gegee het nie (15:7-14). Tweedens is die voorstanders te vaag omtrent die beswaar daarteen.

Die volgende aanval sou geslaagder gewees het indien die voorstander vollediger besonderhede omtrent die ondersoek en die bevindinge verskaf het (15:15-23). Verder moes sy aangedui het hoe dié aanval die standpunt van die voorstanders versterk het en dié van die teenstanders verswak het. 'n Fout in die aanval is dat die teenstanders se woorde verdraai is. Hulle het nie gesê dat die werkende ma haar kind by die huis laat nie, maar wel by 'n dagsorgsentrum of kleuterskool (vgl. 5-6:78-87).

Die voorstander se verdediging teen die beswaar dat daar net enkele vroue is wat "uitstyg" (15:29-32), slaag nie. Om net nog 'n enkele voorbeeld te noem is nie genoegsaam om die beswaar van te min voorbeelde te weerlê nie. Die noem van toepaslike statistiek sou die beswaar bevredigend kon weerlê het.

Daar is verder talle aspekte van albei teenstanders waarop 'n aanval gerig kon word:

* Die teenstanders wat na die appèl op die voorstanders self in gebreke bly om te bewys dat die beroepsvrou nie haar plek in die samelewing en op die kerklike terrein vol staan nie (vgl. 4:9-10).
* Die swak analise wat weerspieël word in die foutiewe aanname dat net vrouens in topposte en nie dié in gewone poste hulle plek kan vol staan nie (10:12-26; 14:17-30).
* Die fout dat die rebellie onder die Swart volke as bewys moet dien van die beroepsvrou wat nie haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan nie, terwyl dit om die Afrikaanse beroepsvrou handel (13-14:14-16).
* Die afwesigheid van 'n duidelike omskrywing van opvoedingsgebeure, veral ten aansien van die arbeidsmark. Dit het gelei tot die inkonsekwente redenering van die eerste teenstander (14:36-38; 14:46-52).
* Die afwesigheid van en/of onvoldoende bewyse ter ondersteuning van die volgende bewerings: dat 'n bekommerde ma nie noodwendig

haar plek in die onderwys kan vol staan nie (11-12:45-73; 14:40-45); dat die kwaliteitaandag van 'n beroepsvrou ontoereikend is (12:76-79); die implikasie dat die kinders van beroepsvroue noodwendig tot homoseksualiteit sal lei (12:93-108).

* Die drogredenasie met betrekking tot Antjie Krog se gedig (13:110-123).

Evaluering: baie swak (1).

**7.1.2.3. Tweede teenstander**

Die aanval op die eerste voorstander se aanhaling uit die Bybelkorboek is geregverdig (16:1-4). Hy fouteer egter deur te impliseer dat die beroepsvrou nie ook 'n Christenmoeder kan wees nie.

Die uitdaging in verband met die arbeidsmark en die kerk is te vaag gestel (16:5-8). Die teenstanders het self nie die kerklike terrein gedek nie. Wat die arbeidsmark betref, het hulle hulself weerspreek (vgl. p. 94).

Die aanval op dagsorgsentrums slaag nie (16-17:9-27). Die teenstander dui nie presies aan watter argument hy aanval nie. Hy lewer ook geen teenbewyse om die bewys van die voorstanders te weerlê nie. Die teenstander moes eers bewys het dat 'n ma se sorg onontbeerlik vir 'n kind is en dat die onderwyseres veronderstel is om vir die ma se liefde en sorg in te staan. Dan kon hy bewys het dat die onderwyseres nie hiertoe in staat is nie, om tot die gevolgtrekking te kom dat die beroepsvrou ten aansien van haar kleuter nie haar plek vol staan nie. Die teenstander toon met reg die onvoldoende voorbeelde van die voorstanders aan (17:38-41). Om egter as rede aan te voer dat mej. Steyn die enigste uitsondering is, is foutief. Die fout van die voorstanders lê daarin dat 'n enkele voorbeeld nie genoegsaam is nie om die veralgemening te regverdig dat daar "oor die jare heen talle vroue (was) wat as hoofde van groot skole uitmuntende werk gelewer het" (2:62-71).

In die aanval wat die min tyd vir opvoeding betrek (17:43-48), word die voorstanders se argument oordryf om dit makliker aan te val. Die aanval is onvolledig en is nie geregverdig nie.

Die teenstander kon ook nog die volgende moontlike aspekte aangeval het:

* Die stelling dat 'n baba van drie maande oud sonder sy ma se sorg kan klaarkom, bewys nie noodwendig dat die beroepsvrou haar plek vol staan nie (15:15-20).
* Die voorstander se stelling dat 'n vrou se werkvermoë deur haar gemoedstoestand bepaal word (15:20-23), kon deur die teenstander gebruik geword het om sy eie standpunt te steun - 'n vorm van rolle omruil. Die teenstander kon gewys het op hulle vorige bewyse waar die skuldgevoelens en bekommernis van die beroepsvrou gestaaf is (5:47-60; 11-12:51-71). Volgens die voorstander se stelling sal diesulkes dan nie hulle plek kan vol staan nie.

Evaluering: swak (3).

**7.1.2.4. Tweede voorstander**

Die tweede voorstander se aanval en verdediging is wat kwantiteit betref bevredigend, maar die kwaliteit is baie swak.

Die aanval op die gebruik van Antjie Krog se gedig is geregverdig, maar slaag nie (18:13-15). Die fout in die redenering is nie geïdentifiseer nie. Dit is ook nie Antjie Krog wat vir haar kinders bid nie, maar die ma in die gedig wat nie noodwendig Antjie Krog se ma hoef te wees nie.

Die daaropvolgende verdediging is nie heeltemal geslaagd nie (18:16-21). Afgesien daarvan dat sy nie presies aandui na aanleiding waarvan die verdediging geskied nie, is die noem van twee voorbeelde te min om die aanval oortuigend te weerlê. 'n Foutiewe aanname word ook geopenbaar, naamlik dat slegs skoolhoofde en nie ook gewone onderwyseresse hulle plek kan vol staan nie. Die verdediging met betrekking tot die ekonomiese toestande is irrelevant en onvolledig (18:22-25).

Die volgende verdediging slaag nie om die volgende redes (18:26-36): Ten eerste het die teenstanders nie beweer dat 'n baba tuis gelaat moet word as die ma gaan werk nie (6:85-88). Ten tweede word die uitspraak van A.A. Roux nie werklik gebruik om die standpunt van die voorstander te ondersteun nie. Ten derde moes Roux se deskundigheid kortliks gemeld gewees het. Ten vierde moes die voorstander aangetoon het hoe die "feite" dat kinders in dagsorg nie skade berokken word nie, die standpunt van die teenstanders omtrent massa-aandag weerlê en hulle eie standpunt versterk.

Die verdediging wat die voorbeeld van Elvis Presley betrek is ongeldig (18-19:37-42) (vgl. p. 154). Dit weerlê ook nie die argument van die tweede teenstander dat kinders hulle ma's ook en veral nodig het as hulle ouer word nie (16:20-24).

Die hieropvolgende verdediging (19:43-46) is geslaagder, maar kon met duideliker voorbeelde veel oortuigender gewees het. Die voorstander kon byvoorbeeld gestel het dat 'n onderwyseres vier vakansies, naweke en selfs in die middag, wanneer sy nie buitemuurse verpligtinge het nie, by haar kinders kan deurbring.

Die laaste argument ter verdediging kon 'n baie sterk argument gewees het as die wyse van verdediging korrek was (19:47-56). Die voorstander moes ten eerste die argument van die teenstanders gestel het waar hulle die spanning, frustrasie en skuldgevoelens van die beroepsvrou as rede aangevoer het vir haar onvermoë om haar plek vol te staan (vgl. 5:55-60; 12:76-81). Hierna kon die voorstander haar teenargument gestel het en dit eksplisiet gestel het dat dié teenargument sterker staan aangesien hulle bewyse het, wat die teenstanders nie gehad het nie. Laastens moes die voorstander die implikasie van die argument uitgespel het deur te sê dat die beroepsvrou nie méér aan stres ly as die huisvrou nie, en dus nie as gevolg daarvan minder daartoe in staat is om haar plek vol te staan nie.

Die volgende aspekte het ook 'n moontlike geleentheid vir 'n aanval gebied:

* Die teenstanders wat self in gebreke bly om die kerklike terrein te debatteer.
* Die irrelevansie van pleegsorg wat as 'n nuwe argument in die repliek voorkom (17:28-37).
* Die foutiewe gevolgtrekking na aanleiding van Conran se uitspraak (16-17:20-27).
* Die afwesigheid van 'n volledige bronverwysing met betrekking tot die Russe se bevindinge (17:49-52).
* Die geïmpliseerde aanname dat slegs 'n ma en nie ook 'n opgeleide kleuterskoolonderwyseres nie, 'n kind kan stimuleer (17:49-52).

Evaluering: onder gemiddeld (4).

## 7.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING (85 H 1)

### 7.2.1. Konstruktiewe toesprake

#### 7.2.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander rig wel 'n aanval op die teenstanders in die vorm van vrae en uitdagings (20:18-24; 22:89-97). Die eerste appèl wat gerig word is egter ongeregverdig en doelbewus daarop gemik om die teenstanders onkant te vang (vgl. analise). Die tweede appèl is wel geregverdig. Die teenstanders hoef egter nie die interpretasie van die begrippe te herhaal as dit volgens hulle mening volledig en korrek deur die eerste voorstander gedoen is nie.

Evaluering: gemiddeld (3/5).

#### 7.2.1.2. Eerste teenstander

Die eerste teenstander doen geen aanval en wend geen poging aan om op die voorstander se uitdagings te reageer nie. Die eerste appèl kon selfs net as ongeregverdig en irrelevant uitgewys word. Die eerste teenstander kon op die volgende aspekte 'n aanval gemaak het:

* Die afwesigheid van 'n omskrywing van welvaart en vooruitgang.
* Die vaagheid in die stelling dat die voorstanders se lewens- en wêreldbeskouing hulle houding tot die debatspunt beïnvloed (21:53-60).
* Die resentheid van Du Plessis se *Moderne Staat* (20:29-31).
* Die algehele gebrek aan bewyse vir die verskillende bewerings. Sonder 'n bewys dat alle demokrasieë 'n Calvinistiese kyk op die werklikheid het, stort die hele betoog in duie (21-22:61-76) (vgl. p. 226).

Evaluering: geen aanval en verdediging (0).

#### 7.2.1.3. Tweede voorstander

Die eerste aanval op die eerste teenstander is nie geregverdig nie; sy verval self in drogredenasie (26:36-41). Dit is 'n vals aanname dat die teenstanders 'n

lewens- en wêreldbeskouing ten koste van die voorstander s'n moet stel. Die teenstander omseil nie doelbewus die sogenaamde Calvinisties-demokratiese staatsideaal nie; hulle reageer glad nie daarop nie. Die afwesigheid van 'n reaksie kan ook nie as 'n drogredenasie afgemaak word nie.

Die volgende reeks aanvalle is in die vorm van vrae (27:75-85). Hierdie vrae is meer geregverdig. Die vrae is egter doelbewus so ingewikkeld gestel dat dit vir die teenstanders haas onmoontlik was om onmiddellik daarop te reageer.

Die tweede voorstander se aanval berus net op vrae en onregverdige uitdagings aan die teenstanders. Sy val egter nie werklik die argumente van die eerste teenstander aan nie. Albei spanne se analise is so swak dat hulle nie mekaar se foute kan identifiseer nie.

Die tweede voorstander kon die volgende moontlike aspekte aangeval het:

* Die foutiewe analise van die proposisie as 'n waardeoordeel oor demokrasie, instede daarvan om te bepaal of die huidige demokrasieë die kern van welvaart en vooruitgang is. Die voorstanders kon die hele betoog van die teenstander met al die bewyse en die sogenaamde hoofpunt oor sport as irrelevant uitgewys het omdat hulle die proposisie verkeerd geanaliseer het en 'n debatgegewe, naamlik demokrasie, ontken het.

Evaluering: swak (3).

### 7.2.1.4. Tweede teenstander

Soos by die eerste teenstander geskied ook hier geen aanval en verdediging nie.
Hy kon die volgende aspekte aangeval het:

* Die voorstanders se onbewese koppeling van demokrasie aan die Calvinisme en die gevolgtrekking dat welvaart en vooruitgang noodwendig sal volg (26:45-54).
* Die erkenning dat geestelike verval binne 'n demokrasie kan voorkom wanneer die volk die soewereiniteit van die staat misken en dat dit tot chaos kan lei (26:55-60). Die teenstander kon aangetoon het dat die voorstander die fondament waarop hulle betoog berus,

onder hulleself uitgeruk het (vgl. p. 100).

Evaluering: geen aanval en verdediging (0).

### 7.2.2. Repliektoesprake

#### 7.2.2.1. Eerste teenstander

Ook hier kom geen aanval en verdediging voor nie. Die enigste poging om op die voorstanders te reageer is nie werklik 'n aanval nie (30:19-26). Die teenstander betrek buitendien irrelevante aspekte by die kwessie van die Calvinistiese Reformasie.

Die eerste teenstander kon op dieselfde aspekte wat hierbo genoem is 'n aanval geloods het.

Evaluering: geen aanval en verdediging (0).

#### 7.2.2.2. Eerste voorstander

Die eerste voorstander beskuldig die teenstanders van sirkelargumentering omdat hulle nie op die appèl wat tot hulle gerig is gereageer het nie (31:12-18). Hiermee toon die voorstander dat sy self nie weet wat sirkelargumentering is nie, aangesien sy nie die fout eksplisiet aan die gehoor kon uitspel nie. Met dié beskuldiging veroordeel sy hulleself, aangesien hulle tot dusver ook geensins op enige argument van die teenstanders gereageer het nie.

Die daaropvolgende "eise" wat aan die teenstanders gestel word, is, behalwe wat die laaste een betref, nie geregverdig nie (31:19-29). Die ironie is dat die voorstanders aan die teenstanders 'n eis stel waaraan hulle self nie voldoen het nie, naamlik om te bewys dat die genoemde beginsels noodwendig tot welvaart en vooruitgang gelei het.

Die kommentaar op die kubusblokargument is die enigste werklike geslaagde reaksie op enige aspek in die hele debat (31-32:30-36). Die voorstander moes egter aangedui het hoe die aanval die standpunt van die opponente verswak het.

Die voorstander het die reg om die teenstanders se gebrek aan reaksie aan te toon en te vertolk as 'n onvermoë om die argumente te weerlê (32:43-49).

Die eerste voorstander kon op die volgende aspekte ook 'n moontlike aanval gerig het:

- * Die reedsgenoemde foutiewe analise en die gevolglike irrelevante geskilpunte: sport en kultuur (29:70-75).
- * Die foutiewe interpretasie van die kapitalisme (28-29:54-64).
- * Die ontkenning van 'n debatgegewe deur te sê dat die Weste nie so welvarend is nie (29:82-84).
- * Die gebrek aan 'n bronverwysing by die stelling dat Suid-Afrika 'n outokrasie is (28:47-55).
- * Die onbewese stelling dat Afrikanerkultuurorganisasies die Afrikaner polities voorop wil stel (29:70-73).
- * Die aanname dat resessie noodwendig impliseer dat welvaart nie kan voorkom nie (30:4-6).

Evaluering: swak (3).

**7.2.2.3. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander begin met 'n teenargument (32:1-14). Hy stel, met bewyse, dat Suid-Afrika en Spanje nie demokrasieë is nie. Die teenstander toon egter nie aan hoe die teenargument die onwaarheid van die proposisie bewys nie. Al sou Suid-Afrika per definisie nie 'n demokrasie wees nie, impliseer dit nie noodwendig dat ander demokrasieë nie die kern van welvaart en vooruitgang is nie. Die teenargument is in werklikheid irrelevant.

Die volgende aanval is ter sake deurdat hy die voorstander daarop wys dat die status quo in Suid-Afrika nie ooreenstem met die voorstanders se standpunt oor gesag en vryheid binne 'n demokrasie nie (32-33:15-22). Die aanval kon geslaagd gewees het indien die teenstanders in die konstruktiewe toespraak gelyke regte en vryhede aan alle inwoners van 'n demokratiese land as 'n kriterium vir welvaart en vooruitgang gestel het. Hiervolgens sou hy dan sogenaamd kon bewys dat daar in Suid-Afrika nie welvaart en/of vooruitgang is nie. Die aanval is moontlik suksesvol met betrekking tot die voorstander se vae argument oor gesag en vryheid, maar lewer geen bydrae om die proposisie as onwaar te bewys nie.

Die teenstander se aanval op die oorsaak van die sogenaamde verval in 'n demokrasie is 'n positiewe reaksie (33:23-26). Die teenstander kon egter veeleer die aanval gerig het op die feit dat die voorstanders erken het dat verval en gevolglike chaos kan voorkom. Verder moes hy gepoog het om te bewys dat verval en chaos nie met welvaart en vooruitgang te rym is nie, en dat demokrasie nie gelyktydig die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang en chaos kan wees nie. So kon hy die standpunt van die voorstanders as teenstrydig en inkonsekwent uitgewys het.

Die antwoord op die vraag van die voorstanders (33:27-30) weerspieël nogeens die teenstanders se foutiewe analise; asof hulle 'n waardeoordeel oor demokrasie moet uitspreek.

Die teenstander bly steeds in gebreke om te reageer op die voorstanders se koppeling van demokrasie met Calvinisme, asook die aanname dat die gesonde beginsel van demokrasie noodwendig in die praktyk tot welvaart en vooruitgang sal lei. Die teenstander kon byvoorbeeld die absurde in die redenasie deur middel van 'n analogie aangetoon het: Die huwelik is 'n instelling van God en berus op 'n gesonde beginsel, maar die praktyk en die hoeveelheid egskeidings bewys dat dit nie noodwendig in alle huwelike voorspoedig gaan nie.

Die teenstander kon ook van die tweede voorstander geëis het om presies uit te spel waarin die teenstanders se sogenaamde sirkelargumentering geleë is.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

**7.2.2.4. Tweede voorstander**

Die aanval en verdediging van die tweede voorstander berus meestal op drogredenasies en ongegronde beskuldigings. Die voorstander se beskuldiging dat die teenstander aanvalle geloods het op standpunte wat hulle nie gemaak het nie (33:2-6), is onwaar. Die voorstander moes presies aangedui het watter aanvalle ter sprake is. Die beskuldiging dat die teenstanders die kar voor die perde gespan het oortuig nie, want die voorstander maak nie duidelik genoeg wat sy presies bedoel nie (33:10-14). Die rede vir die beskuldiging berus op 'n drogredenasie (vgl. p. 232).

Die afleidings wat die voorstander maak na aanleiding van die teenstanders se

standpunt en gebrek aan reaksie is ongegrond en berus op foutiewe aannames (34:20-37). Om die waarheid van die proposisie te ontken, beteken nie noodwendig dat die geskiedkundige wording van die demokrasie ontken of negeer word, of dat die demokrasie nie op 'n gesonde grondslag berus nie. Die teenstander het wel gestel dat die huidige demokrasieë nie sogenaamde ware demokrasieë is nie en dat Suid-Afrika en Spanje outokraties is, maar het nêrens so ver gegaan as wat die voorstander hier impliseer nie. Die foutiewe aanname word ook gemaak dat die teenstanders die Reformasie moes weerlê het. Daar word ook geïmpliseer dat die uitsprake van Aristoteles en ander filosowe wat God nie bo die skepping plaas nie, nie gebruik kan word in 'n debat oor die demokrasie nie, asof slegs Calviniste se uitsprake oor demokrasie noodwendig korrek is en nie-Christelike kundiges se uitsprake noodwendig foutief of onwaar is.

Die voorstander wys net op die teenstanders se gebrek aan reaksie, maar reageer self nie op enige van die tweede teenstander se aanvalle nie.

Sy kon op die volgende aspekte 'n aanval geloods het:

* Die foutiewe analise van die teenstanders.
* Die stelling dat Suid-Afrika en Spanje as outokrasieë beskou word, bewys geensins dat demokrasie, in die lande wat wel as demokraties beskou kan word, nie die kern van welvaart en vooruitgang is nie (32:1-14).
* Die inkonsekwente redenering ten aansien van ware demokrasie: Die tweede teenstander beweer dat die demokrasie soos dit in die Griekse stelsel voorkom, ware demokrasie is wat welvaart en vooruitgang bewerkstellig het (27:7-10; 33:27-30). Teen die slot sê hy egter dat ware demokrasie nie die kern "van die vooruitgang van die Westerse beskawing se welvaart (kan) wees nie" (33:33-36).

Evaluering: baie swak (2).

## 7.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1)

### 7.3.1. Konstruktiewe toesprake

### 7.3.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander doen geen antisiperende aanval nie. Sy spreek nie eens die opponente aan nie.

Evaluering: (0/5).

### 7.3.1.2. Eerste teenstander

Die eerste teenstander stel dat hy aanstons sal aantoon dat die voorstander se argumente nie steek hou nie (40:9-12). Dit geskied egter nie in hierdie toespraak nie.

Die verdere beskuldiging dat die voorstander die essensie van die debat gemis het (40:17-21), is wel waar. Hy moes egter presies aangedui het ten opsigte waarvan die voorstander die essensie gemis het. Die teenstander stel wel die sogenaamde essensie van die debat (41:26-64), maar hy moes die verskillende aspekte teenoor dié van die voorstanders gestel het. Sodoende kon hy botsing bewerkstellig en die moontlike foute uitgewys het. Om 'n aantyging sonder die nodige redes of bewyse te maak, is niksseggend.

Die eerste teenstander kon op die volgende moontlike aspekte 'n aanval geloods het:

* Die foutiewe analise van die proposisie as 'n waardeoordeel: Suid-Afrika se reaksies word as oormatig aanvaar en die nadele of oorsake daarvan word gedebatteer.
* Die gebrek aan 'n kriterium vir 'n oormatige reaksie.
* Die onvermoë van die voorstander om duidelik te stel watter implikasies mev. Margaret Thatcher se dilemma vir Suid-Afrika se reaksies het (2:49-53).
* Die voorstander se gebrek aan bewyse wat Suid-Afrika se reaksie as oormatig sal bevestig.

Evaluering: swak (3).

### 7.3.1.3. Tweede voorstander

Hier geskied geen aanval en verdediging nie.

Die tweede voorstander kon die uitdaging gestel het dat die teenstander presies moet aandui waar die voorstander die essensie gemis het. Verder kon die voorstander moontlik die volgende bevraagteken het: die kriterium vir oormatig (41:47-64), en die aanname dat 'n steeds negatiewe buitelandse mening 'n teken is dat Suid-Afrika nie oormatig reageer en na hulle pype dans nie (42:84-89).

Evaluering: geen aanval en verdediging (0).

**7.3.1.4. Tweede teenstander**

Die aanval op die tweede voorstander se "intellektuele akrobatiek"(45:1-10) is te vaag gestel. Hy moes spesifiek die foute aangedui het en die aspekte genoem het waarin die twee spanne van mekaar verskil.

Die teenstander bevraagteken die voorstander se voorbeelde deur dit as "subjektief" en "verdag" te bestempel (47:82-91). Dit is weer eens te vaag. Hy moet die voorbeelde noem en motiveer waarom dit as sodanig beskou kan word. Die aanval is dus onvolledig.

Die teenstander bewerkstellig botsing van argumente deur die moontlike gevolge van 'n "skoonmaakaksie" te noem. Dit is 'n indirekte aanval op die voorstander se stelling, naamlik dat daar "skoongemaak" moet word (39:68-73 en 47:95-99).

Die tweede teenstander kon op die volgende moontlike aspekte 'n aanval geloods het:

* Die foutiewe analise: 'n Oormatige reaksie word sonder bewyse aanvaar en die sogenaamde negatiewe gevolge daarvan word gedebatteer. Die voorstanders mis die kruks van die dispuut.
* Die gebrek aan konkrete bewyse en rasionele redenering - die denkbeeldige illustrasies bied geen rasionele bewyse vir die stellings nie (43:7-30; 44:58-70).
* Die gebrek aan voorbeelde wat die Swartman se reaksies op "Freedom Radio" en die Blanke se reaksies op SAUK-TV sal illustreer.
* Die resentheid van die voorbeelde (43-44:36-45).
* Die swak kousale redenering. Die teenstander kon die voorstander

byvoorbeeld uitgedaag het om te bewys dat die linkse en regse reaksie asook die emigrasie nie deur die binnelandse omstandighede nie, maar deur die wêreldmening veroorsaak is (44:54-70).

* Die gebrek aan voorbeelde om die "onbesonne en halsoorkoppe" wyse waarop sommige van die hervormings aangepak is, asook om te bewys dat Suid-Afrika dikwels die "verkeerde ding op die verkeerde manier" doen (45:81-87). Die teenstander kon die voorstanders uitgedaag het om hierteenoor uit te spel wat die regte ding op die regte manier sou wees.

Evaluering: swak (3).

**7.3.2. Repliektoesprake**

**7.3.2.1. Eerste teenstander**

Die teenstander toon dat hulle wel sekere foute van die voorstanders geïdentifiseer het, maar wys dit nie duidelik genoeg aan die gehoor uit nie. Die probleem lê in die onvolledige wyse van aanval; 'n fout wat tot dusver by al die toesprake voorgekom het. Die eerste teenstander noem die aspek wat aangeval word, maar dui nie deurgaans presies aan wat die fout is nie. Behalwe in een geval ondersteun hy ook nie sy standpunte met bewyse nie. Verder dui hy ook nie aan hoe die aanval die voorstanders se saak verswak en die teenstanders s'n versterk nie.

Die aanval op die definisies is te vaag (48:11-18). Die teenstander moes voorbeelde van die sogenaamde ontoereikende woordeboekdefinisies asook die sogenaamde breë definiëring van begrippe gegee het , om daarna die korrekte definisie te gee. So kon die fout aangetoon gewees het asook die implikasie wat dit vir die debat en die twee spanne se standpunte het.

Die volgende aanvalle is in 'n mate geslaagd, maar sou veel oortuigender gewees het as dit met bewyse ondersteun was: 'n voorbeeld waar die tekort aan reaksie 'n nadelige gevolg gehad het (48:19-23); 'n voorbeeld waar Suid-Afrika gebalanseerd op die advies van die buiteland gereageer het (49:24-28); *'n voorbeeld waar Suid-Afrika se reaksie op die kort termyn probleme geskep* het, maar op die lang duur voordelig was (49:29-33).

Die volgende aanval (49:34-42) is veel geslaagder omdat dit met bewyse ge-

staaf word. Die teenstander moes duidelik aangetoon het hoe dié argument die voorstanders se saak verswak en die teenstanders s'n versterk het.

Die teenstanders val wel aan, wat baie debatteerders nie doen nie, maar boet effektiwiteit in omdat die wyse waarop dit geskied onvolledig is.

Die aspekte wat by die tweede teenstander genoem is, waarop moontlike aanvalle geloods kon word, geld ook vir die eerste teenstander.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

**7.3.2.2. Eerste voorstander**

Die voorstander rig 'n aanval op 'n aspek wat die teenstanders glad nie beklemtoon het nie, naamlik Suid-Afrika se vrees vir sanksies (49-50:1-26). Afgesien daarvan dat sy nie in die aanval slaag nie, toon sy 'n onvermoë om by die spesifieke argumente van die debat aan te pas.

Om botsing te bewerkstellig moes die voorstander haar argument wat Suid-Afrika se selfversorgendheid moet staaf as teenargument teen dié van die teenstanders gestel het, naamlik dat ons nie algeheel selfversorgend is nie (46-47:44-72; 50:27-45).

Hier vind in werklikheid geen aanval plaas nie en sy verdedig haar ook nie ten aansien van die aanvalle wat die eerste teenstander geloods het nie.

Die voorstander kon die teenstander uitgedaag het om al die beskuldigings en aanvalle met voorbeelde te staaf: Watter definisies is foutief en waarom is dit foutief (48:11-18)? Om watter redes word sekere voorbeelde as subjektief en verdag beskou (47:82-92)? Die nodige bewyse vir die volgende kon gevra word: Die nadelige gevolge van 'n tekort aan reaksie (48:19-23); Suid-Afrika se sogenaamde gebalanseerde reaksies (49:24-28) en reaksies wat op die kort termyn probleme skep, maar op die lang duur voordelig is (49:29-33).

Evaluering: geen werklike aanval en verdediging (0).

**7.3.2.3. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander verdedig sy standpunt en reageer direk op die eerste

voorstander se argumente met betrekking tot Suid-Afrika se selfversorgendheid en sogenaamde onafhanklikheid (51-52:6-36). Die verdediging is geslaagd maar kon selfs beter gewees het as addisionele bewyse ter ondersteuning gestel is. Die teenstander gee wel enkele bewyse, maar deskundige uitsprake oor die mate van afhanklikheid van die buiteland wat daar nog bestaan, sou die verdediging oortuigender gemaak het (51-52:6-36).

'n Baie positiewe aspek is die koppeling van argumente aan die kern van die debat, naamlik oormatig (52:37-60). Hy stel dat, in die lig van die nadelige gevolge van 'n algehele boikot, die regering se reaksies as matig bestempel kan word (52:57-60).

Die teenstander kon ook op die volgende aspekte gereageer het:

* Die gebruik van president P.W. Botha en dr. Gerhard de Kock se uitsprake. Die teenstander kon 'n sterk argument vir sy standpunt uitgemaak het deur daarop te wys dat Suid-Afrika matig reageer. Die uitsprake toon dat daar nie ten alle koste gepoog word om sanksies te vermy nie - 'n vorm van rolle omruil (vgl. 50:16-17; 50-51:46-51).
* Die irrelevansie van die uitspraak in *The Star* (50:18-26).
* Die mate van weerspreking: Eers word gestel dat die buiteland nie in stabiele orde belangstel nie (49:6-7), maar later word by monde van dr. Gerhard de Kock gesê dat stabiele orde wel die pad vir investering sal oopmaak (50-51:46-50).

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**7.3.2.4. Tweede voorstander**

Die tweede voorstander doen geen werklike aanval en verdediging nie. Die enigste beskuldiging waarop hy wel reageer (52:1-5), is niksseggend. Verdere argumente wat geopper word, word geensins as teenargumente gestel om as aanval of verdediging te dien nie. Om slegs te noem dat hulle ten aansien van die aard van Suid-Afrika se reaksie verskil, bewerkstellig nie werklike botsing van argumente nie (53:15-16). Die spanne is buitendien veronderstel om hieromtrent te verskil.

Die voorstander moes weer eens op die argumente met betrekking tot Suid-Afrika se selfversorgendheid gereageer het. Sy swye impliseer dat die

teenstanders blykbaar reg is. Die voorstander kon op enigeen van die aspekte wat by die eerste voorstander genoem is 'n aanval gerig het. Verder kon hy ook die probleme wat die teenstander voorsien het indien 'n algehele boikot toegepas word, bevraagteken het as blote bespiegelings wat nie met bewyse ondersteun is nie (52:44-60).

Evaluering: geen werklike aanval en verdediging (0).

### 7.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 1)

#### 7.4.1. Konstruktiewe toesprake

##### 7.4.1.1. Eerste voorstander

Die eerste voorstander stel dat die teenstanders reeds in hulle ontleding aanval en verdediging te wagte kan wees (57:16-17). Dit sê nie veel nie aangesien die definiëring van begrippe nie veronderstel is om die geskilpunte in 'n debat te wees nie. Albei spanne moet hieromtrent tot 'n vergelyk kom alvorens oor die geskilpunte gedebatteer kan word. Verder is elke span se betoog 'n indirekte verdediging van sy span se standpunt. Aanval en verdediging binne 'n debatkonteks vra egter dat spesifieke argumente of bewyse by name aangeval en verdedig moet word.

Die voorstander verwys by wyse van antisipasie na twee moontlike aspekte ten opsigte waarvan daar verskille mag bestaan: die oordrywing van die handel (58:33-37) en die kwessie of ekonomiese vooruitgang 'n vyand van die Afrikanerkultuur is (59:96-101). Die eersgenoemde geskilpunt is foutiewelik geantisipeer, want die teenstanders het nie die aandeel van die handel oordryf nie. Sy wend verder geen poging aan om die laasgenoemde stelling met bewyse aan te val nie. Die voorstander het ook nog geen bewyse gelewer dat die ekonomiese vooruitgang wel gebruik is om die kultuur te ontwikkel, verstewig en uit te bou nie. Hierdie bewering is bloot 'n aanname.

Evaluering: onder gemiddeld (2/5).

##### 7.4.1.2. Eerste teenstander

Die teenstander se eerste aanval geskied as 'n uitdaging ten aansien van die

begrip *na behore* (60:20-26). Die teenstander bring die definiëring van begrippe telkens in verband met dié van die voorstander (vgl. 60:16-19; 60:21-26; 60:31-39; 60:41-45). Dit is die ideaal wat debattering betref.

Die teenstander dui dan ook dadelik die foutiewe interpretasie van die begrip **kultuur** aan (60:31-39). Die eerste teenstander moes die bewys waarmee sy die repliektoespraak begin het hier ter ondersteuning aangehaal het.

Die teenstander reageer op die belangrikste foute. Die voorstander het geen konstruktiewe argumente gevoer nie en derhalwe kon die teenstander nie daarop reageer nie. Die teenstander kon miskien wel op die voorstander se waarskuwing dat die handel nie oordryf moet word nie gereageer het. Sy kon ook haar eerste hoofargument aan die slotopmerking van die voorstander gekoppel het en daarop gewys het dat ekonomiese groei wel die vyand van eiesoortige kultuur is (59:96-101 teenoor 60-61:46-72).

Evaluering: goed (7).

**7.4.1.3. Tweede voorstander**

Die feit dat die tweede voorstander die waarskuwing met betrekking tot die oordrywing van die handel herhaal, terwyl die teenstander haar glad nie daaraan skuldig gemaak het nie, toon dat die voorstanders hulle nie by die debat aanpas nie (62:8-14). Hulle het foutiewelik geantisipeer en hulle blykbaar daarop voorberei dat die teenstanders hoofsaaklik op die handel sou konsentreer. Hierdie onvermoë om werklik aan te pas by die opponente behoort aansienlik gepenaliseer te word.

Die aanval op die teenstander se interpretasie van kultuur slaag nie, omdat die voorstanders se interpretasie self foutief is (62:14-22).

Die voorstander kon die volgende moontlike aspekte aangeval het:

- Die gebrek aan bewyse dat ekonomiese vooruitgang noodwendig tot materialisme lei (60-61:46-68).
- Die onvolledige bronverwysings van sommige bewyse (61:48-49; 61:65-68; 62:90-94).
- Die onvolledige gegewens ten aansien van die opname: Volgens watter gemiddelde inkomste is die persentasie bereken? Is daar vir foute

voorsiening gemaak? Weet die gemiddelde gesin ooit hoeveel hulle aan sogenaamde Afrikaanse kultuur bestee? Wat presies is aan die respondente gevra?

Evaluering: baie swak (1).

**7.4.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander val weer eens, met 'n goeie motivering, die voorstanders se interpretasie van kultuur aan (65:10-18). 'n Deskundige uitspraak sou die aanval nog sterker gesteun het.

Die volgende aanval slaag nie heeltemal nie (65:25-30). Die beste aanval sou wees om die voorstander se argument (64:71-88) as irrelevant met betrekking tot die debatspunt uit te wys. Die proposisie betrek die benutting van 'n relatief **sterk** ekonomie ter **uitbouing** van die **Afrikanerkultuur**, terwyl dit by die voorstander om die **gevolge** van 'n **swak** ekonomie en die sogenaamde **fisiese sekuriteit** van die **Blanke** gaan. Hy val dus hier 'n argument aan asof dit relevant is. Alhoewel die teenstander se argument waarskynlik waar is, weerlê dit nie werklik die voorstander se argument nie.

'n Baie goeie aanval word tydens die teenstander se eerste hoofargument geloods (66:61-73). Hy bewys dat kultuuruitbouing na ander volke met betrekking tot Afrikaanse boeke nie geskied nie.

Die teenstander kon op die volgende moontlike aspekte ook 'n aanval gerig het:

* Die gebrek aan bronverwysings ten aansien van die statistiek (63:56-61).
* Die gebrek aan bewyse wat sal staaf dat die Afrikaner die groot beheer oor die ekonomie wel terdeë benut om sy eie kultuur uit te bou en ander se beskawingsvlak te verhoog (63:33-50).
* Die onvoldoende redenering in die tweede hoofargument (63:56-62): Die voorstander slaag nie daarin om oortuigend te bewys dat die syfers en statistiek 'n direkte gevolg is van die Afrikaner wat sy ekonomie gebruik het om sy kultuur uit te bou nie. Dit kan ook die gevolg van vele ander oorsake wees.
* Die stelling dat beskaafde anderskleuriges as 'n verlengstuk van die

Afrikanerkultuur beskou kan word (63:62-65).

Evaluering: gemiddeld (5).

### 7.4.2. Repliektoesprake

#### 7.4.2.1. Eerste teenstander

Die eerste teenstander begin met 'n deskundige uitspraak wat direk met die voorstander se interpretasie bots (67-68:1-8). Sy sit haar aanval voort met 'n verdere omskrywing en toepaslike voorbeeld (68:17-28). Dit is 'n baie geslaagde aanval op die fondament waarop die voorstanders se betoog rus. Die teenstander moes net uitgespel het dat dié bewyse die voorstanders se hele betoog as't ware in duie laat stort.

In die volgende aanval word die "kultuurbergteorie" van die voorstanders met bewyse ontmasker (68:29-41). Indien die presiese bron vermeld was, sou die aanval sterker oortuig het. Verder kon sy ook aangetoon het dat die sogenaamde kultuurbou van die voorstanders in werklikheid die uitbou van 'n eiesoortige kultuur sou kon teenwerk.

'n Geslaagde aanval met die nodige bewyse word geloods op die voorstanders se argument dat die Afrikaner ekonomiese ontwikkeling soos verstedeliking en modernisering benut het om sy kultuur uit te bou (63:45-50; 68-69:42-55). Hierdie argumente weerlê beslis dié van die voorstanders omdat hulle met bewyse gestaaf is, terwyl die voorstanders geen bewyse ter stawing aangevoer het nie.

Die eerste teenstander toon baie goeie vaardigheid ten aansien van aanval en verdediging. Sy moes net telkens ter samevatting aangetoon het hoe die aanvalle die voorstanders se standpunt verswak het en dat die teenstanders se saak, om die onwaarheid van die proposisie te bewys, baie sterker staan.

Die tweede teenstander val die ander belangrikste foute in sy repliektoespraak aan. Dit getuig ook van goeie spanwerk.

Evaluering: baie goed (8).

#### 7.4.2.2. Eerste voorstander

Die eerste voorstander toon dat sy geen vaardighede het met betrekking tot aanval en verdediging nie. Volgens Patterson & Zarefsky (1983:239) moet daar in die repliek by uitstek op die opponente se argumente gereageer word, veeleer as om eie konstruktiewe argumente te herhaal. Dit is al wat die voorstander doen, naamlik 'n herhaling van hul eie argumente sonder om werklik aan te val of te verdedig. In haar opsomming van hulle argumente word die foutiewe aanname gemaak dat die voorstanders se argumente nog ongeskonde as bewese feite staan. Sy besef blykbaar nie dat hulle standpunte en sommige subargumente oortuigend aangeval is nie.

Die eerste voorstander kon op die volgende moontlike aspekte 'n aanval geloods het:

* Die foutiewe redenering met betrekking tot mnr. Werner Nel se uitspraak, en die onregverdige vergelyking tussen die hoeveelheid oorsese plate teenoor Afrikaanse plate (66:47-52).
* Die fout wat gemaak is deur te sê dat die voorstanders beweer het dat 56% van die Blankes Afrikaanssprekend is (67:78-79).
* Die ontbrekende bronverwysing van al die statistiek (66:50-52; 66:69-70; 67:82-85).
* Die kousale redenering in die argument, naamlik dat die 30% reklamebesteding 'n teken is dat die Afrikaner nie sy ekonomie benut nie (67:83-85).
* Die bron waarna die eerste teenstander verwys, maar nie werklik noem nie (68:33-34).

Evaluering: geen aanval en verdediging (0).

#### 7.4.2.3. Tweede teenstander

Na die swak reaksie van die eerste voorstander besef die tweede teenstander dat dit tydmors sou wees om weer op die foutiewe interpretasie van kultuur in te gaan (71:10-13). Die teenstander wys die voorstanders ook op twee baie belangrike gebreke, naamlik hulle gebrek aan reaksie op die teenstanders se argumente en die koppeling van kultuuruitbou aan die politiek en nie aan die ekonomie nie (71-72:17-24). Dit getuig van 'n goeie analise en die teenstander se skerpsinnigheid. Die teenstander moes die gevolglike irrelevante ar-

gumente van die voorstanders net duidelik en in meer detail geïdentifiseer het.

Die volgende geslaagde aanval is in die vorm van 'n teenargument (72:25-36), wat bedoel is om aan die voorstanders te toon dat alhoewel hulle getoon het dat die Afrikaner 'n groot deel van die ekonomie beheer (63:33-41), hy dit nie werklik benut ter uitbouing van sy kultuur nie.

Die volgende argument wat die aantal Engelse en Afrikaanse advertensies betrek, moes duideliker aan die tweede voorstander se argument, waar die aantal Afrikaanssprekendes te berde gebring is, gekoppel gewees het (63:59-61; 72:37-43). Soos vroeër aangetoon is die 56% Afrikaanssprekendes foutiewelik by die voorstanders oorgeneem (vgl. 63:33-38). Die teenstander moes ook die persentasie Afrikaanse teenoor Engelse sakeondernemings wat adverteer in berekening gebring het om te kon bepaal wat die werklike toedrag van sake is.

In die slotopmerking vat die teenstander die kruks van die voorstander se fout saam en maak 'n geregverdigde appèl op die gehoor dat die teenstanders se standpunt nog steeds sterk staan (72:44-51).

Ten spyte daarvan dat die teenstanders nie deurgaans aangetoon het hoe hulle aanvalle albei spanne se standpunte beïnvloed het nie, is hulle redelik vaardig ten aansien van aanval en verdediging. Hulle toon ook dat hulle krities dink. Albei die teenstanders se vaardighede ten aansien van aanval en verdediging is veel beter as enige van die ander debatteerders s'n.

Evaluering: goed (7).

**7.4.2.4. Tweede voorstander**

Die tweede voorstander poog om hulle te verdedig maar verdraai die argumente van die teenstanders of lê hulle woorde in die mond. Die teenstanders het nêrens gesê dat dit negatief is om 'n beskawingsvlak in te haal nie (73:14-18). Hulle het bloot gesê dat eiesoortige kultuur nie aan beskawing gelyk te stel is nie. Hulle het ook nie die Afrikaner en sy tradisies misken nie (73:21-23), maar gestel dat die Afrikaanse taal nie genoegsaam in die sake- en advertensiewêreld uitgebou word nie.

Die argumente ter weerlegging van die eerste voorstander se aanval, naamlik dat verstedeliking meegebring het dat die Afrikaner in die vreemde die Engelse internasionale kultuur aanhang, is irrelevant en slaag nie (69:46-55; 73:6-20). Kultuur en beskawing (tegnologie) word weer eens aan mekaar gelyk gestel. 'n Maanlanding het geensins op eiesoortige kultuur betrekking nie.

In die verdediging betreffende die sogenaamde miskenning van Afrikaans, val die voorstander as't ware sy eie argument aan (73:21-29). Die uitspraak van mnr. Raymond Parsons ondersteun ook nie werklik die voorstander se standpunt nie (73-74:32-44) (vgl. p. 250).

Die voorstander maak daarop aanspraak dat hulle gevind het dat die teenstanders se argumente "nie die paal kon haal" nie (74:47-49), terwyl geen argument van die teenstanders enigsins aangeval is nie.

Die tweede voorstander het 'n poging tot aanval en verdediging aangewend, maar toon, soos die eerste voorstander, weinig indien enige vaardighede hierin. Hy wend byvoorbeeld geen poging aan om hom te verdedig teen die aanval van die tweede teenstander met betrekking tot die foutiewe interpretasie van kultuur en die gebrek om kultuurbou aan ekonomiese benutting te koppel nie.

Die voorstander kon op die volgende aspekte 'n aanval gerig het:

* Die ongekwalifiseerde gevolgtrekking na aanleiding van die bevindinge met betrekking tot die erekode onder sakemanne (72:29-36).
* Die gevolgtrekking in verband met die Engelse en Afrikaanse advertensies kon bevraagteken word (72:37-43).. Die voorstander kon gestel het dat daar moontlik veel meer Engelse as Afrikaanse sakeondernemings is. Dit kon die verskil moontlik verklaar.

Evaluering: baie swak (1).

## 7.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE (86 E 1)

### 7.5.1. Konstruktiewe toesprake

#### 7.5.1.1. Eerste voorstander

Die enigste poging tot verdediging is die antisipasie dat die voorstanders moontlik sal beweer dat die jeug net na Tempo '86 luister en na TV 4 kyk (79:51-54). Dit slaag egter nie omdat geen werklike teenbewyse gestel is nie en die teenstanders toe nie 'n sodanige aanval geloods het nie.

Evaluering: swak (1/5).

#### 7.5.1.2. Eerste teenstander

Die eerste teenstander poog om dieselfde hoofpunte as die voorstanders te gebruik om sodoende duidelike botsing van standpunte te bewerkstellig (80:12-26). As dit oortuigend en korrek geskied, is dit die ideaal wat debattering betref. Die teenstanders slaag egter nie baie goed daarin nie.

Die eerste geregverdigde aanval is op die voorstander se gebrek aan kriteria vir voldoende ekonomiese opvoeding (81:27-53). Die teenstander stel dan hulle kriteria, waarvan die regverdigheid bevraagteken kan word (vgl. p. 115). Die belangrikste kritiek is egter dat hy nie self die kriteria toepas om sodoende sy standpunt te bewys nie. Dus is dit ongeregverdig om die uitdaging aan die voorstanders te rig.

Die aanval op die huislike opvoeding is nie oortuigend nie (81-82:54-67). Die sogenaamde uitspraak van sy oupa is irrelevant en dit is nie bo redelike twyfel seker of prof. Chris Jooste se uitspraak op huislike opvoeding betrekking het nie (vgl. p. 252).

Die aanval op die media slaag nie omdat irrelevante bewyse aangevoer word (82:68-82). Die betrokke vraelys bewys geensins dat die media nie sy opvoedkundige rol vervul nie (vgl. p. 177).

Die teenstander kan moontlik die volgende aspekte aangeval het:

* Die aanname dat 'n ouer 'n kind ekonomies sal opvoed as hy inflasie aan sy sak voel (78:30-33).
* Die aanname dat huishoudings volgens 'n begroting beplan word en dat dit wel goed beplan is (78:33-34).
* Die vae verwysing na *Huisgenoot* en die aanname dat al meer tieners 'n toelae in plaas van sakgeld kry (78-79:33-38).
* Die gebrek aan bewyse dat kitsbankkaarte, mediaprogramme, speletjies en kompetisies die jeug "goed genoeg" opvoed met betrekking tot informele en nie-formele onderrig.
* Die teenstanders kon die uitdaging tot die voorstanders rig om te bewys dat die leergeleenthede deur 'n groot aantal kinders benut is. Dan eers kan bepaal word of die opvoeding genoegsaam was.

Die teenstander het die korrekte beginsel gevolg, naamlik om die voorstander op haar terrein aan te val, maar die ontoereikende bewyse en ongeldige redenering het welslae onmoontlik gemaak.

Evaluering: swak (3).

**7.5.1.3. Tweede voorstander**

Die bewering dat die teenstanders die geskiedenis en tradisie betrek het, is onwaar (82-83:1-4). Verder is die aanval op die kriteria van die teenstander nie heeltemal geslaagd nie, omdat die motivering te vaag is (83:18-24). Die voorstander moes die onregverdigheid van die kriteria bewys het, asook die bal na hulle toe teruggegooi het: Hulle het die kriteria gestel en moet dus self hiervolgens die ekonomiese opvoeding as onvoldoende bewys. Hierteenoor kon die voorstander hulle kriterium duideliker gestel het, naamlik dat die individu hom slegs as 'n volwassene op die ekonomiese gebied kan handhaaf. Hierdie vae kriterium is egter ook nie deur die voorstanders toegepas nie.

Die voorstander kon op die volgende moontlike aspekte 'n aanval gerig het:

* Die implikasie dat die wankelende ekonomie slegs aan onvoldoende ekonomiese opvoeding toe te skryf is (80:3-8).
* Die irrelevante bewyse om die gebrek aan kennis en die weerstand teen die ekonomie in die ouerhuis te staaf (81-82:54-67).
* Die onvolledigheid van die gegewens waarvolgens die wetenskaplike

betroubaarheid van die vraelys se bevindinge bepaal kan word (82:72-82).

* Die irrelevansie van die vraelys as bewys daarvan dat die media onvoldoende ekonomiese opvoeding verskaf (82:68-82).

Evaluering: baie swak (2).

**7.5.1.4. Tweede teenstander**

Die tweede teenstander wys op die voorstanders se gebrek aan reaksie op die gestelde kriteria (85:11-16). Die aanvanklike "ekonomiese weerbare mens" is nou sonder motivering na "ekonomies volwasse" verander. Hy doen dit waarskynlik om by die tweede voorstander se kriteria aan te pas (vgl. 83:23-24). Dit is egter nie geregverdig nie.

In sy aanval op die kwaliteit van onderrig in skole maak die teenstander 'n fout wat dikwels by klassifisering voorkom, naamlik om te aanvaar dat wat in die algemeen van 'n fenomeen waar is, noodwendig ten aansien van elke individuele item daarbinne ook waar is (85:23-35). Wat prof. D.A. Louw ten aansien van die breë onderwys gesê het, geld nie noodwendig ten aansien van elke vak en onderwyser nie. Om oortuigend te gewees het moes hy spesifieke bewyse gelewer het wat die ekonomiese opvoeding op skool as ontoereikend sal staaf. Die argument moes ook duideliker aan die ooreenstemmende argument van die voorstanders gekoppel gewees het.

Die hieropvolgende aanval is ook nie heeltemal geslaagd nie, aangesien effektiwiteit binne 'n beroep met breë algemene ekonomiese opvoeding verwar is (vgl. p. 255) (86:36-57). Die aanval is wel geregverdig aangesien die tweede voorstander tersiêre opvoeding te berde gebring het. Hy moes sy teenargument teenoor dié van die voorstander gestel het en aangetoon het dat ekonomiese opvoeding op tersiêre vlak onvoldoende is. Die ongekwalifiseerde afleiding dat afgestudeerde studente ekonomies onopgevoed is, verswak sy aanval.

Die aanval op die hantering van sakgeld as 'n opvoedkundige metode is nie geregverdig nie, omdat die voorstanders nie gesê het dat *net* sakgeld alleen voldoende opvoeding verskaf nie (87:78-83). Sakgeld was slegs een van die informele wyses van ekonomiese opvoeding. Die noem van die hoë eise bied ook geen regverdiging vir die aanval op sakgeld nie. Dit is net so goed as om

'n ouer wat 'n kind help om te loop af te skiet, op grond van die feit dat die kind eendag sal moet hardloop.

Die teenstander kon op die volgende moontlike aspekte 'n aanval gerig het:

* Die irrelevansie van die argument met betrekking tot sekuriteit (83:5-13), asook die stelling dat die voorstanders poog om te bewys dat die volwassenes steeds jaloers waak oor die "Afrikaner se plekkie in die son" (83:14-17).
* Die vaagheid van die voorstander se kriteria en die feit dat hulle in gebreke bly om dit toe te pas (83:18-24).
* Die onvermoë van die voorstander om die uitsprake van prof. W.A. Landman en mnr. H.G. Stoker by haar argument oor voldoende ekonomiese opvoeding op tersiêre vlak uit te bring (83:32-38).
* Die onvermoë om aan te dui waar die oorgeblewe 59% leerlinge, wat nie handelsvakke op skool neem nie, hulle ekomiese opvoeding kry (84:41-47).
* Die gebrek aan bewyse wat die praktykgerigte sillabusse en ekonomiese opvoeding in die huishoudkundelaboratoria sal staaf (84:48-57).

Evaluering: onder gemiddeld (4).

### 7.5.2. Repliektoesprake

#### 7.5.2.1. Eerste teenstander

In die eerste teenstander se opsomming maak hy 'n foutiewe aanname, naamlik dat hulle bewys het dat die media nie sy rol vervul nie (87:5-9). Dit is geensins oortuigend bewys nie. Hy impliseer dat die opvoeding sodanig moet wees dat dit aan die enorme eise van die toekoms moet voldoen (87:11-15). Die eis is nie geregverdig nie en is buitendien nie een van die sewe maatstawwe wat die teenstander vir voldoende opvoeding gestel het nie. Om die voorstanders volgens 'n sodanige eis aan te val is dus ongeregverdig.

Die aanval op die ouers se onvermoë om hulle kinders ten opsigte van die ekonomie op te voed, slaag nie (88:25-33), aangesien die bewys daarvoor onvoldoende is (vgl. p. 256).

Die aanval op die opvoeding wat sakgeld verskaf, slaag ook nie (88:34-39). Die voorstanders se argument word verdraai, want hulle het nie gesê dat die kind net van sakgeld bewus hoef te wees nie. Hulle het ook nie daarop aanspraak gemaak dat "sakgeldopvoeding" noodwendig almal in staat sal stel om die ekonomie te hanteer nie.

In die volgende aanval (88:40-50) weerspreek die teenstander die beginsel wat in die vorige aanval geïmpliseer is (vgl. p. 256). Die teenstander voer ook geen bewyse aan ter stawing van sy standpunt dat die jeug met betrekking tot die gebruik van kitskaarte nie opgevoed word nie.

Die aanval ten opsigte van die invloed van die artikel in *Huisgenoot* is ongegrond (88-89:51-57). As die teenstander geweet het wat in die artikel staan, sou hy nie so 'n stelling gemaak het nie. Volgens die inligting het die vraelys nie 'n vraag bevat wat op dié artikel betrekking gehad het nie.

Die teenstander se aanvalle is genoegsaam, maar die swak kwaliteit daarvan, soos die irrelevante of selfs gebrek aan bewyse en die swak of inkonsekwente redenering, ontneem die aanvalle hulle oortuigingskrag. Al sou 'n debatteerder se stellings in 'n aanval waar wees en met die werklikheid strook, maar genoegsame bewyse of geldige redes ontbreek, kry die debatteerder nie vir die toevallige waarheid van die stelling krediet nie. Die skoling van opvoedkundige debattering is juis daarin geleë dat die deelnemer oortuigende redes vir sy standpunte moet aanbied. Al sou dit waar wees dat baie ouers nie in staat is om hulle kinders ten opsigte van die ekonomie op te voed nie, is die getuienis van 'n enkele kind se antwoord nie genoegsame bewys/rede om dit ten opsigte van alle ouers te veralgemeen nie. Die debatteerders maak ook die fout om 'n stelling nie te kwalifiseer nie. In so 'n geval word aanvaar dat dit in 'n absolute sin bedoel is.

Die teenstander kon ook op die aspekte wat by die tweede teenstander genoem is 'n moontlike aanval gerig het.

Evaluering: baie swak (2).

**7.5.2.2. Eerste voorstander**

Die antwoord na aanleiding van die uitdaging met betrekking tot voldoende sou oortuigender gewees het as sy die kernvereistes waaraan die deelnemers

moes voldoen het, asook die aantal aanvanklike inskrywings genoem het (89:1-12). Sodoende kon bepaal word of die ekonomiese opvoeding, wat die kwaliteit en die kwantiteit betref, voldoende was.

Die reaksie op die kriteria is onbevredigend (89:18-21). Dit is 'n belangrike geskilpunt en die voorstander moes meer aandag hieraan gegee het.

Die verdediging ten aansien van die beskuldiging dat leerlinge net vir die eindeksamen en nie vir die praktyk geskool word nie, word bevredigend met voorbeelde uit handboeke weerlê (90:27-34). Sy kon hierna aangetoon het hoe dit die standpunt van die teenstanders aansienlik verswak het.

Die verdediging met betrekking tot die media is minder geslaagd (90:35-44). Sy erken dat die kind nie geweet het wat inflasie is nie. Die verwysing na Karel Poskabouter bewys nie noodwendig dat die media sy rol speel ten aansien van ekonomiese opvoeding nie. Dié bewys moes duideliker aan 'n argument gekoppel gewees het. Die feit dat die kind nie geweet het wat inflasie is nie, kan impliseer dat daar genoeg opvoedingsgeleenthede is, maar dat dit nie effektief is nie. Die teendeel kon die voorstanders nog nie bo redelike twyfel bewys het nie.

Die noem van die sestien sogenaamde opgevoede jongmense hang in die lug, aangesien dit aan geen vorige argument gekoppel word nie (90:45-47).

Die voorstander kon ook op die volgende moontlike aspekte 'n aanval gerig het:

* Die aanname dat afgestudeerdes wat nie onmiddellik 'n bydrae tot 'n spesifieke beroep kan maak nie ekonomies onopgevoed is (86:36-57).
* Die onregverdigheid en inkonsekwensie om die eise van die toekoms as maatstaf vir voldoende ekonomiese opvoeding te stel, terwyl dit nie as een van die aanvanklike sewe maatstawwe genoem is nie (87:78-80).
* Die onregverdige aanval op sakgeldopvoeding (87:80-83; 88:34-39).
* Die haastige veralgemening op grond van die kind se antwoord in die vraelys (88:25-33).
* Die onbewese stelling dat kinders wat kitsbankkaarte het nie opgevoed word om dit te kan hanteer nie (88:40-50).
* Die wetenskaplike geldigheid van die vraelys en die etos van die teen-

stander kon bevraagteken word na aanleiding van die toetsing van die sogenaamde invloed van die artikel in *Huisgenoot* (88-89:51-57). Die voorstanders kon die min tyd wat die teenstanders gehad het om die antwoorde te verwerk aan die gehoor uitgewys het. Die voorstander kon ook geëis het dat die teenstanders die instansie noem wat die vraelys gestandaardiseer het (89:61-62).

Evaluering: gemiddeld (5).

**7.5.2.3. Tweede teenstander**

Die aanval op die opvoedkundige speletjies is onbevredigend (91:8-17). Die suggestie word gelaat dat die voorstanders alle ekonomiese opvoeding as spelenderwys beskou (91:10-11). Indien die voorstanders opvoedkundige speletjies as die enigste metode geopper het, sou die aanval geregverdig gewees het. Die teenstander het ook geen bewys dat die speletjies slegs finansies betrek nie. Die stelling dat die ekonomiese welstand van ons land in die hande van ons jeug is, is 'n oorskatting van die aandeel van die jeug en 'n oorvereenvoudiging van 'n komplekse fenomeen soos'n land se ekonomie.

Die aanval op die sakgeld (91:19-28) slaag nie, omdat die redes wat aangevoer word, vals en onoortuigend is (vgl. p. 260). Hier word van foutiewe wit-en-swart-redenering gebruik gemaak: Omdat sommiges moontlik hulle sakgeld misbruik (geen bewyse word gegee nie), daarom is sakgeldopvoeding onvoldoende of selfs skadelik (vgl. lemmetjie-analogie). Die inkonsekwensie in die redenering ontneem die aanval sy oortuigingskrag; een oomblik is sakgeld soos 'n lemmetjie in 'n kind se hand (91:19-28), dit wil sê dit is te gevaarlik om deur 'n kind gehanteer te word, en die volgende oomblik bied die laat-klop-van-'n-begroting van R50-R100 'n te geringe ekonomiese opvoeding. Patterson & Zarefsky (1983:229-231) wys daarop dat aanval en verdediging vanuit 'n konsekwente standpunt moet geskied. Inkonsekwensie en/of weerspreking behoort dus sterk gepenaliseer te word.

Die aanval op die bestuursopleidingskompetisies slaag nie (91-92:35-54). Die teenstander maak daarop aanspraak dat hy oor statistiek beskik, maar gee dit nie. Dit plaas 'n groot vraagteken agter sy integriteit, want hy bied geen rede waarom hy dit nie gee nie. Vir die beoordelaar is dit so goed asof hy dit nie het nie. Die afmaak van enkele wenners as onbeduidend op grond van die feit dat dit om die stille massa gaan en dat daar altyd leiers sal wees, gaan nie op

nie. Dit weerspreek vroeëre uitlatings van die teenstanders waar geïmpliseer is dat leiers belangrik en noodsaaklik is (vgl. 88:35-39; 91:30-34).

Die aanval op Karel Poskabouter (92:55-58) oortuig nie. Dié kennis is vir klein kindertjies bedoel en 'n verduideliking van die komplekse probleem van inflasie aan klein kindertjies, is onvanpas en onnodig.

Hier is weer eens 'n bewys dat swak kwaliteit en inkonsekwensie die moontlike oortuigingskrag van 'n aanval elimineer. Een geregverdige aanval wat met relevante bewyse en grondige redenering gesteun word, is meer werd as drie of vier aanvalle waarvan bewyse ontbreek of swak is en die redenering ongeldig of inkonsekwent ten aansien van ander aanvalle is.

Die teenstander het ook nie gereageer op die argument dat die onderrig wel praktykgerig is nie (90:27-34).

Evaluering: baie swak (2).

**7.5.2.4. Tweede voorstander**

Die aanval op die teenstander se gebrek om die Afrikaner se geskiedenis te berde te bring is irrelevant (92:1-4). Die debat handel oor die huidige stand van sake.

Die aanval op die algemene standpunt van die teenstanders, naamlik dat die jeug "niks weet van inflasie en privatisering en deregulering nie", is 'n oordrywing van dit wat die teenstanders gesê het (92-93:11-22). Die aanval word wel met 'n deskundige uitspraak ondersteun. Die vraag is in watter mate die ervaring van prof. Ockert Jordaan vir die deursnee Afrikanerjeug geld? (Vgl. ook 93:27-34.)

Die verdediging met betrekking tot die skoolleerplanne oortuig nie, want bewyse ontbreek en die teenstanders het dié opmerking in verband met onderrigmetodes en nie skoolleerplanne gemaak nie (93:23-26).

Die verdediging van die opvoedkundige speletjies is wel bevredigend (93:35-47). Die beginsel van elkeen word kortliks verduidelik en sodoende word die aanval weerlê. 'n Deskundige uitspraak wat die waarde van die speletjies bevestig, sou die verdediging geslaagder gemaak het.

Die antwoord op die aanval met betrekking tot sakgeld en die BOB-kaarte is bevredigend (93:48-51). Sy kon nog meer kritiek teen die inkonsekwente redenering en die swak bewyse uitgespreek het. Verder kon sy ook daarop gewys het dat die genoemde twee sake maar net enkeles van die vele ander opvoedkundige aspekte is.

Die voorstander kon moontlik ook op die volgende aspekte 'n aanval gerig het:

- Die verswyging van die sogenaamde statistiek dat Engelse leerlinge in groter getalle as Afrikaanse leerlinge deelgeneem het (91:35-41). Die voorstander kon selfs gestel het dat die verswyging 'n teken is dat hulle nie werklik in besit van sodanige statistiek is nie.
- Die inkonsekwente redenering ten aansien van sakgeld en die sogenaamde leiers van môre (91:19-34; 92:46-54).
- Die sinloosheid om aan 'n klein kindjie die werking van inflasie te probeer verduidelik (92:55-58).

Die tweede voorstander toon dat sy vaardiger is in die proses van aanval en verdediging as haar opponente. Sy bly konsekwent en ondersteun die aanval en verdediging meestal met bewyse.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

## 7.6. SAMEVATTENDE EVALUERING

Die debatteerders se vaardigheid ten aansien van die wesenskenmerk van debattering, naamlik aanval en verdediging, is baie onbevredigend. Dit kan hoofsaaklik aan vier moontlike redes toe te skryf wees:

In die eerste plek reageer hulle soms glad nie op die opponente se argumente nie. Die rede daarvoor kan wees dat hulle oningelig is met betrekking tot die aspekte waarop hulle 'n aanval kan rig, of nie krities genoeg na mekaar luister om foute te identifiseer nie, of mekaar se argumente ignoreer omdat hulle nie die noodsaaklikheid van aanval en verdediging reeds vanaf die tweede toespraak besef nie.

'n Verdere swakheid kom ten tweede in die wyse van aanval en verdediging na vore. Diegene wat wel aanval en verdedig slaag dikwels nie, omdat dit onvol-

ledig geskied. Die stel van bewyse wat die aanval of verdediging moet ondersteun bly agterweë. Om bloot net te sê dat die opponent 'n fout maak of dat jy van hom verskil sonder om die redes te gee asook 'n moontlike bewys wat die kritiek sal ondersteun, is geen aanval of verdediging nie. Veral die laaste stap realiseer ook selde, naamlik om aan te dui watter skade die aanval aan die opponente se saak aangerig het en/of watter herstel of nuwe stukrag dit aan die aanvaller/verdediger se saak verleen het.

Ten derde maak die debatteerders soms die fout om die woorde van die opponente te verdraai of hulle argumente te oordryf om dit makliker aan te val. Die beoordelaar moet fyn luister om so 'n fout te identifiseer, want of dit doelbewus is of per ongeluk gebeur, dit moet gepenaliseer word.

'n Vierde rede vir die lae standaard van aanval en verdediging, maar wat nie so duidelik in die gekose debatte as by die ander na vore gekom het nie, is die tendens om toesprake volledig uit te skryf en slegs daarby te hou. Die gevolg is dat opponente met die voorbereide teenargumente aangeval word sonder inagneming daarvan of dit wel ter sake en op die spesifieke opponente betrekking het. 'n Strooipop word selfs opgebou en dan afgeskiet. 'n Sodanige praktyk moet sterk gepenaliseer word. Die doel is juis dat die debatteerder met die hele onderwerpsveld vertroud moet wees en met 'n wye verskeidenheid bewyse gewapen moet wees om op haas enige argument met aanval of verdediging te kan reageer. Volledig uitgeskrewe toesprake, 'n onvermoë om by die opponente aan te pas en onvoldoende navorsing is hier die kernprobleem.

Die volgende vaardighede behoort prakties en nie soseer teoreties nie vooraf geoefen te word: Die vermoë om krities te luister, 'n volgdiagram van die opponente se argumente te maak en veral hulle foute aan te teken, en om al die stappe vir geslaagde aanval en verdediging toe te pas. In hierdie opsig het afrigters en beoordelaars 'n baie belangrike rol om te speel. Debatteerders behoort baie te leer by beoordelaars wat telkens ná 'n debat die volledige wyse van aanval en verdediging uitspel, asook die aspekte aantoon waarop die spanne op mekaar kon gereageer het.

# HOOFSTUK 7

# ORGANISASIE

In die voorgaande vier hoofstukke is die kriteria met betrekking tot die beoordeling van die inhoud van 'n debatstoespraak bespreek. In hierdie hoofstuk word die beoordelingskriteria met betrekking tot die organisasie van die inhoud bespreek. Die beoordeling van die organisasie geskied in die praktyk nie noodwendig nadat die inhoud geëvalueer is nie, maar soos in hoofstuk 1 genoem, geskied dit gelyktydig met die beoordeling van die ander vaardighede. Dit word egter vir die doel van hierdie studie hier geplaas, aangesien 'n vroeëre plasing die mate van samehang wat daar tussen die eerste vier vaardighede bestaan, kon verbreek het.

Hoewel die betekenis van die term organisasie redelik voor-die-hand-liggend is, kan wel na twee deskundige uitsprake ten opsigte hiervan verwys word. Taylor stel dit soos volg:

> "Organization involves ordering and categorizing the elements of our verbal message" (1984:123).

Haynes definieer organisasie deur aan te dui wat met goeie organisasie bedoel word:

> " ... a message is presented in a sequence that its receivers understand without difficulty" (1981:1).

Die beoordeling van organisasie het dus betrekking op die ordening van die inhoud. Die beoordelaar moet bepaal of die ordening sodanig is dat maksimum begrip oorgedra word.

Om hiertoe in staat te wees moet die beoordelaar weet wat die doel met die organisasie van 'n debatstoespraak is. Hy moet ook kennis dra van die verskillende metodes waarvolgens 'n toespraak georden kan word.

In ooreenstemming hiermee word ten eerste die doelstellings van 'n debatstoespraak bespreek. Ten tweede word die belangrikste aspek, naamlik metodes van organisasie op makro-, meso- en mikrovlak bespreek, met spesiale verwysing na die strategieë vir beleidsdebattering. Hoewel propo-

sisies van beleid tans nie gebruik word nie, is dit moontlik dat die JR weer beleidsproposisies in die toekoms kan gebruik. Die beoordelaar behoort dan in staat te wees om ook die organisasie van beleidsdebattering kundig te kan evalueer. Ten derde sal die rol van spanwerk in die organisasie bespreek word en ten vierde sal die organisasie van elke toespraak geëvalueer word.

## 1. DOELSTELLINGS

> "A reader can vary his or her pace and even reread to make sure he or she is following a presentation. A listener, on the other hand, is totally dependent on the speaker, a listener must proceed at the speaker's pace and cannot 'relisten'. The typical higher degree of organization of a speech aids the listener. A debate speech tends to be more highly organized than other kinds of speeches. Again, there is a logical reason for this difference. The complexity of an affirmative case's content and the speed at which the first affirmative presentation is made make the listener's job a difficult one. The typically higher degree of organization of a debate speech helps the listener do his or her job" (Scheckels, 1984:91).

In hierdie aanhaling dui Scheckels tereg die kernrede aan hoekom organisasie, veral van 'n debatstoespraak, so uiters belangrik is. Scheckels sluit aan by Haynes deur te noem dat die organisasie die luisteraar se begrip van die inhoud moet bevorder sodat die spreker sy doel kan bereik (vgl. ook Hance *et al.*, 1975:177). In die geval van 'n debat is die debatteerder se doel om die gehoor te oortuig dat die proposisie waarskynlik waar/onwaar is. Die organisasie, hoe noodsaaklik ook al, is dus nie doel opsigself nie, maar 'n onontbeerlike middel tot 'n doel. Om maksimale begrip oor te dra moet die drie "retoriese beginsels", naamlik eenheid, samehang en beklemtoning in die organisasie gerealiseer word. Dit is 'n aspek wat Ross (1986:180) baie sterk beklemtoon.

### 1.1. Eenheid

Eenheid word verkry indien elke afdeling en onderafdeling herlei kan word na die unieke doel van die toespraak. In die debatstoespraak moet elke hoofargument en alle ondersteunende materiaal bydra om 'n antwoord te bied op die vraag wat in die proposisie geïmpliseer word. Elke deel moet derhalwe onmisbaar wees vir die geheel. Argumente en bewyse wat nie op

die kerndispuut betrekking het nie, hoe interessant of wetenswaardig ook al, moet uitgesluit word.

Die eenheid van die verskillende afdelings moet sodanig wees dat die doel van die toespraak vir beide gehoor en spreker duidelik sal uitstaan, aldus Ross (1986:181). Die beoordelaar moet bepaal of die doel van die debatteerder duidelik blyk en of elke onderafdeling werklik op die kerndispuut betrekking het. (Die beoordelaar se analise van die proposisie dien as riglyn.)

**1.2. Samehang**

Samehang het op die bepaalde volgorde van die verskillende onderafdelings, maar veral op die onderlinge verwantskap van die afdelings, betrekking. Samehang word bereik deur die sinvolle skakeling van:

1 die inleiding, betoog en slot;
2 die verskillende hoofargumente; en
3 die ondersteunende materiaal of bewyse.

Goed beplande en duidelike oorgange van een aspek na 'n ander help die luisteraar om die verband tussen die verskillende aspekte te begryp. So word die argumentasielyn as't ware van die een aspek of argument na die volgende aspek of argument oorgedra. Samehang word ook verder bewerkstellig deur die koppeling van die hoofargumente en die ondersteunende materiaal aan die doel van die toespraak. Die debatteerder moet nie aanvaar dat die gehoor dié koppeling sal insien en begryp nie, maar behoort dit eksplisiet aan die gehoor uit te wys.

Oorgange kan verkry word deur een of meer van die volgende metodes te gebruik: 'n kort opsomming van 'n vorige argument, 'n kort vooruitskouing van 'n volgende argument, 'n aanduiding van die logiese verband tussen twee argumente of bewyse, en/of 'n aanduiding van die bydrae wat 'n vorige spreker gelewer het om die proposisie as waar/onwaar te bewys (vgl. Freeley, 1976:283). Die bekende retoriese slagspreuk kan ook hier van toepassing gemaak word, naamlik sê wat jy gaan sê, sê dit dan, en sê wat jy gesê het. Daar moet verwagtings by die gehoor geskep word en dan moet inderdaad daaraan voldoen word.

Genoegsame rubrisering van die hoofargumente en selfs van die verskillende

bewyse lewer ook 'n bydrae tot die samehang van die geheel. Die koppeling van hoofargumente aan rubrieke dien as't ware as wegwysers deur die betoog. Sodoende sal dit duidelik blyk hoe die verskillende argumente en bewyse inpas in die hiërargie van die hele betoog. Die beoordelaar moet te eniger tyd weet hoeveel hoofargumente aangevoer word, en daar mag geen twyfel bestaan watter argument of bewys op 'n bepaalde punt in die toespraak aan die orde is nie.

### 1.3. Beklemtoning

Al die dele van 'n toespraak is nie altyd ewe belangrik nie. Die organisasie moet sodanig wees dat die kern of die belangrikste argumente dienooreenkomstig die nodige klem kry. Betekenisvolle beklemtoning word verkry deur die bepaalde plasing van argumente, die hoeveelheid tyd daaraan bestee en deur herhaling. Wat die plasing van kernargumente betref, beweer Freeley (1976:286) dat meer klem daaraan verleen word as dit aan die begin en/of einde van 'n toespraak geplaas word. Volgens Scheckels (1984:70) behoort die sterkste argument laaste, die tweede sterkste argument eerste en die res tussenin geplaas te word. Perelman (1969:499) noem hierdie ordening die "Nestorian order", na aanleiding van die welslae wat Nestor in Homeros se *Die Illias* gehad het, deur sy argumente in hierdie volgorde te plaas. Hierdie plasing wat net in parallelle ordening (vgl. p. 328) ter sprake is, kan gevolg word in die ordening van beide hoofargumente en ondersteunende bewyse.

Hoewel daar 'n min of meer eweredige tydsverdeling tussen die hoofargumente behoort te wees, spreek dit vanself dat meer tyd aan die belangriker argumente afgestaan moet word. Die beoordelaar moet dus bepaal of die kwaliteit van die argument die kwantiteit tyd daaraan bestee regverdig.

In geskrewe vorm moet herhaling ekonomies gebruik word, maar in gesproke vorm is sinvolle herhaling essensieel. Die gehoor behoort dus nie net op die belang van sekere argumente gewys te word nie, maar ook tydens geskikte oorgangspassasies telkens daaraan herinner te word. Indien 'n argument op 'n treffende en kernagtige wyse verwoord is, kan dit in 'n identiese vorm herhaal word. Andersins kan dit telkens in 'n alternatiewe bewoording herhaal word. Hier moet 'n middeweg gevolg word tussen geen herhaling en te veel herhaling. Die beoordelaar moet na eie goeddunke en na aanleiding van die kompleksiteit en besondere belang van 'n argument bepaal of die hoeveel-

heid en die wyse van herhaling sinvol is.

Vervolgens word metodes wat by die organisasie van 'n toespraak van toepassing gemaak kan word onder die loep geneem.

## 2. METODE VAN ORDENING

Organisasie geskied deur die ordening van al die verskillende aspekte van 'n verbale boodskap in 'n sekere vorm sodat 'n betekenisvolle argumentasielyn verkry word (vgl. Taylor, 1984:123). Die mees algemene en steeds gebruiklike metode op makrovlak is die ordening volgens inleiding, liggaam en slot. Weens die aard van 'n debatstoespraak word die liggaam verder met die woord **betoog** aangedui.

### 2.1. Inleiding

#### 2.1.1. Doel

Die Latynse oorsprong van die woord, naamlik *intro*: in of na binne, en *ducere*: om te lei, dui die letterlike bedoeling van 'n inleiding aan: om die gehoor in te lei tot "in" die betoog.

Ross (1986:186) spesifiseer vyf doelstellings vir 'n inleiding:

1 Om die gehoor se aandag te verkry.
2 Om die gehoor positief teenoor die spreker in te stel.
3 Om 'n regverdige aanhoor van die spreker se betoog te bewerkstellig.
4 Om die gehoor te oriënteer ten opsigte van die onderwerp.
5 Om die doelstellings van die toespraak te stel.

Aangesien die opvoedkundige debat 'n unieke geleentheid is, is al die bostaande doelstellings nie ewe belangrik nie. Die gehoor bestaan gewoonlik uit opponente, beoordelaars en belangstellende luisteraars wat direk of indirek by die debat betrokke is. Daarom geld die eerste drie doelstellings in 'n veel mindere mate as die laaste twee. Die vierde doelstelling word hoofsaaklik bereik deur die definiëring van die kernbegrippe in die proposisie. Hieruit vloei dan die bereiking van die vyfde doelstelling, naamlik deur die stel van 'n tesis.

Elke afsonderlike debatstoespraak se inleiding hoef ook nie aan die genoemde doelstellings te beantwoord nie. Die gehoor hoef slegs een maal ten opsigte van die onderwerp, in hierdie geval die proposisie, georiënteer te word. Elke debatteerder hoef ook nie telkens in elke toespraak die tesis te stel nie, tensy hulle dit ter wille van samehang en beklemtoning nodig ag. Die doelstellings van die inleiding vanaf die tweede toespraak is, om aansluiting by die vorige opponent en/of spanmaat te verkry, en om die betoog se hoofargumente in die vooruitsig te stel. Sodoende word daar nie net in elke toespraak nie, maar in die debat as geheel 'n deurlopende argumentasielyn verkry. Die inleiding vanaf die derde toespraak sal waarskynlik veel korter wees as dié van die eerste spreker van elke span. Buitendien moet die twee spanlede se toesprake as 'n enkele toespraak, wat in twee verdeel is, beplan en uitgevoer word. So kom meteen ook spanwerk tot sy reg.

**2.1.2. Metodes**

**2.1.2.1. Aanvang van inleiding**

Hoewel geen vaste reëls bestaan nie, is daar verskeie metodes wat toegepas kan word. In die volgende bespreking word nie al die moontlike metodes betrek nie, maar slegs gekonsentreer op dié wat in 'n debatstoespraak toegepas kan word.

*Aanhaling*: 'n Aanhaling wat treffend is omdat dit op 'n unieke wyse verwoord is, of die kern van die dispuut saamvat, of die woorde van 'n besonder bekende persoon of erkende deskundige is, kan as inleidende sin of paragraaf gebruik word. Dit moet die gehoor op een of ander wyse aanspreek. Enersyds moet dit lank genoeg wees om die doel te bereik, en andersyds tog ook kort genoeg om sy effek te behou en nie die aandag van die betoog af te trek nie.

*Illustrasie*: 'n Illustrasie, wat ook relevante statistiek kan bevat, is nou verwant aan 'n aanhaling. Die groot verskil lê daarin dat eersgenoemde in die debatteerder se eie woorde vertel word en moontlik langer tyd in beslag sal neem. Veral by die illustrasie moet die debatteerder waak dat dit nie te lank word en so die aandag van die gehoor verlore laat gaan nie. Die belangrikste vereiste is dat dit ten aansien van die betoog nie losstaande nie, maar 'n direkte voorbereiding daarop moet wees.

*Retoriese vraag*: Hierdie metode kan ook effektief gebruik word, veral as die

vraag 'n skokeffek inhou. Die uitgangspunt moet egter nie primêr wees om te skok nie. Die retoriese vraag verwag nie 'n direkte antwoord van die gehoor nie, maar moet die aandag van die gehoor op 'n kernaspek van die debat fokus. Die gehoor word gedwing om oor die vraag na te dink om dit moontlik vir hulleself te beantwoord.

*Verwysing na gehoor of geleentheid*: Hierdie metode is minder gebruiklik by opvoedkundige debattering, maar kan tog wel gebruik word om 'n koppeling tussen die gehoor, die geleentheid en die onderwerp van die debat te bewerkstellig. Hier kan die debatteerder van die gemeenskaplike belange wat die gehoor byeengebring het gebruik maak. Die tweede teenstander se repliektoespraak van debat (85 E 1) het van hierdie metode gebruik gemaak deur te begin met 'n aanhaling uit die openingsrede van die voorsitter van die dag (71:1-3).

*Verwysing na 'n vorige spreker*: Soos reeds genoem, kan hierdie metode veral vanaf die tweede spreker baie effektief benut word. Die debatteerder kan aantoon hoe sy betoog by die vorige spreker aansluit of in teenstelling daarmee staan, om so die kern van die botsende standpunte uit te wys. So kan die wese van debattering, naamlik argument en teenargument, reeds in die inleiding geskied.

*Direkte begin*: McCroskey (1986:219) beweer dat die spreker selfs onmiddellik met sy betoog kan begin. Dit geld in gevalle waar die geskilpunt so belangrik is en dringende aandag vereis dat 'n inleiding onnodig is. Dit geld veral vir die repliektoesprake waar die debatteerder dalk onmiddellik 'n aanval op die opponent se vorige argument wil maak. Indien tyd 'n faktor is en die debatteerder van mening is dat die gehoor sal begryp waaroor dit gaan, is dit 'n aanvaarbare metode.

Watter metode ook al gebruik word, dit bly belangrik dat die aanvangsin of -paragraaf en die res van die inleiding en betoog by mekaar moet aansluit. Die inleiding, en veral die eerste sin of paragraaf, moet na inhoud en styl nie los van die res van die toespraak staan nie. Dit moet met beide die onderwerp en die geleentheid rekening hou. Die ernstige en formele aard van opvoedkundige debattering asook die tydsbeperking maak 'n grap of 'n lang anekdote onvanpas. Hiermee word egter nie gesê dat gepaste humor wat spontaan mag voorkom altyd onvanpas en on- toelaatbaar is nie.

### 2.1.2.2. Definisies

Definisies vorm die hoofbestanddeel van die eerste, en indien daar 'n verskil bestaan, ook van die tweede toespraak se inleiding (Jensen 1981:233). Indien daar steeds botsende interpretasies bestaan, behoort dit telkens aan die begin van die daaropvolgende toespraak gemeld te word. Dis hier belangrik om te onthou dat dit nie die definisies is wat in die eerste plek gedebatteer word nie, maar die waarskynlike waarheid van die proposisie.

Die ordening van die verskillende definisies kan op twee maniere geskied. Ten eerste kan dit chronologies soos dit in die proposisie voorkom, hanteer word. Ten tweede kan by dié woord of begrip wat die kruks van die dispuut vorm geëindig word. In die proposisie: *Suid-Afrika reageer oormatig op die wêreldmening,* kan byvoorbeeld eers *Suid-Afrika* en *die wêreldmening* omskryf word, om dan as klimaks by *oormatig reageer* uit te kom - inderdaad die kern waaroor die dispuut handel.

### 2.1.2.3. Tesis

Die definiëring behoort spontaan in die tesis oor te gaan. Die tesis is soortgelyk aan Aristoteles se sogenaamde "statement" (Retorika III, 13 1414a: 30-35). Aristoteles het die "statement" selfs as 'n aparte tweede stadium van 'n toespraak beskou, naamlik: "Introduction, Statement, Argument, and Epiloque" (Retorika III, 13 1414b:8 in McKeon, 1941:1437). Cohen (1983:70) verwys hierna as die "topic sentence" en stel voor dat dit aan die einde van die inleiding moet voorkom.

Maar wat is 'n tesis? Taylor (1984:121) omskryf dit soos volg:

> "The **thesis is the main point of a planned and structured message** used to achieve the desired audience response. The thesis may be thought of as a single sentence summary of the speech. It is often called a **central idea.** This is a useful term because a thesis should be the one idea that is central to everything you say in the speech".

Dit wat die debatteerder in sy betoog gaan bewys, asook die hoofargumente wat as bewyse aangevoer gaan word om die proposisie as waar/onwaar te bewys, word in die tesis vervat. Die gehoor moet hierna duidelik weet hoe die span die proposisie interpreteer, wat die kerngeskilpunte is en watter hoofar-

gumente in die betoog aangevoer gaan word. Die tesis is dus nié net 'n woordelikse herhaling van die proposisie nie!

Dit is belangrik dat die tesisstelling eers na die definiëring sal volg, omdat die afbakening en interpretasie van die proposisie in 'n groot mate die tesis én die hoofargumente bepaal. Die ontwikkeling of detaillering van die tesis vorm dan die betoog. Die doel en uitgangspunt word gestel en dan word die individuele argumente aangevoer wat die uitgangspunt as korrek moet bewys.

Opsommend: Die inleiding bestaan uit 'n beginsin of -paragraaf wat gevolg word deur die definisies. (Indien dit bevredigend deur die eerste voorstander gedoen word, behoort dit nie weer in die volgende toesprake voor te kom nie.) Hierna volg die tesis waarin die hoofargumente vooruitskouend gestel word.

**2.2. Betoog**

**2.2.1. Mesovlakorganisasie**


Mesovlakorganisasie het betrekking op die ordening van die drie, vier of vyf hoofargumente van 'n betoog. Hieronder word onderskei tussen die betoog van 'n proposisie van feite en waardeoordeel en die betoog van 'n proposisie van beleid. Laasgenoemde vra om 'n eie unieke organisasie wat die vorm van 'n strategie aanneem.

**2.2.1.1. Proposisies van feite en waardeoordeel**

Die ordening van die hoofargumente kan volgens twee basiese metodes geskied, naamlik parallelle ordening en ketting- of logiese ordening (vgl. Patterson & Zarefsky, 1983:63 en McCroskey, 1986:176).

**2.2.1.1.1. Parallelle ordening**

Volgens hierdie metode word die verskillende hoofargumente onafhanklik van mekaar georden. Hierdie metode kan skematies soos volg voorgestel word:




Elke hoofargument steun nie op die ander om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys nie. Die proposisie is waar omdat A waar is, en B waar is, en so ook C. Indien die opponente B suksesvol aanval en ongeldig bewys, dan bly A en C steeds staan.


Binne parallelle ordening bestaan die volgende moontlikhede:

*Ordening volgens tyd.* Hiervolgens kan die verskillende argumente in chronologiese volgorde geplaas word. Die betoog van die proposisie: *Demokrasie is die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing,* kan byvoorbeeld georden word volgens die chronologiese verloop van demokrasie sedert die eerste demokrasieë tot en met die huidige demokrasieë. Telkens moet die debatteerder dan welvaart en vooruitgang koppel aan demokasie in die bepaalde era.


*Ordening volgens ruimte.* Hierdie ordeningsmetode word nie dikwels in debattering aangetref nie. In die bogenoemde proposisie oor *Demokrasie...*, kan die kousale verband tussen demokrasie en welvaart en vooruitgang gedebatteer word, soos dit byvoorbeeld in Amerika, Europa en Suid-Afrika voorkom. Hier word die verskillende vastelande as ordeningsbeginsel geneem. Indien die voorkoms van besoedeling byvoorbeeld ter sprake is, kan dit volgens die voorkoms in die verskillende provinsies georden word.

*Ordening volgens verstaanbaarheid en bekendheid.* Hierdie ordeningsbeginsel is minder algemeen en word selde in debattering gebruik. Hiervolgens word die argumente van maklik na moeilik verstaanbaar of van meer bekend na minder bekend georden.

*Ordening volgens onderwerpsvertakkinge.* Hierdie sogenaamde "topical pattern" (Taylor, 1984:126) of "issue-treeing" (Sheckels, 1984:91), berus op die feit dat verskeie fenomene natuurlik verdeel of vertak volgens 'n sekere hiërargiese orde. Dit is wat parallelle ordening betref die mees gebruiklike metode van ordening. Besoedeling kan byvoorbeeld soos volg vertak:




Op soortgelyke wyse kan die kommunikasiemedia vertak:




Bostaande ordening kan ter sprake kom in 'n hipotetiese proposisie: *Die Afrikaanse kommunikasiemedia bevorder die eg Afrikaanse kultuur.* Die voorstanders kan hulle hoofargumente onder die volgende punte orden: Die bevordering van die Afrikaanse kultuur deur

A  TV1, met verwysing na spesifieke programme;
B  Radio Suid-Afrika, met verwysing na spesifieke programme;
C  spesifieke Afrikaanse koerante;
D  spesifieke Afrikaanse tydskrifte.

Uit 'n logiese oogpunt maak die volgorde van die hoofargumente nie saak nie, maar in terme van beklemtoning en strategie is dit baie belangrik. Indien die span die sterkste bewyse het dat Radio Suid-Afrika, en daarnaas die

tydskrifte, die Afrikaanse kultuur die meeste bevorder, dan sou die hoofargumente, volgens Sheckels (1984:70), soos volg georganiseer kan word: Die bevordering van die Afrikaanse kultuur deur

1 Afrikaanse tydskrifte;
2 Afrikaanse dagblaaie ( beide resorteer onder perswese);
3 TV 1;
4 Radio Suid-Afrika - as klimaks.

In parallelle ordening is die konsekwente toepassing van dié metode binne dieselfde betoog deur beide spanlede baie belangrik (vgl. Monroe & Ehninger, 1969:164). Twee beginsels kan wel in die ordening van hoofargumente en ondersteunende materiaal gekombineer word. So kan binne genoemde ruimtelike ordening van Amerika, Europa en Suid-Afrika, die ondersteunende argumente weer chronologies (volgens tyd) georden word, byvoorbeeld hoe demokrasie sedert sy ontstaan onderskeidelik in Amerika, Europa en Suid-Afrika welvaart en vooruitgang tot gevolg gehad het/of nie gehad het nie.

**2.2.1.1.2. Kettingordening**

In kettingordening is die verskillende argumente afhanklik van mekaar en bou die een op die ander (vgl. McCroskey, 1986:176). Die gevolgtrekking van die een argument vorm die basis of bewys van die volgende argument. Hierdie metode kom veral ter sprake as kousale redenering betrek word. Skematies kan dit soos volg geïllustreer word:

A ——→ B ——→ C ——→ D ——→ Proposisie

Hier moet elke argument geldig wees vir die finale stelling of gevolgtrekking om suksesvol te wees. Die ketting is dus so sterk soos sy swakste skakel, aldus Patterson & Zarefsky (1983:63). As een argument in die skakel as ongeldig of onwaar bewys kan word, dan stort die hele betoog in duie.

Die volgende voorbeeld kan ter illustrasie dien. Dit was een van die argumente wat die eerste teenstander aangevoer het in debat (85 E 1). Hier was dit 'n enkele hoofargument, maar dit sou ook as 'n volledige betoog kon dien.

Die ekonomiese vooruitgang van die Afrikaner het groter welvaart, rykdom en die geredelike beskikbaarheid van ekstra kapitaal meegebring. (Dit moet met die nodige bewyse ondersteun word.)

Die welvaart en rykdom het materialisme tot gevolg gehad. (Bewyse moet aangevoer word dat dit wel die geval is.)

Materialisme lei tot akkulturasie en werk die bevordering van eiesoortige kultuur teë. (Ondersteun met die nodige bewyse.)

Daarom kan afgelei word dat die ekonomiese groei en vooruitgang van die Afrikaner die bevordering van sy eie kultuur teëwerk en nie bevorder nie.

Indien enige van die argumente as onwaar bewys kan word, byvoorbeeld dat rykdom nie materialisme tot gevolg het nie, dan sal die gevolgtrekking ook ongeldig wees. Die debatteerder moet dus baie seker maak van die kwaliteit van die bewyse en die logika van die redenering alvorens hierdie metode gebruik word. Indien daar geen fout met kettingordening gevind kan word nie, is dit 'n geslaagde metode om 'n proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys.

**2.2.1.2. Proposisies van beleid**

In die betoog van beleidsdebattering kan ook van bostaande metodes gebruik gemaak word, maar gewoonlik word een van die volgende drie belangrikste metodes of strategieë gebruik: die noodsaak-plan-betoog, die vergelyking-van-voordele-betoog en die doelwit-kriteria-betoog. Elke strategie dikteer 'n bepaalde organisasie.

**2.2.1.2.1. Voorstanders**

**2.2.1.2.1.1. Die noodsaak-plan - of probleem-oplossing-betoog**

Dié betoog bestaan basies uit twee dele. Ten eerste word die bestaan en beduidendheid van 'n probleem bewys en ten tweede word 'n plan van aksie aan die hand gedoen wat die probleem sal uitskakel of sal oplos. Hierdie strategie is gebaseer op Monroe se sogenaamde gemotiveerde volgorde (Motivated sequence). Dit stem ook grootliks ooreen met die standaardgeskilpunte soos dit in hoofstuk 3 uiteengesit is (p. 85).

Monroe & Ehninger (1967:267 e.v.) se organisasie bestaan uit vyf stappe:

**Aandag:** Die gehoor se aandag word op die probleem gefokus. (Dit vorm deel van die inleiding.)
**Noodsaak/behoefte:** Die probleem word omskryf en op die erns daarvan gewys. Die omvang van die probleem kan deur voorbeelde geïllustreer word of die bestaan daarvan kan deur deskundige uitsprake bevestig word. Die wese, omvang en belangrikheid van die probleem kom in hierdie stap ter sprake.
**Bevrediging/oplossing:** 'n Plan van aksie word voorgestel wat die probleem waarskynlik sal oplos.
**Visualisering:** Hierdie stap is toekomsgerig. Die toekoms kan as positief voorgehou word (gevolge van die nuwe plan), of dit kan as negatief voorgehou word (gevolge van status quo sonder nuwe plan), of afwisselend kan eers die negatiewe en dan die positiewe voorgehou word. Dié stap wil die gehoor motiveer en oortuig dat die plan die probleem bevredigend sal oplos (vgl. Monroe & Ehninger, 1967:283).
**Aksie:** 'n Appèl word tot die gehoor gerig om die plan te aanvaar as die beste oplossing van die probleem en om tot handeling oor te gaan. (Die laaste stap is gewoonlik nie nodig vir die debatteerder nie.)

Stappe twee en drie, naamlik noodsaak en oplossing, kan parallel geskied; as 'n probleem geïdentifiseer word, kan onmiddellik daarop gewys word hoe die plan dit kan oplos.

Hierdie metode toon redelike ooreenstemming met die filosoof, John Dewey, se stappe van reflektiewe denke. Dewey (1933:107-118) se vyf stappe behels die volgende:

1 Identifiseer die probleem.
2 Beskryf en beperk die probleem.
3 Suggereer verskeie oplossings.
4 Evalueer die verskillende oplossings.
5 Stel 'n bepaalde oplossing voor.

By Dewey word verskeie oplossings oorweeg, maar in beleidsdebattering word meestal 'n enkele plan van aksie as waarskynlike oplossing gedebatteer. Daar bestaan wel uitsonderings, soos dit met die sogenaamde "alternative justification case" (Short, 1982a:182) die geval is, waar alternatiewe planne om

die probleem op te los, ter sprake kom.

**2.2.1.2.1.2. Die vergelyking-van-voordele-betoog**

In hierdie strategie val die klem op die voordele wat die plan sal inhou bo dié van die status quo. Dit berus op die filosofie dat verandering geregverdig is indien dit 'n verbetering op die huidige is. Dit is in teenstelling met die siening dat verandering slegs moet plaasvind in reaksie op inherente probleme of euwels binne die status quo (vgl. Wood, 1972:83).

Die verskil in die benadering tussen die meer tradisionele noodsaak-plan-betoog en hierdie strategie is hoofsaaklik in twee aspekte geleë:

1 Soos reeds hierbo geïmpliseer, is die rede vir verandering by die noodsaak-plan in 'n beduidende probleem of onbevredigende funksionering van die status quo geleë. Hierdie strategie vind sy regverdiging in die verbetering op die status quo, al sou daar nie noodwendig 'n wesenlike euwel/fout bestaan nie.

2 Die beweging van die noodsaak-plan is om sleg/verkeerd na goed/korrek te verander, terwyl die vergelyking-van-voordele minder bevredigend/gemiddeld na meer bevredigend/ bo gemiddeld wil verander.

Hierdie strategie verwerp dus die status quo, nie op grond van wat hy verkeerd doen nie, maar op grond van wat hy in gebreke bly om te doen. Patterson & Zarefsky (1983:163) noem dat die voorstanders van dié strategie dit as 'n meer realistiese strategie beskou, omdat dit soortgelyk is aan besluitnemingsprosesse soos dit in die alledaagse lewe voorkom. Die organisasie van dié strategie sien soos volg daaruit:

1 Die plan van aksie word uiteengesit.

2 Die voordele van die plan, wat nie deur die status quo bewerkstellig kon word nie, word uitgespel.

3 'n Vergelyking word getref tussen die plan met al sy moontlike voordele en dit wat die status quo bied.

4 Die voorstanders rig 'n appèl dat die voordele beduidender en uniek aan die plan gekoppel is, dit wil sê sonder dié plan van aksie sal die voordele nie voorkom nie.

#### 2.2.1.2.1.3. Die doelwit-kriteria-betoog

Hierdie strategie sluit nou aan by die vorige en kan bloot as 'n klemverskuiwing gesien word. Hierdie benadering gaan uit van die standpunt dat die status quo essensieel korrekte doelwitte het en op 'n suiwer waardesisteem berus, maar dat dit onder die huidige sisteem nie verwesenlik word of tot sy reg kom nie; nie nou nie en ook nie in die toekoms nie. Die klem val nie op die euwels nie maar op die oneffektiwiteit of inherente struikelblokke wat die status quo verhoed om sy doel te bereik, of om aan gestelde kriteria te beantwoord.

Volgens Yaremchuk (1979:141-143) kan die organisatoriese verloop van hierdie strategie soos volg daar uitsien:

1 Die doelwitte van die status quo moet gestel word met 'n duidelike regverdiging van elke doelwit, indien daar meer as een is. Die voorstander moet bewys dat die doelwitte die moeite werd en in ooreenstemming met aanvaarbare waardesisteme is.

of

Die kriteria waarvolgens die effektiwiteit van die status quo bepaal word, moet gestel word.

2 Hierna moet die inherente onvermoë of ontoereikendheid van die status quo om die bogenoemde doelwitte te bereik of aan die gestelde kriteria te beantwoord, aangetoon word.

3 Dan moet die plan van aksie voorgehou word. Die voorstander moet duidelik uiteensit hoe die plan aan die genoemde kriteria sal beantwoord en/of die doelwitte sal bereik.

4 Vervolgens word die doelwitbevrediging van die plan vergelyk met die onbevredigende status quo, wat in dié opsig in gebreke bly. Die bereiking van die doelwitte of beantwoording aan die kriteria moet uniek aan die plan gekoppel wees, en die voorstander moet kan bewys dat die voorgestelde plan beter as die status quo is.

#### 2.2.1.2.2. Teenstanders

In beleidsdebattering het die teenstanders verskillende moontlike strategieë om te volg in die opponering van die proposisie. Die voorstanders kan bloot net aangeval word, of die status quo kan verdedig word, of 'n teenplan kan aangevoer word.

##### 2.2.1.2.2.1. Aanvalstrategie

Hier gaan die teenstanders net aanvallend te werk deur elke kwesbare argument in die voorstanders se betoog te identifiseer en hulle aanval daarop te fokus. Die teenstanders volg dus dieselfde organisasie as dié van die voorstanders in hulle aanval.

Hierdie metode is egter nie 'n veilige en oortuigende strategie nie, omdat die voorstanders op hulle eie gebied aangeval word en die teenstanders nie 'n eie gebied beset of standpunt inneem nie. Die teenstanders moet dan ook op enige strategie voorbereid wees. Gewoonlik bemoeilik dit hulle taak aansienlik.

##### 2.2.1.2.2.2. Verdediging-van-die-status-quo-strategie

Binne hierdie strategie bestaan daar drie moontlikhede:

Die teenstanders kan in die eerste plek aanvoer dat die huidige sisteem heeltemal bevredigend is en aan sy doel beantwoord en dat die voorstanders probleme identifiseer wat nie bestaan nie.

Die tweede variasie bestaan daarin dat die teenstanders kan aanvoer dat die status quo dinamies is en met verloop van tyd vanself die geïdentifiseerde probleme sal oplos of die doelwitte kan bereik. Die nodigheid van 'n strukturele verandering word dus in twyfel getrek omdat die status quo dieselfde as die plan kan bereik.

Die derde variant van dieselfde benadering kom na vore as die teenstanders die status quo wel verdedig, maar erken dat sekere geringe probleme of nadele bestaan. Hierdie probleme kan egter met geringe wysigings of aanpassings, wat nie werklik op 'n strukturele beleidsverandering neerkom nie, reggestel word.

In al drie benaderings kan 'n soortgelyke organisasie soos dié van die voorstanders gevolg word. Vervolgens word getoon hoe die teenstanders by die drie strategieë van die voorstanders kan aanpas.

**Noodsaak-plan-betoog:**

**Noodsaak**: Die teenstanders ontken dat 'n beduidende probleem, wat 'n verandering regverdig, bestaan.
**Oplossing**: Die plan word verwerp as onprakties en die teenstanders moet bewys dat, indien die probleem wel sou bestaan, die voorstanders se plan dit nie sal oplos nie.
**Visualisering**: Die teenstanders kan aanvoer dat die plan geen voordele sal meebring nie, en op waarskynlike nadele van die plan konsentreer.
**Aksie**: 'n Appèl word tot die gehoor gerig dat die plan van die voorstanders verwerp behoort te word en die status quo gehandhaaf moet word.

**Vergelyking-van-voordele-betoog**

1 Die teenstanders val die plan van die voorstanders aan deur moontlike gebreke en/of die ontoereikendheid daarvan aan te toon.

2 Voorts moet hulle bewys dat die beweerde voordele van die plan nie daaruit sal voortspruit nie, of dat die status quo dieselfde of ander voordele inhou. Die sogenaamde voordele van die voorstanders kan moontlik ook as te onbeduidend bewys word om 'n verandering te regverdig.

3 In die vergelyking tussen die voorstanders se plan en die status quo kan die teenstanders aanvoer dat die plan beduidende nadele tot gevolg sal hê, en dat die plan die huidige voordele van die status quo juis dan sal elimineer.

4 Die plan van die voorstanders word verwerp omdat dit in werklikheid onbeduidende of selfs geen voordele sal meebring nie (vgl. Short, 1982b:193). Indien die teenstanders meen dat die status quo wel enkele nadele inhou, kan 'n geringe aanpassing of wysiging van die status quo aanbeveel word.

**Doelwit-kriteria-betoog**

1 Die teenstanders kan begin met 'n argument dat die beoogde doelwitte reeds bereik is en dat die voorstanders dit doelbewus of per abuis nie raaksien nie.

of

Die teenstanders kan aanvoer dat die voorstanders se gestelde doelwitte of kriteria nie die werklike doelwitte of ware kriteria is nie. Die teenstanders kan dan ander doelwitte of kriteria identifiseer en dan bewys dat die status quo wel daaraan beantwoord. 'n Variasie van hierdie benadering is om, bo en behalwe die voorstanders se genoemde doelwitte, ook ander en dalk belangriker doelwitte ter sprake te bring. Die teenstanders kan dan aantoon dat die status quo hierdie doelstellings sal bereik, maar dat die voorstanders se plan nie daarvoor voorsiening maak nie.

2 Die teenstanders kan voorts stel dat die status quo dinamies is en dat die doelwitte wel binne die huidige sisteem bereik sal word, hetsy in sy huidige vorm of met geringe aanpassings.

3 Die plan van die voorstanders kan aangeval word. Die teenstanders kan moontlik bewys dat die plan ook nie aan die kriteria sal beantwoord of die doelwitte sal bereik nie. Die ontoereikendheid en/of onuitvoerbaarheid van die plan kan as redes aangevoer word.

4 Laastens kan die plan en status quo vergelyk word. Die teenstanders kan toon dat die status quo, met of sonder geringe wysiginge, steeds beter as die plan is.

**2.2.1.2.2.3. Teenplan-strategie**

'n Belangrike derde strategie vir die teenstanders is die voorlê van 'n teenplan. Hier erken die teenstanders dat die status quo verander moet word, dit wil sê dat 'n beduidende probleem bestaan wat 'n inherente nadeel of euwel van die status quo is.

'n Baie belangrike vereiste is dat die teenstanders 'n ander plan as dié van die

voorstanders moet bepleit. Die teenplan, soos dit bekend staan, moet dus buite die terrein van die voorstanders val en met die voorstanders se plan kompeteer. Indien dit nie die geval is nie, kom dit daarop neer dat die teenstanders ook die proposisie voorstaan, instede daarvan om dit teen te staan. Die plan en die teenplan moet mekaar dus wedersyds uitsluit (vgl. Shortb, 1982:189) (vgl ook p. 31).

Die volgende hipotetiese voorbeeld dien ter illustrasie. Gestel die proposisie: *Die regering behoort wet en orde in Swart woongebiede met militêre geweld af te dwing*, word gedebatteer. Die voorstanders kan die doelwit-kriteria-strategie gebruik en die verkryging van rus en vrede as moontlike doelwit stel. Hulle behoort dan 'n plan te spesifiseer hoe dié doelwit deur middel van militêre ingrype bereik sal word. Die teenstanders kan dié doelwit aanvaar, maar 'n ander plan voorstel om rus en vrede te bewerkstellig, naamlik deur 'n gespesifiseerde plan wat neerkom op daadwerklike onderhandelinge en persoonlike kommunikasie tussen Wit en Swart inwoners van elke woongebied. Hierdie twee planne van aksie sluit mekaar uit en die teenstanders se plan opponeer nog steeds die proposisie, naamlik dat militêre geweld as middel gebruik moet word om die doelwit te bereik. Die teenstanders kan dus enige teenplan gebruik solank die aanvaarding van die teenplan nie op 'n aanvaarding van die proposisie neerkom nie.

Wat die organisasie betref, kan die teenstanders dieselfde strategiese ordening as die voorstanders gebruik. Sodanige debatte sal neerkom op die afspeel van een beleid of plan teen 'n ander beleid of plan om onderskeidelik te bepaal watter een die beste die probleem sal elimineer (noodsaak-plan) of die meeste voordele sal inhou (vergelyking-van-voordele), of die doelwitte die beste sal bereik (doelwit-kriteria).

Indien die teenstanders wel van 'n teenplan gebruik maak, moet die beoordelaar daarop let dat dit 'n etiese reël is dat die eerste teenstander in sy konstruktiewe toespraak die teenplan moet aankondig en uiteensit (vgl. Wood, 1972:29; Short, 1982b:189 en Sheckels, 1984:207). Dit word as oneties beskou as die tweede teenstander eers die plan bekendstel, want dit laat die voorstanders slegs met die twee kort repliektoesprake om die plan aan te val. Die teenstanders moet hulle betoog doelbewus so organiseer dat die eerste teenstander die plan aankondig. Indien dit nie so gedoen word nie, moet die beoordelaar die teenstanders penaliseer.

Nadat die organisasie van die hoofargumente of die breë verloop van die verskillende strategieë bepaal is, kan die kring nouer getrek word en die mikrovlakorganisasie vervolgens onder die loep geneem word.

### 2.2.2. Mikrovlakorganisasie

Die mikrovlakorganisasie het betrekking op die ordening van die ondersteunende materiaal van elke hoofargument. Daar word ook onderskei tussen konstruktiewe argumente waar die gehoor van 'n stelling se waarheid oortuig moet word en argumente wat die verwerping of weerlegging van 'n opponerende argument ten doel het.

#### 2.2.2.1. Konstruktiewe argumente

Die ondersteunende materiaal bestaan uit 'n groep aanverwante subargumente en/of bewyse. Hierdie data word gewoonlik aan die hoofargument gekoppel met die woorde *want* of *omdat*. Hiervolgens is die hoofargument (H) waar, want/omdat die eerste bewys (b1) waar is en die tweede bewys (b2) waar is, ens. Of, die hoofargument (H) is waar want/omdat die eerste subargument (s1) waar is, want/omdat die eerste bewys (b1) en die tweede bewys (b2) waar is. Elke hoofargument is uniek. Soms is eers subargumente nodig wat elkeen bewys moet word en soms kan bewyse direk betrek word om 'n hoofargument te bewys. Hierdie volgorde kan ook omgekeer word: *omdat/aangesien* (b1), (b2) en (b3) waar is, *daarom* is (H) waar. Elke hoofargument se ondersteunende materiaal word op soortgelyke wyse georden. Die ordening van die bewyse kan volgens dieselfde beginsel soos onder mesovlakorganisasie bespreek is, toegepas word (parallelle of kettingordening).

Die ordeningsbeginsel van die bewyse onder elke hoofargument moet konsekwent toegepas word. Dit is egter moontlik dat die hoofargumente parallel georden word en dat die bewyse of subargumente van elke hoofargument volgens die ketting of die parallelle beginsel gerangskik word. Binne dieselfde betoog kan dus verskeie parallelle of kettingstrukture voorkom.


Die ordening van elke individuele argument kan ook op twee maniere geskied. Die eerste moontlikheid is soos volg (vgl. McCroskey, 1986:181):

1 Stel die gevolgtrekking van die argument.

2 Gee die bewyse en, indien nodig, die redenasiemetodes waarvolgens van die bewys na die gevolgtrekking beweeg is. Laasgenoemde is die waarborg.
3 Verduidelik hoe die gevolgtrekking die hoofargument ondersteun.
4 Maak 'n oorgang na die volgende argument.

Die alternatief van die bostaande volgorde bestaan in die omruiling van stappe 1 en 2. Die bewyse en redenering word eers gestel en dan word die gevolgtrekking gemaak.

'n Debatstoespraak se bou kan soos volg daar uitsien:




Die proposisie (P) is waar omdat
die eerste (H1), tweede (H2) en derde hoofargument (H3) waar is.
Die eerste hoofargument (H1) is waar omdat
die eerste (s1), tweede (s2) en derde (s3) subargumente waar is.
Die eerste subargument is waar omdat
die eerste (b1) en tweede (b2) bewys waar is.

**2.2.2.2. Argumente ter aanval en verdediging**

#### 2.2.2.2.1. Aanval

Die volgende stappe kan hier gevolg word:

1 Stel die argument of verbandhoudende argumente wat die opponente gemaak het so presies moontlik.
2 Val die argumente aan deur
   a die foute in die redenering of bewyse uit te wys, en indien nodig
   b gee bewyse wat die fout sal illustreer.
3 Stel die alternatiewe of teenargument met die nodige bewyse en gevolgtrekking.
4 Toon aan hoe die aanval die opponente se standpunt verswak en die eie standpunt versterk.
5 Maak 'n oorgang na die volgende argument (vgl. Beagle, 1982:209 en McCroskey, 1986:181).

'n Geringe wysiging in die organisasie van stap 2 kan voorkom deur eers die bewys(e) te stel en dan daarna te toon hoe die gevolgtrekking uit die bewyse die opponente se argument weerlê.

#### 2.2.2.2.2. Verdediging

Die organisasie van 'n argument ter verdediging het dieselfde basiese struktuur as dié van 'n argument om aan te val:

1 Stel die argument(e) wat die opponente aangeval het en, indien nodig
2 meld die beswaar wat daarteen ingebring is.
3 Voer nuwe argumente en bewyse aan wat die opponente se beswaar sal weerlê en/of die aanvanklike argument opnuut as waar en korrek sal bevestig.
4 Dui aan hoe dié herstel van die argument opnuut die span se eie tesis versterk en die opponente s'n verswak.
5 Maak 'n oorgang na'n volgende argument.

Aangesien elke argument ter aanval of verdediging uniek is, kan daar nie streng voorskriftelike reëls wees nie. Die kernvereistes is dat die beoordelaar duidelik moet begryp watter argument van die vele ter sprake is, wat die presiese besware daarteen is en hoe dit beide spanne se standpunt ten aansien

van die proposisie beïnvloed. Om sonder bewyse te stel dat die debatteerder nie met die opponent saamstem nie of dat 'n argument ongeldig is, sonder om enigsins die redes te verskaf, het geen sin nie en kan geen punte verdien nie.

Die beoordelaar moet egter aanvaar dat die organisasie van die repliektoesprake, weens die impromptu aard daarvan, 'n losser en vloeibaarder struktuur as die konstruktiewe toesprake sal hê. Beagle waarsku egter teen 'n heen en weer spring tussen verskillende argumente. Die debatteerder moet sy argumente groepeer, "so that several arguments, all relating to the same issue, can be dealt with in a collective fashion" (Beagle, 1982:210). Hy beveel aan dat die repliektoesprake so georganiseer word dat die volgende drie doelwitte bereik kan word:

1 Die organisasie moet die debatteerder in staat stel om op die argumente van sy eie span se betoog verder voort te bou, veeleer as om op die opponente se organisatoriese struktuur te fokus.
2 Die argumente moet sodanig wees dat dit direk bots met die opponente se betoog.
3 Laastens moet die repliek sodanig georganiseer wees dat geskilpunte wat in die loop van die debat na vore kom, nie geïgnoreer word nie, maar in die repliek opgeneem word (Beagle, 1982:208-209).

## 2.3. Slot

### 2.3.1. Doel

Die doel van die slot is om 'n gevoel van afronding en voltooidheid by die gehoor te laat en, nog belangriker, om die gehoor se geheue op te skerp. Die aandag moet opnuut op die tesis en op die belangrikste argumente wat die tesis as waar bewys het gefokus word. Hance *et al.* (1975:187) beweer dat 'n luisteraar nie meer as een vyfde van 'n toespraak van redelike lengte kan onthou nie. Daarom is 'n kernagtige opsomming die belangrikste doelwit van die slot van veral die debatstoespraak waarin talle argumente gevoer is.

### 2.3.2. Metodes

Die slot behoort 'n aanvang te neem met 'n opsomming van die hoofargumente en, indien die tyd dit toelaat, die heel belangrikste bewyse wat aangevoer is om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys. Hierna

mag die gehoor hoegenaamd nie twyfel oor die span se standpunt en watter argumente gestel is om die standpunt te bewys nie.

Die debatteerder kan met die opsomming volstaan, maar kan dit opvolg met 'n enkele sin of paragraaf wat die toespraak finaal afsluit. Dieselfde metode wat by die inleiding genoem is, kan ook by die slot gebruik word, naamlik 'n aanhaling, illustrasie, retoriese vraag en/of 'n verwysing na die gehoor en geleentheid. Dit is ook sinvol om die slot by die inleiding te laat aansluit. Indien die debatteerder met 'n retoriese vraag begin het, kan die vraag weer gestel word met 'n moontlike antwoord; of 'n aanhaling wat aansluit by die aanhaling van die inleiding. Dit kan in inhoud aansluit of van dieselfde outeur wees. Die debatteerder moet sorg dra dat die laaste sin of paragraaf, net soos die inleiding, in inhoud en vorm by die res van die toespraak aansluit en nie as geforseerd aandoen nie.

Aangesien die debat uit agt toesprake bestaan sal die slot van die eerste ses toesprake nie so omvattend en finaal wees soos die slot van elke span se laaste toespraak nie. Die slot van die eerste sewe toesprake moet wel elkeen se betoog bevredigend afrond en saamvat, maar behoort ook te toon dat die debat steeds voortgaan. 'n Vooruitskouing van die spanmaat se bydrae kan gegee word en/of selfs eksplisiete vrae kan aan die volgende opponent gerig word. Die slotgedeeltes is dus 'n belangrike skakel in die samehang en voortgang van die debat.

Die twee laaste repliektoesprake behoort ook die spanpoging sinvol af te sluit, terwyl die tweede voorstander in sy slot die debat as geheel kan opsom, tesame met die afsluiting van sy span se betoog.

## 3. SPANWERK

Spanwerk, wat nou reeds sporadies na vore gekom het, word in die analise, maar veral in die organisasie gemanifesteer. Die beoordelaar moet dus in sy evaluering van organisasie ook die spanwerk in berekening bring.

Spanwerk word nie noodwendig gerealiseer as die debatteerders van "ons" of "ek en my spanmaat" praat nie. Dit dui wel aan dat hulle mekaar erken, maar spanwerk gaan veel dieper as die oppervlak.

Die organisasie van die konstruktiewe en repliektoesprake moet sodanig wees

dat dit die indruk skep van een toespraak wat saam beplan is, maar om praktiese redes in twee fases verdeel is. Dieselfde tesis moet deurgaans as uitgangspunt gehandhaaf word; dieselfde ordeningsbeginsel van hoofargumente moet in beide se konstruktiewe toesprake voorkom, tensy daar 'n gemotiveerde rede aangebied word waarom dit nie die geval is nie; die verskillende opsommings en vooruitskouings wat in die inleiding, betoog en slot voorkom, moet na beide spanlede se argumente verwys. Elkeen moet presies weet waaruit die ander een se toespraak bestaan sodat 'n moontlike aanval op die spanmaat weerlê kan word, maar belangriker nog, sodat die spanlede mekaar nie weerspreek nie.

Wat die replicktoesprake betref kan die spanlede tydens die debat 'n onderlinge reëling tref: wie watter argumente gaan aanval en verdedig. Indien die opponente egter 'n kernargument aangeval het, of 'n belangrike fout gemaak het waarby die span se saak kan staan of val, kan beide lede in die repliek wel aan 'n sodanige argument aandag gee. Die beoordelaar moet volgens sy insig bepaal of 'n herhaling sinvol, of die gevolg van swak spanwerk is.

Ten slotte kan gesê word dat die beoordelaar hom nie moet laat mislei deur 'n oordrewe kruisverwysing tussen spanlede wat dikwels bloot kosmeties is nie, maar hy moet hom deur die inhoud en die organisasie daarvan laat lei in die evaluering van spanwerk.

**Samevatting**

Wat die organisasie betref moet die beoordelaar die volgende vrae beantwoord:

- Was die organisasie sodanig dat die inhoud duidelik begryp en die opbou van die betoog maklik gevolg kon word?
- Het die organisasie die debatteerder gehelp om sy doel te bereik?
- Toon die organisasie van die toesprake as geheel sinvolle spanwerk?
- Getuig die organisasie van logiese denke en ordelike beplanning?
    - Vorm die inleiding, betoog en slot 'n eenheid?
    - Het die hoofargumente duidelik uitgestaan?
    - Is die metode waarop die hoofargumente en die ondersteunende materiaal georden is korrek en konsekwent toegepas?
    - Is daar 'n duidelike oorgang van een toespraak na 'n ander

toespraak, van een hoofargument na 'n ander hoofargument
en van een bewys na 'n ander bewys?

Die beoordelaar moet onthou dat die organisasie 'n middel tot 'n doel is en dat die beste organisasie voorkom waar dit uit die materiaal groei en nie daarop afgedwing is nie. Die organisasie moet nie as sodanig opval nie, maar moet die skering en inslag vorm waardeur die inhoud geweef is.

## 4. EVALUERING

In die evaluering wat volg word telkens eers die inleiding, dan die betoog se meso- en mikrovlakorganisasie en dan die slot bespreek. Wat die mikrovlakorganisasie betref, sal die individuele stappe van elke argument nie weer bespreek word nie aangesien dié aspek reeds onder redenering ter sprake was. By die repliektoesprake word dieselfde patroon gevolg. Hier word egter nie tussen meso- en mikrovlakorganisasie onderskei nie, omdat nuwe hoofargumente nie in die repliektoespraak mag voorkom nie.

## 4.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (85 U 1)

### 4.1.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.1.1.1. Eerste voorstander

**Inleiding**: Om die inleiding met 'n aanhaling uit Fil. 4:13 te begin, is nie geslaagd nie. Die teks is nie hier gepas nie en dit word ook nie in die res van die betoog gebruik nie (1:1-6). Soos reeds onder redenering aangedui, moes die voorstander bewys het dat alle beroepsvroue Christene is wat noodwendig hierdie kwaliteit geloofslewe het. Sy moes ook bewys het dat hierdie kwaliteit geloof in die praktyk 'n werklikheid word ten opsigte van opvoedingsgebeure.

'n Aanhaling uit Spreuke 31:16 sou myns insiens 'n beter keuse gewees het. Hoewel opvoedingsgebeure hier nie ter sprake kom nie kon sy aangetoon het dat ook die Bybelse vrou moontlik arbeid buite haar huis verrig het:

> "Sy oorweeg die waarde
> van 'n stuk grond en koop dit,
> sy sit dit onder wingerd
> met geld wat sy self verdien het"

Die res van die inleiding wat uit die definisies en die stel van die hoofpunte bestaan, is bevredigend georganiseer (1:12-31). 'n Tesis ontbreek egter wat meebring dat die doelstellings van die toespraak nie duidelik gestel word nie.

**Betoog**
**Mesovlak:** Die hoofpunte word parallel georden volgens drie terreine waarop opvoedingsgebeure ter sprake kom. Die volgorde is bevredigend, naamlik van die meer algemene na die besondere of meer essensiële opvoeding van die beroepsvrou se eie kinders: samelewing, skool, huis. 'n Belangrike punt van kritiek is dat die hoofpunte as't ware inmekaar vloei. Sy dui nie duidelik die begin en einde van elke hoofpunt aan nie.

**Mikrovlak:** Die organisasie van die eerste hoofpunt is baie swak. Daar is nie eenheid en samehang tussen die drie newepunte nie (2:32-55). Die verdeling van die samelewing in "volkslewe, kerklike lewe, opvoedingsgebeure en beroepslewe" (2:40-41) is foutief. Opvoedingsgebeure is 'n kerndebatgegewe en behoort op al die ander terreine te figureer. Hierdie swak organisasie is 'n gevolg van die gebrekkige analise en swak redenering.

Die organisasie van die ander twee hoofpunte is beter. Die voorstander bly egter in gebreke om deur middel van oorgange en 'n duidelike koppeling van elke hoofpunt aan die proposisie, duidelik aan te toon hoe die hoofpunte die waarskynlike waarheid van die proposisie bewys.

**Slot:** Dit is onbevredigend omdat 'n sinvolle opsomming ontbreek, geen verwysing na haar spanmaat se betoog gemaak word nie en die inhoud nie aansluit by die voorafgaande betoog nie (3:88-95). Die aanhaling is onvanpas omdat Celliers se woorde buite konteks aangehaal is en glad nie op die beroepsvrou betrekking het nie.

Evaluering: swak (3).

**4.1.1.2. Eerste teenstander**

**Inleiding:** In die inleiding (3-4:1-25) sluit die teenstander by die voorstander aan. Dit is egter nie geslaagd nie omdat sy nie aandui ten opsigte waarvan hulle presies verskil nie (3:1-3). Die "uitgangspunt" of tesis is bevredigend gestel (4:11-25), maar die terreine van die kerk en die samelewing is nie gedebatteer nie. Die span het ook nie, soos hier in die vooruitsig gestel is, die

hoofpunte deurgaans aan die sogenaamde uitgangspunt gekoppel nie.

**Betoog**

**Mesovlak**: Soos by die voorstanders is die hoofpunte parallel georden volgens die verskillende terreine waarop opvoedingsgebeure geskied. Dit is 'n bevredigende ordeningsbeginsel. Die teenstander bestee egter te veel tyd aan die arbeidsmark, veral ook in die lig van die feit dat sy in gebreke bly om aan te dui watter vorm van opvoeding op hierdie terrein geskied. Die begin van elke hoofpunt behoort ook duideliker aangedui te word.

**Mikrovlak**: Op hierdie vlak is die organisasie onbevredigend. In die eerste hoofpunt ontbreek duidelike samehang tussen die verskillende newepunte, asook 'n koppeling van die newepunte aan die hoofpunt (4-6:26-119). Die hoofpunt word op sy beurt ook nie aan die uitgangspunt van die span gekoppel nie. Koppeling sou onder andere verkry kon word as sy die hoofpunt op die volgende wyse saamgevat het:

> "Ons sien dus dat die beroepsvrou nie in haar huis haar plek kan vol staan nie, omdat sy te min tyd tot haar beskikking het, haar skuldgevoelens dit verhoed, sy nie in die belangrike eerste vyf jaar die kind self kan leer nie, en omdat dit die kind verwar as hy/sy in dagsorg geplaas moet word. Vervolgens gaan ek vir u bewys hoe die vrou nie net tuis nie, maar ook in die arbeidsmark nie haar plek vol staan nie".

In die tweede hoofpunt is dit nog minder duidelik hoe die arbeidsmark met die span se uitgangspunt skakel (6:89-119). Sy is veronderstel om te bewys dat die beroepsvrou nie haar plek in die opvoedingsgebeure op dié terrein vol staan nie. Sy toon egter aan dat sy wel 'n sukses in die arbeidsmark is ten koste van haar rol as opvoeder tuis. Dit groei dus nie tot 'n afsonderlike hoofpunt nie. Die organisasie word hier op direkte wyse deur die swak analise benadeel.

Eenheid word ingeboet deurdat onnodige en irrelevante data vermeld word en enkele gedeeltes foutief geplaas is. Die volgende data sou sonder enige afbreuk aan die betoog weggelaat kon word: die ervaring van 'n baba tydens die knip van die naelstring (5:73-77); die veranderende rol van die vrou (6:89-95); en die invloed van vroue-arbeid op die arbeidsmark (6:110-117). Verder sou die aanhaling van Conran (5:48-55), waarin die vrou se taak as moeder en beroepsvrou vermeld word, as oorgangsmateriaal tussen die huis en die ar-

beidsmark kon dien. Die argument rondom Goulds se uitspraak (6:105-109) behoort onder die eerste hoofpunt of kon ook as skakel tussen die twee hoofpunte gedien het: "Ons sien dus dat, net soos die vrou se rol in die arbeidsmark haar rol as opvoeder tuis belemmer, haar verpligtinge tuis weer 'n struikelblok is in die vervulling van haar rol by die werk"

**Slot**: Dit is onbevredigend en sou gebaat het by 'n duidelike opsomming van die belangrikste argumente, asook 'n koppeling daarvan aan die span se standpunt (6-7:120-124).

Evaluering: swak (3).

#### 4.1.1.3. Tweede voorstander

**Inleiding**: Die inleiding laat die indruk asof dit die eerste toespraak van die debat is (7:1-18). Daar word nie by vorige debatteerders aangesluit nie en die begrippe word weer omskryf, hoe onvolledig ook al. Dit is derhalwe nie 'n gepaste inleiding vir 'n toespraak op hierdie stadium van die debat nie. Dit is wel goed dat die hoofpunte in vooruitsig gestel is.

**Betoog**

**Mesovlak**: Die grootste kritiek lê in die onaanvaarbare beginsel waarop die hoofpunte georganiseer is. Sy poog om van elke kernbegrip 'n hoofpunt te maak terwyl dit onmoontlik is om enige hoofpunt te bewys sonder dat al die begrippe verreken word. Geeneen van die sogenaamde hoofpunte kan dus werklik uitgebou word tot hoofargumente wat die proposisie as waarskynlik waar moet bewys nie. Die foutiewe organisasie vloei voort uit 'n swak analise. Die enigste positiewe punt is dat die voorstander die begin van elke hoofpunt duidelik onderskei. Die verskil enersyds in die ordeningsbeginsel van hoofpunte en andersyds in die oorvleueling van die inhoudelike tussen die twee voorstanders, toon dat daar geen spanwerk plaasgevind het nie.

**Mikrovlak**: Die foutiewe mesovlakorganisasie het dan ook 'n negatiewe invloed op die mikrovlakorganisasie. Die inhoud van elke hoofpunt is redelik onsamehangend en korreleer nie met die bewoording van die onderskeie hoofpunte nie.

Die inhoud van die eerste hoofpunt sou kon inpas onder die stelling: die Afrikanerberoepsvrou staan haar plek vol in die opvoedingsgebeure deur haar

ekonomiese bydrae tot die gesin (7-8:26-44). Daarna kon aangetoon word hoe die vrou se inkomste opvoedingsgeleenthede vir haar kinders moontlik maak.

Die tweede hoofpunt hou aanvanklik in geen opsig verband met die proposisie nie (8-9:45-82). Indien iets bewys word is dit veeleer dat sy wel slaag as huisvrou en beroepsvrou. Van opvoedingsgebeure is daar geen sprake nie. Daarna volg 'n klompie los bewerings sonder enige samebindende hoofgedagte.

Die derde hoofpunt se inhoud sou wel bruikbaar gewees het, maar 'n samebindende hoofgedagte ontbreek (9:83-102). Sy kon byvoorbeeld gestel het dat die kind van die beroepsvrou voordeel trek uit sy groter onafhanklikheid ten opsigte van sy skoolwerk. Dit sou kon inpas onder 'n hoofpunt: Die Afrikanerberoepsvrou staan haar plek vol in die opvoedingsgebeure ten aansien van haar kinders se skoolopleiding.

**Slot**: Die slot (9-10:103-115) is swak omdat dit uit drie losstaande gedagtes bestaan wat geen verband met mekaar het nie. Verder is die eerste gedagte irrelevant (9:103-108) en die slotsin (10:112-114) trek as't ware 'n streep deur die hele betoog. Vroeër word gestel dat die beroepsvrou "haar plek ten volle vol staan" (7:4), en hier sê sy dat die ideale moeder "net 'n verdigsel" is.

Evaluering: baie swak (1).

**4.1.1.4. Tweede teenstander**

**Inleiding**: Die inleiding (10:1-11) is nie bevredigend nie. Die toespraakplan wat hier uiteengesit word, word slegs gedeeltelik 'n werklikheid omdat die kerk en die samelewing nie weer ter sprake kom nie. Valse verwagtings is dus geskep waaraan nie voldoen is nie. Hy kon ook weer kortliks sy spanmaat se twee hoofpunte genoem het om die gehoor se geheue op te skerp.

**Betoog**

**Mesovlak**: Dieselfde ordeningsbeginsel as die eerste teenstander word gevolg. Soos hierbo genoem kom slegs een terrein, naamlik die skool en onderriginstellings ter sprake. Daar bestaan ook nie korrelasie tussen die hoofpunt en die inhoud daarvan nie. Dit sal vervolgens onder mikrovlakorganisasie bespreek word.

**Mikrovlak**: Die organisasie op mikrovlak toon geen samehang of eenheid nie. Slegs twee irrelevante en losstaande stellings hoort onder die enkele hoofpunt tuis, naamlik die min vroue in topposte (10:12-26) en die onderwyseres se sogenaamde onvermoë om haar teenoor 'n groep senior seuns uit te druk (12:85-92). Die res van die betoog pas glad nie hier nie maar wel by die eerste teenstander se hoofpunte: (11:27-36) hoort by (5:61-73) waar die vrou se verpligtinge teenoor haar kleuter ter sprake is; (11-12:37-73) hoort by (5:47-61) waar die skuldgevoelens van die vrou ter sprake kom; (12:74-86; 12-13:93-108) hoort ook by die eerste punt van die eerste teenstander tuis. Dit toon die tweede teenstander se onvermoë om die inhoud sinvol onder 'n hoofpunt te organiseer.

Wat hierdie span sê hulle gaan doen en wat werklik realiseer korreleer nie. Spanwerk het dus ook in die slag gebly. Hier is 'n duidelike bewys dat spanwerk eers na die tweede debatteerder se toespraak geëvalueer kan word, soos in hoofstuk 2 beweer is. Aanvanklik het die eerste teenstander se verwysings (4:11-15; 6:87-88) goeie spanwerk in die vooruitsig gestel. Die swak organisasie en oorvleueling in die inhoud het bewys dat dit bloot by voorspelling gebly het en nie gerealiseer het nie.

**Slot**: Dit is onbevredigend, aangesien die argumente wat die proposisie as waar moet bewys nie weer herhaal is nie (13:109-124). Verder is die gevolgtrekking na aanleiding van die fragment uit Antjie Krog se gedig, naamlik dat meer kinders soortgelyke gedigte sou geskryf het as die beroepsvrou haar plek vol gestaan het, 'n drogredenasie. Die slot staan ook los van die res van die betoog. Om genoemde redes kan die slot as swak bestempel word.

Evaluering: swak (2).

#### 4.1.2. Repliektoesprake

##### 4.1.2.1. Eerste teenstander

**Inleiding**: Die inleiding is bevredigend (13:1-9). Die vooruitskouing van die repliek ten opsigte van dié aspekte waarop die aanval gekonsentreer gaan word, is goed. Die eerste teenstander bly dan ook hierby.

**Repliek**: Dit is ter wille van duidelike begrip wenslik dat die verskillende argumente ter aanval of verdediging met die hoofpunte van die konstruktiewe

toesprake in verband gebring word. Net soos die ondersteunende materiaal onder spesifieke hoofpunte georganiseer word, so moet die verskillende argumente in die repliektoespraak ook onder soortgelyke hoofpunte georden word. In hierdie toespraak kon sy gestel het dat haar aanval slegs op die vrou se rol in die beroepslewe betrekking het. Die organisasie van die argumente hieronder is wel bevredigend. Die weerspreking wat reeds onder analise en redenering bespreek is, elimineer die krag van die aanval.

**Slot**: Die slot (15:56-57) slaag nie as gevolg van die weerspreking en inkonsekwensie wat reeds telkens aangetoon is. Dit bied ook nie 'n samevatting van die betoog nie.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

#### 4.1.2.2. Eerste voorstander

**Inleiding**: Die inleiding is onbevredigend omdat die begrippe onnodiglik weereens gedefinieer word en daar glad nie vooruitgewys word na aspekte wat in die repliek gedek gaan word nie (15:1-14).

**Repliek**: Die gebrek aan struktuur en samehang in die aanval en verdediging getuig van onbevredigende organisasie. Sonder om die argumente duidelik aan die hoofpunt of die span se standpunte te koppel word daar van een bewering na 'n ander gegaan; van 'n baba wat sonder sy moeder kan klaarkom na die irrelevante uitspraak van senator Kennedy na die voorbeeld van mej. Venter na die onvolledige verwysing ten opsigte van die kerklike lewe (15:15-35).

**Slot**: Die slot slaag nie aangesien die aanhaling irrelevant is en geensins verband hou met enige vorige argument nie (16:36-38).

Evaluering: baie swak (1).

#### 4.1.2.3. Tweede teenstander

**Inleiding**: Die teenstander begin sonder 'n inleiding met 'n direkte aanval op die slotstelling van die eerste voorstander (16:1-4).

**Repliek**: Soos hierbo genoem word die aanval nie onder een of twee hoof-

punte georganiseer nie en word daar heen en weer gespring tussen massa-aandag wat onderwyseresse gee (16:9-16) na die verskil tussen 'n "ma en 'n juffrou" (16:17-27), na pleegsorg (17:28-37) en weer terug na die verskil tussen 'n ma en 'n onderwyseres en die kwessie van massa-aandag (17:38-48), om te eindig met die belang van 'n gestimuleerde omgewing vir 'n kind in sy eerste vyf jaar (17:49-52).

Geen duidelike oorgange of skakels word gemaak nie en die argumente word geensins gekoppel aan die standpunt van die teenstanders nie.

**Slot**: Die slot is onbevredigend omdat die span se standpunt nie deur 'n kernagtige opsomming van die hoofpunte opnuut gestel is nie (17:53-56).

Evaluering: baie swak (2).

**4.1.2.4. Tweede voorstander**

**Inleiding**: Die inleiding is onbevredigend aangesien die onnodige omskrywing van die proposisie verskil van dié van vorige definisies. Die opvoeding van "haar volk en nasie" kom nou skielik ter sprake (17-18:1-6). Die vooruitskouing van die punte wat aangeval gaan word, is ook onvolledig (18:7-12).

**Repliek**: Soos die tweede teenstander se repliek, staan elke aanvalsargument los van die ander en word dit nie gekoppel aan die standpunt van die voorstanders nie. Daar word nie gewys hoe dit die teenstanders se standpunt verswak en die voorstanders s'n versterk nie. Die argumente word ook nie aan duidelike hoofpunte gekoppel nie. Die verskillende opvoedingsterreine word nie ter wille van begrip hier as hoofpunte gehandhaaf nie (18-19:13-56).

**Slot**: Die weerspreking in die slot (19:57-63) en die erkenning dat die span moontlik gefaal het, is die grootste fout wat enige debatteerder kan maak. Die afwesigheid van 'n bondige opsomming van die span se betoog dra verder by tot die onbevredigende slot.

Evaluering: swak (2).

## 4.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING ( 85 H 1 )

### 4.2.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.2.1.1. Eerste voorstander

**Inleiding:** In die inleiding van die voorstander word eers 'n vooruitskouing van die hoofpunte gegee en daarna word die definisies as eerste hoofpunt behandel. Dit is 'n ongewone volgorde. Tog is die tesis korrek geplaas (21:49-52). Die inleiding duur in werklikheid tot (21:60). Die tweede hoofpunt (21:53-60) is ook deel van die inleiding, want dit omvat die beskrywing van 'n kernbegrip. Dit word nie werklik tot 'n argument ter ondersteuning van die proposisie uitgebou nie. Ten spyte van die ongewone orde is die inleiding baie sistematies.

**Betoog**
**Mesovlak:** Die werklike betoog neem eers met die debatteerders se derde hoofpunt 'n aanvang. Binne hierdie punt word die inhoud volgens die kettingmetode georganiseer. Dit is egter nie baie duidelik en geslaagd nie: Omdat die demokrasie 'n Calvinisties-filosofiese kyk op die werklikheid het (21:69-70), het dit die gevolg dat die staat "verselfstandig" is teenoor die verskillende samelewingsverbande (21:64-67); dit wil sê die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Laasgenoemde lei tot welvaart en vooruitgang (22:71-76), aldus die voorstander.

Die organisasie van die skakels in die kousale argument is nie duidelik genoeg en chronologies georden om dit maklik te volg nie.

**Mikrovlak:** Argumente op mikrovlak ontbreek in hierdie betoog. Elke skakel in die genoemde kettingredenasie moes uitgebou gewees het tot 'n volledige hoofargument met ondersteunende bewyse:

1. Die moderne demokrasie het 'n Calvinisties-filosofiese kyk op die werklikheid (gestaaf met bewyse);
2. Die Calvinistiese beskouing het die beginsel van soewereiniteit in eie kring tot gevolg (gestaaf met die nodige bewyse);
3. Die beginsel van soewereiniteit is die direkte oorsaak van welvaart en vooruitgang (gestaaf met bewyse); daarom is demokrasie die kern van welvaart en vooruitgang.

**Slot**: In die slot (22:77-97) word 'n goeie opsomming van die sogenaamde hoofpunte en 'n vooruitskouing van die spanmaat se betoog gegee, asook vrae aan die teenstanders gestel.

Ten spyte van die swakheid van die betoog is die inleiding en slot goed georganiseer. Die probleem lê egter daarin dat die toespraak hoofsaaklik uit inleiding en slot bestaan. Die organisasie het feitlik doel opsigself geword. Waar meeste toesprake ondergeorganiseerd is, is hierdie 'n voorbeeld van oorgeorganiseerdheid ten koste van die inhoud. Te veel tyd word aan organisatoriese aspekte spandeer. Van die 97 reëls beslaan die betoog net 16 reëls (21-22:61-76), en toon 'n wanbelans in die organisasie wat die beklemtoning betref. 'n Positiewe vaardigheid kon dus oordryf word met negatiewe gevolge.

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.2.1.2. Eerste teenstander**

Die organisasie van die eerste teenstander toon ook 'n wanbalans in die onderlinge verhoudinge van die verskillende dele. Die inleiding neem die meeste tyd in beslag (22-24:1-74), waarna 'n kort betoog (24-25:75-89) en 'n baie kort slot volg (25:90-91).

**Inleiding**: Die inleiding is nie geslaagd nie om die volgende redes: Die aanhaling waarmee die inleiding begin is irrelevant met betrekking tot die debatspunt (22-23:1-7), die vooruitskouing van die hoofpunte moes eers ná die definiëring gevolg het (23:16-24), 'n tesisstelling ontbreek en die onnodig omslagtige omskrywing van demokrasie vorm nie 'n eenheid nie.

**Betoog**
**Mesovlak**: Die twee hoofpunte is parallel georden volgens verskillende lewensterreine: sport en die maatskaplik-sosiale.

**Mikrovlak**: Op mikrovlak is die inhoud van albei hoofpunte so skraal dat dit haas onmoontlik is om die organisasie te evalueer. Albei sogenaamde hoofpunte is irrelevant (24-25:75-89) en die laaste een is so onvolledig dat dit nie werklik as 'n hoofpunt kwalifiseer nie.

**Slot**: Die slotsin (25:90-91) is onbevredigend omdat geen opsomming of

vooruitskouing verskaf word nie en dit buitendien irrelevant is. Die wanbalans in die organisasie, die irrelevante hoofpunte en swak slot is aan 'n foutiewe analise te wyte.

Evaluering: baie swak (2).

**4.2.1.3. Tweede voorstander**

Dieselfde kritiek wat ten opsigte van die eerste voorstander se organisasie genoem is, geld ook hier, naamlik dat daar meer voorspel word wát gesê gaan word en wat reeds gesê is as wat daar werklik iets gesê word!

**Inleiding**: Die voorstander het geen inleiding nie en begin direk met haar eerste hoofpunt. Dit is as sodanig nie verkeerd nie. Sy moes egter met haar aanval op die teenstanders begin het, omdat die plasing daarvan in die middel van haar betoog (26:30-41) 'n onderbreking daarin veroorsaak.

**Betoog**

**Mesovlak**: Die organisasie van die hoofpunte is onbevredigend aangesien die eerste twee hoofpunte presies dieselfde sê en in werklikheid geen bydrae lewer om die waarheid van die proposisie te staaf nie (25:1-29). Slegs die derde hoofpunt (26:42-60) sou die waarheid van die proposisie kon staaf. Dit gebeur egter nie as gevolg van die afwesigheid van bewyse en swak redenering.

**Mikrovlak**: Die kritiek is dat die eerste en tweede hoofpunt presies dieselfde sê: vgl. 25:2-5 met 25:19-21; vgl. 25:11-13 met 25:24-26. Die tweede hoofpunt wat onderskei word is in werklikheid 'n herhaling van die eerste punt, en albei is 'n herhaling van die eerste voorstander se derde hoofpunt (vgl.21:61-67). Die tweede voorstander se derde hoofpunt (26:45-54) is 'n herhaling van die eerste voorstander se derde hoofpunt (vgl. 22:71-76). Die derde hoofpunt sou uit drie afsonderlike hoofargumente moes bestaan het om oortuigend te wees. Die plasing van geestelike verval hier (26:55-60) is irrelevant en onnodig. Daarmee het sy haar eie uitgangspunt weerspreek. Die tweede voorstander se betoog bring dus geen nuwe argumente nie! Wat oënskynlik as goed georganiseerd voorkom, is in werklikheid swak organisasie.

**Slot**: Die slot (26-27:61-85) is net soos die spanmaat s'n wel 'n goeie opsomming van die span se betoog. Dit geniet egter te veel aandag. Hierdie wan-

balans getuig van swak organisasie.

Oënskynlik kom spanwerk duidelik tot sy reg in die verwysing na mekaar se hoofpunte (26:61-66), maar die feit dat dié betoog 'n gevarieerde herhaling van die eerste voorstander se betoog is, toon weer eens dat spanwerk nie in woorde bestaan nie, maar in die inhoudelike weerspieël word.

Evaluering: swak (3).

**4.2.1.4. Tweede teenstander**

**Inleiding**: Die tweede teenstander se inleiding bestaan uit 'n vooruitskouing van die aspekte wat behandel gaan word. Dit is 'n goeie beginsel (27:1-10). Dit is egter nie duidelik wat met "die aspek van die ekonomie en kultuur, en dan ook die invloed van demokrasie op die ekonomie en kulturele gebied meer breedvoerig met u behandel" (27:2-5), presies bedoel word nie. Die volgorde wat in die inleiding genoem word, korreleer ook nie met die volgorde van die hoofpunte in die betoog nie.

**Betoog**

**Mesovlak**: Dieselfde ordeningsbeginsel as dié van die eerste teenstander word gebruik. Hoewel daar niks met die beginsel as sodanig verkeerd is nie, is dit irrelevant met betrekking tot dié debat. Hy slaag nie daarin om ten aansien van die ekonomiese en kulturele gebied te bewys dat demokrasie nie die kern van welvaart en vooruitgang is nie. Die fout lê by die foutiewe analise. Die hele betoog oor die kwessie of demokrasie vandag korrek toegepas word, kon uitgelaat gewees het (27-28:11-46). Wat die volgorde betref, sou dit beter gewees het indien ekonomie, as die sterker argument, ná kultuur geplaas was.

**Mikrovlak**: Die organisasie van die hoofpunt oor die ekonomie is baie swak. 'n Duidelike skakel tussen die los gedagtes ontbreek. Die hoofpunt word ook nie aan die debatspunt gekoppel nie. Die hoofpunt oor kultuur illustreer ook die swak organisasie en onsamehangendheid: Kultuur word alles behalwe breedvoerig behandel (29:70-75), soos voorspel is. Dit handel ook nie oor die kultuur op sigself nie, maar oor kultuurorganisasies. Verder handel dit ook nie oor die invloed van demokrasie op die kultuur, soos in die inleiding voorspel is nie (27:3-5), maar die invloed wat kultuurorganisasies op die demokrasie het. Daar bestaan ook geen oorgang tussen die hoofpunte nie.

**Slot**: Die samevatting in die slot moes duideliker die hoofpunte weerspieël het (29:76-91). Die mate van opsomming wat daar wel is, slaag nie want dit is geheel en al irrelevant.

In die oorvleueling van die inhoud word getoon dat spanwerk nie gerealiseer het nie. Beide lede begin by die Grieke en die grootste deel van elkeen se betoog behandel die stelling dat ware demokrasie nie meer vandag bestaan nie. As lede verskillende aspekte van 'n gemeenskaplike hoofpunt behandel, en dit so aandui, is daar geen fout mee te vind nie. Dit is egter nie hier die geval nie.

Evaluering: baie swak (2).

**4.2.2. Repliektoesprake**

**4.2.2.1. Eerste teenstander**

**Inleiding**: Die inleiding (30:1-12) slaag nie omdat geen vooruitskouing van enige plan van aanval en verdediging gegee word nie, en die definiëring van begrippe onnodig is. Dit moes in die konstruktiewe toesprake afgehandel gewees het. Definisies in repliektoesprake kom net voor as daar sterk meningsverskille bestaan. Dié twee spanne verskil wel baie van mekaar, maar dit word geensins hier aangedui nie.

**Repliek** Soos vroeër genoem, word die verskillende argumente nie volgens die hoofpunte soos wat dit in die konstruktiewe toesprake voorgekom het, georganiseer nie. Hier word van ekonomiese resessie (30:6) na "verval in ons sedes" (30:14) na die "Calvinistiese Reformasie" (30:19) en na plaasvervangers van demokrasie (30:23-30) gespring, sonder enige oorgange of 'n duidelike verband tussen die verskillende aspekte.

**Slot**: Die toespraak het in werklikheid nie 'n slot nie. Indien die laaste argument as slot dien (30:27-32) is dit onbevredigend, omdat dit irrelevant is. Die teenstander was nie veronderstel om in dié debat tot 'n slotsom te kom oor die wêreldmoondhede wat nog sogenaamd "suiwer" demokraties is nie.

Evaluering: baie swak (2).

**4.2.2.2. Eerste voorstander**

**Inleiding:** In die inleiding (31:1-11) poog sy om 'n samevatting van die hoofpunte te gee. Die samevatting bevat egter nie die kern van die voorstanders se betoog nie. Bewerings word gemaak wat nie voorheen genoem is nie.

**Repliek:** Die res van die repliek bestaan uit 'n bevredigend georganiseerde aanval op die teenstanders. Eers word op die teenstander se gebrek aan teenreaksie gewys (31:12-29) en daarna reageer die voorstander op die teenstander se "kubusblokargument" (31-32:30-37).

**Slot:** Die slot bevat weer 'n herhaling van die aanval op die teenstanders (vgl. 31:13-30 met 32:36-48). Herhaling kan 'n positiewe bydrae lewer in 'n toespraak. Te veel herhaling, soos hier en veral in die konstruktiewe toesprake na vore gekom het, moet egter vermy word.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**4.2.2.3. Tweede teenstander**

**Repliek:** Die teenstander begin, sonder 'n inleiding, direk met 'n aanval. Die organisasie van die repliektoespraak toon 'n hegter eenheid en samehang as dié van sy konstruktiewe toespraak (32-33:1-30). Hy fokus sy aanval op die teenstanders se omskrywing van demokrasie en die toepassing daarvan. Die organisasie is bevredigend in die lig van die teenstander se uitgangspunt, naamlik dat die demokrasie vandag nie meer ware demokrasie is nie. Al die verskillende aanvalle sentreer hier rondom - al is dit dan nie die kern van die debatspunt nie.

**Slot:** Hier word gepoog om 'n opsomming van die span se betoog te gee (33:31-36). Dit slaag egter nie heeltemal nie aangesien die sogenaamde hoofpunte nie weer herhaal word nie. Verder toon die slot 'n inkonsekwensie ten opsigte van bewerings wat hy vroeër gemaak het (vgl. p. 232).

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.2.2.4. Tweede voorstander**

**Repliek:** Die tweede voorstander begin direk met 'n aanval. Hoewel die in-

houd onbevredigend is, soos in die vorige hoofstukke aangedui is, is die organisasie daarvan bevredigend. Hier kom nie so baie herhaling voor nie. Die sogenaamde stand van die Westerse beskawing (33-34:15-19) pas egter nie hier in nie. Dit is nie duidelik watter verband dit met die res van die repliektoespraak het nie. Die implikasie van dié paragraaf verswak die voorstanders se betoog in die geheel.

**Slot**: Die slot vat die voorstanders se kernstelling goed saam. Dit is net jammer dat dit nêrens in die debat oortuigend bewys is nie. Dis bloot 'n aanname wat nie op geldige redenering en konkrete bewyse berus nie.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

## 4.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1)

### 4.3.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.3.1.1. Eerste voorstander

**Inleiding**: Die eerste voorstander begin onmiddellik met die definisies van die kernbegrippe in die volgorde soos dit in die proposisie voorkom. Die organisasie van die materiaal is baie sinvol, met oorgange wat maklik volgbaar is: "Oorsese beleidmaker" (38:20) lei na die buitelandse beleidmakers (38:31); teenoor die Ooste (39:36-42) is die "Weste 'n ander saak" (39:43-53). Met herhaling van woorde en kort sinne, wat die een aspek in verband met die ander bring, word samehang verkry. 'n Nadeel van die inleiding (38-39:1-56) is die afwesigheid van 'n tesis en die feit dat te veel tyd aan die wêreldmening bestee is ten koste van die eerste hoofpunt.

**Betoog**
**Mesovlak**: Die hoofpunte word parallel georden volgens die verskillende redes waarom Suid-Afrika oormatig reageer, naamlik vrees en 'n aangebore neiging tot emosionele oorreaksie (39:54-56). Behalwe dat dit irrelevant is, omdat die proposisie foutief geanaliseer is, is die ordeningsbeginsel aanvaarbaar.

**Mikrovlak**: Die organisasie van die eerste hoofpunt is goed, want alles sentreer rondom Suid-Afrika se sogenaamde vrees vir sanksies (39-40:57-77).

Die verskillende gedagtes volg ook sinvol op mekaar.

**Slot**: Die slot is ietwat stomp en onbevredigend. Sy toon wel aan dat haar spanmaat die tweede punt sal debatteer (40:78-83).

Evaluering: goed (7).

**4.3.1.2. Eerste teenstander**

**Inleiding**: Die eerste sin, waar Dunne aangehaal word, is baie goed omdat die hele betoog van die span op dié kwessie fokus, naamlik dat Suid-Afrika nie werklik sonder die Weste kan bestaan nie. Dit sluit dus aan by die res van die betoog. Die res van die inleiding (40-41:7-64) waar die begrippe gedefinieer word, is baie sistematies en loop uit op die tesis, wat in 'n vraagvorm gestel is (41:60-64). Dit is 'n sinvolle en goedgeorganiseerde inleiding.

**Betoog**
**Mesovlak**: Op mesovlak word die betoog parallel georden volgens die belangrikste twee terreine, naamlik die politieke en die ekonomiese. Die beginsel en die organisasie daarvan, waar elke spanlid op een terrein konsentreer, is baie bevredigend.

**Mikrovlak**: Die organisasie is sistematies en logies met 'n goeie balans tussen bewyse, redenering en 'n koppeling aan die kriterium. Eers word getoon hoe Suid-Afrika hom nie te min (42:68-80) en daarna hoe hy hom nie te veel aan die wêreldmening steur nie (42:81-97). Duidelike oorgange (42:79-82) en sinvolle opsommings word gegee (42:79-80, 42:95-97).

**Slot**: Die slot is kort, eenvoudig en tog effektief (42:98-101). Die uitgangspunt word gestel en sy spanmaat se bydrae word in vooruitsig gestel.

Hier is 'n goeie voorbeeld hoe oorgange, samevattings en spanwerk kernagtig maar tog sinvol kan geskied (42:65-67 en 42:98-99).

Evaluering: uitstekend (9).

**4.3.1.3. Tweede voorstander**

**Inleiding**: In die inleiding (43:1-6) koppel die voorstander sy betoog aan dié

van die eerste voorstander en stel die kruks van die hoofpunt wat hy gaan bespreek. 'n Bevredigende inleiding vir die tweede voorstander.

**Betoog**
**Mesovlak**: Dieselfde beginsel geld hier soos by die eerste voorstander aangedui. Die tweede rede vir 'n oormatige reaksie word bespreek.

**Mikrovlak**: Hoewel die inhoud maklik gevolg kan word, is daar nie 'n hegte eenheid nie. Die voorstander bly nie by die hoofpunt nie en bring ook die sogenaamde gevolge van 'n emosionele oorreaksie ter sprake. Sodoende dwaal hy nog verder van die debatspunt af. Reaksies word dan nie meer aan die wêreldmening gekoppel nie, maar aan interne oorsake (vgl. 43:31-34; 44:65-73). Die probleem met die organisasie is dat 'n duidelike hoofargument nie konsekwent deurgevoer en ook nie eksplisiet aan die proposisie gekoppel is nie. Die foutiewe analise benadeel hier ook die organisasie.

**Slot**: Die slot is bevredigend (44-45:79-87), omdat die span se hoofpunte nie weer duidelik saamgevat is nie, daar te veel onbewese aannames gemaak is, en dit in werklikheid irrelevant is ten aansien van die debatspunt. Die slot sou bevredigend gewees het as die voorstander hier presies gesê het wat die "regte ding" op die "regte manier" sou wees.

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.3.1.4. Tweede teenstander**

**Inleiding**: Die inleiding is goed aangesien daar by die vorige spreker en vervolgens by sy spanmaat aangesluit word. Hy stel ook sy hoofpunt in vooruitsig (45:1-14).

**Betoog**
**Mesovlak**: Dieselfde ordeningsbeginsel van sy spanmaat word hier voortgesit.

**Mikrovlak**: Goeie organisasie word in die hantering van die hoofpunt aangetref. Eers word die afhanklikheid op uitvoergebied bespreek (45:17-43); dan word invoere bespreek wat weer georden is volgens kapitaalprodukte (46:45-51) en intermediêre produkte (46-47:52-73). Die tweede teenstander bly hier egter in gebreke om die voorbeelde saam te vat en aan hulle standpunt te koppel. Hy moes aangetoon het dat dít die rede is waarom Suid-

Afrika dikwels reageer soos hy reageer: Omdat die ekonomie so vervleg is met buitelandse in- en uitvoere kan Suid-Afrika nie doen net wat hy wil nie. Hy poog wel om dit aan te dui (47:83-90), maar slaag nie goed daarin nie. Die verdere organisasie van die voorbeelde wat telkens aan die uitgangspunt gekoppel is, is baie goed.

**Slot**: Dit vorm die klimaks van die betoog (48:111-122), waar die eise van die wêreld kernagtig saamgevat word en Suid-Afrika se reaksie hierteenoor gestel word. Die drade word kernagtig dog effektief saamgevat.

Die spanwerk tussen die twee teenstanders kan as die ideaal voorgehou word. Daar is nie oordrewe en onnodiglik na mekaar verwys nie, maar bloot subtiel en op gepaste wyse by mekaar aangesluit. Gesamentlik vorm dit 'n geheel wat die proposisie as waarskynlik onwaar bewys. Vergelyk hierteenoor die spanwerk van die vorige debat se twee voorstanders wat hinderlik en te doelbewus voorkom.

Evaluering: baie goed (8).

**4.3.2. Repliektoesprake**

**4.3.2.1. Eerste teenstander**

**Inleiding**: Dit sluit goed by die tweede voorstander aan, juis omdat hy in sy illustrasies van 'n oorreaksie heel dramaties in inhoud en aanbieding was (48:1-10).

**Repliek**: Die aanval van die eerste teenstander kon duideliker volgens 'n bepaalde beginsel georden gewees het. Hy kon dit byvoorbeeld volgens die voorstanders se hoofpunte georden het, naamlik vrees en 'n neiging tot oorreaksie; of volgens die teenstanders se hoofpunte, naamlik die politieke en ekonomiese aspekte; of volgens die begrippe in die proposisie. Laasgenoemde beginsel blyk die beste te wees. Hiervolgens behoort die inhoud sodanig te verloop: Aanval met betrekking tot die definisies (48:11-18), Suid-Afrika (49:29-33), die wêreldmening (49:24-28 en 49:34-42), en dan met betrekking tot oormatige reaksie (48:19-23 en 49:43-49).

Dit impliseer dat die reaksie op die Weste (48:19-23) net voor die slot, en die "normargument" (49:24-28) voor prof. Carel Nöffke se uitspraak (49:34)

geplaas moes word. Dié aanbeveling sou die organisasie, wat bevredigend was, verder verbeter het.

**Slot**: In die slot fokus hy op die kernbegrip **oormatig** en bevraagteken die standpunt van die voorstanders. Die slot is goed maar hy kon die twee spanne se argumente duideliker teenoormekaar gestel het (49:43-49).

Evaluering: bo gemiddeld (6).

**4.3.2.2. Eerste voorstander**

**Inleiding**: Die inleiding is onbevredigend aangesien geen aanduiding gegee word van die aspekte waarop die span hulle aanvalle gaan loods nie. Verder poog sy om aansluiting te vind by hipotetiese argumente wat die teenstanders "moes" beklemtoon het (49:1-5).

**Repliek**: Dit kon onder duideliker hoofpunte georganiseer gewees het. Die voorstander bly telkens in gebreke om aan te dui hoe die argumente bewys dat Suid-Afrika wel oormatig op die wêreldmening reageer.

Die inhoudelike ordening van die "sanksiegevaar" is bevredigend. Eers word die kwessie dat sanksies dikwels net dreigemente bly aangeraak (50:18-26), dan word Suid-Afrika se selfversorgendheid te berde gebring (50:27-40), en laastens die afhanklikheid van die buitewêreld van Suid-Afrika se kommoditeite (50:41-45).

**Slot**: Hier word gepoog om 'n samevatting van die span se standpunt te gee (50-51:46-51). Die slot slaag egter nie omdat dr. Gerhard de Kock se uitspraak die standpunt van die voorstanders weerspreek, en omdat sy haarself weerspreek oor die rol van stabiliteit met betrekking tot buitelandse investering (vgl. 49:6-7).

Evaluering: onder gemiddeld (4).

**4.3.2.3. Tweede teenstander**

**Inleiding**: Die teenstander sluit in sy inleiding en in sy repliek direk aan by die vorige spreker. Hy moes egter aangedui het ten opsigte van watter aspekte die voorstanders se gevolgtrekking nie so goed was nie (51:1-5).

**Repliek**: Die ordening getuig van 'n goeie organisasievermoë (51-52:6-57). Die aanval word gefokus op die geskilpunt oor Suid-Afrika se selfversorgendheid. Die verskillende gedagte-eenhede volg logies opmekaar. Die aanvalle word ook uiteindelik by **oormatig** uitgebring, wat weer eens toon hoe goeie analise ook help met sinvolle organisasie. Telkens word die inhoud sodanig georganiseer dat die kern van die dispuut in fokus gebring word.

**Slot**: Die klimaks van die laaste argument vorm die slot van die toespraak (52:57-60). Dit is oortuigend omdat die kern van hulle standpunt hier ondubbelsinnig gestel word.

Evaluering: baie goed (8).

**4.3.2.4. Tweede voorstander**

**Inleiding**: Die inleiding, wat begin met 'n antwoord op die teenstander en 'n opsomming van die debat tot op hierdie stadium, is bevredigend (52-53:1-14). Die teenstander het egter nie eksplisiet gestel dat 'n nuwe Suid-Afrika evolusionêr moet herrys nie.

**Repliek**: Wat die organisasie betref ontbreek telkens 'n sin, frase of paragraaf wat duidelik aan die gehoor moes bewys dat die "histeriese onbesonne" optrede (53:16), die tweespalt (53:20-26), die onbesonne hervormings (53:33-45), en die drie-kamer-parlement (53:45-48) 'n direkte oormatige reaksie op die wêreldmening is, en nie moontlik as gevolg van binnelandse druk of uit eie oortuiging geskied het nie. Die swak analise en gebrekkige redenasie eis ook sy tol ten aansien van die organisasie.

**Slot**: Hoewel die slotsinne baie effektief is (53-54:48-51) kon die slot die debat en die span se betoog, deur middel van 'n kort opsomming, meer bevredigend afgesluit het. Die slot is ook nie baie oortuigend nie aangesien hy nie vooraf bo redelike twyfel bewys het dat die drie-kamer-parlement 'n noodwendige oormatige reaksie op die buitelandse mening was nie.

Evaluering: bo gemiddeld (6).

## 4.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 1)

### 4.4.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.4.1.1. Eerste voorstander

Die toespraak bestaan net uit 'n lang inleiding en 'n slot. Dit is as gevolg daarvan dat die definiëring van begrippe as hoofargumente gehanteer is, wat dit uiteraard nie is nie.

**Inleiding**: Die begin van die inleiding is onbevredigend omdat dit nie duidelik is wie die Afrikaner se prestasies afkraak en sy kultuur in ou vorme wil vaspen nie (57:1-6). Hierdie "beskuldigings" word ook nie in die proposisie gesuggereer nie. Die organisasie van die definisies is bevredigend en daar word effektief van rubrieke gebruik gemaak (58-59:70-85; 59:95-96). Daar is 'n bevredigende rede waarom **kultuur** voor **uitbou** geplaas is (58:65-66). Die omskrywing van **na behore** en 'n tesis ontbreek egter.

**Slot**: Die opsomming is baie sistematies (59:88-101). As dit nie vir die afwesigheid van 'n werklike betoog was nie, kon die debatteerder wat organisasie betref 'n goeie punt verwerf het.

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.4.1.2. Eerste teenstander

**Inleiding**: Hier word 'n interessante volgorde aangetref. Sy begin met die span se tesis in die woorde van 'n bekende kultuurleier (59:1-6). Die aanhaling is geslaagd omdat dit inderdaad die kern van die span se betoog verwoord en in direkte botsing staan met die voorstander se siening van kultuur.

Vervolgens word die hoofpunte gestel en die begrippe omskryf (59-60:7-45). Dit is sinvol om te begin met die begrip wat die voorstanders nagelaat het om te definieer. Hierna word die begrip kultuur omskryf. Juis hieroor bestaan daar 'n verskil van interpretasie. Dit sou beter gewees het om die stel van die hoofpunte eers na die hoofpunte te plaas. Die definiëring moet na die hoofpunte lei en nie andersom nie.

**Betoog**
**Mesovlak**: Die eerste teenstander se betoog is parallel georden. Haar eerste hoofpunt handel oor ekonomiese vooruitgang wat tot materialisme en akkulturasie lei, en die tweede hoofpunt oor die Afrikanerhuisgesin se lae kultuurbesteding (60:10-15). Die volgorde waarin die hoofpunte gedebatteer word, is bevredigend.

**Mikrovlak**: Die ordening van die bewyse en stellings in die eerste hoofpunt is bevredigend. Sy moes egter vooraf 'n bewys of subargument gestel het wat sal staaf dat ekonomiese vootuitgang noodwendig tot materialisme lei. Die oorgang na die tweede punt is geslaagd (61:69-75). Sodoende is samehang bewerkstellig. Die tweede punt se ordening is ook geslaagd; eers word die stelling gemaak (61:73-75) en daarna die bewyse gestel (61:78-85).

**Slot**: Die slot van die toespraak is, soos die inleiding, geslaagd (61-62:86-94), omdat die hoofpunte saamgevat word en 'n vooruitskouing van die spanmaat se punte gegee word. Die slotaanhaling het ook 'n direkte verband met die twee hoofpunte. Eenheid word verkry deurdat die toespraak begin en eindig met 'n relevante aanhaling.

Evaluering: baie goed (8).

**4.4.1.3. Tweede voorstander**

**Inleiding**: Die inleiding is van wisselende gehalte. Die begin is onbevredigend aangesien daar gesuggereer word dat 'n beskuldiging gemaak is ten aansien van die Afrikaner wat kultureel slap lê, sonder om aan te dui waar en wanneer en deur wie die beskuldiging gemaak is (62:1-7). In die daaropvolgende deel word die teenstander woorde in die mond gelê en kom die foutiewe interpretasie van kultuur weer ter sprake (62:8-22). Die laaste deel van die inleiding is effektief, want die hoofpunte word in vooruitsig gestel (62-63:23-29).

**Betoog**
**Mesovlak**: Die parallelle ordeningsbeginsel is onbevredigend en nie konsekwent toegepas nie. Die derde punt, naamlik die beveiliging van die Afrikanervolk is irrelevant en pas nie by die eerste twee punte, naamlik vertikale kultuuruitbouing met betrekking tot die eie volk en na ander volke nie (62:25-27).

Wat die volgorde van die drie punte betref sou dit beter gewees het as dié twee wat die Afrikaner betrek ná mekaar geplaas was, met die ander punt eerste of laaste.

**Mikrovlak**: Die ordening van die eerste hoofpunt is onbevredigend omdat die inhoud glad nie by die hoofpunt pas nie (63:30-50). Irrelevante aspekte soos die ekonomiese groei van die Afrikaner, sy besit van die politieke mag, modernisering en verstedeliking word te berde gebring, in plaas daarvan dat stofgegewe voorkom wat sal toon hoe die Afrikaner sy bestaande ekonomiese groei benut om sy eie kultuur uit te bou. Die swak analise het veroorsaak dat hy irrelevante data geselekteer en onder dié hoofpunt geplaas het. Dataseleksie wat 'n voorstadium van organisasie is, is swak.

Die tweede punt moes duideliker onder verskillende newepunte georganiseer gewees het, naamlik taaluitbouing, godsdiensuitbouing, ens. (63:51-70). 'n Duidelike koppeling aan die proposisie ontbreek ook. Die voorstander moes duidelik getoon het hoe die genoemde "prestasies" 'n direkte gevolg daarvan is dat die Afrikaner sy ekonomie benut het om sy kultuur na ander volke uit te bou.

Die derde hoofpunt is totaal irrelevant. As gevolg van die swak redenasie volg die verskillende gedagtes ook nie logies op mekaar nie (64:71-88).

**Slot**: Die slot bevat 'n sistematiese opsomming van die span se sogenaamde hoofargumente (64:89-106). Die voorstander beskou nog steeds sy span se definisies foutiewelik as hoofargumente. Die slotsin se betekenis is vaag en dit doen afbreuk aan die slot.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

#### 4.4.1.4. Tweede teenstander

**Inleiding**: Soos die geval by die eerste teenstander sluit die aanhaling sinvol by die toespraak aan. Met hierdie woorde word die ideaal ten opsigte van kultuurarbeid gestel. Daarna toon hy in sy betoog dat hierdie kultuurarbeid nie na behore geskied nie.

Dit is 'n goeie organisatoriese beginsel om voor die konstruktiewe argumente eers die aanvalswerk te doen, soos dit hier wel geskied (65:10-18; 65:25-36).

Die verwysing na die eerste voorstander verleen samehang aan die span se betoog (65:19-24).

**Betoog**

**Mesovlak:** Hierdie betoog is parallel georden volgens die terreine waar kultuuruitbouing nie na behore geskied nie, naamlik die skeppende kunste en die media. Die beginsel is aanvaarbaar en die volgorde is bevredigend.

**Mikrovlak:** Die organisasie is goed behalwe dat daar duideliker ordening van die newepunte kon gewees het. Die kunste kon volgens uitvoerende en skeppende kunste en die media volgens die uitsaaiwese en die perswese, waaronder reklame hoort, georganiseer gewees het. Die samevatting van die twee punte en die koppeling aan die proposisie is baie goed (67:95-98).

**Slot:** Dit is geslaagd omdat die opponente se standpunt en die span se hoofpunte saamgevat word (67:99-105). Die slotparagraaf (67:106-108) is miskien te oordrewe gestel. Dit sou beter gewees het as hy met die derde laaste paragraaf afgesluit het.

Tussen hierdie twee lede bestaan daar ten opsigte van die verdeling van die hoofpunte en die wedersydse koppeling van argumente, baie goeie spanwerk.

Evaluering: baie goed (8).

### 4.4.2. Repliektoesprake

#### 4.4.2.1. Eerste teenstander

Die organisasie van die repliektoespraak, net soos dié van die konstruktiewe toespraak, is knap gedoen.

**Inleiding**: Afgesien daarvan dat die aanhaling die kruks vorm van die botsing tussen die twee spanne, is die konsekwente gebruikmaking van betekenisvolle aanhalings baie effektief. Verder voorspel die debatteerder presies wat sy gaan doen en doen dit dan inderdaad in die gestelde volgorde.

**Repliek:** Die repliek se ordening is logies. Sy begin met die interpretasieverskil (68:17-28), en dan toon sy dat die sogenaamde "ontwikkeling" van die voorstanders tot 'n internasionale fase sal lei (68:17-28), om laastens

te toon dat modernisering en verstedeliking juis die bevordering van 'n eie kultuur teëwerk (68-69:42-55). Die ordening van elke aanval met sy ondersteunende bewys is baie funksioneel.

**Slot**: Die appèl in die slot is geslaagd. Dit sou egter nog beter gewees het as die teenstander hier opsommenderwys getoon het hoe die voorafgaande aanvalle die voorstanders se standpunt aansienlik verswak het en gemeld het dat die teenstanders se argumente nog steeds sterk staan.

Evaluering: baie goed (8).

**4.4.2.2. Eerste voorstander**

**Inleiding**: Die inleiding is bevredigend omdat die voorstander presies sê wat hulle gaan doen (69:1-9). Die voorstander slaag egter nie daarin om te bewys *dat hulle argumente stewig en onaanvegbaar staan nie*, want *sy poog nie* eers om die "skade" wat die eerste teenstander berokken het te herstel nie.

**Repliek**: Die volgorde van die sogenaamde hoofargumente in die konstruktiewe toesprake word hier identies herhaal. Die parallelle organisasie bewerkstellig samehang. Die negatiewe kom egter na vore in die herhaling van die inhoudelike, sonder 'n verdere bydrae tot die span se standpunt of sonder enige aanval en verdediging. Die organisasie kan dus nie van die inhoud losgemaak word nie.

**Slot**: Die slotwoorde (71:65-58) oortuig nie, omdat dit nie waar is nie. Die teenstanders het veel "skade aangerig" sonder dat sy dit besef. Geen nuwe bewyse of verdediging is ter herstel aangevoer nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.4.2.3. Tweede teenstander**

**Inleiding**: Die aanhaling waarmee die repliek begin is wel ter sake maar word nie genoeg aan die res van die repliek en die standpunt van die teenstander gekoppel nie (71:1-3). Hy sou in sy repliek moes bewys dat die vuur laag brand of glad nie meer brand nie omdat die Afrikaner nie sy ekonomie na behore benut om dit aan die brand te hou nie. Die kernagtige uiteensetting van die repliek wat gaan volg, is bevredigend (71:10-16).

**Repliek**: Die kritiek wat teen die tweede teenstander se organisasie ingebring kan word, is die feit dat hy en sy spanmaat verwagtinge skep en dan nie ten volle daaraan voldoen nie. Sy spanmaat het gesê dat hy sal toon hoe die Afrikaner nie sy kultuur na ander bevolkingsgroepe uitbou nie (68:12-15), terwyl hy noem dat hy die opponente se hoofpunte gaan aanval (71:13-15). Die spanmaat se voorspelling het nie werklikheid geword nie, hoewel dié aspek wel in sy konstruktiewe toespraak aandag gekry het (66:61-73). Verder het die aanval op die opponente se argumente slegs gedeeltelik geskied (71-72:17-36), en is "skeppende kunste" nie "versterk" nie. Die teenstander moes veeleer die spesifieke argumente waarop hy 'n aanval gaan maak genoem het. Dié probleem kom dikwels voor omdat die tyd so beperk is. Daarom moet debatteerders daarteen waak om, veral in 'n repliektoespraak, nie te veel verwagtings te skep nie.

**Slot**: Die samevatting van die span se hoofpunte is goed (72:44-51), maar net soos by die konstruktiewe toespraak, is die voorspelling dat die Afrikanervolk sal uitsterf indien hy nie sy ekonomie na behore aanwend om sy kultuur te beskerm nie, 'n oordrewe stelling wat die geheel skaad (72:52-56).

Die spanwerk tussen die twee teenstanders was volgens die inhoudelike en die organisasie baie goed.

Evaluering: gemiddeld (5).

**4.4.2.4. Tweede voorstander**

**Inleiding**: Die inleiding is onbevredigend (72-73:1-5). Die voorstander skep die indruk dat geeneen van hulle argumente suksesvol aangeval is nie, wat onwaar is. Verder skep die voorstander ook verwagtinge waaraan nie voldoen is nie. Daar word voorspel dat die teenstanders se argumente deurgekyk gaan word (73:3-4), tog het die aspekte wat aangeval is nie direkte betrekking op die vier hoofpunte van die teenstanders nie.

**Repliek**: Die duidelike verdeling van die repliek onder twee punte is bevredigend, maar op mikrovlak is dit onbevredigend. Die verskillende gedagtes wat na mekaar volg hou dikwels nie met mekaar verband nie. Om die sogenaamde verwestering en verengelsing te verdedig word genoem dat die Afrikaner aan die begin van die eeu sy kultuurvlak moes verlaag om die land te tem (73:6-20). Dan word genoem dat die kultuurstryd in 'n negatiewe lig

gesien word om weer terug te keer na die sogenaamde "veramerikaansing"; wat wel aansluit by die eerste sin. Daar is nie 'n duidelike argumentasielyn wat gevolg kan word nie.

Die swak analise benadeel ook die organisasie van die volgende argument (73-74:21-44). 'n Logiese samehang tussen die bewyse en die stelling, asook tussen die argument in geheel en die voorstander se standpunt, ontbreek.

**Slot**: Die slot bevredig nie want die samevatting geskied baie oppervlakkig (74:45-54). Die debatteerder roem daarop dat hy bevind het dat die opponente se argumente nie die paal kon haal nie (74:47-49), terwyl geen argument van die teenstanders eers naastenby suksesvol weerlê is nie.

Die spanpoging met betrekking tot die verdeling van die sogenaamde hoofpunte van die betoog, asook die werksverdeling van die repliektoesprake, is bevredigend.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

## 4.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE (86 E 1)

### 4.5.1. Konstruktiewe toesprake

#### 4.5.1.1. Eerste voorstander

Die organisasie van hierdie toespraak is bevredigend.

**Inleiding**: Die inleiding (78:1-29) begin met 'n duidelike doelstelling (78:1-5) waarop die definisies volg. Die volgorde van die definisies korreleer nie met die volgorde van die terme in die proposisie nie. Opvoeding is doelbewus laaste geplaas, aangesien die hoofpunt heel natuurlik voortvloei uit die verskillende vlakke waar opvoeding geskied. Die inleiding word voltooi met die stel van die hoofpunte en die tesis (78:24-29).

**Betoog**

**Mesovlak**: Op mesovlak is die betoog parallel georden volgens die verskillende vlakke waarop opvoeding kan geskied. Hierdie ordening is goed aangesien die volgorde van informele na nie-formele opvoeding effektiewe

progressie toon.

**Mikrovlak**: Die eerste punt onder informele opvoeding, naamlik ouerhuis is verkeerd benoem en moes slegs die ouer of die rol van die ouer heet. Die ander twee aspekte geskied tog ook in die ouerhuis. Die oorkoepelende hoofpunt betrek dus die ouerhuis, waarbinne die rol van die ouer, media en opvoedkundige speletjies. Die feit dat elke hoof- en newepunt, by die aanvang daarvan, duidelik in die eerste sin genoem word, is 'n baie goeie beginsel en help die gehoor om presies te weet watter aspek ter sprake gaan kom (vgl. 78:30; 79:44; 79:55; 79:61; 79:69). Sy moes egter duidelik na elke newepunt aangedui het hoe dit die hoofpunt ondersteun, asook hoe die hoofpunt die waarskynlike waarheid van die proposisie bevestig.

**Slot**: Die slot (79-80:69-81) bestaan uit 'n bevredigende opsomming, 'n vooruitskouing van die spanmaat se bydrae en 'n afsluiting. Die spreuk: "Geld wat stom is maak reg wat krom is", is myns insiens nie hier van toepassing nie. Dit sou veel beter ingeskakel het by die vorige debat, waar dit oor die aanwending van die ekonomie ter bevordering van die kultuur gehandel het.

Evaluering: goed (7).

**4.5.1.2. Eerste teenstander**

**Inleiding**: Die inleiding bevredig nie heeltemal nie, omdat soos reeds onder analise genoem, die kousale verband tussen voldoende opvoeding en ons wankelende ekonomie, nie bo alle twyfel seker is nie (80:1-8). Bevredigende organisasie word in die volgende getoon: die span se standpunt word gestel (80:13-16), die hoofpunte aangedui (80:17-26) en kriteria vir voldoende opvoeding neergelê (81:27-53). Die voorspelling van die hoofpunte toon 'n ongeorganiseerdheid wat in die verdere toespraak ook duidelik blyk. Huislike en kulturele opvoeding kom byvoorbeeld twee maal ter sprake (80:19; 80:22-23).

**Betoog**

**Mesovlak**: Op mesovlak poog die teenstanders om dieselfde ordeningsbeginsel as die voorstanders te gebruik. Hulle slaag egter nie bevredigend daarin nie. Hulle voeg ook 'n ekstra hoofpunt, naamlik die eise van die toekoms by, wat die konsekwente toepassing van die voorstanders se beginsel versteur. Die laasgenoemde punt sou byvoorbeeld inpas by 'n paralelle ordening op die beginsel van die eis van verlede, hede en toekoms. Die mesovlakorganisasie is

dus inkonsekwent.

**Mikrovlak**: Die eerste teenstander het in sy poging om by die eerste voorstander aan te sluit, die benaming van die voorstander se hoofpunte oorgeneem, maar sy eie voorafbeplande inhoud daaraan gegee. Die gevolg is 'n diskrepansie tussen die benaming van die hoofpunt en die inhoud daarvan. Wat die eerste punt, naamlik huislike en kulturele opvoeding betref, is daar geensins duidelikheid omtrent die presiese bedoeling van kultureel ekonomiese opvoeding nie, en word die opvoeding ook nie behandel nie. Verder is dit ook nie so seker of die aspekte wat in prof. Chris Jooste se aanhaling ter sprake kom, veral wat rekenaarskursusse betref, net op huislike opvoeding betrekking het nie (81-82:60-67)

Die diskrepansie by die tweede hoofpunt, naamlik media, is nog groter. Die vraelys, en die vrae wat wel genoem is, het hoegenaamd geen direkte betrekking op die media se rol in die ekonomiese opvoeding van die jeug nie.

**Slot**: In die slot beroem hy hom daarop dat die eise wat die ekonomie stel, genoem is asook dat hy bewys het dat die media nie die pyp rook nie, terwyl dit in werklikheid nie gerealiseer het nie (82:83-97). Die vooruitskouing van sy spanmaat se hoofpunte is funksioneel. Die slotaanhaling is relevant, maar dit is nie duidelik genoeg aan die proposisie en die teenstanders se standpunt gekoppel nie.

Evaluering: swak (3).

### 4.5.1.3. Tweede voorstander

**Inleiding**: Die inleiding poog om by die vorige spreker aan te sluit, maar slaag nie daarin nie, omdat die vorige spreker glad nie die tradisie en geskiedenis ter sprake gebring het nie (82-83:1-4). Die verwysing na beslote koöperasies staan heeltemal los van die res van die betoog. Daar is geen verband met enige van die ander hoofpunte nie (83:5-13).

Die reaksie op die maatstawwe van die teenstanders tussen die inleiding en die betoog is organisatories bevredigend.

**Betoog**
**Mesovlak**: Die tweede voorstander sluit aan by die eerste voorstander deur

haar hoofpunte te noem en dan voort te gaan met formele opvoeding (83:25-31). Dit getuig ook van bevredigende spanwerk.

**Mikrovlak**: Die organisasie van die hoofpunt is bevredigend deurdat eers die doel van die opvoedkundige sentra (83:32-38) gestel en vervolgens sekondêre en dan tersiêre inrigtings behandel is. Sy dui telkens aan wat sy vervolgens gaan bespreek en maak bevredigende oorgange (vgl. 83:25-31; 83-84;39-41; 84:58-61; 84:69). Hoewel tegnikons in die hoofpunt genoem word, word daar nêrens na die rol wat dié inrigtings speel, verwys nie (84:58-68).

**Slot**: Die slot (84:69-78) vat die hoofpunte van beide spanne saam. Hier kon sy duideliker standpunt teen die teenstanders ingeneem het. Die verwysing na die jeug as môre se hoop moes duideliker aan die debatspunt en die standpunt van die voorstanders gekoppel gewees het.

Evaluering: goed (7).

**4.5.1.4. Tweede teenstander**

**Inleiding**: Die aanvang van die inleiding is onbevredigend aangesien daar geensins weer na die "finansiële Rand" teruggekeer word nie, al stel die teenstander dit in die vooruitsig (85:1-6). Die aansluiting by sy spanmaat en die vorige spreker is, wat die organisasie aanbetref, baie goed (85:7-22). Die volgorde waarin die twee hoofpunte genoem is, behoort omgeruil te word om sodoende te korreleer met die volgorde in die betoog.

**Betoog**
**Mesovlak**: Die mesovlakordening sluit aan by die eerste teenstander en die tweede voorstander se ordening. Die derde vlak van ekonomiese opvoeding, naamlik die formele word gedebatteer. Soos vroeër genoem, val die eise van die toekoms buite hierdie ordeningsbeginsel en dit toon onbevredigende mesovlakorganisasie.

**Mikrovlak**: Die eerste hoofpunt se twee newepunte (85-86:23-57) sluit goed bymekaar aan met 'n duidelike oorgang (86:36-37). Dit vorm ook 'n parallel met die tweede voorstander se organisasie.

Die tweede hoofpunt (86-87:58-83) is organisatories onbevredigend, omdat dit nie gemotiveerd aan die res van die betoog en aan 'n kriterium vir vol-

doende opvoeding gekoppel is nie, ten spyte van die poging om dit aan die groeteboodskap van mnr. Cronje te koppel (86:58-61).

**Slot**: Die slot wat uit twee dele bestaan, naamlik 'n samevatting van die hoofpunte en 'n appèl dat iets omtrent die huidige onkunde gedoen moet word, sluit die toespraak bevredigend af. Dit sou sinvoller gewees het as die teenstander in sy slot die span se standpunt kon saamvat deur opsommenderwys aan te toon hoe die ekonomiese opvoeding nie aan hulle gestelde kriteria voldoen nie.

Evaluering: goed (7).

**4.5.2. Repliektoesprake**

**4.5.2.1. Eerste teenstander**

**Inleiding**: Die organisasie van die eerste teenstander se repliektoespraak is veel beter as dié van sy konstruktiewe toespraak. Die opsomming van die hoofpunte asook die vooruitskouing van die wyse waarop die repliek gehanteer gaan word, is 'n sinvolle inleiding. Die eerste voorstander koppel ook die spanmaat se hoofpunt, naamlik die eise van die toekoms, aan hulle standpunt (87-88:11-15). Hier is ook 'n voorbeeld van goeie spanwerk. Die enigste negatiewe punt is dat hy kulturele opvoeding te berde bring terwyl 'n sodanige aspek geensins later ter sprake kom nie.

**Repliek**: Deur die verskillende sake wat aangeval word volgens die bestaande hoofpunte te orden, soos hier gebeur, word 'n samehang verkry wat dikwels in repliektoesprake ontbreek. Hier sentreer die aanval rondom die huislike opvoeding (88:25-50) en die media (88-89:51-57). Dit word ook duidelik aan die gehoor gestel.

**Slot**: Die onvolledige verwysing na die vraelys (89:58-62) kon liewer weggelaat gewees het. Die gehoor word met vrae gelaat soos: Wie bepaal hoeveel mense nodig is vir 'n opname? Wat beteken 'n gestandaardiseerde opname? Die res van die slot is bevredigend (89:63-67).

Evaluering: baie goed (8).

#### 4.5.2.2. Eerste voorstander

Hier is 'n voorbeeld waar die debatteerder nie met die inleiding begin nie, maar eers op 'n vraag van die opponente reageer. Aangesien die kwessie oor "voldoende" al in die tweede toespraak ter sprake was (81:27-29), en dit nou vier toesprake later is, is dit nodig om in meer besonderhede terug te verwys. Indien die vorige teenstander hierdie geskilpunt geopper het, sou dit nie nodig gewees het nie.

**Inleiding**: Die werklike inleiding, waarmee sy moes begin het, volg na die beantwoording van die teenstander se vraag (89-90:13-26). Die opsomming van die opponente se hoofpunte is hier onnodig, omdat die eerste teenstander in die vorige toespraak 'n volledige opsomming gegee het. Die vooruitskouing van die aspekte wat in die repliek ter sprake gaan kom, is bevredigend.

**Repliek**: Die organisasie van die verskillende argumente is onbevredigend omdat dit losstaande is en nie duidelik aan mekaar, aan die hoofpunte en aan die standpunt van die voorstanders gekoppel is nie (90:27-47). Die opmerking oor die 16 debatteerders lewer ook geen bydrae nie en kon weggelaat gewees het.

**Slot**: Die slot is nie heeltemal bevredigend nie. Om te stel: Ouers, opvoeders en ekonome "weet mos" (90:49), is te onseker en vaag gestel. Om net te *weet* beteken nog nie dat iets daaromtrent ge*doen* word nie.

Evaluering: gemiddeld (5).

#### 4.5.2.3. Tweede teenstander

**Inleiding**: Die inleiding is baie sinvol. Die debatteerder sê kortliks wat reeds bespreek is en waaroor hy repliek gaan lewer, en hou ook by die volgorde waarin die punte in vooruitsig gestel is.

**Repliek**: Hier word duidelik gestel waarop elke aanval betrekking het (91:7; 91:18; 91:35-36; 92:55). Die volgorde is ook bevredigend. Die tweede voorstander raak egter verstrengel in die indeling van die hoofpunte en die verskillende onderafdelings. Die media is 'n onderafdeling van informele opvoeding, net soos speletjies en sakgeld ook hieronder val. Verder is die kompetisies volgens die eerste voorstander onder nie-formele opvoeding ingedeel,

en *inflasie het aanvanklik onder die ouerhuis*, dit wil sê by informele opvoeding, ter sprake gekom. Hier word hoofpunte en newepunte verwar en as gelyksoortig behandel.

**Slot**: Die slot is minder geslaagd as gevolg van die oordrewe stelling, die gebrek aan 'n opsomming en omdat dit nie aansluit by vorige argumente nie (92:59-61).

*Die organisasie in geheel toon dat daar goeie spanwerk was.*

Evaluering: goed (7).

**4.5.2.4. Tweede voorstander**

**Inleiding**: Die verwysing na die geskiedenis in die inleiding is irrelevant en sluit nie werklik by die slot van die vorige spreker aan nie (92:1-4). Verder sê die voorstander dat daar reeds op die opvoedkundige inrigtings gereageer is. Tog betrek sy in haar repliek weer eens die opvoedkundige inrigtings (92:9-10). Om dit weer te bespreek is nie verkeerd nie, maar om die indruk te laat dat dit afgehandel is en dit dan weer te berde te bring, is organisatories onbevredigend.

**Repliek**: Die voorstander stel slegs twee aspekte in die vooruitsig, maar veel meer aspekte kom in die repliek ter sprake: opvoedkundige speletjies en die "lemmetjie-argument" (93:35-51). Wat sy voorspel en wat werklik realiseer stem dus nie ooreen nie. Die organisasie van die verskillende aspekte wat aangeval is, is bevredigend, behalwe dat die kwessie van leerplanne, wat twee keer ter sprake kom, gesamentlik afgehandel moes word (93:23-26; 93:31-34). Sy moes ook aangedui het hoe die verskillende argumente ter aanval en verdediging die voorstanders se standpunt herstel of versterk om sodoende die waarskynlike waarheid van die proposisie te bevestig.

**Slot**: Die slot is nie 'n bevredigende afsluiting van die debat nie (93:52-55). Sy kon, by wyse van 'n kort samevatting van die onderskeie argumente, die debat sinvoller afgesluit het.

Daar was deurgaans goeie spanwerk tussen die twee voorstanders.

Evaluering: onder gemiddeld (4).

## 4.6. SAMEVATTENDE EVALUERING

Die vaardighede wat die debatteerders ten opsigte van organisasie toon is, hoewel nie baie goed nie, beter as die vaardighede met betrekking tot die vorige vier aspekte. Voorbeelde van swak organisasie kom voor waar die inhoud volgens geen beginsel of patroon georden is nie, of soos in die enkele geval selfs oorgeorganiseer is. Goeie organisasie kom voor waar die analise ook korrek is en waar die inhoud onopvallend maar logies georden is.

Die volgende probleme blyk die belangrikste aspekte te wees waar die debatteerders in die besonder van die beoordelaars leiding moet kry:

Die inleiding en slot word nie altyd sinvol in die res van die betoog geïntegreer nie. Veral die gebruik van tekste uit die Bybel moet met groter omsigtigheid hanteer word. In sekere debatte, wat nie hier weergegee is nie, is die Bybel foutiewelik en buite konteks aangehaal. Laasgenoemde geld ook ten opsigte van aanhalings uit gedigte of bekende gesegdes.

'n Duidelike tesisstelling ontbreek in die meeste toesprake. Aangesien 'n duidelike doelstelling dan ontbreek, is die organisasie dan ook onbevredigend en dikwels onsamehangend.

Die hoofargumente word nie genoegsaam aan die tesis gekoppel nie. Die debatteerders moet vir die gehoor aandui hoe elke hoofargument help om sy doel te bereik, naamlik om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys.

Die debatteerders slaag nie altyd daarin om die hoofargumente volgens 'n geskikte beginsel te orden en dit konsekwent toe te pas nie. Dit het dan dikwels onnodige oorvleueling tussen spanlede tot gevolg.

Die debatteerders se sogenaamde hoofargumente bly slegs hoofpunte en word nie werklike argumente nie. Ter illustrasie kan die hoofpunte van die eerste voorstander van die eerste debat (86 U 1) as voorbeeld geneem word. Die aankondiging van die hoofpunte het soos volg daar uitgesien:

"As inleidende spreker wil ek u aandag op die volgende hoofpunte vestig:

> Eerstens: die Afrikanerberoepsvrou as 'n opvoeder in die same-

lewing.
Tweedens: die taak van die Afrikanerberoepsvrou as opvoeder, dit wil sê onderwyseres in die opvoedingsgebeure, en
Derdens: haar taak as moeder en opvoeder" (1:24-31).

In terme van argumente sou dieselfde punte só daar kon uitsien:

"As inleidende spreker wil ek graag die volgende hoofargumente aanvoer om die proposisie as waar te bewys:

> Ten eerste gaan ons bewys hoe die Afrikanerberoepsvrou in die breë samelewing en spesifiek in die kerk en volkslewe haar opvoedingstaak met welslae uitvoer.
> Ten tweede gaan ek toon dat sy as onderwyseres haar plek volstaan, en
> Ten derde gaan ek bewys hoe sy as moeder haar kinders se opvoeding ook tuis voldoende behartig."

Die argumente kan wel later in die debat bondiger verwoord word. Die argumente moet egter sodanig verwoord word dat die span se standpunt ten aansien van die proposisie duidelik blyk.

Die debatteerders toon 'n neiging om te veel hoofargumente binne die kort tydsbestek te wil behandel. Daar kan liewer te min as te veel hoofargumente wees. Hier moet 'n balans tussen kwantiteit en kwaliteit gehandhaaf word.

Die repliektoesprake toon veral 'n gebrek aan organisasie, aangesien die verskillende aspekte wat aangeval of verdedig word nie ook volgens die voorstanders of die teenstanders se ordeningsbeginsel geskied nie. Hoewel dit moeilik is omdat dit meestal impromptu geskied, moet die debatteerder homself dissiplineer en sy repliektoespraak duideliker orden.

Die nodige korrelasie tussen die vooruitskouing van argumente en die realisering daarvan ontbreek soms. Debatteerders moet dus baie noukeuring daarop let dat hulle voldoen aan verwagtings wat geskep word.

Die slot van die laaste toespraak sluit nie altyd die debat bevredigend af nie. Net soos die eerste toespraak se inleiding die debat as geheel moet inlei, moet die tweede voorstander se slot die debat by wyse van 'n opsomming, afrond.

# HOOFSTUK 8

# AANBIEDING

Met die bespreking van boordelingskriteria ten opsigte van die aanbieding, kom die laaste vaardigheid wat beoordeel moet word ter sprake. Soos in hoofstuk 2 aangedui is, betrek aanbieding die **hoe** of die **kanaal** waardeur die inhoud tot die gehoor kom. Die groter kwantitatiewe en kwalitatiewe aandag wat aan die beoordeling van die inhoud bestee is, dui die belangrikheid van die inhoud bo dié van die aanbieding van 'n debatstoespraak aan (vgl. die doelstellings van 'n opvoedkundige debat, p. 18). Dit is ook 'n aanduiding dat die beoordeling van die inhoud besondere vaardigheid vereis, en daarom meer aandag as die evaluering van die aanbieding geniet.

Hoewel die verskillende kriteria waarvolgens inhoud en aanbieding geëvalueer word, teoreties onderskei word, is dit in die praktyk nie absoluut van mekaar te skei nie, soos Thompson dit tereg saamvat:

> "Strictly speaking, quality of argumentation depends on analysis, evidence and reasoning, but how closely the argument that the listener perceives approximates the argument that the speaker intends, is a function of language and delivery" (1971:258).

Dit is veral die taalgebruik wat nie van die inhoud te skei is nie. Derhalwe het taalvaardigheid reeds indirek by die evaluering van die reeds bespreekte vaardighede ter sprake gekom. Waar ontoereikende of onvoldoende verbale uitdrukking geslaagde redenering/aanval en verdediging verhoed het, is die taal indirek in die evaluering in berekening gebring. Hierteenoor is daar byvoorbeeld onder redenering ook indirek vir die taal krediet gegee indien 'n logiese argument duidelik en helder verwoord is.

Soos reeds hierbo en vroeër genoem is, word aanbieding volgens **taalgebruik** en **lewering** onderverdeel. Onder taalgebruik kom die debatteerder se taalvaardigheid of taalbeheersing onder die loep, en onder lewering kom die evaluering van die sogenaamde nie-verbale kommunikasie of metataal ter sprake. Soos in die vorige hoofstukke word gepoog om kriteria te identifiseer waarvolgens die aanbieding geëvalueer kan word. Die volgorde, naamlik taal en dan lewering, impliseer nie noodwendig dat die een belangriker as die ander een is nie, of dat taalgebruik noodwendig voor lewering beoordeel word

nie. In die praktyk geskied dit gelyktydig.

Onder taalgebruik word eers tussen gesproke en geskrewe taal onderskei, waarna op die vermoë van die debatteerder om hom verstaanbaar uit te druk, gefokus word. Onder lewering word op die metode van lewering en die styl van die debatteerder gefokus alvorens die ouditiewe en visuele aspekte van die lewering bespreek word.

## 1. TAALGEBRUIK

### 1.1. Gesproke en geskrewe styl

Styl word hier beskou as die stilistiese aanbod en uiteensetting van 'n bepaalde gegewe wat uiteraard logies, samehangend en suiwer moet wees. Styl is 'n essensiële kompliment van die debatinhoud. Deskundiges op die gebied van redenering en debattering is dit eens dat daar ten aansien van taal 'n verskil tussen gesproke en geskrewe styl bestaan. Freeley stel hierdie verskil baie duidelik:

> "Although, as speakers, we are not concerned with the production of literary masterpieces we are concerned with the production of masterful oral arguments. Our concern with style is neither more nor less than that of the writer; it is different... The writer must strive for a style that will have permanence; the speaker must strive for a style that will be appropriate to the moment (1976:277).

Die beoordelaar moet bepaal of die taalaanbod wel in 'n gesproke styl geskied en nie net as't ware die voordra van 'n geskrewe betoog is nie. Die verskille wat bestaan is hoofsaaklik 'n gevolg van die direkte kommunikasie en informele geselstrant, asook vanweë die feit dat 'n gehoor nie soos 'n leser kan terugblaai om moeilik verstaanbare gedeeltes weer oor te lees nie. 'n Gesproke boodskap moet onmiddellik verstaanbaar wees om sy doel te bereik. Hierdie verskille word vervolgens kortliks bespreek. Dit vorm 'n deel van die kriteria vir die beoordeling van die debatteerder se taalgebruik (vgl. Thompson, 1971:246-247; Freeley, 1979:276-277; McCroskey, 1986:193-195).

### 1.2. Woordkeuse

Wat die leksikale veskeidenheid betref, behoort 'n beperkter omvang asook

woorde wat korter en relatief makliker verstaanbaar is, gebruik te word. Dit behoort te geskied sonder om die gebruik van die korrekte woord in te boet. In gesproke styl behoort sogenaamde konkrete woorde met 'n vaste verwysingsraamwerk, dit wil sê waarvan die betekenis vir die meeste toehoorders feitlik dieselfde is, veeleer as vae, algemene of sogenaamde relatiewe woorde of begrippe gebruik te word. Indien die debatteerder noodgedwonge woorde moet gebruik wat nie maklik verstaanbaar of vir misverstand vatbaar is, moet dit gedefinieer of verduidelik word.

As gevolg van die informaliteit word persoonlike voornaamwoorde soos ek, jy, ons en julle dikwels gebruik. Dit geld ook ten opsigte van tussenwerpsels, retoriese vrae, uitroepe en spreektaaluitdrukkings, of selfs die gebruik van streektaal. Die gebruik hiervan moet egter gepas en sinvol wees met die doel om begrip en kommunikasie te bevorder. In gesproke styl kom verbindingswoorde, wat as oorgange moet dien om vloeiendheid te verkry, dikwels voor: dus, derhalwe, en, daarom, want, aangesien.

**1.3. Sintaksis**

Die gebruik van korter sinne, waarvan die struktuur so eenvoudig as moontlik is, is die ideaal. In geskrewe tekste het die leser leestekens wat hom lei om 'n sin met 'n komplekse struktuur te begryp. Die spreker kan wel 'n komplekse struktuur deur middel van sinvolle pouserings verstaanbaar probeer maak, maar dit slaag dikwels nie en vereis onnodige inspanning van die gehoor ten opsigte van aandag en konsentrasievermoë (Ehninger & Brockriede, 1970:274).

Die struktuur van die sintaksis is egter meer plooibaar as in geskrewe taal. Dit geld veral ten opsigte van debattering waar vinnige reaksies op opponente, tussenwerpsels en uitroepe soms ter sprake kom. Dit beteken egter nie dat die grondreëls van die grammatika verontagsaam mag word nie.

Hoewel dit nie slegs op die sintaksis betrekking het nie, moet 'n onnodige omslagtigheid en omhaal van woorde, wat die aandag van die argumentering kan aftrek, gepenaliseer word. Dit moet egter nie verwar word met die nodige herhaling van 'n ingewikkelde argument, belangrike stelling of gekompliseerde statistiek nie. Ter wille van die opskerping van 'n gehoor se geheue, is sinvolle herhaling 'n karakteristieke kenmerk van mondelinge styl. Hier moet die beoordelaar sy eie oordeel gebruik om te bepaal of die her-

haling te min, genoeg of te veel voorkom. Begrip sal hier die maatstaf wees.

### 1.4. Algemene taalvaardigheid en taalbeheersing

Met die bostaande in ag genome, kan die beoordelaar hom ook deur die volgende vrae laat lei in sy evaluering van die taalgebruik:

* Toon die taalaanbod dat die debatteerder met die grondreëls van die grammatika vertroud is?
* Is die taalgebruik suiwer?
* Is die uitspraak korrek en word die gestandaardiseerde aksentpatrone van woorde gerespekteer?
* Is die beeldspraak, indien dit voorkom, gepas?
* Is daar beeldsamehang deur die loop van 'n debatteerder, en selfs 'n span, se toesprake?
* Is idiomatiese uitdrukkings, indien dit voorkom, korrek en oorspronklik gebruik? Vir oorspronklikheid en kreatiwiteit behoort krediet gegee te word.
* Is die woordeskat toereikend vir dit wat die debatteerder aanbied?
* Is die taalgebruik soepel met genoegsame leksikale verskeidenheid? Dit is nie 'n vereiste nie, maar krediet kan gegee word aan 'n debatteerder wat sy woordgebruik kan afwissel en 'n diversiteit in styl openbaar.

Indien slegs twee kriteria ten aansien van die taal neergelê moet word, kan dit myns insiens die volgende wees: Is die taalgebruik grammatikaal aanvaarbaar? Is die debatteerder maklik verstaanbaar?

## 2. LEWERING

### 2.1. Metode van lewering

#### 2.1.1. Volledige manuskrip

Volgens hierdie metode word die toespraak deeglik voorberei, elke woord volledig neergeskryf en aan 'n gehoor voorgelees. Dié metode is wenslik vir geleenthede waar die presiese bewoording van die uiterste belang is, en 'n moontlike swak formulering of verkeerde woordkeuse ernstige gevolge mag hê, byvoorbeeld die toesprake van staatshoofde, toesprake van politici waar

belangrike beleidsaankondigings gemaak word, en toesprake wat deur die radio of televisie uitgesaai word waar presiese tydsberekening nodig is.

Vir debattering is dié metode nie geskik nie, aangesien dit geen ruimte laat vir spontaniteit en vinnige aanpassing by die opponente nie. Die volledig uitgeskryfde manuskrip kan die debatteerder verhinder om onmiddellik te reageer en krities te dink. Dit is essensieel vir debattering. Tensy die debatteerder 'n puik leser is, kan dié metode onbevredigende kommunikasie, weens swak oogkontak, tot gevolg hê. 'n Gehoor wil ervaar dat daar direk met hulle "gepraat " word en nie vir hulle "gelees" word nie, hoe goed laasgenoemde ook al mag wees. Die spreker loop ook die risiko om tydens oogkontak sy plek op die manuskrip te verloor. 'n Verdere nadeel kan voorkom as die manuskrip nie flink en onopsigtelik hanteer word nie. 'n Laaste moontlike nadeel is daarin geleë dat die direktheid van 'n informele gesproke styl ingeboet kan word. Dit is gewoonlik nie die geval as die debatteerder die formulering van sekere argumente aan die ingewing van die oomblik oorlaat nie.

'n Variasie van hierdie metode kom voor as die manuskrip volledig gememoriseer word. Dit kan die probleem van swak oogkontak met die gehoor uitskakel, maar weer ander probleme meebring. Indien die spreker nie uiters bedrewe is nie, kan die lewering baie maklik "opgesê" klink en/of "meganies" voorkom. Die informele en spontane styl kan ook maklik verlore gaan, aangesien 'n spreker se ingebore vrees dat hy sy woorde kan vergeet addisionele spanning meebring. Hierdie variasie leen hom ook moeilik tot aanpassing by opponente, aangesien dit uiterste bedrewenheid vra om van 'n gememoriseerde toespraak af te wyk, om weer later daarmee voort te gaan sonder om deurmekaar te raak.

Weens die aard van debattering word die gebruik van dié twee verwante metodes nie aanbeveel nie. Beoordelaars behoort die gebruik hiervan sterk af te raai. Selfs die eerste konstruktiewe toespraak, wat die enigste toespraak is wat vooraf volledig voorberei kan word, behoort nie van 'n manuskrip gelees of volledig gememoriseer te word nie.

**2.1.2. Ekstempore**

Die veel beter alternatief van bogenoemde metode is die sogenaamde ekstempore-metode. Dit moet van die impromptu-metode onderskei word. Volgens HAT (1984:198 & 434) word albei as "onvoorbereid optree" en "uit

die vuis praat" verklaar. Tog bestaan daar volgens die debat- en redevoeringliteratuur 'n wesenlike verskil (vgl. Thompson, 1971;279-281; Freeley, 1976:279-299; Ross, 1986:160-162). Impromptu dui wel op 'n toespraak wat onvoorbereid en op die ingewing van die oomblik geskied. Ekstempore wat van die Latyn **ex tempore** (uit die tyd, onmiddellik) afkomstig is, dui op deeglike voorbereiding van die toespraak. Die lewering geskied egter nie met behulp van'n manuskrip of volledig gememoriseerd nie, *maar volgens 'n kombinasie van die gememoriseerde en impromptu-metode.* In hierdie metode word die raamwerk van die toespraak wat die hoof- en newe-argumente, asook die bewyse bevat op stewige kaarte van ongeveer 15,5 x 10 cm. of 20,5 x 13 cm. neergeskryf (vgl. McCroskey, 1986:244-245). Die debatteerder behoort niks meer op die kaarte te skryf as wat nodig is om hom te lei en sy lewering nie. Belangrike bewyse soos direkte aanhalings van deskundiges en ingewikkelde statistiek behoort egter volledig uitgeskryf te word en kan vanaf die kaarte gelees of gememoriseerd gelewer word. Dit is in die debatteerder se eie belang dat elke afdeling soos die inleiding, tesis en slot, asook elke argument en ondersteunende bewyse op 'n afsonderlike kaart, en slegs op een kant van die kaart, geskryf word. Dit vergemaklik hantering en stel die debatteerder in staat om vinnig enkele bewyse of newe-argumente oor te slaan, indien die tydsbeperking dit sou vereis. Die kaarte behoort duidelik genommer te wees met 'n trefwoord bo-aan wat die inhoud daarvan met 'n enkele oogopslag sal aandui. Die kaarte moet so netjies en onopsigtelik as moontlik hanteer word. Hierdie metode sluit nie uit dat sekere kerngedeeltes soos die inleiding, tesis, slot en selfs die bewoording van die belangrikste hoofargumente wel gememoriseer kan word nie.

Samevattend kan gestel word dat dié metode vereis dat die onderwerp deeglik bestudeer moet word en dat veel meer bewyse versamel moet word as wat uiteindelik gebruik gaan word. Die debatteerder moet in staat wees om uit sy voorraad bewyse en argumente dié te kies wat die opponente se argumente die beste sal weerlê. Die konstruktiewe toesprake sal dus meer na die gememoriseerde metode en die repliektoesprake meer na die impromptu-metode toe neig. Dié metode waarborg nie noodwendig 'n foutlose en volmaakte lewering nie, maar is die geskikste vir debattering waar daar vinnige veranderings en aanpassings gemaak moet word. Die debatteerder behoort vooraf hardop te oefen om hom met dié metode vertroud te maak.

Die beoordelaar moet in sy evaluering bepaal of daar genoegsame en sinvolle kommunikasie is, of die styl van lewering informeel en spontaan is en of die

debatteerder by die situasie en die opponente kan aanpas.

**2.2. Styl van debattering**

Die beoordelaar moet in die wyse van lewering bepaal of die instelling van die debatteerder korrek is. In opvoedkundige debattering gaan dit om die botsing van idees en argumente en nie om die botsing van debatteerders nie (Patterson & Zarefsky, 1983:285). Die debatteerder hoef nie en behoort nie sy opponent te oordonder met sy persoonlikheid of lewering nie. Hy moet bloot die gehoor/beoordelaars oortuig dat sy betoog vir 'n bepaalde kant van die proposisie beter is, deur te toon dat sy analise van die proposisie korrek is, hy kwaliteitbewyse gebruik, logies kan redeneer en krities kan dink.

Bogenoemde benadering het 'n belangrike invloed op die styl van lewering. 'n Luide en aggressiewe aanslag is sterk af te keur, want dit is in die eerste plek nie die taak van die debatteerder om te toon hoe sterk hy van sy standpunt oortuig is of hoe goed sy lewering is nie. Dit impliseer nie dat die debatteerder nie met empatie en oortuiging sy standpunt mag stel nie, maar wel dat daar perke hieraan gestel word. Sonder om doelbewus daarop te konsentreer moet hy deur sinvolle kommunikasie toon dat hy die vaardighede van debattering bemeester het.

> "The debater must plan to communicate his ideas, not to show off his skills" (Wood, 1970:170).

Hieruit kan die volgende kriteria vir goeie styl afgelei word:

* Die debatteerder behoort met selfvertroue op te tree, maar moet nie oormoedig en alwetend voorkom nie.
* Die debatteerder behoort vriendelik, opreg en informeel, maar tog nie familiêr nie, in sy aanslag te wees.
* Die debatteerder mag nooit neerhalend of beledigend teenoor sy opponente wees nie, maar altyd hoflik en selfs erkentlik ten aansien van onomstootlike bewyse of goeie hoedanighede. Goedige spot of hekeling is wel aanvaarbaar.
* 'n Debatstoespraak is nooit 'n "vertoning" of "aanbieding" nie, maar kommunikasie met 'n gehoor.
* Die debatteerder behoort sy toespraak in 'n geselstrant te lewer. Volgens McCroskey (1986:234) is die primêre karakteristiek van 'n

gestelstrant die volgende: 'n ingesteldheid om direk met die gehoor te kommunikeer; volkome begrip van elke woord/sin/paragraaf wat gesê word; en 'n bewuste teenwoordigheid van gees tydens die lewering. Dit wil sê dit moet die indruk skep of die inhoud op die oomblik "geskep" word en nie of dit 'n onnadenkende weergawe van 'n vooraf beplande en uitgewerkte toespraak is nie.

Goeie lewering is onopvallend en ondersteun en bevestig die betekenis van die inhoud; dit is natuurlik veeleer as kunsmatig of ooglopend te ingestudeerd. Hierteenoor word swak lewering getoon indien enige karakteristieke aspek daarvan die aandag op sigself trek (vgl. McCroskey, 1986:234).

Die beoordelaar moet ook, sover dit vir hom moontlik is, bepaal of die debatteerder eties optree. Afgesien van die debatteerder se ingeligtheid ten opsigte van die onderwerp en die betroubaarheid van sy kennis, kan sy etos ook geëvalueer word na aanleiding van die opregtheid en eerlikheid wat getoon word in die wyse waarop die onderwerp, die situasie en die opponente hanteer word (vgl. German, 1979:325-330).

'n Laaste aspek wat die styl van lewering nadelig kan beïnvloed, is spanning. Spanning, wat meestal in die lewering gemanifesteer word, moet met begrip deur die beoordelaar hanteer word en nie te sterk gepenaliseer word nie. Aangesien die klem op die opvoedkundige val, behoort 'n ligte struikeling of 'n oomblik waar die debatteerder se geheue hom in die steek laat, geïgnoreer te word. Sou dit egter by herhaling voorkom en die begrip en volgbaarheid van die betoog in gedrang kom, behoort die debatteerder gepenaliseer te word. 'n Onlogiese redenasie of 'n irrelevante bewys is byvoorbeeld 'n veel groter "fout" in debattering as 'n ligte struikeling oor woorde of 'n enkele oomblik van huiwering.

Met die oog op sinvolle beoordeling van die nie-verbale aspekte van mondelinge kommunikasie, word dit vervolgens in meer detail bespreek.

**2.3. Nie-verbale kommunikasie**

**2.3.1. Ouditiewe aspekte**

Die ouditiewe instrumentarium waarmee die verbale inhoud aan die gehoor oorgedra word, is die debatteerder se stem en spraak. Die stem bestaan uit

die klank wat gevorm word as die uitvloeiende asem die stembande in die larinks laat vibreer, en die klank dan daarna geresoneer word. Spraak sluit stem in, maar dui op dié stadia in die spraakproses waar die klank en asem met behulp van die artikulasie-organe tot identifiseerbare spraakklanke omvorm word. In die bespreking van stem en spraak sluit die verskeie onderafdelings, wat vir die beoordeling ter sake is, so nou bymekaar aan dat oorvleueling soms wel voorkom.

Stem en spraak kan uit verskillende perspektiewe benader en bespreek word, byvoorbeeld vanuit die fisiese, anatomiese, fisiologiese en/of psigologiese. In hierdie studie val die klem uiteraard op laasgenoemde omdat die beoordelaar moet evalueer wat hy ouditief waarneem. Dit is ook nie die taak van die beoordelaar om 'n volledige diagnose van 'n spraakfout te maak nie, maar om bloot die debatteerder op die fout te wys sodat hy, afhangende van die aard en omvang van die probleem, by 'n medikus, spraakterapeut of spraakonderwyser om hulp kan gaan aanklop. Die anatomiese en fisiologiese sal derhalwe slegs oppervlakkig ter sprake kom waar dit duidelikheidshalwe nodig blyk te wees. In die bespreking wat volg moet daarmee rekening gehou word dat die psigologiese spraakklankgewaarwording, wat in die oor van die beoordelaar geleë is, 'n subjektiewe gewaarwording is.

Aangesien die menslike stem vier basiese eienskappe het, naamlik kwaliteit, toonhoogte, volume en duur (Eisenson, 1985:28), word die stem hiervolgens bespreek.

**2.3.1.1. Stem**

**2.3.1.1.1. Kwaliteit**

Die kwaliteit van 'n stem is moeilik definieerbaar en word deur die komplekse samehang van verskeie faktore bepaal. Stemkwaliteit of timbre word algemeen beskou as dié tipies ouditiewe kenmerke/kleur wat min of meer deurgaans teenwoordig is wanneer 'n persoon praat (Terblanche, 1987:374).

Volgens King & DiMichael (1978:371) bepaal die volgende faktore die basiese kwaliteit van 'n stem: die bepaalde anatomiese bou van die betrokke organe, veral die grootte en dikte van die stembande, en die grootte en vorm van die resonansholtes; die fisiologie, dit wil sê die funksionering van die organe; die emosionele staat van die spreker waarby sy persoonlikheid inge-

sluit is; en 'n spreker se kulturele, etniese en sosio-ekonomiese agtergrond. Hiervolgens sal elke spreker 'n eie individuele kwaliteit openbaar.

Wat veral vir die beoordelaar van belang is, is of daar genoegsame asem is om die stembande te laat vibreer, of die spiere van die larinks waarin die stembande geleë is, vry van spanning is, en of die resonansholtes oop is sodat die stem maksimaal kan resoneer.

Resonansie speel 'n belangrike rol met betrekking tot die basiese stemkwaliteit. Resonansie dui op dié proses waarin die relatief swak en sagte laringale toon in die naby geleë holtes soos die keel-, mond-, neus- en sinusholtes verander en selektief versterk word (King & DiMichael, 1978:366; Modisett & Luter 1984:21,38). Resonansie is eenvoudig gestel die proses om weer te laat klink.

Volgens Moncur & Karr (1972:85), Lessac (1967:10) en Eisenson (1985:23) geskied die versterking van die klank nie net in die genoemde holtes nie (holteresonans), maar ook deur middel van die tande, harde verhemelte, neusbeen, kopbeen en selfs die toraks (klankbordresonans). In holteresonans word die klank versterk deurdat die klankgolwe wat deur die vibrerende stembande veroorsaak is in die holtes "ge-eggo" word. Veral dié klankgolwe word optimaal versterk waarvan die frekwensie vir die bepaalde grootte en vorm van die holte geskik is. Hoe groter die holte hoe beter kan die laer tone geresoneer word en andersom. Klankbordresonans kom voor as 'n vibrerende liggaam in kontak met 'n ander liggaam kom wat ook in staat is om teen dieselfde frekwensie te vibreer; net soos die klank versterk word as 'n vibrerende stemvurk met 'n houtblad in aanraking gebring word.

Wat die kwaliteit van die stem betref moet die beoordelaar bepaal of die basiese toon aangenaam is om na te luister. 'n Resonante stem wat vry van enige steurings of ongewenste kwaliteite is, kan as die ideaal beskou word. Die volgende mees algemene ongewenste stemkwaliteite, met die moontlike oorsake daarvan, kan onderskei word:

'n **Hees/skor** kwaliteit kan die gevolg wees van 'n onvolledige sluiting van die stembande tydens fonasie, spanning in die spiere van die larinks of keel, en/of ooreising van die stembande.
**Asemrigheid** is hoofsaaklik die gevolg van stembande wat nie voldoende sluit tydens fonasie nie en dan ontsnap die asem. Dit kan ook verband hou met on-

voldoende asemsteun, 'n gebrek aan resonansie of 'n stem wat te laag geplaas word (King & DiMichael, 1978:380).
'n **Keelgerigte stem** is dikwels te wyte aan spanning in veral die tongwortel en die wande van die keelholte. By seuns kan dit ook verband hou met 'n stem wat doelbewus te laag geplaas word.
'n **Skril/skerp stem** kan die gevolg wees van spanning in die larinks en keelholte, te sterk volume, 'n te hoë stemplasing, en/of 'n gebrek aan voldoende resonans.
'n **Nasale stem** is hoofsaaklik te wyte aan die sagte verhemelte en uvula wat die neusholte nie genoegsaam tydens fonasie afsluit nie. 'n Nasale stem moet van die korrekte nasalering van sekere klanke en woorde onderskei word, soos die uitspraak van die nasale konsonante m, n en ng, asook woorde soos mens, dans, ons en so meer.

Bogenoemde kwaliteite kan moontlik ook die gevolg van anatomiese afwykings, emosionele onstabiliteit en/of fisieke ongesteldheid wees.

Aangesien die stem vry van ongewenste kwaliteite moet wees, beteken dit nie dat die debatteerder noodwendig 'n "mooi" stemkwaliteit hoef te hê nie. Die kwaliteit moet sodanig wees dat dit aangenaam is om daarna te luister. Dit is gewoonlik die geval as die asemsteun genoegsaam is, die stembande sonder spanning vibreer en die resonansholtes oop is.

**2.3.1.1.2. Toonhoogte**

Alle normale stembande kan op verskillende toonhoogtes klank voortbring. Dit stel 'n spreker in staat om sy stemtoon tydens die spraakproses te wissel. Die stemwisseling tydens spraak toon 'n beperkter omvang as dit met dié van sang vergelyk word. Wat die stemtoon betref word daar tussen twee toonhoogtes onderskei, naamlik die gebruiklike en optimale toonhoogte.

Die gebruiklike toonhoogte is dié toonhoogte wat die meeste as enige ander toonhoogte in die spraak voorkom (Modisett & Luter, 1984:26). Optimale toonhoogte is dié toonhoogte van 'n stem wat met 'n minimum inspanning geproduseer kan word, wat maklik gekontroleer en beheer kan word en wat die rykste kwaliteit in die stem na vore bring. Dit is dus die ideale toonhoogte van 'n stem wat van spreker tot spreker sal verskil. Volgens Modisett & Luter (1984:26) is dit gewoonlik in die laer helfte van die spreker se stemomvang geleë.

Fisiek word die toonhoogte deur die lengte, spanning en dikte van die stembande tydens fonasie bepaal. Hoe korter, dunner en meer gespanne die stembande is, hoe hoër is die toon. As die teenoorgestelde plaasvind daal die toonhoogte.

Die beoordelaar moet luister of die toonhoogte van die stem nie onnatuurlik hoog of laag is nie, maar of sy gebruiklike toonhoogte met die optimale toonhoogte saamval. Die beoordelaar moet hom deur sy eie gehoor laat lei in die bepaling hiervan. As gevolg van spanning in die keelholte is die voorkoms van 'n te hoë stemtoon meer algemeen as 'n te lae toon. Verder moet bepaal word of die toonhoogte genoegsaam wissel om die betekenis te ondersteun. Indien die toonhoogte deurgaans dieselfde bly het dit 'n monotoniteit tot gevolg wat op die lang duur steurend is en die aandag van die inhoud kan aftrek.

**2.3.1.1.3. Volume**

Met die term **volume** word na die luidheid van die stem verwys. Hoe groter die amplitude of omvang van die vibrerende stembande tydens fonasie, hoe luider sal die laringale klank wees. Dit hou direk verband met die voortdurende krag of energie wat deur die asem op die stembande uitgeoefen word.

Die effektiwiteit van die resonansie het ook 'n invloed op die volume (Modisett & Luter, 1984:27; Eisenson, 1985:81). Om 'n sterk volume voort te bring is 'n sterker asemdruk onder die stembande alleen nie voldoende nie. Die klank moet ook maksimaal geresoneer word.

Die aanwending van volume hang af van verskeie faktore: die fisiese afstand tussen spreker en gehoor, die psigologiese afstand of bepaalde verhouding tussen speker en gehoor, die algehele emosionele staat van die spreker, die spreker se reaksie op moontlike geraas in die omgewing, die semantiek van woorde waarby die emosionele betekenis ingesluit is, en die sillabeklem in woorde (vgl. King & DiMichael, 1978:400).

Die beoordelaar moet in sy evaluering bepaal of die debatteerder se volumegebruik met die ter saaklike faktore rekening hou. Dit wil sê: Is die debatteerder goed hoorbaar? (Vgl. die rol van volume in projeksie.) Kan hy ten spyte van omgewingsgeraas steeds gehoor word? Word die volume oordeelkundig gebruik om die betekenis van woorde te ondersteun? Word die

aksent op die regte sillabe van die woord geplaas? Die beoordelaar moet ook bepaal of die volume genoegsaam wissel om eentonigheid te voorkom.

#### 2.3.1.1.4. Duur

Die duur van die stem het betrekking op die lengte van die klank. Dit hou direk met die artikulasie van die verskillende foneme verband. Vokale duur gewoonlik langer as stemhebbende konsonante. Die duur van vokale wissel ook na gelang van die woord waarin hulle voorkom: vgl. man teenoor maan, bied teenoor bier, ens.

Die beoordelaar moet luister of die lengte van die foneme volgens die standaarduitspraak van Afrikaans geskied. Die duur van klanke het ook 'n groot invloed op die tempo en ritme van die spraak en sal weer daar ter sprake kom.

### 2.3.1.2. Spraak

#### 2.3.1.2.1. Artikulasie

Artikulasie is dié stadium in die spraakproses waar stem en asem deur middel van die artikulasie-organe verander en gewysig word in identifiseerbare spraakklanke, wat gesamentlik geneem die verskillende woorde vorm (Cummings-Wing, 1984:107; Eisenson, 1985:14). Die beweeglike artikulasie-organe is die tong, lippe, onderkaak en sagte verhemelte; en die onbeweeglike organe is die bo- en ondertande en harde verhemelte. Laasgenoemde vorm die steunstrukture vir die tong.

Wat beoordeling betref is die volgende voorwaardes wat Modisett & Luter (1984:47) vir duidelike artikulasie stel, ter sake:

1 Spraakklanke moet so korrek as moontlik gevorm word.
2 Spraakklanke moet genoegsaam met asem ondersteun word.
3 Spraakklanke moet volledig uitgespreek word.

Hierby kan nog gevoeg word dat die spraakklanke volgens die standaarduitspraak van Afrikaans moet geskied. Daar moet veral op die korrekte aksentpatrone van woorde gelet word. Algemene foute wat dikwels voorkom en waarop beoordelaars bedag moet wees, is die neiging tot ontronding (hys

i.p.v. huis) en oordrewe letteruitspraak (kinders i.p.v. kinners), ten koste van normale korrekte assimilasie.

Duidelike en korrekte artikulasie is onontbeerlik vir hoorbare en verstaanbare spraak.

**2.3.1.2.2. Tempo**

Die tempo waarteen sprekers praat, met ander woorde hoe vinnig of stadig hulle in vergelyking met ander sprekers praat, het betrekking op die hoeveelheid sillabes of woorde wat per minuut geuiter word. Volgens King & DiMichael (1978:169) is die gemiddelde tempo vir begripvolle spraak tussen 135 en 185 woorde per minuut. Weens die tydsbeperking en die groot hoeveelheid stof wat gedek moet word, sal die aantal woorde per minuut van 'n debatstoespraak veel meer wees as dié van 'n gewone toespraak (Sheckels, 1984:265).

Die tempo word beïnvloed deur die lengte van die pouses wat tussen woorde en frases voorkom, asook die relatiewe duur van klanksegmente, veral van die vokale. Hoe langer die klanksegment en/of die pouse tussen woorde duur, hoe stadiger is die tempo en omgekeerd (Eisenson, 1985:126).

Faktore wat oor die algemeen geneem die tempo beïnvloed is die volgende: die semantiese implikasies van die inhoud, die taalstruktuur van die sintaksis, die aard van die geleentheid, die spreker se persoonlikheid en sy staat van emosie op 'n bepaalde tydstip (Terblanche, 1987:243).

Wat belangrik is vir die beoordelaar is nie woorde per minuut nie, maar of die tempo sodanig is dat optimale begrip gekommunikeer word. Namate die semantiese belangrikheid van die inhoud en/of die kompleksiteit van die taalstruktuur toeneem, moet die tempo dienooreenkomstig afneem. Sodoende word die aandag daarop gevestig en die gehoor geleentheid gegun om die inhoud te begryp en te assimileer. Die tempo moet egter nooit so stadig wees dat 'n gehoor belangstelling sal verloor nie.

**2.3.1.2.3. Pousering**

'n Pouse, wat reeds onder tempo ter sprake was, dui op die oomblik van stilte tussen woorde of frases. In die geval van 'n ongewenste aarseling kan 'n pouse

soms wel stemhebbend wees, byvoorbeeld hmm..., aa..., uh...

Afgesien daarvan dat pouses biologies noodsaaklik is vir asem, het dit besondere semantiese implikasies wat vir betekenisoordrag onontbeerlik is. Met behulp van pouses kan die inhoud volgens betekeniseenhede gegroepeer word. Pouses vervul dus dieselfde funksie as leestekens en 'n nuwe paragraaf vir die leser. Daar is egter nie 'n noodwendige korrelasie tussen punktuasie wat op 'n visuele vlak funksioneer en pouses wat 'n ouditiewe verskynsel is nie. 'n Kort asemhalingspouse tussen woorde of sinne dui daarop dat die voorafgaande en daaropvolgende in direkte verband met mekaar staan. 'n Pouse wat relatief langer as voriges duur, dui hiervolgens aan dat dit wat daarna gaan volg 'n ander of nuwe gedagte bevat. 'n Relatief lang pouse bied ook die gehoor kans om die voorafgaande genoegsaam te assimileer om sodoende nie die argumentasielyn te verloor nie.

Pouses kan ook aangewend word om 'n gehoor se aandag op 'n belangrike aspek te vestig. So kan 'n pouse veral voor, maar ook na 'n woord of frase prominensie daaraan verleen. Pousering kom nie geïsoleerd voor nie maar word in samehang met die ander nie-verbale aspekte gebruik om begrip oor te dra.

Die beoordelaar moet in sy evaluering luister of die pousering meegehelp het om die betekeniseenhede bymekaar te groepeer en of dit sinvol gebruik is om die gehoor se aandag op belangrike aspekte te vestig.

**2.3.1.2.4. Intensiteit**

Moncur & Karr (1972:52) gebruik intensiteit as 'n sinoniem vir volume. Tog is dit nie heeltemal korrek nie. Intensiteit hou verband met die erns of gedetermineerdheid of emosie waarmee 'n spreker 'n woord, frase of sin sê. Dit is dus nie noodwendig aan volume gelyk te stel nie. Wisseling in die volume (hard of sag) tydens die spraakuiting kan met intensiteit of daarsonder geskied. Aangesien intensiteit met die emosionele staat van die spreker verband hou, sou dit ook as "geestelike volume" omskryf kan word.

Afhangende van die spreker se emosie en ingesteldheid word verskeie nieverbale aspekte in kombinasie gebruik om intensiteit te bewerkstellig: asemsteun word meestal maksimaal benut, stemklank word gekonsentreerd of amper asemrig gebruik, woorde word noukeurig geartikuleer, tempo kan òf

baie stadig òf baie vinnig wees, toonhoogte kan normaal of baie laag wees, volume kan òf baie sterk òf baie swak wees, beklemtoning kan afgemete en op byna elke woord geskied of slegs een kernwoord kan beklemtoon word.

Tydens beoordeling moet bepaal word of daar gemotiveerd van intensiteit gebruik gemaak is waar die belang van die inhoud dit geregverdig het. 'n Toespraak wat deurgaans met sterk intensiteit gelewer word, verloor die trefkrag wat dit veronderstel is om aan die inhoud te verleen. Intensiteit behoort derhalwe spaarsaam gebruik te word.

**2.3.1.2.5. Beklemtoning**

Om die betekenis van 'n boodskap so duidelik moontlik aan 'n gehoor oor te dra, moet prominensie aan kernwoorde, -sinne en selfs groter gedagte-eenhede soos 'n bewys of 'n volledige argument verleen word. Dit word met die term **beklemtoning** aangedui. Die debatteerder moet tydens die artikulasieproses dié woorde, sinne, bewyse en/of argumente waarop hy die aandag besonderlik wil vestig, beklemtoon deur middel van pousering en/of die verandering van toonhoogte, volume, tempo en intensiteit. Die beklemtoning kan geskied deur middel van 'n kombinasie van bogenoemde aspekte, of deur slegs een aspek op 'n keer te gebruik. Die beklemtoning lê daarin dat die stemtoon, byvoorbeeld, in vergelyking met die voorafgaande en daaropvolgende toonhoogte hoër of laer geplaas word. As gevolg van die afwyking van die "normale" patroon word die aandag daarop gevestig. Dieselfde beginsel geld vir die verandering in volume, tempo en intensiteit. Die rol wat pousering speel is reeds daaronder bespreek. Hiermee saam kan die spreker sy gesigsuitdrukking en gebare gebruik om die beklemtoning verder te onderstreep.

Die beoordelaar moet na aanleiding van sy begrip van die inhoud evalueer of die beklemtoning oordeelkundig aangewend is. Nie elke woord of sin nie, maar slegs dié wat 'n luisteraar sal help om die betoog makliker te begryp, moet beklemtoon word. Selfs die belangrike woorde/sinne is nie almal ewe belangrik nie. Daarom moet daar ook in die debatteerder se intensiteit van beklemtoning duidelike graadverskille blyk. Verder moet die beoordelaar ook bepaal of die wyse van beklemtoning genoegsaam gevarieer word. Indien 'n debatteerder se beklemtoning byvoorbeeld deurgaans deur middel van 'n styging in toonhoogte geskied, kan dit eentonig en hinderlik word en selfs begrip teëwerk.

### 2.3.1.2.6. Projeksie

Projeksie hou wel met volume verband, maar dit is meer as net volume, en is nie slegs daarvan afhanklik nie. Indien spraak hoorbaar gemaak word deur bloot die volume te laat toeneem, sal dit onnatuurlik word en selfs die inhoud negatief beïnvloed. Die funksionele gebruik van die genoemde nie-verbale aspekte om begrip oor te dra, kan deur 'n te sterk volume geëlimineer word.

Projeksie dui op die vermoë van die spreker om rigting en drakrag aan sy spraak te gee met behulp van gekontroleerde energie (Terblanche, 1987:317). Projeksie vereis 'n meer aktiewe en dinamiese gebruik van die stem en spraakorgane om die spraak tot by die agterste lede van 'n gehoor te projekteer (vgl. Cummings-Wing, 1984:179-181). Hier is ook 'n psigologiese faktor ter sprake, naamlik die spreker se wil en opregte begeerte om sy boodskap aan die gehoor oor te dra.

Wat die gebruik van die spraakorgane betref is projeksie van die volgende faktore afhanklik: genoegsame asemsteun vir stemvorming; die vry onbelemmerde vibrasie van die stembande om 'n gekonsentreerde klank voort te bring; die volle gebruikmaking van resonansie en indien gewens 'n geringe verlenging van vokale; baie duidelike artikulasie van veral die konsonante; en 'n doelbewuste plasing van die stem voor in die mond (vgl. Anderson, 1961:145; Lessac, 1967:225; Cummings-Wing, 1984:179).

Die beoordelaar moet oordeel of die debatteerder, hetsy hy hard of sag praat, deurgaans hoorbaar is sonder om onnodig te hard te praat. Projeksie is egter nie vir die debatteerder so belangrik soos byvoorbeeld vir die vertolker of toneelspeler nie, aangesien die lokale meestal klein is. Indien die lokaal baie groot is, word die spreker van 'n mikrofoon voorsien.

### 2.3.1.2.7. Wisseling

Samevattend kan ten aansien van die ouditiewe aspekte gesê word dat die beoordelaar moet bepaal of daar genoegsame wisseling was. Die wisseling in toonhoogte, volume, tempo, intensiteit, beklemtoning en pousering moet nie kunsmatig en te doelbewus voorkom nie, maar as't ware onopgemerk geskied om die inhoud betekenisvol oor te dra. Namate die betekenis en belangrikheid van die inhoud wissel, behoort die stem en spraak dienooreenkomstig daarby aan te pas. Effektiewe wisseling ondersteun die betekenis, voorkom

eentonigheid en behou die aandag van die gehoor.

**2.3.1.3. Gesproke taal**

Gesproke taal het 'n musikaliteit van sy eie wat op twee prosodiese kenmerke gebaseer is, naamlik ritme en melodie of intonasie (King & DiMichael, 1978:317). Hierdie twee kenmerke word vervolgens bespreek.

**2.3.1.3.1. Ritme**

Net soos musiek 'n ritmiese verloop het, is dit ook met spraak die geval. In spraak is die ritme egter veel vryer en minder reëlmatig. King & DiMichael definieer ritme soos volg:

> "The pattern of pulses or beats created by variations in duration and intensity of syllables" (1978:6).

Ritme hang dus nou saam met beklemtoning aangesien dit 'n "polsslag" tot gevolg het. Hierdie "polsslag" word binne twee eenhede gerealiseer, naamlik 'n woord en 'n sin. Indien 'n woord uit een sillabe bestaan, sal die betekenis van die woord binne die sinsverband bepaal of die woord klem gaan kry of nie. Bestaan die woord uit meer as een sillabe moet die regte sillabe, volgens die standaarduitspraak van Afrikaans, geaksentueer word, byvoorbeeld: kontàk, demokràties, beroèpsvrou. Soos onder beklemtoning bespreek word dié woorde wat die kernbetekenis in 'n sin dra benadruk. Volgens King & DiMichael (1978:320) toon sprekers die neiging om beklemtoonde woorde met reëlmatige tussenposes na mekaar te laat volg. Dit beïnvloed onbewustelik die tempo. Indien twee beklemtoonde woorde na aan mekaar lê word die tempo gewoonlik vertraag. Lê hulle ver van mekaar word die woorde tussenin vinniger gesê. Vergelyk die volgende voorbeeld uit debat (86 H 1) (52:57-60):

> "Ons kan nie *bekostig* om ons *nie* aan hulle te *steur* nie, dames en here. Ons moet *altyd* probeer om hulle *tevrede* te stel. *Daarom reageer* ons. Maar van *oorreaksie*, *nooit* nie."

Om 'n eweredige verspreiding van beklemtoonde woorde te verkry, behoort die tempo van die eerste twee sinne relatief vinniger as dié van die twee slotsinne te wees. Volgens die bandopname was dit inderdaad die geval.

Woordklem (aksent op die korrekte sillabe), sinsklem (beklemtoning van belangrikste woorde) en die uitwerking daarvan op die tempo, verleen 'n sekere ritmiese verloop aan die spraak. Die beoordelaar moet bepaal of die spraakritme op 'n natuurlike wyse in die toesprake voorgekom het.

**2.3.1.3.2. Intonasie**

Normale spraak geskied nie deurgaans op een toonhoogte nie, maar van sillabe tot sillabe, woord tot woord en sin tot sin word die toonhoogte gevarieer. Hierdie voortdurende verandering van toonhoogte binne sinsverband maar ook ten aansien van die spraak as geheel skep 'n "melodie" wat as intonasie bekend staan (King & DiMichael, 1978:322). Infleksie vorm deel van intonasie, maar dit dui gewoonlik die toonhoogteverandering tydens die artikulasie van 'n enkele sillabe of woord aan. Infleksies kan stygend, dalend of saamgesteld wees.

Intonasie is 'n individuele verskynsel en verskil van speker tot spreker. Die boordelaar moet volgens sy ouditiewe waarneming en begrip van die inhoud bepaal of die intonasie natuurlik en betekenisondersteunend was. Onnatuurlikheid kom byvoorbeeld voor as daar te veel op een toonhoogte gepraat word of as die toonhoogtewisseling opvallend oordrewe is sonder om by te dra tot die oordrag van betekenis. Wat infleksie betref moet dit nie hinderlik, ongemotiveerd of herhaaldelik volgens dieselfde patroon voorkom nie. Indien 'n bepaalde infleksie gebruik word, moet dit duidelik 'n sekere betekenis aan die woord heg. Die infleksie aan die einde van sinne behoort deurgaans dalend te wees, tensy daar 'n spesifieke rede is waarom dit anders moet wees.

**2.3.1.4. Spraakfoute en spraakgebreke**

In debattering val die klem op logiese argumentering en probleemoplossing en nie soseer op die estetika van die spraak nie. Daarom behoort leerlinge met geringe spraakfoute wat belangstel, en 'n goeie debatteervermoë toon, nie as gevolg van die fout van so 'n opvoedingsgeleentheid weerhou te word nie. Die graad van die fout mag egter nie in die weg staan van hoorbaarheid, verstaanbaarheid en kommunikasie nie.

Leerlinge met spraakgebreke behoort egter nie aan debattering deel te neem alvorens die gebrek geremedieer is nie. Dit is nie altyd maklik om 'n spraak-

fout van 'n spraakgebrek te onderskei nie. Die definisie van Van Riper kan as maatstaf vir 'n spraakgebrek gebruik word:

> "Speech is defective when it deviates so far from the speech of other people that it calls attention to itself, interferes with communication, or causes its possessor to be maladjusted" (1972:29).

Hier word 'n onderskeid gemaak tussen dié probleme wat gewoonlik 'n psigologiese en/of 'n organiese oorsaak het (gebrek), en dié wat met foutiewe nabootsing en/of verkeerde spraakvoorbeelde verband hou (fout) (Terblanche, 1987:379-380). Die graad van die fout speel hier 'n rol. Elke beoordelaar moet na eie goeddunke bepaal of die graad van die fout die totale kommunikasie benadeel. Indien wel moet die kandidaat gepenaliseer word.

**2.3.2. Visuele aspekte**

Visuele aspekte speel 'n ondersteunende rol in die lewering. Dit kan positief bydra om die aandag op die inhoud te fokus en die betekenis te ondersteun, of negatief kan die aandag op die debatteerder gefokus word ten koste van die inhoudelike.

**2.3.2.1. Houding**

Die debatteerder se houding behoort netjies, gemaklik en ontspanne te wees, met die gewig op albei voete. Hierdeur neem die gehoor kalmte en selfvertroue waar (McCroskey, 1986:240). Die ideale houding is tussen 'n stywe militêre en 'n slap traak-my-nie-agtige houding geleë. Die houding waar op die kateder geleun word of slegs met die gewig op een been gestaan word, behoort as swak geëvalueer te word. Dit beteken nie dat slegs een liggaamshouding deurentyd ingeneem hoef te word nie; solank die houding nie goeie kommunikasie belemmer of op sigself aandag trek nie. Die debatteerder het die keuse om òf agter òf langs die kateder te staan.

**2.3.2.2. Beweging**

Beweging kom baie selde voor en is nie essensieel vir 'n debatteerder nie. Indien daar wel beweeg word, moet dit met 'n doel geskied, naamlik om begrip te bevorder en/of kommunikasie tussen die debatteerder en die gehoor of opponente te verbeter. Die volgende bewegings kan moontlik gebruik word:

'n tree of twee nader aan die gehoor om 'n belangrike argument te beklemtoon; 'n beweging in die rigting van die opponente om 'n argument ter aanval en verdediging sterk onder hulle aandag te bring; 'n beweging van die een kant na die ander kant van die kateder om die oorgang van een hoofargument na 'n ander een te suggereer.

Indien beweging voorkom, moet dit min gebruik word en mag dit nooit die aandag van die betoog aftrek nie. Die beweging moet gemaklik, flink en doelgerig, maar tog natuurlik en spontaan, asook nie te ingestudeerd voorkom nie (Freeley, 1976:307).

### 2.3.2.3. Gebare

Gebare word van bewegings onderskei aangesien gebare op die verplasing van afsonderlike liggaamsdele soos die hande en arms, maar selfs ook die kop en skouers, betrekking het. Hierteenoor betrek beweging die hele liggaam. Gebare word dikwels onbewustelik gemaak en vloei voort uit die debatteerder se unieke persoonlikheid en die entoesiasme waarmee gekommunikeer word. Die doel met gebare is om woorde, sinne en/of sekere idees te beklemtoon.

Gebare, wat gewoonlik as horisontaal of vertikaal geklassifiseer kan word, besit eienskappe van tempo, omvang en intensiteit. Dié eienskappe van 'n gebaar moet in harmonie wees met die gevoelswaarde en betekenis van die inhoud. 'n Stelling wat met sterk oortuiging gestel word kan ondersteun word met 'n gebaar van redelike groot omvang wat vinnig en intens uitgevoer word. Die beoordelaar moet bepaal of die gebare betekenisondersteunend (gemotiveerd) is, of die uitvoering daarvan gemaklik, natuurlik en volledig geskied, en of die gebaar met die woord korreleer. Om laasgenoemde te bewerkstellig moet die gebaar die woord 'n raps voorafgaan.'n Sinlose herhaling van dieselfde gebaar, dit wil sê 'n maniërisme, kan gepenaliseer word. Die debatteerder wat sy betoog sinvol kan kommunikeer sonder om enige gebare te gebruik, behoort nie gepenaliseer te word nie. Gebare is dus nie 'n vereiste nie. Liewer geen of min as te veel gebare.

### 2.3.2.4. Gesigsuitdrukking

Die empatie of meelewing van die debatteerder behoort in sy gesigsuitdrukking gemanifesteer te word. Die gesig vorm 'n raam vir die stem en intensiveer op 'n sigbare wyse die begrip en empatie wat in die spraak na vore tree.

Die gesig wys hoe die hart voel en motiveer wat die stem sê. Die twee belangrikste areas is die oë met die wenkbroue en die voorkop, asook die mond met die lippe en wange. Die beoordelaar moet bepaal of die gesigsuitdrukking sodanig is dat die gehoor begrip en empatie kan waarneem. Te min of geen gesigsuitdrukking skep die indruk van onbetrokkenheid en 'n gebrek aan begrip. Oordrewe gesigsuitdrukking of selfs grimasse doen oneg aan en vestig onnodig die aandag op die debatteerder.

Oogkontak, wat reeds onder leweringsmetodes ter sprake was, hang nou saam met gesigsuitdrukking. Die debatteerder moet met al die lede van die gehoor, en nie net met die beoordelaars of 'n gedeelte van die gehoor nie, oogkontak maak. Die gehoor moet as't ware in belangstellingsgroepe verdeel word. Dan moet die aandag op een persoon binne die groep gevestig word. Die res van die groep sal voel dat daar ook na hulle gekyk en met hulle gepraat word. Op soortgelyke wyse moet al die groepe betrek word. Om die aandag deurgaans te behou is dit baie belangrik dat 'n gehoor moet ervaar dat daar direk met hulle gepraat en direk vir hulle gekyk word. Oogkontak met die opponente, wanneer daar met hulle gepraat word, is ook wenslik. Oogkontak is 'n kardinale aspek wat in die evaluering in berekening gebring moet word aangesien dit onontbeerlik is vir sinvolle kommunikasie.

**2.3.2.5. Uiterlike voorkoms**

Die kleredrag van die debatteerder moet altyd netjies en onopvallend wees. Wat die JR se kompetisie betref word gewoonlik skooldrag gedra. Dit is 'n baie goeie reël en verhoed 'n moontlike doelbewuste opsmuk.

Die hare behoort netjies en skoon te wees. Die haarstyl van veral dames behoort sodanig te wees dat die hare nie laag op die voorkop hang nie. Dit kan oogkontak belemmer of 'n gedurige wegvee van die hare tot gevolg hê. Die haarstyl behoort so eenvoudig as moontlik te wees en moet sy vorm vir die duur van die debat behou. Geen aandag behoort tydens die duur van die debat hieraan bestee te word nie. Die dra van juwele en gebruik van grimering is vir hoërskoolleerlinge onvanpas.

**Samevattend:** Indien daar wat die visuele en ouditiewe aspekte van die lewering betref, geen aspekte is wat die aandag negatief daarop vestig nie, kan aanvaar word dat die lewering bevredigend tot goed is. Indien die debatteerder met gemak verstaan en gevolg kan word sonder enige steuring, spreek dit

vanself dat die aanbieding of "kanaal" oop en skoon was. Indien die debatteerder nie maklik verstaan en gevolg kan word nie, behoort die moontlike steuring in die "kanaal" geïdentifiseer te word.

Die beoordelaar hoef nie in sy evaluering doelbewus op die lewering te konsentreer nie. Indien te veel hierop gefokus word, is die moontlikheid baie sterk dat die kwaliteit van die inhoud by die beoordelaar kan verbygaan. As die beoordelaar in sy konsentrasie op die lewering 'n argument of bewys nie registreer nie, is dit verby, tensy dit weer herhaal word. Dit kan 'n swak of onbetroubare beoordeling tot gevolg hê. Dieselfde geld nie ten opsigte van die lewering nie, aangesien 'n positiewe of negatiewe aspek in die lewering meestal nie net eenmalig nie, maar deurentyd voorkom: onvoldoende/voldoende oogkontak, geen/voldoende gesigsuitdrukking, te hoë/aangename stemplasing, onduidelike /duidelike artikulasie, eentonige/natuurlike intonasie. Indien 'n enkele beduidende fout of steuring in die lewering voorkom, val dit onmiddellik op, al konsentreer die beoordelaar op die inhoud. Deur op die inhoud te konsentreer word die lewering in die loop van nege minute meestal ook geregistreer, terwyl die omgekeerde nie noodwendig waar is nie. Die fokus op die inhoud stem ook ooreen met die primêre doelstellings van opvoedkundige debat-tering, naamlik kritiese denke en logiese argumentering.

### 3. EVALUERING

In die evaluering word eers die taalgebruik en daarna die lewering van die debatteerders bespreek. Hier word afgewyk van die patroon wat tot dusver gevolg is. Die konstruktiewe en repliektoespraak van elke debatteerder word nie afsonderlik nie, maar gesamentlik bespreek. Dit word gedoen omdat daar normaalweg nie 'n groot verskil in die aanbieding van die twee toesprake voorkom nie. Waar dit wel die geval is, word dit aangedui. Ten opsigte van die taalgebruik is daar sover moontlik gepoog om 'n beter formulering of die korrekte woord te stel nadat 'n lomp formulering of foutiewe woord aangetoon is. Dit is geen maklike taak nie, aangesien elke spreker se taalgebruik uniek is, en nie soos 'n rekenkundige som waarvan die antwoord òf reg òf verkeerd is nie. Daar is nie altyd vaste reëls nie, en dieselfde taalaanbod kan selfs onder kundiges uiteenlopende kommentaar uitlok. Hier word aanvaar dat negatiewe kritiek ten aansien van sekere formuleringe moontlik vir ander beoordelaars aanvaarbaar mag wees en omgekeerd. Daar is gepoog om met die gesproke aanbod, en nie net met die geskrewe taalaanbod, rekening te hou nie. Wat

soms op papier as swak formulering voorkom, klink wel aanvaarbaar. Die omgekeerde is ook moontlik. Dit is ook vir 'n beoordelaar onmoontlik om in die werklike situasie elke moontlike subtiele taalfout of onbeholpe formulering te registreer. Die kritiek wat ten aansien van die taalgebruik uitgespreek word, moet in hierdie lig gesien word. Die bespreking bevat dus meer detail as wat in die werklikheid tydens 'n beoordeling die geval sal wees.

Wat die organisasie van die taalevaluering betref, word aanvanklik 'n algemene evaluering gestel waarna spesifieke voorbeelde uit die toesprake bespreek word. Hier kon nie by 'n konsekwente patroon gehou word nie, aangesien die positiewe en/of negatiewe aspekte wat om bespreking vra, van debatteerder tot debatteerder verskil. Waar daar verskeie soortgelyke tendense of verskynsels voorkom, is dit gesamentlik onder 'n subopskrif bespreek. Andersins is die betrokke voorbeelde bespreek soos dit chronologies in die toesprake voorkom.

Wat lewering betref, word daar nie 'n gedetailleerde bespreking van elke debatteerder se styl, stem, spraak en kommunikasievermoë gegee nie, aangesien die leser dit nie kan verifieer nie. Daar word volstaan met 'n enkele paragraaf waarin die belangrikste positiewe en/of negatiewe kritiek op die lewering gestel word. Hierdie kritiek berus hoofsaaklik op aantekeninge wat telkens direk na elke debat gemaak is.

## 3.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (86 U 1)

### 3.1.1. Eerste voorstander

#### 3.1.1.1. Taal

Hoewel die eerste voorstander maklik gevolg kon word, was die taalhantering, veral ten opsigte van woordkeuse, woordorde en algemene formulering onbevredigend.

Woordkeuse en woordorde

Die volgende voorbeelde kan gekritiseer word:
"die *punt van beredenering*" (1:6-7) in plaas van die *stelling wat beredeneer word* of die *punt onder dispuut*; "om my *punt* beter te verduidelik" (1:9) in plaas van

om ons *standpunt* beter te veduidelik; "(sy) staan haar plek in die samelewing *sowel as die opvoedingsgebeure ten volle* vol" (2:37-38) in plaas van sy staan haar plek in die samelewing *en in die opvoedingsgebeure vol*, of: (sy) staan haar plek vol in die *samelewing met betrekking tot die opvoeding* - die oordrewe kwalifisering, naamlik *ten volle* vol staan" (2:38; 2:58; 15:31-32), is onnodig; "en hom *werklik aandag gee*" (3:84) in plaas van werklik *aandag aan hom gee*; "die lewe van die Afrikanerberoepsvrou en moeder is nie 'n maklike *spel* nie" (3:88-89) in plaas van nie 'n maklike *taak* nie.

Algemene formulering

Die omskrywing van begrippe (1:12-23 en 15:1-14) het nie veel meer helderheid as wat die luisteraar buitendien self van die begrippe kan aflei, gebring nie. As gevolg van 'n onsamehangende gedagtegang was die taalgebruik ook dikwels onbeholpe en vaag. Dit was byvoorbeeld nie duidelik watter verband daar tussen die los gedagtes in (2:47-55) en die punt onder dispuut is nie. Die twee slotsinne is ook niksseggend en hang in die lug (16:33-38), aangesien dit onvolledig aan die debatspunt gekoppel is.

**3.1.1.2. Lewering**

Die eerste voorstander het in albei toesprake, en veral in die repliektoespraak, dikwels oor haar woorde gestruikel. Sy was wel duidelik hoorbaar, maar die geheel was effe eentonig; daar was min stemwisseling en nie genoegsame empatie nie. Haar kontak met die gehoor was bevredigend.

Evaluering: Taal en lewering: gemiddeld (5).

**3.1.2. Eerste teenstander**

**3.1.2.1. Taal**

Oor die algemeen was die taalgebruik goed. Haar woordeskat was bevredigend en sy het haar duidelik en verstaanbaar uitgedruk. Die volgende voorbeelde toon wel enkele lomp uitdrukkings:

"Ek en my spanmaat stem natuurlik glad nie saam met ons opponente se definisie van *nou net nie*" (3:1-3) in plaas van ons opponente se definisie van *opvoedingsgebeure nie*; "Ons het geweet ons opponente gaan kom met die ar-

gument *van kwali- en kwantitatiewe aandag...*" (4:28-32) in plaas van ons het geweet ons opponente gaan kom met die argument *dat kwalitatiewe* aandag deur werkende ma's aan hulle kinders bestee word, of ...met die argument *dat kwalitatiewe en nie kwantitatiewe* aandag deur werkende ma's aan hulle kinders bestee word; as gevolg van haar betrokkenheid by haar beroep nie meer *in staat is daartoe* om haar plek "vol te staan nie" (14:50-52) in plaas van nie meer *daartoe in staat is nie*; "...sonder om ook die *besware van al drie te aanvaar*" (14:52-55) in plaas van sonder om aan die *gepaardgaande nadele/probleme van so 'n situasie blootgestel te word.*

**3.1.2.2. Lewering**

Die teenstander se lewering was goed. Haar stem en spraak was helder en duidelik, en is sinvol gewissel - veral die konsekwente assimilasie was opvallend. Haar oogkontak was baie goed en die inhoud is met betekenisvolle beklemtoning en pousering oorgedra. Die aanslag het soms geneig om te aanvallend te wees - veral in die repliektoespraak.

Evaluering: Taal: goed (7). Lewering: baie goed (8).

**3.1.3. Tweede voorstander**

**3.1.3.1. Taal**

Die taalgebruik was swak. Die tweede voorstander se vermoë om haar korrek, duidelik en bondig uit te druk, was onbevredigend. Dit word deur die volgende voorbeelde geïllustreer:

Woordkeuse en woordvolgorde

"...dat ek en my spanmaat ons vereenselwig met die *feit* dat die Afrikanerberoepsvrou wel haar plek *ten volle* vol staan in die opvoedingsgebeure" (7:3-5) in plaas van ons vereenselwig met die *stelling* dat die Afrikanerberoepsvrou wel haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan - dit is 'n gegewe stelling wat die voorstanders deur hulle betoog as 'n waarskynlike "feit" moet bewys; "...dat ek die onderwerp *gaan analiseer as volg*" (7:6-7) in plaas van die onderwerp *soos volg gaan analiseer* (*Soos volg* is myns insiens beter. Tog beweer Van der Merwe & Ponelis [1982:18] dat *as volg* 'n direkte vertaling uit Nederlands is, en net so korrek is.); "in drie *vlakke opgedeel*"

(8:48) in plaas van in drie *vlakke/kategorieë ingedeel*; "sy werk *om haar* selfontplooiing en selfverwesenliking" (8:52-53) in plaas van sy werk *ter wille van* selfontplooiing..., of sy werk om haar *self te ontplooi en te verwesenlik*; "die moeder meer vir die huis *tot* gebruik kan koop" (8:56) in plaas van meer *verbruikersgoedere kan koop/voorsien*; "Hoeveel gee sy nie vir *kindersorg byvoorbeeld* nie?" (9:72-73) in plaas van: Hoeveel gee sy *byvoorbeeld nie vir kindersorg nie?*; "ons opponente het die *redeneerpunte* soos volg vir ons bepaal" (18:7-8) in plaas van ons opponente het die *geskilpunte/argumente* soos volg bepaal; "*ten eerstens*" (18:9) in plaas van *ten eerste* of *eerstens*; "...stres wat die huisvrou ook *ondergaan, tuis*" (18:11) in plaas van stres wat die huisvrou ook *tuis ondergaan*; "...het tog 'n *vinger in die tert*" (18:23) is 'n Anglisisme - "finger in the pie"; "dat hulle dwarsdeur die jaar genoegsame tyd *aan mekaar spandeer*" (19:45-46) in plaas van genoegsame *tyd bymekaar deurbring* of genoegsame *aandag aan mekaar bestee.*

Algemene formulering

Onbeholpe formulering word aangedui soos dit chronologies voorgekom het:

In (7:19-20) kon sy net begin het met: Ten eerste: die Afrikanerberoepsvrou in perspektief. Die herhaalde gebruik van "u sou gelet het; as u fyn gelet het sou u opgelet het; as u reg verstaan het; u sou ook gelees het" (7:22,31; 8:32; 9:76,100), is hinderlik en kon weggelaat gewees het. "As u reg verstaan het" kan bloot wees: Ek bedoel hiermee dat die Afrikanerberoepsvrou nie vir luukses werk nie (vgl. 8:32-34). "Nee, sy werk vir vakansies sodat die gesin saam kan vakansie gaan hou" (8:34-35) kan soos volg lui: Nee, sy werk sodat die gesin saam met vakansie kan gaan. "Sy werk ook dat háár kinders die voorreg het om aan verenigings deel te neem" (8:36-38) kan lui: Sy werk ook sodat haar kinders die voorreg kan hê om aan verenigings te behoort. Die opsomming van Steyn & Breed se navorsing en bevindinge (8:46-65) getuig van onsamehangende denke en swak taalbeheersing. Dit was byvoorbeeld nie onmiddellik duidelik dat die bevindinge (8:54-62) onderskeidelik op die voorafgenoemde kategorieë betrekking het nie. Al die bewerings wat in (9:90-103) gemaak is, kon bondiger gestel gewees het. "Op grond van navorsing wat gedoen is, deur A.A. Roux, het bewys dat ..." (10:109-111) moes gelui het: Op grond van navorsing deur A.A Roux is bevind dat..., of A.A. Roux se navorsing het die volgende bewys. Helder formulering ontbreek in 18:16-21 en 18:26-36 omdat die voorstander as gevolg van spanning die spoor byster geraak het. "Elvis Presley ...wat sy ma hom aan die slaap moes sus terwyl hy al

'n groot man was "(18-19:41-42) moes lui: Elvis Presley wie se ma hom, as groot man, nog aan die slaap moes sus. "Vakansies hoef nie slegs net een vakansie per jaar geneem te word nie" (19:43-44) in plaas van vakansies hoef nie net een keer per jaar geneem te word nie. "Punt twee en spanning. Dit wil nou rêrigwaar onmoontlik klink dat ons die huisvrou aan spanning kan koppel, maar dit is wel so " (19:47-49) kon lui: Punt twee: spanning. U mag dink dis onmoontlik dat die huisvrou onder spanning gebuk gaan. Tog is dit so. In 19:54-56 is uitgelaat dat die meeste vroulike pasiënte wat behandel word huisvrouens en nie beroepsvroue is nie. Hier word getoon dat onsamehangende denke en taalonbeholpenheid dikwels hand aan hand loop.

**3.1.3.2. Lewering**

Die lewering was onder gemiddeld. Sy was wel hoorbaar, maar tog moeilik volgbaar, omdat betekenisvolle pousering asook oorgange tussen die verskillende hoofpunte ontbreek het. Die kernwoorde is ook nie deurgaans genoegsaam beklemtoon nie, om sodoende die luisteraar te help om die betoog makliker te volg nie. Die stemtoon het ook te min gewissel. Daar was wel oogkontak, maar as gevolg van die "leserige" aanslag was die kommunikasie nie na wense nie.

Evaluering: Taal: swak (3). Lewering: onder gemiddeld (4).

**3.1.4. Tweede teenstander**

***3.1.4.1. Taal***

Die tweede teenstander het probleme gehad om hom bondig en duidelik uit te druk. Woordkeuses was soms onvanpas en die sinstruktuur nie altyd korrek nie. Hy sou met groot vrug van eenvoudiger sinne gebruik kon maak. Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie:

Woordkeuse en woordvolgorde

"Ek gaan ... al die argumente ... aan ons uitgangspunt *meet*" (10:10-11) in plaas van aan ons uitgangspunt *toets/koppel*; "die eerste indrukke (is) blywend en *speel dit* 'n groot rol..." (11:32-33) in plaas van *dit speel* 'n groot rol; "die Afrikaanse vrou tree uit selfsugtigheid *toe tot 'n ander beroep*, om sodoende *net weer* in die bose kringloop van skuld te verval" (11:49-51) in plaas van die

Afrikaanse vrou (tree) uit selfsugtigheid *tot 'n beroep toe*, om sodoende in die bose kringloop van skuld te verval - met *net weer*, impliseer hy dat die huisvrou ook 'n skuldgevoel het; "spanning (verswak) *die prognose van* die kind se spysverteringsiklus" (11:58-61) in plaas van spanning (verswak) die kind se spysverteringsiklus; "*deur* hierdie selfsug is daar baie min tyd vir wesentlike opvoeding" (12:72-73) in plaas van *as gevolg van* hierdie selfsug...; "wanneer die beroepsvrou *by die huis kom, na werk* en nog tyd vir haar gesin het" (12:76-77) in plaas van wanneer die beroepsvrou *na werk tuis kom*...; "Laasgenoemde negatiwiteite, 'n gebrekkige *uitdeel van aandag* wek 'n *skuldbeeld* by die kind..." (12:81-83) in plaas van laasgenoemde negatiwiteite *en die gebrekkige aandag* wek 'n *skuldgevoel/negatiewe selfbeeld* by die kind; "*homoseksualisme* en *lesbianisme*" (12:101-102) in plaas van *homoseksuele- en lesbiese liefde/gedrag*; "Dit is egter *uitspruitend uit* die identiteitskrisis" (12:106-107) in plaas van dit *spruit voort uit* die identiteitskrisis, of dit is 'n *gevolg van* die identiteitskrisis; "sou baie meer kinders *saam* met Antjie Krog hierdie gedig kon *berym*" (13:120-122) in plaas van sou baie meer kinders *'n soortgelyke gedig kon skryf*; "maar geagte toehoorders, *met leedwese, helaas,* dit is *egter* nie die geval nie" (13:122-123) in plaas van *helaas*, geagte toehoorders, dit is nie die geval nie, of geagte toehoorders, dit is *helaas* nie die geval nie; "In verband met pleegsorg; 'n *plekkie* wat ons opponente nog nie *aangeraak* het nie" (17:28-29) in plaas van 'n *aspek/terrein* wat ons opponente nog nie *genoem/bespreek* het nie; "die vrou kan nie grootmaak, opvoed én vrou wees, *alles in een*, in slegs twee ure nie" (17:43-44) in plaas van die vrou kan nie *tegelyk* grootmaak, opvoed én vrou wees in slegs twee uur nie.

Algemene formulering

Die sin in 10:18-22 kan soos volg duideliker gestel word: 'n Eenvoudige voorbeeld hiervan kom by die plaaslike universiteit voor. Die Sansoverslae vir die jare 1983-1985 toon dat daar slegs 4% vroulike teenoor 96% manlike professore was. "Sy doen dit dus vrywillig en met nadelige gevolge met betrekking tot haar huisgesin" (11:38-40) kan lui: Sy doen dit vrywillig, ten spyte van die nadelige gevolge wat dit vir haar gesin inhou. "Die beroep as huisvrou bring dikwels onvergenoegsaamheid in 'n vrou se gemoed mee" (11:43-45) kan lui: Die nie-werkende huisvrou is dikwels onvergenoegd. Weens 'n gebrek aan konkreetheid, is dit nie duidelik wat die teenstander in 12:87-92 wil sê nie. Die formulering in 16:2-4 impliseer dat 'n beroepsvrou nie óók 'n Christenmoeder kan wees nie. Begrip word bemoeilik omdat die twee sinne in 17:44-48 lomp is en omgeruil moes gewees het; die opponente se stelling moet eers gestel word

en daarna volg die reaksie daarop: U het gesê dat die beroepsvrou werk sodat hulle as gesin met vakansie kan gaan. Wil u dus beweer dat opvoeding wat in al die 365 dae van 'n jaar behoort te geskied, in 'n vakansie van ongeveer drie weke ingepas moet word?

**3.1.4.2. Lewering**

Die tweede teenstander se lewering was gemiddeld. Hy het 'n sonore donker stem, maar hy kon dit betekenisvoller gewissel het om die inhoud met groter begrip te kommunikeer. Die artikulasie was soms onduidelik. Dit was die gevolg van 'n lui tongpunt wat nie die tongpuntkonsonante [d,l,r,t] duidelik gevorm het nie. "Super" (16:14) is foutiewelik volgens die Engelse uitspraak geartikuleer. Die styl van die lewering, asook die kommunikasie met die gehoor was bevredigend.

Evaluering: Taal: onder gemiddeld (4). Lewering: gemiddeld (5).

## 3.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING (85 H 7)

### 3.2.1. Eerste voorstander

#### 3.2.1.1. Taal

Albei die voorstanders se taalgebruik bied 'n voorbeeld van 'n styl wat nie vir gesproke kommunikasie geskik is nie. Hier is te veel abstrakte en "geleerde" woorde gebruik, die idees is onnodig ingewikkeld gestel, en die sinne was oor die algemeen te lank (vgl. 21:61-70; 31:1-11).

Woordkeuse en woordvolgorde

Die mees algemene fout was dat begrippe gebruik is sonder om dit te omskryf of met konkrete voorbeelde toe te lig: "moderne demokratiese staatsideaal" (21:51); "nasionaal-Calvinistiese perspektief" (21:61-63); "die aanvullende wisselspel van gesag en vryheid" (21:68; 22:73); "moderne nasionalisme" (20:12; 22:96); "gesonde moderne staat" (20:11; 20-21:32-33); "moderne demokrasie" (21:45,51); 'n moderne demokrasie met 'n Calvinisties-filosofiese kyk op die werklikheid (21:69-70); "monargale stelsels" (31:24).

'n Volgende fout is geleë in die gebruik van terme soos "resulteer en harmonieer" (21:34) wat uit Du Plessis (1941:105) oorgeneem is; asook die behepthied met "kategories" (20:19,24; 21:62; 22:71; 32:43).

Die volgende drie voorbeelde toon ook 'n lompheid in die taalgebruik: "...en *het u daarna gewys.*" (31:3) in plaas van u *het daarna probeer aantoon*; "...dat die staat wat *berus* op die genoemde beginsels" (31:27-28) in plaas van die staat wat op die genoemde beginsels *berus*; "...die *beweringe gee*" (32:46) in plaas van die *versekering gee* of die *beweringe maak.*

Algemene formulering

Die eerste voorstander het nie daarin geslaag om, soos sy Van Wyk Louw (1967:16) foutiewelik aangehaal het, "taalbetekenisse 'soos blink en vet visse' nader te trek met die 'fyn net van die woord'" nie; inteendeel, met 'n rykheid van woorde is in werklikheid baie min gesê. Vergelyk byvoorbeeld die onvermoë om presies aan te gedui het hoedanig en in watter opsig die span se lewens- en wêreldbeskouing hulle houding met betrekking tot die debatspunt beïnvloed het (21:55-58); asook die gebrek aan konkrete voorbeelde van die teenstander se sirkelargumentering (31:15). Die kritiek teen die taal is hoofsaaklik te wyte aan die direkte, en soms foutiewe, oorname uit Du Plessis se boek. Dié geskrewe styl is argaïes en onaanvaarbaar in gesproke vorm.

Die swak styl het as't ware die positiewe aspekte van die taalgebruik, soos die aanvaarbare konstruksie van sommige sinne, uitgekanselleer.

**3.2.1.2. Lewering**

Die lewering, en veral die styl daarvan, is nie vir debattering geskik nie. As gevolg daarvan dat die konstruktiewe toespraak en selfs 'n groot deel van die repliektoespraak volledig gememoriseer is, het bygedra tot die onnatuurlike lewering. Sy het nie die inhoud met die gehoor gekommunikeer nie, maar dit vir hulle "voorgedra" asof sy prosa vertolk het. Ten spyte van hoorbare en verstaanbare spraak, en baie goeie oogkontak, het natuurlikheid en informaliteit ontbreek. Die pousering was meestal ongemotiveerd en onnatuurlik, soos uit die volgende voorbeeld blyk (31:12-18): "Ek en my spanmaat het met aandag na u toesprake geluister en / het onderling besluit dat ons / as span / in ons repliektoesprake / u aandag dringend daarop moet vestig / dat u tot dusver / deur ongelukkige sirkelargumentering / slegs daarin geslaag het /

om u eie standpunt te stel / sonder om te antwoord op die appèl / wat ek en my spanmaat tot u gerig het."

Die styl van die lewering is grotendeels genoodsaak deur die inkleding van die betoog in 'n geforseerde "akademiese boektaal", instede van die voorstander se eie gesproke taal. Om dié taal te besig was beide voorstanders genoodsaak om elkeen se betoog te memoriseer.

Evaluerig: Taal: swak (3). Lewering: onder gemiddeld (4).

**3.2.2. Eerste teenstander**

**3.2.2.1. Taal**

Hoewel die eerste teenstander se taalgebruik grammatikaal redelik korrek was, het sy nie altyd daarin geslaag om haar duidelik en konkreet uit te druk nie. Dit is versterk deur die foutiewe analise en swak redenering. Die verskillende gedagtes is nie deurgaans verbaal aan mekaar en aan die proposisie gekoppel nie, gevolglik was dit moeilik om die argumentasielyn te volg. Die volgende reëls is voorbeelde waar die taalgebruik vaag en ontoereikend was en waar konkrete voorbeelde ontbreek het: 23:36-39; 23-24:40-46; 24:56-59; 24:83-86; 25:87-89; 30:19-26.

Onbeholpe formulering het in die volgende sinne voorgekom: "...en *in* die vroegste staatsvorm se behoeftes beantwoord het" (23:13-14) in plaas van *aan* die behoeftes beantwoord; " 'n *Mens* kry ook 'n wanbegrip wanneer jy slegs *op* die definisies van *HAT af gaan*" (23:27-28) in plaas van jy kry 'n wanbegrip as jy jou slegs *deur* die HAT se definisies *laat lei*, of as jy jou slegs *op* die HAT se definisie *verlaat*; "Daar is altyd 'n deel van die volk wat *uitgesny* word" (23:35-36) in plaas van *uitgesonder* word of wat nie stemreg het nie; "Volgens Koopmans...is demokrasie nie *alleen net* meerderheidsregering nie" (23:40-41) in plaas van is demokrasie nie *slegs* meerderheidsregering nie.

**3.2.2.2. Lewering**

Die lewering van die eerste teenstander was swak. Haar spraaktempo was te stadig en die geheel nie vitaal genoeg vir debattering nie. Te veel pouses is in die middel van sinne gemaak, terwyl minder belangrike woorde oordrewe beklemtoon is. Die beklemtoning het ook meestal deur middel van 'n

stygende infleksie geskied wat 'n naïwiteit aan die lewering verleen het. Hoewel daar bevredigende oogkontak was, het die woord-vir-woord-lewering die indruk geskep asof die toespraak voorgelees word. Die artikulasie was bevredigend, behalwe dat sy nie altyd geassimileer het nie. In die uitspraak van *konflik* is die klem foutiewelik op die eerste lettergreep geplaas.

Evaluering: Taal: onder gemiddeld (4). Lewering: swak (3).

**3.2.3. Tweede voorstander**

**3.2.3.1. Taal**

Die kritiek op die eerste voorstander se taalgebruik geld ook ten aansien van dié van die tweede voorstander. Dit is 'n redelik betroubare bewys dat die inhoud moontlik nie elkeen se eie werk was nie. Die tweede voorstander herhaal haas dieselfde wat haar spanmaat gesê het, en het haar net so vaag en abstrak uitgedruk. Vergelyk die feitlik identiese herhaling van die sogenaamde eerste en tweede hoofpunte (25:2-4 en 25:19-21). Die sinne was oor die algemeen ook te lank en lomp (vgl. 26:30-41 en 34:21-30).

In die toesprake van die voorstanders word getoon hoe analise, bewyse, redenering en taalgebruik 'n samehangende geheel is. Die swak analise, onvoldoende bewyse, gebrekkige redenering en abstrakte taalgebruik was gesamentlik daarvoor verantwoordelik dat daar weinig gesê is om op konkrete wyse die waarskynlike waarheid van die proposisie te staaf. Sy wou "verduidelik" waarom die kern van welvaart en vooruitgang demokrasie is (26:42-60), maar het verbaal nie daarin geslaag nie.

**3.2.3.2. Lewering**

Dieselfde kritiek wat ten opsigte van die eerste voorstander ingebring is, geld ook vir die tweede voorstander. Die lewering het in dieselfde styl geskied, naamlik 'n te doelbewus genuanseerde en "ingestudeerde" aanbieding waarin 'n natuurlike geselstrant ontbreek het. Albei het hulle toesprake gelewer asof hulle nie hulleself was nie, maar een of ander "formele persoonlikheid".

Evaluering: Taal: swak (3). Lewering: onder gemiddeld (4).

### 3.2.4. Tweede teenstander

#### 3.2.4.1. Taal

Die taalgebruik van die tweede teenstander was onder gemiddeld. Daar was ook enkele taalflaters. Hy het hom ook nie altyd duidelik en onmiddellik verstaanbaar uitgedruk nie. Dit is moontlik die gevolg van 'n foutiewe analise en die irrelevante argumente.

Onbeholpe taalgebruik word in 28:41-46 weerspieël; die koppeling hiervan met die res van die betoog was nie duidelik nie en kon sonder enige nadeel weggelaat gewees het.

Woordkeuse en woordorde

Swak woordkeuse en/of woordorde word in die volgende voorbeelde getoon: "...vir u aantoon dat demokrasie nie die kern van die welvaart en vooruitgang *is* van die Westerse beskawing nie" (27:5-7) in plaas van nie die kern van die welvaart en vooruitgang van die Westerse beskawing *is* nie; "In navorsingswerk gedoen deur *ek* en my spanmaat" (28:20) in plaas van deur *my* en my spanmaat; "...deur Afrikanerorganisasies *wie se doel dit is om* die Afrikaner polities voorop te stel. *Maar bevoorreg is ons om* organisasies soos die JR te hê" (29:70-72) in plaas van Afrikanerorganisasies *wat dit ten doel het* om die Afrikaner polities voorop te stel. *Ons is egter bevoorreg* om organisasies soos die JR te hê; "die mooi jassie van 'n goeie naam *om*" (29:89) in plaas van die mooi jassie van 'n goeie naam *aan*; "...die stof van verrotting in sy eie *midde*" (29:91) in plaas van in sy eie *geledere*; "want die *stelsel in die Weste vandag* is nie ware demokrasie nie, soos toegepas in die Griekse stelsel waar die woord demokrasie vandaan kom *nie*" (33:28-30) in plaas van die *huidige stelsel*... is nie ware demokrasie *nie*,...waar die woord demokrasie vandaan kom"; "ware demokrasie... kan nie die kern *wees* van die ... Westerse beskawing se welvaart *nie*" (33:34-36) in plaas van demokrasie kan nie die kern van die ...Westerse beskawing se welvaart *wees nie*; "opsommend dus" (29:88) en "Dus, opsommend dus" (33:31) in plaas van opsommend of dus; "Sy het ook gesê dat *verval kom* as die volk nie die soewereiniteit van die staat erken nie" (33:23-24) in plaas van daar *is verval* of dat *verval sal voorkom* as die volk nie die soewereiniteit van die staat erken nie.

#### 3.2.4.2. Lewering

Die tweede teenstander se lewering was onbevredigend. Sy lewering het die indruk geskep dat hy besig is om die toespraak op te sê, instede daarvan om met die gehoor te praat. Verder het 'n gebrek aan genoegsame tempo- en toonhoogtewisseling 'n effense monotoniteit tot gevolg gehad. Duideliker oorgange tussen die verskillende hoofpunte, asook sterker empatie, sou die lewering verbeter het. Die struikeling oor woorde in die repliektoespraak het sinvolle kommunikasie in die wiele gery.

Evaluering: Taal: onder gemiddeld (4). Lewering: swak (3).

## 3.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1)

### 3.3.1. Eerste voorstander

#### 3.3.1.1. Taal

Die vermoë van die eerste voorstander om haar duidelik uit te druk was goed. Die sinne was redelik kort en haar woordeskat is bevredigend en op enkele uitsonderings na onmiddellik verstaanbaar.

Woordkeuse en woordvolgorde

In die volgende voorbeelde is die woordkeuse en/of woordvolgorde nie bevredigend nie: "*my spanmaat en ek*" (38:3; 49:4) in plaas van *ek en my spanmaat*; "die volgende begrippe *uitvoerig* definieer" (38:4) in plaas van *breedvoerig* definieer; "Min van hulle is werklik *virulent* anti-Suid-Afrikaans" (38:24) in plaas van *giftig* of *heftig* anti-Suid-Afrikaans; " die Sowjet-unie en *haar* satelliete" (39:37) in plaas van *sy* satelliete; "ons wil beweer dat hierdie knaende slepende onrus baie ernstiger gevolge *nog* gaan hê" (39:73-75) in plaas van *nog* baie ernstiger gevolge gaan hê.

In die verwysing na mev. Margaret Thatcher se dilemma het sy nie daarin geslaag om presies te verwoord hoe dié dilemma 'n faktor is wat kan help dat Suid-Afrika "nooit perspektief (hoef) te verloor nie" (39:46-53). Dit kan moontlik ook 'n gevolg van onsamehangende denke wees.

### 3.3.1.2. Lewering

Die lewering was oor die algemeen goed; die spraak was duidelik, die kommunikasie voldoende en die belewing oortuigend. Sy kon wel die volgehoue intensiteit waarmee sy die toesprake gelewer het meer afgewissel het. Elke woord en frase is feitlik ewe veel beklemtoon, instede daarvan dat net die kernwoorde en -frases beklemtoon word, anders mis die beklemtoning sy doel. Die sterk beklemtoning het ook in 'n mate die natuurlike vloei van die spraak gekortwiek.

Evaluering: Taal en lewering: goed (7).

### 3.3.2. Eerste teenstander

### 3.3.2.1. Taal

Die taalgebruik kan as baie goed geëvalueer word. Sonder 'n omhaal van woorde het hy hom maklik verstaanbaar en in kort sinne uitgedruk. Die taal is wel nie ontgin of treffend aangewend nie, maar dit is eenvoudig en feitlik deurgaans korrek gebruik. Die beeldspraak van die boef en die heldin (48:5-10) was geslaagd, veral in die lig van die tweede voorstander se gedramatiseerde aanbieding. Die verwysing na die televisie-advertensie was oorspronklik, maar myns insiens minder gepas (48:15-18).

Die volgende voorbeelde kan wel gekritiseer word: die herhaalde gebruik van die woord *voorbeeld* in dieselfde sin (42:90-92 en 49:38-39); die tweede voorbeeld moes telkens weggelaat gewees het; "... deur *'n balans te vat* tussen wat ons self glo en wat hulle vir ons gesê het" (49:26-28) in plaas van 'n *middeweg te volg* tussen ons eie oortuigings en hulle (buitelandse) advies; "Ons is egter *besig om glad nie* dit te doen nie" (49:30-31) in plaas van ons is egter *glad nie besig* om dit te doen nie; "probleme vir Suid-Afrika te *maak*" (49:32) in plaas van probleme te *skep*; "oormatig (is) 'n negatiewe *iets*" (49:44) in plaas van oormatig is *iets negatiefs* of oormatig het *'n negatiewe konnotasie.*

### 3.3.2.2. Lewering

Sy lewering was baie natuurlik. Die toespraak is in 'n spontane geselstrant met die gehoor gekommunikeer. Sy stemplasing is effe keelgerig, maar dit het nie die artikulasie of hoorbaarheid nadelig beïnvloed nie. 'n Groter mate van wis-

seling in die toonhoogte, tempo en volume sou die lewering onverbeterlik gemaak het. Weens die onvoorbereide aard van die repliektoespraak, was die lewering daarvan nie so vlot soos dit by die konstruktiewe toespraak die geval was nie.

Evaluering: Taal en lewering: baie goed (8).

**3.3.3. Tweede voorstander**

**3.3.3.1. Taal**

Die tweede voorstander se taalgebruik was goed en sy woordeskat omvangryk. Om die konnotasies van die liedjie (43:11) en die verwysing na Don Quijote en Sancho Panza (44:58-64) te begryp, moes die gehoor 'n voorkennis gehad het van Fanus Rautenbach en Sakkie van der Walt se liedjie wat ontstaan het na die besoek van die VVO-afgevaardigdes Carpio en Martinez aan Suid-Afrika, asook Miguel de Cervantes se roman *Don Quijote* gelees het. Uit die gehoor se reaksie het dit geblyk dat hulle wel oor dié kennis beskik het, tensy hulle bloot op die voorstander se komiese voorstelling gereageer het.

Die volgende punte van kritiek kan wel gestel word: Onnodige sentimentalisering moet in 'n debatstoespraak vermy word: "*sjarmante* spanmaat" (43:1); en "soos my spanmaat dit so *pragtig* gestel het - *dankie Ans*" (43:35-36).

Die volgende voorbeelde toon 'n mate van lompheid in die taalhantering: "...op pad na die naaste ambassade met die paspoort, *terug 'home' toe, stewig in die hand*" (44:69-70) in plaas van met *die paspoort stewig in die hand,* terug "home" toe; "ek wil graag antwoord op 'n *punt* wat my opponente *gelewer* het" (52:1-2) in plaas van 'n *bewering* wat my opponente *gemaak* het; "(hulle was) in staat om die stad te neem" (53:27-28) in plaas van die stad *in* te neem.

**3.3.3.2. Lewering**

Die tweede voorstander se lewering was uniek in dié opsig dat die illustrasie van Suid-Afrika se oormatige reaksie met behulp van beweging, gebare en stem gedramatiseer is. Die dialoog van die Staatspresident en min. Pik Botha is met 'n sterker spraakvolume gesuggereer; prinses Diana se stap is met enkele treë gesuggereer; "wie het die sjeef by die koffie gagooi", is gesing;

"Amandla" is uitgeroep met die vuis omhoog; die beweging van Don Quijote op sy donkie is komies voorgestel, waarna Sancho Panza se "dialoog" asemrig gesê is om sy moegheid te suggereer.

Die illustrasies is wel oortuigend aan die gehoor oorgedra en het van sommige lede 'n gelag ontlok. Binne die debatskonteks was dit myns insiens ietwat oorgedramatiseer en onvanpas. Die res van die betoog is wel met groter beheersing gelewer. Dit was soms moeilik om hom te volg omdat die tempo plek-plek te vinnig was, ongemotiveerde pouses in die middel van sekere sinne gemaak is, en 'n skielike toename en afname in volume soms ongemotiveerd voorgekom het.

Die lewering was wel spontaan en vitaal met goeie oogkontak, maar dit het op plekke die aandag van die inhoud afgetrek. Die lewering van die repliektoespraak was natuurliker. Hier het die inhoud meer tot sy reg gekom.

Evaluering: Taal: goed (7). Lewering: bo gemiddeld (6).

**3.3.4. Tweede teenstander**

**3.3.4.1. Taal**

Ofskoon sy taalgebruik soms onsuiwer was, het hy goed daarin geslaag om hom helder en duidelik uit te druk. Dit was ook deurgaans maklik om sy gedagtegang te volg.

Woordkeuse en woordorde

"...wat ons bedoel *by* intellektuele akrobatiek" (45:3) in plaas van *met* intellektuele akrobatiek; "Dries het reeds vir u die afhanklikheid van Suid-Afrika op politieke terrein *van die buiteland* aangetoon" (45:11-12) in plaas van Suid-Afrika se afhanklikhied *van die buiteland* op die politieke terrein aangetoon; "...om *ook die* afhanklikheid van die buiteland op ekonomiese gebied aan te toon" (45:13-14) in plaas van ook *ons* afhanklikheid van die buiteland aan te toon; "U gaan nie die dames se ondersteuning *daarop* kry nie" (46:30-31) in plaas van die dames se ondersteuning *daarvoor* kry nie; "Die mineraaluitvoere is *presies dieselfde saak*" (46:33-34) in plaas van *dieselfde geld ten opsigte* van mineraaluitvoere; "Voorbeelde van hierdie intermediêre produkte is *byvoorbeeld* rekenaars..." (46:57-58) in plaas van voorbeelde van hierdie

intermediêre produkte is rekenaars; "iets wat net so *passend* is" (47:104) in plaas van iets wat net so *van pas/relevant* is; "onmiddellik het die Suid-Afrikaanse regering alle rooibosteevoorrade *op* beslag gelê " (47:105-107) in plaas van *op* alle rooibosteevoorrade beslag gelê; "ons gaan *koel* voort" (48:118) in plaas van ons gaan *koelkop* voort; "hulle hou aan om terug te kom *op dié ding...*" (51:6) in plaas van terug te kom *na die argument*; 'n kwart van my toespraak daaraan *gespandeer*" (51:8) in plaas van daaraan *gewy/bestee*.

**3.3.4.2. Lewering**

Die tweede teenstander se lewering was bo gemiddeld tot baie goed. Ten spyte van enkele oomblikke van huiwering (klaarblyklik as gevolg van spanning), was die lewering natuurlik, spontaan, met genoegsame oogkontak. Betekenisvolle beklemtoning en pousering het gehelp om die inhoud duidelik te begryp. Die spraaktempo en toonhoogte kon tog meer gewissel het om 'n mate van eentonigheid te voorkom. Die lewering van die repliektoespraak was baie goed, ten spyte daarvan dat dit meestal impromptu geskied het. Die assimilasie van *daardie*, naamlik *daai*, is miskien te ver gevoer (51:15). Die korrekte uitspraak is [da:ri]. "Daai" word wel in die volksmond gebruik en is aanvaarbaar in informele gesprekke.

Evaluering: Taal: goed (7). Lewering: baie goed (8).

**3.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 1)**

**3.4.1. Eerste voorstander**

**3.4.1.1. Taal**

Die taalgebruik van die eerste voorstander was baie goed. Sy het haar duidelik en korrek in maklik verstaanbare Afrikaans uitgedruk. Daar was ook sinvolle samehang in die beeldgebruik, byvoorbeeld kultuurkloof en kultuurberg (58:58-62; 59:82-85).

Die enigste moontlike punt van kritiek is die gebruik van die "terugbring" (69:3) in plaas van ons gaan elke argument nou weer *herhaal/herroep* en vasstel of dit nog geldig is.

### 3.4.1.2. Lewering

Die lewering van beide die konstruktiewe en repliektoespraak was uitstekend. Sy het 'n helder en goedgeplaasde stem wat sy betekenisvol gewissel het, die artikulasie was duidelik en die inhoud is met korrekte frasering, betekenisvolle beklemtoning en genoegsame oogkontak oorgedra. Die empatie waarmee sy haar betoog gelewer het was oortuigend.

Evaluering: Taal en lewering: uitstekend (9).

### 3.4.2. Eerste teenstander

### 3.4.2.1. Taal

Die taalgebruik van die eerste teenstander was goed. Sy beskik oor 'n goeie woordeskat, asook die vermoë om haar helder en duidelik uit te druk. Sy het egter in gebreke gebly om "akkulturasie" (60:11) duidelik te omskryf.

Die taalgebruik in die volgende voorbeelde kan gekritiseer word: "...en sommer terselfdertyd reageer *op van ons* opponente se argumente"(60:8-9) in plaas van reageer op *sekere argumente van ons opponente*; "...deur te verwys *na media* en die skeppende kunste " (60:15) in plaas van na *die* media en die skeppende kunste; "Jan sal later *wys* (60:43) in plaas van Jan sal later *toon* of Jan sal u later *daarop wys*; "In die tweede plek is *materialisme* nie meer die middel tot die doel nie, maar die doel self" (61:56-57) in plaas van in die tweede plek is *ekonomiese vooruitgang* nie meer 'n middel tot 'n doel nie, maar die doel self - materialisme kan nie hier 'n middel tot 'n doel wees nie!; "...dat die Afrikaner nie *net nie* sy ekonomiese vooruitgang terugploeg ...nie" (61:70-71) in plaas van dat die Afrikaner nie *slegs nalaat* om sy ekonomiese vooruitgang *terug te ploeg*...nie; "...as jy *wil gaan kyk* na die stand van 'n kultuur" (61:75-76) in plaas van as jy die stand van 'n kultuur *wil bepaal*; "sy kultuur *uitbou aan* ander bevolkingsgroepe nie" (68:14) in plaas van sy kultuur *na* ander bevolkingsgroepe uitbou nie; "Ek en Jan verstaan *ook* nie net onder eiesoortige kultuur, taal en tradisies nie, nee, ons verstaan die geskiedenis... en tradisies *ook*" (68:24-27) in plaas van nee, ons verstaan *ook* die geskiedenis... en tradisies; "ons opponente beweer dat moderniseringsproses..." (68:42) in plaas van *die* moderniseringsproses.

#### 3.4.2.2. Lewering

Die eerste teenstander se lewering was feitlik van dieselfde gehalte as dié van die eerste voorstander. Haar vermoë om nie-verbaal die kernbetekenis van die inhoud te kommunikeer, was uitstekend. Sy was gespanne tydens die konstruktiewe toespraak en het aanvanklik oor enkele woorde gestruikel. Die enigste ander kritiek wat teen haar ingebring kan word, is die plat en ongeronde uitspraak van klub (61:60), televisie (61:68) en huisgesin (61:74).

Evaluering: Taal: goed (7). Lewering: baie goed (8).

### 3.4.3. Tweede voorstander

#### 3.4.3.1. Taal

Sy taalgebruik was goed, maar tog nie van dieselfde gehalte as sy lewering nie. Die uitdrukking "ons skop af" (63:30), en die parallelle bewoording in (63:45-48), wat in gesproke styl baie effektief is, verdien vermelding.

Die volgende formulerings kan moontlik verbeter word: "kultuuruitbouing lê *in* die vertikale vlak" (62:20 en 24) in plaas van *op* die vertikale vlak; "Die Afrikaner het gevolglik *in* die begin van die eeu" (73:12-13) in plaas van *aan* die begin van die eeu; "u sal vind dat daar weereens hoofsaaklik op die sakewêreld gekonsentreer *word*" (73:23-24) in plaas van op die sakewêreld gekonsentreer *is*.

#### 3.4.3.2. Lewering

Die tweede voorstander se lewering was net soos sy spanmaat s'n uitstekend. Hy het 'n helder stem wat hy baie goed gebruik het om die betekenis van sy betoog oor te dra. Veral sy vermoë om belangrike woorde en sinne deur middel van intensiteit en pousering te beklemtoon, was baie goed. Hy het sy betoog met natuurlike oortuiging en uitstekende oogkontak gekommunikeer.

Evaluering: Taal: baie goed (8). Lewering: uitstekend (9).

### 3.4.4. Tweede teenstander

#### 3.4.4.1. Taal

Sy taalgebruik was bevredigend. Hy het hom oor die algemeen maklik verstaanbaar en konkreet uitgedruk. Die beeld van prof. P.G. Nel is ook sinvol verder uitgebou (65:1-9). Die volgende kritiek kan egter uitgespreek word:

Woordkeuse en woordorde

"...*lyk my*" (65:8) in plaas van *dit lyk my*; "en ek sal verder *bewyse lewer daarvan*" (65:35-36) in plaas van verder bewyse *daarvan lewer*; "'n Afrikaner (kan) nie 'n *loopbaan uit* sang alleen maak nie" (66:48) in plaas van 'n *loopbaan van* of 'n *bestaan uit* sang alleen...; "stroom-op *gesplit* het" (71:5) in plaas van stroom-op *verdeel/gesplits* het; "...ons nog steeds *met* ons opponente verskil" (71:11) in plaas van nog steeds *van* ons opponente verskil; "hulle gaan steeds voort *op* hulle eie hoofpunte" (71:18) in plaas van voort *met* hulle eie hoofpunte; "Ons opponente *toon* fantastiese groei van Afrikaans in die sakewêreld" (72:25-27) in plaas van ons opponente *het die* merkwaardige groei van Afrikaans in die sakewêreld *aangetoon*; "en kultuur en beskawing *vermeng* het" (72:46) in plaas van kultuur en beskawing *verwar* of aan mekaar gelyk gestel het.

Algemene formulering

"Die situasie op letterkundige gebied beleef dieselfde tendens" (66:56-57) in plaas van die situasie op letterkundige gebied is dieselfde of op letterkundige gebied word dieselfde tendens geopenbaar.

Die sogenaamde hoofpunte van die teenstanders moes in die vorm van 'n argument gestel gewees het (72:45-51), byvoorbeeld die Afrikaner se materialistiese instelling, wat die aartsvyand van eiesoortige kultuur is; en die Afrikanerhuisgesin se lae besteding aan die bevordering van sy eie kultuur; asook die stagnasie van die Afrikanerkultuur op die terrein van die media en die skeppende kunste, bewys dat die Afrikaner nie sy ekonomie benut ter uitbouing van sy kultuur nie.

#### 3.4.4.2. Lewering

Die tweede teenstander se lewering was goed. Die lewering is in 'n mate benadeel deur kort pouses wat in die middel van sinne voorgekom het. Dit was by hom die gevolg van vlak inaseming; hy was genoodsaak om vanweë die min asemkapasiteit kort-kort asem te haal. Die artikulasie was ook nie altyd duidelik genoeg nie. Ten spyte hiervan was sy kommunikasie met die gehoor baie goed en het hy duidelike oorgange tussen die verskillende argumente gemaak.

Evaluering: Taal: bo gemiddeld (6). Lewering: goed (7).

### 3.5. DIE AFRIKANER SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE (86 E 1)

#### 3.5.1. Eerste voorstander

##### 3.5.1.1. Taal

Die eerste voorstander se taalaanbod was konkreet, maklik verstaanbaar en meestal suiwer en korrek. Die volgende twee formulerings verdien vermelding: "sal hy nou (toelaat) dat onvoldoende opvoeding die munt uit die hand van sy nageslag ruk?" (80:80-81); en die parallelle bewoording aan die begin van die repliektoespraak, wat in gesproke styl baie effektief is (89:4-7). Sy moes egter ook die ander twee voorbeelde hiervolgens geformuleer het, naamlik *dink aan* RAU wat verlede jaar...; *dink aan* Bart Vogel van Johannesburg. Dit sou aan die vier voorbeelde besondere klem verleen het. Die volgende kritiek kan ook uitgespreek word:

Woordkeuse

"...kennis *oor* die arbeidsmark" (78:9) in plaas van kennis *van* die arbeidsmark; "my spanmaat het u reeds *be*antwoord" (89:18) in plaas van reeds *ge*antwoord; "...negatiewe siening *oor* die sekondêre skool" (90:25-26) in plaas van negatiewe siening *van* die skool.

Algemene formulering

"...en *die aard van die 1000* rekenings is 'n gemiddelde bedrag van R250" (79:39-40) in plaas van die gemiddelde bedrag van 1000 rekenings beloop R250. Lomp formulering kom voor waar sy die hoofpunte van die repliek-

toespraak in vooruitsig stel (89:13-17), waar sy aandui waarop die voorstanders gaan reageer (90:22-26), en waar sy na Karel Poskabouter verwys (90:35-44). Wat die voorstanders se reaksie betref, is dit byvoorbeeld nie heeltemal korrek om te stel dat hulle gaan *antwoord* op "wanbegrip en weerstand teen die ekonomie", of op "die negatiewe siening oor die sekondêre skool en die media" nie (90:22-26). Sy kon dit moontlik soos volg gestel het: My spanmaat het reeds gereageer op die stelling dat daar 'n wanbegrip van en weerstand teen die ekonomie bestaan. Sy sal onder andere ook reageer op die kwessie of die ekonomiese opvoeding tans voldoende is. Ek sal teenargumente stel ten aansien van die opponente se negatiewe siening van die sekondêre skool en die media.

**3.5.1.2. Lewering**

Die eerste voorstander se lewering was goed. Haar artikulasie was duidelik en haar stem helder en aangenaam om na te luister. Die inhoud is met begrip, voldoende oogkontak, die nodige empatie en betekenisvolle beklemtoning oorgedra. Die geheel was egter ietwat stadig en effens voorgedra instede van gepraat. Dié neiging is veroorsaak deur 'n te doelbewuste pousering en 'n onnatuurlike infleksie wat op slotwoorde van sommige sinne voorgekom het. Die lewering van die replicktoespraak was natuurliker omdat dit deels impromptu geskied het.

Evaluering: Taal: baie goed (8). Lewering: goed (7).

**3.5.2. Eerste teenstander**

**3.5.2.1. Taal**

Sy taalgebruik was bevredigend. Hy het 'n goeie woordeskat en het hom verstaanbaar uitgedruk. Tog was daar dikwels 'n lompheid in die woordorde en op enkele plekke 'n omslagtigheid in die formulering.

Woordkeuse en woordorde

"Ek gaan aansluit by die eerste spreker en met u *behandel* die informele opvoeding" (80:17-18) in plaas van die informele opvoeding *met u behandel*; "Dan sal my spanmaat oorneem en derdens met u *bespreek* die huislike en kulturele opvoeding" (80:21-23) in plaas van die huislike en kulturele opvoeding

*met u bespreek*; "...met betrekking tot ekonomie" (81:28-29; vgl. ook 81:34; 88:32; 89:65) in plaas van met betrekking tot *die* ekonomie; "ons het ook *oorweeg dat* die media 'n groot invloed kan hê" (82:69-70) in plaas van ons het *dit ook oorweeg of* die media 'n groot invloed het, of ons het ook *gedink die media het 'n groot invloed*; "...97% van proefpersone" (82:79-80) in plaas van 97% van *die* proefpersone; "Ons en ons opponente het mekaar baie goed verstaan *tot dusver*" (87:2-3) in plaas van mekaar *tot dusver* baie goed verstaan; "*Dan* het ons oorgegaan" (87:9) in plaas van *toe* het ons oorgegaan; "ons gaan *vir u ons* repliek *doen*" (88:16) in plaas van ons gaan repliek *lewer*; "dan sal hy weer *kyk* na die formele opvoeding" (88:24) in plaas van dan sal hy weer (aan) die formele opvoeding *aandag gee/bespreek* ; "...ons ouers *weet van* inflasie " (88:26-27) in plaas van ons ouers *weet wat inflasie is* of hulle dra *kennis van inflasie*; "in ons opname *is* daar iemand wat baie mooi *aangesluit het daarby*" (88:28-29) in plaas van in ons opname *was* daar iemand wat goed *daarby aangesluit* het; "dan is 'n lemmetjie *as sulks iets baie goeds*" (88:43-44) in plaas van dan is 'n lemmetjie *as sodanig baie nuttig* of 'n *goeie ding* [as sulks word allerweë as 'n Anglisisme beskou - vgl. HAT (1984:1112)]; "dit is presies wat *gebeur in ons land* met die kitsbanke" (88:48-49) in plaas van presies wat in ons land met kitsbanke *gebeur*; "ter afsluiting gaan ek net vinnig met u *bespreek*, die opname" (89:58-59) in plaas van met u die *opname bespreek*. Die uitdrukking **met u/vir u** word deurgaans te veel gebruik. Dit kom sestien keer voor!

Algemene formulering

Die omslagtige formulering in 80:17-26 kon veel korter gestel gewees het: Ons gaan wat ons hoofpunte betref direk by ons opponente aansluit. Ek gaan die volgende hoofpunte behandel:
Eerstens: informele opvoeding waaronder die huislike en kulturele opvoeding ter sprake sal kom. Tweedens: die media. Dan sal my spanmaat oorneem en die laaste twee hoofpunte bespreek, naamlik derdens: formele opvoeding, en vierdens: die ekonomiese eise van die toekoms.

Op soortgelyke wyse kon hy die inleiding van die repliektoespraak duideliker en korter gestel het (87:1-5). Ook 88:51-52 is lomp geformuleer. Dit kan soos volg lui: Onder die punt media het hulle na 'n artikel in die *Huisgenoot* verwys.

### 3.5.2.2. Lewering

Ten spyte van die twee keer wat hy sy plek verloor het tydens die opnoem van die sewe maatstawwe, was sy lewering baie goed. Hy het twee maal om verskoning gevra, wat die aandag onnodig daarop gevestig het. Tensy 'n pouse baie lank is, behoort 'n debatteerder nadat hy weer sy plek gekry het, net normaalweg voort te gaan. Die lewering was verder baie kommunikatief en natuurlik, met betekenisvolle pousering, beklemtoning en stemwisseling. Die inhoud is ook met genoegsame oortuiging gelewer.

Evaluering: Taal: gemiddeld (5). Lewering: baie goed (8).

### 3.5.3. Tweede voorstander

### 3.5.3.1. Taal

Haar taalgebruik was goed. Die sinne was redelik kort en grammatikaal bevredigend. Die woordkeuses was eenvoudig en maklik verstaanbaar.

In die volgende voorbeelde is die taalgebruik nie heeltemal korrek nie:

"Navrae *gedoen by van die Wes-Transvaalse Afrikaanse* skole" (84:41-42) in plaas van navrae *wat gedoen* is by *enkele/sommige Afrikaanse skole in Wes-Transvaal*; "...met sanksies en boikotte op die horison, opponente, *is dit noodsaaklik dat* ons land ook wetenskaplikes en tegnici *nodig het*" (84:44-46) in plaas van *het ons* land ook wetenskaplikes en tegnici nodig, of is dit noodsaaklik dat ons land ook wetenskaplikes en tegnici *oplei*; "u hoofpunte was: die huislike en kulturele *gebied*, waarvan ons reeds die media en die opvoedkundige inrigtings *geantwoord het*" (92:5-8) in plaas van huislike en kulturele *gebiede*, waarvan ons reeds op die argumente ten opsigte van die media en die opvoedkundige inrigtings *gereageer het*; "Prof. Ockert Jordaan van die departement Bedryfsekonomie *van* die Universiteit van Potchefstroom" (92:11-12) in plaas van *aan* die PU vir CHO; "weerspieël die wisselwerking tussen die nywerheid, die *finansiewese* en die regering" (93:43-44) in plaas van die nywerheid, *finansiële instellings* en die regering; " die verowering *van ekonomiese gebied deur hom* is nog nie voltooi nie" (93:53-54) in plaas van *die Afrikaner se verowering van die ekonomiese gebied* is nog nie voltooi nie.

Die voorstander kon ook ter wille van groter duidelikheid presies omskryf het

wat onder "beslote koöperasies" en "beperkte aanspreeklikheid" verstaan word (83:9-13).

### 3.5.3.2. Lewering

Haar stem was baie helder, die artikulasie duidelik en die oogkontak uiters geslaagd. Oor die algemeen was die lewering in 'n mate onnatuurlik omdat die tempo ietwat stadig was, ongemotiveerde pouses soms in die middel van sinne voorgekom het en die inhoud op plekke "vertolk" is, instede daarvan om gewoonweg met die gehoor te praat. Sonder hierdie neiging kon die lewering baie goed gewees het.

Evaluering: Taal: goed (7). Lewering: bo gemiddeld (6).

### 3.5.4. Tweede teenstander

### 3.5.4.1. Taal

Sy taalgebruik was gemiddeld tot goed. Hy het hom duidelik in redelike kort en goed gekonstrueerde sinne uitgedruk. In die repliektoespraak was die taalgebruik egter swakker, waarskynlik omdat sekere gedeeltes uit die vuis gelewer moes word (vgl. die lomp formulering in 91:29-34 en 92:45-54).

Indien verskillende hoofpunte genommer word, moet daarmee volgehou word. Die tweede "toekomseis"(86:66-75) moes byvoorbeeld so gestel gewees het: *tweedens* kan die politiek ook 'n doring in die vlees wees.

In die volgende voorbeelde kan daar op die formulering verbeter word:

"Die arbeidsmag van Suid-Afrika *vanaf die jaar* 1990 *na die jaar 2000* met 406 000 mense sal toeneem" (86:74-75) in plaas van *tussen 1990 en die jaar 2000* met 406 000 mense sal toeneem; "As ons ekonomiese opvoeding *in 'n lyn* van speel-speel *gaan vat*" (91:10-11) in plaas van as ons ekonomiese opvoeding *as speletjies gaan beskou/opneem*; in 91:15-17 bly die teenstander in gebreke om die presiese verskil tussen finansies en ekonomie aan te dui; "Gee vir 'n baba 'n lemmetjie, *gaan hy definitief homself* een of ander tyd daarmee skaad" (91:20-22) in plaas van *en hy gaan hom beslis een* of ander tyd daarmee skaad; "Wil u vir my sê dat daardie sakgeld *word* op verantwoordelike ...wyse *aangewend*? " (91:25-27) in plaas van: Wil u vir my sê dat daardie sakgeld op

verantwoordelike wyse *aangewend word*? of, Wil u vir my sê daardie sakgeld *word* op verantwoordelike wyse aangewend?; "wil u vir my sê as jy 'n *R50 per maand* kan laat klop..." (91:30-31) in plaas van as jy 'n *begroting van R50 per maand* kan laat klop; "dat Engelse leerlinge in oorgrote *meerderheid* deelneem" (91:37-38) in plaas van in *oorgrote meerderhede* of in *'n* oorgrote meerderheid; "u kan dus sien *dat* die belangstelling *is nie daar*...nie (91:40-41) in plaas van u kan dus sien dat *daar nie belangstelling... is nie.*

**3.5.4.2. Lewering**

Die tweede teenstander se lewering was uitstekend. Dit was hoorbaar, maklik verstaanbaar en met die nodige oortuiging en inlewing gelewer. Die kommunikasie met die gehoor was voldoende en niks het die aandag van die inhoud afgetrek nie.

Evaluering: Taal: goed (7). Lewering: uitstekend (9).

**3.6. SAMEVATTENDE EVALUERING**

In vergelyking met die vorige vaardighede is die debatteerders se vaardigheid met betrekking tot die aanbieding die bevredigendste. Dit is moontlik die geval vanweë die groot klem wat deur afrigters en beoordelaars daarop gelê word, maar ook omdat dit van al die vaardighede myns insiens die maklikste is om baas te raak.

Ten opsigte van taalbeheersing kan die volgende samevattende opmerkings gemaak word:

Die debatteerders beskik wel oor 'n bevredigende woordeskat. In enkele gevalle word baie abstrakte en moeilike woorde of terme gebruik, sonder om aan die gehoor te verduidelik wat die debatteerder presies daaronder verstaan. Beoordelaars moet debatteerders daarop wys dat indien daar 'n keuse tussen twee woorde gemaak moet word, die eenvoudiger een gekies moet word. Te veel byvoeglike naamwoorde of adjektiewe moet ook vermy word. Hoewel dit nie in die gekose vyf debatte na vore gekom het nie, spreek die debatteerders oor die algemeen te veel kere die voorsitter, die beoordelaars, die gehoor en die opponente aan. Die beoordelaars hoef ook nie uitgesonder te word nie, aangesien hulle deel van die gehoor uitmaak. Die foutiewe gebruik van voorsetsels was ook opvallend. Hieraan moet debatteer-

ders baie aandag gee.

Ten aansien van sintaksis is debatteerders geneig om te lang sinne te vorm. Dit maak die taalbeheersing onnodig moeilik, sodat hulle makliker in 'n slaggat trap. Hulle behoort ook sensitiewer te wees ten aansien van die woordorde. Hoewel dit nie 'n vaste reël is nie, is dit meestal beter as die werkwoord aan die einde van sinne geplaas word. Indien 'n debatteerder sy hoofargumente in vooruitsig stel, moet dit puntsgewys en sonder 'n omhaal van woorde geskied. Die gehoor moet hierna presies weet hoeveel argumente gevoer gaan word, asook wat elkeen is.

Die algemene formulering is nie altyd helder en duidelik nie. Gedagtes moet so konkreet as moontlik gestel word. Dit is hier waar swak analise, ongeldige redenering en veral 'n gebrek aan bewyse ten aansien van die duidelike formulering van gedagtes sy tol eis. Beoordelaars behoort debatteerders daarop te wys dat hulle taalaanbod so eenvoudig en so korrek en die sinne so kort as moontlik behoort te wees.

Die standaard van die lewering was hoër as dié van die taalgebruik. Ten opsigte van die stem en spraak was daar baie min afwykings of foute. Die debatteerders kon wel poog om 'n groter mate van wisseling in die tempo, toonhoogte, volume en intensiteit te verkry.

Beoordelaars moet veral op die natuurlikheid van die lewering klem lê. Daar is soms nog 'n neiging om die toesprake op te sê of te vertolk, instede van 'n spontane gesels met die gehoor. Dit is dikwels die gevolg van 'n toespraak wat volledig gememoriseer is of wat volledig op die kaartjies uitgeskryf is. Soms word debatteerders se lewering vooraf gedresseer en dan word natuurlikheid ingeboet. Daar moet ook gewaarsku word teen 'n te sterk aanvallende aanslag, asof die debatteerder deur middel van sy intense lewering die gehoor van sy standpunt moet oortuig.

Wat die visuele aspekte betref was die debatteerders se uiterlike voorkoms baie netjies en keurig. Ook hulle liggaamshouding was meestal netjies en onopvallend, terwyl gebare tot 'n minimum beperk is.

Die beoordelaars behoort hulle dit ten doel te stel om die debatteerders te inspireer om hulle reeds goeie aanbieding tot uitstekend te verbeter. Volgens eie waarneming lê dit binne die vermoë van die meeste debatteerders.

# HOOFSTUK 9

# SINTESE

Nadat die gekose debatte volgens die geïdentifiseerde kriteria ten aansien van die ses vaardighede geëvalueer is, word ten slotte 'n samevattende evaluering van elke debat, asook van die algemene standaard van die verskillende vaardighede gegee. Hierna word aanbevelings wat in die studie uitgekristalliseer het opsommend bespreek. Op enkele uitsonderings na word in hierdie hoofstuk geen nuwe stof hanteer nie.

Die samevattende evaluering van elke debat dien tegelyk ook as 'n moontlike voorbeeld van skriftelike kommentaar wat 'n beoordelaar aan die einde van 'n debat tot die afrigter en debatteerders se beskikking kan stel. Dit is nie gedetailleerd nie omdat elke aspek in die vorige ses hoofstukke volledig bespreek is, en die beperkte tyd tydens die beoordeling die beoordelaar dwing om slegs die belangrikste positiewe en negatiewe punte neer te skryf. Die voltooide beoordelingsvorms wat in hoofstuk 2 voorgestel is, word hiermee saam weergegee.

## 1. SAMEVATTENDE EVALUERING

### 1.1. Debatte

#### 1.1.1. DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE (86 U 1)

Die lae standaard van hierdie debat kan in 'n groot mate aan die swak analise toegeskryf word. Albei spanne het wel die proposisie korrek as 'n feiteproposisie geïnterpreteer, maar die werklike geskilpunte is nie geïdentifiseer nie. Die kernbegrippe is nie duidelik en presies genoeg afgebaken en in die toesprake in berekening gebring nie, die standaardgeskilpunte is nie toegepas nie en geen kriteria waarvolgens bepaal kon word of die beroepsvrou haar plek in die opvoedingsgebeure vol staan, is gestel nie. Die gevolg hiervan is dat meestal irrelevante argumente aangevoer is en weerspreking plaasgevind het (vgl. die vaagheid met betrekking tot opvoedingsgebeure en beroep).

Albei spanne het 'n onvermoë ten opsigte van die volgende getoon: Om be-

Eerste keuse　　　　　　　　　　　　Vorm 1

## DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGS= GEBEURE

| | EERSTE VOORSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 3 | 10 | 2 |
| Bewyse | 1½ | 10 | 2½ |
| Redenering | 1 | 10 | 1½ |
| Aanval en verdediging | 1 | 10 | 2½ |
| Organisasie en spanwerk | 2 | 10 | 1½ |
| Lewering en taalgebruik | 5 | 10 | 3½ |
| Eerste totaal | 13½ | | 13½ |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 14 | 60 |
| Tweede voorstander | 14 | 60 |
| Spantotaal | 28 | 120 |

| | *EERSTE TEENSTANDER* | *PUNTE* | *TWEEDE TEENSTANDER* |
|---|---|---|---|
| Analise | 2½ | 10 | 3 |
| Bewyse | 2 | 10 | 2 |
| Redenering | 2 | 10 | 2 |
| Aanval en verdediging | 1 | 10 | 1½ |
| Organisasie en spanwerk | 3½ | 10 | 2 |
| Lewering en taalgebruik | 7½ | 10 | 4½ |
| Eerste totaal | 18½ | | 15 |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 19 | 60 |
| Tweede teenstander | 15 | 60 |
| Spantotaal | 34 | 120 |

1 - } baie swak
2 - }
3 - swak
4 - onder gemiddeld
5 - gemiddeld
6 - bo gemiddeld
7 - goed
8 - baie goed
9 - uitstekend
10 - onverbeterlik

Tweede keuse Vorm 2

## DIE AFRIKANERBEROEPSVROU STAAN HAAR PLEK VOL IN DIE OPVOEDINGSGEBEURE

| | EERSTE VOORSTANDER | | | TWEEDE VOORSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK | PUNTE | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK |
| Analise | 4/10 | 1 | 5 | 1 | 2 |
| Bewyse | 2 | 1 | 10 | 2 | 3 |
| Redenering | 1 | 1 | 10 | 2 | 1 |
| Aanval en verdediging | 1/5 | 1 | 10 | 1 | 4 |
| Organisasie | 2 | 1 | 5 | 1 | 1 |
| Taalgebruik | 2 | 3 | 5 | 2 | 1 |
| Lewering | 3 | 2 | 5 | 2 | 2 |
| Eerste totaal | 15 | 10 | | 11 | 14 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 25 | 100 |
| Tweede voorstander | 25 | 100 |
| Spanpoging | 1 | 10 |
| Spantotaal | 51 | 210 |

| | EERSTE TEENSTANDER | | | TWEEDE TEENSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Analise | 2 | 1 | 5 | 2 | 2 |
| Bewyse | 3 | 1 | 10 | 3 | 1 |
| Redenering | 3 | 1 | 10 | 2 | 2 |
| Aanval en verdediging | 1 | 1 | 10 | 0 | 3 |
| Organisasie | 2 | 2 | 5 | 1 | 1 |
| Taalgebruik | 3½ | 3½ | 5 | 2 | 2 |
| Lewering | 4 | 4 | 5 | 3 | 2 |
| Eerste totaal | 18½ | 13½ | | 13 | 13 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 32 | 100 |
| Tweede teenstander | 26 | 100 |
| Spanpoging | 3 | 10 |
| Spantotaal | 61 | 210 |

1 - swak
2 - onder gemiddeld
3 - gemiddeld
4 - goed
5 - uitstekend

wyse sinvol in die betoog te gebruik, om logies en konsekwent te redeneer en om suksesvol aan te val en te verdedig. Albei spanne het wel 'n goeie poging aangewend om aan te val, maar dit is nie voldoende met sterk bewyse en grondige redenering ondersteun nie. Ook die organisasie van die toesprake was onbevredigend. Die voorstanders het byvoorbeeld die fout gemaak om nie al die kernbegrippe in elke hoofargument in berekening te bring nie. Hulle spanwerk was ook uiters onbevredigend. Dit geld ook ten opsigte van die teenstanders; hulle het verskillende hoofpunte gehad en tog toon die inhoud sterk oorvleueling. Van al die vaardighede was die aanbieding die bevredigendste van albei spanne.

'n Groot fout wat albei spanne gemaak het is dat hulle nie genoegsaam aangedui het hoe hulle onderskeie argumente die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie bewys nie.

### 1.1.2. DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING (85 H 1)

Ook in hierdie debat kan die kernfout na 'n swak analise herlei word. Die voorstanders het hulle verantwoordelikheid ontduik om met feite te bewys dat demokrasie wel die kernoorsaak van welvaart en vooruitgang is. Hulle het van slim truuks gebruik gemaak soos die hoogs "filosofiese" betoog rondom die "gesonde" beginsels van demokrasie; die bedenklike en ongekwalifiseerde koppeling van demokrasie aan die Calvinisme, en die ongeregverdigde eise wat aan die teenstanders gestel is, terwyl hulle vooraf geweet het dat die teenstanders nie daaraan kan voldoen nie. Die voorstanders het ook geen feitelike bewys aangevoer dat demokrasie wel die kern van welvaart en vooruitgang is nie. Die voorstanders se hele betoog is 'n voorbeeld van debatteerders wat materiaal wat hulle nie hul eie gemaak het nie redelik onverwerk en soms foutief uit 'n bron oorgeneem het. In hierdie geval is uitsluitlik op L.J. du Plessis se werk, *Die moderne staat* (1941), gesteun. As enkele bron is dit buitendien nie resent genoeg nie.

Hulle toesprake was as't ware oorgeorganiseerd; te veel tyd is aan organisasie bestee ten koste van die kwantiteit en kwaliteit van die inhoud. Die sterk oorvleueling van die inhoud toon dat spanwerk nie werklik gerealiseer het nie, ten spyte van die herhaalde verwysings na mekaar. Hulle taalgebruik bied ook 'n voorbeeld van hoe gesproke debatstaal nie behoort te wees nie. Die eerste indruk mag goed wees, omdat hulle so "geleerd" voorkom. 'n Beoordelaar

Eerste keuse | Vorm 1

## DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING

| | EERSTE VOORSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 2 | 10 | 1 |
| Bewyse | 1 | 10 | 0 |
| Redenering | 1½ | 10 | 1 |
| Aanval en verdediging | 4 | 10 | 2½ |
| Organisasie en spanwerk | 5½ | 10 | 4½ |
| Lewering en taalgebruik | 3½ | 10 | 3½ |
| Eerste totaal | 17½ | | 12½ |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 18 | 60 |
| Tweede voorstander | 13 | 60 |
| Spantotaal | 31 | 120 |

| | EERSTE TEENSTANDER | PUNTE | TWEEDE TEENSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 1 | 10 | 1 |
| Bewyse | 1 | 10 | 1 |
| Redenering | 0 | 10 | 0 |
| Aanval en verdediging | 0 | 10 | 2 |
| Organisasie en spanwerk | 2 | 10 | 3½ |
| Lewering en taalgebruik | 3½ | 10 | 3½ |
| Eerste totaal | 7½ | | 11 |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 8 | 60 |
| Tweede teenstander | 11 | 60 |
| Spantotaal | 19 | 120 |

1 - / 2 - baie swak
3 - swak
4 - onder gemiddeld
5 - gemiddeld
6 - bo gemiddeld
7 - goed
8 - baie goed
9 - uitstekend
10 - onverbeterlik

# DEMOKRASIE IS DIE KERN VAN DIE WELVAART EN VOORUITGANG VAN DIE WESTERSE BESKAWING

| | EERSTE VOORSTANDER | | | TWEEDE VOORSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| | KONSTRUK=TIEF | REPLIEK | PUNTE | KONSTRUK=TIEF | REPLIEK |
| Analise | 2/10 | 1 | 5 | 1 | 1 |
| Bewyse | 1 | 0 | 10 | 0 | 0 |
| Redenering | 1 | 2 | 10 | 1 | 1 |
| Aanval en verdediging | 3/5 | 3 | 10 | 3 | 2 |
| Organisasie | 3 | 3 | 5 | 2 | 3 |
| Taalgebruik | 1 | 2 | 5 | 2 | 1 |
| Lewering | 2 | 2 | 5 | 2 | 2 |
| Eerste totaal | 13 | 13 | | 11 | 10 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 26 | 100 |
| Tweede voorstander | 21 | 100 |
| Spanpoging | 6 | 10 |
| Spantotaal | 53 | 210 |

| | EERSTE TEENSTANDER | | | TWEEDE TEENSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Analise | 1 | 1 | 5 | 1 | 1 |
| Bewyse | 1 | 1 | 10 | 0 | 1 |
| Redenering | 0 | 0 | 10 | 0 | 0 |
| Aanval en verdediging | 0 | 0 | 10 | 0 | 4 |
| Organisasie | 1 | 1 | 5 | 1 | 3 |
| Taalgebruik | 2 | 2 | 5 | 1 | 3 |
| Lewering | 2 | 1 | 5 | 2 | 1 |
| Eerste totaal | 7 | 6 | | 6 | 12 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 13 | 100 |
| Tweede teenstander | 18 | 100 |
| Spanpoging | 3 | 10 |
| Spantotaal | 34 | 210 |

1 - swak
2 - onder gemiddeld
3 - gemiddeld
4 - goed
5 - uitstekend

moet hom egter nie hierdeur laat mislei nie. Die lewering was duidelik hoorbaar maar natuurlikheid het ontbreek.

Die teenstanders se foutiewe analise is daarin geleë dat hulle die gehoor en opponente probeer oortuig het dat die huidige demokrasieë nie meer ware/oorspronklike demokrasie is soos dit aanvanklik in Griekeland beoefen is nie. (Dit mag waar wees, maar dit was nie die kerngeskilpunt in hierdie debat nie.) Die proposisie is dus foutiewelik geïnterpreteer as 'n waardeoordeel oor demokrasie. As gevolg hiervan was feitlik al die argumente met hulle bewyse irrelevant. Die organisasie van die span se betoog het nie bygedra om die begrip duideliker oor te dra nie. Die spanwerk was wel bevredigend. Die lewering sou gebaat het indien dit met sterker belewing gekommunikeer is.

In hierdie debat was daar nie sprake van werklike debattering nie, aangesien elkeen 'n geveg binne sy eie kryt gevoer het.

### 1.1.3. SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WÊRELDMENING (86 H 1).

Debattering het hier beter tot sy reg gekom, hoewel nog nie na wense nie. Die spanne was van ongelyke gehalte en veral die voorstanders het ten aansien van aanval en verdediging in gebreke gebly. Die voorstanders het die fout gemaak om te aanvaar dat Suid-Afrika se reaksies oormatig is; juis dit wat hulle moes bewys het, en die nadele van sodanige reaksies gedebatteer. 'n Proposisie van interpretasie is dus verkeerdelik as 'n proposisie van waardeoordeel geïnterpreteer. Voorts het hulle ook nie bo redelike twyfel daarin geslaag om te bewys dat die oorsaak van die sogenaamde nadele direk na die buitelandse mening terugherlei kan word nie. Die moontlike oorsake van verskillende reaksies is oorvereenvoudig en die rol wat binnelandse menings en drukgroepe speel is buite rekening gelaat. Die voorstanders het ook te veel op hipotetiese illustrasies of figuurlike analogieë gesteun. Dit kan wel 'n emosionele appèl op 'n gehoor maak, maar dit het te min rasionele oortuigingskrag. Die aanbieding, asook die spanwerk, was goed. Die tweede voorstander kon wel minder dramaties in sy lewering gewees het.

Die teenstanders het oor die algemeen getoon dat hulle debatsvaardighede na aan die ideaal gekom het. Die analise was korrek, veral die stel van 'n kriterium waarvolgens 'n oormatige reaksie bepaal kan word. Hulle het ook getoon dat hulle bevredigend kan redeneer en in staat is om met welslae te

Eerste keuse                                        Vorm 1

## SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WERÊLDMENING

| | EERSTE VOORSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 3½ | 10 | 4 |
| Bewyse | 3½ | 10 | 4 |
| Redenering | 3 | 10 | 2½ |
| Aanval en verdediging | 0 | 10 | 0 |
| Organisasie en spanwerk | 5½ | 10 | 5½ |
| Lewering en taalgebruik | 7 | 10 | 6½ |
| Eerste totaal | 22½ | | 22½ |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 23 | 60 |
| Tweede voorstander | 23 | 60 |
| Spantotaal | 46 | 120 |

| | EERSTE TEENSTANDER | PUNTE | TWEEDE TEENSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 8 | 10 | 8 |
| Bewyse | 6½ | 10 | 4½ |
| Redenering | 6½ | 10 | 5½ |
| Aanval en verdediging | 3½ | 10 | 4½ |
| Organisasie en spanwerk | 7½ | 10 | 8 |
| Lewering en taalgebruik | 8 | 10 | 7½ |
| Eerste totaal | 40 | | 38 |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 40 | 60 |
| Tweede teenstander | 38 | 60 |
| Spantotaal | 78 | 120 |

1 - } baie swak
2 - }
3 - swak
4 - onder gemiddeld
5 - gemiddeld
6 - bo gemiddeld
7 - goed
8 - baie goed
9 - uitstekend
10 - onverbeterlik

Tweede keuse | Vorm 2

## SUID-AFRIKA REAGEER OORMATIG OP DIE WERÊLDMENING

| | EERSTE VOORSTANDER | | | TWEEDE VOORSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK | PUNTE | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK |
| Analise | 4/10 | 2 | 5 | 2 | 3 |
| Bewyse | 3 | 4 | 10 | 4 | 4 |
| Redenering | 3 | 3 | 10 | 2 | 3 |
| Aanval en verdediging | 0/5 | 0 | 10 | 0 | 0 |
| Organisasie | 4 | 2 | 5 | 3 | 3 |
| Taalgebruik | 3 | 4 | 5 | 4 | 3 |
| Lewering | 3 | 4 | 5 | 3 | 3 |
| Eerste totaal | 20 | 19 | 50 | 18 | 19 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 39 | 100 |
| Tweede voorstander | 37 | 100 |
| Spanpoging | 6 | 10 |
| Spantotaal | 82 | 210 |

| | EERSTE TEENSTANDER | | | TWEEDE TEENSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Analise | 5 | 4 | 5 | 4 | 4 |
| Bewyse | 8 | 5 | 10 | 6 | 3 |
| Redenering | 8 | 5 | 10 | 7 | 4 |
| Aanval en verdediging | 3 | 4 | 10 | 3 | 6 |
| Organisasie | 5 | 3 | 5 | 4 | 4 |
| Taalgebruik | 4 | 4 | 5 | 4 | 3 |
| Lewering | 4 | 4 | 5 | 4 | 4 |
| Eerste totaal | 37 | 29 | 50 | 32 | 28 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 66 | 100 |
| Tweede teenstander | 60 | 100 |
| Spanpoging | 9 | 10 |
| Spantotaal | 135 | 210 |

1 - swak
2 - onder gemiddeld
3 - gemiddeld
4 - goed
5 - uitstekend

kan aanval en verdedig. Die bewyse was kwalitatief en kwantitatief bevredigend in die konstruktiewe toesprake. Dit was egter nie die geval in die repliektoepsrake nie. Hier moes hulle nuwe bewyse aangevoer het en nie net op die konstruktiewe toesprake se bewyse gesteun het nie. Die natuurlike lewering was 'n voorbeeld van 'n geslaagde debatstyl. Ook die spanwerk was funksioneel en genoegsaam.

### 1.1.4. EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR (85 E 1)

Hierdie twee spanne se debatsvaardighede was van ongelyke gehalte. Die voorstanders se foutiewe interpretasie van **sy kultuur** was hoofsaaklik verantwoordelik vir hulle ontsporing. Die ongekwalifiseerde gelykstelling van kultuur aan beskawing het tot irrelevante argumente en selfs drogredenasies aanleiding gegee. Die voorstanders het ook nie daarin geslaag om met die nodige relevante bewyse hulle teen die aanvalle van die teenstanders te verweer nie. Hulle het ook nie werklik die teenstanders se argumente aangeval nie. Sommige aanvalle was gerig op sogenaamde bewerings wat die teenstanders nooit gemaak het nie. Hierteenoor het albei getoon dat hulle die inhoud sistematies kan organiseer en goed as span kan saamwerk. Die voorstanders se taal en lewering was uitstekend.

Die teenstanders se debatsvaardighede was oor die algemeen baie goed. Behalwe dat daar nie 'n duidelike kriterium vir behoorlike benutting van ekonomiese vooruitgang ter uitbouing van die Afrikaner se kultuur gestel is nie, was die analise baie goed. Die teenstanders het veral uitgemunt in die gebruik van nuwe bewyse in die repliektoesprake en die daadwerklike aanval wat in al die toesprake plaasgevind het. Die aanvalle is ook meestal met bewyse gerugsteun. Die teenstanders het hul wel nie verdedig nie, maar die voorstanders het feitlik geen aanval gerig nie. Die spanwerk was baie goed, en so ook hulle aanbieding.

Hierdie span het die naaste aan die ideaal gekom. Hulle het getoon dat hulle krities kan luister en met relevante bewyse en grondige redenering kan argumenteer.

Eerste keuse | Vorm 1

## EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR

| | EERSTE VOORSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 2½ | 10 | 2 |
| Bewyse | 1½ | 10 | 1½ |
| Redenering | 1 | 10 | 1 |
| Aanval en verdediging | 1 | 10 | 1 |
| Organisasie en spanwerk | 5 | 10 | 4 |
| Lewering en taalgebruik | 9 | 10 | 8½ |
| Eerste totaal | 20 | | 18 |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 20 | 60 |
| Tweede voorstander | 18 | 60 |
| Spantotaal | 38 | 120 |

| | EERSTE TEENSTANDER | PUNTE | TWEEDE TEENSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 8½ | 10 | 7½ |
| Bewyse | 7½ | 10 | 7 |
| Redenering | 7 | 10 | 6 |
| Aanval en verdediging | 7½ | 10 | 6 |
| Organisasie en spanwerk | 8 | 10 | 6½ |
| Lewering en taalgebruik | 8 | 10 | 6½ |
| Eerste totaal | 46½ | | 39½ |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 47 | 60 |
| Tweede teenstander | 40 | 60 |
| Spantotaal | 87 | 120 |

1 - } baie swak
2 - }
3 - swak
4 - onder gemiddeld
5 - gemiddeld
6 - bo gemiddeld
7 - goed
8 - baie goed
9 - uitstekend
10 - onverbeterlik

Tweede keuse    Vorm 2

# EKONOMIESE VOORUITGANG WORD NA BEHORE DEUR DIE AFRIKANER BENUT TER UITBOUING VAN SY KULTUUR

| | EERSTE VOORSTANDER | | | TWEEDE VOORSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK | PUNTE | KONSTRUK= TIEF | REPLIEK |
| Analise | 3/10 | 1 | 5 | 1 | 1 |
| Bewyse | 2 | 1 | 10 | 2 | 1 |
| Redenering | 0 | 0 | 10 | 1 | 1 |
| Aanval en verdediging | 2/5 | 0 | 10 | 1 | 1 |
| Organisasie | 3 | 3 | 5 | 2 | 2 |
| Taalgebruik | 4½ | 4½ | 5 | 4 | 4 |
| Lewering | 5 | 4 | 5 | 5 | 4 |
| Eerste totaal | 19½ | 13½ | 50 | 16 | 14 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 33 | 100 |
| Tweede voorstander | 30 | 100 |
| Spanpoging | 7 | 10 |
| Spantotaal | 70 | 210 |

| | EERSTE TEENSTANDER | | | TWEEDE TEENSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Analise | 4 | 5 | 5 | 4 | 4 |
| Bewyse | 7 | 8 | 10 | 7 | 7 |
| Redenering | 6 | 8 | 10 | 7 | 5 |
| Aanval en verdediging | 7 | 8 | 10 | 5 | 7 |
| Organisasie | 4 | 4 | 5 | 4 | 3 |
| Taalgebruik | 4 | 3 | 5 | 3 | 3 |
| Lewering | 4 | 4 | 5 | 4 | 3 |
| Eerste totaal | 36 | 40 | 50 | 34 | 32 |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 76 | 100 |
| Tweede teenstander | 66 | 100 |
| Spanpoging | 8 | 10 |
| Spantotaal | 150 | 210 |

1 - swak
2 - onder gemiddeld
3 - gemiddeld
4 - goed
5 - uitstekend

### 1.1.5. DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE ( 86 E 1)

Hierdie twee spanne se debatsvaardighede was van redelik gelyke gehalte. Die voorstanders se analise was bevredigend, behalwe dat hulle kriteria vir "voldoende opvoeding" te vaag was: goed en goed genoeg (78:6), en later: "hulle moet hulle slegs as volwassenes op finansiële gebied kan handhaaf" (83:23-24). Dié kriteria is nie deurgaans konsekwent toegepas nie. Die voorstanders het ook nie genoegsame bewyse aangevoer om byvoorbeeld die opvoedkundige waarde van die speletjies, kompetisies en radio- en TV-programme te bevestig nie. Hulle kon ten opsigte hiervan sterker op deskundige uitsprake gesteun het. Die voorstanders het nie genoegsaam aangetoon hoe die onderskeie argumente en bewyse die waarheid van die proposisie staaf nie. Hulle aanval en verdediging moes kwalitatief sterker deur bewyse gesteun gewees het. Hulle het goed as span saamgewerk. Hoewel die lewering goed was, kan dit steeds verbeter as albei poog om deurgaans natuurliker te wees.

Indien 'n beoordelaar nie gekonsentreerd na die inhoud luister nie kan die teenstanders se betoog as baie goed geëvalueer word, terwyl dit nie werklik die geval is nie. Hulle het wel kriteria vir voldoende ekonomiese opvoeding gestel, maar dit is nie heeltemal 'n regverdige maatstaf vir alle jeugdiges nie. Hulle het die kriteria ook nie self toegepas nie, terwyl hulle dit van die voorstanders verwag het. Die bevindinge van die vraelys het groot indruk gemaak, maar genoegsame inligting om dit as betroubaar te kon evalueer, het ontbreek. Die bevindinge is gebruik om te staaf dat spesifiek die huislike opvoeding en die media nie die jeug genoegsaam opvoed nie. Dié afleidings kon egter geensins deur die antwoorde op die genoemde vrae gestaaf word nie. Dit wat die teenstander met die bevindinge kon bewys het, het nie gerealiseer nie. Verder het die teenstanders gepoog om by die hoofpunte van die voorstanders aan te pas. Dit was 'n baie positiewe stap, tog het die inhoud van die hoofpunte getoon dat dit nie deurgaans gebeur het nie. In so 'n geval moet debatteerders liewer by hul voorbereide hoofpunte hou en telkens na die opponente se argumente verwys. Die teenstanders se aanval en verdediging was kwantitatief genoegsaam, maar kwalitatief baie swak. Die voorstanders se stellings is oordryf of skeefgetrek en dan aangeval. Die verskillende redes wat ter ondersteuning van die aanvalle aangevoer is, oortuig nie. Weerspreking het plaasgevind en die algemene argumentering is deur inkonsekwente redenering gekenmerk. Indien 'n beoordelaar nie gekonsentreerd luister nie,

Eerste keuse Vorm 1

## DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE

| | EERSTE VOORSTANDER | PUNTE | TWEEDE VOORSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 5½ | 10 | 5½ |
| Bewyse | 5 | 10 | 5 |
| Redenering | 3½ | 10 | 4 |
| Aanval en verdediging | 5 | 10 | 4 |
| Organisasie en spanwerk | 6 | 10 | 5½ |
| Lewering en taalgebruik | 7½ | 10 | 6½ |
| Eerste totaal | 32½ | | 31 |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 33 | 60 |
| Tweede voorstander | 31 | 60 |
| Spantotaal | 64 | 120 |

| | EERSTE TEENSTANDER | PUNTE | TWEEDE TEENSTANDER |
|---|---|---|---|
| Analise | 5 | 10 | 5½ |
| Bewyse | 4 | 10 | 4 |
| Redenering | 2½ | 10 | 2½ |
| Aanval en verdediging | 2½ | 10 | 3½ |
| Organisasie en spanwerk | 5½ | 10 | 7 |
| Lewering en taalgebruik | 6½ | 10 | 8 |
| Eerste totaal | 26 | | 30½ |
| Minus strafpunte | | | |
| Tweede totaal | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 26 | 60 |
| Tweede teenstander | 31 | 60 |
| Spantotaal | 57 | 120 |

1 - baie swak
2 -
3 - Swak
4 - onder gemiddeld
5 - gemiddeld
6 - bo gemiddeld
7 - goed
8 - baie goed
9 - uitstekend
10 - onverbeterlik

Tweede keuse                                                    Vorm 2

# DIE AFRIKANERJEUG SE OPVOEDING MET BETREKKING TOT DIE EKONOMIE IS VOLDOENDE

| | EERSTE VOORSTANDER | | | TWEEDE VOORSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| | KONSTRUKTIEF | REPLIEK | PUNTE | KONSTRUKTIEF | REPLIEK |
| Analise | 5/10 | 3 | 5 | 3 | 3 |
| Bewyse | 4 | 6 | 10 | 4 | 6 |
| Redenering | 3 | 4 | 10 | 3 | 5 |
| Aanval en verdediging | 1/5 | 5 | 10 | 2 | 6 |
| Organisasie | 4 | 3 | 5 | 4 | 2 |
| Taalgebruik | 4 | 4 | 5 | 4 | 3 |
| Lewering | 3 | 4 | 5 | 3 | 3 |
| Eerste totaal | 24 | 29 | 50 | 23 | 28 |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste voorstander | 53 | 100 |
| Tweede voorstander | 51 | 100 |
| Spanpoging | 7 | 10 |
| Spantotaal | 111 | 210 |

| | EERSTE TEENSTANDER | | | TWEEDE TEENSTANDER | |
|---|---|---|---|---|---|
| Analise | 3 | 3 | 5 | 3 | 3 |
| Bewyse | 5 | 3 | 10 | 6 | 2 |
| Redenering | 3 | 2 | 10 | 3 | 2 |
| Aanval en verdediging | 3 | 2 | 10 | 4 | 3 |
| Organisasie | 2 | 4 | 5 | 4 | 4 |
| Taalgebruik | 3 | 2 | 5 | 4 | 3 |
| Lewering | 4 | 4 | 5 | 4½ | 4½ |
| Eerste totaal | 23 | 20 | | 28½ | 21½ |
| Minus strafpunte | | | | | |
| Tweede totaal | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| Eerste teenstander | 43 | 100 |
| Tweede teenstander | 50 | 100 |
| Spanpoging | 8 | 10 |
| Spantotaal | 101 | 210 |

1 - swak
2 - onder gemiddeld
3 - gemiddeld
4 - goed
5 - uitstekend

kan dié genoemde foute maklik by hom verbygaan. Die aanbieding het egter in 'n goeie debatteringstyl geskied. Die organisasie van die repliektoesprake was beter as dié van die konstruktiewe toesprake. As span het hulle ook goed saamgewerk.

**1.2. Debatsvaardighede**

Die primêre doel van hierdie studie was nie om die standaard van debattering te bepaal nie; tog kan na aanleiding van die evaluering sekere afleidings gemaak word.

Die samevattende evaluering ten aansien van die ses vaardighede het nie net op die gekose debatte betrekking nie, maar ook op die ander twintig wat opgeneem, oorgeskryf en bestudeer is. Dit sou 'n fout wees om hierdie evaluering ten opsigte van alle debatteerders te veralgemeen, aangesien beide die vyf-en-twintig en vyf gekose debatte nie uit 'n ewekansige steekproef bestaan het nie. Tog behoort hierdie debatte 'n redelik betroubare aanduiding te wees van die algemene standaard van debattering. In die gekose vyf debatte is byvoorbeeld vier wenspanne van die uitdunrondtes en vier wenspanne van die halfeindrondtes verteenwoordig. Die vyf-en-twintig debatte verteenwoordig twee volle uitdunrondtes, twee halfeindrondtes en die twee eindrondtes van 1985 en 1986. Dit is dus 50 spanne in totaal, waarvan 16 spanne die twee jaar se beste spanne in die land verteenwoordig.

Aan die einde van die bespreking word die rekenkundige gemiddeld van die onderskeie punte gegee. Dit dui in terme van 'n 10-puntskaal die algemene standaard van die debatteerders se vaardigheid ten aansien van 'n bepaalde debatsaspek aan. Indien dié punte veralgemeen word, behoort 'n speling van ten minste een punt na weerskante toegelaat te word. As in aanmerking geneem word dat agt van die tien spanne tot die halfeindrondte en vier hiervan tot die eindrondte deurgedring het, kan die punt ten opsigte van die algemene standaard van ander debatteerders moontlik laer wees. Hierteenoor kan die punt ook waarskynlik hoër wees aangesien ses van die tien spanne se standaard redelik onbevredigend was.

**1.2.1. Analise**

Die debatte het bewys dat as die analise swak of selfs foutief is, is die bewyse, redenering, en die inhoud van die aanval en verdediging ook swak of foutief.

Die algemene vaardigheid met betrekking tot dié belangrike eerste stap in die debatsproses is onder gemiddeld.

Die definiëring van die kernbegrippe was bevredigend en soms baie goed, maar die debatteerders slaag nie altyd daarin om die onderwerp meer konkreet af te baken nie. Die definiëring behoort die grense vas te stel waarbinne die debat moet plaasvind. Dikwels is die grense geïgnoreer asof die definisies nie op die werklike debattering betrekking het nie. Die twee spanne moet ook tot 'n vergelyk kom oor die gestelde grense. Indien elke span binne sy eie bakens "debatteer", is sinvolle debattering, waarvan botsing/aanval en verdediging die kern is, net nie moontlik nie. Vergelyk byvoorbeeld die debat oor demokrasie.

Die debatteerders het ook nie altyd daarin geslaag om die soort proposisie, asook die werklike geskilpunte binne die gestelde grense, te identifiseer nie. Op twee spanne na het geen span die standaardgeskilpunte toegepas om sodoende die werklike geskilpunte te identifiseer nie. Dit is meestal op 'n lukraak wyse gedoen. Die gevolg was 'n gebrek aan botsende standpunte en/of te veel irrelevante geskilpunte (vgl. p. 119).

Evaluering: onder gemiddeld (4.2).

**1.2.2. Bewyse**

Die vaardigheid om bewyse te gebruik ter stawing van 'n stelling is swak. Veral die kwaliteit van die bewyse ten aansien van volledige dokumentering, relevansie, beduidendheid en resentheid laat veel te wense oor. Die spesifieke bekwaamheid van deskundiges en 'n moontlike motivering vir hulle onderskeie menings is selde genoem. Die debatteerders se gebruik van bestaande statistiek en die verwerking van eie navorsing in die vorm van statistiek is baie onbevredigend. Te min inligting word verskaf om die statistiek te kan evalueer.

Die debatteerders toon dat hulle die onderwerpe nie goed genoeg bemeester het nie en gebruik soms irrelevante bewyse ter ondersteuning van 'n stelling. Hulle behoort oor 'n voorraad bewyse te beskik om in enige stadium van die debat te kan gebruik. Veral die repliektoesprake, waar aanval en verdediging sy hoogtepunt bereik, toon 'n gebrek aan voldoende nuwe bewyse.

Die debatteerders behoort 'n grondige studie van die onderwerp te maak en baie meer krities in hulle keuse van bewyse te wees; want hoe sterker die bewys, hoe sterker is die argument wat daarop steun (vgl. p. 182).

Evaluering: swak (3.2).

**1.2.3. Redenering**

Die standaard van die redenering is baie swak. Afgesien daarvan dat bewyse dikwels ontbreek, is die denksprong van die bewys na die gevolgtrekking nie altyd geldig nie. In so 'n geval kan die redenering nie die gevolgtrekking waarborg nie en ly die oortuigingskrag van die argument daaronder. Die debatteerders neig ook om die gevolgtrekkings te absoluut te stel, instede daarvan om dit te kwalifiseer. Hulle hou nie genoeg rekening met die waarskynlike aard van induktiewe redenering nie. Die debatteerders ondersteun ook nie, waar nodig, die redenasie met verdere bewyse nie en stel selde enige voorbehoude.

Die debatteerders toon oor die algemeen ook 'n onvermoë om die verskillende bewyse en argumente, deur die proses van argumentering, saam te snoer tot 'n betoog wat die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie moet staaf. Dit is asof die verskillende bewyse en/of hoofpunte - wat dikwels nooit werklike argumente is nie - los van mekaar staan. Die inkonsekwente redenering en weerspreking wat dikwels voorkom, is 'n verdere bewys dat hierdie debatteerders se redenasievermoë onbevredigend is (vgl. p. 261).

Evaluering: baie swak (2.7).

**1.2.4. Aanval en verdediging**

Aanval en verdediging is saam met redenering dié twee vaardighede waarin debatteerders die swakste vaar. Dit is wel die moeilikste vaardighede om te bemeester, maar debatteerders sal hierin nog baie geskool moet word.

Die debatteerders se navorsing laat hulle in die steek, want hulle het te min "skietgoed" waarmee hulle kan aanval en/of verdedig. Die opponerende standpunt word nie genoegsaam vooraf bestudeer om sodoende sterk teenargumente te identifiseer nie. Hierdeur kan die nodige teenbewyse ter aanval en

verdediging by wyse van antisipasie versamel word.

Dit blyk dat die debatteerders nie krities genoeg ingestel is nie en ook nie altyd weet waarop hulle 'n aanval kan loods nie. Die aanval wat wel plaasvind, is soms onbevredigend omdat die regte stappe nie gevolg word nie, dit nie genoegsaam gemotiveer en met bewyse ondersteun word nie; of omdat strooipoppe opgebou word om daarna weer afgeskiet te word. Om 'n bewys/argument sonder rede as foutief af te maak, of bloot te sê: "Ek stem nie saam nie", is niksseggend en nie 'n werklike aanval of verdediging nie.

Daar geskied ook te min aanval en verdediging tydens die laaste drie konstruktiewe toesprake. Dié toesprake kan nie volledig voorberei word nie, want die twee teenstanders en die tweede voorstander moet vir aanval en verdediging voorsiening maak. Die debatteerders bly ook dikwels in gebreke om aan te dui in watter mate 'n geslaagde aanval en/of verdediging hulle eie standpunt versterk en die opponente s'n verswak (vgl. p. 318).

Evaluering: baie swak (2.6)

**1.2.5. Organisasie**

Die vaardigheid met betrekking tot organisasie is gemiddeld en kan, soos die ander, nog baie verbeter word. Eenheid en samehang ontbreek dikwels as gevolg van swak analise en onvoldoende koppeling van argumente aan die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie.

Op makrovlak is die organisasie bo gemiddeld. Die inleiding en die slot staan egter dikwels los van die res van die betoog en sluit nie direk daarby aan nie. Debatteerders moet hier veel versigtiger wees met die gebruik van aanhalings uit gedigte, liedjies, of selfs die Bybel, wat soms buite konteks aangehaal word of nie hulle standpunt ondersteun nie. Hierdie fout het dikwels voorgekom in die ander debatte wat nie hier bespreek is nie. 'n Duidelike tesisstelling het meestal ontbreek en die slot van die toesprake het ook nie 'n genoegsame en duidelike opsomming bevat nie.

Die organisasie op mesovlak toon die volgende twee algemene foute: Spanlede se hoofpunte is dikwels nie volgens dieselfde ordeningsbeginsel georganiseer nie en die enkele debatteerders wat van kettingordening gebruik gemaak het, was nie vaardig genoeg om dit met welslae te hanteer nie.

Die mikrovlakorganisasie is redelik onbevredigend. Die subargumente met die ondersteunende bewyse is nie altyd duidelik genoeg georganiseer om 'n gehoor onmiddellik te laat begryp hoe die verskillende subargumente saamwerk en op mekaar steun om die hoofargumente se waarskynlike waarheid/onwaarheid te staaf nie. Veral die oorgange wat nodig is om 'n logiese argumentasielyn tussen die bewyse, subargumente en hoofargumente te bewerkstellig, ontbreek. Die gehoor moet die doel van elke onderafdeling binne die groot geheel kan begryp.

Die spanwerk is oor die algemeen goed. Soms bestaan die spanwerk bloot uit 'n oordrewe verwysing na spanlede, terwyl die span se betoog 'n eenheid moet vorm waarin hulle duidelik by mekaar aansluiting vind (vgl. p. 379).

Evaluering: gemiddeld (5.2).

### 1.2.6. Aanbieding

Die taalgebruik en lewering wat saam die aanbieding vorm, is die vaardigheid wat die beste bemeester is. Die taalgebruik was nie van dieselfde kwaliteit as die lewering nie en behoort veral prioriteit te geniet. 'n Geskrewe styl het soms nog te veel in die taalgebruik deurgeslaan, sinne neig om te lank te wees en sprekers druk hulle nie konkreet genoeg en onmiddellik verstaanbaar uit nie. Die gebruik van die korrekte maar tog maklik verstaanbare woord en 'n soepeler woordorde behoort veral meer aandag te geniet. Die gebruik van korrekte voorsetsels het dikwels probleme opgelewer.

Ten aansien van die lewering was die spraak meestal helder en duidelik, uiterlike voorkoms netjies, hantering van kaartjies onopvallend en styl van lewering bevredigend. Soms het 'n neiging tot onnatuurlike "opsê" of oordrewe aggressiwiteit, instede van 'n natuurlike geselstrant, kop uitgesteek. Die lewering sal verder baat by 'n groter mate van wisseling in tempo, toonhoogte, volume en intensiteit (vgl. p. 428).

Evaluering: bo gemiddeld (6.2).

## 2. AANBEVELINGS

Die moontlike redes vir die lae standaard kan in die volgende geleë wees: Onvoldoende kennis aan die kant van die debatteerders, afrigters en/of beoor-

delaars ten aansien van die korrekte teoretiese beginsels en tegnieke van debattering; te min tyd vir werklike diepgang in die navorsing, asook te min toegelate tyd per toespraak om kwalitatiewe argumentering moontlik te maak; swak debatteerbare proposisies; onvoldoende leiding deur die JR ten opsigte van gemeenskaplike kriteria vir die evaluering van die debattering; onbevredigende beoordelingsprosedures.

Al die bogenoemde faktore speel myns insiens in 'n mindere of meerdere mate 'n rol. Aangesien hierdie studie slegs op die beoordeling gefokus het, word slegs dié aspekte wat direk of indirek hiermee in verband staan vervolgens bespreek. Aanbevelings wat reeds in vorige hoofstukke gemaak is, sal weer samevattend herhaal word. Na aanleiding van hierdie studie en die praktiese ervaring tydens kompetisies, kan die bevindinge onder drie kernpunte saamgevat word: Opvoedkundige skoling kom tydens die beoordeling nie tot sy reg nie, die beoordelingsvorm is ontoereikend en die debatsproposisies is teenproduktief.

### 2.1. Opvoedkundige skoling

Soos reeds in hoostuk 1 en 2 beklemtoon is, is die leerproses in opvoedkundige debattering van primêre belang. Pratt & Pratt (1979:362) meen die beoordeling van hoërskoolleerlinge of beginners het veeleer 'n "coaching function than a judging function" (vgl. ook Hollihan, 1983a:174). (Vgl. ook die bespreking op p. 46). Die beoordelaar moet as opvoeder die deelnemers se vaardighede in debattering verbeter sodat hulle dit met welslae in die alledaagse samelewing kan toepas. Die standaard van die debattering bevestig opnuut die uitgangspunt van vroeër, naamlik dat die beoordeling van die JR se kompetisie as 'n toetsing van vaardighede en nie as 'n merietetoetsing benader moet word nie (vgl. p. 37). Suiwer merietetoetsing kan eers ter sprake kom as die debatteerders die vaardighede redelik goed bemeester het. In teorie is die JR dit hiermee eens, maar in die praktyk kom weinig van die "opvoedkundige laboratorium" tereg. Hierdie aspek behoort prioriteit te geniet en die volgende aanbevelings behoort baie sterk oorweeg te word.

#### 2.1.1. Kritieklewering

Na afloop van elke debat behoort 'n kritiese bespreking deur die beoordelaars plaas te vind. Veral mondelinge kritiek is vir die vorming van beginners uiters belangrik (Brooks, 1971: 197) (vgl. p. 47). Ook Thomas (1979:23) het tot

hierdie slotsom gekom na aanleiding van onderhoude wat hy met verskeie hoërskooldebatafrigters in die VSA gevoer het. Die debatteerders is meestal nie van hulle foute bewus nie. Dit is bevestig in 'n empiriese studie wat Barker (1965:20) tydens vier debatstoernooie met 318 debatteerders in die VSA onderneem het. Indien die foute nie uitgewys word nie, kan dit nie uitgeskakel of daarop verbeter word nie. Die opvoedkundige waarde van kritieklewering is ook persoonlik ondervind na aanleiding van die uitdunrondte te Lichtenburg op 30 April 1987. Met die toestemming van die plaaslike korps is 'n kritiese bespreking na elke debat gehou. Die debatteerders en gehoor kon ook vrae stel en so deelneem aan die bespreking. Die reaksie op dié metode was oorweldigend positief, selfs in debatte waar die standaard laag was en daar weinig positief was om te sê. Die beginsel is eenvoudig: As die debatteerder of afrigter nie weet waar die fout lê of waarom een of ander aspek verkeerd is en hoe daarop verbeter kan word nie, kan die fout nie herstel word nie en bly die standaard jaar na jaar dieselfde. Geen remediëring kan geskied voordat bewusmaking plaasgevind het nie. Enkele algemene kritiese opmerkings na vier of vyf debatte het nie naastenby dieselfde waarde as wanneer spesifieke positiewe of negatiewe punte van elke debat by die naam genoem en bespreek word nie. Dan is dit nog vars in die geheue van beoordelaars, debatteerders en gehoor. Die beoordelaars kan 'n gesamentlike bespreking hou, beurte maak of besluit dat een deurgaans die bespreking lei.

By die eindrondte waar die geleentheid meer formeel is en die debatteerders se algemene standaard hoër behoort te wees, kan die kritieklewering skriftelik geskied. Hierdie kritiese opmerkings kan dan na afloop van die kompetisie aan die debatteerders oorhandig word.

Die debatteerders behoort ook 'n evaluering van hulle verskillende vaardighede te ontvang. Elkeen het die reg om te weet in hoe 'n mate hy aan die gestelde kriteria beantwoord. Die debatteerder hoef nie 'n puntetotaal te kry nie, maar bloot 'n punt of simbool wat sy standaard ten aansien van 'n spesifieke debatsvaardigheid aandui. 'n Rapportryerlid kan byvoorbeeld na elke debat die rekenkundige gemiddeld van die beoordelaars se punte bereken en dit in terme van benaderde getalle of simbole weergee:

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| E | E+ | D | D+ | C | C+ | B | B+ | A | A+ |

Indien die kritiek positief-opbouend is, en met die nodige kundigheid geskied, behoort dit aan die opvoedkundige vereistes te voldoen. Die bespreking en die standaardaanduiding behoort ook die debatteerders se algemene gevoel van onbehaaglikheid uit die weg te ruim. Keefe *et al.* (1982:282) beweer dat onvolledige terugvoer na debatteerders die opvoedkundige doelstellings "saboteer". Wat moet die effek van die totale gebrek aan terugvoer by die JR se debatkompetisies dan nie wees nie!

**2.1.2. Beoordelaars**

Die volgende aspek wat uit bogenoemde spruit is die kwessie van beoordelaars se kundigheid. Soos die uitspraak van Freeley (1976:312) dit bevestig is lekebeoordelaars dikwels nie in staat of bereid om 'n kritiese bespreking te lei nie. Gewoonlik is daar nie probleme by beoordelaars om hulle rol as regter - om 'n wenner te bepaal - en as kritikus - om die vaardighede te evalueer nie - te vervul nie. Maar die rol van opvoeder bly agterweë (vgl. p. 48).

Ten opsigte hiervan behoort die JR beoordelingskursusse te hou om die beoordelaars met die nodige kennis toe te rus. Die kompetisie is so belangrik, die opvoedkundige waarde so noodsaaklik en die wennerspryse so indrukwekkend dat dit noodsaaklik is dat daar kundige beoordelaars en 'n meer eenvormige en gelyke standaard moet kom ten aansien van die kriteria wat in die beoordeling toegepas word. 'n Beoordelaar hoef nie noodwendig 'n akademies opgeleide persoon ten opsigte van debattering of redevoering te wees nie. Hy moet egter minstens een kursus of werkwinkel deurloop het alvorens hy as beoordelaar gebruik behoort te word.

Detaillering van 'n sodanige kursus val buite hierdie studie en kan moontlik die onderwerp van 'n Magistergraadstudie wees. Die JR kan egter by soortgelyke kursusse in Amerika gaan kers opsteek. Kernagtig gestel kan dit bestaan uit verskeie lesings of die bestudering van 'n voorgeskrewe bron, waarna die aspirantbeoordelaar 'n skriftelike toets oor die basiese beginsels van opvoedkundige debattering moet aflê: byvoorbeeld oor die pligte van debatteerders, debatsprosedure en die kriteria waarvolgens die verskillende vaardighede beoordeel word. So 'n kursus behoort ook die praktiese beoordeling van 'n debat op video in te sluit, waarna 'n kritiese bespreking moet volg.

In Boileau *et al.* (1981:414-420) se artikel: *A debate judge certification on a state-wide scale*, word uiteengesit aan watter vasgestelde minimumvereistes 'n beoordelaar behoort te voldoen alvorens hy kan beoordeel: Hy moet die basiese terminologie van 'n bepaalde jaar se proposisie ken, hy moet kennis dra van die teorie van argumentering, debatreëls en -prosedures, en hy moet 'n beoordelingsvorm kan voltooi waarin die bogenoemde kennis geopenbaar word. Die aspirantbeoordelaars moet 'n toets slaag alvorens 'n sertifikaat aan hulle uitgereik word. Eers hierna kan hulle as boordelaars gebruik word.

### 2.1.3. Tydsbeperking

Die standaard van die debattering ly ook onder die feit dat die toegelate tyd vir die onderskeie toesprake te min is. Dat praktiese oorwegings hier 'n faktor is, word besef, maar dit verhoed diepgang en gee die debatteerders nie kans om die kwaliteit van die argumente te verbeter nie. Die toegelate tyd behoort ten minste 8 minute vir die konstruktiewe en 4 minute vir die replicktoesprake te wees. Die ekstra tyd is nie bedoel om noodwendig meer argumente aan te voer nie, maar om die argumentering kwalitatief te verbeter. Die debatteerder kan dan sy hoofargumente vollediger motiveer en dieper op die probleem ingaan. Hy kan meer, maar veral beter bewyse aanvoer deur vollediger bronverwysings te verskaf en die deskundigheid van die bronne beter te motiveer. Die debatteerder kan ook in sommige argumente die waarborg in sy redenasie aan die gehoor uitspel of dit met verdere bewyse ondersteun. Die kwaliteit van aanval en verdediging kan verbeter word deur die korrekte metode te volg. Die debatteerder kan ook sy betoog beter organiseer deur 'n tesis duideliker te stel, oorgange te maak, die argumente eksplisiet aan elkeen se standpunt te koppel en duideliker opsommings aan die einde van toesprake te maak. Volgens Brooks & Friedrich (1973:318-319), Patterson & Zarefsky (1983:97) en Shechels (1984:203) is die tydsduur van toesprake vir opvoedkundige debattering 10 en 5 minute of 8 en 4 minute onderskeidelik.

Vir die JR se kompetisie kan hierdie ekstra tyd, naamlik 12 minute per debat, van die kruisverhoor se tyd verhaal word - ongeveer 5-10 minute vir die opstel van die vrae plus 2 minute voorbereiding van die eerste voorstander, plus (2x4) minute vir beantwoording. Dit gee ongeveer 15-20 minute.

### 2.1.4. Kruisverhoor

Die standpunt oor die kruisverhoor is volledig op p. 278 bespreek. By geen

debat wat bygewoon is het die antwoord 'n verandering aan die uitslag gemaak nie, hoewel dit in 'n gelykop stryd kan gebeur. Op enkele uitsonderings na het die antwoorde die foute of onvermoë wat in die debat na vore gekom het, opnuut bevestig. Met die verlengde tyd vir toesprake behoort die debatteerder sy betoog beter en duideliker te kan voer en hopelik minder foute te maak. Indien dit nie die geval is nie, sal 'n kritiese bespreking van baie groter opvoedkundige waarde wees as 'n enkele skriftelike vraag waaruit die debatteerder weinig kan leer. Instede daarvan om vir die debatteerder 'n vraag te vra ten aansien van 'n fout of vaagheid in die betoog, kan die beoordelaar hom daarop wys met die nodige wenke ter verbetering. Hierop kan die debatteerder met moontlike vrae reageer.

### 2.1.5. Proposisies

Die standaard van debattering behoort positief beïnvloed te word as die JR een, instede van drie verskillende proposisies vir die drie rondtes gebruik. So kan die wenners in die loop van die rondtes geleentheid kry om foute uit te skakel en wenke op te volg, om steeds grondiger kennis in verband met die onderwerp in te win en aan beide kante van dieselfde proposisie te debatteer. Daar is opvoedkundig baie daaruit te leer om dieper op 'n probleem in te gaan, dit ook vanuit die teenoorgestelde standpunt te debatteer, nuwe argumente te identifiseer en vorige foute of mistastings uit te skakel. Dit kan ook moontlik die toenemende klag ondervang, naamlik dat daar so min tyd is vir veral matriekleerlinge om saam met hulle gewone skoolwerk ook navorsing vir die debat te doen. Dit sal vir die deelnemer ten minste makliker en minder tydrowend wees om reeds geïdentifiseerde bronne waarby aanvanklik nie uitgekom is nie te gaan bestudeer, of ander deskundiges op 'n reeds bekende terrein te raadpleeg as om van nuuts af 'n nuwe veld van ondersoek te analiseer en te bestudeer. In die VSA het "The American Forensic Association" ook slegs een proposisie per jaar (Augustus tot Mei) wat deur dieselfde deelnemers verskeie kere aan beide kante gedebatteer word (Patterson & Zarefsky, (1983:91). Ander instansies soos CEDA (Cross-Examination Debate Association) het weer hulle eie proposisie vir die hele jaar.

Die JR kan ten minste vir die half- en eindrondte dieselfde proposisie gebruik. Die wenners moet dan vir die eindrondte aan beide kante van die proposisie debatteer. Dit sal die moontlike voordeel wat een kant van 'n proposisie kan inhou uitskakel. Die debatteerders sal ook baie beter tot aan-

val en verdediging in staat wees, omdat beide kante voorberei is. Dit kan op die volgende wyses gerealiseer word: Twee groepe beoordelaars verdeel in twee lokale, sodat twee debatte gelyktydig kan plaasvind. Gestel die 8 wenspanne is spanne A,B,C,D,E,F,G,H.

| | Voorstanders | | Teenstanders | Voorstanders | | Teenstanders |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 9h00-10h00 | A | teen | B | C | teen | D |
| 10h30-11h30 | E | teen | F | G | teen | H |
| | | | ETE | | | |
| 13h00-14h00 | D | teen | G | F | teen | A |
| 14h15-15h15 | H | teen | C | B | teen | E |
| 15h30-16h30 | Finale debat, indien nodig. | | | | | |

Indien 'n wenspan na samesprekings deur die beoordelaars en 'n vergelyking van punte duidelik blyk, hoef geen debat verder plaas te vind nie. Indien dit wel gebeur dat twee spanne wat nie direk teen mekaar gedebatteer het nie, feitlik van gelyke standaard is, behoort hulle finaal teen mekaar te debatteer. Hier kan deur loting bepaal word wie watter kant moet debatteer.

'n Ander moontlikheid is om die eindrondte oor twee dae te hou. Die eerste dag debatteer 'n span as voorstander en die volgende dag as teenstander, of omgekeerd. Indien 'n wenspan nie duidelik na vore tree nie, kan die twee sterkste aanspraakmakers finaal teen mekaar debatteer.

Indien dieselfde proposisie deurgaans gebruik word, moet dit van so 'n aard wees dat dit herhaalde debattering moontlik maak en nie bloot oppervlakkige kennis verlang nie.

Hoewel die soort proposisie die standaard van debattering nie op 'n direkte wyse beïnvloed nie, het dit groot invloed op die opvoedkundige waarde van die debattering.

Van die 50 proposisies wat sedert 1974-1987 deur die JR gebruik is, was die verdeling met betrekking tot die vier soorte soos volg: 3 van interpretasie, 5 van beleid, 10 van waardeoordeel en 32 van feite. (Enkele proposisie kon nie opgespoor word nie.) Sedert 1980 word uitsluitlik van proposisies van feite gebruik gemaak. Volgens die beskikbare inligting het die laaste proposisie van beleid in 1977 voorgekom.

Volgens alle bestudeerde bronne is proposisies van feite die minste geskik vir opvoedkundige debattering (vgl. Capp & Capp, 1965:56; Wood, 1972:12; Brooks & Friedrich, 1973:320; Freeley, 1976:200). Die ontoereikendheid van feiteproposisies word tot so 'n mate as vanselfsprekend aanvaar dat dit in die mees resente literatuur nie eens bespreek word nie. In die VSA is aanvanklik slegs van beleidsproposisies gebruik gemaak. Sedert 1971, met die stigting van die Cross-Examination Debate Association (CEDA), word proposisies van waardeoordeel ook dikwels gebruik (vgl. Norton, 1982:20; Brownlee, 1982:287; Patterson & Zarefsky, 1983:90).

In die alledaagse lewe word die neem van besluite feitlik deurgaans deur die een of ander vorm van debattering of argumentering voorafgegaan. Die einddoel van debattering is om te besluit of iets omtrent 'n saak/probleem gedoen moet word, en indien wel, wat moet gedoen word. Die JR stel self die doel van opvoedkundige debattering, naamlik die voorbereiding van die deelnemer "vir belangrike formele en informele debatte wat daagliks in die samelewing plaasvind in wetgewende liggame, geregshowe, vergaderings en groeps- en individuele gesprekke" (Junior Rapportryerbeweging, 1987:4). Die uitsluitlike gebruik van feiteproposisies, waar die waarskynlike waarheid van 'n stelling gedebatteer word, skool die deelnemers nie genoegsaam met die oog op die gestelde doelstellings nie. Die deelnemers word byvoorbeeld glad nie geskool in die moontlike stappe van probleemoplossing nie, soos probleemidentifisering en omskrywing, bepaling van die omvang en die oorsaak van 'n probleem, die identifisering van 'n plan wat die probleem moontlik kan oplos of uitskakel, of die oorweging van moontlike voordele en nadele van beide die status quo en die voorgestelde plan van aksie. Hierin behoort enige toekomstige volwassene geskool te word: om ná krities-rasionele oorweging probleme op te los en besluite te neem.

Beleidsproposisies kan enige terrein van die lewe betrek en hoef nie noodwendig die politiek te betrek nie. Aan die ander kant hoef die JR ook nie terug te deins vir beleidsproposisies met politieke implikasies nie. Debatteerders neem nie deel omdat hulle persoonlik van mekaar verskil nie, maar omdat hulle die tegnieke van beleidsdebattering wil bemeester. Hiermee kan juis die gesindheid tuis gebring word dat beide kante van'n probleem goed bestudeer moet word alvorens 'n eie mening gevorm word. Deelnemers word dan juis verplig om 'n studie van resente probleme te maak.

Dat beleidsdebattering sedert die begin van hoërskooldebattering in die VSA gebruik word, bewys dat dit nie te moeilik vir hoërskoolleerlinge is om te hanteer nie. Die nodige leiding, hetsy in die vorm van 'n kursus of 'n handleiding, sal aanvanklik deur die JR gegee moet word. Hierin kan die verskillende strategieë wat in beleidsdebattering gebruik word aan die afrigters en debatteerders bekend gestel word. Al sou die JR hou by drie proposisies vir die verskillende rondtes, behoort veral proposisies van beleid ingesluit te word. As beleidsproposisies gebruik word, moet die JR veral hou by een proposisie vir die drie rondtes. Daar kan dan opnuut in meer diepte op die probleemoplossing ingegaan word en nuwe argumente kan geïdentifiseer word om teenargumente te weerlê.

Afgesien daarvan dat feiteproposisies nie vir opvoedkundige debat geskik is nie, is die JR se bewoording hiervan , in 'n poging om dit meer debatteerbaar te maak, te abstrak en relatief. Dit laat die moontlikheid dat twee opponerende spanne heeltemal bymekaar verby kan praat, of dat die debat in 'n argumentering oor die presiese betekenis van begrippe soos plek vol staan/ kern/ voldoende/ na behore/ kundig/ ens. kan verval. Dit is wat opvoedkundige debat juis nie veronderstel is om te wees nie. Hierdie terme bied soveel interpretasiemoontlikhede dat dit vir elke span moontlik is om binne sy eie interpretasie sy kant van die saak "klinkklaar" te bewys. Elke span kan dus sy eie grense afbaken waarbinne hy debatteer, sonder dat een van die twee noodwendig verkeerd is. Aan die soort proposisie en die bewoording daarvan behoort die JR baie ernstig aandag te skenk.

### 2.2. Beoordelingsvorm

Hoewel die beoordelingsvorm nie op 'n direkte wyse die standaard van debattering beïnvloed nie, speel dit 'n belangrike rol in die beoordeling en word

vroeëre bevindinge (vgl. p. 56) hier weer kortliks saamgevat. Die huidige vorm van die JR is ontoereikend hoofsaaklik om twee redes: die punteverhouding is onbevredigend en die vorm is onnodig gekompliseerd.

Die punteverhouding van die verskillende vaardighede is nie in ooreenstemming met die doel van opvoedkundige debattering nie; aan minder belangrike vaardighede word dieselfde punte toegeken as aan kernvaardighede. Die hoofklem ten aansien van puntetoekenning behoort op logiese argumentering te val: bewyse, redenering, en aanval en verdediging. Dit is nie die geval nie ten spyte van die JR se korrekte teoretiese uitgangspunt, naamlik dat " die debatkompetisie van die redenaarskompetisie te onderskei (is)... Alles wat hy sê is op aanval en verdediging gerig. In die redenaarskompetisie word slegs 'n enkele standpunt uiteengesit en word veral op die aanbieding van daardie standpunt klem gelê". Die welslae van die redenaar "hang grootliks af van sy persoonlikheid, taalgebruik en hantering van die stof" (Junior Rapportryerbeweging, 1976:4). Die lae puntetoekenning van die primêre debatvaardighede, naamlik bewyse, redenering en aanval en verdediging teenoor die ander vaardighede, is 37% teenoor 63%. Dit rym nie met die JR se uitgangspunt nie. Aanval en verdediging tel byvoorbeeld slegs 12.5% en die aanbieding (taal en lewering) 25% van die totale aantal punte.

Die vorm is ook onnodig gekompliseerd. Die baie onderafdelings maak die taak van die beoordelaar net moeiliker, sonder dat dit noodwendig 'n beter beoordeling tot gevolg het. Inteendeel, veral die beginnerbeoordelaar kan so besig wees om die verskillende vaardighede van mekaar te onderskei en vir elk 'n punt toe te ken dat die inhoudelike maklik by hom verby kan gaan. Thompson (1971:333) bevestig hierdie siening:

> "Complex scales do not produce more reliable results than do those calling for single judgements, and raters clearly are unlikely to make so many decisions as the make-up of some ballots demand" (1971:333).

Die eerste voorgestelde vorm is myns insiens die aanvaarbaarste en kom so na as moontlik aan die ideaal. Die tweede vorm is nog steeds gekompliseerd, maar die punteverhouding weerspieël die doelstellings van opvoedkundige debattering veel beter in vergelyking met die huidige vorm. Die puntetotaal kan ook nie altyd die deurslag gee in die bepaling van die wenner nie. Soos op p. 62 gestel is, behoort die debatteerder sterk gepenaliseer te word indien die

proposisie verkeerd geanaliseer is of as geen aanval en verdediging geskied nie. Die debatteerder is veronderstel om "die hele tyd met 'n tweegeveg besig" te wees (Junior Rapportryerbeweging, 1987:4). Indien hy nie tot die geveg oorgaan nie, kan hy nie wen nie, hoe goed sy "gevegstoerusting" en hoe sterk sy "krag" ook al mag wees.

Die puntetotaal mag ook nie deurslaggewend wees indien die debatteerder in sy gebruik van bewyse oneties optree nie. Indien die beoordelaar dit agterkom behoort die debatteerder sterk gepenaliseer te word, en behoort so 'n span selfs nie te wen nie, ten spyte van ander goeie vaardighede. Die dilemma is dat die beoordelaars uit die aard van die saak nie van alle bronne kennis dra nie en die fabrisering of verdraaiing van bewyse kan dus nie maklik geïdentifiseer word nie. Sodanige wanpraktyke kom wel voor, soos in hoofstuk 4 aangetoon is, asook in verskeie steekproewe uit die ander debatte gevind is. Die JR behoort dit 'n vereiste te maak dat debatteerders 'n volledig gedokumenteerde afskrif of weergawe van bewyse of vraelyste moet verskaf, indien die beoordelaars dit versoek. Die debatteerders behoort òf die aangehaalde bronne self òf fotostate van die betrokke bladsye, òf 'n bandopname van persoonlike onderhoude tot die beoordelaars se beskikking te kan stel. Volgens die kompetisiereëls van die American Forensic Association mag 'n span byvoorbeeld nie wen indien hulle bewyse misbruik nie, en moet hulle 'n volledige dokumentasie van bewyse verskaf indien die beoordelaars of die opponente dit verlang (Keefe *et al.*, 1982:357). Die JR behoort beoordelaars die reg te gee om 'n span te diskwalifiseer as hulle nie tot die beoordelaar se bevrediging verdagte aanhalings en verwysings as outentiek kan bewys nie.

Die JR wat alreeds 'n groot bydrae lewer in die skoling van toekomstige debatteerders, moet hiermee voortgaan en dit selfs na tersiêre vlak uitbrei. (Die Senior Rapportryerbeweging kan moontlik opvoedkundige debattering op tersiêre vlak inisieer en uitbou.) Hulle moet ook steeds poog om die standaard van debattering te verhoog. Deur duidelike en redelik eenvormige kriteria vir die beoordeling te aanvaar en uit te spel; die opvoedkundige doelstellings in die praktyk tot sy reg te laat kom; beoordelaars beter toe te rus vir hulle taak; beleidsproposisies te gebruik; en deur die beoordelingsvorm te vereenvoudig en in ooreenstemming met die opvoedkundige doelstellings te bring, kan die standaard aansienlik verhoog word. Dan sal debatteerders beter voorbereid wees om hulle toekomstige rol in 'n demokratiese samelewing, waar elke dag besluite geneem moet word, te kan vervul.

# ADJUDICATION OF ACADEMIC DEBATE: APPLIED TO THE COMPETITION OF THE "JUNIOR RAPPORTRYERBEWEGING"

The main aim of this study was to identify criteria for the adjudication ("judging": American English) of academic debate.

Criteria were identified by an initial study in comparative literature in order to arrive at scientifically acceptable criteria for the six skills, viz. analysis, evidence, reasoning, attack and defense, organization and presentation. These criteria were then discussed and applied to five of the twenty-five debates which had been initially studied. The debates were recorded on tape and later transcribed.

The study follows the following lines:

Chapter 1 deals with the importance of academic debate, and the rôle of the adjudicator is placed in perspective.

In Chapter 2 the aims and objectives of academic debate are briefly looked into. The main judging philosophies are discussed viz. the evaluation of skills and the weighing of issues. This is followed by a discussion of the attributes of the ideal adjudicator. Finally the debate ballot in general and the ballot of the "Junior Rapportryerbeweging" (henceforth referred to as JR) particularly, are critically assessed.

In Chapters 3-8 the criteria for the six above-mentioned skills are scrutinised, after which they are applied to each of the five debates.

Chapter 9 offers a resumé of the findings of the study. The general standard is unsatisfactory: analysis is below standard, evidence and reasoning are poor, attack and defense are very poor, the organization of material is average, and the presentation itself is above average. The unsatisfactory standard of the debates proved the assumption that this competition should be viewed as a test of skills.

The following recommendations are made:

* that adjudicaters should fulfill a coaching rather than a judging function; that time be set aside for verbal criticism after each debate, and that debaters be evaluated by awarding a symbol or mark for their degree of competence in each of the six skills;
* that the JR organize courses for the training of prospective adjudicators;
* that the time limit of speeches be extended to eight minutes for constructive and four minutes for rebuttal speeches, to improve the quality of argumentation;
* that cross-examination be abolished and the available time be used for longer speeches and verbal criticism;
* that the JR no longer supply propositions of facts, since it is the least suitable for academic debate; instead, that propositions of policy be used to familiarize the debaters with the process of problem solution;
* that the JR use only one proposition per year, since this will enable debaters to eliminate previous errors and result in the deepening of argumentation;
* that the debate ballot be simplified, since the current ballot does not comply with the aims of academic debate (two alternative forms are proposed); and
* that the JR incorporate a rule, stating that debaters supply proof of the correctness and authenticity of the evidence used, should the adjudicator demand it, to eliminate the use of incorrect data.

The competition organized by the JR provides a necessary training school for democratic citizens of the future. The JR can, however, contribute even more, should the educational aspects which are at the moment neglected, receive the proper attention.

# BIBLIOGRAFIE

ANDERSON, R.L. & MORTENSEN, C.D. 1967. Logic and marketplace argumentation. *Quarterly journal of speech*, 53(2):143-151, Apr.

ANDERSON, V.A. 1961. Training the speaking voice. New York : Oxford University.

ANDREWS, P.B. 1985. Basic public speaking. New York : Harper & Row.

ANON. 1986. RAU 'n reus op 20. *Volkshandel*, 47(3):12-14, Mei.

ARISTOTELES. 1941. The basic works of Aristotle. Vertaal deur Richard McKeon. New York : Random House.

ARNOLD, C.C. 1970. Perelman's new rhetoric. *Quarterly journal of speech*, 56(1):87-92, Febr.

BAILEY, D., *red*. 1965. Essays on rhetoric. New York : Oxford University Press.

BAIRD, A.C. 1950. Argumentation, discussion, and debate. New York : McGraw-Hill.

BAIRD, J.E. 1982a. Debate formats. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p.41-59.)

BAIRD, J.E. 1982b. Debate tournament procedures. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p.293-297.)

BALTHROP, B. 1979. Citizen, legislator, and bureaucrat as evaluators of "competing policy systems". (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p.402-418.)

BALTHROP, V.W. 1983. The debate judge as "critic of argument": toward a transcendent perspective. *Journal of the American Forensic Association*, 20(1):1-15, Summer.

BARKER, L.L. 1965. A comparative analysis of debate-judge ratings. *Journal of the American Forensic Association*, 2:17-20, Jan.

BEAGLE, R.M. 1982. Challenging the opposition. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p.204-224.)

BEKKER, M. 1985. Skeep werkende ma's hul kinders af? *Rooi Rose*, 41(22):18-19, Mei 29.

BEKKER, M. 1986. Stres: huisvroue ly die meeste. *Rooi Rose*, 43(8):68-69, Apr. 30.

BENOIT, W.L., WILSON, S.R. & FOLLERT, V.F. 1986. Decision rules for the policy metaphor. *Journal of the American Forensic Association*, 22(3):135-145, Winter.

BERTHOLD, C.A. 1970. A descriptive study of selected characteristics of debate judges' ballots. *Journal of the American Forensic Association*, 7:30-35, Winter.

BETTINGHAUS, E.P. 1972. The nature of proof. New York : Bobbs-Merrill.

BOILEAU, D.M. 1985. Forensics: debate and individual events. *Communication education*, 34(2):166-172, Apr.

BOILEAU, D.M., FITZGERALD, J., LING, D. & MILLAR, P. 1981. A debate judge certification on a state-wide scale. *Communication education*, 30(4):414-420, Oct.

BOOYENS, B. 1987. Die Afrikaner ken die debatteerkuns. *Handhaaf*, 25(1):7-9, Febr.

BORMANN, D.R. 1971. The "uncontested term" contested: a analysis of Weaver on Burke. *Quarterly journal of speech*, 57(3):298-305, Oct.

BRADEN, W.W. & BRANDENBURG, E. 1955. Oral decision-making: principles of discussion and debate. New York : Harper & Row.

BROCK, B.L. 1967. The comparative advantages case. *The speech teacher*, 16(2):118-123, Mar.

BROOKS, W.D. 1971. Judging bais in intercollegiate debate. *Journal of the American Forensic Association*, 7:197-200, Winter.

BROOKS, W.D. & FRIEDRICH, G.W. 1973. Teaching speech communication in the secondary school. Boston : Houghton Mifflin.

BROWNLEE, D. 1982. Debating value propositions. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 287-292.)

BURGOON, J.K. 1975. Evaluation criteria as predictors of debate success. *Journal of the American Forensic Association*, 12:1-4, Summer.

BRYANT, D.C. & WALLACE, K.R. 1960. Fundamentals of public speaking. New York : Appleton-Century-Crofts.

CAMPBELL, S.K. 1974. Flaws and fallacies in statistical thinking. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

CAPP, G.R. & CAPP, T.R. 1965. Principles of argumentation and debate. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

CAPP, G.R., CAPP, G.R. & CAPP, C.C. 1981. Basic oral communication. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

CARNEY, J.D. & SCHEER, R.K. 1964. Fundamentals of logic. New York : Macmillan.

CHRISTENSON, T. & NELSON, P.R. 1979. The Toulmin model: asset and millstone. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 220-226.)

COHEN, E. 1983. Speaking the speech. New York : CBS College Publishing.

COLBERT, K. & BIGGERS, T. 1985. Why should we support debate? *Journal of the American Forensic Association*, 21(4):237-240, Spring.

CONLEY, T.M. 1984. The enthymeme in perspective. *Quarterly journal of speech*, 70(2):168-187, May.

CONRAN, S. 1975. Superwoman. London : Sidgewick & Jackson.

COPI, I.M. 1972. Introduction to logic. New York : Macmillan.

CORSI, J.R. 1983. Zarefsky's theory of debate as hypothesis testing: a critical re-examination. *Journal of the American Forensic Association*, 19(3):185-170, Winter.

COX, J.R. 1974. Evaluation of judging philosophies of participants in the National debate tournament. *Journal of the American Forensic Association*, 11:61-71, Fall.

COX, J.R. & WOOD, J.T. 1975. The effects of consultation on judges' decisions. *The speech teacher*, 24(2):118-125, Mar.

CRIPE, N.M. 1957. Debating both sides in tournaments is ethical. (*In* EHNINGER, D. & BROCKRIDE, W. 1970. New York : Dodd, Mead & Co. p. 385-389.)

CRIPE, N.M. 1963. Evaluating the debate. (*In* McBATH, J., *red.* Argumentation and debate: principles and practices. New York : Holt, Rinehart and Winston. p. 351-380.)

CUMMINGS-WING, J. 1984. Speaks for your self: an integrated method of voice and speech training. Chicago : Nelson-Hall.

DARNELL, D.K. & BROCKRIEDE, W. 1976. Persons communicating. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

DEARIN, R.D. 1969. The philosophical basis of Chaim Perelmans' theory of rhetoric. *Quarterly journal of speech*, 55(3): 213-224, Oct.

DELIA, J.G. 1970. The logic fallacy, cognitive theory, and the enthymeme: a search for the foundations of reasoned discourse. *Quarterly journal of speech*, 56(2):140-148, Apr.

DEMPSEY, R.H. & HARTMAN, D.J. 1986. Emergent voting criteria and judicial impotence of critics. *Journal of the American Forensic Association*, 22(3):167-175, Winter.

DEMOUGEOT, W.R. 1972. Intercollegiate debate: intrapersonal, but still unrealistic. *The speech teacher*, 21(2):135-137, Mar.

DERRYBERRY, B.R. 1982a. The reasoning process. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E. 1982. Introduction to debate. New York : Macmillan. p.138-155.)

DERRYBERRY, B.R. 1982b. Testing and utilizing reasoning. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E. 1982. Introduction to debate. New York : Macmillan. p.156-171.)

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K., VENTER, P.A. & STEYN, H.S. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban : Butterworth.

DEWEY, J. 1933. How we think. Boston : D.C. Heath.

DICK, R.C. 1974. Argumentation and rational debating. Dubuque, Iowa : WM. C. Brown.

D'OLIVEIRA, J. 1986. South-Africa's immense economic grip on a continent : why Africa just can't afford chaos here. *The Sunday Star*: 17, March 18.

DOUGLASS, R.B. & ARNOLD, C.C 1970. On analysis of **Logos**: methodological inquiry. *Quarterly journal of speech*, 56(1):22-32, Feb.

DOWLING, R.E. 1983. "Arguers as lovers": implications for forensics education. *Communication education*, 32(2):237-241, Apr.

DU PLESSIS, L.J. 1941. Die moderne staat. Stellenbosch : Pro Ecclesia-drukkery.

DU TOIT, T. 1986. Dagsorgsentrums - is jou kind in goeie hande? *Rooi Rose*, 43(8):102-105, Apr. 30.

EHNINGER, D. 1966. Debate as method: limitations and values. *The speech teacher*, 15(3):180-185, Sept.

EHNINGER, D. & BROCKRIEDE, W. 1970. Decision by debate. New York : Dodd & Mead.

EHNINGER, D. & BROCKRIEDE, W. 1978. Decision by debate. New York : Harper & Row.

EHNINGER, D., MONROE, A.H. & GRONBECK, B.E. 1978. Principles and types of speech communication. Glenview, Ill. : Scott, Foresman.

EISENBERG, A.M. & ILARDO, J.A. 1980. Argument: a guide to formal and informal debate. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

EISENSON, J. 1985. Voice an diction. New York : Macmillan.

ELSON, E.F. & PECK, A. 1970. The art of speaking. Boston : Ginn.

FAHNESTOCK, J. & SECOR, M. 1982. A rhetoric of argument. New York : Random House.

FISCHER, W.R. 1978. Toward a logic of good reason. *Quarterly journal of speech*, 64(4):376-384, Dec.

FISHER, W.R. & SAYLES, E.M. 1966. The nature and functions of argument. (*In* MILLER, G.R. & NILSEN, T.R., *reds*. Perspectives on argumentation. Chicago : Scott & Foresman. p. 2-23.)

FLANINGHAM, C.D. 1982. Value-centered argument and the development of decision rules. *Journal of the American Forensic Associaton*, 19(2):107-114, Fall.

FOURIE, F. 1986. Hoeveel sakgeld vir jou kind? *Huisgenoot*, 442:134-135, Aug.14.

FREELY, A.J. 1976. Argumentation and debate. Belmont : Wadsworth.

FUNK, A.A. 1972. Chain of argument in the British Free Trade Debates. *Quarterly journal of speech*, 58(2):152-160, Apr.

GEIGER, D. 1965. The humanistic direction of debate. *The speech teacher*, 14(2):101-106, Mar.

GERMAN, K. 1979. Ethos: key to persuading. (*In* THOMAS, D.A., *red.* Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 324-331.)

GONDIN, W.R. & MAMMEN, E.W. 1983. The art of speaking made simple. London : Heinemann.

GOODWIN, F.B. 1982. The process of analysis. (*In* KEEFE, C., THOMAS, B.H. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 60-86.)

GOULDS, S. 1985. The role of women. London : Macdonald.

GROBBELAAR, P.W., *red.* 1974. Die Afrikaner en sy kultuur. Kaapstad : Tafelberg.

HAGOOD, A.D. 1975. Theory and practice in forensics. (*In* McBATH, J.H., *red.* Forensics as communication. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 101-110.)

HANCE, K.G., RALPH, D.C. & WIKSELL, M.J. 1975. Principles of speaking. Belmont : Wadsworth.

HART, R.P. 1973. On applying Toulmin: the analysis of practical discourse. (*In* MOHRMANN, G.P., STEWART, C.J. & OCHS, D.J., *reds*. Explorations in rhetorical criticism. London : The Pennsylvania State University Press. p. 75-95.)

HARTE, T.B. 1982a. Using evidence. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 100-116.)

HARTE, T.B. 1982b. Evaluating evidence. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 117-137.)

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., *red.*

HAYNES, J.L. 1981. Organizing a speech: a programmed guide. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

HENDERSON, B. 1979. Debate as a paradigm for demonstrating truth through hypothesis-testing. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 419-426.)

HENDERSON, B. & BOMAN, D.L. 1983. A study to determine if debate judges' judging philosophy statements are consistent with their later related ballot statements. *Journal of the American Forensic Association*, 19(3):191-198, Winter.

HENSLEY, W.E. & STROTHER, D.B. 1968. Success in debate. *The speech teacher*, 17(3):235-237, Sept.

HETLINGER, D.F. & HILDRETH, R.A. 1961. Personality characteristics of debaters. *Quarterly journal of speech*, 47(4):398-401, Dec.

HOLLIHAN, T.A. 1983a. Conditional arguments and the hypothesis testing paradigm: a negative view. *Journal of the American Forensic Association*, 19(3):171-178, Winter.

HOLLIHAN, T.A. 1983b. Conditional arguments and the hypothesis testing paradigm: a negative rebuttal. *Journal of the American Forensic Association*, 19(3):186-190, Winter.

HUFF, D. 1955. How to lie with statistics. London : Victor Gollancz.

HUFFORD, R. 1965. Toward improved tournament judging. *Journal of the American Forensic Association*, 2:120-125, Sept.

JACKSON, S. & JACOBS, S. 1980. Structure of conversational argument: pragmatic bases for the enthymeme. *Quarterly journal of speech*, 66(3):251-265, Oct.

JENSEN, J.V. 1981. Argumentation: reasoning in communication. New York : D. Van Nostrand.

JUNIOR RAPPORTRYERBEWEGING. 1987. Nasionale debatkompetisie: handleiding.

KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. 1982. Introduction to debate. New York : Macmillan.

KING, R.G. & DIMICHAEL, E.M. 1978. Articulation and voice. New York : Macmillan.

KLEINAU, M.D. 1982a. Criteria for evaluation. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 225-247.)

KLEINAU, M.D. 1982b. The judge as critic. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 248-267.)

KLOPF, D., EVANS, D. & DE LOZIER, M.L. 1965. Comparative studies of students, laymen, and faculty members as judges of speech contests. *The speech teacher*, 14(4):314-318.

KOOPMANS, T. 1983. Compendium van het Staatsrecht. Deventer : Kluwer.

KRUGER, A.N. 1960. Modern debate: its logic and strategy. New York : McGraw-hill.

LAGRAVE, C.W. 1979. Inherency: an historical view. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 97-104.)

LEEDY, P.D. 1974. Practical research : planning and design. New York : Macmillan.

LESSAC, A. 1967. The use and training of the human voice. New York : DBS Publications.

LICHTMAN, A.J. 1986. Competing models of the debate process. *Journal of the American Forensic Association*, 22(3):147-151, Winter.

LICHTMAN, A.J. & ROHRER, D.M. 1979. Decision rules in policy debate: presumption and burden of proof. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate : readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 42-69.)

LICHTMAN, A.J., ROHRER, D.M. & CORSI, J. 1979. Policy systems analysis in debate. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 375-390.)

LINKLATER, K. 1976. Freeing the natural voice. New York : Drama Book Publishers.

LIPPMANN, W. 1960. Essays in the public philosophy. Boston : Little, Brown and Company.

LITKE, R.E. 1966. Dominance matrices for determining winners in debate tournaments. *The speech teacher*, 15(4):295-298, Nov.

LUCAS, S.E. 1971. Notes on Aristotle's concept of logos. *Quarterly journal of speech*, 57(4):456-458, Dec.

LYBBERT, B. 1979. The policymaker-debate skills dichotomy. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practise and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 369-372.)

MAKAU, J.M. 1985. Adapting the judicial model of reasoning to the basic argumentation and debate course. *Communication education*, 34(3):227-234, Jul.

MALAN, C. 1975. Redevoering en debattering. Bloemfontein : P.J. de Villiers uitgewery.

McBATH, J.H., *red.* 1963. Argumentation and debate : principles and practices. New York : Holt, Rinehart & Winston.

McBATH, J.H., *red.* 1975. Forensics as communication: the argumentative perspective. Skokie, Ill. : National Textbook.

McCROSKEY, J.C. 1965. Toulmin and the basic course. *The speech teacher*, 14(2):91-100, Mar.

McCROSKEY, J.C. 1986. An introduction to rhetorical communication. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

McCROSKEY, J.C. & CAMP, L.R. 1966. Judging criteria and judges' bais in debate. *Journal of the American Forensic Association*, 3:59-62, May.

McKEON, R. 1941. The basic works of Aristotle. New York : Random House.

MEADES, D. 1986. Jare se beplanning maak Suid-Afrika selfversorgend. *Beeld*: 11, Junie 10.

MEASELL, J.S. 1985. Perelman on analogy. *Journal of the American Forensic Association*, 22(2):65-71, Fall.

MILL, J.S. 1900. System of logic. London : Longmans & Green.

MILL, J.S. 1950. Philosophy of scientific method. New York : Hafner Press.

MILLER, G.R. 1969. Some factors influencing judgements of the logical validity of arguments : a research review. *Quarterly journal of speech*, 55(3):276-286, Oct.

MILLER, G.R. & SAYLES, E.M., *reds.* 1966. Perspectives on argumentation. Chicago : Scott & Foresman.

MILLS, G.E. & PETRIE, H.G. 1968. The role of logic in rhetoric. *Quarterly journal of speech*, 54(3):260-267, Oct.

MODISETT, N.F. & LUTER, J.G. 1984. Speaking clearly. Minneapolis : Burgess Publishing Company.

MONCUR, J.P. & KARR, H.M. 1972. Developing your speaking voice. New York : Harper & Row.

MONROE, A.H. & EHNINGER, D. 1967. Principles and types of speech. Glenview, Ill. : Scott & Foresman.

MONROE, A.H. & EHNINGER, D. 1969. Principles of speech communication. Glenview, Ill. : Scott & Foresman.

MURPHY, J.W. & HENSLEY, W.E. 1966. Do debaters know when they win or lose? *The speech teacher*, 15(2):145-147, Mar.

MURPHY, R. 1957a. The ethics of debating both sides. (*In* EHNINGER, D. & BROCKRIEDE, W. 1970. Decision by debate. New York : Dodd, Mead. p. 376-385.)

MURPHY, R. 1957b. Debating both sides. (*In* EHNINGER, D. & BROCKRIEDE, W. 1970. Decision by debate. New York : Dodd, Mead. p. 389-392.)

MUSGRAVE, G.M. 1965. Competitive debate. New York : The H.W. Wilson.

NEL, P.G. 1981. Die Afrikanerkultuur - en die toekomstaak. (*In* NEL, P.G., *red*. Afrikanerkultuur: fondament en vergesig. Pretoria : Promedia Publikasies. p.59-74.)

NEL, P.G. 1983. Kultuurfilosofie, kultuurbeskouings en kultuurgeskiedenis. Pretoria : Universiteit van Pretoria.

NORTON, L.E. 1982a. History of debate. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introdution to debate. New York : Macmillan. p. 1-23.)

NORTON, L.E. 1982b. Nature and benefits of academic debate. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p.24-40.)

ODENDAL, F.F., *red.* 1984. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

O'NEILL, D.J. & WIGLEY I. C. 1979. Negative approaches to the goals case. (*In* THOMAS, D.A., *red.* Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National textbook. p.145-149.)

OSBORNE, M.M. 1965. A blueprint for diversity in Forensic programs. *The speech teacher*, 14(2):110-115, Mar.

PARSONS, R. 1983. Ek en Afrikaans: ons loop sy aan sy. *Handhaaf*, 20(5):6, Mei.

PATTERSON, J.W. & ZAREFSKY, D. 1983. Contemporary debate. Boston : Houghton Mifflin.

PEARCE, W.B. 1969. Communicating the reason for decision by ballot. *Journal of the American Forensic Association*, 6:73-77, Spring.

PERELMAN, C. & OLBRECHTS-TYTECA, L. 1969. The new rhetoric; a treatise on argumentation. (Vertaal deur Wilkenson J. & Weaver P.) Notre Dame : University of Notre Dame Press.

PETERSON, O.M. 1961a. Teaching discussional debate. (*In* Braden, W.W., *red.* Speech methods and resources. New York : Harper & Row. p.188-239.)

PETERSON, O.M. 1961b. Directing the extracurricular Forensic program. (*In* BRADEN, W.W., *red.* Speech methods and resources. New York : Harper & Row. p.240-290.)

PETERSON, O. 1965. Forum debating. *The speech teacher*, 14(4):286-290, Nov.

PFAU, M., THOMAS, D.A. & ULRICH, W. 1987. Debate and argument: a systems approach to advocacy. Glenview, Ill. : Scott & Foresman.

PRATT, J.M. & PRATT, J.W. 1979. How to write a ballot. (*In* THOMAS, D.A., *red.* Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p.361-363.)

RAY, J.W. 1978. Perelman's universal audience. *Quarterly journal of speech*, 64(4):361-375, Dec.

REEVES, Mary & OSBORNE, Lynn R. 1965. Judges of high school debate tournaments: sources, criteria and orientation. *The speech teacher*, 14(1):59-62, Jan.

REINARD, J.C. 1984. The role of Toulmin's categories of message development in persuasive communication: two experimental studies on attitude change. *Journal of American Forensic Association*, 20(4):206-223, Spring.

REYNOLDS, W. 1975. Theory and practice in forensics. (*In* McBATH, J.H., *red*. Forensics as communication. Skokie, Ill. : National Textbook. p.111-120.)

RIEKE, R.D. & SILLARS M.O. 1975. Argumentation and the decisionmaking process. New York : John Wiley.

RODDEN, J. 1985. British university debating: a reappraisal. *Communication education*, 34(4):308-317, Oct.

RODEE, C.C., ANDERSON, T.J., CHRISTOL, C.Q. & GREENE, T.H. 1976. Introduction to political science. New York : McGraw-Hill.

ROEVER, J. & GIFFIN, K. 1960. A study of the use of judging criteria in tournament debate. *American Forensic Association Register*, 8 (3):13, Winter.

ROGGE, E. & CHING, J.C. 1966. Advanced public speaking. New York : Holt, Rinehart and Winston.

ROHRER, D.M. 1979. Debate as a liberal art. (*In* Thomas, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 3-11.)

ROSEN, N., DEAN, L. & WILLIS, F. 1978. The outcome of debate in relation to gender, side and position. *Journal of the American Forensic Association*, 15:17-21, Summer.

ROSS, R.S. 1986. Speech communication: fundamentals and practice. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

ROTTENBERG, A.T. 1985. Elements of argument. New York : St. Martin's Press.

ROUX, A.A. 1981. Die naskoolsentrum vir skoolgaande kinders - 'n maatskaplikewerk-ondersoek met besondere verwysing na die rol van maatskaplike groepwerk. Potchefstroom. (Verhandeling [MA] - PU vir CHO.)

ROWLAND, R.C. 1982. Standards for paradigm evaluation. *Journal of the American Forensic Association*, 18(3):133-140, Winter.

ROWLAND, R.C. 1984a. The debate judge as debate judge: a functional paradigm for evaluating debates. *Journal of the American Forensic Association*, 20(4):183-193, Spring.

ROWLAND, R.C. 1984b. Tabula Rasa: the relevance of debate to argumentation theory. *Journal of the American Forensic Association*, 21(2):76-88, Fall.

ROWLAND, R.C. 1984c. A response to Ulrich. *Journal of the American Forensic Association*, 21(2):94-96, Fall.

SCHUTTE-kommissie
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Kommissie van ondersoek na die bevordering van die Skeppende Kunste.

SHECKELS, T.F. Jr. 1984. Debating: applied rhetorical theory. New York : Longman.

SHOEN, R.L. & MATLON, R.J. 1974. A survey of content and teaching methods in high school summer debate workshops. *The speech teacher*, 23(1):40-50, Jan.

SHORT, H.F. 1982a. Affirmative case building. (*In* KEEFE, C., HARTE, T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 172-186.)

SHORT, H.F. 1982b. Negative case building. (*In* KEEFE, C., HARTE. T.B. & NORTON, L.E., *reds*. Introduction to debate. New York : Macmillan. p. 187-200.)

SKORKOWSKY, G.R. Jr. 1971. British university debating. *Quarterly journal of speech*, 57(3):335-343, Oct.

SNIDER, A.C. 1984. Games without frontiers: a design for communication scholars and forensic educators. *Journal of the American Forensic Association*, 20(3):162-170, Winter.

SPIKER, B.K., DANIELS, T.D. & BERNABO, L.M. 1982. The quantitive quandary in forensics: the use and abuse of statistical evidence. *Journal of the American Forensic Association*, 19(2):87-96, Fall.

SPROULE, J.M. 1979. Debating and judging: the interaction of variables. (*In* Thomas, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p. 364-368.)

STEYN, A.F. & BREEDT, A. 1977. Die veranderende gesin. Pretoria : Academica.

STEYN, H.S. 1983. Die beplanning en uitvoering van die steekproef. (*In* Potchefstroom, PU vir CHO. Werkseminaar oor navorsing en -tegnieke in die Geesteswetenskappe. p.7-21.)

SUID-AFRIKA (Republiek). Kommissie van ondersoek na die bevordering van die Skeppende Kunste. 1984. Verslag. Pretoria: Staatsdrukker. (RP67/1984)(Voorsitter : J.H.T. Schutte.)

TAYLOR, A. 1984. Speaking in public. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

TERBLANCHE, F.H. 1987. Die pre-Renaissance-retoriek as grondslag vir 'n leerinhoudgerigte benadering tot hedendaagse spraakkommunikasie. Bloemfontein. (Proefskrif [D.Phil.] - UOVS.)

TERRIS, W.F. 1963. The classification of the argumentative proposition. *Quarterly journal of speech*, 49(3):266-273, Oct.

TERRY, D.R., *red.* 1974. Modern debate case techniques. Skokie, Ill. : National Textbook.

THOMAS, D.A. 1974. Forensics shock: making forensics relevant to tomorrow's higher education. *The speech teacher*, 23(3):235-241, Sept.

THOMAS, D.A.,*red.* 1979. Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook.

THOMPSON, W.N. 1967. Quantitative research in public address and communication. New York : Random House.

THOMPSON, W.N. 1971. Modern argumentation and debate: principles and practices. New York : Harper & Row.

THONSSEN, L., BAIRD, A.C. & BRADEN, W. 1970. Speech criticism. New York : Ronald Press.

TOULMIN, S.E. 1969. The uses of argument. Cambridge : Cambridge University Press.

TOULMIN, S.E., RIEKE, R. & JANIK, A. 1979. An introduction to reasoning. New York : MacMillan.

TRENT, J.D. 1968. Toulmin's model of an argument: an examination and extension. *Quarterly journal of speech*, 54(3):252-259, Oct.

ULRICH, W. 1984a. *Ad Hominem*: examination of hypothesis testing as a paradigm for the evaluation of argument. *Journal of the American Forensic Association*, 21(7):1-8, Summer.

ULRICH, W. 1984b. Debate as dialectic: a defense of the Tabula Rasa approach to judging. *Journal of the American Forensic Association*, 21(2):89-93, Fall.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. & PONELIS, F.A. 1982. Die korrekte woord: Afrikaanse taalkwessies. Pretoria : Van Schaik.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Baillie Park : Mediapublikasies.

VAN RIPER, C. 1972. Speech correction and methods. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

VAN ROOYEN, J. 1982. Suid-Afrikaanse vroue-arbeidsmag in oënskou. *Die Transvaler*:6, kol.3-7, Junie 2.

VAN WYK, D. 1983. Die verhouding tussen ouer en kind. Kaapstad : Human & Rousseau.

VASILIUS, J.M. & DeSTEPHEN, D. 1979. An investigation of the relationship between debate tournament success and rate, evidence, and jargon. *Journal of the American Forensic Association*, 15:197-204, Spring.

VERDERBER, R. 1968. Judges' criteria and debater adaption: empirical evidence. *Journal of the American Forensic Association*, 5:28-30, Winter.

VERLOREN VAN THEMAAT, J.P. 1967. Staatsreg. Verwerking deur WIECHERS, M. Durban : Butterworths.

WALLACE, K.R. 1963. The substance of rhetoric: good reasons. *Quarterly journal of speech*, 39(3):239-249, Oct.

WALLACE, K.R. 1972. *Topoi* and the problem of invention. *Quarterly journal of speech*, 58(4):387-395, Dec.

WALWIK, T.J. & MEHRLEY, R.S. 1971. Intercollegiate debate: an intrapersonal view. *The speech teacher*, 20(3):192-194, Sept.

WEISENBORN, R.E. 1979. Debate as a paradigm focusing on communication and persuasion skills. (*In* THOMAS, D.A., *red*. Advanced debate: readings in theory, practice an teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p.350-357.)

WHATELY, R. 1866. Elements of rhetoric. London : B Fellowes.

WILLARD, C.A. 1979. The nature and implications of the "policy perspective" for the evaluation of debate. (*In* THOMAS, D.A., *red.* Advanced debate: readings in theory, practice an teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p.438-444.)

WILLIAMS, F., WEBB, S.A. & CLARK, R.A. 1966. Dimentions of evaluation in high school debate. *Central states speech journal*, 17(1):15-21, Febr.

WILLMINGTON, A.S.C. & SWANSON, L.A. 1966. Televised high school debate tournament. *The speech teacher*, 15(4):299-302, Nov.

WOOD, R.V. 1972. Strategic debate. Skokie, Ill. : National Textbook.

YAREMCHUK, W.A. 1979. The goals-criteria case: duties of the speakers. (*In* THOMAS, D.A., *red.* Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p.141-144.)

ZAREFSKY, D. 1979. Argument as hypothesis-testing. (*In* THOMAS, D.A., *red.* Advanced debate: readings in theory, practice and teaching. Skokie, Ill. : National Textbook. p.427-437.)

ZAREFSKY, D. 1984. Reflections on hypothesis-testing in response to Ulrich. *Journal of the American Forensic Association*, 21(1):9-13, Summer.

ZAREFSKY, D. & HENDERSON, B. 1983. Hypothesis-testing in theory and practice. *Journal of the American Forensic Association*, 19(3):179-185, Winter.

ZIEGELMUELLER, G.W. & DAUSE, C.A. 1975. Argumentation: inquiry and advocacy. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

# GLOSSARIUM

**Analogie:** 'n Metode van redenering wat op 'n vergelyking tussen twee soortgelyke fenomene neerkom. Na aanleiding van dit wat bekend is van die een fenomeen word 'n voorspelling ten aansien van die ander fenomeen gemaak (letterlike analogie). Die analogie is figuurlik as die twee fenomene nie van dieselfde soort of kategorie is nie.

**Argument:** 'n Eenheid wat bestaan uit 'n stelling wat met een of ander vorm van bewyse en redenering gestaaf word. In Toulmin se terme bestaan 'n argument uit 'n bewys, 'n meestal versweë waarborg en 'n gevolgtrekking/stelling. 'n Tweede betekenis van die woord dui op 'n konfrontasie tussen twee partye wat 'n meningsverskil het. Dus, 'n debatteerder kan 'n argument aanvoer om sy standpunt te verdedig, en twee debatteerders kan 'n argument oor 'n geskilpunt hê.

**Argumentering:** 'n Bilaterale proses waarin twee of meer partye hulle standpunte deur middel van verskeie argumente probeer regverdig, asook terselfdertyd teenargumente stel om opponerende argumente te elimineer. 'n Span se betoog om die proposisie as waarskynlik waar/onwaar te bewys geskied deur middel van argumentering.

**Beduidend:** Die kwessie of 'n geïdentifiseerde probleem in die status quo kwalitatief en kwantitatief sterk/groot genoeg is om 'n verandering van beleid te regverdig. Verder moet albei spanne kan bewys dat die moontlike voordele/nadele van 'n plan van aksie beduidend genoeg is om die plan aan te beveel/af te skiet.

**Beoordelingsparadigma:** 'n Algemene perspektief of ingesteldheid waarmee die beoordelaar sy taak benader en uitvoer. In opvoedkundige debattering dui dit nie op 'n vasgestelde en duidelik omlynde model nie.

**Betoog:** Al die hoof- en subargumente met hulle ondersteunende bewyse. Dit kan op 'n enkele toespraak of op 'n span se poging as geheel betrekking hê.

**Bewering:** 'n Stelling wat gemaak word sonder enige ondersteunende bewyse.

**Bewyse:** Relevante deskundige uitsprake en/of feitelike data in die vorm van voorbeelde, statistiek en/of enige empiriese navorsing wat ter ondersteuning van 'n stelling aangebied word om geloofwaardigheid daaraan te verleen.

**Bewyslas**: Die verpligting wat 'n debatteerder het om elke stelling wat hy maak met bewyse te ondersteun. In beleidsdebattering dui dit ook op die verpligting wat die voorstanders het om met genoegsame bewyse die voorgestelde verandering van die status quo te regverdig.

**Botsing**: Die verpligting wat op albei spanne, maar veral op die teenstanders, rus om op teenoorgestelde argumente te reageer en dit aan te spreek. Indien dit nie geskied nie vind daar nie werklik argumentering plaas nie.

**Data**: Kyk onder bewyse.

**Deduktiewe redenering**: Redenering wat op 'n algemene stelling of premis gebaseer is, en waarvandaan 'n gevolgtrekking ten opsigte van spesifieke fenomene gemaak word. Die gedagtegang werk van die algemene na die minder algemene of besondere.

**Dilemma**: 'n Aanvalstrategie waarin opponente gedwing word om 'n keuse tussen slegs twee alternatiewe moontlikhede te maak, waarvan albei gewoonlik onwenslik is.

**Doelwit-kriteria-betoog**: Die strategie in beleidsdebattering wat fokus op die kwessie of die status quo sekere positiewe doelwitte sal bereik of aan gestelde kriteria sal beantwoord. Die voorstanders voer aan dat dit nie die geval is nie en stel daarom 'n ander plan van aksie voor, terwyl die teenstanders gewoonlik aanvoer dat die status quo wel die doelwitte sal bereik of positief aan die gestelde kriteria beantwoord.

**Feite**: Enige sintuiglik-waarneembare fenomeen in die werklike lewe wat deur observasie geverifieer kan word. Dit kan in die vorm van voorbeelde en/of statistiek, wat op empiriese studies gegrond is, uitgedruk word.

**Geringe veranderinge**: Die nie-strukturele wysigings of aanpassings van die status quo. Die teenstanders kan die plan van die voorstanders opponeer deur aan te voer dat slegs geringe veranderinge en nie 'n nuwe beleid/plan van aksie nodig is om die geïdentifiseerde probleem op te los nie.

**Geskilpunte**: Die kernvrae ten opsigte van die proposisie waarop die voorstanders en teenstanders verskillende antwoorde sal hê en waarvan die antwoorde die waarskynlike waarheid/onwaarheid van die proposisie moet bewys.

**Hipotesetoetsing**: Die benadering waar die proposisie as 'n hipotese gesien word. Die voorstanders moet die hipotese as heel waarskynlik waar en die teenstanders as heel waarskynlik onwaar bewys. Die bewyse word met mekaar vergelyk en dié span wen wat sy standpunt met die grondigste bewyse kan staaf.

**Induktiewe redenering**: Die redeneringsmetode waar daar van die besondere na die meer algemene beweeg word. Ná die bestudering van spesifieke voorbeelde/items word 'n veralgemening gemaak ten aansien van soortgelyke voorbeelde/items wat nie in die oorspronklike ondersoek betrek is nie.

**Inherensiegeskilpunt**: Die kwessie of 'n geïdentifiseerde probleem 'n onafskeidbare en intrinsieke deel van die status quo is of nie. In beleidsdebattering moet die voorstanders kan bewys dat die probleem 'n inherente deel van die status quo is, en dat dit so sal bly tensy die status quo verander en die voorstanders se plan gevolg word. Die teenstanders kan oor dié kwessie van die voorstanders verskil of met hulle saamstem. Indien laasgenoemde die geval is, moet hulle 'n kompeterende plan voorstel wat buite die grense van die proposisie val.

**Klassifikasie**: 'n Deduktiewe metode van redenering waar daar van 'n algemene stelling na die besondere beweeg word, dit wil sê na individuele items binne die veralgemening.

**Konstruktiewe toesprake**: Die eerste vier toesprake in 'n opvoedkundige debat. Hierbinne word nuwe argumente vir of teen 'n proposisie gestel. Van die tweede konstruktiewe toespraak af moet opponerende argumente reeds aangeval word.

**Kousale redenering**: 'n Metode van redenering wat die oorsaak en gevolg van fenomene betrek.

**Kruisverhoor**: Die proses waar 'n debatteerder op mondelinge vrae van 'n opponent moet antwoord. Daar bestaan 'n debatsvorm waar elke debatteerder direk na sy konstruktiewe toespraak deur een van die opponente vir twee tot drie minute oor relevante aspekte ondervra word.

**Merietetoetsing**: 'n Spesifieke benadering tot beoordeling waarin slegs op die meriete van die argumente wat in die debat na vore kom gefokus word. Die beoordelaar bepaal watter span die meeste geskilpunte gewen het.

**Nadele**: Enige skadelike/onwenslike/negatiewe gevolge wat uit die voorstanders se voorgestelde plan of uit die teenstanders se teenplan mag voortspruit.

**Noodsaakgeskilpunt**: Die kwessie of 'n verandering van die status quo noodsaaklik is of nie. Die voorstanders moet dit positief bewys terwyl die teenstanders dit negatief moet bewys. Indien die teenstanders met die voorstanders saamstem, moet hulle 'n teenplan voorstel wat buite die proposisie val en die plan van die voorstanders opponeer.

**Noodsaak-plan-betoog**: Die strategie waarin die voorstanders, nadat hulle 'n probleem in die status quo geïdentifiseer het en die noodsaaklikheid van verandering aangetoon het, aanvoer dat húlle plan die enigste manier is om die geïdentifiseerde probleem op te los. Daarbenewens kan hulle aantoon hoe die plan moontlike addisionele voordele sal meebring.

**Ondersteunende materiaal**: Die bewyse en/of volledige argumente wat aangebied word om die waarskynlike waarheid/onwaarheid van 'n stelling of die proposisie te staaf.

**Paradigma**: Kyk onder beoordelingsparadigma.

**Plan**: Die plan van aksie wat die voorstanders in 'n proposisie van beleid voorstel om die geïdentifiseerde probleem uit te skakel.

**Presumpsie**: Die "positiewe aanvaarding" wat dié span wat die status quo verdedig (gewoonlik die teenstanders) bo dié span wat 'n verandering van die status quo voorstaan (gewoonlik die voorstanders) in beleidsdebattering geniet. Indien albei spanne verandering voorstaan, geniet dié span wie se plan die minste risiko inhou die aanvanklike "voordeel van die twyfel", of presumpsie.

**Prima facie-betoog**: 'n Betoog wat met die eerste oogopslag sterk genoeg argumente bied om die positiewe aanvaarding wat die teenstanders geniet te bowe te kom. Slegs 'n prima facie-betoog kan die presumpsie wat die opponente geniet uitkanselleer. Daar moet derhalwe 'n oortuigende rede verskaf word waarom die status quo verander moet word.

**Proposisie**: 'n Debatteerbare gevolgtrekking na aanleiding van 'n fenomeen in 'n positief stellende sin, waarvan die volgende bepaal kan word: die waarheid van die fenomeen (feite), die betekenis van die fenomeen (interpretasie), die waarde van die fenomeen (waardeoordeel), of wat omtrent die fenomeen gedoen behoort te word (beleid).

**Redenering**: Die denksprong van bewyse na die gevolgtrekking. Dit is die proses waardeur geloofwaardige afleidings na aanleiding van sekere data gemaak word. Die afleidings kan volgens verskillende redenasiemetodes geskied.

**Repliektoesprake**: Die laaste vier toesprake van 'n debat wat ná die konstruktiewe toesprake volg en die helfte korter is. Geen nuwe argumente mag hier aangevoer word nie, maar bestaande argumente behoort verder uitgebrei en verdedig te word, terwyl teenargumente aangeval behoort te word. In die laaste twee repliektoesprake behoort die debat in geheel opgesom te word.

**Sillogisme**: 'n Formele vorm van deduktiewe redenering waarin die patroon van die denke georden word volgens 'n hoofpremis, newepremis en 'n gevolgtrekking:

Hoofpremis: Alle kinders het behoefte aan ouerliefde.
Newepremis: Linda is 'n kind.
Gevolgtrekking: Linda het 'n behoefte aan ouerliefde.

**Sisteemanalise**: 'n Metode van beoordeling in beleidsdebattering waar die beoordelaar moet bepaal watter span se beleid/sisteem die beste oplossing van die geïdentifiseerde probleem bied.

**Solvensie**: Die potensiaal van 'n plan van aksie om werklik sy voorgestelde doel te bereik. Dit is 'n relatiewe konsep wat neerkom op die vraag: Sal die plan die geïdentifiseerde probleem bevredigend oplos?

**Strooipop bou**: Die foutiewe metode om opponente se argumente te verdraai of om hulle woorde in die mond te lê en dít dan aan te val.

**Standaardgeskilpunte**: Dit is enkele of 'n reeks standaardvrae wat op 'n bepaalde soort proposisie toegepas kan word om die potensiële geskilpunte van die proposisie te identifiseer. Dieselfde standaardgeskilpunte is van toepassing op verskillende proposisies van dieselfde soort.

**Tabula Rasa**: 'n Beoordelingsparadigma wat "skoon lei" beteken en waarin die beoordelaar die debatteerders beoordeel volgens 'n benadering wat die debatteerders verkies, hetsy hipotesetoetsing, sisteemanalise, vaardighedetoetsing of enige ander moontlikheid.

**Teenargument**: 'n Metode van aanval wat die geldigheid van 'n opponent se argument ontken of verswak deur 'n opponerende argument te stel wat direk daarmee bots.

**Teenplan**: 'n Ander plan van aksie as wat in 'n proposisie van beleid voorgestel word en deur die teenstanders bepleit word. Indien die teenstanders saam met die voorstanders stem dat die status quo verander moet word om 'n probleem op te los, moet hulle 'n teenplan voorstel wat buite die grense van die proposisie val en in kompetisie met die plan van die voorstanders staan.

**Teenstanders**: Dié span in 'n debat wat die proposisie teenstaan, of wat moet bepleit dat die proposisie waarskynlik onwaar is.

**Tekenredenering**: Die metode van redenering wat poog om te bewys dat een fenomeen noodwendig met 'n ander fenomeen gepaardgaan, of dat die een fenomeen altyd 'n simptoom van 'n ander een is.

**Tesis**: Die stelling(s) waarin die debatteerder duidelik sy doelstellings en hoofargumente uitspel. Hierna behoort 'n gehoor te weet watter standpunt 'n debatteerder huldig asook wat die belangrikste argumente is wat ter verdediging van dié standpunt aangevoer gaan word.

**Toulminmodel**: 'n Model waarvolgens argumente ontleed kan word en wat uit ses komponente bestaan: die *stelling/gevolgtrekking*, die *data/bewys* waarvan die gevolgtrekking gemaak word, die *waarborg* wat die logiese verbindingslyn tussen die bewys en die gevolgtrekking vorm, die *ondersteuning* wat, indien nodig, die waarborg moet regverdig, die *kwalifisering* wat die waarskynlikheidsgraad van die gevolgtrekking moet bepaal, en die *voorbehoud* wat sekere voorwaardes en/of uitsonderings moet aandui vir die gevolgtrekking om algemeen geldend te wees.

**Uitvoerbaarheid**: Die standaardgeskilpunt wat vra of die voorstanders/teenstanders se plan/teenplan realisties is en prakties geïmplimenteer kan word.

**Vaardighedetoetsing**: Die benadering waarin die debatteerders se vaardigheid ten aansien van die belangrikste vyf komponente van debattering, naamlik analise, bewyse, redenering, aanval en verdediging, organisasie en aanbieding beoordeel word.

**Vergelyking-van-voordele-betoog**: Die strategie waarin die voorstanders 'n verandering van die status quo bepleit op grond van die feit dat hulle plan meer en beter voordele tot gevolg sal hê as wat dit tans met die status quo die geval is.

**Volgdiagram**: 'n Kernagtige weergawe van die belangrikste hoofargumente van 'n debat. Argumente word in parallelle vertikale kolomme neergeskryf, beginnende met dié van die eerste voorstander, om die opeenvolging en progressie van argumente agterna te kan oproep.

**Voorbeeldredenering**: Die metode van redenering waarin 'n veralgemening gemaak word na aanleiding van spesifieke fenomene (voorbeelde, items, instansies).

**Voorstanders**: Dié span in 'n debat wat die proposisie voorstaan of die waarskynlike waarheid daarvan moet bepleit.